# POST-APARTHEID VETERANE SE SOEKE NA AFSLUITING: ‘N OUTO-ETNOGRAFIESE PASTORALE BENADERING

Deur

**Roelof Petrus Gerhardus Schoeman**

**(4411781)**

VOORGELÊ TER VERVULLING VAN DIE VEREISTES VAN DIE GRAAD

**PHILOSOPHIAE DOCTOR (PHD)**

In die

**DEPARTEMENT PRAKTIESE TEOLOGIE**

**FAKULTEIT TEOLOGIE**

**UNIVERSITEIT VAN PRETORIA**

**PROMOTOR: PROF DR YOLANDA DREYER**

**MEDE-PROMOTOR: PROF WJ SCHURINK**

Maart 2019

**VERKLARING**

Ek Roelof Petrus Gerhardus Schoeman, verklaar hiermee dat hierdie ondersoek wat voorgelê is aan die Universiteit van Pretoria my oorspronklike werk is en nie voorheen aan enige ander universiteit voorgelê is nie. Bronne benut of aangehaal ontvang erkenning in die volledige bibliografie.



11 Maart 2019

Handtekening (student) Datum

Opgedra aan die dienspligveterane
wat as jong seuns baie opgeoffer het
en nie die erkenning en ondersteuning
gekry het wat hulle verdien het nie.

## BEDANKINGS

Die navorsing vir hierdie studie is moontlik gemaak deur die ondersteuning van persone en instansies waaraan ek my dank verskuldig is. Die ondersoek het ontwikkel in ‘n spanpoging en elkeen het ‘n belangrike bydrae tot hierdie produk gelewer.

Eerstens wil ek my gesin, my vrou Elize en dogter Roelize bedank vir hulle onbaatsugtige opofferings en ondersteuning tydens hierdie navorsingsreis. Julle was ‘n bron van ondersteuning in vele opsigte oor die hele navorsingstydperk. Roelize, dankie vir jou besondere bydrae tot die detail. Dankie ook aan my twee seuns Hardus en Eksteen vir julle motivering en ondersteuning.

Aan my promotors professore Yolanda Dreyer en Willem Schurink: dankie vir julle professionele leiding en ondersteuning tydens die navorsingsreis. Dankie professor Dreyer vir wat ek oor ‘n tydperk van 16 jaar by jou oor praktiese teologie en veral narratiewe gesprekvoering en pastorale sorg kon leer. Dankie professor Schurink vir jou bydrae tot my kennis van metodologie en veral outo-etnografie. Jy is ‘n groot inspirasie. Ek glo ‘n goeie fondasie van kennis is gelê waarop ek verder kan voortbou en in die praktyk kan implementeer.

My dank ook aan die volgende persone wat ‘n bydrae gelewer het tot die kwaliteit van hierdie tesis. Christine Nel, inligtingspesialis vir Teologie by die Merensky biblioteek dankie vir jou flinke, effektiewe en kundige ondersteuning in die opsporing van navorsingsliteratuur. Oom Jan Nel dankie vir die taalkundige verwerking en versorging van die narratiewe asook Gideon Zeeman vir jou tegniese versorging en finalisering van die finale dokument.

Baie dankie aan my twee navorsingsgenote Carel Krige en Gert Minnaar. Carel, dankie vir jou vriendskap en ondersteuning deur al die jare en dat jy bereid was om by hierdie navorsingsreis betrokke te raak. Jou insette het ‘n besondere waarde toegevoeg. Gert, dankie dat jy my by die 61 Meg Veteranevereniging ingetrek en tuis laat voel het. Ek het in jou iemand ontdek wat saam met my die behoeftes van militêre veterane swaar op die hart dra. Dankie vir jou motivering en dat jy ook bereid was om by hierdie navorsing betrokke te raak. Aan my reisgenoot Daan Eksteen dankie vir die besondere manier waarop jy betrokke was in my afsluitingsproses.

My dank ook aan die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns vir die beurs wat hulle aan my toegeken het en die motivering om die navorsing in Afrikaans te doen. Dit het ‘n draaipunt in my navorsing gebring.

My navorsingsreis sou vervelig gewees het sonder die betrokkenheid van my mede navorsers doktor Pieter Bezuidenhout en doktor Thereza Edlmann. Dankie vir julle insette en motivering veral tydens die navorsingseminaar in Februarie 2016 by die Universiteit van Stellenbosch.

Dankie aan professore Malan Nel en Stephan de Beer van die Sentrum vir Kontekstuele Bediening by die Universiteit van Pretoria dat julle my gemotiveer het en die geleentheid gebied het om my vlerke buite my gemaksone te strek. My betrokkenheid by kursusse landswyd het ‘n groot bydrae tot my genesingsproses gelewer.

Ten slotte; my innige dank aan die Suid-Afrikaanse Weermagvereniging en veral Jan Malan en Johan du Preez vir die geleentheid om my droom vir die ondersteuning van militêre veterane te kan uitleef. Die versoeningsinisiatiewe waarin julle my betrek het, het ‘n groot bydrae tot my eie afsluitingsproses gelewer en ek sien uit na al die nuwe projekte wat ons nog gaan aanpak.

# SAMEVATTING


FW de Klerk, die voormalige staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika, se aankondiging op 2 Februarie 1990 dat Nelson Mandela vrygelaat gaan word en dat die regering met die voormalige bevrydingsbewegings gaan onderhandel, het tot die einde van die 30 jaar gewapendestryd gelei. Dit word vandag as ‘n keerpunt in die land se geskiedenis beskou omdat dit tot omvattende politieke, ekonomiese en maatskaplike veranderinge aanleiding gegee het. Daar bestaan ‘n sterk gevoel onder die meeste post-apartheid militêre veterane dat hulle deur die post-apartheid regering in die steek gelaat is. Die voormalige *Nasionale Dienspligtiges* is ontnugter deur die verloop van transformasie na 1994. Voor die verkiesing het hulle ‘n groot bydrae tot stabiliteit in die land na 1994 gelewer, maar nie algemene erkenning daarvoor ontvang nie. Van die veterane van die *Nie-Statutêre Magte* meen dat hulle nie soos die res van die bevolking die voordele van die nuutverworwe demokrasie geniet nie.

Afgesien van verskeie veterane-organisasies en die oorkoepelende South African National Military Veteran Association, ervaar die meeste veterane van albei groeperinge polarisasie, isolasie en ‘n gebrek aan gemeenskapsondersteuning. Baie van hulle is steeds op soek na afsluiting en die sin en betekenis van oorlogsverwante ervarings. Hoewel die verskillende veteraangroepe soortgelyke uitdagings ervaar wat hulle meer begrip vir mekaar en hulle omstandighede sou kon gee, lewe hulle steeds gepolariseerd. Die gestruktureerde ondersteuning van die Departement van Militêre Veterane, the South African National Military Veteran Association asook die Wet op Militêre Veterane aan veterane, is ‘n goeie begin, maar in die geheel nie voldoende nie.

Die doel van die studie is om vanuit ‘n pastorale perspektief ‘n bydrae te maak ten opsigte van die ondersteuning van post-apartheid veterane. Hierdie studie fokus op Afrikaanssprekende dienspligveterane van Europese oorsprong in hulle spesifieke konteks en hulle ervarings, uitdagings en lewenshouding as deel van die post-apartheid sosiaal-kulturele konteks van Suid-Afrika.

Die studie volg 'n outo-etnografiese benadering. Die eie verhaal en verhale van dienspligveterane word aangebied teen die agtergrond van die "plek" wat hulle in die huidige Suid-Afrikaanse samelewing beklee. *Deurleefde ervarings* word in gesprek gebring met toepaslike terapeutiese modelle en metodes. Met behulp van die pastorale hermeneutiese siklus word hierdie data verwerk en as 'n pastorale versorgingsmodel voorgestel ter verbetering van die praktyk.

Die bydrae van hierdie studie is die ontwerp van 'n pastorale benadering tot post-apartheid veterane se soeke na heelwording en afsluiting. 'n Gemeenskapsgebaseerde, holistiese en multi-dissiplinêre benadering tot die pastoraat word voorgestel. Met behulp van die outo-etnografiese benadering word persoonlike ervaring en die afsluitingsproses van dienspligveterane in Suid-Afrika binne die wyer kulturele en religieuse konteks geplaas en nuwe insig verkry. Die studie illustreer hoe hierdie proses sosiale en persoonlike transformasie en psigiese afsluiting kan fasiliteer.

## SUMMARY

The political changes in South Africa since the announcement of FW de Klerk, former president of South Africa, on 2 Feb 1990 that Nelson Mandela would be released from prison and negotiations between the former enemies will be initiated, marked the end of a 30 year armed struggle. This was a turning point in the history of South Africa. It led to comprehensive political, economic and social change. Some former national service conscripts, who had been part of the Statutory forces, were disillusioned by the process of transformation after 1994. They felt that they were abandoned by the new government and that their contribution to establishing stability in the country prior to the election was not recognised. Some veterans of the Non Statutory forces believe that they do not enjoy the same privileges after the new democracy as the rest of the population.

In spite of the existence of multiple veteran organisations and the overarching South African National Military Veteran Association, many military veterans from both groups still experience polarisation, isolation and a lack of support from the community. Many veterans are still searching for closure and to find meaning in what they had experienced in the current political developments. The different veteran groups had similar experiences and sharing those experiences could aid them in gaining a better understanding for “the other” and find healing. However, the polarised society in which they live, does not provide much opportunity for this. Structured support from the Department of Military Veterans, the South African National Military Veteran Association and the Military Veterans Act is inadequate.

This study aims to contribute towards purpose driven support with post-apartheid veterans from a pastoral perspective. The epistemological point of departure is social constructionist. The target group is former Afrikaans-speaking national service conscripts of European origin in their specific social context. The approach of the study is autoethnographic. My own story and those of other national service conscripts are presented against the backdrop of pre- and post-apartheid contexts. The focus of the investigation is on past and present experiences and the challenge to find closure and re-establish our place in post-apartheid South Africa. *Lived experiences* are brought

into conversation with relevant therapeutic models and methods. The data is processed by means of the pastoral hermeneutic cycle. A pastoral care model for the improvement of the current practice is presented. A community based holistic and multi-disciplinary approach is proposed where spiritual leaders and faith-based organisations play a significant role. The study illustrates how an autoethnographic approach can be useful to practical theology and how it can facilitate social and personal transformation.

**SLEUTELWOORDE**

Grensoorlog; militêre veteran; morele verwonding; nasionale diensplig; oorlogstrauma; outo-etnografie; pastorale hermeneutiese sirkel; pastorale sorg.

**KEY WORDS**

Border war; military veteran; moral injury; national service conscript; war trauma; outoetnography;  pastoral hermeneutic cycle; pastoral care.

## TERME

**Bittereinder** - Boere van die Tweede Vryheidoorlog wat tot aan die einde van die oorlog met die Vrede van Vereniging op 31 Mei 1902 geveg het.

**Black is beautiful** - Swartkleurige room wat wit soldate voor en tydens ‘n patrollie aangesmeer het om hulle as swart soldate te kamofleer.

**Bladantenna** – ‘n Lang radio antenna wat aan ‘n A-53 draagbare radio gekoppel was.

**Bossies -** Die term wat gebruik is om te verwys na soldate wat psigologiese probleme as gevolg van trauma ontwikkel het.

**Bosverlof -** Verlof vir soldate wat op die Grens ontplooi was.

**Brownbroek** - ‘n Broek as deel van die bruin nutria velddrag waarmee soldate toegerus was vir gebruik tydens veldoefeninge of tydens patrollies op die Grens.

**Buffel** – ‘n Mynbestande voertuig ontwerp om ‘n seksie van 10 soldate te vervoer.

**Bunny chow** - ‘n Halwe brood wat uitgehol en gevul word met ‘n mengsel van groente en vleis om as ‘n maaltyd te dien.

**Burgermaglede** - Deeltydse vrywillige lede van die SAW wat reeds diensplig voltooi het en as die reserwe mag van die SAW geregistreer is.

**Casevacs** - *Casualty evacuation* verwys na die afvoer van gewondes en dooies.

**Chandelier** - ‘n Geboude grondpad parallel met die Grens wat Ovamboland en die Kavango provinsie met mekaar verbind het.

**Civvie-straat** - ‘n Informele term wat verwys het na die siviele gemeenskap en almal (soos famile en vriende) wat nie by diensplig of die SAW betrokke was nie.

**Dangerpay** – Die vergoeding wat dienspligtiges en soldate gekry het wat in die operasionele gebied aan weerskante van die Suidwes-Afrika/Angola grens ontplooi was.

**Dear Johnny/ Liewe Johannes** - Die “afsê“ brief wat ‘n soldaat tydens diensplig en veral ook op die Grens gekry het waarin sy meisie of vrou hulle verhouding beëindig.

**Dixie** - Twee eetbakkies van aluminium wat in mekaar pas.

**Dogtag** - Die uitkenningsplaatjie vir soldate wat op die Grens ontplooi was wat hul om hul nekke gedra het.

**Fees Must Fall-veldtogte** - 'n Protesbeweging deur studente wat in die middel van Oktober 2015 as gevolg van 'n toename in studiefooie aan Suid-Afrikaanse universiteite plaasgevind het. Die protes het aan die Universiteit van die Witwatersrand begin en daarna na die Universiteit van Kaapstad, Rhodes Universiteit en ander universiteite dwarsoor die land uitgebrei.

**Firebucket** – Die blikbeker wat oor ‘n waterbottel gepas het wat gebruik kan word om water in te kook.

**Flossie** - Hercules C130 – vragvliegtuig.

**G-5 kanon** – Die Suid-Afrikaanse kanon van 155 mm kaliber wat in Suid-Afrika ontwerp is.

**Gatkruippatrollies** - ‘n Informele benaming vir Komops (die sogenaamde Komunikasie-operasies) van die SAW om die harte van die bevolking te wen.

**Gebiedsoperasies** - Operasies van ‘n eenheid in ‘n spesifieke gebied wat aan die eenheid toegeken is om met sy eie operasiese teen die vyand te domineer.

**Gemeganiseerde (Meg) infanteriste** - Infanteriste wat in mobiele oorlogvoering opgelei is en met die ratel infanterie-gevegsvoertuig semi-konvensionele aanvalle op vyandelike stelling geloods het.

**Gemotoriseerde (Mot) infanteriste** - Gewone infanterie soldate wat nie in mobiele oorlogvoering opgelei is nie en met die buffel mynbestande voertuie vervoer is.

**Gevegsdrils** - Ingeoefende optredes wat tydens gevegte uitgevoer is.

**Gewapendestryd -** Die stryd wat die ANC sedert 1961, nadat hulle met die gewapende aanslag begin het, teen die apartheid-regering gevoer het. Dit het geweld teen die veiligheidsmagte en die plaaslike bevolking wat hulle teengestaan het, ingesluit.

**Geweerskutters** - Gewone voetsoldate wat met gewere as hul enigste wapen bewapen is.

**Gunship-helikopter** - Alouette helikopters toegerus met ‘n masjiengeweer en 20 mm kanon.

**Halssnoermoorde** - ‘n Metode wat gebruik is deur die MK- en SDU-lede om simpatiseerders met die regering om die lewe te bring deur ‘n buiteband om hulle nek te plaas, dit vol petrol te gooi en dit dan aan die brand te steek.

**Hinderlaag** - ‘n Operasie waar die vyand in ‘n voorafbeplande area voorgelê word om hom onkant te betrap en aan te val.

**Home Guard** – ‘n Plaaslik opgeleide veiligheidpersoneel wat die stamleiers van die plaaslike bevolking beskerm het.

**Infanterie** - Gewone voetsoldate ook verwys na as skutters.

**Inklaarproses** - Die proses waar dienspligtiges aangemeld het vir diensplig by hulle eenhede.

**Insurgente** - Elemente van die vyandelike magte wat onwettig oor die Grens ingesypel het om dade van tereur uit te voer.

**Insypelings** - Onwettige insypeling oor die Grens deur insurgente.

**Infanteriegevegsvoertuig (IGV)** - ‘n Mynbestande voertuig soos die ratel wat spesiaal ontwerp is vir mobiele oorlogvoering om infanteriste so na as moontlik aan die geveg en die vyand te vervoer.

**Kannonier** – ‘n Soldaat van die artilerie- of pantserkorps wat spesiaal opgelei is om ‘n kanon af te vuur.

**Kanondonkies** – ‘n Informele verwysing na soldate van die artileriekorps wat opgelei is om kanonne te hanteer.

**Kit check** - Die nagaan van uitrusting voor en na ‘n operasie.

**Kommando** – Die burgermag eenheid van vrywilligers.

**Kompanie** - Drie pelotons asook ‘n kompanie hoofkantoor.

**Konvooi** -‘n Groep voertuie saam.

**Kopdokters** – ‘n Informele verwysing na sielkundiges.

**Kortdiens-staandemag -** ‘n Jaar vrywillige diens in die staande mag.

**Kwartiermeesterstore** – Die store waarin al die uitrusting gestoor word.

**Laergebied** - Die gebied waarin voertuie saam gegroepeer is in ‘n laer.

**Looppas** – ‘n Baie vinnige marsspoed.

**Loopgraafopruiming** - ‘n Operasie deur infanteriste om die vyand uit hulle loopgrawe te verdryf.

**Memorable Order of the Tin Hats (MOTHS**) – Die veterane vereniging van die Eerste wêreldoorlog.

**Kaplyn** - Die grenslyn tussen die Suidwes-Afrika/Namibië/Angola grens wat oopgekap is om die voetspore van onwettige insypelaas te kan sien.

**Mynveërs –** Die troepe van die geniekorps wat opgelei is om land- en personeelmyne op te spoor.

**Nagopvolg** - ‘n Operasie in die nag nadat die vyand gevlug het .

**Noddykarre** – ‘n Eland pantservoertuig.

**Opstelplek** - Die plek waar eie magte in hulle finale formasie opstel voor hulle met die aanval begin.

**Ouman** – Die verwysing na ‘n dienspligtige in sy tweede jaar of terwyl hy besig is om kampe te doen.

**Pasnaweke** - Afnaweke tydens opleiding of diensplig.

**Patrollie** - Om gewapen in ‘n area in te beweeg opsoek na ‘n moontlike vyand.

**Peloton -** Drie seksies van 10 man elk met ‘n pelotonhoofkwartier.

**Penkop** - ŉ Jong seun onder die ouderdom van 16 jaar wat aan die Tweede Vryheidsoorlog deelgeneem het.

**Pikstel -** ‘n Mes, vurk en lepel wat in mekaar steek en as eetstel gebruik word.

**Posparade** - Die geleenthede waar die pos van familielede en vriende aan troepe uitgedeel is.

**Ratel** – ‘n Infanteriegevegsvoertuig (IGV) wat 10 infanteriste kan vervoer.

**Rumrun** –‘n Douglas DC-3 asDakota-vragvliegtuig.

**Scope tydskrif**- ‘n Tydskrif met foto’s van skrapsgeklede beeldskone vrouens.

**Seksie** –‘n 10 man groepering met agt geweerskutters,  ‘n seksie leier en ‘n tweede-in-bevel.

**Seksieleiding** - ‘n Kursus in die opleiding van seksieleiers.

**Seven days** - Die jaarlikse sewe dae vakansie waarop dienspligtiges geregtig was.

**Shonas** - Oop vlaktes tussen die bebosde areas wat soms water in gehad het.

**Siësta tyd** - Gewoonlik tussen 12h00 en 14h00, die warmste gedeelte van die dag wanneer soldate gerus en nie patrollie gestap het nie.

**Sieltiffie -** ‘n Bynaam vir die weermagsielkundiges.

**Sigblokke** - Klein langwerpige ventertjies in die ratel waardeur gekyk kan word nadat al die luike en deure van die ratel toegemaak is.

**Skouerskure** - Kuiergeleenthede wat 61 Meg VV vir hulle kamerade reël.

**Skutter** - Dieselfde as geweerskutter en verwys na ‘n infanterie soldaat.

**Spoorsnyers** - Spesiale opgeleide soldate wat die spoor van die vyand kan volg.

**Staaldak** - ‘n Metaalhelmet.

**States** - Republiek van Suid-Afrika.

**Tjopperpad** – Die landingstrook vir helikopters.

**Townships** – Swart informele woongebiede.

**Transportoffisier** - Die offisier van ‘n eenheid in beheer van die drywers en voertuigtegnici van die eenheid.

**Troepetrein -** ‘n Spesiale trein net vir troepe gereserveer.

**Tydelike basis -** ‘n Basis wat gewoonlik tydelik in die nag of tydens siësta ingeneem word.

**Vasbytroetemarse** - ‘n Fisies uitmergelende staptog met toerusting as deel van basiese opleiding om uithoudingsvermoë te toets.

**Veggroep** - ‘n Gevegseenheid wat uit verskillende gevegselemente soos infanterie, pantser en artillerie eenhede saamgevoeg word vir ‘n spesifieke operasie en daarna ontbind word.

**Vegspanbevelvoerder** - Die bevelvoerder wat vir die spesifieke operasie oor die veggroep aangestel word.

**Vormingskursus** - Die keuringskursus vir jong offisiere wat staandemag lede wil word.

**Vistenks** - Die 4x4 Toyota Landcruisers wat tydens die 61 Meg VV toer na Angola in 2018 gebruik was om veterane in te vervoer.

**Vryetydsbesteding** - Spesiale geleenthede soos uitstappies wat vir dienspligtiges gereël is waarin hulle hulle “vrye tyd” kon geniet het.

**Wapenhantering** - Opleiding in die hantering van die verskillende wapens wat die infanteriste moes hanteer.

**Webbing** - Gevegsharnas waarin ammunisie, rantsoene en water gedra is**.**

**Wegstaanbestokings** – ‘n Aanval van die vyand met mortierbomme van ‘n afstand af op die posisie waar hulle dink eie magte hulle bevind.

# INHOUDSOPGAWE


TERME 10

INHOUDSOPGAWE 16

LYS VAN FIGURE 22

LYS VAN TABELLE 27

HOOFSTUK 1 28

KONTEKSTUALISERING 28

1.1 Inleiding 28

1.2 Probleemstelling 32

1.3 Navorsingsleemte 34

1.4 Metodologie 37

1.5 Program van ondersoek 40

HOOFSTUK 2 42

METODOLOGIESE BENADERING 42

2.1 Inleiding 42

2.2 Kwalitatiewe ondersoek 42

2.3 Ondersoeksfilosofie 43

2.3.1 Ontologie 43

2.3.2 Epistemologie 45

2.3.3 Aksiologie 46

2.4 Prakties-teologies-verwante aspekte 47

2.5 Outo-etnografie as ondersoekstrategie 51

2.6 My outo-etnografiese navorsingsproses 55

2.6.1 Die pastorale hermeneutiese siklus as vertrekpunt 56

2.6.2 Kernbesluite tydens die proses 60

| | | |
|---|---|---|
| 2.6.3 | Die pastorale hermeneutiese siklus | 61 |
| 2.6.4 | Etiese uitdagings | 63 |
| 2.7 | Samevatting | 63 |
| HOOFSTUK 3 | | 65 |
| MY NARRATIEF | | 65 |
| 3.1 | Inleiding | 65 |
| 3.2 | My verledestorie | 74 |
| 3.2.1 | Afsonderlike ontwikkeling is die oplossing | 84 |
| 3.2.2 | Afrikaner-nasionalisme en die ontwikkeling van ‘n eie identiteit | 92 |
| 3.3 | My Dienspligstorie | 102 |
| 3.3.1 | Offisiersopleiding by die Infanterieskool | 106 |
| 3.3.2 | Grensdiens vir die eerste keer | 112 |
| 3.3.3 | Deel van die Grensoorlog in Suidwes-Afrika | 116 |
| 3.3.4 | Ek is darem nie bossies nie | 129 |
| 3.4 | Die oorlog in die binneland ruk hande uit | 140 |
| 3.5 | My weermagstorie | 161 |
| 3.5.1 | Ontplooiing in ’n swart woongebied | 166 |
| 3.5.2 | Onderhandeling met die vyand begin | 171 |
| 3.5.3 | Noem julle dit vrede? | 173 |
| 3.5.4 | Die SAW moet aanpassings maak | 176 |
| 3.5.5 | Verskuiwing van die magsbalans | 180 |
| 3.5.6 | Slegter kan dit nie gaan nie | 183 |
| 3.5.7 | Die SAW kan nie sy hande in onskuld was nie | 190 |

3.5.8 Die lewe is wat jy daarvan maak 197

3.5.9 Aanloop tot die verkiesing 200

3.5.10 Onstuimige jare na die verkiesing 206

3.5.11 Julle is die skuldiges 211

3.5.12 Totstandkoming van die SA Nasionale Weermag 218

3.5.13 My lewe kry weer rigting 223

3.6 Wildernisstorie 225

3.6.1 Die droom word ’n nagmerrie 227

3.6.2 Ek doen wat my hand vind om te doen 230

3.6.3 My genesingsproses begin 233

3.6.4 Op moedverlore se vlakte 238

3.6.5 Vrede begin by jouself 243

3.7 My afsluitingstorie 253

3.7.1 Nuwe blootstelling 254

3.7.2 Nuwe identiteit 258

3.7.3 Nuwe tuiste 262

3.7.4 Nuwe stories 265

3.7.5 Die jaar van deurbrake 266

3.7.6 Afsluitingsbesoek aan Namibië 271

3.7.7 Sal daar ooit vrede wees? 279

3.7.8 Dit was alles die moeite werd 290

HOOFSTUK 4 302

DIE NAVORSINGSGENOTE SE NARRATIEWE 302

4.1 Inleiding 302

4.2 Carel 302

4.2.1 Biografiese agtergrond 304

4.2.2 Studentejare 306

4.2.3 Nasionale diensplig 308

4.2.4 Onderwyserjare 317

4.2.5 Rapportryers en Ruiterwag 318

4.2.6 Persoonlike verantwoordelikheid 321

4.3 Gert 325

4.3.1 Biografiese skets 325

4.3.2 Nasionale Diensplig 326

4.3.3 Eerste jaar as offisier en deel van Kortdiens Staandemag 336

4.3.4 Oorgrens-operasies 343

4.3.5 Burgermag 354

4.4 Ons het mekaar nodig 358

4.4.1 Herontmoeting na 25 jaar met ‘n medeveteraan 362

4.4.2 My en Roelf se vriendskap 364

4.5 Samevatting 371

HOOFSTUK 5 372

PROSESSERING EN INTERPRETERING VAN DATA 372

5.1 Inleiding 372

| | | |
|---|---|---|
| 5.2 | Die pastorale hermeneutiese siklus | 372 |
| 5.2.1 | Invoeging | 373 |
| 5.2.1.1 | Deurleefde ervarings | 374 |
| 5.2.1.1.1 | Diensplig | 374 |
| 5.2.1.1.2 | Na diensplig | 381 |
| 5.2.1.1.3 | Traumatiese ervarings | 382 |
| 5.2.1.1.4 | ‘n Nuwe identiteit | 388 |
| 5.2.2 | Sosiale analise | 392 |
| 5.2.2.1 | Pastorale assessering | 392 |
| 5.2.2.2 | Behoefte aan ondersteuning | 394 |
| 5.2.2.3 | Soeke na ‘n nuwe identiteit | 397 |
| 5.2.2.4 | Soeke na sin en betekenis | 401 |
| 5.2.2.5 | Doelgerigte ondersteuning | 406 |
| 5.2.2.6 | Verwerking van verliese | 407 |
| 5.2.2.7 | Verwerking van herinneringe | 408 |
| 5.2.2.8 | Verwerking van oorlogsverwante trauma | 411 |
| 5.2.2.9 | Verwerking van frustrasie en woede | 427 |
| 5.2.2.10 | Herintegrasie | 428 |
| 5.2.3 | Teologiese refleksie | 429 |
| 5.2.4 | Pastorale beplanning | 443 |
| 5.2.4.1 | Ontwikkeling van ‘n ondersteuningstruktuur | 444 |

5.2.4.2 Individuele begeleidingsproses 445

5.2.4.3 Pastorale assessering 446

5.2.4.4 Doelgerigte ondersteuning om die verlede te verwerk 446

5.2.4.5 Integrasieproses: Ontdek weer die goeie en belê in hoop 447

5.2.4.6 Komponente van die begeleidingsproses 447

5.3 Samevatting 448

HOOFSTUK 6 449

BEVINDINGS 449

6.1 Uitkomste 449

6.1.1 Ontneming van menswaardigheid 449

6.1.2 Vervreemding en marginalisering 451

6.1.3 Versoeningsinisiatiewe 452

6.1.4 Oorlogsverwante trauma 453

6.2 Refleksie 454

6.3 Verdere ondersoek 457

6.4 Bydrae 458

BIBLIOGRAFIE 461

# LYS VAN FIGURE

Figuur 1: Die pastorale hermeneutiese sirkel en praktiese teologie refleksie (Swinton & Mowat 2016:90). Die pastorale sirkel is kursief aangedui. 57

Figuur 2: Voorbeeld van 'n lewensgrafiek (Herbst & De la Porte 2006). 71

Figuur 3: My lewensgrafiek as 'n ontdekkingsreis uiteengesit. 73

Figuur 4: My verlede storie met hoogte- en laagtepunte. 75

Figuur 5: My famile (ouers, susters en my eie gesin). 75

Figuur 6: Ek en my twee beste vriende op Laerskool. 76

Figuur 7: FA Venter en BK de Beer se boeke (Venter [1960, 1964, 1966, 1968, 1969] De Beer[1975]). 79

Figuur 8: Brits Hoërskool se kadetorkes in 1973. 93

Figuur 9: Ek met my kitaar as student. 96

Figuur 10: Die profiel van my dienspligstorie met hoogtepunte en laagtepunte. 102

Figuur 11: Foto van my basiese uitrusting wat ek as aandenkings kon hou. Linksonder is my dixie en pikstel, my patrolliesak, waterbottel en firebicket. Regsonder is my dogtag en in die middel is my naaldwerkstelletjie. 103

Figuur 12: 'n Jong dienspligtige meld aan by die Eros lughawe Windhoek Januarie 1989 (Liebenberg & Hayes 2010:28). 104

Figuur 13: Dienspligtiges in hulle onderklere tydens hulle aanmelding vir diensplig by die Eros lughawe in Windhoek Januarie 1989 (Liebenberg & Hayes 2010:29). 106

Figuur 14: Ons peloton, my sertifikaat van voltooiïng en persoonlike foto's tydens Vasbyt. 108

Figuur 15: Die voorblad, agterblad en die gedeelte oor die rol van die kapelaan wat deur die SAW Kapelaansdiens aan dienspligtiges saam met hulle oproepinstruksies gestuur is. 110

Figuur 16: Een van die enigste teerpaaie in die streek tussen Oshivello en Oshikati. 114

Figuur 17: Die uitpasseringsparade was die hoogtepunt van die jaar en ons was verplig om 'n jaarblad en langspeelplaat te koop. 116

Figuur 18: Op die Mpacha lughawe net na my aankoms in Desember 1981. 118

Figuur 19: Wit offisier en onderoffisiere van ons kompanie swart gesmeer met "Black is Beautiful" voor 'n patrollie. 119

Figuur 20: Die wagtoring waar ek dikwels stiltetyd gehou het. 121

Figuur 21: Ek voor die ingang van die Nkongo basis van die tjopperpad af. 122

Figuur 22: Foto's van my aandenkings van die Grensoorlog. 123

Figuur 23: Carel Krige na ons uitpaseringparade op Oudtshoorn. 126

Figuur 24: Ek en my administratiewe klerk in die Nkongo basis se operasionele kamer. 127

Figuur 25: Van my koerantberig uitknipsels oor die noodtoestand wat ek teen my geskiedenisklas se bord opgesit het. 137

Figuur 26: Die foto van die gewonde Hector Peterson wat die wêreld bewus gemaak het van die Soweto onluste (Cameron & Spies 1986:308). 151

Figuur 27: Die profiel van my weermagstorie met hoogte- en laagtepunte. 161

Figuur 28: Collage van persoonlike fotos geneem tydens staandemag praktiese gevegshanteringskursusse by Lohatla. 162

Figuur 29: Massagraf waarin PLAN lede begrawe is (Liebenberg & Hayes 2010:55). 165

Figuur 30: Plaaslike inwoners in Namibië met 'n buffel-gevegsvoertuig in die agtergrond (Liebenberg & Hayes 2010:95). 169

Figuur 31: Die beeld van Christus op die buiteblad is 'n goeie weergawe van die beeld van die Bevrydingsteologie waarmee ek aanvanklik my vereenselwig het (Family Protection Scoreboard 1989). 170

Figuur 32: Statistieke van die moord op polisielede 1983 to 2015 (South African Police Defence, 2017). 173

Figuur 33: Spotprent in die Sowetan van 23 Desember 1991. 182

Figure 34: My koerantuitknipsels oor die tragiese gebeure in Boputhatswana BO: (Waldner 1994:1) ONDER: (Deionno & Hartley 1994:1). 202

Figure 35 : My wilderniservaring met al die hoogte- en laagtepunte. 226

Figuur 36: Patrone van posisieskuiwe, die terapeutiese en helende moment binne die dinamiese netwerk van pole en posisies (Louw 2015:37). 245

Figuur 37: Die Ouman-plakker wat gratis deur Johan Schoeman op die webwerf www.warinangola.com beskikbaar gestel word (Schoeman 2011). 246

Figuur 38: 61 Meg VV se gedenkdiens in 2014. 247

Figuur 39: Die profiel van my afsluitingstorie met hoogte- en laagtepunte. 253

Figuur 40: Foto van die onbekende soldaat by Fortklapperkop met die gedenkmuur in die agtergrond. 260

Figuur 41: SAW herdenkingsmuur by Voortrekkerhoogte tydens die herdenkingsdiens op 27 Mei 2018 261

Figuur 42: Foto van my wat opslae in die veterane webwerwe gemaak het. Saam met my op die foto is Jan Malan, Hans Henning, Marius van Rooyen en Johan du Preez, almal lede van die nasionale uitvoerende raad van die SAWV. 270

Figuur 43: Foto's van die besoek aan die grensbasisse tydens 'n storieverteltoer in Namibië, Julie 2016. 273

Figuur 44: Collage van foto's van die Nkongo basis 1982 en 2016. 276

Figuur 45: Die storievertelaand by Okongo. Saam met my op die foto is Festus wat 'n tolk tydens my diensplig was en twee van sy vriende. Agter is Daan Eksteen, Lovisa en Andrew Bezuidenhout. 277

Figuur 46: Die twee vistenks waarin ons baie ure deurgebring het. 292

Figuur 47: Collage van foto's van die 61 Meg VV se versoeningstoer in Angola in Mei 2018. 297

Figuur 48: Foto's van die ontdekking van en afsluiting by Mielie se ratel 30 jaar na die ongeluk. 299

Figure 49: Sarel Coetzee met sy dogtag by die Ruacana laagwaterbrug. 300

Figure 50: Foto geneem op 30 Augustus 1988 met ontrekking van die SAW uit Angola na Operasie Packer (Liebenberg & Hayes 2010:110). 300

Figuur 51: Ons as gesin toe ek 'n student was. Voor Frikkie, my ma en Estie en agter ek, Gawie en my pa. 305

Figuur 52: Die kwartiermeesterstoor waar ons uitrusting ontvang het en weer moes inhandig. 308

Figuur 53: Dorpie In Angola tydens ons patrollie. 311

Figuur 54: Die lyke van die vyand na die kontak. 312

Figuur 55: Die leë bunker naby die aanloopbaan waar ek stiltetyd gehou het. 313

Figuur 56: Ek en Karin op ons troudag. 318

Figuur 57: Ek as kommando offisier. 318

Figuur 58: My gesin, my jongste seun Hennie, ek, Karin my vrou, Frikkie my oudste seun en sy vou Charne. 323

Figuur 59: Ek en Carel drink 'n koffie by Coffee at 18 tydens ons eerste ontmoeting vir die skryf van sy narratief. 324

Figuur 60: Die Minnaars in Richardbaai in 1980 tydens my tweede jaar in die SAW. Ek sit voor, agter sit Tillie my jongste sussie my pa Flip, my ma Annatjie hou haar enigste seun vas skouer vas. 325

Figuur 61: Ons eerste rit op ‘n Bedford. 328

Figuur 62: 61 Meg BG ratels voor 'n oorgrensoperasie. 333

Figuur 63: As pelotonbevelvoerder op my ratel. 339

Figuur 64: ‘n Voorligting voor ‘n oorgrensoperasie. 343

Figuur 65: Blaaskans tydens Operasie Carrot. 345

Figuur 66: Ontplooiing by Humbe. 347

Figuur 67: Ammunisie en toerusting wat tydens Operasie Protea gebuit was. 348

Figuur 68: Ek en Gert by Cafe Beyritz op 17 Julie 2018. 358

Figuur 69: Gert en Ariel Hugo na 25 jaar. 362

Figuur 70: Gert en Ariel in 2009 tydens die 61 Meg VV se eerste Angola toer. 366

Figuur 71: Al die vistenkers by die oorblyfsels van Mielie se ratel tydens die Angolatoer in 2018. 368

Figuur 72: Martin, Steph en Len by Cuito Quanavale. 369

Figuur 73: Pastorale hermeneutiese siklus [Aangepas] (Segundo 1976). 372

Figuur 74: Die eerste moment van invoeging as deel van die pastorale siklus 373

Figuur 75: Opsomming van die hoofpunte van die deurleefde ervarings 387

Figuur 76: Uiteensetting van sosiale analise. 392

Figuur 77: Moment 1: Pastorale assessering. 393

Figuur 78: Moment 2: Doelgerigte ondersteuning. 407

Figuur 79: Swartz se vyfhoekmodel [Aangepas] (Swartz 2016). 410

Figuur 80: Moment 3: Integrasie. 428

Figuur 81: Teologiese refleksie. 429

Figuur 82: Die interpretasiestruktuur van Gerkin (1997:35) [Vertaal uit Engels]. 430

Figuur 83: Die antropologiese samestelling van die mens volgens Louw (2015:214). 431

Figuur 84: Balans in ’n Bybelse wêreldbeskouing (Anderson 2000; 2010). 433

Figuur 85: Spirituele model vir die verstaan van menslike gedrag en verandering (De la Porte 2006). 435

Figuur 86: Patrone van posisieskuiwe. Die terapeutiese en helende moment binne die dinamiese netwerk van pole en posisies (Louw 2005). 439

Figuur 87: Moontlikhede tot groei en hoop van die menslike siel in situasies van lyding (Louw 2012) 442

Figuur 88: Pastorale beplanning 444

Figuur 89: Voorgestelde ondersteuningstruktuur 445

Figuur 90: Voorgestelde begleidingsproses. 448

# LYS VAN TABELLE

Tabel 1: Opsomming van persoonlike ervarings 390

Tabel 2: Raamwerk vir sin en betekenis en die spirituele genesing van die lewe (Louw 2011:6; 2012:84). 438

# HOOFSTUK 1

# KONTEKSTUALISERING

## 1.1 Inleiding

FW de Klerk, die voormalige staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika, se aankondiging op 2 Februarie 1990 dat Nelson Mandela vrygelaat gaan word en dat die regering met die voormalige bevrydingsbewegings gaan onderhandel, het tot die einde van die 30 jaar gewapendestryd gelei. Dit word vandag as ‘n keerpunt in die land se geskiedenis beskou omdat dit tot omvattende politieke, ekonomiese en maatskaplike veranderinge aanleiding gegee het. Die onderhandelinge het sonder enige beslissende gevegte tot ŉ skikking gelei. Desnieteenstaande maak die voormalige vryheidsvegters, wat later as die *Nie-Statutêre Magte* bekend sou staan, daarop aanspraak dat hulle die gewapendestryd gewen het. Die voormalige veiligheidsmagte, of *Statutêre Magte,* ontken dit egter. Hierdie dispuut is steeds ŉ struikelblok in die versoeningsproses tussen die voormalige vyande. Die terme *Nie-Statutêre Magte en Statutêre Magte* is die groepering van die magte wat volgens ŉ erkende kode tydens die oorgangstydperk gebruik was. Die *Statutêre Magte* het bestaan uit die Suid-Afrikaanse Weermag (SAW) en die weermagte van die voormalige “onafhanklike“ tuislande (Transkei, Bophuthatswana, Venda en Ciskei, ook bekend as die TBVC state). Die *Nie-Statutêre Magte* het bestaan uit uMkhonto weSizwe (MK), Azanian Peoples’ Liberation Army (APLA) en Azanian Liberation Army (AZANLA) as die militêre vleuels van die bevrydingsbewegings die ANC, PAC en AZAPO (Bredenkamp & Wessels 2012:242-243).

Die oorgangstydperk voor die algemene verkiesing in 1994 is gekenmerk deur politieke onstabiliteit. Na die verkiesing het bestendigheid gevolg wat in ŉ groot mate aan die transformasie in die veiligheidsmagte *voor* en *na* die verkiesing toegeskryf kan word. Die permanente lede van die voormalige *Statutêre* en *Nie-Statutêre Magte* is suksesvol in die South African National Defence Force (SANDF) geïntegreer en verenig.

Met die integrasie van die permanente lede van die verskillende magte tot die SANDF is ‘n konstruktiewe versoeningsbeleid gevolg. Dit was egter nie die geval met die

deeltydse ongeveer 600 000 voormalige Nasionale Dienspligtiges (NDP's) en *burgermaglede* van die *Statutêre Magte* en die ongeveer 16 000 Self Defence Units (SDU's) van die *Nie-Statutêre Magte* nie. Hierdie voormalige deeltydse magte (voormalige NDP's, *burgermaglede* en SDU's) het steeds gepolariseerd in hulle gemeenskappe by transformasie aangepas. Al wat hulle tans in gemeen het, is die toenemende gevoel dat hulle deur die SANDF en die "nuwe" politieke bestel in die steek gelaat is.

Tydens die gewapende konflik is buitelandse lede van die *Nie-Statutêre Magte* in die gewapendestryd teen apartheid deur hul plaaslike gemeenskappe, buurstate in suider-Afrika en internasionaal ondersteun. Aangesien hulle aansienlike opofferings gemaak het, het hulle na 1994 erkenning van die bevolking en vergoeding van die regering verwag. Die meeste wou in die weermag opgeneem en in die samelewing geïntegreer word. Slegs lede wat 'n bewys van formele militêre opleiding kon lewer is egter in die SANDF geïntegreer terwyl diegene wat sonder bewys van militêre opleiding in interne operasies betrokke was 'n eenmalige vergoedingsbedrag ontvang het. Hierdie vergoedingsbedrag is bereken volgens 'n glyskaal van die jaar waarin hulle by die bevrydingsbeweging aangesluit het. Ten einde hulle te ondersteun met toerusting in geletterdheid en basiese tegniese en lewensvaardighede om nuwe beroepe te kan beoefen, kon hulle by die Dienskorps wat in Januarie 1995 gestig is, aansluit. Weens probleme met die uitbetaling van die vergoeding en wanpersepsies oor die kursusse wat die Dienskorps aangebied het, het min lede egter by die Dienskorps aangesluit (Heinecken & Bwalya 2013:34).

Daar bestaan 'n baie sterk gevoel onder die veterane van die *Nie-Statutêre Magte* dat hulle deur die regering in die steek gelaat is en nie soos die res van die bevolking die voordele van die nuutverworwe demokrasie geniet nie (Heinecken & Bwalya 2013:36). Veral lede van die *Nie-Statutêre Magte* wat as adolessente in die laat 1980's by die Self Defence Units (SDU's) in die gewapendestryd betrokke was en weens hul jeugdige ouderdom nie geïntegreer kon word nie, voel in die steek gelaat (kyk Heinecken & Bwala 2013:40; Wale 2016). Die protesoptog van 250 voormalige vryheidsvegters op 20 April 2012 in Johannesburg wat spesiale behandeling en vergoeding vir hul rol in die bevrydingstryd geëis het, dien as bewys van die

ontevredenheid binne geledere van die veterane van die *Nie-Statutêre Magte* met die tekort aan ondersteuning en vergoeding wat hulle ontvang het.

Voortgesette probleme met die vergoeding van veterane en hul ontevredenheid het gelei tot die stigting van die oorkoepelende *South African National Military Veteran Association* in 2008 en die Departement van Militêre Veterane, addisioneel tot die Departement van Verdediging in 2009. In 2011 is die Wet op Militêre Veterane gepromulgeer om ondersteuning aan veterane te reguleer. Die regering beskou die *South African National Military Veteran Association* wat ‘n verskeidenheid veterane-organisasies van beide die *Statutêre* en *Nie-Statutêre Magte* insluit as die enigste amptelike verteenwoordiger van die veterane (kyk Heinecken & Bwalya 2013:36).

As deel van die *Statutêre magte* het die voormalige NDP’s voor 1994 baie ondersteuning van hul gemeenskappe en die voormalige regering gekry. Hulle was nie voorbereid op die emosionele en psigiese effek van die omvattende politieke, ekonomiese en maatskaplike verandering na 1990 nie. Veral na 1994 was dit ‘n groot uitdaging vir die voormalige NDP’s om in ‘n land van omvangryke politieke, ekonomiese en sosiale veranderinge, waar die Afrikaanssprekende gemeenskap hulle beheer verloor het, aan te pas. Die verhoudingsnetwerke in Afrikaanssprekende gemeenskappe is sedert 1994 onder druk. Dit het ‘n negatiewe effek op mense se lewenskwaliteit. Die hele Afrikaanssprekende gemeenskap en veral die voormalige NDP’s is gekonfronteer met ‘n verskeidenheid vorme van verlies wat verwerk en nuwe uitdagings wat deurlopend hanteer moes word. Gewoonlik ervaar ‘n individu en ‘n gemeenskap tydens politieke veranderinge verliese waaroor hulle behoort te treur. Die effek van verlies is gewoonlik erger en die treurproses duur langer as wat die meeste mense besef (kyk Hamman 2005:46-60; Boshoff 2011).

Die rouproses van ‘n individu of van ‘n groep kan nie beperk word tot ‘n spesifieke metode en tydsduur nie. Die rouproses is vir elke persoon uniek en daar is geen vaste stappe waardeur alle mense gaan nie en aan iemand voorgeskryf kan word nie (Adams, Jones & Ellis 2014:41). Ander negatiewe aspekte wat gepaard gaan met die oorgangsproses kan ook ‘n invloed hê op die treurproses. Sulke aspekte behoort geïdentifiseer en aan aandag gegee word.

Hoewel die voormalige NDP's voor die verkiesing 'n groot bydrae tot stabiliteit in die land na 1994 gelewer het, het hulle nie algemene erkenning daarvoor ontvang nie. Vir die meeste voormalige NDP's was die oorgangsproses eerder 'n politieke skikking as 'n militêre oorgawe. Hulle was onder die indruk dat die SAW a-polities was en die binneland wou stabiliseer vir 'n vrye en regverdige verkiesing. Dit was die inligting wat die SAW aan hulle gekommunikeer het (kyk Geldenhuys 1993:243; Malan 2006:372-373). Net soos die veterane van die *Nie-Statutêre Magte* is hulle ontnugter deur die verloop van transformasie na 1994 en dat hulle nie aanvanklik as militêre veterane erken en ondersteun is nie.

Soos met die ander vryheidsoorloë in suider-Afrika is die status en term "militêre veteraan" in die vryheidstryd gewortel (kyk Heinecken & Bwala 2013:34). Politieke leiers in Suid-Afrika het na 1994 die standpunt gehuldig dat voormalige NDP's nooit volwaardige lede van die SAW was nie en dus nie as "militêre veterane" vir regeringsondersteuning kwalifiseer nie. Die Wet op Militêre Veterane van 2011 (The Military Veterans Act, no 18/2011) het vir die eerste keer amptelike status aan die voormalige NDP's as militêre veterane in Suid-Afrika gegee en sluit ook veterane van alle oorloë sedert 1910 in. Die wet definieer 'n militêre veteraan soos volg:

> *A military veteran is any South African citizen who rendered service to any of the military organisations, statutory and non-statutory, which were involved on all sides of South Africa's liberation war from 1960 to 1994; or served in the Union Defence Force before 1961; or became members of the new SANDF after 1994; and has completed his or her military training and no longer performs military service, and has not been dishonourably discharged from that military organisation.*

Aangesien die NDP's volgens die definisie van 'n militêre veteraan in die wet as militêre veterane kwalifiseer, het Thabang Makwetla, die adjunk-minister van Verdediging daarop gewys dat die voorgestelde sosiale ondersteuningstruktuur hoofsaaklik gemik is op voormalige vryheidsvegters en die lede van die *Statutêre magte* wie se name op die regering se databasis is. Dus, slegs voormalige NDP's wat aansoek doen om op die regering se databasis geregistreer te word sal as "militêre veterane" erken word en op van die voordele in die wet vervat, kan aanspraak maak. Hierdie databasis word deur die Departement van Militêre Veterane saamgestel.

Afgesien van die verskeie veterane organisasies en selfs die oorkoepelende South African National Military Veteran Association, ervaar die meeste veterane van albei groeperinge polarisasie, isolasie en ‘n gebrek aan gemeenskapsondersteuning. Baie van hulle is steeds op soek na afsluiting en na die sin en betekenis van oorlogsverwante ervarings en huidige politieke verwikkelinge. Die uitdagings wat veterane sedert 1994 ervaar het, sluit die volgende in:

- kulturele fragmentasie as gevolg van die invloed van die transformasieproses in Suid-Afrika en die soeke na ‘n nuwe Suid-Afrikaanse identiteit;
- ontnugtering weens verwagtinge wat deur politici voor 1994 geskep is en waaraan die regering nie kon voldoen nie;
- die psigologiese effek van Post-traumatiese Stresversteuring (PTSV);
- die gebrek aan diagnosering en behandeling van PTSV;
- die lyding van families van veterane en gemeenskappe as gevolg van die gebrek aan die behandeling van die effek van PTSV op veterane.

## 1.2 Probleemstelling

Post-konflik herintegrasie is ‘n komplekse en langtermynproses. Dit is die proses waarin veterane en hul afhanklikes ondersteun word om weer polities, ekonomies en maatskaplik in hul gemeenskappe geïntegreer te word en aan te pas. Hulle behoort weer deel te word van politieke besluitnemingsprosesse, ekonomies onafhanklik te kan funksioneer en ‘n integrerende deel van hul onderskeie gemeenskappe te vorm. Dit sluit ook ondersteuning in om hul gesindheid en verwagtings by die realiteite van die samelewing en hulle lewens aan te pas en oorlogverwante trauma te verwerk (kyk Dzinesa 2008:5). In Suid-Afrika is veral versoening tussen die veterane van die deeltydse magte ‘n uitdaging omdat dit nog nooit konstruktief verwerk was nie. Hoewel die verskillende veteraangroepe soortgelyke uitdagings ervaar wat hulle meer begrip vir mekaar en hulle omstandighede sou kon gee, lewe hulle steeds geïsoleerd in ‘n gepolariseerde samelewing.

Die gestruktureerde ondersteuning van die Departement van Militêre Veterane, the South African National Military Veteran Association asook die Wet op Militêre Veterane aan veterane, is onvoldoende. Amptelike strukture voorsien nie in die veterane se persoonlike behoeftes nie. Derhalwe is dit nodig dat informele strukture

nader aan veterane se daaglikse lewenservaring en -uitdaging hierdie leemte vul. Twee sulke netwerke wat ondersteuning kan bied is die *gemeenskap* waarna veterane teruggekeer het, en as hulle Christene is, die *geloofsgemeenskap* waarby hulle betrokke is. In geloofsgemeenskappe kan persoonlike ondersteuning van medegelowiges en pastorale ondersteuning deur opgeleide kundiges voorsien word.

Twee van die grootste uitdagings wat betref die ondersteuning met veterane is die isolasie waarin hulle hulle bevind en die slagoffer-mentaliteit wat sommige van hulle ontwikkel het. Om die holistiese ondersteuning wat nodig is te bied, behoort pastorale versorging deel te vorm van ‘n geïntegreerde multi-dimensionele en multi-dissiplinêre netwerk van ondersteuning aan veterane in hulle konteks en gemeenskap. Die breër Suid-Afrikaanse en sosio-kulturele konteks behoort deurlopend in aanmerking geneem te word vir ‘n beter verstaan van die diverse gemeenskappe. Om kohesie en versoening met ander veteraangroepe in die Suid-Afrikaanse gemeenskap te verbeter behoort hulle in kontak met mekaar gebring te word.

Voortdurende transformasie in die samelewing en werkplek asook retoriek soos “wit bevoorregting”, “regstellende aksie”, “dekolonialisering”, “radikale ekonomiese transformasie” en “grondhervorming” wat tot verliese vir voormalige NDP’s kan lei, skep onsekerheid oor die toekoms. Die transformasieproses en populistiese uitsprake deur politici teenoor witmense gaan waarskynlik nog lank duur. Wanneer individue of gemeenskappe voortdurend bedreig voel en beduidende verliese in die gesig staar, kan dit negatiewe stres meebring, wat weer kan lei tot ’n afname in psigiese welsyn (Schoeman 2007:42-43).

Die uitgangspunt van hierdie studie is dat verskeie samelewingsfaktore veroorsaak het dat sommige van die voormalige NDP’s verval het in ‘n destruktiewe lewenshouding wat negatief inwerk op hulle groei, die moontlikheid van heling en afsluiting. Die term afsluiting word in hierdie studie nie benut om ‘n finale doelwit aan te dui wat die voormalige NDP’s moet bereik nie maar eerder om te verwys na ‘n afsluitingsproses waarin veterane ondersteun moet word. Baie voormalige NDP’s begin aftree-ouderdom bereik. Dit was ‘n tendens in vorige oorloë (Eerste en Tweede Wêreldoorlog en veral die VSA/Viëtnam-oorlog) dat veterane dikwels eers na aftrede begin om werklik die traumatiese ervarings wat hulle gehad het intens te beleef. Van

hulle begin dan soek na die sin en betekenis van die oorloë waarin hulle betrokke was (kyk Port *et al* 2001; Davison *et al* 2006:109-110; Horesh *et al* 2011; Langer 2011:53 Barman & Detweiler 2014).

Volgens Ron Langer (2011) kan ander verliese soos die dood van vriende, kinders wat onafhanklik word en egskeiding lei tot Post-Traumatiese Stresversteuring. Hy stel dit soos volg: "A life without meaning leaves plenty of room for PTSD - as well as other psychiatric disorders, such as depression, anxiety, and substance abuse - to fill" (Langer 2011:54). 'n Destruktiewe lewenshouding kan 'n nadelige uitwerking op die soeke na sin, betekenis en afsluiting na aftrede hê. Die doel van die studie is om vanuit 'n pastorale perspektief 'n bydrae te maak ten opsigte van hierdie spesifieke groepmense se lewensgehalte deur te fokus op hulle lewenshouding met die oog op afsluiting en algemene welsyn.

## 1.3 Navorsingsleemte

Bestaande studies oor pastorale sorg met oorlogsveterane en transformasieprosesse in ander dele van die wêreld soos die van Snape & Henshaw (2017) in Brittanje en Husted (2008), Fuson (2013), Moon (2016), Yan (2016), David (2017), Doehring (2018) in die VSA het waardevolle insigte bygedra. Wat die Suid-Afrikaanse konteks betref, is daar nog unieke uitdagings. Vir die voormalige NDP's is die oorlog verby terwyl die "vryheidstryd" vir die huidige regering en sommige veterane van die *Nie-Statutêre Magte* eers verby sal wees wanneer die ekonomiese en maatskaplike ongelykheid reggestel is.

Voormalige NDP's was tydens hulle diensplig die swye opgelê, maar het nou die reg om te praat en hulle verhale te vertel. Die toename in literatuur op hierdie gebied het daartoe gelei dat die ervarings van voormalige NDP's in veral die sosiale media vertel word. Uit hierdie verhale blyk dat hulle die behoefte het om hul weergawe van wat hulle ervaar het, te vertel. Jaarlikse herdenkingsdae, seremoniële byeenkomste, rituele en die vertel van verhale vorm reeds deel van veterane se lewens. Die herinterpretasie van verhale om hoop en genesing te bring, vind egter selde plaas. Waar veterane van beide die *Statutêre* en *Nie-Statutêre Magte* die geleentheid het om hulle verhale te vertel, besef hulle dikwels hoeveel hulle in werklikheid gemeen het. Deur die deel van verhale vind sommiges afsluiting en ervaar versoening.

Baie voormalige NDP's is egter huiwerig om hulle verhale met veterane van die ander groepering te deel. Die narratiewe terapeutiese benadering waarvolgens die vertel van lewens- of traumaverhale mense daartoe kan bring om betekenis, perspektief en genesing te vind, is 'n nuttige pastorale strategie (kyk Louw 1999:23-24). Die verskillende narratiewe perspektiewe het ook deel van teologie refleksie geword (kyk Louw 1999:23-24; Ganzevoort 2012:218). As 'n effektiewe terapeutiese benadering kan die vertel van individuele narratiewe die sleutel tot verstaan en verandering word (kyk Chang 2008:32; Brunsdon & Lotter 2011:3-4). In Suid-Afrika word die moontlikheid van narratiewe terapeutiese prosesse ten spyte van die aanbevelings van die Waarheids- en Versoeningskommissie nie in gemeenskappe ontgin nie. Voormalige NDP's is dikwels vasgevang in 'n funksioneringstyl van oorlewing, terwyl hulle in werklikheid steeds 'n sinvolle bydrae tot die samelewing sou kon lewer. Hulle leef in 'n gepolariseerde samelewing en sou kon baat by die potensiaal tot versoening wat meegebring sou kon word deur narratiewe terapeutiese prosesse.

Sommige voormalige NDP's voel skaam en skuldig oor apartheid en hulle betrokkenheid daarby, maar weet nie hoe om restitusie te doen nie. Ander voel weer soos slagoffers van transformasie, verval in 'n "laer trek mentaliteit" en isoleer hulleself. Volgens Pieter Bezuidenhout ervaar die "SAW-dienspliggenerasie" innerlike konflik oor die beskuldiging van apartheid en die kerk se aandeel daarin (kyk Bezuidenhout 2015:222-223). Van die respondente in Bezuidenhout (2015) se studie, het 84% aangedui dat hulle 'n behoefte het daaraan om sin te maak uit wat hulle beleef het en tot afsluiting te kom. Twee derdes van die respondente (65%) het aangedui dat hulle 'n behoefte het aan berading vanweë spesifieke ervarings of trauma wat hulle beleef het (Bezuidenhout 2015:214-215). Bezuidenhout (2015) se studie toon dat die oorgrote meerderheid (98.6%) van die SAW-dienspliggenerasie meen dat Afrikaanssprekende persone 'n rol speel tot die welvaart, opbou en vooruitgang van Suid-Afrika. Daarvan beskou 90% hulself as persone wat so 'n bydrae kan lewer en 93% besef dat hulle behoort deel te neem aan besluitneming en bestuur in die land. Die groot meerderheid van 93% stem saam dat hulle vanweë hulle militêre en ander ervaringe 'n bydrae tot die nuwe SA kan lewer (Bezuidenhout 2015:244). Die uitdaging vir die pastoraat is dus nie beperk tot afsluiting nie, maar sluit ook in om hulle toe te rus om effektief om te gaan met die stresvolle lewe in die veranderende Suid-Afrika, asook om hulle te bemagtig om by projekte in die gemeenskap betrokke te raak.

Volgens die praktiese teoloog Daniel Louw (2005:124) behoort die ideaal vir ‘n samelewing te wees om te “fokus op die bemagtiging van mense; die uitbouing van ‘n menseregte kultuur en die beskerming van mense se unieke waarde teen alle vorme van uitbuiting”.

Die lewe as eksistensiële fenomeen ontvou in die basiese menslike behoefte vir intimiteit, erkenning en menswaardigheid. Om betekenisvol te kan lewe, vereis bemagtiging- en ondersteuningstrukture wat aan hierdie basiese behoeftes kan voldoen (Louw 2012:11). Louw (2005) se prakties-teologiese benadering is hermeneutiese-sistemies. Hy verduidelik dit soos volg : “Dit werk met perspektiewe op menswees en probeer om mense binne die gebeure van elke dag te verstaan” (Louw 2005:17).

Hierdie studie maak gebruik van die filosofiese berading (*Philosophical counselling*) van Daniel Louw (1999; 2005; 2011; 2012; 2015). Sy denke oor die leefruimte vir ‘n menswaardige saambestaan en die hermeneutiek van suspisie ten opsigte van die menslike neiging om die ander bedreigend en vreemd te kategoriseer, is nuttig vir die doeleindes van die studie (Louw 2005:124). Vir heling is “posisieskuiwe” binne die samelewing soms onafwendbaar (kyk Louw 2005:124-132). In sy boek *Netwerk van die menslike siel,* wys Louw op die belangrikheid van “posisionering” as “kwalitatiewe inpassing binne ‘n lewensgebeurlikheid, ‘n spesifieke konteks/omgewing en in dinamies netwerk van verhoudinge” (Louw 2005:21-23). Sisteemdenke behoort in samehang met hermeneutiese denke verstaan te word. Hy omskryf hermeneutiese denke soos volg (Louw 2005:24):

> *Hermeneutiese denke wil die verband tussen tekste en kontekste verstaan, interpreteer en vertolk met behulp van metafore (taal) en simbole (voorstellinge). In hermeneutiese denke gaan dit nie soseer oor substansie (syn) nie of verklaring (explanation) nie, maar om vertolking en om die ontdekking van samehange of netwerke waarbinne sin en betekenis tot uitdrukking gebring word.*

Hierdie studie het ten doel om ‘n bydrae te lewer tot ‘n dieper verstaan van die sosiaal-kulturele konteks van post-apartheid veterane in Suid-Afrika. Vir die doeleindes van hierdie studie word gefokus op Afrikaanssprekende nasionale dienspligveterane van

Europese oorsprong. Na hierdie groep word in die studie verwys as dienspligveterane. Die studie is ‘n indiepte verkenning en beskrywing van dienspligveterane se narratiewe. Die bevindings bied insigte ten opsigte van veterane se soeke na sin en betekenis en die rol wat pastorale sorg hierin kan speel.

Veral die ervarings en uitdagings van dienspligveterane wat tans deel vorm van die post-apartheid sosiaal-kulturele konteks van Suid-Afrika is die fokus van die studie. Die invloed van oorlogstrauma en die alledaagse ervaring van stres, woede, trauma, verlies, aanvaarding, heling, versoening en afsluiting en hoe hulle sedert 1990 daarmee omgaan, sal ondersoek word.

Die studie volg ‘n outo-etnografie benadering. Die eie verhale van die dienspligveterane word aangebied teen die agtergrond van hulle “plek” as deel van die huidige Suid-Afrikaanse samelewing. Die huidige stand van pastorale sorg met dienspligveterane in die Suid-Afrikaanse gemeenskappe word ondersoek en behoeftes geïdentifiseer.

## 1.4 Metodologie

Hierdie ondersoek is kwalitatief en het ten doel om ‘n ryk beskrywing van die situasie waarin dienspligveterane hulle bevind in die huidige situasie in Suid-Afrika weer te gee. Die paradigma van die studie is postmodern en die epistemologiese uitgangspunt is sosiaal-konstruksionisties. In ‘n kwalitatiewe ondersoek kan gefokus word op die ervarings van dienspligveterane met die oog op die *beskywing, interpretasie* en ‘n dieper *verstaan* van die verskynsel. Die doel is nie om dit te verklaar nie, maar dat die beter verstaan ook tot ‘n verbeterde praktyk sal lei (Swinton & Mowat 2016:44).

Die narratiewe benadering as deel van ‘n kwalitatiewe ondersoek huisves verskeie kwalitatiewe navorsingsmetodes wat reeds deur praktiese teologie aangewend word (kyk Ganzevoort 2012:215; Swinton & Mowat 2016:37). Outo-etnografie word vir die doeleindes van hierdie studie as ‘n uitbreiding op die narratiewe benadering beskou. Die benadering vorm deel van die etnografiese benadering wat benut word om tot ‘n meer “kleurvolle” en dieper verstaan van mense se ervarings en kontekste te kom. Met die vertel van die verhaal word op die “outo” (persoonlike ervarings) gedeelte van outo-etnografie gefokus. Die verhaal word vertel binne die konteks van Afrikaner

nasionalisme as bevryding van Britse kolonialisme en daarmee word die “etno“ (kulturele) aspek van outo-etnografie aan die orde gestel. Om te voldoen aan die “grafie” gedeelte, word die verhaal geïllustreer met ander dokumente, foto’s en artefakte.  Die outo-etnografie benadering word in Hoofstuk 2 bespreek.

My eie verhaal as dienspligveteraan staan in hierdie studie sentraal, maar outo-etnograwe bied dikwels bo en benewens hul eie deurleefde ervarings een of meer persone se narratiewe aan. My verhaal word aangevul met die verhale van twee navorsingsgenote en insigte verkry uit die verhale van ander veterane tydens die 61 Meg veterane-vereniging se versoeningstoer aan Angola in 2018.

Vanuit ‘n kwalitatief-outo-etnografiese perspektief sal ‘n pastorale versorgsmodel met militêre veterane in Suid-Afrika ontwikkel word. Die huidige stand van pastorale sorg met dienspligveterane in Suid-Afrika en die effektiwiteit daarvan sal geëvalueer word en verdere behoeftes in die verband geïdentifiseer word. Insigte van ander dissiplines wat van toepassing is, sal geïnkorporeer word met die doel om pastorale sorg te verryk en ‘n bydrae tot die holistiese ondersteuning van veterane te verseker.

In hierdie studie word ‘n kontekstuele en holistiese benadering tot pastorale versorging gevolg en sterk gesteun op die insigte van die praktiese teoloeë Charles Gerkin (1997), Neil Anderson (2000; 2010), Andre de la Porte (2006) en Daniel Louw (1999; 2005; 2011; 2012; 2015). Die *kontekstuele benadering* tot pastorale sorg van Charles Gerkin (1997) fokus op ’n narratiewe-hermeneutiese verstaan van pastorale werk in ’n spesifieke konteks. Neil Anderson (2000) se insigte van ‘n holististiese benadering en hoe die verwydering tussen teologie en ander vakdissiplines oorbrug kan word, word ondersoek. Sy insigte kan bydra tot ‘n dieper verstaan van die verantwoordelikheid van pastorale en spirituele versorging as deel van ‘n multi-dissiplinêre versorgingsproses in die gemeenskap. Andre de la Porte (2006:13-15) se spirituele model vir die verstaan van menslike gedrag en verandering en Anderson se insigte word as moontlike fondament van die ontwikkeling ‘n pastorale begeleidingsproses met dienspligveterane ondersoek. Louw is van mening dat versorging in die gemeenskap aandag moet gee aan die genesing van paradigmas, perspektiewe, persepsies en idees (kyk Louw 2011:2). Die benutting van *filosofiese berading* (*Philosophical counselling*) van Daniel Louw (2011) om persone te bemagtig

en te ondersteun tot ‘n nuwe positiewe ingesteldheid en benadering van uitdagings word ondersoek.

Die *pastorale hermeneuties siklus* van Juan-Luis Segundo (1976) word aangewend vir die insameling, prosessering en verwerking van data. Hoe die *pastorale hermeneutiese siklus* aangewend sal word om die data wat met behulp van outo-etnografie verkry word, te prosesseer, sal in Hoofstuk 2 verduidelik word. Die pastorale hermeneutiese proses word nie afgesluit met die laaste moment nie, maar bly voorgaande en oop. So bly die gekose ondersoeksproses in hierdie studie steeds oop om nuwe insette te akkommodeer en aanpassings te maak waar nodig.

Die pastorale versorgingsmodel het ook ten doel om dienspligveterane te bemagtig om die uitdagings van die voortdurende transformasieproses die hoof te bied. Dienspligveterane val in die ouderdom 40 jaar en ouer met die grootste groep in hulle middeljare. Die kompleksiteit van die situasie waarin hulle hulle bevind noodsaak die pastoraat om die kern behoeftes aan ondersteuning te identifiseer en veterane die geleentheid te gee om hulle behoefte aan ondersteuning bekend te maak. Veterane behoort ook die vrymoedigheid te hê om deurlopend terugvoer te gee oor die effektiwiteit van die begeleidingsproses. Vir die doeleindes van hierdie studie is kernbehoeftes geïdentifiseer en word pastorale versorging in soortgelyke omstandighede in ander lande om hierdie behoeftes aan te spreek, ondersoek. Insigte verkry, word aangevul met insigte vanuit die empiriese gegewens van hierdie studie. Terapeutiese modelle en metodes uit verskeie vakdissiplines wat benut kan word as deel van ‘n begeleidingsproses om aan die behoefte van ondersteuning te vervul, word ondersoek.

Uit die psigologie word Logoterapie van Victor Frankl vir ‘n dieper verstaan van die soeke na sin en betekenis ondersoek. Erik Erikson (1959; 1974) se klassieke werk oor die vorming van identiteit in agt stadiums van menslike ontwikkeling word ondersoek vir ‘n dieper verstaan van die stadium van menslike ontwikkeling waarin dienspligveterane hulle tans bevind. Die insigte van die praktiese teoloog Daniel Louw (2012: 61-68) oor die identiteit van ‘n persoon as deel van ‘n soeke na betekenis word aan die orde gestel. Daarna word die insigte van die sosioloog Christi van der Westhuizen oor die vorming van ‘n identiteit in die Suid-Afrikaanse konteks ondersoek.

Die invloed van oorlogsverwante trauma, PTSV en ander traumaverwante fenomene soos Vertraagde-aanvang PTSV (VA-PTS) en Vertraagde-aanvang van stres simptome (*Late-onset stress symptomatlogy* (LOSS) word belig. Die fenomeen morele besering (*moral injury*) word in hierdie studie as ‘n nuwe veld van ondersoek in die Suid-Afrikaanse konteks bekend gestel. Die insigte van Jonathan Shay (kyk Shay & Munroe 1998; Shay 2012a,b), Carey *et al* (2016), Hodgson & Carey (2017), Edward Tick (2014) Larry Graham (2017), Meagher 2018:150 Carrie Doehring (2018) word benut om die fenomeen te belig en beskikbare literuur daaroor bekend te stel.

Die pastorale teoloog Larry Graham (2017) se insigte oor gesamentlike gesprekvoering (*collaborative conversations*) en wedersydse dialoog *(mutual dialogue*) en die drie fases van verwerking van trauma word benut in die ontwikkeling van ’n pastorale versorgsingsproses. Sy kolega Carrie Doehring (2018), volg ’n *kontekstuele benadering* tot pastorale sorg en berading en bou voort op die insigte van Graham in haar voorstellling van ’n *uitkomsgebaseerde* en *interkulturele* benadering met die spirituele versorging van veterane. Die insigte van Graham en Doering en die waarde daarvan vir die Suid-Afrikaanse konteks word ondersoek en benut in die ontwikkeling van ’n voorgestelde begeleidingsproses met post-apartheid veterane.

Die studie wil ‘n bydrae lewer tot heling, restitusie, versoening en sosiale kohesie onder post-apartheid veterane in hulle gemeenskappe. Met dienspligveterane as ‘n gevallestudie word insig gebied ten opsigte van die breër fenomeen post-apartheid veterane se lewe in post-apartheid Suid-Afrika. Met die benutting van ‘n outo-etnografie benadering word geïllustreer hoe outo-etnografie in praktiese teologie benut kan word. Sodoende beoog die studie ook om ‘n metodologie bydrae te lewer tot die vakgebied van die praktiese teologie. Ondersoeke in die praktiese teologie het die verbetering van die praktyk ten doel.

## 1.5 Program van ondersoek

In Hoofstuk 2 word die metodologiese bydrae tot die praktiese teologie uitgewerk. Metodologiese keuses wat die “padkaart” vir die ondersoek sal vorm, word toegelig. Outo-etnografie as ondersoekstrategie, asook die proses van die seleksie van deelnemers, die proses van data-insameling, data-vaslegging en data-analise kom in

die hoofstuk aan die orde. Eie aan outo-etnografie is kenmerkende skryfstyle wat beskryf sal word. Etiese uitdagings van hierdie ondersoekmetode en die strategieë om die wetenskaplike gehalte en geloofwaardigheid van die werk sover moontlik te verseker, sal bespreek word.

Hoofstuk 3 begin met ‘n fiktiewe dialoog tussen ‘n pastorale berader wat as berader optree en ‘n dienspligveteraan wat by hom vir hulp aangeklop het. Hulle kom ooreen op ‘n terapeutiese proses waarin die dienspligveteraan sy verhaal tydens verskillende beradingsessies en die skryf van verskillende kort verhale vertel. ‘n Deurlopende bespreking van die historiese konteks van 1966 tot 1994 werp lig op die spesifieke ervarings wat van die post-apartheid veterane tydens die gewapende konflik gehad het.

In Hoofstuk 4 word die aanvullende stemme van twee navorsingsgenote verskaf. Hierdie dienspligveterane word betrek veral met die oog daarop om die *deurleefde ervarings* van dienspligveterane in die tydperk 1966 tot 1994 en daarna verder aan te vul. In kort verhale word die ervaring van die navorsingsgenote oor afsluiting en versoeningsinisiatiewe tydens die oorgangsproses beskryf.

In Hoofstuk 5 word insigte verkry uit die narratiewe aan die hand van toepaslike literatuur bespreek en geïnterpreteer. Vir ‘n dieper verstaan van die traumatiese ervarings van die veterane tydens en na ‘n oorlog word relevante teorieë oor die effek van oorlogstrauma en veral morele beserings ondersoek. Toepaslike terapeutiese modelle en metodes in praktiese teologie en ander vakdissiplines wat benut kan word as deel van die ontwikkeling van ‘n pastorale versorgingsmodel word ook ondersoek.

In Hoofstuk 6 word die proefskrif afgesluit met die navorsingsbevindings en hul impak/konsekwensies aangedui, opvallende leemtes van die studie uitgelig en belangrike areas vir verdere navorsing aangestip. Die hoofstuk word afgesluit met my finale refleksie oor die ondersoek, voorstelle vir verder ondersoek en ‘n verwysing na die bydrae van die ondersoek.

# HOOFSTUK 2

# METODOLOGIESE BENADERING

## 2.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word die metodologie van die studie aan die orde gestel. Met die bespreking van die outo-etnografiese benadering word die bruikbaarheid van outo-etnografie vir die praktiese teologie geïllustreer. Metodologiese keuses word gemaak en die onderliggende epistemologiese benadering bespreek. Die outo-etnografiese benadering (strategie/ontwerp), die seleksie van deelnemers, data-insameling, vaslegging, verwerking, analise, aanbieding en etiese uitdagings word bespreek.

## 2.2 Kwalitatiewe ondersoek

In die breedste sin kom kwalitatiewe ondersoek neer op ‘n ondersoek wat die deelnemer se weergawe van betekenisse, ervaringe of persepsies ontgin. Beskrywende data in die persoon se eie woorde en taal help om die deelnemer se oortuigings en waardes oor wat ondersoek word, te verstaan. Kwalitatiewe ondersoekers het ‘n subjektiewe ondersoek na realiteit vanuit die perspektief van iemand binne-in die omstandighede, eerder as die “objektiewe” waarneming van ‘n buitestaander ten doel (Fouché en Schurink 2011:65,308).

Die vele fasette van kwalitatiewe ondersoek bemoeilik enige pogings om te kom tot ‘n algemeen aanvaarde definisie daarvan. Die beskrywing van Denzin & Lincoln (2000:1048) is bruikbaar vir hierdie studie:

> *Qualitative research is an interdisciplinary, trans-disciplinary, and sometimes counter-disciplinary field. It crosscuts the humanities, the social sciences, and the physical sciences. Qualitative research is many things at the same time. It is multi-paradigmatic in focus. Its practitioners are sensitive to the value of the multimethod approach. They are committed to the naturalistic perspective and to the interpretive understanding of human experience. At the same time, the field is inherently political and shaped by multiple ethical and political allegiances.*
>
> *Qualitative research embraces two tensions at the same time. On the one hand, it is drawn to a broad, interpretive, post experimental, postmodern,*

> *feminist, and critical sensibility. On the other hand, it is shaped to more narrowly defined positivist, postpositivist, humanistic, and naturalistic conceptions of human experience and its analysis.*

Kwalitatiewe ondersoek is ook gemoeid met die ondersoek na situasies en praktyke. Die vertrekpunt is dat die mens ‘n “interpreterende wese” is wat voortdurend besig is met ‘n proses van interpretasie en die soeke na sin en betekenis (Fouché en Schurink 2011:8). Kwalitatiewe ondersoekers erken dat die “wêreld” wat ondersoek word die lokus van komplekse interpretasieprosesse is waar mense probeer sin maak van hulle ervarings. Lincoln & Guba (2000:20) stel dit soos volg:

> *... it is guided by a set of beliefs and feelings about the world and how it should be understood and studied. Some beliefs may be taken for granted, invisible, or only assumed, whereas others are highly problematic and controversial. Each interpretative paradigm makes particular demands on the researcher, including the questions he or she asks and the interpretations the researcher brings to them.*

In hierdie studie word dan ook ‘n *interpreterende raamwerk,* waarbinne die ervarings van “interpreterende wesens” in hulle eie konteks ondersoek word, benut. Belangrik is die onderliggend aannames aan hierdie raamwerk. Verder, is dit belangrik om soos Creswell (2013:15-16) aandui, kennis te neem dat die ondersoeker se fillosofiese uitgangspunte die uitvoering van die studie bepaal. Vervolgens word die ondersoekfilosofie wat die studie onderlê onder die loep geneem.

## 2.3 Ondersoeksfilosofie

Die vernaamste filosofiese aannames is: *ontologie*, *epistemologie* en *aksiologie* (kyk Fouché & Schurink 2011:311;Creswell 2013:20).

### 2.3.1 Ontologie

Kwalitatiewe ondersoekers se benadering tot die sosiale werklikheid (ontologie) word beïnvloed deur hulle siening van hulleself in verhouding met ander in die sosiale wêreld waarin hulle leef. Die uitgangspunt wat die ondersoekers kies is óf die van ‘n eksterne “waarheid” wat *objektief* van ‘n afstand bepaal kan word, óf ‘n *subjektiewe* een wat in samewerking met navorsingsdeelnemers en die betekenisse wat

laasgenoemde aan hulle leefwêreld toeken, nagespeur kan word (Fouché & Schurink 2011:309). Bryman en Bell (2003:18) skryf:

> *Questions of social ontology are concerned with the nature of social entities. The central point of orientation here is the question of whether social entities can and should be considered objective entities that have a reality external to social actors, or whether they can and should be considered social constructions built from the perspectives and actions of social actors. These positions are frequently referred to respectively as objectivism and constructionism.*

In ‘n kwalitatiewe ondersoek kom ondersoekers te staan voor verskillende betekenisse wat individue gee aan idees, oortuigings, ervarings en perspektiewe in die sosiale wêreld waarin hulle leef. Anders gestel, hulle kom te staan voor standpunte van navorsingsdeelnemers, en moet “gehoor” gee aan hierdie standpunte. Verder moet die lesers aan wie navorsingsbevinding gekommunikeer word, in ag geneem word (Creswell 2013:20). Ondersoekdeelnemers se weergawe van die werklikheid moet so getrou moontlik weergegee word.

Daar is verskillende interpretasies van hoe die *sosiale werklikheid* tot stand kom. In hierdie studie word die perspektiewe van *sosiale konstruksionisme* gekies. Die uitgangspunt van *sosiale konstruksionisme* is dat daar geen waarheid “daar buite“ is wat gevind moet word nie, maar dat slegs ‘n *narratiewe realiteit* bestaan en dat dit voortdurend verander. Hierdie *realiteit* (waarheid) is die uitkoms van ‘n konstruktiewe interpretasieproses. Volgens dié benadering moet die vertolking van “werklikheid” of “waarheid” oop wees vir ‘n verskeidenheid interpretasies. Een “suiwer” en ongeïnterpreteerde waarheid is dus nie moontlik nie (vgl Fouché en Schurink 2011:309; Creswell 2013:25).

Volgens die praktiese teoloë, Swinton & Mowat (2016:34), behels die verstaan van menslike gedrag ‘n konstante poses van interpretasie en konstruksie waartydens individue saam die aard van hulle sosiale omstandighede beskryf. Die betekenis wat aan “die werklikheid” gegee word, is dan ook buigsaam en oop vir verandering en hang af van aspekte soos omstandighede, persepsies, kennis en magstrukture.

Hierdie ondersoek fokus op die spesifieke konteks waarin individue hulle bevind en hoe hulle te werk gaan om die historiese en kulturele omstandighede beter te verstaan. Dit is belangrik om in gedagte te hou dat, volgens die *konstruksionistiese* benadering, 'n duidelike onderskeid tussen *deelnemers*, die *ondersoeker* en dit wat ondersoek word, nie getref kan word nie. Hierbenewens, neem ondersoekers die invloed van hulle eie historiese, kulturele en persoonlike omstandighede in ag in hulle interpretasie van hulle konteks (Creswell 2013:25).

Volgens Swinton & Mowat (2016:35) baan die narratiewe proses die weg tot 'n meer akkurate beskrywing van die waarheid. Hulle verskil egter van sommige kwalitatiewe ondersoekers dat die werklikheid as sodanig heeltemal ontoeganklik is en bloot 'n sosiale konstruk is. Volgens die Christelike tradisie is waarheid werklik en in beginsel ook toeganklik. Hierdie en verwante insigte oor die ontologie en die praktiese teologie metodologie en metode van Swinton & Mowat (2016:35) word in die studie gevolg.

Die hermeneuties-interpretatiewe raamwerk is veral belangrik omdat dit volgens Swinton en Mowat (2016:72) "… seeks to interpret a variety of dimensions-situation, scripture and tradition, Christian practises in its attempt to understand God and human experience"*.* Die metode van *onderlinge kritiese korrelasie* (*mutual critical correlation*) wat deel vorm van die hermeneuties-interpretatiewe raamwerk, het ten doel om religieuse ervarings en eietydse omstandighede in kritiese gesprek te bring met die oog op transformasie.

### 2.3.2 Epistemologie

Epistemologie beantwoord volgens Swinton & Mowat (2016:28) die vraag: *"'How do we know?' indeed 'How can we know at all?'"* Eriksson & Kovalainen (2008:14) stel dit soos volg:

> *Epistemology defines how knowledge can be produced and argued for. Epistemology defines the criteria by which knowledge is possible. In scientific research, epistemology defines and gives structures to what kind of knowledge is available, what are the limits for that knowledge. In addition, epistemology offers us an answer to question of what constitutes scientific practice and process. Also, in epistemology there is an objectivist and a subjectivist view. According to the objective view in epistemological*

> *point of view, it is possible that there exists a world that is external and theory neutral. According to the subjective epistemological view, no access to the external world beyond our own observations and interpretations is possible.*

In antwoord op die vraag oor hoe kennis verkry word, is McLeod (2001:3) van mening dat kwalitatiewe ondersoek kennis van die ander, kennis van ‘n fenomeen en refleksiewe kennis genereer. Swinton & Mowat (2016:32) verduidelik hierdie punt van McLeod (2001) toegepas op die praktiese teologie, soos volg:

- *Kennis van ander* is wanneer ‘n ondersoeker ten doel het om ‘n spesifieke individu of groep se interaksie met hulle sosiale wêreld beter te verstaan. Hierdie “kennis” kan ‘n sekere groep, soos kapelane, beraders of pasiënte, ‘n “stem“ gee en bydra tot ‘n beter verstaan van hulle lewenservarings en narratiewe wat voorheen onontgin gebly het.
- *Kennis van ‘n fenomeen* het betrekking op ‘n spesifieke kategorie of gebeurtenis, byvoorbeeld die manifestasie van die Heilige Gees in ‘n gemeente of die effek van verandering in ‘n spesifieke gemeente.
- *Reflektiewe kennis* vind plaas wanneer ondersoekers doelbewus fokus op hulle eie prosesse om die verstaan van die wêreld te konstrueer en daardeur ‘n persoonlike bydrae tot verstaan te lewer.

Volgens Creswell (2013:20) behoort kennis in ‘n kwalitatiewe ondersoek verkry te word deur die afstand of “objective separateness” tussen die ondersoeker en die deelnemers aan die ondersoek sover moontlik te oorbrug. Deur middel van die pastorale *hermeneutiese siklus* word *reflektiewe kennis* verkry. Dit maak ‘n bydrae ter verbetering van die praktyk.

### 2.3.3 Aksiologie

In ‘n kwalitatiewe ondersoek erken ondersoekers die belang van waarde-aannames (aksiologie). Daar is te alle tye deursigtigheid wat aannames betref. Ondersoekers maak hulle uitgangspunte duidelik (Creswell 2013:20). In hierdie outo-etnografiese kwalitatiewe studie is ek as ondersoeker deel van die *teks* wat bestudeer word. Die interpretasie van die narratiewe sal subjektief wees. Sentrale aspekte wat van belang is in ‘n kwalitatiewe ondersoek, word vervolgens kortliks bespreek.

## 2.4 Prakties-teologies-verwante aspekte

Praktiese teologie maak van ‘n verskeidenheid metodologiese benaderings en metodes binne ‘n interpreterende paradigma gebruik om mense se ervarings en ervaring van God beter te verstaan. Die interdissiplinêre en holistiese aspekte van kwalitatiewe ondersoek is veral geskik vir ‘n prakties-teologiese ondersoek.

Die hermeneuties-interpretatiewe benadering en die *onderlinge kritiese korrelasie* metode pas goed by hedendaagse praktiese teologie: dit is hermeneuties, onderling wederkerig, krities en teologies (kyk Swinton & Mowat 2016). Die metode is veral geskik om die interpretasie van religieuse ervaring binne die eietydse konteks in ‘n kritiese gesprek te bring, met die oog op transformasie. Dit is *hermeneuties* omdat dit die belangrikheid van die interpretasie van menslike gedrag beklemtoon. Dit is *onderling wederkerig* omdat die drie perspektiewe van die konkrete omstandighede, die Christelike tradisie en ander bronne van kennis soos die sosiale wetenskappe wat ‘n dieper verstaan en insig moontlik maak, op ‘n gelyke vlak betrek en in dialoog met mekaar gebring word. Dit is *krities* omdat dit die wêreld en interpretasies van die Christelike tradisie met ‘n hermeneutiek van suspisie benader en altyd bewus bly van die realiteit van menslike feilbaarheid en die kompleksiteit van magte en kragte wat die lewenswêreld van die mens beïnvloed. Dit is *teologies* omdat dit deelvorm van die ontvouende eskatologie van die evangeliese narratief. Ten slotte, is dit ‘n narratief wat bevestig dat die strewe na waarheid moontlik en nodig is (Swinton & Mowat 2016:76-77).

Die *onderlinge kritiese korrelasie* metode skakel goed in by die pastorale siklus wat reeds ‘n geruime tyd aangewend word as ‘n nuttige vorm van teologiese refleksie (vgl Pattison & Woodward 2000; Willows and Swinton 2000; Swinton & Mowat 2016:79). Praktiese teologie is gerig op die praktyk en is ‘n teologie van betrokkenheid. Die Nederlandse praktiese teoloog, Gerben Heitink (1993:18), noem dit “de empirisch-georiënteerde theologische theorie van de bemiddeling van het christelijk geloof in de praxis van de moderne samelewing”.

Volgens die praktiese teoloë Elaine Graham, Heather Walton en Francis Ward (2005) het veral bevrydingsteoloë ‘n belangrike bydrae gelewer tot die ontwikkeling van ‘n metodologie wat fokus op die wisselwerking tussen teorie en praktyk. Gebaseer op

die werk van Juan-Luis Segundo (1976), *The Liberation of theology*, is die pastorale siklus ontwikkel met die fokus op die praktyk wat reeds in verskeie teologiese kringe inslag vind (kyk Graham *et al* 2005:188). Die pastorale siklus vorm deel van die outo-etnografiese benadering van die studie. Segundo (1976:8) beskryf die "hermeneutiese siklus" soos volg :

> *It is the continuing change in our interpretation of the Bible which is dictated by the continuing changes in our present-day reality, both individual and societal. 'Hermeneutic' means 'having to do with interpretation'. And the circular nature of this interpretation stems from the fact that each new reality obliges us to interpret the word of God afresh, to change reality accordingly, and then go back and interpret the word of God again, and so on.*

Segundo (1982) gebruik die "hermeneutiese siklus" as metode vir teologiese refleksie wat begin en eindig in die praktyk (kyk Segundo 1982:32). Joe Holland & Peter Henroit (1984:7-14) het die vier momente, invoeging (insertion), sosiale analise (social analysis), teologiese refleksie (theological reflection) en pastorale beplanning (pastoral planning), wat Segundo geïdentifiseer het, verder omskryf. Die invloed van die pastorale siklus het verder gestrek as net die bevrydingsteologie (vgl Graham, Walton & Ward 2005:188; Mejía 2015). Volgens die Suid-Afrikaanse teoloog, John de Gruchy (1986:87), is hierdie soepel hermeneutiese siklus met die vier interaktiewe momente, 'n manier waarop die profetiese woord en daad 'n integrerende deel kan word van die lewe van die kerk. Net soos wat die pastorale hermeneutiese proses nie afgesluit word met die laaste moment nie, maar bly voortgaan, sal die proses wat in hierdie studie gevolg word steeds oop bly vir nuwe insette en aanpassings.

Praktiese teologie het met verloop van tyd heelwat ontwikkeling getoon. Die ouer onderskeid tussen sistematiese en "toegepaste" teologie wat in diens staan van die kerk, het daartoe gelei dat pastorale sorg en die bediening gesien is as die toepassing van die waarhede wat deur sistematiese teologie gegenereer is en nie as volwaardige dissiplines wat tot nuwe insigte kan bydra nie (Graham *et al* 2005:2). Die waardering vir en betrokkenheid van gelowiges wat nie professionele teoloë is nie het 'n nuwe dimensie tot die bediening van die pastoraat toegevoeg. Dit is nie meer beperk tot die

aktiwiteite van die kerklike ampte nie, maar sluit die betrokkenheid van “alle mense van God” (whole people of God) in (Graham *et al* 2005:2-3). Ook teologiese refleksie is nie meer beperk tot kerklike ampsdraers nie; ook hier word “alle mense van God” betrek.

Bevrydingsteologie het die aspek van ervaring beklemtoon en ‘n teologie van onder af in spel gebring. In hierdie “demokratisering van die teologie” is daar vir stemme wat vantevore stilgemaak en perspektiewe wat verontagsaam is, ruimte gemaak. Dit het gelei tot ‘n meer geïntegreerde benadering tot teologie waarin daar nie meer ‘n onderskeid tussen “teorie” (sistematiese teologie) en die “praktyk” (praktiese teologie) gemaak is nie. Die Christelike bediening word nou gesien as die roeping van alle Christene deur prosesse van begrip, analise en refleksie.

Teologiese opleiding het gaandeweg sterk begin fokus op die toerusting van individue om teologies te reflekteer (kyk Graham *et al* 2005:2-4). Swinton & Mowat (2016:56,91) sonder refleksie uit as die mees belangrike dimensie van kwalitatiewe ondersoek en is van mening dat teologiese refleksie in die praktiese teologie ‘n inherente deel van enige ondersoek behoort te wees. Graham *et al* (2005:6) beskryf teologiese refleksie soos volg:

> *Theological reflection is an activity that enables people of faith to give an account of the values and traditions that underpin their choices and convictions and deepens their understanding. Theological reflection enables the connections between human dilemmas and divine horizons to be explored, drawing on a wide range of academic disciplines including social science, psychotherapeutic and medical disciplines and the arts.*

Verskillende metodes van teologiese refleksie bestaan, maar ondersoekers wat dit wil benut, word aangemoedig om self by die vertel van en luister na stories betrokke te raak om so hulle teologiese taak te vervul (kyk Walton 2014:xxi). In samewerking met Elaine Graham en Francis Ward het die praktiese teoloog Heather Walton (Graham *et al* 2005:13-14; Walton 2014:xx-xxi) die volgende sewe metodes van teologiese refleksie geïdentifiseer:

- die skryf van die lewende menslike dokument (w*riting the living human documen*t);

- konstruktiewe narratiewe teologie (*constructive narrative theology*);
- kanonieke narratiewe teologie (*canonical narrative theology*);
- die gemeenskap se teologiese refleksie (*corporate theological reflection*);
- kritiese korrelasie (c*itical correlation*);
- die praxis metode (*the praxis method*);
- grondvlakteologie (*local theology*).

In hierdie studie word aan die metode van konstruktiewe narratiewe teologie voorkeur gegee ten einde die deelnemers in staat te stel om die betekenis van hulle lewensverhale te ontgin. Deur hulle verhale te vertel, verkry individue dikwels insigte en put daaruit nuwe krag en troos. Wanneer ‘n ander hulle verhaal hoor en bevestig, kan sosiale en persoonlike transformasie plaasvind. Traumatiese historiese gebeure kan verwerk word deurdat groepe saam nuwe narratiewe konstrueer waarvolgens hulle hulle lewens kan inrig (kyk Walton 2002; Graham *et al* 2005:70-74; Walton 2014:xxi).

Konstruktiewe narratiewe teologie het die potensiaal om die Christelike identiteit te versterk, kan bydra tot ‘n nuwe verstaan van God en kan tot nuwe geloofspraktyke lei. Narratiewe maak ruimte vir misterie en moeilik definieerbare aspekte van menslike ervarings. God word sigbaar in die diversiteit van stories wat vertel word (Graham *et al* 2005:47).

Walton (2002) se self-reflektiewe werk *Speaking in Signs: Narrative and Trauma in Practical Theology* waarin sy haar insigte oor konstruktiewe narratiewe teologiese refleksie vir kapelane uitlig is van besondere betekenis in die huidige studie. Walton argumenteer dat dit nie moontlik is om in gewone taal die diepte van die pyn van trauma slagoffers oor te dra nie, maar eerder met ‘n metafoor in die plek van die pyn, oor lyding te kommunikeer. Daar is tye wanneer die vertel van pynlike verhale aan ‘n pastor nie noodwendig heling en innerlike vrede tot gevolg het nie. Soms behels pastorale ondersteuning dat die gebrek aan sin en samehang erken word. Volgens Walton (2002:4) behoort ruimte gemaak te word vir rituele, simbole of musiek en selfs stilte, sodat uitdrukking gegee kan word aan pyn. Dit is meer waardevol as net die konstrueer van verhale met die doel dat persone hulle sal versoen met die werklikheid van hulle tragiese omstandighede.

In Walton (2014) se werk, *Writing Methods in Theological Reflection*, belig sy die moontlikhede om oor lewenservarings vanuit ‘n teologiese perspektief te skryf. Sy is van mening dat dit kan bydra tot ‘n groter bewustheid van God in die alledaagse lewe. Sy wys daarop dat dit gelowiges sal oriënteer met betrekking tot hulle oortuigings en waardes en hoe hulle oortuigings gewortel is in en relevant is tot, die kulturele konteks waarin hulle lewe. Ten slotte, onderskei Walton (2014:xxxi) drie kategorieë van ‘n reflektiewe skryfwerk (*reflective writing*): outo-etnografie, om dagboek te hou (*journaling*) en om oor die lewe te skryf (*life writing*).

Vir die doeleindes van hierdie studie word Walton se insigte oor outo-etnografie as deel van ‘n “*reflektiewe teologie skryfwerk*” verder ondersoek om daarmee ‘n bydrae tot praktiese teologiese refleksie te lewer. Volgens Walton (2014:xxxi-xxxii) stel outo-etnografie ‘n ondersoeker in staat om persoonlike ervarings ten opsigte van ‘n spesifieke saak in die persoonlike lewe of ervarings in die wyer kulturele en religieuse konteks, te ondersoek. Walton (2014:xxxi-xxxii) beskryf die doel waarvoor outo-etnografie benut kan word soos volg:

> *The experience here acts as a lens that allows us to see and interrogate aspects of the concern in question that might be missed in a more abstract discussion of ethics or values. The method comes to us from the disciplines of social research, where it has been growing in significance in recent years. It is particularly effective in reflective writings because it allows us to look with fresh eyes at familiar beliefs and practices.*

Vervolgens word outo-etnografie, hierdie studie se ondersoekstrategie, uiteengesit.

## 2.5 Outo-etnografie as ondersoekstrategie

Outo-etnografie, wat as ‘n nuwerwetse vorm van etnografie beskou word, is ‘n postmoderne benadering tot die verwerf van geldige kennis (kyk Grbich 2007). Hoewel dit steeds in bepaalde navorsingskringe met agterdog bejeën word, word dit die afgelope vier dekades toenemend as ‘n geldige ondersoekbenadering beskou en in talle akademiese dissiplines en studierigtings benut (vgl Spry 2011:51; Walton 2014; Chang 2016:444). Dit sluit verskeie teologiese dissiplines in en bied inderdaad ook unieke ondersoekmoontlikhede vir praktiese teologie (kyk Haluza-DeLay 2008; Brunsdon 2009; Walton 2014; Van Deventer 2016). Volgens Walton (2014) is die

toenemende belangstelling in outo-etnografie in teologiese kringe teken dat daar ‘n bereidheid is om verskillende stemme in ‘n teks te hoor en dat die kennis wat met behulp van daardie stemme verwerf word, in die teks ingesluit word sodat dit die openbare domein kan beïnvloed. Walton (2014:8-9) stel dit soos volg: *“For the theological reflector this approach encourages us to think beyond the personal and therapeutic aspects of autoethnography and embrace its prophetic and disclosive potential”.*

Outo-etnografie is ‘n ondersoekstrategie waarvolgens persoonlike ervarings (die “outo”) sistematies geanaliseer en beskryf word (die “grafie”) om kulturele ervarings (die “etno”) beter te verstaan (Ellis, Adams & Bochner 2011). Die strategie bied nie net waardevolle insigte vir die persoon wat die narratief vertel nie, maar ook vir ander persone wat hulle daarmee kan vereenselwig. Die outo-etnograaf beskryf dit wat hy ervaar het vir diegene wat hulle in ‘n soortgelyke posisie bevind, bevind het, of gaan bevind. Verder kan insigte en kennis wat verkry word uit ‘n outo-etnografiese ondersoek benut word om verandering in mense se lewens teweeg te bring.

Volgens toonaangewende outo-etnograwe soos Carolyn Ellis, Tony Adams en Arthur Bochner (2014:1), neem die benadering die perspektiewe van sowel binne- as buitestaanders in ag. Dit word gebolwerk deur die volgende:

- Benutting van die ondersoeker se persoonlike ervarings om kulturele ervarings, oortuigings, praktyke en ervarings te beskryf en daaroor te reflekteer;
- erkenning en beskrywing van die ondersoeker se verhoudings met ander;
- diepgaande self-refleksie oor die interaksie tussen die self en die gemeenskap, wat insluit die besondere en die algemene asook die persoonlike en die politieke;
- toon aan mense in die proses van die soeke na sin watter moontlikhede daar is om sin te vind in hulle lewe en worsteling;
- ‘n strewing na ‘n balans tussen intellektuele en metodologiese integriteit en emosies en kreatiwiteit;
- streef na sosiale geregtigheid en ‘n verbeterde lewensgehalte.

Bogenoemde aspekte van outo-etnografie asook die volgende ontdekkings wat ek gemaak het, het my beweeg om dit as navorsingstrategie in die studie te gebruik.

Outo-etnograwe is daarvan oortuig dat 'n ondersoeker sy/haar eie verhaal in 'n navorsingsprojek kan insluit (kyk Wall 2006). Sarah Wall (2006:148) stel dit só: "an individual is best situated to describe his or her own experience more accurately than anyone else."

Die insluiting van die ondersoeker se deurleefde ervarings van ‘n verskynsel in ‘n studie soos dié van wat ek as dienspligtige ervaar he,t bied soos Wall (2006:3) aandui, die geleentheid om ‘n spesifieke realiteit of kwessie van ‘n groep te beskryf. Sy stel dit stel soos volg (Wall 2006:3):

> *New epistemologies (such as autoethnography) from previously silenced groups remove the risks inherent in the representation of others, allow for the production of new knowledge by a unique and uniquely situated researcher, and offer small-scale knowledge that can inform specific problems and specific situations.*

Insigte verkry uit ‘n indringende studie van my ervarings kan ook vir myself nuttig wees in die verwerking van traumatiese ervarings asook vir ander dienspligveterane. Anders gestel, my self-narratief kan bydra tot my persoonlike afsluitingsproses en kan dienspligveterane motiveer om meer effektief met hulle omstandighede om te gaan (kyk Ellis & Bochner 2006; Brunsdon & Lotter 2011:3-4) en sodoende kan ‘n positiewe verandering in die lewe van dienspligveterane te weeg gebring word.

In die aanvanklike outo-etnografiese benadering, die *evokatiewe benadering*, word nie weggeskram van subjektiwiteit, emosies, en die outeur se invloed op die navorsingsproses nie. Om te verseker dat die tradisionele riglyne vir etnografiese ondersoek nie heeltemal agtergelaat of dat beperkings geplaas word op hoe outo-etnografiese ondersoek uitgevoer word nie, stel Leon Anderson (2006) *analitiese outo-etnografie* as ‘n subgenre voor. In ooreenstemming met die realistiese etnografiese tradisie kan *analitiese outo-etnografie* ‘n meer konserwatiewe bydrae lewer as wat met ander nuwere rigtings die geval is (Anderson, 2006). Hy is van mening dat *analitiese outo-etnografie* deur die insluiting van ander metodes, empiriese data en prosesse, ‘n beter bydrae tot die ondersoek en die teoretisering van data, met betrekking tot die sosiale konteks, kan lewer. Verder argumenteer hy dat die insluiting en analisering van data ‘n breër insig van die sosiale wêreld kan verseker (kyk Anderson 2006:373;

vgl Walton 2014:6-7). Anderson (2006:378) onderskei vyf kenmerke van *analitiese outo-etnografie*:

- Die ondersoeker vorm deel van die groep wat ondersoek word.
- Analitiese self-refleksie deur die ondersoeker is deel van die proses.
- Die navorser is self in die narratief van die gepubliseerde teks teenwoordig.
- Daar is voortgaande dialoog tussen die ondersoeker se eie verhaal en beklemtoon die van die navorsingsgenote.
- Die ondersoeker kom uiteindelik tot ‘n teoretiese verstaan van die breë sosiale fenomeen.

Kernaspekte wat verband hou met Anderson se *analitiese outo-etnografie* word vervolgens kortliks bespreek. Schurink (2011:11) identifiseer die volgende vier vorme van outo-etnografie wat in hierdie ondersoek van toepassing is:

- die ondersoeker se narratief;
- ‘n kohort (*cohort*) se narratief wat handel oor soortgelyke of dieselfde gebeurtenisse en ervarings as waaraan die ondersoeker blootgestel is;
- ‘n narratief waarin die ondersoeker die oordraagbaarheid (*transferability*) van sy of haar bevindinge en insigte tot soortgelyke gevalle (settings) aandui – dit is die mate waarin die ondersoeker se bevindinge en insigte resoneer met bestaande literatuur of akademiese werke oor soortgelyke onderwerpe;
- ‘n narratief wat Schurink die “navorsingstorie” noem.

Hoewel outo-etnografie nog ‘n relatief jong ondersoekbenadering is, word verskeie vorme van die strategie vandag onderskei. Adams and Manning (2015) lig die volgende vier uit. *Sosiaal-wetenskaplike (Social-scientific-oriented) of Analitiese outo-etnografie* is waar navorsers fokus op hulle persoonlike ervaring vir ‘n interpretatiewe konteks vir navorsing. *Interpretatiewe-humanistiese (Interpretive-humanistic) outo-etnografie* is waar kulturele analise en veldwerk beklemtoon word en die persepsies, betekenisgewing en persoonlike ervarings benut word om kulturele verwagtinge en ervarings te beskryf en betekenisse daaraan te gee. *Kritiese outo-etnografie (Critical autoethnographies)* benut persoonlike ervarings om kontensieuse en onbillike waardes, praktyke en ervarings te beskryf. *Kreatief-kunstige outo-etnografie*

*(Creative-artistic autoethnographies)* is waar verskillende stemme en karakters, asook karakter ontwikkeling en drama benut word in die narratiewe om verskillende perspektiewe op persoonlike en kulturele ervarings te gee.

Outo-etnografie word toenemend deur praktiese teoloë aangewend. Vervolgens word bepaalde perspektiewe, standpunte en gebruike in die studiegebied aangebied. Die Britse praktiese teoloog Heather Walton identifiseer drie outo-etnografie benaderings wat vir teologiese refleksie van waarde is: die *vertel van evokatiewe stories*, *analitiese outo-etnografie* en *performatiewe outo-etnografie* (kyk Walton 2014:6-8). *Performatiewe outo-etnografie* word in verskeie vorme en veral die opvoedkunde gebruik. Die bedoeling is dat individue hulle lewens uitleef as 'n "opvoering" in hulle sosiale wêreld. Dit word dan deel van die groter teks van byvoorbeeld ras, ekonomie en geslag (vgl Denzin 2013:125; Spry 2011:56; Walton 2014:8).

Denzin (2013), 'n voorstander van die *interpreterende outo-etnografiese* metode, beskou *performatiewe outo-etnografie* as 'n kombinasie van kritiese pedagogiek, performatiewe etnografie en kulturele politiek. Hy sien dit as "the creation of texts that move from epiphanies to the sting of memory, the personal to the political, the autobiographical to the cultural, the local to the historical" (Denzin 2013:125). Hierdie benadering vereis dat 'n veilige ruimte geskep moet word waar skrywers, onderwysers en studente danksy risiko tussen die persoonlike, die politieke en die historiese kan beweeg. Volgens Walton (2014) is daar 'n toenemende belangstelling in hierdie radikale vorm van outo-etnografie in teologiese kringe. Dit laat verskillende stemme in 'n *teks* toe en dring daarop aan dat die *teks* 'n plek vind en die *teks* se werking 'n invloed het op die openbare domein. Walton (2014:8-9) stel dit soos volg: "For the theological reflector this approach encourages us to think beyond the personal and therapeutic aspects of autoethnography and embrace its prophetic and disclosive potential." In hierdie studie word twee *genres* gekombineer. Daar word nie weggeskram van die *evokatiewe* nie en elemente van die *analitiese outo-etnografie* word ingesluit.

## 2.6 My outo-etnografiese navorsingsproses

Praktiese teologie maak van 'n verskeidenheid metodologiese benaderings en metodes binne 'n *interpreterende paradigma* gebruik om mense se ervarings in die

wêreld en hulle ervaring van God beter te verstaan. Die inter-dissiplinêre en holistiese aspekte van die kwalitatiewe ondersoeksbenadering is veral geskik vir ‘n prakties-teologiese ondersoek. Bruikbare kwalitatiewe benaderings vir die praktiese teologie sluit in lewensstorienavorsing, die narratiewe benadering, asook fenomenologie, begronde teorie, en etnografie, wat gevallestudies kan insluit (vgl Osmer 2008:49-53; Fouché & Schurink 2011:312-323).

Bevrydingsteologie het die aspek van ervaring beklemtoon en ‘n teologie van onder af in spel gebring. In hierdie “demokratisering van die teologie” is vir stemme wat vantevore stilgemaak en perspektiewe wat verontagsaam is, ruimte gemaak om ook ‘n bydrae te lewer. Dit het gelei tot ‘n meer geïntegreerde benadering tot teologie waarin daar nie meer ‘n onderskeid tussen “teorie” met die bedoeling van sistematiese teologie en die “praktyk” met die bedoeling van praktiese teologie gemaak word nie. Die Christelike bediening word nou gesien as die roeping van alle Christen-gelowiges deur ‘n proses van *begrip*, *analise* en *refleksie*.

Anders as die rigied liniêre model van tradisioneel positivisties-georiënteerde benaderings soos wat in kwantitatiewe ondersoek aangetref word, behels kwalitatiewe ondersoek en outo-etnografie ‘n dinamiese proses. Stappe soos data-insameling, data-verwerking, data-analise en data-interpretasie en besluitneming vind tipies gelyktydig en op verskillende vlakke plaas. Dit kom op ‘n sikliese proses neer (kyk Fouché & Schurink, 2011) en sluit goed aan by die pastorale hermeneutiese sirkel (kyk Chang 2008:121-122; vgl Swinton & Mowat 2016:76). Wat hierdie stappe behels en hoe in hierdie studie daaraan aandag gegee sal word, word vervolgens verduidelik. Hierdie studie maak gebruik van die pastorale hermeneutiese siklus. Daarom word dié siklus eers kortliks toegelig.


### 2.6.1 Die pastorale hermeneutiese siklus as vertrekpunt

Insigte oor die *pastorale hermeneutiese siklus* uit die bevrydingsteologie is besonder geskik vir die insameling en prosessering van data in ‘n outo-etnografiese ondersoek. Ten einde te kom tot ‘n dieper verstaan van die praktyk van die pastoraat in ‘n gegewe situasie, begin die pastorale siklus volgens Rodrigo Mejia (2015:148) by die persoonlike betekenisgewing van die ervarings van die individue in die omstandighede wat ondersoek word. Volgens Mejía (2015) beteken dit nie dat statistieke en literatuur

nie ook belangrik is nie, maar net dat die direkte betrokkenheid van persone wat die omstandighede eerstehands ervaar het, van besondere belang is. Mejía (2015:150) stel dit soos volg:

> *The pastoral cycle is all about human experience, and it stresses the need for personal insertion as the adequate starting point for the whole process. Life comes first; theology comes second. Human experience is not only the raw material for analysis but the condition for the one who is going to perform the analysis... It is not the same to analyze the situation of war after reading several books on armed conflict as it is to analyze it after having lived the real situation.*

Swinton & Mowat ontwikkel 'n model vir teologiese refleksie wat gebaseer is op die pastorale siklus. Hulle verduidelik waar kwalitatiewe ondersoek by praktiese teologie inpas (kyk Swinton & Mowat 2016:89-94).




*Figuur 1: Die pastorale hermeneutiese sirkel en praktiese teologie refleksie (Swinton & Mowat 2016:90). Die pastorale sirkel is kursief aangedui.*

In die studie het ek as deel van teologiese refleksie, die model van die Pastorale Sirkel aangewend vir die data-vaslegging, data-verwerking en data-analise. (kyk Figuur 1).

Die ondersoek begin met die proses om data introspektief op te teken. Met behulp van self-refleksie word bestaande perspektiewe op my kulturele identiteit en dié van dienspligtiges as unieke groep en die huidige veterane groepe, krities bevra (kyk Chang 2008:89-97). Meer spesifiek: dit is *deurleefde ervarings,* oftewel keerpunte in my lewe, wat geïdentifiseer, beskryf en geïnterpreteer word. Dit behels ‘n interpretasieproses wat deurlopend plaasvind. Dit bly ‘n heen-en-weer beweging: eers na *binne* – die identifisering van identiteite, gedagtes, gevoelens en ervaring, en daarna na *buite* – die beskrywing van verhoudinge, gemeenskappe en kulture. Ten slotte word narratiewe vertel wat die lesers intrek eerder as om kognitiewe inligting te verskaf vir hul kennisname (Adams *et al* 2015:46-47; kyk Denzin 1989; Freeman 2004;Ellis *et al* 2011).

Outo-etnografiese memoires word geskryf deur gebruik te maak van wat Ellis (2004) *emotional recall* noem, naamlik om gebeutenisse te herroep wat plaasgevind het en dan die emosies te herleef en die beelde te herroep. Ek maak van persoonlike dagboeke gebruik om my self-narratief saam te stel. Met behulp van foto’s gesprekke met vriende en familielede word ervarings herroep. Oor indrukke wat ‘n mens na ‘n betekenisvolle *ervaring* bybly, kan nog lank daarna gereflekteer word. Op die manier kan aspekte van die *self* en *ander* heroorweeg word op ‘n manier wat nie vantevore gedoen is nie (kyk Bochner 1984:595; Chang 2008:133; Adams *et al* 2015:47).

Die praktiese teoloog, Richard Osmer (2008:64), noem die keerpunte in ‘n mens se lewe *epifanieë*, dit is die gewaarwording van besondere insigte. Die effek van spesifieke ervarings, herinneringe, beelde, gevoelens en insidente uit die verlede op my menswees en lewensbeskouing word op hierdie wyse ondersoek en in die vorm van ‘n self-narratief beskryf. Richardson (2000:11) beskryf die proses soos volg:

> *Autoethnographically based on personal narratives are highly personalized, revealing texts in which authors tell stories about their own lived experience, relating the personal to the cultural. In telling the story, the writer calls upon fiction-writing techniques. Through these techniques,*

> *the writing constructs a sequence of events holding back on interpretation, asking the reader to emotionally "relive" the events with the writer.*

In hierdie studie word benewens my outo-etnografiese self-narratief ook die ervarings van twee navorsingsgenote aangebied. Dit is wat Schurink (2011) Storie 2 noem en wat in Anderson (2006) se analitiese outo-etnografie (AA) geskryf word as "dialogue with informants beyond the self". So 'n indiepte-beskrywing van die situasie van dienspligveterane en hulle soeke na sin en betekenis (kyk Ellis 2004: xviii; Adams *et al* 2011:41; Chang 2008:49) kan bydrae tot bestaande kennis op die vakterrein.

Chang (2008) onderskei die volgende kategorieë van die "ander" in outo-etnografie:

- die ander van ooreenkoms (vriende van die self);
- die ander van differensiasie (vreemdelinge van die self);
- die ander van opposisie (vyande van die self).

'n Navorsingsgenoot word geselekteer wat deel van die ondersoek uitmaak en 'n ondersteunende rol speel (Adams *et al* 2015:60). Twee navorsingsgenote, Carel Krige en Gert Minnaar, beide Afrikaanssprekende nasionale dienspligveterane is geïdentifiseer en het ingestem om aan die ondersoek deel te neem. Carel is 'n tydgenoot wat oor 'n tydperk van 40 jaar die omstandighede ervaar het waaroor die ondersoek handel. Carel en ek was beide dienspligtiges wat eers 'n universiteitsopleiding voltooi het voordat ons na die Infanterieskool toe is. Ons is beide in Ovamboland ontplooi. 'n Verdere oorweging was dat Carel en ek 'n vertrouensverhouding het. Vanaf 1992 tot ongeveer 2007 het hy 'n belangrike rol in my genesingsproses gespeel. Hoewel Gert 'n jaar voor my en Carel met sy diensplig begin het, was hy ook in ongeveer dieselfde tydperk as dienspligtige by die Infanterieskool. Hy het uit 'n soortgelyke sosiale agtergrond as Carel en ek. Gert is geselekteer omdat hy direk na skool diensplig gaan doen en aan oorgrensoperasies deelgeneem het. Sy ervaring verskil dus van diè van Carel en my. Gert het eweneens sedert 2011 'n belangrike rol in my genesingsproses gespeel en is steeds saam met my in die ondersteuningproses met dienspligveterane betrokke. Ek het met Carel en Gert ooreengekom dat hulle opstelle oor hulle lewens en veral belangrike keerpunte in hulle ervarings sou skryf. Ons het hierdie kommunikasie by wyse van persoonlike

onderhoude en e-pos kommunikasie gefinaliseer. Hulle narratiewe word in Hoofstuk 4 aangebied.

In etnografie en dus ook outo-etnografie word ruimskoots verwys na persoonlike en kulturele gebeure en daar word gebruik gemaak van artefakte. In hierdie ondersoek sluit persoonlike gebeure reünies van vroeëre dienspligtiges in. Artefakte wat benut word, is: foto's, rituele, uniforms, kentekens en versamelaarsitems, medaljes, mediastukke soos liedere en films, video's en persoonlike dokumente. Hierdie databronne dien ter aanvulling van die self-narratief en die verhale van Gert, Carel en ander dienspligveterane (kyk Chang 2008:65).

Ten slotte, word die self-narratief en die narratiewe van die twee navorsingsgenote in dialoog gebring met bestaande literatuur. Dit verteenwoordig wat Schurink Storie 3 noem. Die *deurleefde ervaringe* in die navorser se narratief en die van die twee navorsingsgenote word in gesprek gebring met narratiewe in die literatuur van ander dienspligtigveterane en akademiese werke. Dit word gedoen om aan te dui in watter mate die ondersoeker se bevindinge en insigte resoneer met bestaande literatuur of akademiese werke oor soortgelyke onderwerpe. Hierdie dialoog hou verband met die kenmerk van Anderson (2006) se Analitiese Outo-etnografie waar die ondersoeker die oordraagbaarheid (*transferability*) van sy of haar bevindinge en insigte tot soortgelyke gevalle (*settings*) aandui.

### 2.6.2 Kernbesluite tydens die proses

Vir die doeleindes van hierdie studie word data deurlopend volgens die riglyne van die *pastorale hermeneutiese siklus* versamel, georden, geanaliseeren geïnterpreteer. *Analise en interpretasie* vind dikwels gelyktydig plaas en is nou verweefd. Soos die storie ontvou, word die storielyn, plot, temas en leemtes in die storie van ervarings wat ontbreek of nie reg oorgedra is nie, geïdentifiseer. Die breër sosio-kulturele konteks word in ag geneem (Chang 2016:445):

> *Sociocultural interpretation would also require the researchers to understand their sociocultural context beyond their lived boundaries. The literature assists the autoethnographers with gaining a contextual understanding of their broader cultural groups (moving beyond the micro-culture of family, particular groups, and organizations).*

In die studie verwys “konteks” na die sosiaal-kulturele periode voor en sedert 1994 in Suid-Afrika. Die Afrikaanssprekende nasionale dienspligveterane se ervarings word volgens temas geïdentifiseer vir verdere ondersoek met die oog daarop om te interpreteer en betekenisse te konstrueer (kyk Chang 2008:133; Osmer 2008:62). My persoonlike *deurleefde ervarings* word vergelyk met dié van die navorsingsgenote en binne die sosiaal-kulturele en historiese konteks beskryf. Dit word verder met bestaande literatuur in gesprek gebring ter wille van ‘n dieper verstaan van die sosiale en kulturele betekenis van die ervarings (kyk Chang 2016:444). *Analise* en *interpretasie* van data vind van die begin van die ondersoeksproses plaas. Dit vorm deel van die *pastoraal hermeneutiese siklus*. Data word op so ‘n wyse geanaliseer, getematiseer en geïnterpreteer dat die voorheen versweë betekenisse na vore kom en benut word om die ondersoekvraag te help beantwoord (kyk Swinton & Mowat 2016:54).

### 2.6.3 Die pastorale hermeneutiese siklus

Die pastorale hermeneutiese sirkel met die vier momente van *invoeging*, *sosiale analise*, *teologiese refleksie* en *pastorale beplanning* word benut vir die prosessering van die data en ook om ‘n verbeterde praktyk te formuleer. Onder die eerste moment, *invoeging,* word die deurleefde ervarings van dienspligveterane en pastorale ondersteuning met hierdie unieke groep ondersoek.

Vanuit my perspektief as Afrikaanssprekende persoon en dienspligveteraan beskryf ek in my narratief die uitdagings, ontnugtering, worsteling, suksesse en vordering in my “persoonlike transformasieproses” tydens die oorgangstydperk in Suid-Afrika. My narratief en die van twee navorsingsgenote word met bestaande literatuur in gesprek gebring om te kom tot ‘n dieper verstaan van die sosiaal-kulturele en historiese konteks waarin dienspligveterane hulle bevind. Die huidige stand van pastorale ondersteuning aan dienspligveterane met die oog op genesing en afsluiting, word ondersoek om leemtes in die praktyk te identifiseer. Insigte verkry uit hierdie data word onderwerp aan die tweede moment van die pastorale hermeneutiese siklus, naamlik *sosiale analise.*

In die moment van *sosiale analise* word die resultate van die *invoeging*-moment aan verdere kritiese analise en refleksie onderwerp. Die fokus van die ondersoek is om te

identifiseer wat werklik besig is om te gebeur ten opsigte van die ondersteuning met dienspligveterane in hulle soeke na psigies-emosionele afsluiting. Dit gaan oor "hoe dinge werk" en waarom sekere praktyke nie werk nie. Holistiese pastorale ondersteuning wat die aspekte van die spirituele, sosiale, psigologiese, intellektuele en fisiese insluit, word oorweeg as oplossing. Vanuit 'n multidissiplinêre benadering word insigte uit ander vakdissiplines soos psigologie en sosiologie benut om na te gaan hoe hierdie insigte kan bydra tot die verbetering van die pastorale praktyk. Die resultate van hierdie momente bied insig ten opsigte van die bestaande leemtes in die pastorale praktyk en wat beskikbaar is om die leemtes te vul. Leemtes ten opsigte van die holistiese ondersteuning van dienspligveterane, veral die spirituele aspek, word in die derde moment van *teologiese refleksie* verder ondersoek.

*Teologiese refleksie* verskaf die hermeneutiese raamwerk vir die praktiese teologiese taak (kyk Swinton & Mowat 2016:7). In hierdie moment tree die teologiese perspektief van "wat behoort te gebeur" na vore – die "normatiewe taak" in Richard Osmer (2008) se model. Die fokus is op die effektiwiteit van die bestaande holistiese versorgingstruktuur met dienspligveterane en, indien nodig, hoe dit verbeter kan word. Praktiese teologie is in wese *teologiese refleksie* wat gerig is op die besondere omstandighede van mense se lewens. Die kritiek dat dit soms wegbeweeg van teologiese wortels en slegs fokus op insigte van die sosiale wetenskappe, word ondervang deur hierdie moment van *teologiese refleksie*. Hier word gefokus op die teologiese betekenis van die data wat versamel is met die oog op 'n verbeterde praktyk. Die geloofservarings van dienspligveterane en die teologiese dimensie van die pastorale ondersteuning wat hulle behoort te ontvang in hulle soeke na psigies-emosionele afsluiting, vorm die hoofkomponent van die *teologiese refleksie*.

Met die *teologiese refleksie* moment word die *analitiese outo-etnografiese* benadering van Anderson (2006) gevolg met die doel om 'n bydrae tot die pastorale ondersteuning van post-apartheid veterane te lewer. Daar word verder geteoretiseer oor die empiriese data, metodes, modelle en prosesse wat ten doel het om 'n effektiewe afsluitingsproses te begelei. Op hierdie wyse vind kritiese refleksie op die praktyk van die pastoraat in die lig van die Skrif en die Christelike tradisie plaas.

Die moment van *pastorale beplanning* is waar ‘n verbeterde bedieningspraktyk met dienspligveterane geformuleer word. Insigte uit die praktiese teologie en ander vakdissiplines word benut om ‘n holistiese pastorale versorgingsmodel ter ondersteuning van militêre veterane in hulle gemeenskappe te ontwikkel. Die verlangde uitkoms is persoonlike verandering, transformasie, versoening en sosiale kohesie in die samelewing.

### 2.6.4 Etiese uitdagings

Op etiese vlak is die etiese riglyne van Jones *et al* (2013:256) vir ‘n outo-etnografiese ondersoek gevolg. Daar is voldoen aan die vereistes van etiese komitee van die teologiese fakulteit. Die navorsingsgenote is te alle tyd met hoë agting behandel en hulle privaatheid en outonomiteit is te alle tye gerespekteer. Nadat die navorsingsproses, hulle betrokkenheid daarin en die moontlike gevolge daarvan met hulle bespreek is, het hulle die nodige ingeligte toestemmingsbriewe onderteken. Hulle welstand het deurlopend die hoogste prioriteit geniet en hulle is regverdig behandel. Die moontlike psigologiese gevolge van hulle deelname is met hulle bespreek. Daar is gereeld met hulle uitgeklaar of hulle wil voortgaan met die proses en hulle is verseker dat hulle te enige tyd kan onttrek van die studie indien hulle nie wil voortgaan nie. Die finale weergawe van hulle narratiewe is vir finale goedkeuring aan hulle voorgelê. Ander deelnemers aan informele gesprekke se identiteit en privaatheid is beskerm, deur van skuilname gebruik te maak of waar nodig was om hulle name te of fotos gebruik is hulle toestemming gekry.

## 2.7 Samevatting

In hierdie hoofstuk is die metodologie van die studie en in die besonder die outo-etnografiese benadering en metode van ondersoek beskryf. Die bruikbaarheid van outo-etnografie vir die praktiese teologie, is aangedui. Die keuse van *sosiale konstruksionisme* as epistemologiese benadering van die studie is gemotiveer. Die outo-etnografiese benadering is beskryf, naamlik hoe die seleksie van deelnemers, data-insameling, data-vaslegging, data-verwerking, data-analise plaasgevind het. Die keuse vir die model van die pastorale hermeneutiese sirkel met die oog op ‘n verbeterde praktyk is bespreek en gemotiveer. Die etiese uitdagings van ‘n outo-etnogafie is uitgelig en die maatreëls wat getref is, is beskryf.

In die volgende hoofstuk word my self-narratief as dienspligveteraan met ‘n soeke na versoening en psigies-emosionele afsluiting, aangebied.

# HOOFSTUK 3

# MY NARRATIEF

## 3.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk bied ek my spesifieke ervarings wat ek as dienspligveteraan ervaar het in die vorm van beradingsessies aan. Die verhaal word aangebied as fiktiewe beradingsessies waarna ek vir pastorale berading verwys is. Dit het gevolg op ‘n onaangename woede-uitbarsting in my werkplek. Ek is ‘n middeljarige, wit, Afrikaanssprekende man wat ‘n dienspligtige was in ‘n post-apartheid omgewing. My narratief begin met die gebeure wat gelei het tot die beradingsessies.

In my voertuig oppad na Hendrik Kruger se beradingskantoor wonder ek weer of dit werklik nodig was om ‘n afspraak met hom te maak. Waarom kan ek nou skielik nie meer my woede beheer nie? Dit was aanvanklik net ‘n probleem in my huwelik, maar nou word dit selfs ‘n verleentheid by die werk.

“Ek ervaar tog nie padwoede of enige ander woedebuie nie.” So vertel ek myself terwyl ek wegswaai om ‘n taxi wat sonder waarskuwing rukkend voor my gestop het te vermy. Ek doen dit sonder om ‘n woede-uitbarsting te hê. Net sekere “triggers” bring die woede in my na vore. Ek wens ek het geweet wat dit veroorsaak. Ek sou nooit ingestem het tot hierdie berading as Ernest, my hoof, my nie voor ‘n ultimatum gestel het nie.

Besef hy werklik my frustrasie vandat regstellende aksie so streng toegepas word? Wanneer laas was ek bevorder? Ek het al hierdie kennis en die “nuwe bestuurders” vra gedurig my raad, maar wanneer ek oor werksetiek praat en hulle aanmaan om betyds te wees of om vir take voor te berei, word ek bestempel as iemand wat nog in die ou apartheidsdenkwyse vasgevang is.

Elize, my vrou, sê dat sy dink ek het nog nie behoorlik vrede gemaak met die omstandighede na 1994 nie. Sy kan baie maklik praat. Vrouens kry darem nog bevordering, maar die mans moet net tevrede wees met die werk en geleenthede wat hulle tans het. Ek is eintlik verlig dat Ernest nie teen my opgetree het nadat ek hom so sleg gesê het nie. Dit lyk tog asof hy begrip het vir my omstandighede.

Die stem op my selfoon se padaanwysingstoepassing bring my weer tot die werklikheid terug. Ek moet 500 meter verder regsdraai en oor 20 minute sal ek by Hendrik se huis wees.

Ek wens ek kon gouer daar wees want die onbekende wat voorlê en die oorverdowende stilte in die kar laat my gedagtes tuimel. Elize is seker reg, ek het nog nie heeltemal vrede gemaak met die oorlog en sy gevolge nie. Hoe kon ek? Ons het nooit die erkenning gekry wat ons verdien het en ons het nie na 1994 die ondersteuning gekry om oorlogstrauma of enige Post-traumatiese stresversteurings (PTSV) te verwerk soos die Amerikaanse soldate na die Viëtnam-oorlog nie. Na 1994 was dit asof almal so gou moontlik van ons wou vergeet. Ons is geassosieer met apartheid wat ‘n vloekwoord en ’n beskuldiging geword het. Ons dienspligtiges was vir almal, selfs vir ons mede-Afrikaners en die kerk ‘n verleentheid. Niemand het geweet hoe om ons te hanteer nie en het ons probeer wegwens. Wat was die sin en betekenis van alles in elk geval? Ons voormalige vyand is nou aan bewind en bepaal ons lot. In plaas van erkenning en ondersteuning is daar net meer en meer uitdagings wat ons moet oorkom.

Nog ‘n waarskuwing kom oor my selfoon dat ek 100 meter verder regs moet draai en oor 10 minute my bestemming gaan bereik.

Ek wens Elize en die kinders het my beter verstaan. Sal hulle my ooit kan verstaan soos my veteraanvriende? Selfs my kerk en sy predikante het my diep teleurgestel toe hulle skielik begin verskoning vra vir apartheid. Vir my het hulle gesê hulle bid vir my om ‘n kopskuif te maak en aan te pas, maar hoe maak jy die kopskuif? Hoe verwerk jy die teleurstellings en die hartseer oor alles wat ons gehad het en nie meer het nie? Kan gebed alleen daarvoor help?

Ek besef dit was nie reg om buite beheer vir Ernest te vertel wat ek van hom, al die liberale teoloë, die regering en selfs die nuwe Suid-Afrika dink nie, maar wat kan ek doen om my gedrag te verander? Ek het dan so baie opgeoffer en deurgemaak om juis hulle te beskerm en die vrede te bewaar? Gelukkig verstaan my veteraanvriende op Facebook en by ons kuierplek by die Evenden House Shellhole van die *Memory of the Tin Hats* (MOTHS) in Lyttelton. My vrou Elize kla daaroor dat ek die afgelope tyd meer gereeld saam met die “manne” kuier en soms lekker “gekuier” by die huis

aankom, maar as dit nie vir hierdie "manne" se verstaan en ondersteuning was nie, weet ek nie hoe ek sou oorleef het nie. Dit is asof die wêreld wat vir ons sin gemaak (en toe seer gemaak het) nie meer bestaan nie. Net ons ken dit nog. Soos ek voor Hendrik se huis stilhou, onthou ek dit was juis Marnus, my kapelaansvriend, wat voorgestel het dat ek Hendrik moet kom sien.

Die moderne selfoontegnologie en Hendrik se goeie aanwysings bring my 15 minute voor ons afspraak by sy netjiese huis met 'n goed versorgde tuin. As jong weermagoffisier het ek stiptelikheid aangeleer. Ek het nog altyd weggeskram van sielkundige berading, want dit wat ek daaroor gehoor het, was nog net negatief.

"Hoe kan iemand anders werklik weet en verstaan wat in jou lewe en jou binneste aangaan? Sal jy ooit in staat wees om te kan vertel hoe jy werklik voel en wat jy dink? Wat moet ek vertel van dinge waarby ek in die oorlog betrokke was en waaroor moet ek stilbly? Sal hy nie geskok wees en my veroordeel as ek werklik eerlik is oor hoe ek voel nie? Stel 'n mens tydens berading nie jouself onnodig bloot nie? Sal hy my kan help om weer 'n greep op my lewe te kry?"

Hierdie vrae maal deur my gedagtes terwyl ek wag vir 10:00 om aan te breek.

Hendrik se bruin spanjoelhond is nie tevrede met my teenwoordigheid nie en reeds 'n paar minute voor 10 uur kondig hy my teenwoordigheid luidkeels aan. Nog voor ek die klokkie kan lui, kom Hendrik aangestap om die tuinhekkie oop te maak. Sy spreekkamer se ingang is apart van die huis en maklik toeganklik van die straat af. Verlig sien ek dat hy omtrent my ouderdom is en sy gemaklike kleredrag laat my welkom voel. Hy ontvang my met 'n vriendelike en opregte: "Goeiemôre! Ek is Hendrik, baie welkom." Dadelik maak hy 'n goeie indruk.

Sy spreekkamer is doelmatig ingerig vir berading en stel my op my gemak. Ek kan sien dat dit ook as sy studeerkamer dien met 'n gerieflike lessenaar en 'n gemaklike stoel wat 'n uitsig oor die tuin bied. Voor die lessenaar staan daar 'n bank met twee bypassende gemakstoele en 'n klein koffietafel tussen hulle. Behalwe vir 'n groot hoekvenster by sy lessenaar bestaan die res van die mure net uit boekrakke.

“Maak jouself tuis. Wat van ‘n glas water?” Hendrik wil my gemaklik laat voel. Die glas water is welkom omdat ek steeds nie weet wat om te verwag nie en my mond nogal droog is.

“Dit is nogal warm vandag.” Hendrik gee vir my ‘n skryfbord en pen aan en skink vir homself ook ‘n glas water. Toe ek die vorms op die skryfbord sien is ek dadelik ongemaklik omdat iemand alreeds aan my genoem het dat sielkundige beraders altyd eers vir jou ‘n vraelys met ongemaklike vrae gee. Jy moet dan jou hele “pedigree” invul voordat hulle met jou gesels.

Hendrik het seker my frons gesien en stel my gerus.

“Dit is maar net ‘n vorm waarop jy jou kontakbesonderhede moet invul en ‘n kort uiteensetting van die beradingsbenadering wat ek volg waartoe jy behoort te verbind. Jy is welkom om vrae te vra en as jy daarmee tevrede is, kan jy dit onderteken.”

Nadat die vorm ingevul en ons die inleidende gesprek gehad het waarin hy my meer vertel het van homself en die narratiewe benadering wat hy volg, voel ek minder onseker. Hendrik is ‘n oud-infanteris wat op ‘n stadium op die Grens was en nou sy eie sielkundige privaatpraktyk bedryf.

“So jy is nou een van die *kopdokters* wat met julle sielkundige kennis alles wil oplos,” merk ek tong in die kies op nadat ek gehoor het hy was ook ‘n dienspligtige en daarom sal weet wat ek met die opmerking bedoel.

“Ja, ek wou aanvanklik ‘n kapelaan of *sieltiffie* word, maar dit het nie so uitgewerk nie,” antwoord hy met ‘n glimlag.

“Genoeg oor myself, waarom is jy hier?” Hendrik ruk my terug na die werklikheid en dat ek eintlik die rede vir die gesprek is, terwyl hy die vorms by my vat en op sy lessenaar neersit. Hy betrap my onkant met sy direkte vraag, omdat ek mos nie vir hom kan sê ek is beveel om vir berading te kom omdat ek buite beheer is nie. Op ‘n baie diplomatiese manier probeer ek hom vertel wie ek is en verduidelik waarom ek die afspraak gemaak het.

“Ek soek antwoorde vir van my optredes en wil weet watter aanpassing ek behoort te maak vir ‘n beter lewe,” probeer ek so eerlik moontlik antwoord.

“Solank jy net weet daar is nie vinnige antwoorde nie. Gewoonlik kom kliënte nie altyd met die regte benadering of uitkyk na ’n beradingsessie toe nie. Die narratiewe benadering wat ek volg is ‘n ontdekkingsreis.

“Ek is saam met jou op ‘n ontdekkingsreis op soek na sin en betekenis wat ontvou in die verskillende verhale en fases van jou lewenstorie. Ek het jare gelede hierdie boek *Reisgeselskap: Die kuns van verhalende pastorale gesprekvoering* van professor Julian Müller voormalige Hoof van Praktiese Teologie by die Universiteit van Pretoria gelees wat nogal ‘n indruk op my gemaak,” sê hy en tel die boek op. “Hoor wat skryf hy hier oor verhale:

> *Die lewe is ’n reis. Ons reis afsonderlik en gesamentlik. Ons kom iewers vandaan en is êrens heen op pad. Ons het ’n verlede en ’n toekoms en met ons verhale probeer ons dat hierdie twee – die verlede en die toekoms – by mekaar aansluit.” (Müller 2000:12)*

Dat Hendrik ‘n narratiewe benadering volg en na Julian Müller verwys is vir my ‘n verassing juis omdat ek ‘n narratiewe pastorale berading volg waaraan professors Julian Müller en Yolanda Dreyer my voorgestel het.

Hy staan op om nog ‘n boek van sy rak te haal. So een ding weet ek darem; hy gaan my nie begin raad gee nie maar eerder na my stories luister.

Hendrik sê: “Hoor wat sê Jill Freedman en Gene Combs hiervan reeds op die eerste bladsy van hulle boek *Narrative Therapy* : ‘Using the narrative metaphor leads us to think about people’s lives as stories and to work with them to experience their life stories in ways that are meaningful and fulfilling’” . (Freedman & Combs 1996:1)

Dit wil voorkom asof Hendrik ‘n kenner van narratiewe berading is en behoorlik navorsing daaroor gedoen het, want hy ryg die een na die ander aanhaling uit.

“Ek wil jou leer ken en saam met jou oplossings en perspektief verkry deur na jou storie te luister en vrae te vra. Die kliniese sielkundige Dan McAdam (2004) is van mening dat jy iemand wil leer ken moet jy hulle storie leer ken want ‘n storie definieer wie die persoon is. Hy gaan verder en noem dat as jy jouself wil leerken en meer insig

oor betekenis in jou lewe wil ontdek, moet jy jou eie storie ken. Ek kan jou nog vertel van Michael White (1995) en David Epstone (1990) of ander narratiewe terapeute se benadering maar ek is veral gemaklik met Alice Morgan (2000) se benadering.

“Voordat ons verder gaan moet ek jou eers verduidelik hoe ons te werk sal gaan met hierdie proses. Ons gaan begin by jou *lewensgrafiek* wat vir ons die padkaart vir ons ontdekkingsreis sal wees en sal bepaal watter stories jy tydens die beradingsessies gaan vertel. ‘n Beradingsessie duur gewoonlik ‘n uur waarin jy van jou ervarings vertel en ons sal probeer om elke week minstens een beradingsessie in te werk. Ek sal jou soms vra om stories oor seker onderwerpe te skryf wat ons dan tydens die beradingsessies sal bepreek. Jy sal jou maar daarop moet voorberei dat ek baie vrae gaan vra om jou aan die dink te sit. So jy moenie verwag dat ek hier is om vir jou die antwoorde op jou vrae te gee nie. Ek gaan jou ondersteun om self die antwoorde te soek en jy gaan verras wees waar ons soms die antwoorde gaan vind. In hierdie proses gaan jy stelselmatig jou eie lewenstorie ontdek wat jou ‘n beter begrip sal gee oor waarom jy is wie jy is en doen wat jy doen. Ek weet nie hoe lank ons *journey* of ontdekkingsreis gaan duur nie. Dit gaan van jou en jou stories afhang. Ons sal maar elke keer hier in my studeerkamer kuier. Sal dit jou pas as ons dit so doen en het jy enige vrae?”

Hendrik gee my die struktuur waarvan ons weermagouens gewoonlik baie hou.

“Ja, dit klink vir my goed.” Hierdie gaan makliker wees as wat ek gedink het, want ek is mos ‘n storieverteller. Weet Hendrik waarvoor hy hom ingelaat het met hierdie benadering, wonder ek.

“Vir huiswerk moet jy jou eie *lewensgrafiek* soos ‘n padkaart van jou lewe saamstel en met my kom bespreek. Ek gebruik die *padkaart van die lewekonsep*, as struktuur om my kliënte te help om ‘n lewensstorie te ontwikkel.

Hendrik reik uit na sy lessenaar en gee vir my ‘n pakkie papiere aan.

”Hier is ‘n kort uiteensetting, van wat ek die *Rivier van die Lewe* noem. Dis ‘n diagram wat jy kan gebruik as ‘n voorbeeld van ‘n *Rivier van jou Lewe* en ‘n fotostaat van hoe ‘n lewensgrafiek kan lyk nadat jy dit ingevul het. Kortliks kom dit daarop neer dat jy die hoogte- en laagtepunte in jou lewe volgens die intensiteit waarmee jy dit ervaar het op

‘n tydlyn aandui. Die tydlyn begin by jou ouderdom tydens die eerste belangrike gebeurtenis wat jy kan onthou en eindig by vandag se datum.”




*Figuur 2: Voorbeeld van 'n  lewensgrafiek (Herbst & De la Porte 2006).*

Ek maak asof ek nie die lewensgrafiek ken nie, maar is lankal reeds daaraan blootgestel en sien uit daarna om dit weer te doen. Hendrik kon seker sien dat my aandag dwaal, want hy beëindig sy verduideliking.

“Dit sal voorlopig al wees. Jou huiswerk is nie om die hele lewensgrafiek volledig met al die detail in te vul nie. Identifiseer net die hoogte- en laagtepunte in jou verlede en dui dit op die grafiek aan.”


Nadat ek ’n aantekening oor die huiswerk op my selfoon gemaak het, staan Hendrik op, maak die deur oop en laat my voor stap met ‘n handgebaar na die tuinhekkie. Hy bedank my vir die besoek en stuur groete vir my vriend Marnus. By die tuinhekkie sê hy sy vrou hanteer sy dagboek en sal my skakel vir ons volgende afspraak.

“Bly om jou te ontmoet en sien uit daarna om jou storie te hoor,” is sy afskeidswoorde toe ek by die tuinhekkie uitstap.

Op pad terug werk toe is dit weer net ek en my gedagtes. Ek is nogal verras met Hendrik se benadering. Dit is glad nie wat ek verwag het nie. Die manier waarop hy my aanhoudend betrek en vra of ek akkoord gaan met die proses is bewys dat ons

met ‘n gesamentlike ontdekkingsreis besig is. Dit maak my opgewonde. Dat ek en my stories die middelpunt van ons ontdekkingsreis gaan wees sal my seker help om meer oor myself uit te vind. Ek hoop dit gaan my help om te ontdek waarom ek nie beheer oor my emosies het nie. Wat sou sy reaksie wees as ek direk sê ek wou nie kom nie en was eintlik verplig om ‘n afspraak te maak? Ek wonder of ek reg optree deur nie eerlik te wees nie. Wanneer ek Marnus sien, sal ek vir hom dankie sê vir sy verwysing. Die eerste indruk wat Hendrik op my gemaak het, is positief en ek sien uit na ons volgende afspraak. Teen 15:00 dieselfde middag skakel sy vrou my en bevestig ‘n afspraak vir Maandag 6 Februarie 2017.

Die Sondagaand voor die beradingsessie besef ek skielik dat ek nog nie my huiswerk gedoen het nie en besluit om vinnig na my samestelling van die *Rivier van my lewe* met al my hoogte- en laagtepunte te kyk. Dit is moeilik om so lank terug te dink. Ek besef gou dat ek te min tyd daarvoor ingeruim het. Ek sal probeer om maar net dit wat in my gedagtes opkom op een groot vel papier aan te dui soos Hendrik versoek het.




*Figuur 3: My lewensgrafiek as 'n ontdekkingsreis uiteengesit.*

## 3.2 My verledestorie

Hierdie keer is my tydsberekening beter. Dis net ‘n paar minute voor 10 toe ek voor Hendrik se huis stilhou.  Hy wag my by die tuinhekkie in.

“Môre, kom in! Jy ken die pad,” verwelkom hy my weer vriendelik en wys na sy spreekkamer se voordeur. Hierdie keer is ek meer op my gemak. Ek stap deur en gaan sit.

“Het jy ‘n goeie week gehad?” vra hy belangstellend terwyl hy van die boeke op die koffietafel terugsit in die boekrak.

“Ja, dankie. Dit was bietjie bedrywig, maar ek kon darem my huiswerk doen.” Ek glimlag en haal my lewensgrafiek uit my lêer.


“Kom ons spring dadelik aan die werk,” sê hy en trek die A3 grootte papier wat ek oopgevou en op die koffietafel neergesit het, nader. “Dit lyk of jy behoorlike werk gedoen het. Ek sien duidelik die hoogte- en laagtepunte en dat jy ruimte oopgelaat vir jou toekomsstorie. *Well done*, jy het goed gedoen. Kan ons hulle in verskillende stories opdeel?” vra hy terwyl hy stip na die grafiek kyk.

“Ja, in ‘n verledestorie, ‘n dienspligstorie, weermagstorie, wildernisstorie en ‘n afsluitingstorie,” antwoord ek.

“Kom ons begin met jou verledestorie. Moenie net oor hoogte- en laagtepunte praat nie. Vertel my meer van jou sosiale omgewing, jou agtergrond, jou ouers en jou gesinslewe. Ons sal later by die traumatiese ervarings en geleenthede kom.”

Ek het nog nooit voorheen so intens na my lewenstorie gekyk nie en besef ons ontdekkingsreis in die onbekende het in alle erns begin.

Ek is in Germiston gebore en ons gesin het aanvanklik aan die Oos-Rand en later by Boshoek naby Rustenburg gewoon. In 1964 het ons ons op ‘n kleinhoewe, die laaste oorblywende deel van ons familieplaas op die plaas Zandfontein naby Brits gevestig.




*Figuur 4: My verlede storie met  hoogte- en laagtepunte.*





*Figuur 5: My  famile (ouers, susters en my eie gesin).*

"Met die uitsondering van my egskeiding is my verledestorie, 'n baie mooi storie." Ek begin diplomaties. "Ek en my twee susters was bevoorreg om in 'n stabiele en godsdienstige huis groot te word. My ouers is diep gelowiges en het baie klem daarop

gelê dat elkeen van ons ’n persoonlike verhouding met God moes hê. Ek is dankbaar vir die voorbeeld van liefde en genade wat ek in my ouerhuis ervaar het en waardeur ek ’n stewige fondament gekry het waarop ek verder kon bou. Hierdie huislike agtergrond het bygedra daartoe dat ek die trauma wat ek later in my lewe sou ervaar, makliker kon hanteer as wat sommige van my vriende kon.

“Ons gesin was baie aktief by kerklike aktiwiteite betrokke. My oupa het op ‘n dag my oudste suster, toe net 10 jaar oud, na ‘n bioskoopkafee gevat en kon nie uitgepraat raak oor haar reaksie nie. Toe hy vra of ons kinders nie na sulke plekke toe gaan nie, was haar antwoord: “Nee Oupa, by ons is dit net kerk, kerk en kerk.”

“Ek was bevoorreg om op ‘n kleinhoewe in ‘n plaasatmosfeer met plaasdiere groot te word en het die natuurlewe in die spruit naby ons huis gereeld verken van my perd se rug af saam my hond. Tog was daar ook verantwoordelikhede. Op Sondae wanneer die plaaswerkers nie kom werk het nie, het ek die koeie gemelk en my pa met ander takies gehelp. My skoolloopbaan het in 1964 begin in die drievertrekgeboutjie van die Bokfontein-laerskool waar my pa en sy familie ook op skool was. Nadat die skool weens krimpende getalle toegemaak is, is ons na die Brits-laerskool geskuif. Die aanpassing was baie moeilik.




*Figuur 6: Ek en my twee beste vriende op Laerskool.*

“Die akademie was nie my sterk punt nie, maar onder my pa se afrigting het ek goed presteer in boks. Hy was glad nie ‘n rugbyondersteuner nie. Sy argument was dat ek moes leer boks en myself teen boelies te kon handhaaf. Ek was ook lief vir musiek en het op my ma se aandrang klavierlesse geneem en het as solosanger aan die kunswedstryd deelgeneem. Ek was dus nie een van die ‘manne’ wat rugby gespeel

en net aan sport deelgeneem het nie. Hulle het dit egter nie gewaag om my te spot nie, want my boksreputasie was goed aan hulle bekend."

Hendrik merk met ‘n glimlag op: "Die groepsdruk was maar erg nê. Ek het weer amateurstoei as sport beoefen en niemand het ook met my moeilikheid gesoek nie. Maar gaan voort."

"In standerd drie in die Brits-laerskool het ek ervaar dat ons gesin weens die kerk waaraan ons behoort het anders as ander gesinne gesien is. Die meerderheid van die kinders het aan die Gereformeerde kerkfamilie behoort waar hulle saam gekuier en aktiwiteite gedeel het. Een seun het spottenderwys voor ander seuns gevra of ek ook in daardie kerk is waar hulle ’n duif loslaat vir die gemeentelede om te vang. Wanneer die duif dan gevang is, het almal behoorlik ‘gees’ gekry en hardop ‘halleluja’ begin skree en raas.

"Ek het my vereenselwig met die Christelike aktiwiteite in die skool, maar was teleurgesteld om te hoor dat die drie susterskerke van die Gereformeerde familie nie die Pinksterkerke aanvaar nie en na hulle as sektes verwys. Dit het ’n gevoel van "ons en hulle*"* by my laat ontstaan en my nie deel van die Christelike nasionalisme laat voel nie. Ongelukkig het dit veroorsaak dat ek ons leerstellinge intensief ondersoek het en begin glo het dat *ons* reg en *hulle* verkeerd was en dat ek *hulle* tot bekering moes bring tot *ons* werklikheid en waarheid."

Terwyl ek ‘n glas water skink, merk Hendrik op: "Roelf, ek kan hoor dat jou kerkervaring op ‘n jong ouderdom nie so goed was nie. Veral omdat kerklike aktiwiteite vir julle gesin en vir ‘n betekenisvolle lewe so belangrik was, was hierdie seker vir jou ‘n groot ontnugtering."

"Ja, ek het lank met hierdie wroeging geloop en dit was eers op universiteit, waar my siening verander het. Die universiteit slaag daarin om ‘n mens se eng sienings en opinies onderstebo te kom draai. Dit was veral in die koshuis waar daar minder diskriminasie was en waar studente gesamentlike byeenkomste vir al die verskillende kerkdenominasies begin hou het, waar my siening verander het. Die interaksie met ander gelowiges en interkerklike samewerking het my laat wonder of my werklikheid, wat ek as die enigste waarheid aanvaar het, regtig die enigste waarheid is. Dit was

dus vir my ’n welkome verwikkeling dat daar ná 1994 nog meer aanvaarding tussen die verskillende kerke was. Toe ’n Nederduits Gereformeerde kerkleier later in ons kerk om verskoning vir die diskriminasie teen ons kerk gevra het, het dit vir my baie beteken en die genesing van ‘n lang en voortdurende verwerping gebring.

“Op Laerskool al het hierdie ervarings van ‘anders as die ander’ my dikwels uitgesluit van aktiwiteite soos die Voortrekkers. Ek het ook later agtergekom dat die Pinksterkerke ‘n ander standpunt oor die betrokkenheid by politiek as die Gereformeerde kerkfamilie gehad het. Ons het gevoel dat die kerk en staat geskei behoort te word en die kerk eerder moet fokus op die verkondiging van die evangelie. Dit was moontlik die rede waarom ek nooit so by politiek betrokke was of so sterk oor Christelike nasionalisme gevoel het nie. Tog het ek myself as ‘n groot patriot beskou.

“Onthou jy ek het genoem van die kleinhoewe in Zandfontein waarop ons gebly het? Ja, my pa is daar gebore en dit was vir hom ‘n voorreg om die huis waarin hy gebore is op te knap en ons gesin daar te vestig. Ek dink dit is hier waar my patriotisme werklik begin vorm aanneem het. My pa het graag stories vertel en ek het aan sy lippe gehang. Hy het my vertel dat my voornaam, Roelof Petrus Gerhardus, wat ook syne en my oupa s’n was, afkomstig is van die voortrekker met dié naam. Hierdie voorvader van ons was ‘n voortrekker wat hom op die oorspronklike familieplaas Zandfontein, kom vestig het.

“Hy het met detail en deernis vertel hoe Thomas Frederik Dreyer, seun van RPG Dreyer na die slag van Boomplaats deur die Engelse tereggestel is. Hy het met trots die boeke van FA Venter vir my gegee om te lees, *Geknelde Land, Offerland*, *Gelofteland* en ek sal nou op die vierde boek se naam afkom. Ja, ek dink dis *Bedoelde land,* maar ek sal moet seker maak (Venter 1960, 1964, 1966, 1968, 1969). In die boeke verwys Venter na die Dreyer familie en word RPG Dreyer en TF Dreyer by name genoem. As sy naamgenoot het ek ook die tambotiehoutbank geërf wat aan hom behoort het en wat glo uit die Groot Trek dateer.” Ek is verbaas dat Hendrik my nie onderbreek of vrae vra nie. Hy maak net kort aantekeninge.




*Figuur 7: FA  Venter en BK de Beer se boeke (Venter [1960, 1964, 1966, 1968, 1969] De Beer[1975]).*

My pa het ook BK de Beer (1975) se boek, *Agter die Magalies,* vir my gegee om te lees. Daarin is ons familiegeskiedenis en party van ons stories opgeteken. Pa het daarop kommentaar gelewer. Ek besef nou hierdie was ‘n groot hegplek in my verhouding met my pa."

"Dit klink vir my asof jy baie meer geskiedkundige agtergrond het as die standaard dienspligtige of veteraan. Dit kan ook bydra tot jou frustrasies en teleurstellings." Hendrik se opmerking laat die hitte in my nek opstoot.

"Al hierdie stories en boeke oor die ontberinge en opofferinge van die Afrikaner was vir my hartroerend en het my patriotisme versterk. As hulle so baie opgeoffer het, hoe kan ek dan nee sê as my tyd van opoffering aanbreek? Ek het al net te veel stories gehoor!

"Dit wat in ons familie gebeur het was glad nie regverdig nie. My pa se stories uit die Tweede Vryheidsoorlog oor hoe die ou plaashuis afgebrand is en hoe my oupa en sy ouers in die Britse konsentrasiekamp by Irene beland het, is later deur my oupa bevestig. Die huisgodsdiens saam met my oupa en ouma wanneer ek by hulle gekuier het, was altyd vir my ‘n hoogtepunt. Hy het elke aand uit die Hooghollandse Bybel gelees en ek het hom soms gevra om weer vir my van die resitasies wat hy in die Engels konsentrasie kamp geleer het op te sê.

"My pa het my ook vertel van die ontberinge van my oumagrootjie De Beer. Sy het saam met haar man, ‘n handelaar van Gansiespan in Botswana, na die destydse Zuid Afrikaanse Republiek (ZAR) toe gekom om handel te dryf. My oupagrootjie is deur die Engelse gevange geneem en is later in gevangenisskap oorlede. Die gesin se waens is gekonfiskeer terwyl my oumagrootjie met net ‘n wakis en ‘n paar kledingstukke langs die pad gelos is.

Ek sal nooit my ouma se storie vergeet oor hoe my oumagrootjie De Beer en ander vrouens koring op die lande gepluk, dit uitgevryf en daarvan brood gebak het. Sodra

die swartes wat daar naby was, die gebak geruik het, het hulle ingestorm en die brood afgevat. My ouma het bygevoeg dat sy soms in die nag wakker geskrik en uitgeroep het: ‘Los ons uit, ons is maar net ‘n paar arme vrouens.’”

Hendrik onderbreek my met ‘n handgebaar: ”Dit klink vir my asof sy aan die post-traumatiese stresversteuring (PTSV) gely het. Nagmerries lank na die insident is een van die simptome van PTSV. Dis net ‘n vinnige opmerking om te wys die PTSV wat ouens tydens die Grensoorlog ervaar het is deel van enige oorlog.  Vertel maar verder.”

“Die stories wat die grootste impak op my gehad het, was die stories wat my pa vir my oor my oupagrootjie, CJ Robbertze, aan my ma se kant vertel het. Hy was ‘n *penkop* en later ‘n *bittereinder*, jy onthou nog wat ‘n penkop en bittereinder is?”

“Hmm, ‘n penkop is mos ‘n jong seun wat aan die oorlog deelgeneem het en ‘n bittereinder ‘n soldaat wat tot die einde geveg het? Ja, mense gebruik nie meer hierdie terme nie.”

Hierdie familie-agtergrond het voortgeduur tot my pa as ‘n vrywilliger by die Tweede Wêreldoorlog betrokke geraak het en daarna by die Suid-Afrikaanse Polisie aangesluit het. Hy het my baie stories vertel oor die Ossewa Brandwag, die Rooilissie-leër en Jopie Fourie se teregstelling deur generaal Jan Smuts. Hierdie stories het my bewus gemaak van die diep verdeeldheid in Afrikanergeledere voor en tydens die Tweede Wêreldoorlog.

Stories oor die Tweede Wêreldoorlog en veral die stories wat evangelis Pieter Snyman in ons kerk vertel het, het my gefassineer. In sy prediking het hy dikwels van sy wedervarings as Suid-Afrikaanse soldaat tydens die Tweede Wêreldoorlog gepraat. Hy het vertel hoe hy drie dae lank ’n skipbreukeling was nadat die skip waarop hy was deur ’n Duitse torpedojaer gekelder is.”

“Ek kan hoor julle hele familie was baie lief vir stories en die geskiedenis van ons land. Op jou lewensgrafiek dui jy jou bekering in 1974 as een van die grootste hoogtepunte van jou lewe aan. Vertel my meer daarvan.”

“Diep onder die indruk van evangelis Pieter Snyman se persoonlike getuienis, het ek as tienerseun besluit om my lewe aan God te wy. Dit het sin en betekenis aan my lewe gegee. Ongelukkig moes ek aanvanklik hierdie persoonlike toewyding binne baie streng godsdienstige reëls uitleef. Dit was reëls van ‘mag nie popmusiek luister, fliek kyk, dans of denims dra nie’. Hulle is gelukkig nie op my afgedwing nie en ek het self gekies om ‘my eie heil met vrees en bewing uit te werk’ as offer aan my toewyding aan God se koninkryk. Ek het myself vereenselwig met die treffende persoonlike trant van oupagrootjie Robbertze se geliefkoosde lied *Friendship with Jesus.* Die eerste vers en die refrein van die woorde soos geskryf in 1889 deur Joseph C Ludgate is soos volg:

*A friend of Jesus! Oh, what bliss,*

*That one so weak as I*

*Should ever have a Friend like this*

*To lead me to the sky!*

*Refrain:*

*Friendship with Jesus!*

*Fellowship divine!*

*Oh what blessed, sweet communion!*

*Jesus is a Friend of mine*

“My toewyding aan Christus en my patriotisme was baie na aan mekaar omdat ons in ‘n Christelike land gewoon het. My ouers was nie net toegewyde Christene nie maar baie patrioties. Ons as familie het nie volksfeeste bygewoon nie en ek onthou nog hoe ‘n marteling die lang toeprake tydens Republiekfeesdae en geloftefeeste wat ek dikwels weens betrokkenheid by skoolaktiwiteite moes bywoon vir my was. Die geskiedenis wat ek op skool geleer het en wat by die stories wat my pa vertel het aangesluit het, het my gevoel van patriotisme versterk, maar ‘n ook sterk anti-Engelse gevoel gegee.

“Reeds op 13-jarige ouderdom het ek die idee gekry dat Suid-Afrika anders as die res van die wêreld is. Ons voorsate was Christene wat weens die vervolging van Christene in Europa na Suid-Afrika gekom het. Die totstandkoming van die Republiek van Suid

Afrika (RSA) was vir ons 'n lang gekoesterde vryheidstryd en daarom het ek altyd met oorgawe die gedeelte 'ons sal offer wat jy vra, ons sal lewe, ons sal sterwe, ons vir jou Suid Afrika' van die Stem van Suid Afrika, ons nasionale volkslied gesing. Ons Afrikaners het volgens my 'n roeping gehad om 'n beskawing aan die suidpunt van Afrika te vestig.

Ek kon nie verstaan waarom die wêreld ons nie wou toelaat om ons eie oplossings vir die unieke interne uitdagings wat ons in Afrika ervaar, te ontwikkel en toe te pas nie. Kan hulle nie die verskil tussen die RSA en die res van Afrika danksy die Afrikaner en sy Christelike ingesteldheid sien nie? Waarom is hulle so simpatiek teenoor die bevrydingstryd van die swartmense? Ek het geglo dat dit net 'n verdere manifestering van die vervolging van ons as Christene deur die 'ongelowige wêreld' is, waarna die Bybel verwys. Op 18-jarige ouderdom het ek geglo ek behoort aan 'n unieke gesin, wat deel is van 'n blanke Christelike bevolking wat anders is as die res van die wêreld.

Die het gelyk of Hendrik tevrede is met my stories oor my sosiale omgewing, agtergrond en gesinslewe, want hy het nie veel vrae gevra nie. Hy het seker agtergekom dat ek nogal kan uitbrei en hy my nie 'n geleentheid moet gee om stories te vertel sonder om met sy vrae rigting aan ons gesprek te gee nie, want toe ek asemskep en tevrede terugsit met 'n leeftyd se herinneringe vlak in my gedagtes begin hy met sy opmerkings.

"Uit jou storie tot dusver, is dit duidelik dat hoewel jy nie uit die deursnee Christelike nasionale gereformeerde agtergrond kom nie, jy tog op grond van die stories wat jou pa jou vertel het baie patrioties was. Jy het aanvanklik 'verwerping' op grond van julle gesin se godsdienstige oortuigings ervaar, maar tog later op universiteit en na 1994 meer 'aanvaarding' gekry wat vir jou afsluiting in hierdie opsig gebring het. Hierdie ervaring het ook veroorsaak dat jy meer oop was vir ander godsdienstige oortuigings en weg beweeg het van die *ons* en *julle* godsdienservaring. Jou patriotisme op grond van die familestories wat jy gehoor het, het veroorsaak dat jy tog steeds 'n *ons* en *hulle* politieke ervaring gehad het. Jy het 'n sterk ondersteuningsgevoel ontwikkel vir ons Afrikaners met ons vryheidstryd teenoor die *hulle,* die Engelse en die wêreld wat *ons* nie wil uitlos om deur apartheid, jy noem dit afsonderlike ontwikkeling, *ons* eie lewe te lei nie."

Hendrik se opmerkings het my onkant betrap. Ek het nog nooit so daaraan gedink nie Ek was bewus van ‘n transformasie op godsdienstige gebied wat reeds vroeg in my lewe plaasgevind het. Vir die eerste keer het ek besef hoe die stories wat ek gehoor het, veroorsaak het dat ek die Afrikaners as slagoffers van Brittanje se kolonialisme gesien het. Die vraag wat dit geopper het, was of dit nie onbewustelik die rede was waarom die stelsel van apartheid vir my aanvaarbaar was nie? Sy opmerking het my laat besef hoe kragtig die invloed van die stories wat ek gehoor het op my lewensbeskouing was.

Hendrik het met ‘n tevrede glimlag na sy laaste opmerking vir my kans gegee om te dink. Ek dink hy kon sien ek dink te hard en probeer alles tegelykertyd verwerk en verstaan.  Sy volgende vraag was ek egter te wagte: “Roelf, jy het baie oor jouself, jou gesin, jou gevoel van patriotisme en selfs jou anti-Engelse en anti-koloniale gevoel gepraat, maar nog niks oor die swartmense vertel nie. Wat is jou gevoel teenoor hulle?”

Ek het geweet die vraag oor swartmense sou kom, want ons stryd teen die Engelse is mos al lank reeds verby, maar ons witmense se stryd om oorlewing teen die swart meerderheid in Suid Afrika is mos die eintlike rede waarom ek vandag hier sit. Hierdie vraag lê ook aan die wortel van al my woede en frustrasies. Ek wou hom volledig antwoord, maar ek was onseker oor waar om te begin. Hendrik het na die horlosie bokant my stoel gekyk. Nou verstaan ek waarom die horlosie, wat ek tydens ons eerste sessie gesien het, daar geplaas is. Dit is om seker te maak dat ons nie oor ons geskeduleerde tyd van die beradingsessie gaan nie.

“Moenie nou op my vraag antwoord nie. Gaan dink daaroor en ons kan dit tydens ons volgende sessie bepreek,” onderbreek hy my gedagtes. “Ons het vandag goed gevorder. Dankie dat jy jou huiswerk so volledig gedoen het, jy sal sien jy gaan nog bywerkings en verandering op jou lewensgrafiek wil aanbring. Doen dit en onthou dit is jou dokument om jouself beter te leer ken,” sê hy terwyl hy opstaan en die deur oopmaak. “In ons volgende sessie gesels ons oor jou siening van swartmense en hoe hierdie siening in jou jeugjare vorm aangeneem het. Erika sal weer met jou ‘n afspraak maak.”

"Dankie vir vandag, sterkte vir die week en ons sien dan weer in volgende week," antwoord ek net voordat ek kar toe stap.

### 3.2.1 Afsonderlike ontwikkeling is die oplossing

Hendrik se skedule vir die volgende week was volgens Erika redelik besig, maar ek kon vir Woensdag 11:00 'n afspraak kry. Dis 15 Februarie om 10:40 en terwyl ek deur die verkeer vleg op pad na ons afspraak dink ek terug aan die twee weke sedert ons laaste sessie. Ek is dankbaar dat ek soveel tyd gehad het om oor my siening ten opsigte van swartmense te reflekteer. Ek glo ons is op die regte pad met ons ontdekkingsreis en hoop ons kan die momentum behou. Ek leer sover baie oor myself, want my perspektiewe was sover eensydig. Ek het 'n paar minute vroeg voor sy huis gestop en met die uitklimslag my selfoon se kalender oopgemaak. Die volgende twee weke gaan 'n uitdaging wees, want ek het 'n teikendatum om te haal vir die projek waarmee ek besig is en daar is nog heelwat om af te handel.

Rex, die spanjoel, kondig weer my teenwoordigheid luidskeels aan en Hendrik kom reeds aangestap. Dit is 'n lieflike sonskyndag na die goeie reën van die afgelope paar dae.

"Lieflike dag nê, kom in," groet Hendrik my weer vriendelik.

"Sjoe, jou tuin lyk pragtig," maak ek die opmerking wat ek tydens ons vorige sessie al wou maak.

"Ja wat, so tussen die berading deur leef ek myself in tuinwerk uit. Dit is nogal terapeuties vir my."

Ek voel al behoorlik tuis in die oop spreekkamer besef ek toe ek in die gemakstoel gaan sit.

"Jy weet waaroor ons vandag gaan praat en het seker behoorlik daaroor nagedink. So vertel jou storie," val Hendrik met die deur in die huis.

"Ja, ons het laas oor die stryd tussen die Boere en die Engelse gepraat en ek wil begin deur te sê ek glo die Afrikaners en swartmense sou beter met mekaar oor die weg gekom het as die Engelse nie kom inmeng het nie," begin ek my storie. "Dit was mos

die Engelse wat ons Boererepubliek ter wille van die goud aan die Witwatersrand kom annekseer het, ons van ons onafhanklikheid ontneem het en die swartes as arbeiders in die myne begin misbruik het. Ons Afrikaners en swartmense het baie meer in gemeen as wat ons besef.

“Terwyl ek voorberei het, het ek tot ‘n paar nuwe insigte gekom. Ek het besef dat ek ondanks my blanke patriotisme, nog altyd ‘n goeie verhouding met swartmense gehad het. Ek het dit reeds op laerskool vreemd gevind dat daar nie swart kinders in ons skole was nie omdat ek so baie swart maats onder die plaasarbeiders se kinders gehad het. Ek het by die swart kinders se huise gaan speel, maar hulle nooit by myne nie. Van ‘n jong ouderdom af het ek ervaar dat witmense meerderwaardig gevoel het teenoor swartmense. Daarom het ons apart gelewe en die geskiedenis en ons blanke gemeenskappe ons denkwyse baie sterk beïnvloed en gevorm.”

“Ek hoor wat jy sê. Ek het ook met swart kinders gespeel en geen fout daarmee gevind nie,” bevestig Hendrik.

“In ons gesin, by die kerke en op skool het ek gehoor dat witmense na Afrika gekom het om swartmense op te hef. Toe die witmense hier gekom het was die meeste van die swartmense barbare wat net in die natuur oorleef het, nadat Tshaka, die Zoeloe-koning, hulle verdryf het.

“Ons het die leë binneland beset en hulle gehelp deur hulle van werk te voorsien en hulle aan die Westerse beskawing bloot te stel. Ons het hulle geleer wat ‘n beskawing behels en moes hulle ophef tot ons beskaafde vlak.”

Hendrik knik sy kop instemmend, en begin lag. Hy vertel ‘n storie van sy oumagrootjie, wat deel was van die Dorslandtrekkers. Hulle het gesien hoe die Boesmans in Botswana ‘n sekere natuurposisie soos die van ‘n kokerboom inneem om hulleself te kamoefleer sodra hulle ‘n bedreiging ervaar.

“Veral in graad twee het ek bewus geword van die groot verskille tussen wit- en swartmense; weereens die ‘ons’ en ‘hulle’ toe ek my pa daaroor begin uitvra het. Sy antwoord was dat ons velkleur, taal, beskawingsvlak en kultuur verskil en daarom hoef ons nie sosiaal te meng nie. Hy het my vertel die swartmense hoort eintlik in hulle tuislande en lokasies waar hulle ‘n eie plek het om hulle kultuur te kan uitleef. Die

plaaswerkers en stedelike arbeiders het slegs verblyf- of eiendomsreg in hulle tuislande. In die Republiek van Suid Afrika (RSA) was hulle net ‘kuiergaste’ en arbeiders omdat ons hulle geakkomodeer het. Hulle moes besef dat hulle toekoms daarin lê om hulle eie tuislande te ontwikkel soos wat ons ook ons eie tuisland, die RSA, ontwikkel het.”

“Hoe voel jy nou daaroor as jy terugdink?” onderbreek Hendrik my.

“Met skaamte moet ek bely dat ek onbewustelik, van ‘n jong ouderdom af, op swartmense as minderwaardig neergekyk het. As kinders was ons groot maats. Die swart seuns kon die mooiste modelle van motorkarre en vragmotors uit draad en koeldrankblikkies maak. Ek het dit by hulle gekoop. Ons het ook saam met my speelgoed gespeel en ons het onsself daelank in fantasiewêrelde verloor. Eers wanneer my suster my vir aandete kom roep het, het ons na ons onderskeie huise teruggekeer. Saans het ons glad nie by mekaar gekuier nie. Ek onthou nog hoe armoedig hulle omstandighede op die meeste plase was. Vandag kan ek nie glo dat dit my nooit gepla het nie. Op daardie stadium was dit vir my aanvaarbaar. Eers onlangs het ek besef hoe die menswaardigheid van swartmense deur die NP-regering misken is.

“Boere van die buurplase het tydens oestyd seisoenarbeiders vanuit die tuislande met vragmotors aangery en as tydelike werkers op hulle plase gehuisves om die oeste te help hanteer. Onder hulle was selfs swart vrouens. In ons wit gemeenskap het ek gereeld die opmerkings gehoor dat ‘swartes hulle plek moet ken’ en as arbeiders hulle moet gedra wanneer hulle in ons land is. Ons sal hulle dan regverdig behandel en moeite doen om hulle van werk te voorsien sodat hulle kan sorg vir hulle families in die tuislande.

“Tydens die oestyd het groot boere in ons gemeenskap spesiale sendingdienste vir hierdie werkers gehou. Ek het dit as ‘n regverdige stelsel beskou en gevoel dat ons mekaar net ruimte behoort te gee en met respek behoort te behandel.”

“So jy het ‘n onderskeid gemaak tussen apartheid en afsonderlike ontwikkeling?” vra Hendrik onverwags.

Ek dink ‘n oomblik na oor wat die woord ‘apartheid’ vir my beteken het.

“Weet jy Hendrik, ek het die beleid van apartheid nooit werklik verstaan nie en het die idee gekry dat daar weggeskram word van die woord en dat eerder gepraat word van ‘afsonderlike ontwikkeling’.

“Spesifieke kenmerke van apartheid was nie vir my vreemd nie. Wanneer ek by my ouma en oupa op Brits gekuier het, het ek die sirene nege-uur saans gehoor. Dit onthou ek. Dit was die waarskuwing vir swartmense dat hulle dan uit die wit gedeelte van die dorp moes wees anders sou hulle gearresteer word. Dit was nie onredelik nie omdat hulle huise gehad het in ‘Oukasie’, die swart gedeelte van die dorp. Wat sou hulle in elke geval na nege in die wit gedeelte doen?

Die sosiale aktiwiteite soos etes by restaurante, die bioskoop of die inryteater was nie vir swartmense bedoel nie. Dit het in elk geval gelyk asof hulle nie daarin belanggestel het om sosiaal met witmense te verkeer nie, omdat hul kultuur soveel anders was. Hulle het na ander musiek geluister, anders gedans en eerder in sokker as rugby belanggestel.

Die swart vrouens wat as huiswerkers in die dorpe gewerk het, moes in die meeste gevalle tevrede wees met net ‘n buitekamer en badkamer. Daar is nooit fasiliteite vir hulle ‘afsonderlike’ sosiale interaksie voorsien nie.”

Ek raak ingedagte en reik uit na my glas water op die koffietafel.

“Dit is seker waarom sommige van die huiswerkers wat in ons straat werk, steeds smiddae na werk tot laat in die aand op die gras voor ons huis onder die straatlig sit en kuier. Toe ek nog jonk was het ons gesin darem goed vir ons bediendes gesorg en gereeld voor Kersfees vir hulle verlof gegee om vir hulle families in die tuislande, te gaan kuier. Ons het net altyd seker gemaak dat hulle passe (die identiteitsdokumente wat hulle altyd by hulle moes dra) op datum was sodat hulle nie wanneer hulle rondbeweeg en gevra word daarvoor, in die moeilikheid sou wees nie.

Die spoorlyn het die wit besigheidsgedeelte van die dorp van die Indiër en swart besigheidsgedeelte geskei. Ek het dit ook in orde gevind. Dit was ook nie vir my vreemd dat die swartmense hulle klere by die nie-blanke gedeelte van die droogskoonmakers moes ingee en ons by die blanke gedeelte nie. Selfs al was die ry by die nie-blanke gedeelte van die poskantoor en ander openbare plekke baie langer

as dié van die blankes het ek dit nie bevraagteken nie omdat die swartmense baie meer as die blankes was.”

“Ja, Roelf, soos jy al hierdie stories vertel, onthou ek ook die praktiese stelsels van apartheid waarmee ek grootgeword het en hoe ek ook min gewonder het daaroor. Dis baie jammer dat dit ons solank gevat het om agter te kom hoe verkeerd ons was en watter emosionele wonde dit by swartmense veroorsaak het. Jy het gepraat oor hoe jy swartmense beleef het, maar hoe het jou gesin die swart bevolking hanteer?”

“Op ons kleinhoewe by Brits waar ek grootgeword het, het ons in die 1960’s baie goeie verhoudinge met ons arbeiders gehad. My pa het my aangemoedig om respek vir swart volwasse mans te hê. Die meeste van my pa se werkers het so goed en getrou gewerk dat hulle my respek ten volle verdien het. Ons gesin het ook deur betrokke te wees by sendingaktiwiteite goeie verhoudings met swartmense in ons gemeenskap gebou. Ek het egter nooit besef hoe diep gewortel my meerderwaardigheidsgevoel teenoor hulle was nie en watter impak die aanspreekvorm ‘baas’ en ‘kleinbaas’ op die handhawing van die Grense tussen ons gehad het nie.

“Sara, ons huisbediende, en haar kinders het van Malawi gekom. Hulle pa het net een keer kom kuier en daarna nooit weer van hom laat hoor nie. Hulle kon ook nooit in Malawi gaan kuier nie. My ouers het haar en haar kinders onder hulle vlerk geneem en vir hulle skoolgeld en die oudste seun se studiegeld betaal. Sara se seuns wat voor my oë groot geword het, het vir my soos broers geword. Die jong mans het ook my pa as hulle s’n beskou en het selfs van hul seuns na hom vernoem. Alhoewel ons altyd goeie verhoudinge met die swart werkers gehad het, is die sosiale afstand steeds gehandhaaf. Alles is steeds in my en ons blanke gemeenskap se oë as ‘opheffingswerk’ gesien.

Ons familie het die opheffingswerk van swartmense ernstig opgeneem en selfs ‘n sendeling ondersteun om dienste vir ons plaaswerkers en die swartmense in ons omgewing in ons motorhuis te hou. Tydens my jare op universiteit het ek ook vir van die arbeiders en hulle kinders dienste gehou en skyfies van ‘n sendingorganisasie vir hulle gewys. Alhoewel ons hierdie uitreikaksies gehad het, het ons – besef ek nou – steeds die sosiale grense behou. Die swartmense wat die dienste bygewoon het, het

uit spesifieke borde geëet wat vir hulle gereserveer is en het nooit die geriewe in ons huis gebruik nie."

"Dit klink vir my asof geloof 'n sterk rol in jou lewe gespeel het van 'n jong ouderdom af Roelf. Die kerk het ook 'n interessante uitkyk gehad op swartmense en hoe om hulle te behandel. Watter invloed dink jy het dit gehad op jou uitkyk?"

"Dit het my meerderwaardigheidsgevoel versterk en gemotiveer om meer by sendingwerk betrokke te raak want ek moes hulle help om hulleself op te bou en hulle eie identiteit te ontdek en te ontwikkel." Ek antwoord Hendrik na 'n rukkie se stilte.

"Ons gemeente in Brits het nie apartheid direk ondersteun nie, maar tog anders teenoor swartmense opgetree. Ons het sendelinge van die sendingkerk in die ou aangrensende Bophuthatswana-tuisland ondersteun en soms saamgegaan om hulle daar in hulle woongebiede te besoek. Dit was die enigste blootstelling wat ons aan die swart woongebiede gekry het en wat my laat besef hoe belangrik sendingwerk is. Wanneer ons 'n sendingdiens gehou het, het sommige van die swart kerkleiers in die swart woongebiede vir ons kom kuier, vir ons gesing en ons op hoogte gebring van die wonderlike dinge wat in hulle gemeenskappe gebeur. Nogtans het die kerk hulle nie as ons gelykes hanteer of gedink almal moet saam kerk hou nie.

"Dalk het ek gedink dat swartmense nie saam met ons moet kerk toe gaan nie omdat hulle morele waardes so baie van ons s'n verskil het. Ek het veral meerderwaardig gevoel teenoor swartes wanneer ek hulle drankmisbruik oor naweke in die strate opgemerk het. Daar was gereeld oor naweke partytjies met harde musiek waar die polisie soms die orde moes herstel en onwettige tuisgemaakte drank gekonfiskeer is."

"Het dit nooit by my opgekom dat die meeste van die plaasarbeiders se huise nie elektrisiteit gehad het nie en dat hulle nie dieselfde toegang tot na-uurse sosiale aktiwiteite soos wit mense gehad het nie?" vra Hendrik onverwags.

"Ek het nooit so daaraan gedink nie, want die drankmisbruik was veral vir my ontstellend omdat my pa met sy polisie-agtergrond, dikwels tydens huismoles en drankmisbruik met sy sambok moes optree om die vrede te bewaar. Ons huis was bekend as toevlugsoord vir gewondes na gevegte tussen swartmense in die omgewing vanwaar die ambulans gebel is. Die soort wonde wat toegedien is en die

stories oor wat presies gebeur het, het ‘n wanpersepsie by my laat ontstaan dat swartmense oor die algemeen wreed is.”

Ek ervaar ‘n warboel emosies terwyl ek terugdink aan al hierdie gebeure wat stereotipes en persepsies so diep in my ingraveer het. Ek weet nog steeds nie wat met my genesingsproses te doen het nie. Hendrik is dalk ook nie meer seker nie, want hy is ‘n rukkie lank stil met sy vrae.

“Jou ervarings is geldig, Roelf.” is al wat Hendrik sệ.

“Vandag weet ek dat ek nooit toe ek jonk was my wit bevoorregting, wat toe reeds diep in ons samelewing gewortel was, besef het nie. Ek is weens die omgewing waarin ek grootgeword het, vasgevang in die narratief van Afrikaner-nasionalisme en -patriotisme, wat toegeneem het sedert 1948 toe die NP aan bewind gekom het.

“Ek het eers onlangs die werklike hartseer van swartmense besef toe my swart predikantsvriend sy storie met my gedeel het. Dit was vir die swartmense baie seer en onregverdig om te ervaar hoe die witmense op hul neergesien het. Ek kon die hartseer in sy oë sien en het dit eers werklik verstaan toe ek myself in sy skoene probeer sit het. Hy het die laaste paar jaar ‘n getroue vriend en kollega geword, vir wie ek die grootste respek het. Sy bediening in Soshanguve het ‘n groot impak ons gemeenskappe.”

“Dit klink asof jy jou persepsies oor swartmense wel verander het, Roelf.”

“Ja, tot ‘n mate.”

“Wat bedoel jy as jy sê tot ‘n mate?”

“Van my kollegas by die werk en ons huidige politieke stelsel werk regtig hierdie nuwe perspektief oor die verlede se onregverdigheid teenoor swartmense teë. Ek voel ons witmense en veral wit mans, word onregverdig deur die transformasieproses behandel. Veral nadat ek op 45-jarige ouderdom my werk verloor het, het dit my nogal lank gevat om werklik te besef hoe ek as witman tog aanvanklik deur die onregverdige stelsel van apartheid bevoordeel is en nou seker net soortgelyk behandel word.

“Ek het ‘n tyd van verbittering deurgegaan en myself as ‘n slagoffer van regstellende aksie bejammer. My blootstelling aan die omstandighede waarin swartmense gewoon het, het my perspektief mettertyd verander en my laat besef dat ek nog steeds bevoorreg is. Ek dink as ek vroeër in my lewe blootstelling gehad het aan die haglike omstandigede waarin hulle geleef het, sou ek my denkwyse dalk vroeër verander het en meer ontvanklik gewees het.

“Dit het lank gevat om hierdie sosiale grense te oorbrug en as dit nie vir my blootstelling aan sosiale interaksie tussen die wit en swart soldate in 1981 en 1982 op die Grens was nie, sou dit seker nog langer gevat het.”

Hendrik kyk na die horlosie bokant my stoel. Daar is seker net ‘n paar minute oor voor sy volgende afspraak.

“Ons sal later gesels oor die onderwerp wat jy nou aangeraak het. Wat ek nou van jou wil hoor, is wat het na jou mening aanleiding gegee tot jou patriotisme en gevoel van Afrikaner-nasionalisme?”

Dis nie nodig om lank aan ‘n antwoord te dink nie.

“Dit het sekerlik begin by al die stories wat ek gehoor het, die stories oor my voorvaders wat versterk is deur die stories wat ek op skool gehoor het,” antwoord ek.

“Ons gaan nie nou daaraan aandag gee nie, want ons sessie is verby. Miskien moet jy jou gedagtes in ‘n storievorm neerskryf en vir my epos en dan gesels in ons volgende keer daaroor. Dit kan jou huiswerk wees.”

Hendrik se voorstel was net waarvoor ek gewag het sodat ek met hom oor my besige program vir die volgende twee weke kan gesels.

“Ek sal nie in volgende week ‘n sessie kan inpas nie, maar sal graag die momentum van die proses waarmee ons besig is wil behou. Jou voorstel sal my goed pas.” Ons stap in die rigting van die tuinhekkie terwyl ons gesels.

“Klink vir my reg, ek het jou eposadres en sal dan jou kommentaar te wagte wees.” antwoord ek hom soos ons groet.

### 3.2.2 Afrikaner-nasionalisme en die ontwikkeling van 'n eie identiteit

Die opdrag van Hendrik het my opgewonde gemaak, maar ek kon eers vanmiddag, amper 'n week later weer by die opdrag uitkom.

Waar gaan ek begin, wonder ek terwyl ek sit en koffie drink. Miskien met 'n inleiding oor my formele blootstelling aan geskiedenis op hoërskool asook op universiteit en hoe dit my voorberei het om selfs bereid te wees om te sterf vir my land en sy mense. Dit is mos waaroor patriotisme gaan?

**New Message**

To Hendrik Kruger <hendrik.krug@gmail.com> Cc Bcc

Subject Patriotisme, Afrikaner-nasionalisme en die ontwikkeling van my identiteit

Middag Hendrik 23-02-2017

Hier volg my storie en gedagtes oor dinge wat tot my gevoel van patriotisme en die ondersteuning van Afrikaner-nasionalisme aanleiding gegee het.

In die geskiedenisklas in Hoërskool Brits en tydens Jeugweerbaarheid het Afrikaner-nasionalisme en patriotisme 'n hupstoot gekry het. Die grondslag is reeds deur die gemeenskap waarin ek groot geword het gelê en die patriotisme en liefde vir Afrikaner-nasionalisme het net verder ontwikkel.

Oorloë en soldaat wees, het my reeds op Laerskool gefassineer en dit was vir my logies om eers by die Voortrekkers en later ook by die skoolkadette my gewig in te gooi. Danksy my belangstelling in musiek het ek reeds in standerd ses by my kamermaat leer kitaar speel en by die kadetorkes as trompetspeler betrokke geraak. Ek kon reeds klavier speel en het tussenin ook geleer om tromme te speel. Van ons kadetorkeslede het saans tussen studietyd nogal lekker boeremusiek gemaak. Dit was baie lekker tye soos ek nou daaraan terugdink. Ek het maar weggebly van popmusiek, hoewel ek ironies genoeg *The House of the Rising Sun* van die Britse rockgroep, *The Animals*, wat toe onder die koshuiskinders gewild was, lekker vlot op my kitaar kon speel en sing. My fokus was egter op Amerikaanse Gospel-musiek omdat my ouers gereeld langspeelplate van veral Jimmy Swaggart en 'n verskeidenheid Christelike

sanggroepe aangekoop het. Ek het selfs van die liedere wat my geloof versterk het op my kitaar leer speel en in ons gemeente gesing.

In standerd ses toe ek 16 jaar oud was, het ons kadetorkes ‘n kadetkamp ter voorbereiding van die kadetkompetisie by Voortrekkerhoogte gehad. My eerste kadetkompetisie, die gedissiplineerde voorbereiding daarvoor en samehorigheid onder ons kadette was vir my ‘n hoogtepunt. Elke keer wanneer ons tydens Jeugweerbaarheid ons kadetuniforms gedra en die kadetorkes tydens die amptelike vlaghysing die Stem gespeel het, het my patriotisme en nasionale trots gegroei.



*Figuur 8: Brits Hoërskool se kadetorkes in 1973.*

Die werklikheid van oorlog en diensplig het tot my deurgedring toe ek in 1974 op 16-jarige ouderdom my weermagnommer en my eerste oproepinstruksies ontvang het. Dit het my laat besluit om die nuusgebeure te begin dophou en meer oor die politieke verwikkelinge in die land uit te vind. Met kommer het ek in 1974 in die koerante gelees van die gebeure in ons buurlande wat tot ‘n eskalering in die ANC se gewapende stryd sou lei. Dat ons Afrikaner-nasionalisme deur kommunisme bedreig is, het vir my ‘n realiteit geword. Dit was nie meer net praatjies tydens Jeugweerbaarheid nie.

Koerantberigte het aangekondig dat die Suid-Afrikaanse Weermag (SAW) vanaf 1 April 1974 die verantwoordelikheid van die oorlog in Suidwes Afrika by die polisie sou

oorneem. Die polisie sou voortaan net op binnelandse onrus fokus. Ek het toe nog nie besef watter radikale verandering hierdie besluit vir ons Afrikanerseuns sou inhou nie. Die Grensoorlog was op almal se lippe. Fotoverhaalboekies onder die naam Kaptein Caprivi en Grensregter het hulle verskyning gemaak en ons bewus gemaak van die oorlog wat besig was om te verskerp.

Dit was vroeg in 1975 duidelik dat die Portugese regering nie meer in beheer was van Angola nie en dat ‘n burgeroorlog in Angola onafwendbaar was. Ek onthou nog die foto’s van wit Portugese vlugtelinge met hulle volgepakte voertuie in toue by die Grensposte van Suidwes-Afrika omdat hulle nie meer in Angola veilig was nie. Skielik het die bedreiging vir witmense in Afrika vir my ‘n groter realiteit geword. Die onrus in Rhodesië, Mosambiek en Angola het witmense toenemend na die RSA laat uitwyk, maar waarheen sou ons gaan as dieselfde hier in ons eie land moes gebeur?

Die SAW was stelselmatig so ver ingetrek in die interne konflik in Angola dat hulle reeds in Oktober 1975 voordat hulle daarvoor gereed was, in die eerste konvensionele geveg sedert die Tweede Wêreldoorlog betrokke sou raak. Ek versamel graag geskiedenisboeke. In die boeke van Louis Bothma (*Die Buffel Struikel)*, Hilton Hamann (*Days of the Generals)* en Leopold Scholtz (*Die SAW in die Grensoorlog)* is die eskalasie en konvensionele aard van die oorlog bevestig.

Aan die einde van 1975, my matriekjaar, was ek bly dat ek vroeg in die jaar vir vrystelling van diensplig gevra het. Ek het reeds universiteitstoelating en ‘n reservering in die koshuis gehad en het uitgesien na die studentelewe. Vandag besef ek dat dit net genade was dat ek nie op 18-jarige ouderdom diensplig in die uitdagende omstandighede van 1976 gedoen het nie. Ek was vir seker nie volwasse genoeg daarvoor nie.

As voltydse student aan die Universiteit van Pretoria het ek elke jaar uitstel vir my diensplig gekry. Ek was al my hoërskooljare in ‘n koshuis en die aanpassing in die universiteitskoshuis was nie ‘n probleem nie. Die ontgroening of ‘oriëntering’, soos die seniors daarna verwys het, het die hele jaar geduur en was by tye heel kreatief en ook nie vir my ‘n groot aanpassing nie. In die oop vierkant van die koshuis moes ons agteruit geloop het terwyl die seniors ons tydens middagete, voor die eetsaal inwag.

Tot hulle vermaak moes ons dan voor hulle op aandag staan en in ‘diep’ akademiese gesprekke betrokke raak.

Ek het my studies in geskiedenis reeds met ‘n vooroordeel teenoor swartbewussyn en ‘n gevoel van bedreiging teen die Afrikaner begin. Professor FA (Floors) van Jaarsveld die departementshoof, wat hoofsaaklik vir Suid-Afrikaanse geskiedenis verantwoordelik was, het dit beklemtoon dat ‘n geskiedkundige altyd objektief behoort te wees. Hy was ook een van die skrywers van my hoërskool-geskiedenishandboek en ek was opgewonde daaroor om by hom klas te loop. Hy het ons van die begin af aangemoedig om nie net napraters van ander te wees nie, maar om eerder ons eie navorsing te doen. Ek het met hom saamgestem, maar het nie op daardie stadium besef hoe subjektief ek werklik was nie.

Uit die verwysings van geskiedenisdokumente van ander universiteite soos die Universiteit van die Witwatersrand, Rhodes Universiteit en selfs Universiteit van Stellenbosch het ek agtergekom dat die Universiteit van Pretoria ‘n meer konserwatiewe Afrikaner-nasionalistiese siening gehad het. My voltydse universiteitstudie aan die Universiteit van Pretoria het my gevoel van patriotisme, Afrikaner-nasionalisme, anti-kommunisme en anti-kolonialisme verder versterk.

Ek onthou hoe ons veral uitgesien het na die lesings van die Afrikageskiedeniskenner, professor APJ (Arrie) van Rensburg, wat ander Afrika-lande gereeld besoek het, ondanks beperkinge op Afrikaners. Hierdie stories het vir ons ‘n beter perspektief gegee oor wat werklik in Afrika gebeur het. Sy aanbiedinge oor veral die staatsgrepe, ekonomiese onstabiliteit, diktatorskappe en korrupsie in Afrika, nadat sekere lande onafhanklikheid verkry het, het ‘n donker toekoms vir die witmense in Suid-Afrika onder ‘n swart regering voorspel.

Een spesifieke geleentheid het hy, na ‘n besoek aan ‘n universiteit in die VSA, verwys na die buitelandse gebrek aan begrip vir die Afrikaners se situasie in Suid Afrika. Ek het dit ook ervaar. Sy verwysing na ‘n insident waar hy studente by ‘n universiteit moes toespreek, sal my altyd bybly. Toe hy hulle vra waaroor hy hulle moet toespreek, het ‘n damestudent net na die bord agter hom gewys. Op die swartbord was die woord APART-HATE in groot letters geskryf. Hy het ‘n regstelling gemaak en hulle daarop gewys dat daar nie ‘haat’ in die woord APARTHEID onder die wit mense bestaan nie

meer eerder samesyn en afsonderlike ontwikkeling waar elke nasie, volk, kultuur en taal tot sy reg sou kon kom.

In my hart het ek met hom saamgestem. Ek het geglo afsonderlike ontwikkeling is die antwoord vir Suid-Afrika se probleme. Die RSA moes ontwikkel word in 'n land waar elke volk en veral die witmense hulself kon regeer. Die swart bevolkingsgroepe moes aangemoedig word om die Transkei-tuisland se voorbeeld te volg. Dié land het reeds in 1963 selfregerend geword en het op 26 Oktober 1976 formeel onafhanklik geword. Is dit nie wat ook met Lesotho, Swaziland en Botswana gebeur het nie?

Elize onderbreek my gedagtegang toe sy vir my koffie bring. Ek besluit om die werk 'n rukkie eenkant te laat en haar te vertel van die *Rock and Roll* liedjies wat ek in die koshuis geleer het en te hoor of sy dit ook onthou.


*Figuur 9: Ek met my kitaar as student.*

"Maar *House of the Rising Sun* is nogal 'n rowwe liedjie," merk sy dadelik op.

"Ja, maar dit was die eerste liedjie wat Hennie, my kamermaat, my kon leer. Hy het dit weer by sy ouer broer geleer. Hennie se raad en geduld was ook die enigste manier waarop ek kitaar kon leer speel," antwoord ek laggend en besef weer hoe streng ek groot geword het.

"Het jy nie ook maar as 18-jarige plattelandse seun soos die meeste studente bietjie 'uitgehaak' en jou nuwe vryheid weg van jou ouerhuis geniet en alles ondersoek nie?"

"Dit is seker ook 'n vraag wat Hendrik my sou vra," antwoord ek en besef dat die ontwikkeling van my identiteit die volgende onderwerp is waaroor ek gaan skryf. Ek bedank Elize vir die koffie en skuif weer voor my rekenaar in.

(vervolg)

Die skoolkoshuis het my reeds die geleentheid gebied om my identiteit en onafhanklikheid van my ouerhuis te ontwikkel, maar ondanks die lewenservaring wat

ek reeds daar opgedoen het, was die ongedissiplineerde koshuislewe op universiteit nogal ‘n groot aanpassing. My konserwatiewe lewensopvatting het veroorsaak dat ek aanvanklik eensaam was en nie werklik vriende gemaak het nie. Ek het naweke na my ouerhuis op Brits gegaan en daar aan die jeugaktiwiteite van die gemeente waarin ek groot geword het deelgeneem. Ek kon aanvanklik nie ‘n kerk in die stad vind waarmee ek my kon vereenselwig nie.

Een van die nuwe lede in ons gemeente het my ma vertel van haar dogter wat as verpleegstudent sukkel om in die stad aan te pas. Sy het gevra of ek nie oor naweke saam met die dogter huis toe sou ry nie. Sy het haar eie voertuig gehad. Hierdie kontak het my die deurbraak gegee waarop ek gewag het. Sy het my aan ander studentevriende en -vriendinne voorgestel. Dit was ‘n antwoord op my soeke na jongmense met dieselfde lewensbeskouing as ek. Ek het haar aan een van my koshuisvriende voorgestel en hulle is later getroud.  Ons het saam ‘n sosiale groep gestig wat vir my ‘n ‘veilige omgewing’ in die stad geword het waarheen ek kon vlug wanneer die koshuislewe te veel geword het. Dit was ook in hierdie groep waar ek Carel Krige, my langtermynvriend, die eerste keer ontmoet het.

Ek het later uitgevind dat ek en Carel, wat ‘n dagstudent was, lank reeds saam in dieselfde Bybelkunde klas was, maar nooit van mekaar bewus was nie. Ons het gou groot vriende geword en sy ouerhuis was soms vir my ‘n ontvlugting uit die koshuis. Sy vriendskap en die sosiale groep wat ons saam ontwikkel het, het bygedra tot my selfontdekking en leierskapsontwikkeling. Later het ek ook goeie vriende in die koshuis gemaak en ook daar ‘n sosiale ondersteuningsgroep ontwikkel. In my finale jaar het ek begin voel dat ek weet wie ek is en waarvoor ek staan. Ek het ook my politieke standpunte begin stel en my pa oor syne uitgedaag. Ons was voortdurend hieroor in gesprek. Ek het ontwrikbaar geglo in die waarheid wat ek ontdek het en nie geskroom om dit vir ander te vertel nie.

Getrou aan ons kerk se siening het ek tydens my universiteitsloopbaan nie aan enige politieke aktiwiteite deelgeneem nie. Ek het eers die Koninkryk van God gesoek. Die eskalering van die binnelandse onrus en die toename in swartverset was vir my kommerwekkend. Diensplig is in 1977 verleng, meer basisse is op die Grens opgerig, burgerlike beskerming onder leiding van kommando’s is ingestel en daar is baie

sterker teen binnelandse aktiviste opgetree. Die oorlog het binnelands en buitelands verder geëskaleer.

In die universiteitskoshuis is ek blootgestel aan die politieke onderstrominge en die aktiwiteite van die Ruiterwag en Junior Rapportryers wat lede vir die Broederbond gewerf het. Weens godsdienstige oortuigings was ek, net soos my pa, gekant teen enige betrokkenheid by geheime organisasies soos die Broederbond. Ek en my pa het die boek van Ivor Wilkins en Hans Strydom *The Super-Afrikaners: Inside the Afrikaner Broederbond* net na sy verskyning in 1978 (Wilkins & Strydom 1978) baie amusant gevind. Ons was nogal verras oor die name van bekendes en familielede wat ons agter in ‘n naamlys in die boek kon identifiseer. Dit moes vir baie van hierdie manne ‘n verleentheid gewees het, want hulle het nooit openlik oor hulle betrokkenheid by die Broederbond gepraat nie. Ons kon sien hoe suksesvol hulle was en het die afleiding gemaak dat dit hulle betrokkenheid by die Broederbond was wat hulle bevoordeel het.

In ons geskiedenisklas op universiteit het ons as deel van eietydse geskiedenis, deurlopend aandag gegee aan die verwikkelinge, onderhandelinge en ooreenkomste in die voormalige Rhodesië wat sedert 1978 aan die gang was. In Maart 1980 is die verkiesing in Rhodesië gehou en op 18 April 1980 is Robert Mugabe as die eersteminister van die staat Zimbabwe aangestel. Ek onthou nog professor APJ van Rensburg se opmerking dat die nuwe regerende party se benadering was: “Soek eers die politieke koninkryk en die ander dinge sal bygevoeg word.” Dit was net in die RSA en Suidwes-Afrika waar ‘n swart meerderheidsregering nog nie aan bewind was nie.

Ek het besef dat onderhandelinge en verandering moes kom, maar het geglo dat die RSA self sy eie toekoms op ‘n eie unieke manier sou kon uitwerk. Aan die einde van my studies het my gevoel van patriotisme en Afrikaner-nasionalisme my beter voorberei om diensplig en die nuwe seisoen in my lewe te betree. In 1980 het ek nie besef dat ek nog nie op hoogte was van die werklikhede van Grensoorlog, die ANC se “totale aanslag” en die NP-regering se “totale strategie” teen die bevrydingsbewegings nie. Ek het nie besef dat ek opgeroep is vir ‘n oorlog wat ek nie regtig verstaan het nie, maar ek het uitgesien na die avontuur.

Dit is maklik om nou te spekuleer of dit beter sou wees om direk na skool eers diensplig te doen of om eers te gaan studeer. Daar is ook redelik baie navorsing oor dié vraag

gedoen. Oor die algemeen wou dit voorkom asof diensplig ons manne goed gedoen het en soms hoor ek die versugting dat dit jammer is dat daar nie meer ’n dienspligstelsel is nie. Tog was daar jong seuns wat deur die oorlog, die stelsel en veral ook mense in die stelsel geknak is.

Terwyl ek hierdie storie skryf, besef ek hoe gereed ek vir diensplig was. Dit was ook ‘n rede waarom diensplig vir my so ‘n positiewe ervaring was. Ek hoop dit gee beter agtergrond oor my oortuigings en ervarings rakende patriotisme, Afrikaner-nasionalisme en die identiteit wat ek toe ervaar het.

Ek sien uit om jou kommentaar te hoor.

Groete

Roelf

Dit is reeds tien-uur die aand en die lang dag se aktiwiteite begin hul tol eis. Ek stuur die epos aan Hendrik; bly dat die storie afgehandel is. Op 27 Februarie 2017 kry ek ’n epos van Hendrik met sy kommentaar op my storie.

**Inbox**

From Hendrik Kruger <hendrik.krug@gmail.com>

To Me <rpgschoeman@gmail.com>

Subject Patriotisme, Afrikaner-nasionalisme en die ontwikkeling van my identiteit

Goeiemiddag Roelf,

Ek het jou storie gelees en het geen vrae daaroor nie. My enigste kommentaar is dat al jou ervarings oor Afrikaner-nasionalisme slegs positiewe ervaringe is. Was daar nooit ‘n ervaring wat ingedruis het teen dit wat jy in jou gemeenskap gehoor het nie? Het niks jou laat dink het dat die RSA-regering moontlik ‘n verkeerde rigting ingeslaan het nie? Skryf ‘n epos daaroor. Ons kan dan by ‘n volgene afspraak daaroor praat.

Groete
Hendrik

Ek besluit om dadelik my antwoord te epos want ek het nie veel om te sê nie.

New Message

To Hendrik Kruger <hendrik.krug@gmail.com> Cc Bcc

Subject Beleid van afsonderlike ontwikkeling

Goeienaand Hendrik,

Jy het my nog al onkant betrap en diep in die verlede laat delf. Een gewaarwording het my die beleid van afsonderlike ontwikkeling laat bevraagteken. Dit was toe ek die Afrikaanse voorgeskrewe boek *Die Swart Pelgrim* van FA Venter (1969) wat in 1974 vir standerd agt leerlinge voorgeskryf was, vir die eerste keer gelees het. Die ervaringe van Kolisile, die jong ontwortelde swartman uit die Transkei in die "stad van die witman" het my diep getref. Die boek het my bewus gemaak van die hartseer en ontwrigting wat die swart mynwerkers ervaar het aan die destydse Witwatersrand. Ek het toe ook bewus geword van die uitdagings van die swart stedelinge. Vir die eerste keer het ek gewonder hoe ek op die beleid van afsonderlike ontwikkeling sou reageer indien ek dalk in 'n ander bevolkingsgroep was.

Groete

Roelf

**Inbox**

| | |
|---|---|
| From | Hendrik Kruger <hendrik.krug@gmail.com> |
| To | Me <rpgschoeman@gmail.com> |
| Subject | Beleid van afsonderlike ontwikkeling |

Môre Roelf 28 Februarie

Dankie vir jou e-pos. Ek besef ons Afrikanerskoliere is nie geleer om iets te bevraagteken of toegelaat om te verskil van ons onderwysers en ouers nie. Ons moes net aanvaar wat ons onderwysers, kerkleiers, politici en ouers sê en behoorlike, gesonde debatte is nooit in ons gesinne, klaskamers of in die kerk toegelaat nie.

In ons volgende sessie gaan ons aan jou weermagstorie aandag gee. Ek stel voor dat ons een middag na 14:00 twee ure opsysit om oor jou dienspligstorie te gesels. Ek het ook diensplig gedoen en was ook op die Grens. Bring jou foto's, dokumente, boeke en artefakte saam en dan kuier en gesels ons lekker oor diensplig en die Grensoorlog.

Dink solank aan die volgende vrae:

- Waarom was jy bereid om sonder enige twyfel diensplig te doen?
- Wat dink jy was die kulturele konteks wat diensplig vir Afrikaner-jongmans so aanvaarbaar gemaak het?
- Watter traumatiese ervaringe het jy gehad en wat was die invloed daarvan op jou lewensbeskouing?
- Hoe het jy na diensplig weer in die gemeenskap aangepas?

Wat van 'n afspraak vir Donderdag 16 Maart om 14:00? Sal die datum jou pas en genoeg tyd gee om na die vrae te kyk?

Groete

Hendrik

## 3.3 My Dienspligstorie




*Figuur 10: Die profiel van my dienspligstorie met hoogtepunte en laagtepunte.*

Dit is 16 Maart en vandag ontmoet ek Hendrik vir ons derde sessie. My motor sal nou sommer self die pad na Hendrik se spreekkamer kry. Die spanjoel blaf weer, maar hierdie keer nie so luidkeels nie. Hendrik wag my by sy spreekkamer se deur in.

“Middag, kom binne. Ons het mekaar lanklaas gesien,” groet Hendrik weer vriendelik. Ek sit my weermagammunisiekissie op sy koffietafel neer. My foto’s, boeke en artefakte is daarin. Ek is baie trots daarop.

“Middag Hendrik, Sjoe ek dink ons gaan heelmiddag moet kuier om al jou vrae te beantwoord en na alles wat ek saamgebring het te kyk.” Ek is bietjie kortasem, want die ammunisiekissie is bietjie swaarder as wat ek besef het en ongemaklik om te dra.

Ek kan sien aan die boeke, dokumente en artefakte wat Hendrik uitgepak het dat hy ook behoorlik voorberei het.




*Figuur 11: Foto van my basiese uitrusting wat ek as aandenkings kon hou. Linksonder is my dixie en pikstel, my patrolliesak, waterbottel en firebicket. Regsonder is my dogtag en in die middel is my naaldwerkstelletjie.*

“Onthou, jy hoef nie hierdie keer alleen jou storie te vertel nie, Roelf. Ons gaan saam kuier. Waar gaan ons begin?”

“Voordat ons begin, kom ek wys eers vir jou ‘n paar van die items wat ek saamgebring het,” antwoord ek opgewonde. “Hierdie is my SWA gebiedsmagboshoed, -baret en rangkentekens wat ek in 1982 gedra het. Ons eetgerei het bestaan uit ‘n *dixie*, *firebucket* en ‘n *pikstel*, onthou jy dit? Ek het ook my *dogtag*, Nuwetestament-Bybeltjie en naaldwerkstelletjie saamgebring. Hierdie is my boek *Weermagstories* wat in 2014 gepubliseer is en waarin ek my dienspligstorie volledig vertel. Vandag gaan ek jou net vertel van die hoogte- en laagtepunte van my storie soos op my lewensgrafiek aangedui. My ervaring begin op 3 Januarie 1981, die dag toe ek vir diensplig aangemeld het. Dit was ‘n baie besondere dag wat ek nooit sal vergeet nie.

“Die parkeerterrein voor die Pretoria-stasie is vol ouers, familie, vriende en vriendinne wat afskeid neem voordat die troepetrein vol nuwe dienspligtiges vir die Januarie-

inname van 1981 na Oudtshoorn vertrek. Daar is groot opgewondenheid, maar ook onsekerheid oor alles wat voorlê. Dit is ‘n pragtige sonskyndag, maar ‘n somber atmosfeer heers en die afskeid van familie en geliefdes is nie maklik nie. Almal is bewus van die realiteit van diensplig en wat van ons verwag word. Die Grensoorlog het in intensiteit toegeneem en ons is onseker oor die implikasies daarvan op ons land, gemeenskap en lewens.

“Ek ervaar dat ‘n nuwe seisoen van my lewe op my wag en besluit om in die twee jaar wat voorlê elke geleentheid te benut en om die beste daarvan te maak. My belangrikste doelwit is om soveel moontlik geld te spaar om vir my ‘n splinternuwe voertuig te koop. Ek sien nogal uit na die nuwe avontuur wat by die Infanterieskool op my wag en ek is voorbereid daarop. Ek het gesels met ou skoolpêlle en selfs studentevriende wat al diensplig gedoen het en selfs op die Grens was. Ek het ‘n goeie idee gehad van wat sou kom en het gedink ek was gereed daarvoor.

“Hoewel ons hele gesin ook voorbereid was, was die afskeid nie maklik nie. Besorg vra my pa of ek alles het. Met ‘n kopknik verseker ek hom dat al die toerusting volgens die inligtingstuk wat ek saam met my oproepinstruksie en treinkaartjie gekry het, ingepak is.  ’n Strykyster om veral my uniform mee te stryk, ‘dark brown’ skoenpolitoer vir my stewels, ’n ketting waarmee ek my klere aan die draad kan hang om droog te word en slotte waarmee ek my wasgoed op die wasgoedlyne kon vassluit sodat dit nie gesteel word nie. Selfs die sykouse om onder my langbroek aan te trek as dit baie koud word, is ingepak. Alles was in. Selfs wat volgens my vriende se broers nodig was, Ek het drie maande lank hard geoefen om fiks genoeg te word sodat die korporaals my net fikser en taaier kon maak om die fisiese ontberings te hanteer.



*Figuur 12: 'n Jong dienspligtige meld aan by die Eros lughawe Windhoek Januarie 1989 (Liebenberg & Hayes 2010:28).*

“Ek onthou nog die bekommerde uitdrukkings op my ouers se gesigte, veral my ma s’n, want ek was mos haar enigste seun. Niemand van ons was seker dat ek lewend sou terugkom nie. Om haar te probeer gerusstel het ek belowe dat ek gereeld sou

skryf en bel wanneer dit moontlik was. Ek was dankbaar dat ek nie ‘n vaste verhouding met ‘n vriendin gehad het of selfs getroud was nie. Ek kon rondom my sien hoe erg die afskeid vir sommige geliefdes was. Ek dink die afskeid en onsekerheid was vir my ouers en veral my ma erger as wat ek op daardie tyd besef het.

“Ons as gesin het die vorige aand langer as gewoonlik om die etenstafel gebid en ek het die belofte van Psalm 121:7 in my hart vasgebind voordat ek aan die slaap geraak het. *Die Here sal jou beskerm teen alle gevaar. Jou lewe sal Hy beskerm.* Hierdie belofte sou ek die hele tydperk in my gedagtes koester. ‘n Oom in ons gemeente wat nog altyd vir my ‘n rolmodel was, het dit persoonlik vir my kom gee nadat die gemeente gebid het vir al ons dienspligtiges wat sou vertrek.”

“Jy het ook die volle ondersteuning van jou familie en jou gemeenskap gehad, nê Roelf?” sêvra Hendrik.

“Ja, dit was vir my ‘n riem onder die hart en ek het gevoel die tyd het aangebreek om my liefde vir my land, my volk en al my geliefdes op ‘n konkrete wyse te bewys.”

“Jy was seker ook bereid om ‘te antwoord op jou roepstem en te offer wat jy vra*’* soos wat ons gereeld met die sing van die stem van Suid Afrika verklaar het,” merk Hendrik op.

“Vir seker! Daar was by my geen twyfel dat ons saak reg was en dat ek my verantwoordelikheid teenoor my familie en volk moes nakom nie. Ek was in alle opsigte, fisies, geestelik en selfs sielkundig voorbereid vir diensplig.


“Ek onthou nog hoe my pa my gewaarsku het dat infanterie-opleiding baie uitdagend sou wees en my aangeraai het om so gou moontlik ’n vriend te maak wat my deur dik en dun sou ondersteun. Ek was dus baie dankbaar dat my groot universiteitsvriend, Carel Krige ’n kompartement met my gedeel het op pad na Oudtshoorn. Die treinrit het twee dae geduur en was een groot fees. Daar was wel ’n korporaal saam met ons op die trein. Hy was die vriendelikheid self totdat ons op 6 Januarie om vier-uur die oggend op die Oudtshoorn-stasie aangekom het.

### 3.3.1 Offisiersopleiding by die Infanterieskool

“Die korporaals wat ons op die perron van die Oudtshoorn-stasie ingewag het, het dadelik op ons begin skree. Geen vleiende woorde is ons toegesnou nie. Ek kon nie glo dat iemand so neerhalend met ons kon praat nie. Dit wou voorkom asof hulle mekaar probeer beïndruk of met mekaar gekompeteer het met die woorde wat hulle ons toegesnou het. Hulle het gelyk en geklink soos ’n trop hiënas wat onderlangs lag en giggel terwyl hulle hul prooi intimideer. Toe die trein tot stilstand kom, bedaar hulle en help ons om in die donker op die Bedford-vragmotors te klim wat ons na die basis toe sou neem.

“Op die trein het ek gedink aan alles wat ek van die Infanterieskool op Oudtshoorn gehoor het en met Carel gesels oor wat ons kon verwag. Die Infanterieskool was die modelskool vir alle infanteriste (voetsoldate) en al die junior leiers (onderoffisiere en offisiere) wat by die verskillende infanterie-bataljons ontplooi sou word, is daar opgelei. Onderwysers is gesien as mense wat vir die algemene dissipline in skole verantwoordelik is en as infanterie-offisiere sou ons dus ook beter toegerus wees om die kadetprogramme in skole te ondersteun. Die van ons wat as offisiere gekwalifiseer het, sou ook nie weer vir kampe opgeroep word wanneer ons by die kadetprogramme en kommando’s betrokke was nie.

Toe ek dit vertel, kry Hendrik hy ‘n pynlike uitdrukking op sy gesig en kyk by die venter uit. Ek bly stil en kyk vraend na hom.



*Figuur 13: Dienspligtiges in hulle onderklere tydens hulle aanmelding vir diensplig by die Eros lughawe in Windhoek Januarie 1989 (Liebenberg & Hayes 2010:29).*

“Dit klink vir my so bekend. Ek het dieselfde ervaring gehad.” Hy kyk steeds by die venster uit. “In sy boek *Man’s search for meaning* beskryf Victor Frankl (2006:8-10) sy ervaring as deel van ‘n groep krygsgevangenes se treinrit en aankoms by die konsentrasiekamp se treinstasie. Terwyl ek die boek gelees het, het die terugflitse van my aankoms by die treinstasie tydens diensplig en die

manier waarop die korporaals ons hanteer het by my opgekom. Uit jou vertelling lyk dit my was dit standaardpraktyk. Vir die eerste keer wonder ek of dit nie in ‘n mate reeds die eerste traumatiese ervaring vir ‘n 18-jarige seun kon wees nie. Die ooreenstemming van hoe die krygsgevangenes hanteer is en hoe ons ook in die begin hanteer is, is vir my skokkend. Net soos hulle was ons gestroop van ons ou identiteit en geforseer om ‘n nuwe identiteit aan te neem.”

Die nuwe identiteit waarna Hendrik verwys het my dadelik laat dink aan die komiese storie wat in daardie eerste paar dae van diensplig plaasgevind het.

“Gepraat van identiteit, die meeste van ons het ’n spesifieke *image* as student gehad en dit is ook hoe ons mekaar aanvanklik leer ken het. Ek het, soos die meeste van my vriende, besluit om gedurende die vakansie my hare langer te laat groei, want die weermag sou dit mos in elk geval sny. Die impak van die haarsnyery was groter as wat ek verwag het. Ons het mekaar aanvanklik nie eers behoorlik herken nie. Ek was so van my vorige identiteit gestroop dat dit gevoel het of ek myself en vriende weer van vooraf moes leer ken. Terwyl ek in die ry gewag het, het die haarkapper vir die ou voor my gevra of hy graag sy kuif wou behou. Hy het gretig ‘ja’ geantwoord. het. Die haarkapper het gesê dan moet hy sy hand reghou om die kuifhare te vang.

“Weet jy, die aanvanklike opleiding het so ’n groot impak op my gehad dat toe ek ná drie maande op my eerste langnaweekpas huis toe kon gaan, kon my familie en vriende nie glo watter transformasie ek ondergaan het nie.”

“So, jy het nie net ‘n gedaanteverandering ondergaan nie, maar ook ‘n persoonsverandering.”

“Ja. Ek was veral verbaas oor hoe ongeduldig en aggressief ek teenoor vreemdelinge was. Gelukkig was die naweek gou verby en was dit amper ‘n verligting om weer terug te wees in die weermagbasis se roetine waaraan ek nou meer gewoond was.”

“Jy het gesê dat die aanvanklike opleiding ‘n groot impak op jou gehad het. Brei bietjie meer uit hieroor.”

“Die opleiding was fisiek uitmergelend en emosioneel afbrekend. Veral die basiese opleiding wat daarop gemik was om jou as mens af te breek totdat niks van jou oor

was nie, kon ’n merk gelaat het op ’n jong man wat nog nie volwasse genoeg was om dit te hanteer nie. Hierdie opleiding se doel was dat jy saam met jou eenheid ’n nuwe identiteit kan ontwikkel kry en hierdie proses het sommige van ons beter mense gemaak, maar ander geknak.”




*Figuur 14: Ons peloton, my sertifikaat van voltooiïng en persoonlike foto’s tydens Vasbyt.*

“’n Kapelaansvriend wat by die pantserskool ontplooi was se verhaal oor sy opleiding, het my laat besef dat daar heelwat meer traumatiese verhale oor opleiding in die omloop is as wat ons besef,” sê Hendrik.

“Ja, ek ken ook baie stories. In een van die stories vertel ‘n vriend sy pelotonbevelvoerder uit die Staandemag het ’n onmenslike standaard aan sy peloton gestel. Dalk as voorbeeld vir ander dienspligoffisiere. Sy peloton was topfiks. Hulle was altyd aan die hardloop. Selfs terwyl ander pelotonne gerus het. Dit is deel van ’n infanteris se opleiding in veldkuns om geen menslike spore soos papiere, blikke en ontlasting agter te laat nie. Veral laasgenoemde moes begrawe word. Die pelotonbevelvoerder het die lede van sy peloton gewaarsku dat hy drasties sou optree indien iemand hierdie reël verbreek. Toe hy afkom op ontlasting en toiletpapier wat


nie begrawe is nie, het hy die lede wat daar naby ontplooi was, geroep en gevra wie die skuldige is. Toe niemand skuld wou aanvaar nie, het hy die een naaste aan die ontlasting opdrag gegee om dit op te tel en na ander toe aan te stuur totdat die skuldige na vore kom. Dit was ’n besondere negatiewe ervaring vir die peloton omdat water in daardie omgewing baie skaars was en hulle net daarna moes eet. Omdat hulle die bevelvoerder as onredelik geken het, het ‘n onskuldige verantwoordelikheid aanvaar. Hulle het geweet dat nie een van hulle groep skuldig was nie, maar wel iemand van ’n ander peloton.


Een van die pelotonlede van hierdie bevelvoerder is later van die kursus onttrek omdat hy probeer selfmoord pleeg het. Hy is na die psigiatriese afdeling verwys nadat hy die aand ná sy selfmoordpoging verdwyn het. Ons kompanie is aangesê om hom te soek. Ons het hom gekry waar hy tussen die asblikke weggekruip het. Hy het onophoudelik gepraat oor al die stewels wat hy kon sien en oor sy eie gevegstewels wat nie blink genoeg was nie. Ek onthou nog die neerhalende grappe wat ons daaroor gemaak het. Ons gevolgtrekking was dat hy net aandag gesoek het en ’n rede om nie meer die kursus te doen nie. ’n Volwasse onderwyser kan mos nie so kop verloor nie.”

“Dink jy vandag nog dat hy net aandag gesoek het?” vra Hendrik. “Jy hoef my nie te antwoord nie. Wat het jy gedink van die geestelike ondersteuning wat jy gekry het?”

“Daar was volop geleentheid vir geestelike ondersteuning deur kerkparades op Sondae en die kapelaanperiodes waar jy met ’n kapelaan of ’n predikant van jou kerk kon gesels. Die predikant was die een by wie ons soms ons lot sou bekla en hy en die welsynsoffisier was gewoonlik ons beste kontakte met die buitewêreld. Voor ete is daar gewoonlik ’n gebedsrympie opgesê. Dit was egter soms verrassend onvanpas, want sommige korporaals het nog een oomblik in erge gekruide taal met ons gepraat en net daarna die opdrag gegee dat ons ons oë moet toemaak sodat hy kon bid. Sy gebed het soms geklink asof hy God opdrag gee om die voedsel te seën.

“Sondae se kerkparade was vir my ’n hoogtepunt van die week, want dan kon elkeen na die kerk van sy keuse gaan en met die gemeentelede en veral die meisies, kontak maak.”



6

DIE KAPELAAN

Wanneer jy in die basis aankom, vind die groot harewaai- en pedigree-parade plaas. Jy maak kennis met korporaals, kapteins, sersant-majore en 'n hele klomp manne wat net so vreemd en verdwaald soos jy is.

Maar tussen hierdie mense ontmoet jy ook die kapelaan. Hy is niks anders as 'n dominee in uniform nie. Jy sal hom gereeld in die eenheid, op parade, by die kapelaansperiode of in die kerk ontmoet. Hy is dalk nie die dominee van jóú kerk nie, maar hy sal help dat jy by geleenthede, waar moontlik, met jou eie dominee kennis maak.



7

In die vreemde wêreld van die militêre basis, gaan jy dus een bekende figuur raakloop - die kapelaan. Hy is dié persoon wat jou gaan help om jou godsdiens tydens militêre diens uit te lewe. Hy gaan aan jou toon hoe noodsaaklik dit is om jou Christenskap met woorde en dade op die paradegrond, by die menasie, in die kaserne, op die sportveld, gedurende veldoefeninge en in die grenssituasie uit te leef.

Jy as Christensoldaat kan alleen vasstaan in jou situasie wanneer jy vasstaan in jou geloof in Jesus Christus as Here en Koning van jou lewe. Daarom is dit noodsaaklik dat jy in jou geloof prakties gelei, gevorm en versterk moet word. Hierdie vorming is selfs belangriker as skietoefeninge. Dit kan gebeur dat jy in 'n gevegsituasie beland waar bomme om jou bars en koeëls rondom jou fluit. Juis dan moet jy nog weet: "My hulp is van die Here wat hemel en aarde gemaak het" (Ps 121 : 2).

Die kapelaan is jou raadgewer, vriend en vader. Méér nog: hy is die een wat jou gedurende jou opleiding en aktiewe diens vanuit die Woord van God wil begelei en versterk. Moet dus nie huiwer om met jou vrae en probleme, van watter aard ookal, na jou kapelaan te gaan nie. Dit is so noodsaaklik dat jy nie net militêr en fisies weerbaar sal wees nie, maar ook geestelik en godsdienstig. Vir hierdie doel is die kapelaan, die dominee in uniform, in die eenheid beskikbaar.

EREDIENSBYWONING/KERKBYWONING

In die weermag is daar genoegsaam geleenthede om eredienste by te woon. In die erediens kry die broers en susters wat almal kinders van die Here is, die geleentheid om as familie bymekaar te kom. Daar praat die hemelse Vader deur die Woord en Woordverkondiging met sy kinders. Daar "antwoord" sy kinders deur lofliedere te sing, hul geloof te bely, tot die Vader te bid en dankoffers aan Hom te wy.

Kerkbywoning is vir die Hoof van die Weermag 'n baie belangrike deel van elke weermagslid se lewe. Daarom stel hy self die voorbeeld en verwag hy van al sy offisiere, adjudant-offisiere, onderoffisiere en weermanne om ten minste een erediens per Sondag by te woon.

Dissipline vorm 'n belangrike deel van die weermagslewe. Daarom is dit goed dat jy ook in jou geloofslewe dissipline aanleer deur gereeld saam met God se kinders te vergader. Dit is die duidelike opdrag van die Hoof van die Kerk, Jesus Christus! Hy lê die heerlike voorreg en verantwoordelikheid op jou om saam met jou broers en susters God te eer, te dank en te dien.

Een aand per week word vir Kerkjeugaktiwiteite afgestaan. Hier kry die diensplgtiges die geleentheid om mekaar as Christenjongmanne te leer ken, om op 'n praktiese wyse Bybelstudie te doen, hul Christenskap uit te lewe en sommer as Christene saam te ontspan.

Maak seker dat jy op hoogte is van die geleenthede om jou godsdiens te beoefen en maak gebruik van elke geleentheid!

*Figuur 15: Die voorblad, agterblad en die gedeelte oor die rol van die kapelaan wat deur die SAW Kapelaansdiens aan dienspligtiges saam met hulle oproepinstruksies gestuur is.*

"Ja, mens kan uit jou verledestorie sien dat jy baie waarde heg aan geestelikheid. Dit sou natuurlik op die Grens ook ter sprake kom. Is daar enige ander goed wat vir jou uitgestaan het, Roelf?"

"Ek onthou die sportparades op Woensdae. Dit was ook 'n welkome afwisseling. Elkeen het die geleentheid gekry om sy voorkeursport te beoefen. Ek en 'n paar vriende het gereeld muurbal gaan speel, want dit was buite die basis en daar was net twee bane. So ons kon wegkom van die mense af en verlore slaap inhaal terwyl ons ons beurt afwag.

"Saterdagaande wanneer ons nie met opleiding besig was nie, kon ons braaivleis hou, maar ons is streng gerantsoeneer tot twee biere elk. Die ouens wat nie bier gedrink het nie, is gou geïdentifiseer en gevra om hulle rantsoene aan die ander dorstige manne af te staan.

"Ons peloton het uit die lede van die blaasorkes en koor bestaan en soms was daar 'n welkome onderbreking in ons opleiding wanneer ons onttrek is om tydens militêre parades of militêre begrafnisse op te tree. Wanneer die orkes vir so 'n oefening onttrek is, het sommige van die koorlede die geleentheid probeer benut om laag te lê in die basis. Die sersant-majoor (sammajoor) van die kompanie het hulle egter in hulle kamers gesien terwyl ons met oefeninge besig was. Dit was in die middel van die winter en vir straf moes hulle koud stort en vir die sammajoor sing terwyl hulle stort. Tydens teetyd is ons dus vermaak deur die wonderlike bewerige dreunsang van die 'koorlede' terwyl die sammajoor aanhoudend vir hulle skree: 'Sing kanaries, sing!'"

"Daar is gelukkig altyd 'n paar snaakse stories tussendeur die oorlog en swaarkry. Ons almal is tog net mense. Dink jy die opleiding of jou tyd op die Grens het 'n verdere impak op jou sterk patriotiese gevoel gehad?" Hendrik bring die fokus terug na my storie.

"Vir seker! Onthou ons het baie lesings gekry oor die *swart gevaar*, die *rooi gevaar* en die *totale aanslag*. Die saam swaarkry het deur die jaar 'n baie hegte verhouding tussen die leiers van 'n peloton en die troepe tot gevolg gehad. Eenheid en ware vertroue in mekaar se vermoëns as soldate was dus van kardinale belang. Die

teeninsurgensie-opleiding in Suidwes-Afrika voordat ons in patrollies ontplooi sou word, is as die hoogtepunt van die jaar se opleiding beskou.

### 3.3.2 Grensdiens vir die eerste keer

“Ons ouers is almal per brief deur ons bevelvoerder ingelig dat ons Grens toe sou vertrek. Hulle is ook gerusgestel dat ons goed opgelei was en goeie ondersteuning in hierdie laaste fase van die opleiding sou kry. Hier is my brief wat my ouers ontvang het.” Ek haal die brief uit die ammunisiekissie. “Ek dink ons was geestelik goed voorberei vir ons grensdiens. Ons eenheidskapelaan het tydens ‘n spesiale gebedsparade vir ons gebid en toe ons op die vliegtuig klim, het ons elkeen ‘n koringkorrelvers uit die Bybel gekry.  Ek wys die Nuwetestament-Bybeltjie wat ek op die Grens gekry het vir Hendrik. Hy vat die verblykte Bybeltjie en vryf oor die hoekies terwyl ek verder begin praat.

“Die welsynsoffisier van ons eenheid het voor ons grens toe gegaan het, met ons elkeen ‘n gesprek gevoer en bewyse gevra dat ons ‘n testament opgestel het. Die Suiderkruisfonds het aan ons elkeen ‘n spesiale pakkie gegee met ‘n briefhoof en skryfblok vir briewe aan ons geliefdes. Ek het al hierdie goed gebêre.” Ek wys my pakkie vir Hendrik.

“Toe ons op die Grens aanland, is ons gewaarsku dat ons geen kontak, behalwe deur ons briewe met ons geliefdes in die *states* mag maak nie. Ons mag ook nie in ons briewe enige plekname, datums of enige van ons aktiwiteite of ontplooiings bekendmaak nie. Ons het toe nie geweet dat 61 Gemeganiseerde Infanterie Bataljon Groep (61 Meg BG) langs ons opleidingsgebied by Oshivello besig was met die finale voorbereiding vir *Operasie Protea* nie. Ons blaasorkes was voor en ook na die operasie betrokke by 61 Meg BG se kerkparades, eers om te bid vir voorspoed en daarna om dankie te sê vir die suksesse. Ons het twee nagte lank geen nagrus gehad nie weens die aanhoudende gedreun van hulle voertuie op pad na Angola. ’n Paar dae lank daarna het die vegvliegtuie wat van die vliegvelde by Ondangwa en Grootfontein opgestyg het en met bomme gelaai was oor ons koppe gevlieg. Dit was ’n duidelike aanduiding dat daar ’n grootskaalse operasie in Angola aan die gang was.

“Die volgende onderwerp wat ek graag wil aanraak, is ons finale voorbereidings vir die oorlog en ons teeninsurgensie-opleiding. Hoewel die opleiding by Oshivello steeds

harde, intense en gefokusde opleiding was, was die atmosfeer baie meer ontspanne. Dit was egter tydens die inoefening van die oprigting van padblokkades waar ons eenheid die eerste operasionele verlies gelei het. Een van die skutters van ’n ander kompanie kon nie gou genoeg ’n hamer kry om ’n tentpen in te slaan nie en het toe ’n mortierbom wat daar naby gelê het opgetel en gebruik. Nadat ’n paar van sy makkers dit na bewering ook gebruik het, het die bom ontplof en is die skutter noodlottig gewond en van sy makkers ernstig beseer.

Daar was geen beddens in ons tente nie en dit was ’n welkome ontvlugting uit die moeilike omstandighede toe die orkes onttrek is om in Oshakati aan ’n parade deel te neem. Daar het ons heerlik van die voordele van die menasie soos gemaklike beddens gebruik gemaak. Hierdie besoek aan Oshakati was ons eerste werklike besoek aan die operasionele gebied. By die Sektor 10-hoofkantoor in Oshakati het brigadier Witkop Badenhorst ons met ’n baie kort toespraak verwelkom nadat ons op sy versoek vir hom die lied ‘Green Beret’ gespeel het.”

“Ek onthou brigadier Witkop Badenhorst ook,” onderbreek Hendrik my. “Twee slagspreuke wat ek altyd van hom sal onthou, is: ‘Man se wêreld’ en ‘Ons saak is reg’”

“Dink jy dit is dan waar die slagspreuke vandaan kom?” vra ek verbaas. Hendrik knik sy kop.

“Hierdie twee slagspreuke laat my nou dink. Ek het dit gereeld gehoor in die operasionele gebied, veral wanneer dinge regtig begin moeilik raak het.”

Ek tel my glas water op. Wanneer het dinge vir my die eerste keer regtig begin moeilik raak? Die eerste nag in Oshakati word ek twee-uur die oggend wakker geruk deur onverwagse ontploffings toe die mortieriste hulle verdedigingsvuurplan toets. Hulle het dit gereeld ter verdediging van die basis afgevuur. Dit was deel van die basisbeskermingsplan om sekere spesifieke teikens vooraf te registreer en sonder vooraf-waarskuwing met mortiere te bestook om die vyand af te skrik en te verseker dat ons paraat is. Min sou ek toe weet dat ek só gewoond sou raak aan die klank van mortiervuur dat dit later nie meer my slaap sou versteur nie.



*Figuur 16: Een van die enigste teerpaaie in die streek tussen Oshivello en Oshikati.*

"In Oshakati is my perspektief van swartmense weereens uitgedaag. By die Oshakati troepemenasie het ek vir die eerste keer met sommige van die swart troepe te doen gekry, want in die operasionele gebied was daar nie 'apartheid' nie. Toe ek in die stort instap, was swart troepe van 101 Bataljon, 'n eenheid van die Suidwes-Afrika gebiedsmag (SWA GM), reeds besig om te stort. Dit was nogal vir my 'n aanpassing om geriewe met hulle te deel. Min het ek toe geweet dat dit maar net voorbereiding was vir my ontplooiing by 701 Bataljon. Oorlog is 'n gelykmaker en ek sou daar met swart troepe werk wat my beskouing oor swartmense heeltemal sou verander.

"Ons is nou al 'n rukkie besig, kan ek vir jou koffie of tee aanbied? Kom sommer saam met my kombuis toe dan maak ek vir ons."

Ek staan op, rek my bene en volg Hendrik na die kombuis. Ek leun teen een van die kombuiskaste en vertel my storie verder.

"Die SAW was in Suidwes-Afrika baie betrokke by kommunikasie-operasies (Komops) waarmee hulle die guns en ondersteuning van die plaaslike bevolking probeer wen het. Ná ons besoek aan Oshakati was ons baie teleurgesteld toe ons ingelig is dat ons peloton nie saam met die kompanie ontplooi sou word om patrollies op die Grens met Angola te stap nie. Ons sou deel vorm van een van die Komops-projekte in die skole en met ons optredes en musiek die plaaslike bevolking vermaak en namens die SAW 'n goeie verhouding met hulle bou. Die voordeel was dat ons 'n behoorlike besoek aan die hele operasionele gebied gebring het. Ons het begin met 'n besoek aan die plaaslike inwoners en skole naby Ondangwa en daarna het Rundu en Ruacana gevolg.

"Koffie, tee? Hoeveel suiker drink jy?" vra Hendrik.

“Koffie, twee suiker. Dankie.”

“Ja, praat maar verder,” por hy my aan.

“Ons was nogal jaloers op die stories wat die ander pelotonne te vertel gehad het oor hulle ervarings toe hulle die Grens oorgesteek en in Angola patrollie gestap het. Ons kompanie het egter nie noemenswaardige suksesse of verliese tydens ons ontplooiing gehad nie. Ons het gewonder of hulle ons werklik aan groot gevaar blootgestel het of maar net die ervaring wou gee om dit wat ons geleer het, toe te pas. Ons het egter almal die Pro Patria-medalje vir ontplooiing in die operasionele gebied gekry. Ek sou later hoor dat ’n dienspligtige wat drie maande lank ’n wonderlike lewe as professionele tennisspeler en -afrigter in Oshakati gehad het, ook sy Pro Patria-medalje gekry het. Dit het my sterk sin vir regverdigheid nogal laat opstoot.

Terug op Oudtshoorn is ons uiteindelik tot kandidaat-offisiere bevorder. Ons formele opleiding was verby en ons was net met die inoefening van die finale uitpasseringsparade besig. Die meeste van ons wou net die parade en die opleiding afhandel en het uitgesien na ’n welverdiende vakansie saam met ons familie en vriende.

Die uitpasseringsparade was vir my ‘n persoonlike hoogtepunt wat ek met my ouers en jongste suster kon deel. Dit was immers die hoogtepunt waarvoor ons die hele jaar hard gewerk het. Veral die laaste aand van die verrigtinge was die militêre optrede ‘n groot skouspel waarop ek baie trots was. Die kwaliteit van die skouspel, die militêre presiesheid, en die applous van die toeskouers het my laat voel dat al die weke se inoefening op die ou end die moeite werd was. Ek het voorbereid gevoel om my land as jong offisier in die operasionele gebied te dien. Kyk, hier is die program van die uitpasseringsparade *Militêre Taptoe op 11 Desember 1981* wat ek as aandenking gehou het. Dit is nog steeds in ‘n goeie toestand na al die jare.”




*Figuur 17: Die uitpasseringsparade was die hoogtepunt van die jaar en ons was verplig om 'n jaarblad en langspeelplaat te koop.*

"Waar is jy toe ontplooi Roelf? Wat was jou eerste ervarings toe van hierdie oorlog waarvoor jy so lank voorberei het?"

### 3.3.3 Deel van die Grensoorlog in Suidwes-Afrika

"Dis nogal 'n lang storie. Ek is by 701 Bataljon ontplooi. Ek het geen dringende verantwoordelikhede teenoor my ouers of 'n spesifieke vriendin gehad nie en het besluit om nie moeite te doen om naby die huis ontplooi te word nie. In die wagtydperk was ek nogal baie onrustig. Die eenheidskapelaan se treffende gedeelte uit die Bybel en boodskap het vir my baie bemoedig. Die boodskap het daaroor gegaan dat ons in God se hande is en moet rus in die wete dat Hy in beheer is van waar ons ontplooi sal word.

“Ek was lus vir avontuur en het besluit om my plasing by ’n nuwe eenheid ’n geloofsaak te maak. 701 Bataljon, waar ek ontplooi is, was ‘n gevegseenheid van swart operasionele soldate en het nie soos die meeste ander infanterie-eenhede in die RSA uit dienspligtiges bestaan nie. Die implikasie was dat ek die hele jaar in Suidwes-Afrika as ‘n pelotonbevelvoerder van hierdie professionele gevegseenheid aan operasies sou moes deelneem.

“Ek was bekommerd oor hoe my ma hierdie nuus sou verwerk en het besluit om die eerste afnaweek wat ek kon huis toe te ry my ouers self te gaan inlig. Die naweek was ‘n besondere geestelike ervaring. Ek kon my ouers behoorlik inlig oor die implikasie van die ontplooiing en kon saam met hulle bid. Die Sondagoggend het ‘n besoekende Chinese evangelis spesiaal vir my gebid. Hy het die opmerking gemaak dat hy nie weet waarheen ek op pad is nie, maar net vir my wil sê dat die Here saam met my gaan en dat ek oor niks bekommerd moes wees nie.”

Hendrik het net sy kop geknik, ‘n slukkie koffie gevat en nou en dan en aantekeninge gemaak. Ek het geweet die vrae gaan nog kom.

Die nuwe seisoen en identiteit as junior offisier by 701 Bataljon het my onkant gevang. Om by 701 Bataljon uit te kom, moes ons eers by die Staatspresidentswag in Voortrekkerhoogte aanmeld. Die eenheid sou ons vlug na die Mpacha-lughawe by Katima Mulilo in die Caprivi hanteer. Ons groepie was almal onervare onderoffisiere en offisiere wat nog nie bewus was van ons werklike status, regte en voorregte nie. Toe ek vir die eerste keer in my volle uniform by die eenheid opdaag, het ek geskrik toe die troepe skielik opspring en my salueer.”

“Janee, dit vat soms ‘n rukkie om ‘n nuwe identiteit aan te neem, veral omdat julle nog nie werklik begin het met die nuwe verantwoordelikhede en take van die nuwe rol nie,” merk Hendrik op.



*Figuur 18: Op die Mpacha lughawe net na my aankoms in Desember 1981.*

"Ja definitief. Ons gebrek aan ervaring het veroorsaak dat ons drie dae lank gesukkel het om net voor Kersfees 'n vlug na Grootfontein te kry. Tydens ons werwing is daar vir een van my vriende gesê dat daar vir sy vrou 'n onderwyspos sou wees. Hulle is wreed ontnugter toe daar nie verblyf vir haar beskikbaar was nie en sy by 'n hotel in Grootfontein moes inboek. Die bevelvoerder by Mpacha was ewe verbaas. Die offisier wat die onderwyspos belowe het, was nêrens te vinde nie. Gelukkig het my vriend 'n oorplasing na 'n ander eenheid gekry, want hulle kon glad nie sy vrou akkommodeer nie.

"Ons bevelvoerder was verbaas dat ons by Grootfontein gedraai het. Hulle het ons eers na Kersfees verwag. Die gebrek aan kommunikasie was frustrerend. Ek kon verplaas word, maar was sterk oortuig dat ek op die regte plek was."

"Wat het vir jou die meeste uitgestaan tydens jou ontplooiing by 701 Bataljon, Roelf?"

Honderde goeie en hartseer stories het deur my geheue geflits. Dalk, hoe die oorlog al die verskillende kulture saamgesnoer het. Dit was eintlik goed om dit te kon ervaar.

"701 Bataljon het uit professionele soldate van hoofsaaklik die Lozi-stam in die Caprivi bestaan. Hulle kon net Engels verstaan en praat. Die bataljon was verantwoordelik vir gebiedsoperasies in 54 Bataljon in Ovamboland. 'n Kompanie is konstant by die Nkongo-basis ontplooi. Hoewel daar 'n paar swart onderoffisiere in die eenheid was, was die offisiere almal blanke lede van die Staandemag en dienspligtiges wat by die eenheid ingedeel was.

"Ons kompanie het bestaan uit 'n mengelmoes van verskillende kulture wat as 'n eenheid moes funksioneer. Behalwe vir die dienspligtiges, was daar 'n Amerikaanse marine-vrywilliger en 'when we' offisiere en onderoffisiere. In die SAW is die 'when we'-term gebruik wanneer daar na soldate van die voormalige Rhodesiese Weermag verwys is wat hulle sinne begin het met: 'When we were in Rhodesia.' Die dienspligtiges, wat meestal uit jong Afrikaanse en Engelse offisiere en onderoffisiere

van die Infanterieskool bestaan het, was die pelotonbevelvoerders van die swart troepe. ‘n Groot verantwoordelikheid het op hulle skouers gerus.

“Die troepe van 701 Bataljon is ontplooi in ’n onbekende area en onder ’n ander swart bevolking wie se taal hulle nie kon praat nie. Die jong dienspligoffisiere waarvan sommiges nie Engels magtig was, nie moes verskeie uitdagings hanteer. Hulle moes die bevel oorneem van ervare swart professionele soldate wat Engels praat en is ontplooi in ‘n terrein wat radikaal verskil het van die terrein waaraan hulle in Suid-Afrika gewoond was. Ons het tydens patrollies agtergekom dat SWAPO geweet het dat die leierskap wit is. Hulle skerpskutters moes dus tydens patrollies die wit leiers identifiseer en elimineer. Gelukkig was hulle skerpskutters nie akkuraat nie. Vir ons ‘wit gesigte’ was dit dus belangrik om behoorlik met die ’black is beautiful’ swart smeermiddel gekamoefleer te wees.



*Figuur 19: Wit offisier en onderoffisiere van ons kompanie  swart gesmeer met “Black is Beautiful” voor 'n patrollie.*

“Die jaar by 701 Bataljon was ’n draaipunt in my lewe. My lewensbeskouing en geloof is tot die uiterste getoets deur die moeilikste omstandighede.”

“Wat was vir jou veral uitdagend van die jaar? Wat het ‘n beduidende impak gehad?” Ek het gedink Hendrik gaan vra dat ek uitbrei, maar dit sal moeilik wees. ‘n Mens vergeet soms jou oorspronklike storie en hoe sterk jy gevoel het.

“Die hele jaar weg van my beskermde omgewing, familie, vriende en selfs my kerk was vir my ‘n jaar van karaktervorming. Ek onthou hoe ek spottenderwys gesê het dat ek nie kon glo dat my pa so baie in my twee dienspligjare kon verander het nie.

“Een van die eerste lesse wat ek geleer het was die verskil in die lewensopvattings en kultuur tussen ons en ons troepe. Ons was nie meer in Oudtshoorn nie, maar in ‘n nuwe plek in Afrika en het dit vinnig besef. Een van ons offisiere het bly hou by die taalgebruik, styl en gewoontes wat ons op Oudtshoorn aangeleer het. Toe hy die swart

troep wat die teekoppies moes uitsit voor ander swart onderoffisiere uittrap en slegsê, was hy in groot moeilikheid. Die ou man was een van die stamleiers van die Lozi-stam en hy is voor jong lede van die stam verneder. Hy is ingeroep deur brigadier Gert Opperman (later generaal-majoor) bevelvoerder van Sektor 70, en moes die ou man om verskoning vra.

Die groepsdruk onder ons was nogal erg. My lewensbeskouing was vir sommige vreemd en hulle het nie gedink dit sou hou nie. Ek weet nie hoe lank sou ek hierdie groepsdruk as ek 'n 19-jarige was, hanteer het nie.

“Hoewel ek die oorlog vir myself geregverdig het, was sekere aspekte daarvan vir my ironies en het nie sin gemaak het nie. As jong Afrikaner jongman wat so trots was op die Eerste en Tweede Vryheidsoorloë moes ek nou soos die Britse soldate oorlog maak teen SWAPO-vryheidsvegters wat net soos ons boervoorsate ’n guerrilla-oorlog gevoer het. *Dit was ’n uitmergelende oorlog waar ons soms vir weke aaneen in die bloedige son patrollie gestap het, sonder om eers behoorlike spore van insurgente te kry.* Ons beweegruimte is ingekort deur Staande Operasionele Prosedures (SOP’s) wat ons stiptelik moes nakom. As ons dit nie gedoen het nie sou ons aangekla en vervolg word. Ons vyand het in dié opsig baie meer voordele en vryheid van beweging gehad.”


“Dit is waar. Die oorlog was nie eintlik regverdig nie,” lewer Hendrik kommentaar. Ek het aanvanklik nie besef dat ons ervarings so ooreengestem het met dié van soldate van ander eenhede en selfs ons voorsate in die Anglo-Boereoorlog nie. Dit was 'n onopwindende oorlog waarin ons die meeste van die tyd gewikkel was in 'n stryd teen elemente. Ons kontak met die vyand was minimaal en die meeste van die tyd was verveeldheid aan die orde van die dag.”

“So jy het ook patrollie gestap?” vra ek verbaas.

“Ja maar dit is 'n storie op sy eie waarop ons nie nou sal ingaan nie. Vertel my van jou ontplooiing in Ovamboland.”

“Tydens my eerste ontplooiing by 54 Bataljon het ek begin wonder wat ek werklik in Namibië gaan doen het. Veral tydens *klaarstaan*, wanneer die hele basis tot stilstand

gekom het en ek op die wagtoring bokant ons hoofkwartier oor Ovamboland kon uitkyk en stil raak, het ek gewonder wat die sin en betekenis van hierdie oorlog was.



*Figuur 20: Die wagtoring waar ek dikwels stiltetyd gehou het.*


"*Klaarstaan* was vroeg in die oggend voor sonsopkoms en in die aand voor sonsondergang wanneer soldate die verdedigingsposte op die muur rondom die basis inneem om 'n moontlike aanval van die vyand af te weer. Die hele basis het dan byna tot stilstand gekom. Hierdie tyd van stilte het ek gewoonlik benut om oor die lewe, die vyand, die oorlog en die toekoms van die witmense in Suid-Afrika te besin. Daar het ek besef dat die SAW een of ander tyd uit Suidwes- Afrika sal moet onttrek. Dit was nie ons land nie. Die vraag was net wanneer?

SWAPO het ons bewegings fyn dopgehou om te sien wanneer ons verslap en het dit dan uitgebuit. Hulle het 'n sekere roetine in een van ons pelotonne se bewegings bepaal en het vir hulle 'n hinderlaag gelê. Die pelotonsersant, 'n vrywilliger wat vir 'n ekstra jaar ná sy diensplig aangesluit het, is tydens 'n goed beplande SWAPO hinderlaag doodgeskiet en die pelotonbevelvoerder is gewond. Nadat altwee die wit leiers van die peloton geneutraliseer is, moes 'n swart seksieleier die bevel van die peloton oorneem en met die teenaanval begin. Die twintigjarige pelotonsersant wat besig was met sy vrywillige kortdiensjaar het gesneuwel en die pelotonbevelvoerder is afgevoer na 1 Militêre-hospitaal in Pretoria." In die boek *South Africa's Border War* skryf Willem Steenkamp (1989) volledig oor hierdie insident en die afvoer van die gewondes. Ek haal die boek uit die amunisiekissie en wys vir Hendrik die foto's op bladsy 144 en 145."

"Tydens my eerste *bosverlof* het ek hierdie jong pelotonbevelvoerder in die hospitaal gaan besoek. Hy het nooit weer by ons eenheid aangesluit nie en ek moes sy rugsak en uitrusting vir hom gee. Ek het hom baie jammer gekry, want hy was nie swaar gewond nie en sy pelotonsersant en vriend is oorlede in die insident. Dit was voorbladnuus in 'n koerant. Hy het nie eers 'n geleentheid gehad om van sy vriende en peloton afskeid te neem nie. Ek weet ook nie of hy enige sielkundige ondersteuning

gekry het nie. Op daardie stadium het ons glad nie aan ‘n sielkundige gedink nie. Ons het dit as ‘n swakheid gesien.

Terwyl ek in die wagkamer by 1 Militêre-hospitaal vir hom wag land ‘n helikopter met gewondes wat deur die wagtende ambulans met loeiende sirenes na die ongevalle-afdeling gebring. Die geskarrel van die mediese personeel om die gewondes so gou moontlik in die teater te kry, gee my ’n hol kol op die maag. Die kalmte en professionele optrede van die mediese personeel beïndruk my, maar vir die eerste keer besef het ek die realiteit van die oorlog. Van die makkers van my eenheid het in ‘n geveg gesneuwel en ek is in die hospitaal om ‘n lid wat gewond is te besoek. Ek is nie meer net ‘n toeskouer van die Grensoorlog nie, ek is deel daarvan. Vir die eerste keer hoop en bid ek dat die ervaring om as gewonde afgevoer te word my gespaar word.”




*Figuur 21: Ek voor die ingang van die Nkongo basis van die tjopperpad af.*

“Is jy ooit gewond gedurende jou tyd op die grens of het jy ‘n noue ontkoming ervaar?” onderbreek Hendrik my gedagtes.

“Nee, gelukkig nie. As Tweede-in-bevel van ons kompanie was ek die bevelvoerder by die Nkongo-basis en verantwoordelik vir die administrasie van ons kompanie.”


“Jou gelukkige derduiwel! So jy het nie soos ons ander aanhoudend patrollie gestap nie?”

”Ja, daarom het ek ‘n behoorlike *tan* van al die sonbrand langs die swembad gehad toe ek op *bosverlof* gegaan het.” Ek kyk met dankbaarheid na hom en besef ek is bevoorreg om my storie met hom te deel, want  hy weet waarvan ek praat.

“Die area by 54 Bataljon was berug vir al die land- en antipersoneelmyne en ons is net toegelaat om op paaie te beweeg wat eers beveilig is. ’n Tragiese insident het plaasgevind toe ’n jong dienspligoffisier die SOP’s ignoreer het. Ons het die ontploffing van ’n landmyn gehoor. Geen troepe was veronderstel om teen daardie tyd rond te beweeg nie. Terwyl ons nog spekuleer of iemand van die plaaslike bevolking of ’n

bees moontlik die ontploffing veroorsaak het, kom ’n *buffel* ingejaag met beseerdes wat deur enjinolie verbrand is.

“’n Jong pantsertroep-bevelvoerder het die opdrag gegee dat die *buffel* ’n stukkende Eland-pantservoertuig moet sleep. Die *buffel* het ’n landmyn afgetrap en troepe wat regop gestaan het en nie volgens die SOP vasgegordel was nie, is ernstig beseer. Ek het die volgende oggend die vrees in die oë van hierdie 19-jarige dienspligtige se oë gesien toe hy vir my sê dat hy aangekla sal word en voor ’n krygsraad sal moet verskyn oor die insident.




*Figuur 22: Foto’s van my aandenkings van die Grensoorlog.*

SWAPO het een aand ongeveer 50 meter buite ons basis ’n antipersoneelmyn gelê. Hulle het eers beeste in ons basis ingejaag om ons besig te hou. Die myn was bedoel

vir ‘n mediese dokter wat die kliniek in die stat buite die basis sou besoek. Indien die myn nie afgetrap is deur die vrou van ’n *home guard* nie, kon die dokter die slagoffer gewees het. Die arme vrou en haar baba het later aan hulle wonde gesterf. In ’n opvolgoperasie is ’n landmyn net buite ons basis gelig, maar geen insurgent is opgespoor nie. Hierdie insident het my haat teenoor SWAPO en die onregverdige oorlog laat toeneem.

SWAPO was egter nie die enigste mag wat suksesse behaal het nie. Hulle was meesters daarin om ’n aanval te loods en dan vinnig te onttrek sodra die teenaanval begin. Nog so ’n voorval is oor die radio gerapporteer. Die SWAPO-peloton wat ‘n peloton van ons aangeval het, het hulle egter misgis. Hulle ammunisie het opgeraak en hulle het in die rigting van een van ons ander pelotonne onttrek. Hierdie peloton is ingelig oor hulle bewegings en het vir hulle ’n hinderlaag gelê en ingewag. ’n *gunship*-helikopter, wat toevallig by ons basis brandstof ingeneem het, is by die operasie betrek. Hulle kon die SWAPO-peloton volg en ons peloton oor hulle presiese bewegings ingelig hou. Hulle het selfs saam met ons op die bende vuur.

Baie SWAPO-lede is gedood en die sterftes sou nog meer gewees het as die aandskemering nie tot hulle redding gekom het nie. Die pelotonbevelvoerder het my later vertel hoe hy op ’n gewonde SWAPO-lid afgekom het. Hy het hom onder ’n boom sien lê en sy geweer in gereedheid gebring vir enige gebeurlikheid. Die man het die jas waarmee hy homself probeer beskerm het oopgeruk. Sy been was totaal vermink deur ‘n 20 mm-kanonkoeël. Hy het soveel deernis vir sy vyand gehad dat hy oorweeg het om hom van sy ellende te verlos deur hom dood te skiet. Die gewonde is egter afgevoer en het ons later van waardevolle inligting oor SWAPO voorsien.

“Die polisie se teeninsurgensie-eenheid, Koevoet, het weens die beleid wat hulle gevolg het baie negatiewe publisiteit gekry. Sommige van hulle lede het al getuig dat daar wel menseregtevergrype was en dat onskuldige lede van die plaaslike bevolking gedood is. Danksy hulle groter mobiliteit het hulle meer insurgente as die SAW gedood. Hulle het dikwels apart in hulle eie deel van ons basis oornag en hulle suksesse gevier. Ek is genooi om saam met hulle op patrollie te gaan en die oorlog eerstehands te ervaar. Vandag is ek bly dat ek hulle uitnodiging nie aanvaar het nie.”

“Hoekom is jy nou bly jy het nie hulle uitnodiging ervaar nie?” vra Hendrik.

“Anthony Feinstein se boek oor sy ervaringe tydens ‘n Koevoet-skermutseling met SWAPO het my dankbaar gemaak dat ek nie saam met hulle uitgegaan het nie. Die oorlogtrauma van so ‘n skermutseling kon my met blywende letsels gelaat het. Hulle was opgelei om in direkte gevegte met SWAPO betrokke te raak. Ons opleiding en taktiek het baie van hulle s’n verskil.

“Koevoet was daarop ingestel om soveel *kills* as moontlik te kry en het dikwels onkonvensionele metodes gebruik. Hulle was berug daarvoor dat hulle op die SAW-radiofrekwensies ingeluister het. Sodra hulle hoor van spore van insurgente onderskep hulle die aksie met hulle vinniger mobiliteit en val die insurgente aan voor ons patrollies dit kon doen. Daar was dus nie ‘n ’goeie verhouding’ tussen ons en Koevoet nie. Ek kon nie verstaan waarom lyke van insurgente openlik buite op hulle voertuie vervoer is en selfs voor die ingange van statte en in ons basis uitgestal is nie. Tog was dit toe vir my nie so afstootlik nie. Ek kon aanvaar dat dit regverdig is, want ek het eerstehands ervaar wat SWAPO aan die plaaslike bevolking gedoen het.”

“So, die wrede oorlogvoering teen SWAPO was vir jou geregverdig alhoewel dit by tye moeilik was? Jy het genoem dat baie van jou karaktervorming in die Nkongo-basis plaasgevind het. Watter aspekte het veral daartoe bygedra? Ek dink ons moet sommer hier eindig.”

“Geestelike ondersteuning op die grens was ‘n uitdaging. Die meeste kapelane was dienspligtiges sonder die ervaring van die hantering van geharde soldate. Die ouer garde het ’n jong dienspligkapelaan gevra of hy enige operasionele ervaring het en of hy in die storieboek wat die Bybel genoem word, glo. Hy is die volgende dag op patrollie uitgestuur waar hy ’n wegstaanbestoking van SWAPO beleef het. Hy is op die eerste beskikbare *rumrun* terug *states* toe. Ek was spyt dat ek nie saam met hom kon onttrek nie.

“Vir my was geestelike ondersteuning veral in daardie moeilike omstandighede noodsaaklik. Ek het ’n paar manne bymekaar gekry wat mekaar kon ondersteun. Die tent wat ons as koffiekroeg ingerig het, was ons veilige plek waar ons uitdagings met mekaar bespreek het. Ons het saam gesing en gebid.

Toe ek op ’n dag ’n erge laagtepunt ervaar, het ek myself afgesonder en vir bemoediging gebid en gewag. Daardie dag het ’n besonderse briefie van een van my ma se vriendinne saam met die *rumrun* opgedaag. Hierdie was haar enigste brief ooit aan my. Terwyl sy gebid het, het sy die behoefte ervaar om spesiaal vir my te bid en het sy daarna die bemoedigende briefie geskryf. Dit was so spesifiek op my van toepassing!

Tydens my eerste patrollie was ek die aand baie benoud toe ons in die verte die geluide van ’n wegstaanbestoking op ’n ander patrollie hoor. Dalk sou ons ook aangeval word? Ek het ook vrees in my medeleiers se oë gesien en gewonder of ons sou kon slaap. In my loopgraaf onder die sterrehemel kom die liedjie ‘Blye versekering’ by my op. Terwyl ek dit saggies sing, raak ek aan die slaap en word die volgende oggend eers wakker.



*Figuur 23: Carel Krige na ons uitpaseringparade op Oudtshoorn.*

As basisbevelvoerder by Nkongo moes ek gereeld deur radiokommunikasie in verbinding bly met ons pelotonne en ons bataljon se hoofkwartier. Ek moes ook rapporte deurstuur. Ter wille van sekuriteit is ons verbied om enige range oor die radio te noem. Ons het na persone se vanne verwys en die woord ‘persoon’ in die plek van ‘n rang gebruik. Terwyl ek wag om ’n rapport te stuur, hoor ek skielik ‘n bekende gestem oor die radio. Op my navraag kom die antwoord dis ‘persoon Krige’. Hy vra of ek ‘persoon Schoeman’ is. Kan jy glo dié ‘persoon Krige’ is toe my jarelange universiteitsvriend Carel. Hy was vir drie maande as transportoffisier saam met sy eenheid by ons bataljon hoofkantoor by Eenhana ontplooi. Ek het ‘n hom ingelig oor die groot vervoerprobleem in ons basis gefabriseer en hom gevra om persoonlik aandag daaraan te gee.  So kon ons die hele nag deur kuier, nuus uitruil en mekaar bemoedig.”

“Ek kan hoor dat alhoewel daar moeilike tye was, jy tog die Here se voorsiening in klein goedjies ervaar het en dat jy baie waarde geheg het aan ondersteuningstrukture. Dit is baie goed, ek dink mens kan genesing vind saam met mense wat dieselfde

beproewings ervaar. Die ondersteuning is meer eg, rou en gedeel as dit kom van mense wat mekaar ondersteun wanneer hulle moeilike dinge saam ervaar.“



*Figuur 24: Ek en my administratiewe klerk in die Nkongo basis se operasionele kamer.*

“Ja, my gesin het my nog altyd ondersteun en die manne wat saam met my deur bloed en sweet is, was altyd daar vir my. Daarom was dit nie maklik om aan die einde van my diensplig in Nkongo van my eenheid afskeid te neem nie. My peloton het ’n paar liedere vir my gesing. Ek het nog die kasset. Luitenant Fleetwood, ’n Amerikaanse marine het my verras met ‘n besondere geskenk. Alhoewel hy aanvanklik verklaar het dat hy ’n ateïs is, het hy tog ’n hegte vriend van my geword en vir my ’n *King James Version Bible* met ’n duur leeromslag as afskeidsgeskenk gegee. Die ander offisiere het elkeen ’n bottel brandewyn ontvang. My derde week van bosverlof was weens operasionele verpligtings gekanselleer en op 21 Desember 1982 na ses maande in die operasionele gebied het ek weer op die Waterkloof-lughawe geland. Hierdie keer was ek ‘n uitgeklaarde dienspligtige. Ek was baie opgewonde oor my onderwysloopbaan wat toe sou begin.”

“Goed, Roelf. Vandag was omtrent ‘n dag vol stories. Soos jy nou terugkyk, hoe was die algehele ervaring van die Grensoorlog vir jou?”

“Ek is ontnugter. Die werklikheid van oorlog, die lyke, beserings en dood van vriende en die onskuldige plaaslike bevolking was vir my erg en onregverdig. Die propaganda en leuens van die NP regering het my ook respek vir die politici laat verloor. Dit was egter nie net ‘n ontnugtering nie. Ek glo die ervaring het van my ‘n beter mens gemaak. Soms dink ek terug aan besondere insidente wat my karakter gevorm het. By 701 Bn het ek vir die eerste keer geleer wat harmonie en samewerking oor rassegrense kan wees. Dit het my ook anders na die beleid van afsonderlike ontwikkeling, my politieke standpunte en my eie lewensopvatting laat kyk. Ek het geleer dat ek swartmense werklik ook kan vertrou en dat hulle in wese nie so ‘dom en barbaars’ was as wat ek

gedink het nie. Daar het ek begin om nie meer op hulle neer te sien nie en besef dat hulle ook menseregte het en menswaardig behandel wil word."

Ek sien Hendrik pen 'n paar idees op sy skryfbord vas. Ek verduidelik verder dat my grenservaringe in baie opsigte 'n uitsondering was.

"Ek besef ook dat my ervaringe tydens die Grensoorlog glad nie so traumaties was soos sommige ander mense s'n nie. Inteendeel, ek het my weermagomgewing so geniet dat ek ná sewe jaar in die onderwys steeds terugverlang het. My diensplig was 'n wonderlike avontuur maar ek het nie vir myself enige toekoms as 'n soldaat in die infanterie gesien nie. Ek het 'n goeie neseier bymekaar gemaak en uitgesien daarna om by die onderwys betrokke te raak en my vryheid buite die weermagstrukture weer te ontdek." Teen hierdie tyd het ek 'n kloppende hoofpyn gehad.

"Hoe het jy na 'n jaar op die grens in die beskawing aangepas? Was dit nie ook vir jou 'n groot uitdaging nie? Was jy nie maar ook soos die meeste van ons bietjie *bossies* nie?" vra Hendrik my nadat ek my storie vertel het.

Ek het nie nog kapasiteit om te dink of te antwoord nie. Die stilte wil-wil ongemaklik raak.

"Hmm, ons het baie bereik vandag, Roelf. Gaan reflekteer bietjie oor jou aanpassing in *civvie-straat* en dan praat ons in ons volgende sessie daaroor."

Hendrik is 'n goeie luisteraar. Hy gee my elke keer die geleentheid om my hart uit te praat. Sy vrae gee aanleiding tot behoorlike refleksie en introspeksie. Ek dink nie mense luister regtig sonder om te onderbreek nie. Hulle las eie stories en stertjies aan. Ek besef nou dat ek oor sekere goed minder sterk as voorheen voel. Veral nou, nadat ek my dienspligstorie vertel het, besef ek opnuut my twee jaar diensplig was 'n positiewe ervaring en 'n ontdekking van 'manwees'. Ek sit die musiekspeler van my radio aan om die beradingsessie finaal uit my gedagtes te kry. Wat doen ek vanaand om te ontspan?

Ons volgende afspraak is 'n week later op 22 Maart. Ek voel ons proses kry nou behoorlik momentum. Waar kom die term *bossies* vandaan? Ek dink oor die refleksieopdrag wat Hendrik my gegee het. My ervaring stem ooreen met die *bossie*

wat Nico van der Walt (2007) in die epiloog van sy boek *Bos Toe* beskryf. Ek het nie PTSV of erge aanpassingsprobleme ervaar nie. Daar is na ons ouens van die operasionele eenhede verwys as ‘n *mean* klomp ouens wat almal *bossies* was (kyk Van der Walt 2007). Ek was nooit werklik deel van die *mean* ouens nie omdat ek nie werklik baie patrollie gestap en lang tye aan uiterste lewensgevaar blootgestel was nie. Tog was dit ‘n groot aanpassing om aan die ‘eentonigheid van *civvie*-straat’ gewoond te raak. Ek gaan net vertel wat ek ervaar het. Hy moet maar besluit of ek *bossies* was of nie besluit ek voordat ek die lig afsit om te gaan slaap.

### 3.3.4 Ek is darem nie bossies nie

Ons hervat ons gesprek oor *bossies* waar ons die vorige sessie afgesluit het op 22 Maart 2017.

“Ek weet nie of ek *bossies* was nie. Miskien moet jy eerder my ouers vra. Partymaal dink ons, ons tree normaal op, maar dan lyk dit vir ons familie abnormaal. Wat in die weermag as normaal geag word is nie normaal in die gewone samelewing nie. Ek het nie regtig gedragsprobleme ervaar nie, maar moes wel ‘n paar aanpassings maak.”

“Vertel my daarvan” moedig Hendrik my aan.

“Vroeg in Januarie 1983, was my grootste aanpassing om by die stadslewe aan te pas. Die dissiplinêre struktuur van die Verwoerdburg Hoërskool (vandag Centurion Hoërskool), waar ek tydelik skool gehou het, was ‘n probleem. Ek weet nie hoe ander *burgermaglede* na drie maande op die grens weer by die samelewing aangepas nie. Die wêrelde het so radikaal verskil. Gelukkig het ek steeds heelwat studentevriende in Pretoria gehad wat die aanpassing makliker gemaak het.

Die skoolseuns het nie na my geluister omdat ek ‘n offisier op die Grens was nie. Ek kon ook nie ‘rang trek’ en hulle verplig om te gehoorsaam soos wat in die SAW moontlik was nie. Ek het ook nie die heldeverering gekry wat ek verwag het nie. Baie was seuns van weermagoffisiere met hoër range en meer ervaring as wat ek gehad het. Ek moes eers hulle vertroue wen. My enigste verwysingsraamwerk van ‘n skool was die plattelandse skool op Brits waar ek op skool en boonop nog in die koshuis was. Was dit nie vir die simpatieke ondersteuning van ‘n uitstekende hoof en die

manspersoneel van die skool nie, sou die aanpassing seker nog groter gewees het. Die hoof was soos ‘n vriend wat deur dieselfde omstandighede gegaan het.

Ek moes die ‘indringers’ hanteer wat my aan die oorlog herinner het. Dalk was ek meer *bossies* as wat ek besef het. Gelukkig het my familie en vriende my ‘n heldeontvangs gegee en na my stories geluister. Die geleentheid om my stories te vertel het my moontlik ook gehelp om vinniger by die samelewing aan te pas. Toe ek na ons sessie vir my ma vra of sy my gedrag onthou toe ek teruggekeer het van die grens het sy ‘n paar goed opgeroep. Ek was baie mensku, het gekla oor al die geraas wat ek gehoor het en het my soms sonder om iets te sê uit ‘n geselskap onttrek. Ek wou alleen wees.

Tydens ‘n rugbywedstryd waar ek die skeidsregter was, het my optrede weens ‘n ‘indringer’ van die oorlog my nogal verleë gelaat. Die *rumrun van* die Dakota-vliegtuig wat ons kos en pos na die Nkongo-basis gebring het, het nie gereeld oor ons gegaan nie. ‘n Onverwagte oorvlug van een het my laat vries. Ek het daarna gekyk en gesukkel om verder op die wedstryd te konsentreer. Skielike herinneringe het my laat voel asof ek terug is in die Nkongo-basis. Toe die een span ‘n fout maak wat ek nie raaksien nie, was die ander span baie omgekrap omdat ek hulle nie gestraf het nie.”

“Het jy later nog sulke terugblikervaringe oor die Grensoorlog gehad?” vra Hendrik.

“Nee, behalwe dat ek nog steeds nie beet, *baked beans* of appelkooskonfyt kan verdra nie!”

Die ergste ervaring die jaar na my Grensdiens, was die ontploffing van die Kerkstraatbom in die Pretoria-middestad omstreeks 16:30 op 20 Mei 1983. Ons het die vorige jaar lekker gelag op die Grens toe ons hoor van ‘n mortieraanval op Voortrekkerhoogte. Ons het geskerts dat dit veiliger op die grens was as op Voortrekkerhoogte. Ek was nog by die skool met buitemuurse aktiwiteite besig toe ek die ontploffing hoor. Die bekende reaksie op ‘n ontploffing was onmiddelik by my, maar dit het nie in die konteks van Pretoria sin gemaak nie. Ek het gevoel asof ek terug was in Nkongo.”

“Dis interessant Roelf. Dis amper asof jy vrede gemaak het met die realiteit en seisoen van die Grens en skielik het hierdie gebeurtenis jou huidige realiteit, jou verstaan asook die sin en betekenis van ‘n ou seisoen laat bevraagteken.”

“Ja, Hendrik dit was nogal erg. Landmyne is gewoonlik teen dieselfde tyd van die dag deur die plaaslike bevolking in Ovamboland gedetoneer. Daar was dit nie onvas pas nie, want ons was voorbereid daarop, maar in Pretoria was dit ongehoord. Ek en ‘n onderwysvriend het die aand in die polisieversperrings vasgery en eers toe van die effek van die bom gehoor. Daardie aand kon ek nie slaap nie. Vir die eerste keer het ek die werklikheid van die terreuraanslag in die RSA besef. Dieselfde gevoel van bedreiging wat ek in Nkongo ervaar het, was terug. Die oorlog is nog nie verby nie. Dit het nou deel van ons ons alledaagse lewe in Suid Afrika geword.

“Ek het besef dat ek na my grenservaring ‘n nuwe politieke bewussyn gekry het. Die manlike onderwysers in die skool se personeelkamer het graag oor die politiek van die dag gesels. Hulle het sterk uiteenlopende menings oor die politieke verwikkelinge in Suid Afrika gehad. Ek het teen daardie tyd nie meer vertroue in die NP se beleid van afsonderlike ontwikkeling gehad nie. Die standpunt waaraan ek in die SAW aan blootgestel is, was dat die SAW a-polities was en slegs verantwoordelik was vir die hantering van die buitelandse bedreiging teen die RSA. Hulle gehoorsaam wel die regering van die dag, maar ondersteun nie een politieke party se standpunt nie. Ek het my met hierdie standpunt vereenselwig.

“As dienspligtiges is ons verbied om in uniform aan politieke aktiwiteite deel te neem of openbare ondersteuning aan ‘n politieke party te gee. Ons Afrikaanse en Engelse dienspligtiges was gereeld in vurige debatte oor politiek betrokke, maar het geleer om mekaar se standpunte te eerbiedig. Hierdie debatte het ‘n invloed op die verandering in my politieke siening gehad. My mede-personeellede het seker gedink ek was ‘n liberalis, want ek het daarvan gehou om ‘n klip in die bos te gooi en ‘n radikale standpunt in te neem om reaksie te ontlok.

“Ek kon nie glo dat die regering in 1983 so kortsigtig was om te dink dat die nuwe grondwet met die driekamerparlement, waarin net die Kleurlinge en Indiërs verteenwoordiging gekry het, ‘n oplossing sou wees nie. Wat van die verteenwoordiging en toekoms van die minstens drie miljoen swartmense van Soweto

alleen in hierdie ‘nuwe’ bedeling? Moes swartmense wat in die stede bly van wie sommige nog nooit eers die tuislande besoek het nie, nou meer tevrede wees omdat die Kleurlinge en Indiërs verteenwoordiging gekry het en hulle nie? Wat van hulle toekoms en verteenwoordiging binne die grense van die RSA? Ek kon nie anders as om in die referendum van 2 November 1983 teen die nuwe grondwet te stem nie. Al hierdie worstelinge en vrae het in 1983 plaasgevind en ek het ook begin terugverlang na die platteland. My skooljaar by die Verwoerdburg Hoërskool was baie aangenaam en ek het die vakke Godsdiensonderrig en Geskiedenis wat ek aangebied het, baie geniet. Dit was egter net ‘n tydelike pos en hoewel ek ‘n permanente pos aangebied is, was my hart steeds op die platteland. Op die grens het ek gedroom om terug te wees op Brits. Ek wou ‘n stukkie grond koop en my daar vestig. Ek het reeds op die Grens hierdie begeerte in ‘n brief aan my ouers uitgespreek. Ek sou ook geld kon spaar deur gratis in die koshuis op Brits te bly en daar diens te doen as toesighouer oor die kinders.

“Ek het nie besef hoe konserwatief die skool en die Britse gemeenskap werklik was nie, hoeveel ek verander het sedert ek daar weg is en hoe ‘n groot uitdaging die nuwe aanpassing sou wees nie. ‘n Hele paar voormalige dienspligtiges en dames het in 1984 daar begin skoolhou. My voormalige vrou, Annie, was een van die dames. Die liefde het geblom en ons is in April 1985 getroud.

“Die atmosfeer in daardie skool se personeelkamer het drasties verskil van die atmosfeer in die stadskool. Ek was aanvanklik opgewonde om ‘n onderwyser te wees by die skool waar ekself skoolgegaan het. Ek is egter ontnugter. As ek gesukkel het met die stadskinders se dissipline was dit nog ‘n groter probleem in die koshuis.

My aanpassing in die geskiedenisklasse was net so erg. Getrou aan professor Floors van Jaarsveld se riglyne het ek my skoliere probeer oorreed om meer objektief te wees. Daardeur was ek in botsing met van die ouers en selfs sommige konserwatiewe medepersoneellede. Oom Pine Pienaar, een van my kollegas, het in daardie tyd ontsettend baie vir my beteken as ‘n vriend en mentor. Hy was jare lank al ‘n geskiedenisonderwyser by die skool en het my ‘n baie goeie perspektief oor die Afrikaanse geskiedenis en die onenigheid in Afrikanergeledere gegee. As dit nie vir sy ondersteuning was nie sou ek nog swaarder gekry het.

Om Geskiedenis vir my skoliere interessant te maak het ek hulle aangemoedig om koerante te lees en in eietydse geskiedenis belang te stel. Ek het, om objektiwiteit onder hulle aan te moedig, hulle in kontak gebring met van die standpunte van die swartmense in veral die koerante soos die Sowetan en die Rand Weekly Mail wat ek soms in die klas voorgelees het. Soms het ek vurige debatte ontlok deur myself as voorstander van die bevrydingstryd voor te hou en dan hulle standpunte aan te val. Hierdie benadering het ‘n baie negatiewe reaksie by sommige van die  konserwatiewe ouers ontlok. Die fokus op koerantberigte en nuus het my deurentyd op hoogte gehou van die militêre opbou in Angola, die oorgrens-operasies van die SAW, die eskalasie in die binnelandse onrus en die hervormings wat PW Botha deurgevoer het.”

Ek begin dors word en skink vir my ‘n glas water. Dit gee Hendrik die geleentheid om ‘n opmerking te maak.

“Uit wat jy sover vertel het, was jy nie *bossies* nie en het jy goed aangepas. Na al jou blootstelling was dit net nie so maklik om weer aan te pas op die plattelandse dorpie waar jy groot geword het nie. In baie van die gevalle waarmee ek te doen gekry het met ouens wat nie na die grens weer in die samelewing kon aanpas nie, het hulle weer hul ou pêlle gaan opsoek. Dieselfde stories is oor en oor vertel en daardeur het hulle nie die nuwe realiteit gekonfronteer nie. Wat ek onder *bossies* verstaan, is die gesegde wat ek gehoor het: ‘Dit is soms makliker om iemand uit ‘n bos uit kry as om die bos uit hom te kry’.

“Van die ouens met wie ek ‘n pad gestap het nadat hul teruggekeer het van die grens af het gesukkel om aan te pas by die gewoontes, standaarde en verwagtinge wat so radikaal verskil. Jy het redelik gou aangepas en verandering in veral jou politieke sieninge ervaar. Was daar enige gebeurtenisse wat na jou diensplig in die tagtigerjare ‘n groot invloed op spesifiek jou gesindheid teenoor apartheid en swartmense gehad het?”

Ek sit vir ‘n rukkie stil en drink slukkies water, want daar was nie dramatiese gebeurtenisse waaraan ek vinnig kon dink nie.

“Ja, daar was een,” verbreek ek die stilte. “Ek dink jy sal dit nogal interessant vind. Het jy al ooit die rolprent *My broer Matie* wat in 1984 uitgereik was, gesien?” vra ek hom.

“Nee, ek het net gehoor daarvan. Dit was nie baie gewild nie?”

“Ja, ek kan dink dat dit hy nie gewild was nie,” antwoord ek vinnig.

Die rolprent het my aan die dink gesit en my finaal standpunt laat inneem teen apartheid en afsonderlike ontwikkeling.

“Die rolprent is ‘n periodestuk van 1961 wat gaan oor die *rasseherrie* wat ‘n boer veroorsaak het toe sy laaste versoek was dat ‘n Kleurlingpredikant hom moes begrawe. Hy het die man groot gemaak en gehelp om vir predikant te studeer. Die gebeurtenis het hom afgespeel net na republiekwording. Apartheid was aan die orde van die dag. Die versoek van die boer het groot verdeeldheid in die NG-kerkraad van ‘n plattelandse dorpie in die Oos-Kaap veroorsaak. Die boer was ‘n gesiene lid van die kerk en die gemeenskap en moes uit daardie kerk begrawe word. Anderkleuriges en selfs anderkleurige predikante is weens die beleid van apartheid nie in die NG-kerk toegelaat nie. Die kerkraad en gemeenskap moes besluit hoe om hierdie uitdaging te hanteer sonder om verhoudinge te benadeel.

Die dominee se voorlesing van die skrifgedeelte Filippense 2:2-4 en sy antwoord aan die erg verdeelde kerkraad het my finaal oortuig hoe verkeerd die beleid van apartheid was. Toe die besluit tot stemming gebring is, het ‘n staking van stemme plaasgevind. Die dominee moes toe die finale besluit neem. Wat hy vir die kerkraad gesê het, was vir my treffend: ‘Mense kan die Bybel uitlê net soos dit hulle pas, maar wanneer God praat oor liefde vir jou naaste kan daar geen misverstand wees nie. As jy haat, kan jy nie liefhê nie.” Nadat ek die rolprent gesien het, het ek ‘n ander verhouding ontwikkel met Sara se seuns. Sy was my ouers se huishulp. Ek het besef ons is almal gelyk voor God en hulle is eintlik die broers wat ek nooit gehad het nie. Ek het die kwinkslae van die uitstekende akteurs in die rolprent geniet. Ons was net twee persone wat die dag die rolprentvertoning bygewoon, ek en Annie, my verloofde.”

“Wys jou net weer die mag van die media. Wie sou nou kon dink dat dit *My Broer Matie* sou wees wat jou tot hierdie insigte sou bring? Is daar nog iets anders wat in daardie jare gebeur het wat ‘n radikale verandering in jou siening oor die regering of politici gehad het? Ek besef jy moet nou ver terugdink. So vat jou tyd.”

“Ja, die noodtoestand wat op 20 Julie 1985 afgekondig is,” antwoord ek opgewonde.

“Hmm, kom ons gesels in ons volgende sessie daaroor. Ek dink ons het sover vandag goed gedoen. My rug keil my bietjie op. Ek weet nie wat dit is nie: miskien sit ek deesdae te veel.”

Ek het vroeër gesien hy sit ongemaklik en ek is ook tevrede met ons vordering.

“Ons sal mekaar seker weer so oor ‘n week sien?” vra ek terwyl ek ook opstaan.

“Sover lyk dit so,” antwoord hy terwyl hy oor sy rug vryf.

“Jy hoef nie saam te stap nie. Sien jou dan volgende week en sterkte met die rug.”

Elke keer wanneer ek terug ry huis toe na ‘n sessie speel die onderwerpe van ons gesprekke weer af in my gedagtes. Ek onthou nog goed hoe groot skok die afkondiging van die landswye noodtoestand vir my was en hoe die toename in onrus in die vroeë 1980’s my ontstel het. Na ‘n besige dag by die skool kon ek vir die eerste keer na die middag se atletiekafrigting na ‘n nuusberig oor die radio luister, net om te hoor van die noodtoestand wat afgekondig is. Ek moet tog maar hierdie gedagtes neerskryf en later vir Hendrik vertel.

My belangstelling in die geskiedenis van die swart bevrydingsbewegings het bygedra daartoe dat ek in 1984 by UP ingeskryf het vir my honneursgraad in geskiedenis. Tydens my studies het ons navorsing gedoen oor die revolusionêre oorlogvoering van die ANC onder leiding van Nelson Mandela, die Rivonia-hofsaak, sy skuldigbevinding aan hoogverraad en sy lewenslange vonnis. Die prentjie wat ek na my diensplig oor die bevrydingsbewegings gehad het, was reeds baie negatief ingekleur deur my ervaringe in Suidwes-Afrika. Ons het ook navorsing gedoen oor die Sharpeville, Langa en die Soweto-onluste. Ons dosent doktor Jackie Grobler, was baie meer objektief in sy benadering tot die geskiedenis, maar was gefrustreerd omdat hy nie ‘n volledige prent van die gebeure kon kry nie. Ons kon nie behoorlike toegang tot dokumente kry nie omdat die werklike verslae van die rade van ondersoek as geheim geklassifiseer is.

Die verslae wat hy wel onder oë gehad het, was volgens hom teenstrydig met wat op die mediaverklarings uitgereik is. Daar word byvoorbeeld beweer dat baie van die lyke se wonde daarop gedui het dat hulle deur die SAP in die rug geskiet is terwyl hulle

weggehardloop het. In die mediaverklarings is gesê dat die SAP slegs in selfverdediging op die lede geskiet het wat hulle lewens bedreig het. Ek het egter niks bevraagteken nie, want ek kon nie dink dat die SAP onskuldige mense sonder rede sou doodskiet nie.

Tydens my studies, wat ek aan die einde van 1985 voltooi het, het ek genoeg blootstelling aan die intensiteit en strategie van die gewapende stryd van die ANC gekry om te besef dat onderhandelinge die enigste oplossing was en vinnig moes plaasvind. Dit was seker waarom die afkondiging van die noodtoestand in 36 landdrosdistrikte landswyd vir my so 'n skok was. Soos in die verlede was die verskoning van die afkondiging van die noodtoestand weer om 'stabiliteit' in die RSA te herstel.


Hierdie keer was dit anders, want die swart weerstand het hewig toegeneem in September 1984, net nadat die driekameparlement vir die eerste keer vergader het. Die onrus wat in die swart woongebiede in die Vaaldriehoek, suid van Johannesburg uitgebreek en verder versprei het, was so hewig dat die SAW vir die eerste keer sporadies ontplooi moes word om die SAP te ondersteun om weer 'stabiliteit' te bring (Giliomee 2012a:406).

Die gevegte tussen die SAP en die inwoners was volgens meneer Louis le Grange, die Minister van Wet en Orde, niks anders as oorlog nie en die SAW en dienspligtiges is reeds in September 1984 in swart woongebiede ontplooi om die SAP te ondersteun. Gesamentlike operasies deur die veiligheidsmagte het in die swart woongebiede toegeneem. Dit was daarop gemik om die 'revolusionêre' bedreiging af te weer en die SAP die geleentheid te bied om teen kriminele op te tree (kyk Cock & Nathan 1989 :68).

Reeds vroeg in 1985 was dit duidelik dat die ANC met groter intensiteit sy *People's War*- konsep begin toepas het ondanks die toegewings van PW Botha in sy toespraak tydens die parlementsopening. Hy het verklaar dat die regering bereid is om vir swartmense politieke regte tot op die hoogste vlak buite hulle tuislande te gee en Nelson Mandela en ander gevangenis sou vrylaat indien hulle geweld afsweer (Giliomee 2012a:401-402).

Die onluste wat met die ergste vorm van geweld gepaard gegaan het, het in 1985 na ander dele van Transvaal, Natal en die Oos-Kaap versprei. Wegblyaksie, stakings, verbruikersboikotte en protesoptogte was aan die orde van die dag. Die plaaslike bevolking wat nie wou deelneem aan verbruikersboikotte teen winkels wat aan wit eienaars behoort het nie, is gedwing om die goedere soos seeppoeier of kookolie wat hulle gekoop het, te drink. Die doel van die optredes was om die plaaslike bevolking tot samewerking te intimideer en die plaaslike owerhede in duie te laat stort. Regeringsgeboue, winkels en drankwinkels is afgebrand. Huise van swart polisiemanne is aangeval en sogenaamde 'spioene van die staat' is deur die berugte *halssnoermetode* om die lewe gebring. Kerkleiers, skoliere en studente het aan die protesoptogte deelgeneem. Op 16 Junie 1985 het verskeie bomme in Durban en Johannesburg ontplof as deel van die '10-jarige herdenking van die Soweto-onluste' (Giliomee 2012 a:401-402). Al hierdie gebeure het aanleiding gegee tot die afkondiging van die noodtoestand op 20 Julie 1985.

Ek onthou die aand van 20 Julie 1985 terwyl ek en Annie nuus gekyk het en sy bekommerd opgemerk het dat die onstabiliteit toegeneem het ondanks die toenemende ontplooiing van die veiligheidsmagte. Waar sou dit eindig? het ek gewonder en niks gesê nie om haar nie verder te ontstel nie.


City Press

STATE OF EMERGENCY

President PW BOTHA

The 36 districts

Newspapers may also be severely affected

DIS NOOD!

Ingrypende magte vir staat:

- Arres sonder lasbrief
- Beperkings op pers, TV
- Aandklokreël
- Geen inligting oor aangehoudenes

*Figuur 25: Van my koerantberig uitknipsels oor die noodtoestand wat ek teen my geskiedenisklas se bord opgesit het.*

My gedagtes het my so ver terug gevat en so besig gehou dat ek nie besef het dat ek stil in my motor sit nadat ek al 'n rukkie gelede in my motorhuis stilgehou het nie.

Die vraag van Hendrik waarom die afkondiging van die noodtoestand vir my 'n laagtepunt was, het na aandete nog by my gespook. Later het ek besluit om te gaan kyk na ou koerantberigte wat ek gebêre het. Ek het toe besef dit het 'n aanloop gehad. Die ANC het hulle nie meer deur 'n noodtoestand laat afskrik nie en het op 22 Julie 1985, twee dae na die afkondiging, daarop geantwoord met 'n beroep op volgelinge om die RSA

onregeerbaar te maak. Die intimidasie op die plaaslike bevolking, wat nie met die ANC saamgestem het nie, het verskerp.

Na my Honneurs-studies het ek steeds uitknipsels van koerantberigte bygehou en die verloop van die gewapende verset dopgehou en al die dokumente wat ek daaroor kon kry gelees. Ek was veral geskok oor die toename in die wrede halssnoermoorde. Persone wat daarvan verdink is dat hulle met veiligheidsmagte saamgewerk het is deur 'n 'people's court' verhoor en om die lewe gebring. Die moorde is gepleeg deur 'n binneband vol petrol te gooi, dit om die persoon se nek te plaas en aan die brand te steek (kyk Jeffery 2015:109-110). Chris Hani, die MK bevelvoerder op daardie stadium, het die volgende oor halssnoermoorde gesê:

> *The necklace was a weapon ... to remove this cancer (of collaborators) from our society...to cleanse the townships from the very disruptive and even lethal activities of the puppets and collaborators. I refuse to condemn our people when they met out their own traditional forms of justice to those collaborators (Mortimer 1997).*

Dit was duidelik dat die RSA in 'n binnelandse krisis gedompel was en slegs radikale hervorming verdere verset en internasionale optredes teen die RSA kon verhoed (Giliomee 2012a:401-402). Pik Botha, Minister van Buitelandse Sake se aankondiging dat die regering radikale verandering tydens PW Botha se toespraak op 15 Augustus 1985 sou aankondig, het my hoop gegee dat daar 'n deurbraak sou kom en dat die SAW nie verder in die binneland betrek sou word nie.

Met sy Rubicon-toespraak het PW Botha egter die internasionale gemeenskap en die gematigdes in Suid-Afrika teleurgestel en van hom vervreem. Sy toespraak was waarskynlik die grootste kommunikasieramp in die Suid-Afrikaanse geskiedenis. Hierdie 'ramp' kan toegeskryf word daaraan dat Pik Botha onrealistiese verwagtinge geskep het waaraan die regering nog nie gereed was om te voldoen nie. Die manier waarop PW Botha sy aankondigings gedoen het en sy boodskap oorgedra het, het die binnelandse onrus net vererger. Hy het niks gesê wat voldoen het aan die verwagtinge wat geskep is nie. Hy kon nie daarin slaag om gemoedere te kalmeer nie en kon ook nie sy historiese boodskap doeltreffend oordra nie (kyk De Klerk 1998: 121-123; kyk Heunis 2007:76-85).

Volgens De Klerk (1989) het niemand besef dat PW Botha in werklikheid die regering se besluit van die afskaffing van groot apartheid aangekondig het nie. Die beleid wat 25 jaar te vore deur Hendrik Verwoerd ontwerp is, is met hierdie aankondiging finaal laat vaar. Inwoners van die tuislande wat nie onafhanklikheid wou aanvaar nie sou voortaan verteenwoordiging in ‘n gesamentlike politieke bestel kry. Daarmee het PW Botha die einde aangekondig van die idee dat swartmense in ‘n “blanke Suid-Afrika” geen seggenskap mag hê nie. Dit was die einde van die beleid van afsonderlike ontwikkeling.

PW Botha se aggressiewe houding dat hy nie sou swig voor buitelandse druk nie en sou volhard met sy eie hervormingsprogramme op sy eie tyd, het die hervormings wat hy wel aangekondig het, oorskadu. Sy aanval op die UDF en die bevrydingsbewegings het hulle ook verder van hom vervreem. Die reaksie van die vryheidsbewegings en die internasionale gemeenskap op sy toespraak was baie teleurstellend. Ek het besef dat die situasie voortaan net sou vererger. Die swart ideale is nie tevredegestel nie en die onrus het in so mate geëskaleer dat ‘n nasionale noodtoestand in 1986 onafwendbaar was.

Tussen Maart en Junie 1986 is 284 swart Suid-Afrikaners deur revolusionêre elemente doodgemaak, 172 van hulle deur middel van die halssnoerteregstellingsmetode. Meer as 1 400 huise en besighede van swartmense is beskadig of vernietig. Daar was ook aanduidings van die beplanning van grootskaalse betogings en die opmars na wit voorstede vanaf 16 Junie 1986. In reaksie het die regering op 12 Junie die landwye noodtoestand afgekondig wat eers op 7 Julie 1990 opgehef sou word (De Klerk 1998:137; Giliomee 2012a :408).

Die regering het tydens die afkondiging van die noodtoestand ook afgekondig dat die SAW as ondersteuning van die SAP ontplooi gaan word. Hierdie afkondiging was vir my ‘n laagtepunt, want ek het besef dit was ‘n bewys dat PW Botha se Rubicon-toespraak en hervormings geen impak gemaak het nie. Ek was reg om Hendrik te antwoord toe ek die dokument toemaak, die lig van my studeerkamer afskakel en gaan slaap. Ek het vir die res van die week nie weer hieraan gedink nie.

## 3.4 Die oorlog in die binneland ruk hande uit

Hendrik is in die tuin besig toe ek op 28 Maart 2017 voor sy huis stilhou. Hy is meer informeel aangetrek en ek kan sien hy is rustiger as gewoonlik.

”Verskoon hoe ek lyk, maar ek het nie ander afsprake vandag nie. My tuinwerker is hier en ek het vir die res van die dag net ‘n afspraak met my tuin. Het jy toe gedink oor my vraag waarom die afkondiging van die landwye noodtoestand vir jou ‘n laagtepunt was?”

“Ja, ek het die antwoord reeds deurgeworstel. Ek kom agter my antwoorde is nie vir jou waaroor dit gaan nie, maar eerder my worsteling daarmee. So ek gaan jou die storie van my geworstel met die *swart gevaar*, *rooi gevaar* en *totale aanslag* lees, want ek dink dit sal jou vraag oor my ervaring van ‘n laagtepunt in 1986 beantwoord.”

“Glo jy daar was werklik al hierdie ‘gevare’ en dit was nie net die NP wat dit gefabriseer het om ondersteuning vir hulle beleid te mobiliseer nie?” vra Hendrik met ‘n ondeunde glimlag. “Is ons nie maar net op hoërskool tydens jeugweerbaarheid en in die geskiedenisklas met die *swart gevaar* van Afrika-nasionalisme en die *rooi gevaar* van kommunisme, gekondisioneer om in apartheid te glo nie?”

“Vir seker, Hendrik. Ons is al van 1948 af deur die NP gekondisioneer om in Afrikaner-nasionalisme en *apartheid* as die enigste oplossing vir witmense te glo en die werklikheid van al die ‘*gevare’* het hulle gesterk in hulle kwaad. Kom ek vertel jou van my ervaring van die *swart gevaar*.

“In my matriekjaar in 1975 toe ek die foto’s sien van Portugese wat met hulle oorlaaide voertuie uit Angola in Namibië aankom, het die bedreiging van die *swart gevaar* teen witmense in Afrika vir my ‘n werklikheid geword. Ek was toe reeds bewus van die stories oor die optrede teen witmense tydens die Mau Mau rebellie in Kenia van 1952 tot 1960, want die NP regering het gesorg dat ons behoorlik op hoogte gehou is van wat in die res van Afrika met die witmense aan gebeur was.

In dieselfde jaar na die onttrekking van die Portugese regering uit Angola, het die *rooi gevaar* met die oorname van die kommunistiesgesinde MPLA bevrydingsbeweging ook ‘n werklikheid geword.” Hendrik knik sy kop. “Ek onthou nog ‘n brosjure met ’n

Afrika-kaart waarop die rooi kommunistiese beer getroon het oor Afrika met al die kommunistiesgesinde lande in Afrika wat in rooi aangedui is. Die RSA is as ‘n wit eiland onder aan die suidpunt aangedui. Dit was nogal ‘n skrikwekkende boodskap wat met die brosjure oorgedra is.”

“Ja, en ons moet nie die godsdienstige ondertone daarvan vergeet nie. Die kommunisme het ook ons godsdiensvryheid bedreig en sommige van hierdie brosjures is deur kerke versprei voeg ek by. Die vraag wat reeds in 1975 by my ontstaan het, was waarheen sou ons vlug as die kommuniste en swartmense die RSA oorgeneem het?

“Die *swart gevaar* het reeds in 1960, wat ‘n waterskeidingsjaar in die Suid-Afrikaanse geskiedenis was, ‘n werklikheid geword. Ek onthou nog hoe professor Arrie van Rensburg  in ons geskeidenisklas op universiteit ons vertel het van die koloniste se ‘scramble out of Africa’ sedert 1960. Weet jy Hendrik, in daardie jaar het 17 Afrikalande onafhanklikheid van hulle koloniale moondhede in 1960 verkry. In sy winde van verandering-toespraak op 3 Februarie 1960 in die parlement in Kaapstad, het Herald McMillan, die destydse Britse Eerste Minister gewaarsku dat die Suid Afrikaanse regering nog nie die volle implikasies van die ontwakende Afrika-nasionalisme besef het nie. Die Britse premier het daarop gewys dat groter nasionale bewustheid in Afrika as ‘n politieke feit aanvaar moet word en dat Brittanje nie enige wit regering in Afrika sou ondersteun nie.

“Professor Arrie het ons ook vertel van die traumatiese dekolonisering van die Kongo wat hoofopskrifte in die Suid-Afrikaanse koerante gehaal het. Foto’s en verhale van wit kolonialiste wat uit die Belgiese Kongo gevlug en soldate wat amok gemaak het, was nie vir die witmense in Suid-Afrika goeie nuus nie. In Suid-Afrika was die toenemende swartverset van die bevrydingsbewegings vir die witmense ‘n nuwe bedreiging.”

“Roelf, dit klink vir my of jy jou feite behoorlik agtermekaar het wat die geskiedenis van ons land asook Afrika betref.”

“Ek is regtig baie lief vir stories en geskiedenis en ek hou daarvan om datums en gebeure te onthou in ‘n strorieformaat.”

Ek haal ‘n ou kopie van ‘n taak of skryfstuk wat ek op universiteit gedoen het uit.

“Ek het baie navorsing gedoen en boeke gelees oor die jare. Kyk hier, op 21 Maart 1960, het die SAP 69 swartmense doodgeskiet en ongeveer 180 gewond toe ‘n protesoptog oor die paswet in Sharpeville handuit geruk het. Die onrus het ook na Nyanga en Langa in Kaapstad oorgespoel, waar protesteerders op 21 April in Langa doodgeskiet is. Die onrus wat ook in ander dele van die land voorgekom het, het daartoe gelei dat die regering ‘n noodtoestand afgekondig het en leiers van ANC en PAC gearresteer is.

“Die regering en die SAP het drasties opgetree tydens die noodtoestand wat einde Maart 1960 afgekondig is. Dit is eers op 31 Augustus 1960 opgehef en het daartoe gelei dat ongeveer 23 000 mense van alle rasse in hegtenis geneem was. Die ANC en PAC is tot verbode organisasies verklaar wat veroorsaak het dat hulle binnelandse bedrywighede ondergronds voortgegaan het en hulle, hulle hoofkantore in die buiteland gevestig is. In 1960 is Umkhonto we Sizwe (MK) onder leiding van Nelson Mandela as militêre vleuel van die ANC, en Poqo as militêre vleuel van die PAC, gestig. Hulle sou voortaan hulle ideale probeer verwesenlik deur militêre optrede vanuit die buiteland wat hulle toenemend ondersteun het. Die optrede van die regering tydens die Sharpeville-tragedie het sterk internasionale kritiek ontlok, en van die buitelandse beleggers het kapitaal vanuit Suid Afrika onttrek terwyl emigrasie toegeneem het (kyk Dubow 2014:77).”

“So die bedreiging van ‘n *swart gevaar* het reeds in 1960 vir witmense in Suid Afrika ‘n realiteit geword en die NP ‘n geleentheid gebied om die Afrikaanse en Engelse witmense teen hierdie bedreiging te verenig,” merk Hendrik op.

“Ja, op 5 Oktober 1960 het die wit bevolking in ‘n referendum, met ‘n klein, maar besliste meerderheid ten gunste van republiekwording gestem. Nelson Mandela se antwoord op die referendum was ‘n versoek aan Verwoerd vir ‘n nasionale konvensie waarin die ander bevolkingsgroepe ook betrek sou word. Hy het ook gedreig met ‘n ongekende nasionale nie-gewelddadige ‘tuisbly-staking’ van drie dae op 29 Mei 1961 indien daar nie aan sy versoek voldoen sou word nie.”

Ek bly vir ‘n oomblik stil terwyl ek dink aan die implikasies van wat gebeur het. So baie het in die afgelope 50 jaar in hierdie land gebeur. Alles lyk so nou radikaal anders as toe.

“Ja Hendrik, ek dink dit is daar waar Hendrik Verwoerd verkeerd opgetree het, want hy het Mandela nie eers geantwoord nie. In sy biografie sê Mandela dat Verwoerd se enigste reaksie op sy versoek ‘n opmerking in die parlement was dat Mandela se brief arrogant was. Op 31 Mei 1961 het die Republiek van Suid-Afrika (RSA) amptelik tot stand gekom wat vir die Afrikaner-nasionaliste die verwesenliking van ‘n lang gekoesterde ideaal van uiteindelike vryheid van kolonialisme was. Vir die swartmense was dit die begin van ‘n *gewapendestryd* vir hulle vryheid.

“Die regering se drastiese en hardhandige hantering van die swart verset in 1960 en die voortgesette uitsluiting van swart verteenwoordiging was vet op die vuur van die Afrika- nasionalisme onder die swartmense in die stede. Dit het Nelson Mandela en ‘n paar ANC leiers finaal laat besluit om drasties te raak en tot ‘n *gewapende stryd* oor te gaan. Dit het amptelik op 16 Desember 1961 begin. (Kyk Welsh 2009:125-128; Dubow 2014:86-90; Jeffery 2015:1-6). Russiese befondsing het dit vir die nuutgestigte MK moontlik gemaak om ‘n ondergrondse operasionele hoofkantoor by die Lilliesleaf-kleinhoewe in Rivonia, noord van Johannesburg te ontwikkel. Vandaar kon hulle operasies loods om die regering omver te werp. Oorsese opleiding was ook beskikbaar as deel van toenemende Russiese ondersteuning aan die *gewapendestryd* (Jeffery 2015:5).

“Sjoe, Roelf hoe meer ek na jou luister hoe meer besef ek dat jou kennis van die ontstaan van die bevrydingsbewegings uitgebreid is. Afrika-nasionalisme en die manier waarop die regering swartmense hanteer het, het veroorsaak het dat jou ervaring van die gebeure meer intens as vir ons ander Afrikaners was,” merk Hendrik onverwags op.

“Hmm, dalk ja. Baie mense het regtig nie verstaan hoekom ek so sterk oor hierdie goed gevoel het en steeds voel nie. Ek het weer nie verstaan hoe mense kon aangaan sonder om te weet wat werklik gebeur het en wat die implikasies kon wees nie. Stem jy saam dat ek al hierdie feite vir jou vertel om jou beter te laat verstaan hoekom die keerpuntgebeure in Suid-Afrika vir my so sleg was?”

Ek maak seker dat ek nog die regte benadering in die vertel van my lewenstorie volg. Ons is baie ver van my woede-uitbarstings by die werk.

“Ja, vertel maar die feite wat jou aangeraak het.” onderbreek Hendrik my gedagtes.

“Suid-Afrika se betrokkenheid by die koue oorlog tussen die Westerse lande soos die VSA, Brittanje en die Kommunistiese blok onder leiding van Rusland, was teen 1975 nie meer vir my ‘n vreemde konsep nie. Wat my in 1976 baie teleurgestel het, was die manier waarop die ‘Weste’ ons aanvanklik ondersteun het om in Angola teen die kommunistiese MPLA en Kubane betrokke te raak, maar later teen ons gedraai het. Dit het bewys dat die RSA maar op sy eie die kommunisme in Afrika moes beveg. Die ANC se internasionale steun het net toegeneem. Ons geskiedenisdosent, Jackie Grobler, het tydens my honneurs-studies vertel van die  onstuimige jare van 1960 tot 1963. Dit was ‘n draaipunt waarvan min mense vandag bewus is.

“Die gewelddadige optredes van die PAC en veral van Poqo, sy ondergrondse militêre vleuel, het witmense in Suid-Afrika die skrik op die lyf gejaag. Hoewel die organisasie ook in 1960 deur die verbod op die organisasie aan bande gelê is, het hulle goed genoeg herstel om in 1962 met hulle aanslag te kon begin. In November 1962 het die PAC met 250 Poqo-lede ‘n aanslag op witmense in die Paarl begin. Die SAP kon hulle verhoed om die polisiekantoor en die tronk te bereik, maar twee wit inwoners en vyf Poqo-lede is dood en 19 ander mense beseer in die skermutseling met die SAP.

“Poqo het 1963 as die jaar van die finale aanslag op die regering beskou en het in Februarie 1963 op ‘n padwerkerskamp by Bashee-brug toegeslaan en ‘n aantal niksvermoedende witmense vermoor. Hulle het ook drie hoofmanne in die voormalige Transkei vermoor en probeer om Poqo in die Pretoria-Witwatersrand-Vereeniging-gebied te aktiveer. Hulle amateuragtige optrede het gelukkig daartoe gelei dat die SAP duisende PAC-omsendbriewe onderskep het en honderde PAC-selleiers kon arresteer. Die PAC is daarna binnelands so sterk aan bande gelê dat hulle die stryd vanuit die buiteland verder moes voer. Wat dink jy sou gebeur het as Poqo nie deur die optrede van die veiligheidsmagte geneutraliseer was nie?”

“Die suksesvolle klopjag van die veiligheidstak van die SAP, op 11 Julie 1963 het die revolusionêre  plan van die ANC vir die eerste keer behoorlik aan die lig gebring.

Onder die dekmantel van ‘n afleweringswa het SAP lede op die MK-hoofkantoor op die plaas Lillies Leaf in Rivonia toegeslaan. Die meeste van die ANC (MK) leiers is gearresteer net voordat die plan in werking gestel is. Wat dink jy sou gebeur het as die SAP nie op hierdie beplanning afgekom het nie? In die dokumente waarop die SAP beslag gelê het, was dit duidelik dat MK met *Operation Mayibuye,* wat deel gevorm het van die M-Plan, beplan het om die regering deur middel van geweld en sabotasie omver te werp. Die M-Plan wat na Nelson Mandela vernoem is, het die revolusionêre strategie van die ANC en MK uiteengesit.” (Kyk Giliomee & Mbenga 2007: 337-338).

“Die dokumente, was so verdoemend dat agt beskuldigdes insluitend Nelson Mandela, Walter Sisulu en Govan Mbeki aan hoogverraad skuldig bevind is en tot lewenslange tronkstraf gevonnis is (kyk Jeffery 2015:5-6). Verskeie ander MK-lede wat aanvanklik die SAP arrestasies ontwyk het, is mettertyd ook gearresteer. Hiermee het die aanvanklike sabotasieveldtog wat in die binneland beplan was vir eers tot ‘n einde gekom.

“So, aan die einde van 1963 was die gewapende aktiwiteite van die vryheidsbewegings in so mate onder beheer gebring dat die noodtoestand opgehef is,” sluit ek my storie oor die tydperk 1960 tot 1963 af.

“Die feite spreek dus vir hulself dat die gebeure van 1960 tot 1963 in die res van Afrika en in Suid-Afrika wel ‘n bedreiging vir witmense ingehou het. Dit kon seker as ‘n *swart gevaar* beskou word?” lewer Hendrik kommentaar. “Daar was ook onteenseglike bewyse van Russiese inmenging en ondersteuning van *Afrika-nasionalisme* wat ‘n kommunistiese bedreiging of *rooi gevaar* vir Suid-Afrika ingehou het. Die regering het geen ander keuse gehad as om in die 1960’s hardhandig teen hierdie *rooi gevaar* en *swart gevaar* op te tree nie. Dit was immers ‘n bedreiging vir *Afrikaner-nasionalisme*. Die NP-regering het hierdie bedreiging van die *swart* en *rooi gevaar* tot hulle voordeel gebruik om die stemme van witmense vir hulle te konsilideer.”

“Die meerderheid Afrikaners en later ook ander witmense het geglo die RSA is op die regte pad en moes nie toelaat dat die bevrydingsbewegings en die internasionale gemeenskap aan hom moet voorskryf wat om te doen nie. Die sukses van die regering in die tydperk 1961-1966 het hierdie opvatting verder versterk. Die gewelddadige

veldtog teen apartheid was nie net ‘n suksesvolle onderdrukking nie, maar die regering het ook die hoogtepunt van sy mag in 1966 bereik. Die land het ‘n ongekende ekonomiese bloeitydperk, die grootste in sy geskiedenis beleef en wit mense het ‘n besondere hoë lewenstandaard gehandhaaf (Scher 2012:341).

“Die chaos wat die onttrekking van die koloniale moondhede uit Afrika sedert 1960 veroorsaak het, het ‘n toenemende aantal witmense laat glo dat die regerende party in Suid-Afrika se beleid van *afsonderlike ontwikkeling* die enigste alternatief vir die *swart gevaar* was. Hulle het ook geglo dat die meerderheid gematigde swartmense hierdie standpunt ondersteun. Verwoerd sou dus die NP in Maart 1966 tot sy grootste verkiesingsoorwinning tot nog toe lei en 58% van die stemme is op hom verenig. Vir die eerste keer het die NP ‘n groot hoeveelheid Engelse stemme gelok (Giliomee & Mbenga 2007:344). Die pad wat die regering ingeslaan het, het hom later duur te staan kom.”

“Hendrik, ek weet nie wat jou aanvanklike politieke standpunte was nie, maar ek was aanvanklik ‘n voorstander van *afsonderlike ontwikkeling* totdat ek bewus geword het van Hendrik Verwoerd se beleid van beloning en straf vir swart mense wat in die ‘witmansland’ gewoon het nie. Straf deur die lewe in swart woongebiede amper ondraaglik te maak deur al die apartheidswette wat op hulle van toepassing was. Beloning deur hulle aan te moedig om entrepreneurs te word in hulle eie tuislande, waar geen regte van hulle ontneem word nie.

“Aan die ander kant was dit ironies dat daar van die begin van die bevrydingstryd af geen begrip vir Afrikaner-nasionalisme, anti-kolonialisme en die vryheidstryd van die Afrikaner was nie. Reeds in 1950 het die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party (SAKP) die persepsie onder die swart gemeenskap gevestig dat die apartheidregering ‘n imperiale staat is wat kolonialisme wou bevorder.”

“Ja, hoe meer ek nou na jou luister, hoe meer word ek bewus van hoe diep gepolariseerd Suid-Afrika sedert 1960 geword het en hoe min begrip die twee groepe vir mekaar se standpunte gehad het,” merk Hendrik op.

“Die ANC se vryheidstryd was gemik teen hierdie laaste vorm van ‘kolonialisme’ wat die RSA-regering in 1948 ingestel het. Die verwysing na apartheid as ‘n imperialistiese

oorblyfsel van kolonialisme het internasionale simpatie en die ondersteuning van Afrika-nasionaliste vir die bevrydingstryd van die ANC verseker. Dit het ook die propagering van ‘n revolusionêre strategie geregverdig. Dit is dus te verstane dat die SAKP naas die ANC die apartheidsregering se grootse bedreiging geword het.

“Die regering het reeds in 1948 begin glo dat die ANC in samewerking met die SAKP ‘n revolusionêre oorlogstrategie vir die omverwerping van die regering volg. Om die rede is die Wet op Onderdrukking van Kommunisme in 1950 aanvaar wat die SAKP gedwing het om sy aktiwiteite ondergronds voort te sit. Die wet is telkens gerieflikheidshalwe deur die regering gebruik om onwettige dade van swart mense en die kommunistiese gevaar onder die aandag van die wit bevolkingsgroepe te bring (Dubow 2014:37).

“Hier kom die storie nou waar ek glo die regering nie hulle geleentheid om ‘n revolusie te verhoed, benut het nie, Hendrik!”

Ek is so opgewonde dat ek my hande teen mekaar vryf.

“Die drastiese onderdrukking van die swartverset deur die regering en die SAP in 1960 tot 1963 en die arrestasie van ANC leiers het die ANC as organisasie aanvanklik ‘n gevoelige slag toegedien. Die SAW het na hierdie onverwagse gewelddadige swartverset ‘n behoorlike waardering van die revolusionêre bedreiging gedoen en hulle bevindinge aan die RSA- regering voorgelê. Totdat ek van hierdie feite bewus geword het, het ek gewonder waarom ek nie respek vir die apartheid-politici gehad het nie.”

“Wat bedoel jy nou, vertel my meer.” Vra Henrik.

“Na die noodtoestand in die 1960’s waar die SAW op ‘n gereedsheidsgrondslag geplaas is, het die SAW besluit om die werklike omvang van die bedreiging teen die RSA te bepaal. Vir die eerste keer is daar begin met ‘n plaaslike militêre waardering wat die toekomstige militêre bedreiging en optredes van die SAW moes bepaal (Scholtz 2013:35; kyk Malan 2006:41). Die waardering het drie toenemende bedreigings uitgelig;

- die ideologie van rassegelykheid,

- die groei van swart nasionalisme (swart gevaar); en
- die USSR se planne vir wêreld-oorheersing (rooi gevaar).

“Ongelukkig het die SAW se waardering en aanbevelings nie genoeg inslag by die politici gevind of die rooi ligte laat flikker nie. Die optrede van die regering het net tot verdere polarisasie en swart verset aanleiding gegee.”

“Nou verstaan ek nie mooi nie. Wat bedoel jy?”

“Die politici moes in die 1960’s na die aanbevelings van die SAW, en veral die van generaal Magnus Malan (2006) geluister het en aanpassings gemaak het. Hy het wêreldwyd navorsing oor revolusionêre oorlogvoering gedoen en het selfs in 1962 ‘n stafkursus by die Amerikaanse Weermag bygewoon. Daar het hy eerstehandse blootstelling aan die konsep van revolusionêre oorlogvoering gehad.” (Kyk Malan 2006:43; Scholtz 2013:408).

“Generaal Malan het gewaarsku dat die klimaat waarin ‘n revolusionêre konflik geskied, gepaard gaan met geweld en intimidasie. Die stryd in revolusionêre oorlogvoering het in hoofsaak gaan om die verowering van die siel, die hart, die gesindheid en steun van die bevolking (Malan 2006:53). Daarom het hy die siening gepropageer dat in ‘n tipe konflik waar gesindhede van die bevolking van grondliggende belang is, die staat hoofsaaklik op die terreine van politieke en sosio-ekonomiese optrede gefokus moet wees (in die orde van 80%) en in ‘n mindere mate op veiligheid (in die orde van 20%).” Die ander terreine waarop 80% van die fokus van die regering moes wees was die verantwoordelikheidsgebied van die ‘burgerlike’ staatsdepartemente (Malan 2006:54). Die SAW is aangepas om op die 20% van van ‘n totale strategie te fokus.

“Die SAW kon nie ‘n professionele weermag bekostig nie en het besluit om ‘n ‘volksweermag’ te ontwikkel. Die weermag sou voortaan deels uit ‘n professionele staandemag, ‘n burgermag, ‘n kommandomag en ‘n diensspligmag bestaan. Die Nasionale Diensplig-stelsel (NDP) was een van die belangrikste komponente van die ‘volksweermag’. Dit is dienooreenkomstig verander om die bedreiging teen die ‘volk’ af te weer. Die vrywilligerstelsel is in 1962 vervang deur ‘n lotingstelsel waarvolgens sommige jong witmans nege maande lank diensplig moes verrig om die bedreiging

teen die RSA af te weer. Verpligte militêre diens van 12 maande is in 1967 vir alle witmans bo 18 jaar verpligtend gemaak (kyk Meyers 1986:9-10; Scholtz 2013:8).

“Die SAW het hulle strukture aangepas, maar van die politici verwag om hulle 80% verantwoordelikheid om die revolusionêre aanslag af te weer, na te kom. Hierdie oorlog was vir my totaal onregverdig. Baie mense het nie eers geweet waarvoor hulle hul lewens op die spel plaas nie. Die politici het steeds geglo dat hulle met die beleid van afsonderlike ontwikkeling op die regte pad is en die vermoë het om hulself te kan handhaaf totdat hulle dit kon deurvoer. Hulle onvermoë om ‘n politieke skikking te bereik, het veroorsaak dat die SAW stelselmatig baie meer as die 20% by die politieke stryd betrek is.”

Nadat ek eers ‘n glas water geskink en asem geskep het gaan ek voort.

”Jy het my gevra waarom ek 1986 as ‘n laagtepunt op my lewensgrafiek aangeteken het. Die permanente ontplooiing van die SAW tydens die noodtoestand in 1986 was vir my ‘n bewys dat die RSA-regering polities reeds die oorlog verloor het. Dit was die regering se enigste reaksie op ‘n lae-intensiteit ‘burgeroorlog’ wat reeds in 1948 ontstaan het. Dit het in 1985 momentum gekry het omdat die politici nie hulle verantwoordelikheid nagekom het nie. Wat dink jy was die persentasie van die SAW se betrokkenheid in 1986 toe die noodtoestand afgekondig is? Was dit steeds 20%?” vra ek weer driftig en vat ‘n sluk water.

“Wat kon die regering tog doen? Die bevrydingsbewegings was by geweld betrokke en moet ‘n weermag nie juis gebruik word om op te tree teen persone wat geweld aanhits nie?” vra Hendrik verbaas.

“Ja, maar geweld is die laaste opsie wanneer niks anders werk nie. Onderhandel eers! Die regering kon veral in die 1960’s, toe die ANC ontwrig was, die swart bevolking meer ondersteun en bemagtig het, maar hulle het die teenoorgestelde gedoen.

“Instromingsbeheer is verskerp, ongeveer twee miljoen swartmense is hardhandig vanuit hulle wonings in die toegekende areas vir witmense na areas in die oorbevolkte tuislande verskuif. Dit was onregverdig, baie van daardie gesinne is al vir generasies gevestig in hul areas en word nou geskuif op grond van hul ras. Swartmense is van hulle burgerregte in die ‘witmansland’ ontneem en tuislande wat onafhanklikheid wou

verkry, is ondersteun daarmee. Die regering het steeds die haglike omstandighede in swart woongebiede toegelaat en daarmee swartmense 'aanmoedig' om hulle heil in hulle tuislande te soek. Was dit die regte manier om die siel, die hart, die gesindheid en steun van die swart bevolking in die stede te wen en 'n revolusie te voorkom? Dis die vraag wat ons vandag met reg kan vra."

"Wil jy vir my sê die politici het na hulle suksesse met die onderdrukking van die *swart verset* in 1963 nie die geleentheid benut om die gesindheid van swartmense te wen nie? En dit ondanks die aanbevelings van die SAW?" vra Hendrik met 'n nuwe belangstelling.

"Ja, dit is maklik vir ons om vandag terug te kyk en hierdie afleiding te maak, maar hoor net wat het hulle nog gedoen wat hulle duur te staan gekom het. Om meer effektief teen enige verset teen die regering op te tree, het die Veiligheidstak van die SAP onder die Wet op die Onderdrukking van Terrorisme van 1967, meer mag gekry. Byvoorbeeld, om gevangenes sonder verhoor vir 90 dae lank en later tot 180 dae lank, aan te hou. Oor die tydperk 1963 tot 1971, nadat generaal Hendrik van den Berg hoof van die Buro vir Staatsveiligheid (BOSS) geword het, het 20 mense in aanhouding gesterf. Geen SAP-lid of enige gevangenispersoneel is vir die dood van hierdie mense aanspreeklik gehou nie. Dit het die idee laat posvat dat lede van die veiligheidsmagte onaantasbaar was (kyk Jeffery 2015:13).

"Ongelukkig het die regering se miskenning van die belange van swartmense veroorsaak dat die bevrydingsbewegings voortaan meer radikaal in hulle optredes sou wees. Hier is 'n dokument wat ek saamgebring het wat in 1969 gepubliseer is. Dit handel oor die ANC se voormalige 'Strategy and Tactics of the South African Revolution' (Jeffery 2015:8) waarvolgens hulle die revolusie in die volgende drie fases verdeel het:

- 'n Guerrilla-fase wat sou bestaan uit aktiwiteite van gewapende propaganda, sabotasie, plant van landmyne en karbomme.
- Die ekwilibrium-fase waar MK eenhede die SAW met mobile oorlogvoering sou betrek.

- Die finale fase wat sou kulmineer in die algemene offensief wat sou saamval met die ineenstorting van die RSA-ekonomie, demoralisering van die RSA-veiligheidsmagte en die isolasie van die regering.

“So, Roelf, jy dink dit was die regering se miskenning van swartmense se basiese burgerregte wat bygedra tot die studente-onluste van 1976?”



*Figuur 26: Die foto van die gewonde Hector Peterson wat die wêreld bewus gemaak het van die Soweto onluste (Cameron & Spies 1986:308).*

“Vir seker. Die onluste was ‘n protes wat een of ander tyd moes kom, want die regering het eers wakker geskrik toe dit reeds te laat was. Hoewel die ontevredenheid oor die regering se besluit om Afrikaans as onderrigtaal in sommige vakke by skole af te dwing, as oorsaak van die onluste beskou is, het die onluste in werklikheid net ‘n plek gesoek om uit te breek. Toe ek hoor van die kwessie van Afrikaans het ek maar net my kop in ongeloof geskud, want ek het onthou hoe my voorouers gekla het oor die onderwys in Engels wat deur Brittanje afgedwing is. Hoe kon die regering nou dieselfde fout maak as die Engelse koloniste? Hoe sou jy gevoel het Hendrik, as jy geforseer word om onderrig in ‘n vak soos wiskunde in ‘n onbekende swart taal te ontvang?

“Die frustrasies van die jeug oor ‘Bantu-onderwys’, wat hulle as minderwaardig geag het, was maar net ‘n deel van die opbouende ontevredenheid van die stedelike swartmense wat oorgekook het. Hulle was lankal gegrief oor hulle lewensomstandighede, die groeiende behuisingtekort weens tuislandontwikkeling en die onsimpatieke behandeling wat hulle van die Bantu-administrasierade ontvang het.

“Soos jy weet, hoewel die geweld aanvanklik op owerheidstrukture soos die Bantu-administrasiekantore gemik is, het leerlinge soms ook drankwinkels en sjebeens aangeval. Die onrus het na die swart, bruin en Indiër-universiteite uitgebrei en tot verskeie ander protesoptredes en gewelddadige aksie landswyd aanleiding gegee” (Grobler 2012:383; Welsh 2009:156-164).

“Om te verhoed dat die onrus na wit woongebiede oorspoel, het die SAP hardhandig opgetree om die onluste so spoedig moontlik onder beheer te kry. Die regering het nie ‘n ander keuse gehad nie, want die hele land was in chaos en geweld gedompel!” skerm Hendrik vir die optrede van die SAP.

“Ja, maar die regering se gewelddadige hantering van die onluste het hulle internasionale beeld geweldige skade aangedoen. In November 1977 het die Veiligheidsraad van die Verenigde Nasies ‘n wapenverbod teen die RSA ingestel” (Jeffery 2015:19).

Die feite oor die gebeurtenis is skokkend en die werklike impak van die onluste is onberekenbaar. Van die ongeveer 34 000 skoliere wat in Junie 1976 op skool was, was daar na die opstande minder as 14 500 oor. Van die 20 000 wat vermis is, was sommige dood, andere in die tronk of in skole in ander plekke reg oor die land. Tussen 7 000 en 10 000 het die land verlaat om vir die SAP te vlug, hulle studie in ander lande voort te sit of om te veg vir hulle vryheid (Jeffery 2015:19).

“Waar was jy op die geskiedkundige dag van 16 Junie 1976 Hendrik?”

“Ek was nog in matriek Roelf. ‘n Jaar na jou.”

“Ek was ‘n eerstejaar op universiteit en as koshuisstudent het ek net voor middagete op pad na die eetsaal vir die eerste keer uitgevind van die onluste. Ons eerstejaars was nog nie onthef nie en moes elke dag verby die seniors stap wat ons dan gewoonlik nader geroep het om ‘n ‘intellektuele’ gesprek met ons te voer. Toe ons nog op pad na hulle toe was, het hulle al gevra: ‘Is julle ook in opstand? Het julle gehoor wat in Soweto besig was om te gebeur?’ Hulle was duidelik nie tevrede met ons antwoord dat ons nie in opstand was of beplan het om in opstand te kom nie en het ons die opdrag gegee om wel in simpatie met die Soweto studente ook in opstand te kom. Ons moes ons hakke oplig en op ons tone staan, want dan is ons mos ook in ‘opstand’.

“Op ‘n ernstiger noot. Ek is wreed ontnugter deur die eerste nuusberigte van die gebeure in Soweto. Ek het net gelees van dronk skoliere en studente wat eers die sjebeens aangeval en beroof het en daarna onbeheerst busse en ander voertuie wat in Soweto binnegekom het, met klippe gegooi en aan die brand gesteek het. Ek kon ook nie glo dat hulle bereid was om hulle eie infrastruktuur in Soweto so te vernietig

nie. My ontnugtering het later verander in ‘n gevoel van bedreiging toe ek ook hoor van die dood van twee witmense, onder wie, dokter Melville Edelstein. Hy was ‘n mediese dokter, betrokke by gemeenskapsdiens in Soweto. Hy is vermoor net omdat hy ‘n wit amptenaar op die verkeerde tyd op die verkeerde plek was. Die SAP en SAW se ingryping om te verhoed dat die onluste na wit woongebiede uitbrei, het my persepsie versterk dat ons as witmense se voortbestaan in Afrika bedreig word.”

Ek het weer ‘n glas water geskink en Hendrik daarmee gekonfronteer dat ons gesprek reeds ontwikkel het in ‘n gesprek oor die geskiedenis en die SAW, waarmee ek ongemaklik begin voel het.

“Wat het al hierdie gesprekke oor die verlede met my persoonlike uitdagings waaroor ek jou kom sien het, te doen? Het ons nie die spoor bietjie byster geraak nie?”

Ek kon sien my vraag het Hendrik onkant betrap, maar sy antwoord het sin gemaak.

“Jy is reg. Miskien gee ons op die oomblik te veel aandag aan politieke aspekte, maar dit was vir my nodig om jou mening oor die *swart gevaar* en die *rooi gevaar* en die verhouding tussen die SAW en die politici te hoor.

“Sonder dat jy dit besef, is die vertel van jou storie ook vir jou terapeuties en vir my ‘n geleentheid om soveel moontlik inligting oor wat jy ervaar het, te verkry. Daarom laat ek jou soms maar aangaan. Soos jy gesien het, het ek gereeld aantekeninge gemaak. Ek gaan dit aan die einde nodig hê wanneer ons oor jou ervaringe reflekteer.”

Met ‘n kopknik gee ek te kenne dat ek verstaan wat hy bedoel en dit gee hom die vrymoedigheid om voort te gaan.

“Waar was ons laas? O ja, die 1976 onluste. Is daar nog iets wat jy daaroor wil vertel?”

“Die toenemende betrokkenheid van die SAW by die vryheidstryd in Suidwes-Afrika en oorgrensoperasies in Angola het veroorsaak dat diensplig in 1977 uitgebrei is tot ‘n jaar se basiese opleiding en ‘n jaar se diensplig in die vorm van kampe. Dienspligtiges was ook onderhewig aan oproepbare kampe oor ‘n periode van agt jaar vir dertig dae per jaar. Die dienspligtiges het die kernmag en voetsoldate geword wat die revolusionêre aanslag moes beveg. In 1982 is diensplig verleng tot ‘n verpligte

twee jaar met twaalf oproepbare jaarlikse kampe van 60 dae elk. Slegs in die geval van spesifieke godsdienstige besware, ‘n fisiese gebrek, geestelike institusionalisering, huishoudelike verpligtinge en om die onderbreking van studies te voorkom, is vrystelling van diensplig toegelaat (Blake 2009: 263-268).

Dit wil voorkom asof die 1976-onluste die regering laat wakker skrik het, want nadat PW Botha in 1978 aan bewind gekom en generaal Malan Minister van Verdediging geword het, is die regeringsbeleid drasties aangepas. Generaal Constand Viljoen wat tussen 1977 en 1985 hoof van die leër en later die SAW was, het die kabinet by minstens vier geleenthede gewaarsku dat hulle nie kon aanhou om op die SAW staat te maak om die onrus te hanteer nie.”

Ek trek weer die boek van Hermann Giliomee nader en lees generaal Viljoen se opmerking.

”Suid-Afrika kan militêr nog ‘n lang ruk aanhou, maar dit is van nul en gener waarde indien ‘n politieke oplossing nie gevind word nie. Die politieke leiers moet ‘n oplossing vind waarvolgens alle mense wat in die land woon betrokke en deel van die land voel. Elke jaar wat verby gaan, raak die blankes se strategiese opsies minder” (Giliomee 2004:547; Hamann 2001:55).

“Die verandering in regeringsbeleid het eers in 1979 begin rigting kry toe die regering verklaar het dat hulle met ‘n *totale nasionale strategie* gaan antwoord op die ANC se *People’s War* teen die RSA regering” (Jeffery 2015:54).

Toe Hendrik die woord *totale nasionale strategie* hoor kon ek aan sy lyftaal sien daar kom ‘n vraag.

“Vertel my meer van wat jy onder die terme *totale aanslag* en *totale strategie* verstaan, Roelf. Dit is ‘n terme wat ek nooit kon verstaan nie. Wat ek onder die term, *totale strategie* verstaan, is dat dit verwys na ‘n konsep wat deur die apartheidsregering gebruik is as ‘n verskoning om die meerderheid van die bevolking te onderdruk.”

“Ja, Hendrik, daar is onduidelikheid en omstredenheid rondom die terme en ongelukkig is dit ingebring deur PW Botha, die voormalige Minister van Verdediging. Generaal Malan, die destydse Minister van Verdediging onder PW Botha se bewind

het die SAW-strategie toe regeringsbeleid gemaak. Om die *totale strategie* te verstaan moet jy eers die *totale aanslag* verstaan. Die *totale aanslag* verwys na die omvattende strategie wat deur die revolusionêre magte op alle lewensterreine gevoer is. Dit het militêre, politieke, kulturele, sport en ander vlakke as deel van die *People's War* ingesluit (Kyk Scholtz 2013:37). Die *totale strategie* was die regering se antwoord op die ANC se *People's War.*

"Onder die invloed van die lesse wat hulle tydens 'n besoek aan Viëtnam in Oktober 1978 geleer het, het die ANC besef dat die politieke ontevredenheid in die RSA teen apartheid, die sterk internasionale veroordeling van apartheid en die ondersteuning van die militante swart jeug hulle in 'n baie sterk politieke posisie plaas het. In 1979 het die ANC besluit op 'n *People's War* wat sou neerkom op die mobilisering van die massas vanuit 'n politieke basis wat onder die bevolking sou groei. Die strategie vir die *People's War* het neergekom op die volgende vier pilare:

- Gewapende aktiwiteite van die ondergrondse strukture.
- Verenigde massa-aksie van die bevolking (mobilisering van die massa).
- Die gewapende stryd.
- Internasionale optredes om die RSA te isoleer.

"Reeds vanaf Mei 1979 het gewapende aktiwiteite onder leiding van die ondergrondse strukture toegeneem met 'n aanval op die Moroka-polisiestasie in Soweto, 'n gyselaars-drama by die Volkskas Bank in Silverton, 'n aanval op installasies van die Sasol-olieraffinadery in die Vrystaat en selfs 'n mortier-aanval wat in 1981 op 'n militêre basis in Voortrekkerhoogte geloods is (kyk Jeffery 2015:41-45).

"Die essensie van die *totale strategie* was volgens Magnus Malan (2006) om die Staat te voorsien van die strukture en die strategie of plan om alle beskikbare middele gekoördineerd, georkestreerd en doelmatig teen die revolusionêre oorlog en die bekamping daarvan aan te kan wend (kyk Malan 2006:208). As deel van die *totale strategie* is die plaaslike owerhede, kerke, media en alle aspekte van die samelewing betrek by die ondersteuning van die dienspligtiges en die SAW in die bekamping van die revolusionêre aanslag.

“Dienspligtiges is in die binneland ontplooi om die algemene bevolking teen intimidasie, geweld en die beskadiging van hulle eiendom deur die sogenaamde terroriste (vryheidsvegters) te beskerm. Hulle is ook aangewend om ‘die harte en siele van die mense te wen (*to win the heart and minds of the people)* in teenstelling met die intimidasie van die bevrydingsbewegings.”

“So die *totale strategie* was daarop gemik om die kwaliteit van lewe vir almal in Suid-Afrika te verbeter?” merk Hendrik op.

“Ja dit was ‘n antwoord op die verwagting van die RSA-bevolking dat die veiligheidsmagte steeds wet en orde moes handhaaf en ‘n stabiele omgewing moes skep sodat die regering evolusionêre politieke verandering kon bewerkstellig” (kyk Scholtz 2013:40-41).

“Uitgesonderd die aanwending van die dienspligtiges as deel van die veiligheidsmagte in operasionele optredes is hierdie beskikbare mannekrag ook as deel van die *totale strategie* op verskeie ander terreine soos onderwys, opleiding, mediese en veeartsenykundige dienste aangewend. Hulle het ook kundigheid aan sekere staatsdepartemente verskaf en hulp verleen aan bestuur van plaaslike owerhede en maatskaplike dienste (kyk Malan 2006:86-88). Die veiligheidsmagte se sterk betrokkenheid het ten doel gehad om wet en orde, asook ‘n stabiele omgewing, te handhaaf terwyl die regering politieke verandering bewerkstellig (kyk Scholtz 2013:40-41).

“Aan die politieke front het PW Botha verskeie hervormings deurgevoer waarvoor hy nie genoeg erkenning gekry het nie. Hy het swartmense ‘mede Suid-Afrikaners’ begin noem en Afrikaners gevra om hulle eie geskiedenis te lees en te besef dat almal politieke regte moes hê (Giliomee 2012a:390). Die geriewe in Soweto en ander swart woonbuurte soos Alexandra en Crossroads is opgegradeer, ‘n nuwe stelsel van swart verteenwoordiging op die bestuursrade in die woonbuurte is ingestel en swart vakbonde is vir die eerste keer erken (Jeffery 2015:55).

PW Botha het selfs verklaar dat hy bereid was om met die bevrydingsbewegings te onderhandel en Mandela en ander leiers sou vrylaat as hulle bereid was om geweld af te sweer. Ek het heelhartig daarmee saamgestem, want hoe kon jy onderhandel

voordat jy nie eers vrede gemaak het en wapens neergelê het nie? Geweld was nog altyd in my lewe die heel laaste opsie.

Toe ek praat van PW Botha se bereidheid om te onderhandel as die bevrydingsbewegings geweld sou afsweer, het Hendrik begin frons. Hy doen dit gewoonlik voordat hy 'n vraag vra.

"Waarom wou die ANC nie geweld afsweer nie?"

"Ek het eers onlangs toe ek Neil Barnard (2017), die voormalige Hoof van Nasionale Intelligensie, se boek *Peaceful Revolution; Inside the War Room of the Negotiations* gelees het die antwoord daarop gekry. Daarin maak hy die opmerking dat revolusionêre bewegings nooit bereid is om gewapende geweld as deel van hulle onderhandelingstrategie af te sweer nie, want dit is die enigste manier waarmee hulle druk op 'n regering kan plaas (Barnard 2017:91). Dit wil voorkom asof PW Botha dit nie betyds besef het of wou aanvaar nie."

"So ons is nou weer terug by die skaakmatposisie in 1986 toe die Suid-Afrikaanse gemeenskap gepolariseer en gemilitariseer was. Hulle was betrokke by 'n magstryd tussen twee magsgroepe met elkeen sy eie vryheidsideaal," maak Hendrik 'n opmerking.

"Ja, PW Botha was nie bereid om met die bevrydingsbewegings te onderhandel voordat hulle geweld afsweer nie en geweld was deel van die bevrydingsbewegings se onderhandelingstrategie. Dit was die rede waarom hulle nie bereid was om dit af te sweer nie," som ek die situasie op.

"Ons gaan nou ver oor ons tyd, Roelf, maar ek dink ons moet jou weermagstorie vandag afhandel sodat ons tydens ons volgende sessie 'n nuwe onderwerp kan hanteer. Hoe voel jy daaroor om nou klaar te maak?" vra Hendrik versigtig.

"Ja ek sal ook verkies as ons dit so doen indien jy genoeg tyd beskikbaar het."

"Kom ons rek ons bene en gaan weer oor 10 minute aan."

Ek stap uit die kantoor na die tuin en begin terugdink aan die omstandighede na 1986. Die noodtoestand wat in 1986 afgekondig is, het van sy vernaamste doelwitte bereik

want daar was ‘n geweldige afname van 2 500 voorvalle in Junie 1986 tot minder as 300 in Mei 1987. Die dodetal onder die swartmense wat as gevolg van geweld gesterf het, het gedurende dieselfde tydperk van 157 tot 8 afgeneem. Strydig met die beskuldigings dat die SAW net die swart bevolking onderdruk het en ‘n toename in geweld veroorsaak het, het die halssnoerteregstellings van 228 gedurende eerste maande van 1986 tot 82 gedurende die 10 maande na die afkondiging van die noodtoestand afgeneem. Die regering het ook normale dienste en onderwys in die meeste swart gemeenskappe herstel (kyk De Klerk 1998:138).

Tog was dit teen 1986 duidelik dat die gety teen die NP-regering en PW Botha gedraai het. Swart leiers oor die breë spektrum het begin saamstaan, sakeleiers het gemeen dat die koste van apartheid te veel geraak het. Die Afrikaanse sakeman Anton Rupert het in ‘n reguit brief aan PW Botha gevra of apartheid as die hoeksteen van die Afrikaners se voortbestaan beskou kon word as dit reeds deur te veel mense as ‘n sonde teen die mensdom beskou word? In die afsluiting van sy brief het hy gewaarsku dat die Afrikaners eendag met ‘n Neurenberg-verhoor sal eindig as apartheid nie afgeskaf word nie. Kerkleiers van die Nederduitse Gereformeerde (NG) kerk het verklaar dat die grootste deel van die bevolking apartheid as ‘n onderdrukkende stelsel ervaar en dat diskriminasie hulle menswaardigheid skend.

Ek onthou dit was Chester Crocker, die destydse Amerikaanse Assistentminister van Buitelandse Sake wat die situasie in 1986 as ‘n skaakmatposisie tussen die regering en sy teenstanders beskryf het en opgemerk het dat dit nie meer so kon voortgaan nie. (Giliomee 2012:409-410). Die belangrikste uitwerking van die noodtoestand was dat die bevrydingsbewegings ‘n meer realistiese persepsie van die magsbalans tussen hulle en die regering gekry het. Hulle het aanvanklik in 1986 begin glo dat die binnelandse onrus onstuitbaar was en spoedig tot die revolusionêre omverwerping van die regering sou lei. Teen 1988 het die meer realistiese leiers van die ANC soos Thabo Mbeki egter besef dat ‘n vinnige en maklike oorwinning nie moontlik was nie en onderhandelinge met die regering noodsaaklik was (kyk De Klerk 1998:139).

Hendrik onderbreek my gedagtes toe hy my roep om met ons gesprek voort te gaan.

“Ja, 1986 was ‘n baie donker jaar in die Suid-Afrikaanse geskiedenis. Was daar darem nie vir jou enige ligpunt of hoogtepunt waaraan jy kan terugdink nie?” begin Hendrik weer die gesprek.

“Ja, vir seker. Die geboorte van my oudste seun, Hardus op 19 Januarie 1986,” sê ek terwyl ek terugdink hoe trots ek gevoel het toe ek voor die hele skool gelukgewens is. “Omdat ek die enigste seun in ons gesin was het ek gehoop en gebid vir ‘n seun en was baie dankbaar en trots op my eersgeborene. Ons het hom ook RPG Schoeman genoem, die vierde geslag wat nou die naam dra (my oupa, my pa, ek en toe hy).

“Miskien moet jy my kortliks oor jou gesin se ervaringe in hierdie tyd vertel voordat ons aangaan.”

“My seun se geboorte was ‘n hoogtepunt, maar net daarna het ek ‘n groot laagtepunt ervaar.” Hendrik neem weer sy beradingshouding in. Hy leun vorentoe en met ‘n ligte frons kyk hy my direk in die oë en sy aandag is nou weer net op my storie.

“Dit het nie goed gegaan met my huwelik nie. Ek het foute gemaak wat ek later berou het. Waarom sien mens nie die rooiligte wat flikker terwyl jy nog iets daaraan kan doen nie? Ek was naïef om te dink dat aangesien ek en Annie albei diep gelowiges was en aktief by die leierskap van die kerk betrokke was, ons probleme sommer vanself opgelos sou word.

Ek het Hendrik nou al goed genoeg geken om hom in my vertroue te neem en my hart voor hom uit te stort.

“Vandag kan ek nie glo ek was so naïef om te dink dat net Christus, gebed en ons harde werk aan ons verhouding, die oplossing sou wees nie. Onbewustelik was my standpunt steeds soos die van die meeste voormalige dienspligtiges en selfs Afrikanermans, dat dit ‘n swakheid is om vir berading te gaan. Ons het nie eers voor ons huwelik ‘n huweliksvoorbereidingskursus gedoen nie.

“Ek het geglo beraders en sielkundiges kan maar net diagnoseer en nie oplossings bring nie. Net Christus kan genesing bring. Hoekom dan die moeite doen om eers by hulle ‘n draai te maak? Die probleme sal hulself mos uitsorteer. Ek moet net meer bid en seker maak dat my verhouding met Christus reg is. Hy het my mos nog nooit

teleurgestel nie en sal nie toelaat dat ons huwelik verbrokkel nie. Ons moet net luister na Sy stem. Ek het Annie begin kwalik neem dat sy nie saam met my na Sy stem luister en doen wat Hy vir ons sê nie. Dit is mos ‘n vernedering om met iemand anders oor jou persoonlike probleme te gesels veral as julle onderwysers is en by die leierskap van die kerk en die gemeenskap betrokke is. Wie kan jy werklik vertrou en wie kan werklik help? Die erns van die saak het eers tot my deurgedring toe dit te laat was. Asof my huweliksprobleme nie genoeg was nie, het ek ook verhoudingspobleme met sommige van my kollegas ervaar.”

Ek het voortgegaan met my treurmare terwyl Hendrik luister en nou en dan aantekening maak.

“My ‘liberale’ standpunte het nie goed in die personeelkamer onder van my konserwatiewe kollegas afgegaan nie. Ek het nie meer tuis gevoel in my eie gemeenskap en in die onderwys nie en het terugverlang na die SAW waar ek gedink het my standpunte beter geakkommodeer sou word. Toe ek hoor van ‘n moontlike pos vir iemand met my kwalifikasies by Hoof Staf Inligting van die SAW het ek daarvoor aansoek gedoen en die pos gekry.

My aansluiting by die SAW het my huweliksprobleme vererger, maar ek het dit as ‘n aanval van die duiwel gesien en nog harder gebid en probeer om Annie tevrede te stel. Annie het op haar eie vir berading by ons predikant se vrou gegaan. Die berader het probleme geïdentifiseer en voorstelle gemaak het van wat ons kon doen. Ek is nooit by die berading betrek om ook insette te gee nie en het maar vir lief geneem daarmee. Een van Annie se klagtes was dat my ouers te veel in ons huwelik inmeng. Ek het in Pretoria by die SAW gewerk. Dit was dus ‘n oplossing en logiese stap om Pretoria toe te trek en daar met ‘n nuwe te begin weg van my ouers af.


“Ons verhuising Pretoria toe het ‘n tydelike oplossing gebring, maar ek het steeds nie die erns van ons huweliksprobleme besef nie. Ek het geglo my gebede is verhoor, die duiwel is afgeweer en die deurbraak het gekom. Dit het die opofferings om Pretoria toe te trek die moeite werd gemaak het. Ek het nie besef dat ons daadwerklik moes werk aan ons verhouding en praktiese riglyne nodig gehad het nie.”

“Dankie vir jou openheid Roelf, dit het my ‘n beter perspektief oor jou gesinslewe in daardie tydperk gegee. Ek sal later weer met jou daaroor wil gesels. Soos gesê wou ek hê dat ons jou weermagstorie vandag moes afhandel, maar as ek na jou lewensgrafiek kyk, dink ek nie dit sal moontlik wees nie. Die skryf van jou storie werk vir jou. So ek wil vra dat jy die res van jou weermagstorie neerskryf en vir my epos. Ons kan dan tydens ons volgende afspraak vinnig daaroor praat voordat ons ‘n nuwe onderwerp aanpak.”

“Geen probleem nie Hendrik dit het die vorige keer goed gewerk en ek dink dit sal ons ook help om tyd te bespaar.” Ek is dankbaar want die sessie het sy tol geëis.

## 3.5 My weermagstorie

Die week na my afspraak met Hendrik was bedrywig en ek het nie weer aan ons bespreking gedink nie. Dit was miskien goed want ek kon met nuwe ywer aan die laaste deel van my weermagstorie skryf. Ek is dankbaar dat Hendrik my soms ook die geleentheid gee om te skryf. Dit is vir my beter om oor die traumatiese ervaringe te skryf as om daaroor te praat. Dit is asof ek my gedagtes makliker orden as ek daaroor skryf. Ek het al in die gewoonte gekom om voor ons beradingsessies eers te skryf wat ek wil sê.




*Figuur 27: Die profiel van my weermagstorie met hoogte- en laagtepunte.*




*Figuur 28: Collage van persoonlike fotos geneem tydens staandemag praktiese gevegshanteringskursusse by Lohatla.*

My loopbaan as lid van die staandemag van die SAW het my blootstelling gegee aan ‘n wêreld waarop ek aanvanklik nie voorbereid was nie. Ek is aangestel in ‘n unieke afdeling van die Hoof van Staf Inligting (HSI), beter bekend as die Afdeling Militêre Inligting (AMI). Die afdeling waarby ek betrokke was, was verantwoordelik daarvoor om die binnelandse bedreiging teen die RSA op strategiese vlak en die invloed daarvan op die ontplooiing van die SAW te bepaal. Die aanpassing by my nuwe werksomstandighede was nogal uitdagend omdat dit telkens onderbreek is deur kursusse wat ek as toerusting moes bywoon. Ons moes weermag- en inligtingskursusse doen. Tog was ek in my element en het my nuwe werk en die kursusse baie geniet.

My werk het radikaal verskil van my blootstelling as dienspligtige in die infanteriekorps van die leër. Ek was hoofsaaklike betrokke by navorsing en die verwerking van strategiese inligting op nasionale vlak. Om daarvoor te kwalifiseer, moes die aansoeker gegradueerd wees met verkieslik ‘n honneursgraad. Ons het meestal siviele klere gedra en deel van die nasionale inligtingsgemeenskap gevorm.

Die Grensoorlog was pas verby en die SAW se fokus het na die onafgehandelde binnelandse omstandighede geskuif. Ons direktoraat het uit ‘n unieke groep bestaan wat onder die druk van die vinnig veranderende transformasieproses die SAW besluitnemers met tydige betroubare en bruikbare inligting moes ondersteun. ‘n Nuwe seisoen met ‘n nuwe identiteit het weereens vir my aangebreek. Ek onthou nog hoe die werklikheid van my nuwe omstandighede tot my deurgedring het. Ons was besig om die vroegoggendverkeer Pretoria toe in ons weermagdiensbussie te trotseer. Agter in die bus het ek die oggendkoerant gelees. Die ou langs my was lus om te gesels.

“So ek hoor jy gaan binnekort *Vorming* doen?” vra hy beterweterig.

“Ja. As dit jou beurt is dit seker jou beurt.”

Dit is standaardpraktyk in die SAW dat nuwe offisiere voorwaardelik aangestel word totdat hulle voor ‘n keurraad verskyn. Dié leierskapontwikkelingskursus is algemeen bekend as die *Vormingskursus vir Jong Offisiere* en moet suksesvol voltooi word.

My medepassasier was ‘n regsoffisier wat ook die kursus moes doen. Hy was eers ‘n prokureur in die privaat sektor en het op ‘n “gevorderde ouderdom” by die SAW

aangesluit. Ek het besluit om soveel moontlik inligting oor die onbekende van hom te kry.

“Moenie bekommerd wees nie. Trek net vir jou ‘n krokodilvel aan en hanteer al hulle aanmerkings en onnodige aktiwiteite soos water oor ‘n eend se rug.”

‘n Oomblik voel ek asof ek weer vir diensplig opgeroep is. Ons het later tog lekker gesels oor alles wat ek kon verwag en ek het beter toegerus gevoel.

My eerste twee jaar in die SAW was ek hoofsaaklik met kursusse besig tot die verontwaardiging van my bevelvoerder. Veral 1989, my eerste jaar, was nie maklik nie. As 32-jarige was ek een van die ou manne op die fisies uitmergelende *Vormingskursus* by die Leërgimnasium in Heidelberg. Ek kon net sekere naweke huis toe gaan. My huweliksprobleme het toegeneem. Dit het begin voor ek permanent by die Weermag aangesluit het. Gelukkig het die kursus my so besig gehou dat ek nie veel daaroor kon tob nie. Die tyd weg van die huis af was miskien ook goed. My lewenservaring tydens diensplig op die grens en die *Kompanie-Tweede-in-Bevelskursus* wat ek in 1987 as burgermagslid by die Danie Theron-krygskool gedoen het, het my gehelp om die uitdagings van die nuwe kursus te hanteer.

Ek onthou skielik Elize se vraag of ek my skryfwerk kan onderbreek. Sy wil iets met my bespreek. Ek onthou ook Hendrik se voorstel dat ek net op die hoogte- en laagtepunte van my ervarings moet fokus en nie moet toelaat dat my gedagtes afdwaal nie.

My eerste laagtepunt was op 1 April 1989 tydens die *Vormingskursus* waarmee ek toe besig was. Ons bevelvoerder tydens die kursus het met ‘n strak gesig die oggend net na ons oordenking, waarmee ons ons daaglikse werksaamhede begin het die lesinglokaal ingestap.

“Is julle gereed om in Ovamboland ontplooi te word?” het hy gevra.


Ek het yskoud geword en hy het dadelik almal se aandag gehad.

“Gisteraand het ongeveer 150 van ’n moontlike 1 600 SWAPO-insurgente van Angola af reeds die Suidwes-Afrikagrens oorgesteek en daardeur die ooreenkomste verbreek,” kondig hy aan.

“Dit is nou die beste Aprilgrap wat ek ooit gehoor het,” fluister ek vir die studente om my.

Ons bevelvoerder hoor dit en gluur my aan: “Ek maak nie grappies nie daar is groot probleme in Suidwes en die inligting wat ons tans het, is die volgende...” gaan hy voort.

Op 31 Maart, die dag voordat die skietstaking en Resolusie 435 van krag sou word, het SWAPO inderdaad Suidwes-Afrika ingeval en op 1 April het die getal toegeneem tot minstens 1 200 swaar gewapende insurgente. Hulle was gewapen met outomatiese gewere, tenkafweer-vuurpyle en draagbare lugafweer-missiele. Dit was ’n skaamtelose verbreking van die vredesakkoord (kyk Steenkamp 2016:314-321). Ek het geskok na ons bevelvoerder geluister terwyl die realiteit tot my deurgedring het.



*Figuur 29: Massagraf waarin PLAN lede begrawe is (Liebenberg & Hayes 2010:55).*

Die reaksie van die internasionale gemeenskap was gelukkig negatief teenoor SWAPO. Met die VN se toestemming is Koevoet, 101 Bataljon, 102 Bataljon en 61 Meg Bataljon, gesteun deur Alouette-helikopters, toegelaat om teen die insurgente op te tree. Hewige gevegte het uitgebreek wat nege volle dae geduur het. Die PLAN-lede van SWAPO het dikwels vasbeslote teruggeveg, maar was nie opgewasse teen die Suid-Afrikaanse geoliede masjien en groter vuurkrag nie. Op 8 April het Sam Nujoma die leier van SWAPO, aangekondig dat sy vegters na Angola sou terugkeer. Minstens 850 het dit gedoen. Op 28 April het die Suid-Afrikaanse Regering bekend gemaak dat 282 PLAN-lede gesneuwel het en 38 gevange geneem is. Altesaam 25 Suid-Afrikaners (twintig Koevoet-lede en vyf lede van die SAW) het in altesaam 63 vuurgevegte gesneuwel en 100 is gewond (kyk Scholtz 2013:434-440).

Hierdie gebeurtenis was die grootste oorwinning vir demokrasie wat die SAW in die konflik in Suidwes-Afrika gehad het en het ‘n groot invloed op my persepsie van bevrydingsbewegings gehad. Ek onthou nog hoe ek al my respek vir SWAPO as politieke organisasie verloor het en hoe trots ek op die oorwinning van die SAW in uiters moeilike omstandighede was. Die optrede van SWAPO was ‘n bewys van die slinkse strategie en onbetroubaarheid van die kommunistiese bevrydingsbewegings wat nie bereid was om ‘n politieke en demokratiese proses te volg nie. Hierdie aanname sou later ‘n groot invloed hê op my beskouing van die strategie van die ANC om na 1990 steeds ‘n *gewapendestryd* en ‘n *People’s War* te volg.

Met gemengde gevoelens het ek die verdere verloop van die oorgangsproses in Suidwes-Afrika, die verkiesing en die totstandkoming van Namibië gevolg. Ek het selfs ‘n video-opname van die onafhanklikheidsvieringe gemaak en ‘n paar keer weer daarna gekyk. Met ‘n pyn in my hart het ek na die uitdrukking op De Klerk se gesig gekyk toe die Suid-Afrikaanse vlag finaal tydens die feesviering op 21 Maart 1990 gestryk is. Die gejubel van die skare het uitgebreek toe die Namibiese vlag vir die eerste keer gehys is. In sy outobiografie verwys De Klerk (1998:188-189) na hoe hy gevoel het toe die RSA-vlag gestryk was en ek kon verstaan waarom sy gesigsuitdrukking my so opgeval het.

Terwyl ek die onafhanklikheidsverrigting dophou wonder ek of die oorlog regtig die moeite werd was en wat die toekoms van die RSA vir ons inhou. Tog was ek trots op wat die RSA onderhandelaars bereik het, want die onttrekking van die Kubane uit Angola, die grondwet in Namibië en die einde van die koue oorlog was bemoedigende nuwe internasionale verwikkelinge wat my hoop vir Suid-Afrika gegee het.

### 3.5.1 Ontplooiing in ’n swart woongebied

Die ander laagtepunt tydens my *Vormingskursus* was tydens die laaste fase van ons kursus oor opleiding in die bekamping van stedelike terreur. Dit was in samewerking met die SAP. Hierdie fase, en veral die ontplooiing in die Alexandra-township, het ‘n ingrypende indruk op my gemaak. Ons kursusgangers was proefkonyne. Ons is vir die eerste keer vandat die kursus aangebied is ‘n paar weke lank in Sandton in die hart van Johannesburg naby die swart Alexandra-woongebied ontplooi.

Alexandra-inwoners sou aanvanklik kragtens die Groepsgebiedewet uit die woongebied vir blankes verskuif word. Weerstand was egter so hewig dat besluit is om ‘n uitsondering te maak en hulle daar te akkommodeer. In Alexandra, wat deur onluste geteister is, het ons eerstehandse blootstelling aan die omstandighede in ‘n swart woongebied gekry. Ek sal nooit ons eerste nagpatrollie in Alexandra vergeet nie. Ek het amper gevoel soos een van die 701 Bataljon-troepe wat ek in die Nkongo-basis in Ovamboland opgelei het terwyl die oorlog net buite die basis aan die gang was.

Dit was ‘n bitter koue winternag toe ons om 21:00 met ons buffel-gevegsvoertuie die woongebied binnery. Dit was my eerste besoek in ‘n *buffel* aan ‘n stedelike woongebied in die RSA. Op die Grens in die oop veld van die SWA het ek daaraan gewoond geraak het.  Hier het ek het heeltemal buite my gemaksone gevoel. Dit was net nie reg om die rus in Alexander so te versteur nie.  Die strate was verlate want ‘n aandklokreël was in werking en dit het vir my gevoel asof ons die inwoners se privaatheid betree. Ons was ook nie welkom in die gebied nie en het soos ‘n seer vinger uitgestaan.

Vir die meeste van ons was dit ‘n nuwe ervaring en ek was gelukkig nie die enigste een wat onveilig en bang gevoel het nie. So in die ry het almal van ons ons magasyne begin vul en ons wapens in gereedheid gebring. Ek kon nie glo dat so ‘n plek in Suid-Afrika bestaan nie; en dit nog so naby aan die spoggerige blanke woongebied Sandton. Die kontras was ongelooflik. Nadat ons verby die pragtigste eiendomme en huise gery het, is ons skielik in hierdie vreemde armoedige wêreld. Ek het gewonder hoeveel witmense werklik bewus was van die omstandighede waarin hierdie mense leef.

Op elke *buffel* was ‘n gids wat ons meer vertel van die woongebied en die geskiedenis van die konflik in die gebied. Alexandra was glo een groot misdaadnes wat veral bekend was vir wapensmokkelary. Gesteelde voertuie is daar uitmekaar gehaal en vir onderdele verkoop. Die blootstelling aan die kontras van die lewensomstandighede van die meeste swart stedelinge teenoor dié van witmense sou ‘n blywende indruk op my maak. Vir die eerste keer het ek besef waarom die stedelike swartes so vatbaar was vir die revolusionêre ideologie. Ek het gewonder hoe ek sou reageer as ek ‘n swart man in soortgelyke omstandighede was.

Ons het by die meer gegoede gedeelte van Alexandra ingekom. Daar was netjiese huise en mynhostelle en daar is reeds met ontwikkeling begin. Daarna het ons afbeweeg na die Jukskei-rivier waar ons patrollie gestap het. By die rivier was die meeste hutte baie armoedig. Sommige daarvan is op die rivieroewer gebou. Die erwe was oorbevolk met tot vyf gesinne op ‘n erf. Erwe is toegebou met plakkershutte wat dig teen mekaar grens. Soms het tot 30 mense op een erf gewoon. Wanneer die rivier afkom, spoel van die hutte glo weg. Iemand anders vervang dit dan net. Daar was amper geen infrastruktuur in hierdie gedeelte nie en die rou riool het in die strate afgevloei.

Om patrollie te stap was ‘n nagmerrie want daar was nie behoorlike beligting nie en die rook en stank van dooie honde en die riool in die strate was ondraaglik. Dit was winter en die meeste huise het nie elektrisiteit gehad het nie. Tuisgemaakte steenkoolverwarmers in konkas (emmers met gate in) is geprakseer. Oral was vure en ek het gesidder oor wat sou gebeur het as dit sou handuit ruk. Ek kon nie glo dat sulke rookbesoedelde omstandighede mense se permanente wêreld is nie.


Op patrollie het ons gevrees vir ons lewens en aanhoudend gehoes van die rook. Skielik het ek weer uitgelewer gevoel soos in Ovamboland. Daar was ons besig met patrollie in ‘n gebied wat ons nie geken het nie, op soek na ‘n vyand wat ons nie kon sien nie, maar wat ons kon sien. Hulle sou ons aanval wanneer ons die kwesbaarste was.



*Figuur 30: Plaaslike inwoners in Namibië met 'n buffel-gevegsvoertuig in die agtergrond (Liebenberg & Hayes 2010:95).*

Wat my van hierdie ervaring bygebly het, was dat dit ook omstandighede was waarin ons dienspligtiges ontplooi is. Net soos in Suidwes-Afrika is ons in woongebiede ontplooi waar ons nie welkom was nie. Die verskil was net dat dit nou 'n woongebied in ons eie land was. Ons was in 'n nuwe "oorlog" betrokke wat radikaal verskil het van die oorlog in Suidwes-Afrika. Ons is deur die regering in 'n rol aangewend waarvoor ons nie opgelei was nie omdat die politici nog nie 'n politieke oplossing vir Suid-Afrika gehad het nie. Die RSA-regering het die SAW misbruik omdat hulle nie hulle politieke verantwoordelikheid teenoor die bevolking kon nakom nie. Die blootstelling aan my nuwe werksomstandighede sou hierdie aanname versterk en my nog verder in opstand bring teen die politici.

Na die *Vormingskursus* kon ek eers werklik my voete in my nuwe werksomstandighede vind. Hoewel die Grensoorlog finaal verby was, was dit steeds die middelpunt van die meeste gesprekke. Om saam te kon praat oor die operasies in Angola het ek die boeke *The war for Africa: Twelve months that transformed a continent* van Fred Bridgeland (1990) en *War in Angola: The final South African phase van* Helmoed-Römer Heitman (1990) wat oor die grensoorlog geskryf is, verslind. Ek het ook aan die lippe gehang van die offisiere in ons afdeling wat by van die veldslae in Angola betrokke was. Ek kon stories hoor van die ander kant van die oorlog waaroor daar nie in die boeke geskryf of in die media berig is nie.




*Figuur 31: Die beeld van Christus op die buiteblad is 'n goeie weergawe van die beeld van die Bevrydingsteologie waarmee ek aanvanklik my vereenselwig het (Family Protection Scoreboard 1989).*

Die boek *War and Society: The militarisation of South Africa* van Jacklyn Cock en Laurie Nathan (1989), het ek met ‘n groot weerstand gelees. Die boek handel oor die verwikkelinge in die binneland en die SAW se betrokkenheid daarby vanuit die perspektiewe van die aktiviste teen apartheid. Ek het op daardie stadium nie respek vir die bevrydingsteoloë soos aartsbiskop Desmond Tutu, doktor Alan Boesak en veral eerwaarde Frank Chikane, gehad nie. Frank Chikane se beskuldigings in die voorwoord van Cock & Nathan (1989) se boek dat die regering sedert September 1984 die SAW in ‘n volskaalse oorlog teen die stemlose meerderheid in die land aanwend, was vir my ‘n bewys van sy partydigheid.

Ons lede van die Veiligheidsmagte het met toenemende frustrasie toegekyk hoe die bevrydingsbewegings hulself organiseer en die bevolking vir hul saak, ‘n revolusie, mobiliseer. Ons moes toekyk hoe hulle hulle teenstanders intimideer en selfs vermoor. Van ons is daar verwag om streng volgens reëls op te tree terwyl hulle enige metode gebruik het wat hulle geglo het nodig was.

Hoewel die SAW hoofsaaklik ontplooi is om stabiliteit te herstel en die teenstaanders van die bevrydingsbewegings te beskerm, is hulle na 1986 toenemend deur die bevrydingsbewegings as die vyand van die bevolking geëtiketteer. Die rol van SAP en die SAW is duidelik gedefinieer maar soms het die aggressiewe optrede van elemente van die SAW ons beeld om “die harte en siele van die mense te wen” afgebreek. Die bevolking het later nie meer ‘n onderskeid tussen die SAP en SAW troepe gemaak nie en die veiligheidsmagte of die *Security Force* wat die SAW ingesluit het as die onderdrukkers van die wil van die meerderheid beskou (kyk Cock & Nathan 1989:1-13).

Die *End Conscription Campaign (ECC)* wat deur verskeie anti-apartheidorganisasies ondersteun is, se aktiwiteit en toename in gewildheid het daartoe gelei dat die organisasie in Augustus 1988 verban is *(South African History Online, 2011)*. Veral in 1985 het die ECC baie aandag getrek met hulle veldtog van “Wat soek jy in die townships troepie?”

### 3.5.2 Onderhandeling met die vyand begin

Die volgende hoogtepunt was 2 Februarie 1990 toe FW de Klerk die val van die Berlynse muur en die aanduidings van die einde van kommunisme benut het om die inisiatief vir ‘n evolusionêre oorgangstydperk te verkry. Hy het almal verras met sy aangekondig dat die verbod op die bevrydingsbewegings opgehef word, mnr Nelson Mandela en ander politieke gevangenes vrygelaat sou word en die regering se onderhandelinge met die bevrydingsbeweging sou begin. Ek onthou die dag nog baie goed.

Met die koerant wat ek by ‘n straatverkoper gekoop het, het ek die middag by ons teekamer ingestap. Ek was net betyds vir die informele gesprekke tussen jong offisiere in ons teekamer. Hierdie keer het die gesprek oor die nuwe verwikkelinge gehandel. My koerant met die voorbladberig en die kommentaar was baie gewild.

William, ‘n voormalige dienspligtige en student in politieke wetenskap aan die Universiteit van Witwatersrand wat ‘n maandkamp by ons gedoen het, was in ekstase.

”Wat het ek julle gesê? Dit was net ‘n kwessie van tyd voordat die damwal sou breek.” Hy was ‘n baie selfversekerde en uitgesproke liberalis en het gereeld sy standpunt gestel. Dit het dikwels van ons s’n verskil.

“Besef julle wat vandag gebeur het” Dit beteken die einde van die NP. Ons het dit geniet om met hom te debatteer en oor die toekoms te spekuleer.

Gert, die gematigde een onder ons het dadelik geantwoord en sy standpunt gestel. Die meeste van ons het daarmee saamgestem.

”Ja ons het almal geweet dit sou kom, maar het nie verwag dat so radikaal en vinnig, net na FW de Klerk se bewindaanvaarding sou wees nie.”

William se volgende opmerking het my die realiteit van die aankondiging laat besef.

“Hoor wat ek julle vandag sê, hierdie is die draaipunt in Suid-Afrika waarvoor die wêreld en die swart gemeenskap gewag het. Mandela sal na sy vrylating ‘n internasionale ikoon word soos die ajatolla Khomeini. Hy was die godsdienstige en politieke leier van die Iranese revolusie en is in 1989 oorlede. Die ANC sal binnekort as swart meerderheidsregering aan bewind wees en die NP as party sal heeltemal verdwyn omdat hy altyd met apartheid geassosieer sal word.”

Dit was nie wat ek wou hoor nie en sy opmerkings het tot ‘n vurige debat gelei. Vandag kan ek nie glo hoe akkuraat sy voorspelling was nie.

Ons gesin het goed in Pretoria aangepas. Ons huwelik was weer op dreef. Die oggend van 7 Februarie was daar ‘n boodskap van Annie. Sy was op haar laaste met haar swangerskap. Op 8 Februarie 1990 is ons tweede seun, Eksteen, gebore. Die toekoms het belowend gelyk. Ek het toe geen idee gehad van hoe drasties my werksomstandighede sou verander en watter uitdagings op my sou wag nie.

Die noodtoestand is op 7Junie 1990 opgehef en die Pretoria Minuut is op 6 Augustus 1990 onderteken. Hierin het die ANC onderneem om gewapende aktiwiteite te staak. Ek is heringedeel in ‘n nasionale interdepartementele werksgroep, met die naam Vredesmoniteringsentrum (VMS).

Die VMS was onder bevel van die Veiligheidstak van die SAP en het uit verteenwoordigers van Afdeling Militêre Inligting, Nasionale Intelligensie en die SAP-veiligheidstak bestaan. Soos die naam aandui, was dit ons taak om te bepaal in watter mate die vredesooreenkomste wat geteken is, onderhou word. Ons moes ook organisasies monitor wat die vrede en binnelandse stabiliteit tydens die oorgangstyd bedreig. Verder moes ons probeer bepaal watter optrede hierdie orgaisasies beplan en hoe die veiligheidsmagte daarvoor moes voorberei. Ons het heelwat onbevestigde en sensitiewe inligting verwerk. Ek het gesukkel om by die interdepartementele samewerking en die kultuur van die SAP-veiligheidstak aan te pas.

### 3.5.3 Noem julle dit vrede?

Hier het my traumatiese ervaringe begin, besef ek terwyl ek oor my ervarings skryf. Tot dusver het ek blootstelling gehad aan die teorië en modelle oor berading. Nou het ek my aan die ontvangskant van berading bevind. Om die beste waarde daaruit te kry, moes ek my gevoelens eerlik en openlik deel. Ek het baie boeke gelees in my soeke na antwoorde. Ek kan nie net meer hoogtepunte en laagtepunte beskryf nie. Dis nou tyd om alles neer te skryf soos wat dit vir my sin maak.

Die politieke geweld tydens die oorgangstydperk 1990 tot 1994 het my baie ontstel. Dit was ondanks die ooreenkomste wat onderteken is. In sy boek *Eindstryd: Geheime gesprekke aan die einde van apartheid* verwys Willie Esterhuyse (2012) na 'n les wat hy in die oorgangstydperk geleer het. "Vryheid bring nie noodwendig vrede nie. Dit open moontlikhede vir nuwe magstryde" (Esterhuyse 2012:272). Hierdie opmerking is 'n goeie beskrywing van wat ek ervaar het.

Ek het eerstehands ervaar hoe magstryde en politieke geweld, veral swart-teen-swart-geweld tussen veral die ANC- en Inkatha-ondersteuners sedert 1990 die afmetings van 'n volskaalse burgeroorlog aangeneem het (kyk Esterhuyse 2012:272). Die statistieke spreek vanself. Tussen 1984 en 1994 het 20 500 mense in politieke geweld gesterf, waarvan 9 500 tussen 1990 en April 1994 (Giliomee 2012 a:419). Onrus in die tuislande, veral in KwaZulu Natal en swart woongebiede aan die Witwatersrand het eskaleer. Die moorde op SAP-lede het drasties toegeneem en baie swart SAP-lede het begin bedank (kyk Jeffery 2015:238-249). Volgens SAPD-statistieke is 1 086 SAP-lede in die tydperk 1989 tot 1894 vermoor (71 in 1989 met 'n hoogtepunt van 280 in 1993 en 265 in 1994). Kyk Figuur 32 (South African Police Defence, 2017:2).




*Figuur 32: Statistieke van die moord op polisielede 1983 to 2015 (South African Police Defence, 2017).*

Regse organisasies wat sterk standpunt teen politieke veranderinge ingeneem het, het De Klerk se toespraak op 2 Februarie 1990 as die begin van die Derde Vryheidsoorlog bestempel. Van die paramilitêre organisasies soos die Afrikaner-Weerstandsbeweging (AWB) het openlik met opstand en terreur gedreig (Giliomee 2012a:417). Die toename in intimidasie en geweld weens die magstryd tussen die ANC, PAC, AZAPO, Inkatha en selfs die regse organisasies het veroorsaak dat dienspligtiges toenemend ontplooi is om die SAP te ondersteun om stabiliteit en wet en orde te herstel.

Ek was verbaas oor al die kulture wat in die "inligtingsgemeenskap" teenwoordig was. Die verskillende departemente het hulle eie belange eerste gestel en was self ook in 'n magstryd betrokke. Dit was ironies dat daar soveel verdeeldheid in ons eie geledere was in 'n tyd wat ons moes saamstaan teen 'n gesamentlike vyand wat 'n meester in die propagandaoorlog teen die veiligheidsmagte was. Ek was ontnugter oor die verdeeldheid in ons eie veiligheidsmagte.

As soldate is ons opgelei om 'n duidelik geïdentifiseerde vyand te beveg en nie politiek te bedryf nie. Ons samewerking met die SAP en politici in hierdie politiesgelaaide revolusionêre oorlog was vir my nogal 'n uitdaging. Intussen het my huwelik weer verbrokkel en my huislike omstandighede was ook nie so dat ek werklik daar kon ontspan nie.

De Klerk se benadering tot die onderhandelinge en sy hantering van die veiligheidsmagte tydens die onderhandelingsproses was van die begin af vir my baie teleurstellend. My aanvanklike vermoede is bevestig dat hy die ANC se *People's War*-strategie onderskat het. Hy het gereken dat hy net met 'n politieke demokratiese proses besig was en daarom nie die ondersteuning van die SAW nodig gehad het nie. Neil Barnard (2017), voormalige hoof van Nasionale Intelligensie, noem dat FW de Klerk se ignorering van sy aanbeveling dat die veiligheidsmagte van die begin af deel van die onderhandelinge moes wees 'n strategiese fout was. Die historikus, Herman Giliomee (2012), is ook van mening dat sy kortsigtigheid aangaande die veiligheidsmagte De Klerk later duur te staan sou kom (vgl Giliomee 2012b:336; Barnard 2017:44-45).

SWAPO se optrede op 1 April 1989 was nog vars in my geheue. Ek kon nie glo dat De Klerk so kortsigtig was om nie van die begin af die SAW-kundiges oor revolusionêre oorlogvoering by die onderhandelinge te betrek nie. As die SAW nie op ‘n gereedheidsgrondslag was omdat hulle SWAPO nie vertrou het nie en kon optree om hulle tot verantwoording te dwing nie, sou die Namibiese grondwet en regering nie vandag gewees het wat dit is nie. Die SAW het die strategie van ‘n bevrydingsbeweging soos SWAPO geken. Hulle was gereed om die ANC te verhoed om sy doelwit in Suid-Afrika te bereik, maar was gemarginaliseer.

De Klerk se hantering van die SAW het my ontstel. Dit wou voorkom asof hy sy mes in gehad het vir die veiligheidsmagte of sogenaamde sekurokrate. Hy het die Nasionale Welvaartbestuurstelsel en die Nasionale Veiligheidsbestuurstelsel met meer konvensionele en burgerlikgeoriënteerde koördinerende strukture vervang. Dié stelsels wat ’n sentrale rol gespeel om die revolusionêre bedreiging van die middel tagtigerjare teen te werk het nie meer bestaan nie. Daarmee wou hy die veiligheidsmagte se rol normaliseer en die nie-veiligheidsdepartemente se gesag na die jare lange inmenging van die sekurokrate in hulle bedrywighede herstel (kyk De Klerk 1998:170). Wat het hy bedoel met normalisering van die rol van die veiligheidsmagte? Hoe normaliseer jy die rol van die veiligheidmagte tydens ‘n gewelddadige revolusionêre aanslag op jou regering?

Vroeg in 1990 het hy in toesprake die SAP en SAW offisiere gewaarsku dat ons nie by enige politieke bedrywighede betrokke moet wees nie. Ons moes ons werksaamhede beperk tot die bestryding van misdaad en die beskerming van alle Suid-Afrikaners se lewe en eiendom (De Klerk 1998:170-171). Hierdie waarskuwing het my verbaas want ek het geglo dat dit nog altyd ons benadering was.

Ek het die effek van die revolusionêre strategieë reeds tydens die Grensoorlog in Ovamboland ervaar. Ek het daar onder die oortuiging gekom dat onkonvensionele metodes in die konteks van ‘n revolusionêre oorlog nie verkeerd is nie. As die “terroriste” hulle aan menseregtevergrype skuldig maak, kan dit mos nie verkeerd wees om hulle op te soek en dood te maak nie. Ek het myself oortuig dat “onkonvensionele metodes” soms nodig is. Ek het my vereenselwig met generaal Magnus Malan (2006) se verklaring: “Die vernietiging van die terroris, sy basis en sy

vermoëns was volgens regeringsbeleid die taak van elke lid van die weermag. Alleenlik op hierdie wyse kon die slagting van burgerlikes verhoed word" (Malan 2006:337).

Die ANC-alliansie het op 21 Junie 1985 by hulle Kabwe-konferensie besluit dat die verskille tussen "harde" en "sagte" teikens moet verdwyn en burgerlikes toenemend slagoffers van geweld sou wees. Ek het dus daarmee saamgestem dat die Staatsveiligheidsraad en die kabinet sekere onkonvensionele metodes aanvaar het. In beginsel het dit die insameling van inligting, die ondersteuning van organisasies wat teen die revolusionêre bewegings gekant was en finansiële en ander druk op lande wat die bevrydingsbewegings ondersteun het, ingesluit (kyk De Klerk 1998:139; kyk Malan 2006:336).

### 3.5.4 Die SAW moet aanpassings maak

Nadat hy aan bewind gekom het, was die voortsetting van hierdie onkonvensionele metodes deur die veiligheidsmagte egter vir De Klerk onaanvaarbaar. Kort na sy inhuldiging as president het hy 'n ondersoek gelas na alle geheime en koverte operasies van die veiligheidsmagte. Teen Maart 1990 was baie operasies reeds uitgefaseer en die fondse vir geheime projekte is aansienlik verminder (kyk De Klerk 1998:170-171).

Die onderhandeling in die oorgangstydperk het nie vrede of stabiliteit gebring nie. Geweld het in teendeel toegeneem en dit alles kan voor die deur van die politici gelê word. Esterhuyse (2012:288) was reg met sy opmerking dat Suid-Afrika in die oorgangstydperk in 'n soort "oorlogsoorgang" vasgeknoop was. Wat ek van 2 Februarie 1990 tot 27 April 1994 ervaar het, noem hy "georganiseerde en ongeorganiseerde geweld". Dit was die dryfkragte van hierdie oorlog. Ek stem saam dat die geweld in hierdie tydperk sistemiese trekke aangeneem het en deel van die samelewingsisteem en kultuur geword het.

Wat my in die tyd ontstel het was dat niemand, selfs nie eers ikoniese figure soos Mandela en Desmund Tutu, hierdie geweld kon stop nie (kyk Esterhuizen 2012:288). Mangosuthu Buthelezi het erken dat magte binne die IVP en die ANC telkens verhoed het dat hy en Mandela samesprekings kon voer oor vrede en die beëindiging van geweld (De Klerk 1998:215-216).

De Klerk en leiers van die SAW en die SAP kon ook nie verhoed dat sekere elemente van die veiligheidsmagte by geweld betrokke geraak het nie. Die onthullings oor die geheime Weermagfrontorganisasie; die sogenaamde Burgerlike Samewerkingsburo (BSB) wat deel van wetlike strukture van die SAW was, het my onkant betrap (kyk Malan 2006: 335-346; De Klerk 1998:211; Hamann 2001:142). Die buro het sonder die magtiging van die SAW gefunksioneer, lede gewerf en op eie inisiatief tot sekere onregmatige binnelandse optredes oorgegaan (kyk Malan 2006:342). Of hulle werklik net op hulle eie opgetree het, is ‘n ope vraag. Vir ons almal, generaal Malan en die hele SAW was die gebeure wat aan die BSB toegedig is egter ‘n pynlike verleentheid.

Regter Harms se verslag van 13 November 1990 oor sogenaamde moordbende-bedrywighede van die veiligheidsmagte het die SAW onberekenbare skade aangedoen. Dit het die ANC ‘n stok gegee waarmee hulle die regering gedurig kon slaan (De Klerk 1998:211). Dit was vir my ‘n groot skok, maar binne die konteks van die revolusionêre oorlogvoering aanvaarbaar. Ek was bewus van die geweld en intimidasie waarby die bevrydingsbewegings steeds betrokke was en het gevoel die doel heilig die middele. Die BSB-optrede was teen die terroriste en hulle ondersteuners gemik en nie teen die bevolking nie.

Ek het die aanhoudende “valse beskuldigings” dat die veiligheidsmagte by sogenaamde derdemagaktiwiteite en die aanhitsing van geweld teen die bevolking in ondersteuning van die NP regering, betrokke is, as kwaadwillig en onregverdig beskou. Veral omdat ek bewus was van die manier waarop ons dienspligtiges telkens in lewensgevaar ontplooi was om stabiliteit tussen die strydende faksies te bring. Hulle was veral ontplooi om geweld tussen die ANC, IVP en selfs die ander bevrydingsbewegings soos die PAC en AZAPO in die swart woongebiede onder beheer te bring. Ek het die aantygings teen die SAW afgemaak as deel van gewapende propaganda, ‘n erkende strategie van bevrydingsbewegings teen veiligheidsmagte.

Die ANC kon nie sy hande in onskuld was nie. Reeds in Julie 1990 was dit hulle beurt om verleë te moet antwoord op die veiligheidsmagte se bekendmaking van die ANC se geheime *Operasie Vula*. Dit het gedui op die ontwikkeling van ‘n ondergrondse netwerk om vir ‘n beplande revolusie gereed te maak. *Operasie Vula* wat in die

middeltagtigerjare deur Oliver Tambo, ANC-president self gemagtig is, was strydig met die ANC se ondernemings in die Groote Schuur-minuut. Dit het die hele onderhandelingsproses in gevaar gestel (kyk Esterhuyse 2012:288; De Klerk 1998:217-219).

Mandela se beskuldigings aan die einde van 1990 was vir my baie ontstellend. Hy het beweer dat almal in die veiligheidsmagte besig was met 'n georkestreerde terreuraanslag op die bevolking. Hy het hierdie beskuldigings gemaak om die ontwikkeling en bewapening van selfverdedigingseenhede (Self-Defence Units of SDU's) in die woonbuurte te regverdig (kyk Jefferey 2015:266-267). Met die vestiging van SDU eenhede in die woongebiede na 1990 is dit te verstane dat daar 'n toename in aanvalle op die SAP sou wees. Moord op SAP-lede het gestyg van 226 in 1990 tot 280 in 1991. Die meeste van hierdie SAP-lede is vermoor in hinderlae nadat hulle gereageer het op vals noodoproepe in die Pretoria-, Witwatersrand- en Vereniging-gebiede (die PWV-area).

Die aanvalle op SAP-lede het aanleiding gegee tot regse woede en verset en verskeie bomaanvalle op multikulturele instansies soos skole en kerke in Pretoria en Lictenburg op 16 Desember 1991. Die Konserwatiewe Party het ook gewaarsku dat weerstand uit die regse geledere sal toeneem indien daar nie na die belange van witmense omgesien sou word nie (kyk Jeffery 2015:304).

In die lig van die toename in geweld in 1990 was die samesprekings van 12 Februarie 1991 'n belangrike stap vorentoe (kyk Jeffery 2015:271). Die samesprekings is op die DF Malan-lughawe gevoer en het hoofsaaklik gehandel oor die bekamping van politieke geweld en die handhawing van 'n private leër. Dat die DF Malan-akkoord min impak op die geweld gemaak het omdat die regering en die ANC die akkoord verskillend geïnterpreteer en toegepas het, het my baie ontstel.

Mandela en die ANC het elke geleentheid benut om die regering en die veiligheidmagte in 'n slegte lig te stel. Hy het hulle daarvan beskuldig dat hulle verantwoordelik was vir die geweld in Natal en aan die Rand en geëis dat mnr Adriaan Vlok, Minister van Wet en orde, en generaal Malan, die Minister van Verdediging moet bedank. Ek kon nie glo dat De Klerk voor die druk geswig het en tydens 'n

kabinetskommeling die twee ministers na minder omstrede portefeuljes verskuif het nie (kyk De Klerk 1998:226-227).

Ek het saamgestem daarmee dat De Klerk ‘n Kommissie van Ondersoek insake die voorkoming van Openbare Geweld en Intimidasie aangewys het. Dié kommissie moes deurdring tot die kern van al die beskuldigings en teenbeskuldigings aangaande wie verantwoordelik was vir die geweld wat die land geteister en onderhandelinge ondermyn het. Regter Richard Goldstone is aangewys as voorsitter van die kommissie. Ek het gehoop die Goldstone-kommissie sou kon deurdring tot die waarheid wat ons by die VMS ervaar het (kyk De Klerk 1998:230).

Ons is deurlopend gekonfronteer met bewyse dat die ANC die bevolking toenemend intimideer, ANC-volgelinge mobiliseer en selfs alternatiewe paramilitêre strukture soos die SDU’s gestig het om teen die veiligheidsmagte op te tree. Ek het mettertyd begin voel die Goldstone-kommissie was partydig, want hulle het nie die bevrydingsbewegings se optrede gemonitor met dieselfde intensiteit waarmee hulle die veiligheidmagte se optrede ondersoek het nie. Intussen het die verregses soos die Afrikaner-Weerstandsbeweging (AWB) toenemend politieke vergaderings ontwrig en De Klerk beskuldig dat hy besig was om die land aan die vyand oor te gee. Hulle het met geweld gedreig.

In ‘n magsvertoon deur De Klerk is sowat 2 000 SAP-lede in Ventersdorp ontplooi en ‘n SAW-eenheid in gereedheid gebring om op 9 Augustus 1991 te verseker dat De Klerk steeds ‘n NP-vergadering in die kommandosaal in die dorp kon toespreek. In die gewelddadige konfrontasie wat tussen die SAP en AWB-lede uitgebreek het, is 48 mense beseer. Onder hulle was SAP-lede en drie AWB-lede wat later gesterf het. Ontstellend van hierdie insident was die bewys van die opbouende frustrasie, mobilisasie en bereidheid in regse geledere om tot geweld en intimidasie oor te gaan (kyk De Klerk 1998:231-232).

In die klimaat van toenemende mobilisering, intimidasie en geweld was die onderhandelinge as deel van die Nasionale Vredesinisiatief op 14 September 1991 ‘n vars briesie van hoop. Die Nasionale Vredesakkoord is deur 29 ondertekenaars waaronder die ANC, IVP en die regering onderteken (kyk De Klerk 1998:233-234). Die ooreenkoms is egter voorafgegaan deur ‘n intense konfrontasie tussen die ANC en

die regering oor die versuim van die ANC om by die bepalings van die DF Malan-akkoord te bly.

De Klerk het die ANC daarvan beskuldig dat hulle steeds ondergrondse strukture vestig, ‘n menigte gewapende aanvalle uitvoer en met verklarings en dreigemente geweld aanhits. Nelson Mandela is veral gewys op die volgende verklaring van Chris Hani in Nelspruit: ”Die ANC gaan alles kry wat ons wil hê, want al die wapens is al hier.” In Uitenhage het hy gespog: ”As MK die opdrag kry, sal ons teruggaan bos toe, ongeag wat die NUK (Nasionale uitvoerende Komitee) van die ANC sê. Ons sal ons mandaat van die mense en nie van die uitvoerende gesag van die ANC kry” (kyk De Klerk 1998:233-234).

By die VMS was ons bewus van maniere waarop die vryheidsbewegings en veral die ANC die ooreenkomste verbreek en steeds met sy ondergrondse en onwettige aktiwiteite voortgaan. Ons kon nie glo dat die regering dit toelaat nie. Dit het voorgekom asof onderhandelinge voortgaan hoewel daar nog nie ‘n wapenstilstand was of geweld afgesweer is nie. Watter soort vrede is dit? Ek wonder of daar werklik vertroue in mekaar was terwyl die onderhandelinge plaasgevind het.

### 3.5.5 Verskuiwing van die magsbalans

Terwyl ek stelselmatig hierdie feite neerskryf, ervaar ek weer hoe gevoelens oor die onregverdigheid van die gebeure voor 1994 in my begin opbou. Veral my woede teenoor De Klerk oor sy hantering van die ANC het weer opgebou. Wie was sy raadgewers? Hy het naïef geglo dat hy net met ‘n politieke party onderhandel en het nie besef ‘n bevrydingsbeweging het sy eie agenda waarvan hy nie bereid is om af te wyk nie.

Ek wonder watter raad Neil Barnard op daardie stadium vir De Klerk gegee het. Hy was hoof van Nasionale Intelligensie en betrokke by die onderhandelinge. Het hy vir De Klerk gesê dat revolusionêre bewegings nooit bereid sal wees om gewapende geweld as deel van hulle onderhandelingstrategie af te sweer nie. Hulle sal voorgee dat hulle dit doen, maar sal nooit van hierdie belangrike deel van hulle revolusionêre strategie afwyk nie. Het De Klerk hom net nie daaraan gesteur nie? Vir my was De Klerk se optrede by Kodesa 1 ‘n aanduiding daarvan dat hy nooit werklik die


revolusionêre strategie van die bevrydingdbewegings verstaan het nie. Dit het hom duur te staan gekom.

In November 1991 het 20 partye en ander politieke entiteite ooreengekom oor die reëls vir die eerste veelpartykonferensie, wat later as die Konvensie vir ‘n Demokratiese Suid-Afrika (Kodesa 1) bekend sou staan. Die ANC het hulle steeds aan vertragingstaktiek oor die toepassing van die DF Malan-akkoord met betrekking tot die opskorting van gewapende aktiwiteite skuldig gemaak. Die onderhandelinge het voortgegaan terwyl politieke geweld steeds stelselmatig toegeneem het.

Op 19 Desember 1991, die dag voor Kodesa 1 begin het, was FW de Klerk so ontevrede met die vordering van die onderhandelinge tussen die ANC en die regering oor die beïndiging van geweldadige aktiwiteite dat hy dit oorweeg het om nie voort te gaan nie. Na beraadslaging met sy beleidsgroep is daar besluit dat die katastrofies sou wees om nie voort te gaan nie en dat die regering maar net van die begin af sterk standpunt oor die ANC se vertragingstaktiek moet inneem (De Klerk 1998:236).

De Klerk se besluit om voort te gaan en die ANC in sy toespraak tydens die begin van die samesprekings op 20 Desember 1991 in die openbaar te kritiseer was ‘n strategiese fout. Hierdie besluit en die gebeure daarna het daartoe gelei dat hy mag aan die ANC oorhandig het. Hy het die ANC in die openbaar gekritiseer sonder om vooraf seker te maak dat Nelson Mandela behoorlik ingelig is van sy voorneme om sterk standpunt teenoor hulle in te neem.

De Klerk was die laaste spreker in die aand se verrigting, maar na sy aantygings teen die ANC het dit Nelson Mandela so ontstel dat hy met ysige woede op ‘n spreekbeurt aangedring het. Hier het ons Mandela se ware kleure gesien. Hy het 25 minute lank ‘n striemende persoonlike aanval op FW de Klerk geloods. Hy het hom daarvan beskuldig dat hy die hoof van ‘n onwettige, gediskrediteerde minderheidsregime was en nie in staat was om morele standaarde te handhaaf nie (kyk De Klerk 1998:240).




*Figuur 33: Spotprent in die Sowetan van 23 Desember 1991.*

Ek het die aand stomgeslaan voor my televisie na Nelson Mandela se tirade gesit en luister. Ek kon nie my ore glo nie. Bewus van al die bewyse van wat De Klerk gesê het, kon ek nie glo dat Nelson Mandela so laag kon daal om die man en nie die bal te speel nie. Hoe kon hy ‘n openbare platform so misbruik om ‘n persoonlike aanval op De Klerk te loods? Dit was tipies die manier waarop die ANC geskille sou besleg.

Ons in die veiligheidsmagte was bewus van al die verbrekings van die ooreenkomste, die ondergrondse aktiwiteite en gewelddadige optrede waarvan die publiek nie geweet het nie. Was dit nie juis omdat Mandela ook bewus van hierdie oortredinge was en nie sy eie magte kon of wou beheer nie, dat hy so opgetree het? Het hy nie sy persoonlike aanval op FW de Klerk as ‘n weerligafleier gebruik om die aandag af te trek van die aktiwiteite waarmee hulle besig was nie? Ons sal nie weet nie. Mandela se optrede het my die laaste bietjie respek wat ek vir hom gehad het laat verloor. Ek kon nie wag om De Klerk se reaksie te sien nie, want hier moes ‘n regstelling gemaak word!

Op sy beurt het De Klerk met moeite sy eie woede en diepe verontwaardiging oor die venynige persoonlike aanval beheer en Nelson Mandela nie persoonlik aangeval nie. Hy het net die opmerking gemaak dat tensy die probleem van MK opgelos word, Kodesa 1 ‘n party sou hê wat met ‘n pen in die een hand en ‘n wapen in die ander hand onderhandel. Die ANC het spreekwoordelik met moord weggekom en sou die enigste party by die konvensie wees wat ondanks die handhawing van sy eie gewapende vleuel en geheime wapenopslagplekke skynheilig met die onderhandelinge voortgaan.

Volgens Giliomee (2012b:356) is sommige adviseurs van mening dat De Klerk liewer die onderhandelinge moes opskort en aan die publiek moes gesê het dat hy kans nie

sien om samesprekings te hou met ‘n onderhandelingsvennoot wat sy integriteit op so ‘n manier aangetas het nie. Ek is seker dit is wat PW Botha sou gedoen het en wat nodig was om te verhoed dat die land hom verder in ‘n spiraal van geweld sou bevind.

Mandela het as oorwinnaar uit hierdie konfrontasie gestap. Daarmee het hy sy aansien as ‘n staatsman gevestig. Hy was immers nie bereid om vir De Klerk terug te staan nie. Voor 20 Desember 1991 was dit ‘n gesprek tussen die regering en die terroriste, voortaan sou dit nie meer die geval wees nie (kyk Barnard 2017:77). Ek het magteloos en uitgelewer gevoel oor hoe De Klerk die hele aangeleentheid hanteer het en gevoel dat die politici die hele proses beduiwel het.

Die konfrontasie tussen De Klerk en Mandela en die moontlike gevolge daarvan was vir my meer traumaties as wat ek aanvanklik besef het. ‘n Paar aande daarna het ek ‘n nagmerrie gekry oor ‘n konfrontasie met de Klerk. Ek droom dat ek hom in ‘n hysbak raakloop en hom in ‘n woede-uitbarsting konfronteer. In die konfrontasie vra ek hom hoe hy kon toelaat dat Mandela en die ANC wegkom met wat hulle besig was om te doen. Hoekom kon hy so ‘n patetiese houding teenoor Mandela inneem terwyl Mandela en die ANC ooglopend die reëls oortree. Hy het net sy kop geskud en gesê dat ek die politieke spel eendag sal verstaan.

Na die De Klerk-Mandela konfrontasie was dit vir my ontstellend om te sien hoe die pendulum van mag vêrder na die ANC oorswaai. Die ANC het toenemend die morele hoë grond betree. Dat De Klerk (1998:240-241) Kodesa 1 as ‘n groot sukses verklaar het en begin het met grondwetlike onderhandelinge wat ‘n nuwe Suid-Afrika sou skep het my haat vir hom en die politici laat toeneem. Ek het gevoel hulle weet nie waar die onderhandeling sou eindig nie en was besig om die land net verder in geweld te dompel. Hierdie was maar net die begin van my traumatiese ervaringe.

### 3.5.6 Slegter kan dit nie gaan nie

Ek het 1992 in alle opsigte as ‘n laagste punt van my lewe ervaar. Ek en Annie het na die geboorte van Eksteen al verder van mekaar gedryf. Ek moes gereeld laat ure werk en het nie ‘n gesonde uitlaatklep vir my frustrasies gehad nie. Die voorstelle van die berader in Brits was net ‘n tydelike oplossing. Ons het nie konstruktief die probleme in ons huwelik hanteer nie en toe ek daarop aandring dat ons weer vir berading moes gaan, was dit reeds te laat.

Om die verleentheid te voorkom dat ek die dagvaarding om ‘n egskeiding voor my kollegas ontvang, moes ek dit op 14 Februarie 1992 self by die balju gaan afhaal. Valentynsdag, juis die dag wat ons altyd herdenk het omdat ek Annie op die besondere dag gevra het om met my uit te gaan. Hoewel die egskeiding finaliteit gebring het aan ‘n verhouding wat net nie meer wou werk nie, was dit vir my en my ouers baie traumaties.

In hierdie stormagtige tyd van trauma was dit my vriende wat my deurgedra het. Ek en Carel Krige het op daardie stadium nie baie kontak gehad nie. ‘n Toevallige ontmoeting op ‘n bus het my geleetheid gegee om hom te vertel van die nuwe verwikkelinge in my lewe. Hy was bewus van ons huweliksprobleme, maar het nie die finaliteit van ‘n egskeiding verwag nie. Die ondersteuning wat ek van hom en sy vrou ontvang het was ‘n ligpunt in die donker tyd waardeur ek gegaan het. Ek onthou veral die warmte op Sondae wanneer dit gesinsdag was.

Bennie Buys was eers net ‘n studentevriend van Annie maar het mettertyd een van my beste vriende geword. Toe ek hom bel en van die egskeiding vertel, het hy my genooi om ‘n paar dae saam met hom ‘n gedeelte van die Fanie Botha-staproete te stap. Terwyl ons in die wonderskone natuur gestap het, het ek my hartseerverhaal vir hom vertel. Daar het ek onbewustelik vir die eerste keer met die terapie van storievertel te doen gekry.

Ek kon nie in die kerk aanbly waarin ek en Annie in geestelike leierskap betrokke was nie. Die onsensitiewe optrede van die gemeentelede was vir my ‘n teleurstelling. Sondae na kerk het dit gelyk of hulle ongemaklik in my geselskap was. Hulle het gesê hoe jammer hulle vir my voel en dat hulle vir my bid, maar hulle het nie my behoefte aan ‘n familie-opset besef nie. Ek het dikwels gewonder of hulle regtig vir my gebid het en of hulle ooit besef het hoe groot die verlies aan ‘n gesinsatmosfeer op Sondae vir my was.

Hierdie optrede van die gemeentelede het my laat besef dat kerke soms net ingestel is op die geestelike behoeftes van hulle lidmate. Die fisiese, sosiale en selfs emosionele behoeftes van persone wat trauma ervaar word nie in hul ondersteuning in ag geneem nie. Ek het weer aangesluit by die gemeente waar ek as student was.

Die ondersteuning en warmte wat ek in die gemeente ervaar het, het gehelp om die nuwe uitdagings te hanteer.

My nuwe gemeente was meer bewus van my emosionele en sosiale behoeftes. Toe ek by my predikant om hulp aanklop het hy erken dat hy nie weet waardeur ek gaan nie. Hy was gelukkig getroud en het nie geweet hoe om my te ondersteun nie. Hy het my egter genooi om hom van my ervaring te vertel. Hy het my ook gehelp om ‘n ondersteuningsproses vir enkelpersone en enkelouers in die gemeente te ontwikkel.

Die aanhoudende verdagmaking van die veiligheidsmagte deur die ANC terwyl hulle steeds nie die ooreenkomste nakom nie, het my soms rasend van woede gehad. Dit het my meer en meer van die politici en veral van De Klerk vervreem. Vir my was hy ‘n lafaard wat nie geweet het hoe om met terroriste te onderhandel nie. Hulle het selfs openlik met hulle massa-aksie en intimidasie voortgegaan. Die ANC het presies gedoen wat De Klerk aan die begin van die Kodesa 1-samesprekings voorspel het. Sodra hulle nie hulle sin in die onderhandelinge gekry het nie, het hulle gedreig met massa-aksie en die terugkeer na gewapende geweld wat hulle in werklikheid nooit opgeskort het nie.

Die toename in geweld het ‘n groot uitdaging geword. As geweld nie beheer word nie, kan vrede nie herstel word nie. Geen regering kan onderhandel terwyl anargie heers en die revolusionêres nie bereid is om van geweld af te sien nie. Daarom is die SAW toenemend in onrusgebiede ontplooi om eers stabiliteit te bring en daarna die SAP te help om wet en orde te herstel. Die SAW-ontplooiings was maar net ‘n tydelike oplossing. Dit het die planne van die revolusionêres ontwrig, en het verhoed dat hulle anargie veroorsaak. Om die SAW se invloed te neutraliseer het die propagandaveldtog teen die teenwoordigheid van SAW-troepe in die swart woongebiede in felheid toegeneem.

Die verslag wat Goldstone in April 1992 uitgereik het, het ‘n sprankeltjie van hoop gebring. Hy het aanvanklik tot die gevolgtrekking gekom dat die “primêre oorsaak” van die geweld die “politieke stryd tussen ondersteuners van die ANC en die IVP in die tagtigerjare was. In sy verslag in Januarie 1993 beklemtoon hy die geweld in die negentigerjare verskil van dié van die tagtigerjare en verander het in ‘n stryd tussen

swart politieke groepe: “Die getuienis dui steeds op die politieke mededinging tussen die ANC en Inkatha as die vernaamste sneller vir die geweld” (Giliomee 2012b:343).

In Mei 1992 wys die ANC en hulle bondgenote hulle ware kleure toe dit duidelik word dat die grondwetlike onderhandelinge by Kodesa 2 nie na hulle sin verloop het nie. Hulle het soveel vertroue in hulle eie mobilisasievermoë gehad dat hulle begin glo het die Leipzig-opsie ook in Suid-Afrika sou werk. Die massabetogings in Leipzig het die Oos- Duitse regering in 1989 omvergewerp (vgl De Klerk 1998:256-257; Jeffery 2015:323-324, 340-341; Esterhuyse 2012:295).

Op 13 Mei 1992, twee dae voor die Kodesa 2-samesprekings begin het, kondig die ANC aan dat hulle met *rollende massa-aksie* sou begin indien daar nie spoedig ‘n interim administrasie en konstitusionele vergadering ingestel word nie. Tydens die ANC se beleidskonferensie kort daarna is daar finaal besluit op ‘n vierfaseprogram van *rollende massa-aksie* met die einddoel om die regering omver te werp en dit met ‘n tussentydse regering te vervang. Die eerste fase sou op 16 Junie 1992 met sitstakings, saamtrekke en die besetting van regeringsgeboue begin. Die tweede fase sou verdere landswye veldtogte insluit en die derde fase sou neerkom op ‘n driedaagse algemene staking. Die vierde fase, wat as *Operasie Exitgate* bekend gestaan het, sou die finale oorname van die regering behels (vgl Mandela 1995:723-725; De Klerk 1998:257; Jeffery 2015:322-324).

Die regering aan die anderkant het ‘n terugslag gehad met die uittrede van doktor Gerrit Viljoen minister van konstitusionele sake, en het geworstel met die toenemende wantroue in sy veiligheidsmagte. Intussen het Mandela voortgegaan met diskreditering van die regering en die veiligheidsmagte. Hy het die IVP beskuldig van betrokkenheid by die aanhitsing van geweld, politieke moorde en selfs menseslagtings soos in Nazi Duitsland (Jeffery 2015:324).

Twee internasionale verslae in Junie 1992 het ‘n verdere donker prent geskep van veiligheidsmagbetrokkenheid by geweld. Dat die verslae in verskeie opsigte gebrekkig was, het my woedend gemaak, maar magteloos laat voel. Hoewel daar genoem word dat die geweld uit verskillende fasette bestaan het, is daar nie melding gemaak van die ANC se opskorting van die onderhandelinge, betrokkenheid by intimidasie van die bevolking en geweld as deel van die *People’s War* nie (kyk Jeffery 2015:325-326).

Die ANC se skaamtelose uitbuiting van die tragiese gebeure in Boipatong op 17 Junie 1992 om die veiligheidsmagte nog verder te diskrediteer en finaal uit onderhandelinge te onttrek, het my woedend gehad. Konflik en geweld tussen ANC- en IVP-ondersteuners in die Vaal-driehoek wat reeds voor 16 Junie 1992 ontstaan het, het tot kookpunt opgebou.

Die aand van 17 Julie 1992 het IVP-inwoners van die KwaMadala-hostel bewapen met spiese, knopkieries, pangas, AK-47 aanvalsgewere en haelgewere besluit om ‘n weerwraak-aanval te loods op die SDU-lede in Boipatong. Hulle het die SDU-lede aanspreeklik gehou vir die dood van hulle ondersteuners (kyk Jeffery 2015:327-329). Nadat hulle nie die SDU-lede kon vind nie, het hulle hul frustrasie op die inwoners in Boipatong uitgehaal. Hulle het vrouens, kinders en selfs babas voor die voet vermoor en eiendom beskadig. Die finale dodetal was 48 met verskeie inwoners verkrag en vermink.

Die SAP was nie vooraf bewus van die aanval nie en het eers 30 minute nadat die aanval begin het met twee Caspirs opgedaag. Ambulanse is ingeroep en speurders ontplooi om met die ondersoek te begin. Aanvanklik het die inwoners met die SAP saamgewerk. Die volgende oggend toe hulle hoor van beweerde SAP-betrokkenheid by die geweld het die hulle gesindheid teenoor die SAP drasties gedraai (kyk Jeffery 2015:327-329; Barnard 2017:125-127).

Die ANC se optrede na die insident was laakbaar. Reeds op 18 Julie 1992 het Ronnie Mamoepa, ANC woordvoerder, die regering en die SAP beskuldig van derdemag-aktiwiteite. Hy het die SAW daarvan beskuldig dat hulle reeds voor en na die slagting die IVP-lede wat by die slagting betrokke was, vervoer het. Hulle het hulle ook daarvaan beskuldig dat hulle die buit wat die IVP-lede geroof het, na die hostelle vervoer het. Tydens ‘n perskonferensie op die dieselfde dag het Cyril Ramaphosa selfs vir FW de Klerk in persoon geblameer vir die moorde. Hierdie berig is die wêreld ingestuur (kyk De Klerk 1998: 257-259; Jeffery 2015:327-329).

Hierdie beskuldigings en leuens was vir my baie traumaties omdat ek geweet het die geweld was ‘n uitvloeisel van die konflik tussen ondersteuners van die IVP en die ANC wat deur die ANC-geïnisieerde moorde op 16 Desember geaktiveer is. De Klerk het regter Goldstone versoek om die voorval onmiddellik te ondersoek. Die Goldstone-

kommissie, ondersteun deur die internasionale polisiekenner, dokter Peter Waddington van die Verenigde Koninkryk en verskeie onafhanklike ondersoeke – insluitend die van die joernaliste Denis Beckett en Rian Malan – het bevind dat daar geen bewyse was dat die veiligheidsmagte betrokke was nie. Die SAP is wel gekritiseer vir hulle polisiëringsmetodes en algemene bevoegdheidsvlakke.

Regter Goldstone het ook verklaar dat die beskuldigings dat die president, enige lid van die kabinet, of die SAP of SAW daarby betrokke was onwys, onredelik en gevaarlik was omdat dit kon lei tot ‘n eskalering van geweld. Hierdie bevindinge het geen indruk op die ANC gemaak nie en hulle het voortgegaan om die leuen wat hulle gepas het te verkondig. Nelson Mandela (1995) het ‘n striemende aanval op die regering geloods en hulle optrede vergelyk met die van Nazi Duitsland. Hy het ook die gebeure as verskoning gebruik om die verdere vestiging van SDUs in die townships te regverdig. Op 21 Junie 1992 het die ANC verklaar dat alle onderhandelinge met die regering opgeskort word (kyk Mandela 1995:724; vgl De Klerk 1998: 257-259; Giliomee 2012b: 362; Jefferey 2015:326-330; Barnard 2017: 125-127).

Dit het gelyk asof die regering nie meer opgewasse was teen die strategieë van die ANC nie. Ek kon nie verstaan waarom die regering nie die waarheid soos bevind deur verskillende kommissies van ondersoek meer uitgelig het nie.

Die wyse waarop die leuen aanhoudend deur die ANC verkondig is, en die negatiewe effek daarvan plaaslik en internasionaal het my verstom en magteloos laat voel. Dit was vir my hartseer om te sien watter opofferinge lede van die SAP en die SAW en dienspligtiges maak en hoe hulle ingesuig was in die geweldspiraal in die swart woongebiede. Sodra geweld uitbreek, is hulle ontplooi om tussen die strydende partye in te beweeg om stabiliteit en wet en orde te herstel, net om later beskuldig te word dat hulle vir die geweld verantwoordelik was en nie in die woongebiede welkom is nie.

Ek het geweet die waarheid oor die slagting in Boipatong sou op die ou end seëvier. Die amnestiekomitee van die WVK het bevind dat die aansoekers om amnestie, wat by die voorval betrokke was, die waarheid gepraat het in hulle verklarings dat daar geen SAP- of SAW-betrokkenheid by die aanvalle was nie (kyk Jeffery 2015:328-331). Die skade van die leuen wat die ANC verkondig het, kon egter nie ongedaan gemaak word nie.

Die ANC se massa-aksieveldtog het vroeg in Augustus momentum gekry. Die hoogtepunt was die opmars van ongeveer 60 000 ANC-ondersteuners na die Uniegebou op 5 Augustus 1992. Cyril Ramaphosa, hoofonderhandelaar en mobiliseerder van die massas, het voor die Uniegebou geskree: “Volgende keer FW de Klerk, is ons in jou kantoor.” Daar was egter geen sprake van die omverwerping van die regering wat hulle beplan het nie. Na die mislukking van die revolusionêre Leipzig-opsie in Pretoria het die ANC hulle visier op die Ciskei-regering gestel en verklaar dat Bophuthatswana en KwaZulu/Natal volgende sou wees. Op 7 September 1992 het ‘n groot skare in die onafhanklikheidstadion buite Bisho byeengekom. Toe ‘n groep wegbreek uit die stadion om die regeringskantore te bestorm en te beset het die Ciskei-weermag 29 protesgangers doodgeskiet en ongeveer 300 gewond. Hierdie insident het die ANC finaal laat besef dat die Leipzig-opsie nie sou werk nie. Dit het hulle weer na die onderhandelingstafel laat terugkeer (kyk De Klerk 1998: 262-264; vgl Giliomee 2012b: 362-363; Jeffery 2015:339-344; Barnard 2017:141-142).

Terwyl die ANC hulle aanslag op omverwerping van die regering geloods het, het ek maar net oorleef. Die verwerking van die verliese deur my egskeiding het veroorsaak dat ek meestal platgeslaan en magteloos gevoel het. My werk het daaronder gelei. My redding was die *Gevegshanteringskursus* wat ek in die tweede helfte van die jaar by die Leërgevegskool by Lohatla in die Noord-Kaap gedoen het. Dit was ‘n praktiese kursus en ons is meestal in die veld met praktiese oefeninge ontplooi. Daar in die veld het ek kans gekry om, weg van my omstandighede in Pretoria, weer perspektief te kry oor alles wat met my gebeur het.

In die motor op pad na Lohatla het ek my *egskeidingstorie* vir die kollega en vriend wat gewoonlik saam met my kursusse doen vertel. Hy het baie meer empatie gehad as wat ek verwag het en was ’n ware steunpilaar. Ek het vriende wat saam met my vorige weermagkursusse gedoen het raakgeloop en nuwe vriende gemaak.

Wanneer ons af tye gehad het, het ons, ons harte met mekaar gedeel. Ek het weereens soos tydens my diensplig die *Band of Brothers* gevoel gekry. Ons het diep gesprekke gehad oor die lewe en die politiek by die Sticky Fingers Restaurant in Postmansburg waar ons as ‘n klein groepie ons eie ‘steaks’ op ’n groot stoofplaat kon braai.

Een spesifieke insident waar ek ervaar het dat my en ander ouens se lewens gespaar was het my ’n nuwe perspektief op die lewe gegee. Tydens ’n ontplooiing het ek, as die inligtingsofisier, saam met ’n seinoffisier, ’n logistieke offisier en ’n offisier van die geniekorps agter op ’n *buffel*-troepedraer gery. Van die *buffel* drywer was verwag om nie agter te raak nie en by Ratelgevegsvoertuie by te hou. Die jong dienspligdrywer van die *buffel* het alles in sy vermoë probeer doen om by te hou maar dit was ’n onbegonne taak. Teen ’n baie steil en lang opdraande wat die *ratels* maklik oorgesteek het, het die *buffel* rukkend gestol omdat hy nie in die regte ratverhouding was nie.

Alles het vinnig gebeur. Die drywer kon nie die ratverhouding binne-in die voertuig verander nie en moes uit die drywerskajuit klim om dit te doen. Die voertuig was toe sonder ‘n drywer. Ek het agterop die voertuig naaste aan die drywerskajuit gesit. Hoewel dit teen die reëls was, was ek gelukkig nie vasgegespe. Toe die voertuig begin beweeg en die drywer afspring het ek oor die ysterreëling langs my in die drywerskajuit onder aan die voorkant van die voertuig gespring en die rem getrap. Hoe ek dit alles met my lang lyf reggekry het en die voertuig tot stilstand gebring het weet ek tot vandag nog nie, maar ek het die *buffel* tot stilstand gebring; dit was skuinsgedraai en op die punt om om te slaan. *Buffels* was bekend daarvoor dat hy maklik omval, en die een sou teen die skuinste afgerol het met noodlottige gevolge.

Nodeloos om te sê ek was die held van al die ouens op die voertuig. Een ou het my spesiaal kom bedank want hy het net voor die toer verloof geraak. Ek het vir die eerste keer ’n vriend van my, wat ’n Honnoris Crux toekenning gekry het se opmerking oor ‘n dapper optrede verstaan. Hy is van mening dat jy nie beplan om heldhaftig op te tree nie, maar jou soms net in ’n situasie bevind waarin jy optree sonder om te dink. Daarna besef jy eers wat jy werklik gedoen het en nie kan glo dat jy dit gedoen het nie. My ervarings met die *buffel* het my laat voel dat ek iets gedoen het wat ’n verskil in ander manne se lewens gemaak het. Ek het ook weer gevoel dat daar ’n doel met my lewe is.

### 3.5.7 Die SAW kan nie sy hande in onskuld was nie

Ek was skaars terug in Pretoria toe bars die bom wat later algemeen bekend sou staan as die “Nag van die Generaals”. Dit was nog ‘n groot laagtepunt vir my. Die nuus van die klopjag op 11 November 1992 van regter Richard Goldstone en die SAP op die

kantore van ons Direktoraat Koverte-insameling (DKI) het my soos ‘n kanonskoot getref. Ek was geskok want vir die eerste keer was dit nie net die SAW wat beskuldig is nie, maar my eenheid, my mense en by implikasie ekself. Hoe kon so iets ooit gebeur met die organisasie waarop ek so trots is en wat na my mening goeie werk gedoen het nie!

Tydens die klopjag is dokumente gekonfiskeer wat die SAW se betrokkenheid by derdemagaktiwiteite geïmpliseer het (Giliomee 2012b:402-403; vgl De Klerk 1998:283-285; Hamann 2001:191; Malan 2006:377-380).

Die binnegevegte en geheime agendas in die inligtingsgemeenskap was ontstellend. Dit is nie net meer die vyand wat die beskuldigings gemaak het nie, maar van ons eie mense want die SAP-Veiligheidstak, Nasionale Intelligensie, die Goldstone kommissie en selfs generaals in die SAW is by die ondersoek betrek. Ek kon nie meer ontken dat daar iewers ’n skroef los was en dinge in my eie organisasie gebeur wat verkeerd was nie. Ek het uitgelewer en magteloos gevoel want ek het die politici en veral De Klerk nie meer vertrou nie.

Op 20 Desember 1992 het De Klerk tydens ‘n nuuskonferensie verklaar dat hy inligting van generaal Steyn, wat ‘n ondersoek geloods het ontvang het wat daarop dui dat ‘n beperkte aantal lede, kontraklede en medewerkers van die SAW voorheen, en in sommige gevalle steeds, betrokke was by onwettige en/of ongemagtigde bedrywighede en wanpraktyke. Hy het beklemtoon dat onmiddellike stappe gedoen sou word om ’n einde aan hierdie bedrywighede te maak. As eerste stap is 16 lede, met inbegrip van twee generaals en vier brigadiers, verplig om af te tree. Sewe ander lede is ook as deel van die reorganisasie van die SAW verplig om verlof te neem totdat verdere ondersoeke afgehandel is (kyk De Klerk 1998:284-285).

Terug by die werk was ek woedend. Sommige van my kollegas en vriende saam met wie ek gewerk het, is op verpligte verlof geplaas tot die ondersoek afgehandel is. Ek is verbied om hulle te kontak. Dit het ‘n groot leemte in my werksfunksionering veroorsaak.

Die grootste skok was dat iemand met die kaliber van generaal Chris Thirion gediskrediteer en ontslaan is. Ek sal sy afskeid nooit vergeet nie. Hy het sover hy kon

almal persoonlik gegroet, moed ingepraat en daarna by die hoofingang van die gebou uitgestap. Die meeste van sy personeel was aangedaan om op so ‘n wyse van hom afskeid te neem. My bitterheid teenoor De Klerk en die politici, en selfs die ander departemente van die inligtingsgemeenskap, het verder toegeneem. My emosies het wipplank gery tussen skok, ontkenning, woede en depressie. Ek het aanhoudend sin probeer maak van wat besig was om te gebeur. Hierdie gebeure het meegebring dat dit vir my baie moeilik was om voort te gaan met my werk by die VMS.

Soos De Klerk (1998:284) in sy biografie opmerk: “Die waarheid of onwaarheid van generaal Steyn se voorlopige mondelinge verslag is nooit heeltemal vasgestel nie” (kyk Giliomee 2012b:402). Volgens generaal Thirion was daar waarheid in die beskuldigings van ‘n derdemag.  Weens die revolusionêre oorlog van die ANC waarby die SAW betrokke was, was sommige SAW-lede voorstanders van meer as net ‘n sielkundige oorlog teen MK in die buiteland (kyk Hamann 2001:188-189).

In gesprekke met van my kollegas hoor ek van van die aktiwiteite waarvan die spesiale magte van die SAW, waarvoor ek nog altyd die grootste respek gehad, beskuldig word. Ek kon nie glo dat hulle bereid sou wees om dit te doen nie, want dit was menseregteskendings. Of dit waar was, kon ek ook nooit bevestig nie.  Die teleurstelling en ontnugtering van my kolegas wat my daarvan vertel het, nadat hulle ook vir die eerste keer daarvan gehoor het, het my verder ontstel.

Vir die eerste keer het ek onseker begin voel oor die morele regverdiging van aktiwiteite van my afdeling en die SAW op wie ek voorheen so trots was. Die volle waarheid en wie werklik vir wat verantwoordelik was, het nooit aan die lig gekom nie. Daar was net vir my genoeg aanduidings dat die SAW nie sy hande in onskuld kan was nie. Die uitkoms van die ondersoeke het nie vir my die regstelling en die vrede gebring wat ek wou gehad het nie.

Al die ondersoeke wat oor die beweringe gedoen is, was onsuksesvol, Nie een van die offisiere is later aangekla en verhoor op grond van die beweringe nie. Sommige van die offisiere het finansiële vergoeding ontvang vir die onreg wat teenoor hulle gepleeg is. Generaal Thirion, wat nie in enige van die verslae van enige oortreding beskuldig is nie, het ‘n apologie van De Klerk ontvang nadat hy ‘n lastersaak teen hom

aanhangig gemaak het. In die apologie het De Klerk hom ‘n lojale soldaat genoem (Giliomee 2012b:402-403).

Volgens Neil Barnard (2017) het hierdie onsinnige optrede van De Klerk na die hand van die ANC gespeel. Die regering het sy eie veiligheidsmagte, een van die sterkste pilare tydens onderhandelinge, finaal verkleineer. Voortaan sou die relatief onbekwame magte van die bevrydingsbeweging soos MK sterker na vore kom. Andersins sou dit nie moontlik gewees het nie (kyk Barnard 2017:102-103). Ek het dit eerstehands ervaar en dit het my haat en bitterheid teenoor die politici en die bevrydingsbeweging nog verder laat toeneem.

Die toename in gewelddadige optrede deur APLA, wat openlik oorlog teen alle wit mense verklaar het, was vet op die vuur van die regse reaksie en frustrasie teen FW de Klerk se optrede teen die SAW (kyk Jeffery 2015:363). Die APLA-handgranaataanval op 29 November 1992 by ‘n gholfklub op King William’s Town waarin 4 mense dood en 19 beseer is, het ‘n nuwe vlaag van APLA-aanvalle ingelei wat reeds in Desember 1992 uitgevoer is (kyk Jeffery 2015:363).

Die verwikkelinge vanuit die ekstremistiese regse en linkse geledere was kommerwekkend, maar die einde van ‘n baie traumatiese 1992 het genadiglik aangebreek en ek het uitgesien na my jaarlikse verlof wat ek op ons familieplaas saam met my familie sou deurbring.

Dit wat ek nou neergeskryf het, het weer negatiewe emosies losgemaak wat ek eers moes hanteer. Ek besluit om eers hier halt te roep en koffie te maak. Elize was in die kombuis besig. Toe ek daar vir haar begin vertel hoe moeilik 1992 vir my was, kom sy met ‘n teenvraag wat ek nie verwag het nie.

“Ek wil nie net die negatiewe hoor nie. Was daar nie tog positiewe gebeure in die jaar wat jou gemotiveer het om al die uitdagings te hanteer nie?”

Ek kon sien Elize was nie lus vir al die negatiewe aspekte van my storie nie. Sy was op soek na positiewe gebeurtenisse wat my kon bemoedig.

Dit val my by hoe ek wel in die middel van die emosionele storm van my egskeiding verras is deur ‘n besondere geestelike ervaring wat my weer hoop en vertroue gegee

het. Ek begin dit rustig vir Elize vertel. Die grootste verlies na my egskeiding was dat my gewese vrou en my twee seuns ons huis verlaat het. Ek moes alleen in die leë huis agterbly. My seuns het wel elke tweede naweek kom kuier maar die eensaamheid en verlange tussenin was erg.

Een Saterdagaand nadat ek en my seuns saam na ‘n kindervideo gekyk het, het hulle op die rusbank aan die slaap geraak. My gevoelens het die oorhand oor my gekry toe ek die twee slapende seuns kamer toe dra. Toe ek Hardus, op sy bed neerlê, het ek onverwags geprewel: ”Seun hierdie egskeiding was iets wat ek nooit verwag het nie. Ek is so jammer daarvoor. Dit was nie my keuse nie en ek het alles probeer doen om dit te verhoed. Ons is ongelukkig nou in hierdie gebroke omstandighede maar ek wil net hê jy moet weet ek kies om steeds ondanks die omstandighede jou pa te wees.”

Ek het omgedraai na my kamer toe en het gesukkel om aan die slaap te raak.

Die volgende dag toe ek hulle terugvat Randfontein toe waar hulle saam met hulle ma onder moeilike omstandighede in ‘n skoolkoshuis bly, het Hardus by my begin pleit: ”Pappa ek wil nie teruggaan nie. Ek wil by jou bly. Dit is nie lekker daar nie, ek verlang te veel na jou. Kan ons nie omdraai nie?”

Met ‘n knop in my keel het ek geantwoord: ”Seun, dit is nie my keuse dat jy by jou ma moet bly nie. Die hof het so besluit het en ons moet dit aanvaar. Ons kan niks daaraan doen nie. Dit is ook nie vir my lekker nie.”

Ek moes hom dwing om uit te klim en na sy ma te gaan.

Op pad terug Pretoria toe het die damwal van my opgeboude emosies gebreek. Ek het gepraat met die God vir wie ek nog altyd lief was en wat ek met my hele hart vertrou het: “Here ek verstaan dit nie. Hierdie situasie is onregverdig. Wat het ek gedoen om dit te verdien? Ek en Annie is altwee lief vir U. Ons het vir U gewerk en daar was nie ‘n derde persoon betrokke nie. Waarom kon dit nie uitwerk nie? Waarom? Waarom?”

Die woorde het spontaan saam met diep snikke uit my hart gevloei en ek het al stadiger gery. Ek het die geleentheid gebruik om presies vir my Hemelse Vader te sê wat ek gevoel het.

Toe ek Pretoria binnery, het ek tot my sinne gekom en begin skuldig voel oor wat ek alles vir God gesê het en hoe ek dit gesê het. Ek kan mos nie vir God daarvan beskuldig dat Hy onregverdig is nie. Mag ek vir Hom sê hoe teleurgesteld ek in Hom is oor wat Hy toegelaat het om te gebeur? Was my woede-uitbarsting teenoor 'n liefdevolle God reg? Ek het my gevoelens onder beheer gekry en beter gevoel. By die huis het ek my bandspeler aangeskakel. Dis 'n outomatiese handeling om die stilte te verbreek. Die lied van Ray Bolts: *You will always be a child in my eyes,* het begin speel. Dit het my in my spore gestuit. Ek het ervaar dat dit nou my Hemelse Vader se beurt was met my te praat. Die lied se woorde is:

*I was there when you drew the breath of life.*

*And I could hear your voice the first time that you cried.*

*And though you couldn't see me I was very near*

*And there is something now that I want you to hear*

*You will always be a child in my eyes*

*When you need some love my arms is open wide*

*Even when you're growing old*

*I hope you realize*

*You will always be a child in my eyes*

Hierdie was een van die geleenthede waar ek werklik die liefde van my Hemelse Vader baie intens ervaar het. Na die lied het Hy my stelselmatig deur my gesprek met my seun gevat en elke vraag wat ek gevra het, beantwoord. Daarmee het Hy sin en betekenis gegee aan wat met my gebeur het. Ek het dit broodnodig gehad.

Sy eerste vraag was: "Wat het jy gisteraand vir Hardus gesê?"

"Ek het gesê dat die egskeiding nie my keuse was nie."

Sy antwoord was: "Dit was ook nie My keuse nie want Ek eer altyd 'n mens se keuse, hoewel Ek weet watter hartseer dit soms by ander mense veroorsaak. Wat het jy nog vir hom gesê?"

Ek antwoord: ”Ek het gesê hoewel dit nie my keuse was nie, kies ek om steeds ondanks die uitdagings vir Hardus en Eksteen ‘n pa te wees.”

Rustig kom die antwoord: ”Wat ook al met jou gebeur, niks sal jou skei van My liefde vir jou nie. Ek sal altyd saam met jou wees, al ervaar jy nie altyd my teenwoordigheid nie, sal Ek altyd vir jou die pa wees wat jy nodig het.”

Vir die eerste keer het ek besef watter voorreg ons het om onsself as kinders van ons Hemelse Vader te mag beskou. Dit ruk ons egter nie uit die gebroke wêreld waarin ons lewe nie. Al doen ons alles reg vrywaar dit ons nie daarvan om soms lyding en moeilike tye te ervaar nie. In die moeilike tye kan God ons enige tyd verras met Sy teenwoordigheid en vrede gee. Christus het mens geword, onder ons kom woon en self ervaar wat ons ervaar. Hoe moes Hy en selfs Sy Hemelse Vader gevoel het toe Hy aan die kruis ter wille van ons uitroep: ”Vader, My Vader waarom het U My verlaat?” Een vaste wete het ek uit hierdie ervaring oorgehou: Ek het die sekuriteit van ‘n Hemelse Vader wat my as Sy kind lief het en dat niks my van Sy liefde sal skei nie.

Ek het baie emosioneel geraak terwyl ek die storie vir Elize vertel, maar was dankbaar dat sy dit gevra het. Dit was om my weer perspektief te gee oor die positiewe wat ook deel van my deurleefde ervaringe was. Ek het vir Elize gesê dat 1993 gelukkig ‘n draaipunt in my persoonlike lewe was.

Met ‘n groot glimlag vra sy: “Was dit nie ook omdat dit die jaar was waarin jy my ontmoet het nie?”

“Vir seker! You light up my light and make a difference.”

Die geselsie met Elize en die koffie was ’n goeie breuk en het my gemotiveer om verder te skryf.

Na my egskeiding het my selfbeeld ‘n groot knou gekry en ek het hard gewerk daaraan om al die trauma te verwerk. Aanvanklik het ek myself beskou as ‘n slagoffer van my gewese vrou se keuse om nie met die huwelik aan te gaan nie. Ek het probeer uitvind wat ek verkeerd gedoen het wat tot die egskeiding aanleiding kon gee. Die introspeksie was so intens dat ek later nie meer die positiewe in die lewe raakgesien het nie.

Die boek van Jim Smoke (1984) *Living Beyond Divorce* se verwysing na vyf progressiewe fases van die verwerking van die seer van die verlede. Dit is ontkenning, woede, onderhandeling, depressie en aanvaarding. Dit was in hierdie tyd veral vir my waardevol (Smoke 1984:37). Ek kon daarin my eie vordering in die verwerking van die seer in my verlede bepaal en weet wat om verder te doen.

### 3.5.8 Die lewe is wat jy daarvan maak

Die draaipunt in my verwerkingsiklus sou in Februarie 1993 kom. Ek is baie lief vir Gospelmusiek en het my videospeler ingestel om elke Woensdag die TV-program Gospelparade van Malie Kelly op te neem. Ek kon nie wag om saans die nuutste vrystellings van gospelmusiek te geniet nie. Een Woensdagaand hoor ek Stephen Curtis Chapman se inspirerende lied *The Great Adventure.* My liefde vir die natuur en perdry het die video met die metafoor "om jou perd op te saal en die avontuur van die onbekende aan te durf*"* groot aanklank by my laat vind.

> *Started out this morning in the usual way chasing thoughts inside my head of all I had to do today. Another time around the circle, try to make it better than the last. I opened up my Bible, and I read about me. Said I'd been a prisoner and God's grace had set me free. Somewhere between the pages, it hit me like a lightning bolt, I saw a big frontier in front of me and I heard somebody say "Let's go!"*
>
> *Saddle up your horses, we've got a trail to blaze, through the wild blue yonder of God's amazing grace. Let's follow our leader into the glorious unknown. This is life like no other, this is the great adventure Yeah! Come on get ready for the ride of your life, gonna leave long faced religion in a cloud of dust behind and discover al the new horizons just waiting to be explored. This is what we were created for.*

Veral die laaste gedeelte van die laaste vers: "The love of God will take us far beyond our wildest dreams" het my weer hoop gegee en laat droom oor my toekoms. Die jaar was vol deurbrake. In Februarie het ek Elize ontmoet. Aan die einde van die jaar is ons getroud. Ek het ook saam met my pa 'n pelgrimsreis na Israel onderneem wat vir my 'n besondere hoogtepunt was.

Wat die politieke verwikkeling betref het die jaar ook sy laagtepunte en hoogtepunte gehad. Die ontwikkeling en mobilisering van magstrukture in die binneland en veral die "onafhanklike" Transkei sou tot toenemende konflik en geweld lei. Die belangrikste politieke groeperinge het die ANC se voorbeeld gevolg. Terwyl hulle met die pen in die een hand by die veelparty-onderhandelsforum onderhandel, het hulle met die ander hand magstrukture ontwikkel. Selfs die PAC, wat nog nie hulle *gewapendestryd* opgeskort het nie, die Konserwatiewe Party, die Afrikaner-Volksunie en die IVP het deelgeneem aan die nuwe onderhandelingsinisiatief wat in Maart 1993 begin het (De Klerk 1998:290). Ondanks die onderhandelinge het politieke geweld steeds toegeneem en is die SAW en veral dienspligtiges toenemend ontplooi om stabiliteit te probeer bring.

Die Goldstone-kommissie se verslag op 15 Maart 1993 wat APLA en generaal Bantu Holomisa van die Transkei-tuisland aanspreeklik gehou het vir die dood van 16 blankes en die geweld in die Oos-Kaap het my weer hoop gegee (kyk De Klerk 1998:289). Ek is versoek om insette vir die kommissie te lewer en die bevindinge van die verslag het my laat voel dat van die inligting wat ons saamgestel het waardevol was en tot iets konkreets aanleiding gegee het. Die gebeure van 10 April 1993 het egter my optimisme soos mis voor die son laat verdwyn. As dit nie was vir die staatsmanskap van beide Mandela en De Klerk nie, sou die RSA in 1993 in 'n burgeroorlog gewikkel gewees het. Ek sal die gebeure van die dag nooit vergeet nie. Ek sit my pen neer terwyl ek terugdink aan wat ek die dag ervaar het en die gesprekke wat ek gehad het.

"Wat sê jy van Chris Hani se dood?" vra Sumeli, Sarah se seun, toe ek die oggend van 10 April 1993 by my ouerhuis stilhou.

"Waarvan praat jy?" Sumeli het vir my soos die broer geword. Hy sou nie oor so iets 'n grap maak nie. Chris Hani, die voormalige bevelvoerder van MK en sekretaris-generaal van die SAKP was een van die mees radikale en gewildste leiers in die ANC. 'n Moord op hom kon net moeilikheid beteken.

"Hani is vanmôre voor sy huis in Boksburg deur 'n witman doodgeskiet. Die draadloos sê dat ANC-lede gaan wraak neem. Gelukkig het hulle die man gevang wat hom doodgeskiet het."

Dat dit juis Sumeli was wat die nuus aan my moes oordra het my weer laat besef watter besondere verhouding ek met hom gehad het. Ek was stomgeslaan en woedend vir Janusz Walus die Poolse immigrant wat net na die moord in hegtenis geneem is besef ek terwyl ek weer my pen vat en verder skryf. Wat het hom besiel om so ‘n hoëprofiel ANC-lid te vermoor? Het hy ooit werklik aan die nagevolge gedink? Hoe gaan die radikales in die ANC sy dood verwerk? Die aand het Nelson Mandela my beïndruk toe hy tydens ‘n TV-uitsending die leiding geneem het. Hy het ‘n beroep op elke enkele Suid-Afrikaner, swart en wit, gedoen vir kalmte. Hy het landsburgers gevra “om saam te staan teen diegene, van enige kant, wat dit waarvoor Chris Hani sy lewe opgeoffer het - ons almal se vryheid - wil vernietig.” Hy het daarop gewys dat ‘n witman die moord gepleeg het, maar dat ‘n witvrou van Afrikanerherkoms haar lewe gewaag het sodat die sluipmoordenaar gevind en voor die hof gebring kon word (kyk De Klerk 1998:294).

Hierna het die ANC egter ‘n sesweeklange massa-aksieveldtog aangekondig. Dit het die land in ‘n verdere krisis gedompel. Volgens Mandela (1995:725) het hulle dit gedoen om die gemoedere van die radikales in die ANC af te koel. Die betogings het in verskeie stede tot onluste en plundering gelei (De Klerk 1998:294). Die situasie was so onseker dat ek begin wonder of die “nag van die lang messe” waarteen die regses ons gewaarsku het nou aangebreek het. Sommige witmense het op grond van hierdie vrees bunkers gebou en kosvoorrade opgestapel wat hulle kon gebruik indien nodig. Die geweld het gelukkig nie na blanke woongebiede oorgespoel nie en net APLA het voortgegaan met hulle aanvalle op onskuldige wit burgerlikes (kyk Jeffery 2015:363).

De Klerk het sy staatmanskap getoon deur sy ondersteuners gerus te stel toe die onrus op 14 April 1993 vererger het. Hy het maatreëls afgekondig om massabetogings te beheer en het ‘n bykomende 3 000 lede van die veiligheidsmagte ontplooi. Hy het die ANC gewaarsku om nie die sluipmoord van Hani te probeer gebruik om druk op die deelnemers van die onderhandelinge uit te oefen om uitgangspunte te aanvaar wat nie gestrook het met die benaderings en tydroosters wat reeds vasgestel is nie (De Klerk 1998:294).

Intussen het Pieter Mokaba, president van die ANC Youth League op 17 April 1993 openlik tydens ‘n massabyeenkoms in Khayelitsha buite Kaapstad die skare gelei in

die uitroep van die slagspreek "*Kill the Farmer, Kill the Boer*". Die ANC en die ANC Youth League het hulle later van die slagspreuk gedistansieer (kyk Jeffery 2015:383). Almal het asem opgehou vir Chris Hani se begrafnis en wat daarna sou gebeur.

Reeds die dag voor sy begrafnis op 19 April is 21 inwoners van Sebokeng vermoor. Daar was kommer dat wydverspreide geweld tydens en na die geleentheid sou uitbreek. Ondanks opruiende toesprake deur Harry Gwala en Bantu Holomisa het Nelson Mandela die 75 000 volgelinge wat teenwoordig was, gekalmeer. Hy het eers saam met Joe Slovo, die leier van die SAKP, van die gewone ANC retoriek gebruik gemaak om by sy volgelinge aanklank te vind. Onrus en beskadiging van ‘n treinstasie en verskeie eiendomme waarin 15 mense dood is, het wel rondom die FNB stadion in Soweto voorgekom, maar ons is die nag van die lang messe gespaar. Chris Hani se dood het nie die gewelddadige uitbarstings veroorsaak waarvoor die linkse en regse ekstremiste gehoop het nie (kyk Jeffery 2015:384; vgl De Klerk 1998:296).

### 3.5.9 Aanloop tot die verkiesing

Die hoop op ‘n vreedsame skikking in Suid-Afrika het vervaag en anargie het ‘n moontlikheid begin word. Om dit te verhoed het Neil Barnard en Fanie van der Merwe ‘n tydrooster met 27 April 1994 as stemdag opgestel en by De Klerk aangedring om dit te aanvaar (Giliomee 2012b:414). De Klerk het dit voorgelê aan die ander partye wat by die onderhandelinge by die *World Trade Centre* betrokke was. Op 2 Julie 1993 het die oorgrote meerderheid van die partye ooreengekom dat 27 April 1994 die definitiewe datum vir die eerste ten volle demokratiese verkiesing sou wees (De Klerk 1998:296).

Dit was vet op die vuur vir sommige van die ander politieke rolspelers. Die Konserwatiewe Party, IVP, en verteenwoordigers van die Ciskei-, Bophuthatswana- en KwaZulu-regerings het nie die verkiesingsdatum van 27 April 1994 aanvaar nie. Hulle het saam met die Afrikaner Volksfront, die Vryheidsalliansie gestig en ‘n nuwe bedreiging teen die nuwe orde gevorm (kyk De Klerk 1998:296-301). Intussen het die geweld landwyd toegeneem en is meer SAP en SAW lede veral dienspligtiges in die onlusgeteisterde gebiede ontplooi. Teen die einde van 1993 het 3 706 mense reeds die jaar in politieke geweld gesterf. Dit was ‘n paar honderd meer as die vorige jaar en twyfel het bestaan of die verkiesing vry en regverdig sou wees (kyk De Klerk 1998:303-

304). Veral die linkse en regse ekstremistiese organisasies wat nie by die onderhandelinge betrokke was nie, het toenemend by geweld betrokke geraak.

Die verregse organisasies was egter baie verdeeld en vir sommiges was weerstand teen enige onderhandelinge die enigste manier om druk op die regering te plaas. Veral na die uitslag van die referendum in 1992 het weerstand vir hulle meer aanvaarbaar begin word. Generaal Viljoen het gewaarsku dat die regering in die toekoms nie verseker sou kon wees dat hy op die lojaliteit van die witmense in die veiligheidsmagte kon staatmaak nie. De Klerk het buitelandse besoekers egter gereeld die versekering gee dat hy altyd op die lojaliteit van die veiligheidsmagte kon staatmaak (kyk De Klerk 1998:334).

In 1993 het die pilare van die NP-regering stelselmatig inmekaar begin tuimel. Eers het die regering sy standpunte oor magsdeling verander terwyl hy ook oor die onafhanklikheid van die tuislande, die fondament van die NP-rassebeleid die aftog geblaas het. Vroeg die oggend van 18 November 1993 het De Klerk sy kabinet ingelig dat hy Mandela se eis vir meerderheidsbesluitneming in die kabinet aanvaar het. My bitterheid en wantroue in die NP-politici het weer opgevlam. Ek het gevoel hulle het die ANC toegelaat om hulle doel van ‘n regeringsoorname stelselmatig met geweld te bereik. Wat was demokraties aan hierdie proses? Was dit regtig die eerste demokratiese verkiesing soos wat daarna verwys word of het die regering nie maar net geswig onder porpaganda, intimidasie en geweld nie?

Terwyl ek hierdie gedagtes neerskryf ervaar ek hoe ek ‘n beter perspektief kry oor wat gebeur het. Die verkiesingsjaar 1994 het met groot onsekerheid begin. Dit was vroeg reeds duidelik dat die verkiesing nie werklik ‘n vry en regverdige demokratiese proses sou volg nie. Die magstryd met die oog op die verkiesing het momentum begin kry en die fokus van die ANC was om die drie tuislande reeds voor die verkiesing tot ‘n val te bring (kyk Jeffery 2015:384). Intimidasie, politieke geweld en moord was veral in KwaZulu/Natal en die Oos-Rand tussen die tradisievaste IVP-hostelbewoners en die SDU’s aan die orde van die dag. Die ANC en hulle alliansievennote het die SDUs in die naburige gemeenskappe op die been gebring. Baie van hierdie SDU’s het bestaan uit revolusionêre tieners, waarvan sommiges by kriminele aktiwiteite betrokke was en hul gemeenskappe meer geterroriseer as beskerm het (kyk De Klerk 1998:321).



Rapport
KONTANT-POT
Al die wenners van Troef 15 en Kontantpot is op bl. 19
16 LESERS WEN VANDAG R15 000!
Agtjarige dogtertjie sien gevalle AWB-man se lyk op TV en vra
IS MY PAPPIE DOOD?
Hier word AWB's tereggestel
Sunday Times
SEE PAGE 27
Sheer bloody murder
INSIDE

*Figure 34: My koerantuitknipsels oor die tragiese gebeure in Boputhatswana*
*BO: (Waldner 1994:1)*
*ONDER: (Deionno & Hartley 1994:1).*

In areas in die Oos Rand is die beeld van die SAP se Binnelandse Stabiliseringseenheid so gekompromitteer dat hulle uit die gebied onttrek is. Die taak om wet en orde te handhaaf is aan die SAW opgedra. Die SAW is ontplooi omdat hulle ‘n beter beeld onder die plaaslike bevolking as die SAP gehad het (kyk De Klerk 1998:321). Die SAW is was toenemend voor die verkiesing ontplooi om stabiliteit in verskeie areas te bring.

Bophuthatswana en Ciskei het geweier om partye toe te laat om in hulle gebiede stemme te werf. Regse verset het so drasties toegeneem dat daar selfs gespekuleer is oor ‘n moontlike regse staatsgreep. Intussen het die regering intensief daaraan gewerk om die Vryheidsalliansie by onderhandeling en deelname aan die verkiesing te betrek. Die gebeure in Maart 1994 in Bophuthatswana sou egter finaal tot die verbrokkeling van die Vryheidsalliansie aanleiding gee (kyk De Klerk 1998:331).

Om president Lukas Mangope se regering finaal omver te werp het die ANC op 7 Maart 1994 met massa-mobilisasie in Bophuthatswana begin. Onrus in die gebied het in so mate toegeneem dat die veiligheidsmagte op 8 Maart 1994 op ‘n gereedsheidsgrondslag gebring is om orde te herstel indien nodig. Lukas Mangope het egter die hulp van sy Vryheidsalliansie-bondgenoot generaal Viljoen ingeroep wat 3 000 man sou beskikbaar stel, om deur die Bophuthatswana-weermag bewapen te word en te help om orde te herstel (kyk De Klerk 1998:331-333; Jeffery 2015:447).

Chaos het egter uitbreek toe ongeveer 400 van die AWB se manskappe ondanks generaal Viljoen se versoek om nie by die operasie betrokke te raak nie, in die gebied losgelaat is. AWB lede in bakkies en gesinsmotors het begin skiet op skares wat winkels in Mmabatho geplunder het. Ongeveer 50 inwoners is in die geweld wat

uitgebreek het dood en 285 beseer. In die lig van die nuwe verwikkelinge en die RSA-veiligheidsmagte wat op gereedsheidsgrondslag gebring is, het generaal Viljoen besluit om te onttrek (kyk Barnard 2017:248; Jeffery 2015:448).

Opskrifte in koerantberigte: *Horror Slaying of 3 AWB* in Saterdag 12 Maart se Citizen; *Agtjarige dogtertjie sien gevalle AWB-man se lyk op TV en vra, is my pappie dood?* in die Rapport en *Sheer bloody murder* in die Sunday Times van 13 Maart herinner my weer aan die tragiese verloop van die gebeure (Waldner 1994).

Die SAUK se TV-uitsending van hoe een van die Bophuthatswana-polisiemanne twee gewonde AWB-lede in kakieklere voor internasionale TV kameras doodskiet, was baie ontstellend soos ook die foto's op die voorblaaie en koerantberigte die volgende twee dae. Die AWB het druipstert uit Bophuthatswana onttrek en baie aansien verloor. Simbolies was dit die einde van die verregses se hoop om 'n verandering te maak aan die politieke rigting waarin die land beweeg (Barnard 2017:248).

Saam met die konserwatiewes in Brits het my pa geglo dat die Afrikanervolksfront onder leiding van generaal Viljoen 'n oplossing sou bied. Hoewel ek nie gedink het generaal Viljoen se inisiatief vir selfbeskikking haalbaar was nie, het ek baie simpatie daarvoor gehad. Generaal Viljoen het 'n vergadering naby my ouerhuis gereël waar hy die strategie en planne oor die toekoms met ondersteuners in die Brits-omgewing sou bespreek. My pa het my vertel hoe groot die teleurstelling was toe generaal Viljoen nie by die vergadering opdaag nie en dit bekend raak dat hy van plan verander het en aan die verkiesing sou deelneem.

Op 12 Maart is die bestuur van Bophuthatswana deur die RSA-regering oorgeneem en kort daarna het die ander tuislandregerings van Venda en Ciskei ook in duie gestort. Op 16 Maart 1994 het generaal Viljoen van die res van die Afrikanervolksfront en die Vryheidsalliansie afgeskei en 'n nuwe party die Vryheidsfront gestig. Hy het dit vir deelname aan die verkiesing geregistreer (kyk De Klerk 1998:331-333). Die val van Bophuthatswana en die ander tuislandregerings weens die geweld en intimidasie van die ANC se massamobilisasie was vir my baie teleurstellend.

Ek het die revolusionêre en ondemokratiese proses wat in die tuislande afgespeel het, voor die deur van die NP gelê wat duidelik nie meer enige invloed op die verloop van

gebeure gehad het nie. Al wat die regering gedoen het, was om die veiligheidsmagte, en veral die SAW-dienspligtiges, te ontplooi sodra chaos uitbreek om weer stabiliteit te bring. My respek vir generaal Viljoen wat op die regte tyd ‘n baie ongewilde besluit geneem het, het toegeneem. Hy het die ondersteuning gehad om die land in ‘n burgeroorlog te dompel, maar het besluit om eerder die demokratiese weg te volg.

Die herinnering van die gebeure laat weer my bitterheid en opstand teenoor verregse organisasies opstoot. Wanneer ek die vulgêre en rassistiese opmerkings oor “swartes” en veral sogenaamde “swart barbare” op die sosiale media lees, moet ek hard daarteen veg om nie kommentaar te lewer nie. Ek wens ek kan iewers van hierdie frustrasies ontslae raak.

Hoekom praat die verregses so maklik oor die geweld en terreur wat deur swart ekstremiste veroorsaak is maar vergeet gerieflikheidsonthalwe van die “wit geweld en terreur” voor die verkiesing? Wreedaardige en sinnelose regse geweld het tot en met die verkiesing voortgeduur. Dit het baie menselewens geëis. ‘n Week voor die verkiesing was daar verskeie bomontploffings wat aan verregse organisasies toegeskryf is. Kort na die verkiesing is 34 lede van die AWB aangekla vir 19 aanklagte van moord wat gespruit het uit die bomaanvalle in Germiston, Pretoria en Johannesburg middestad. ‘n Groot hoeveelheid wapens, ammunisie en ploftoestelle is gekonfiskeer en die SAPD het dit beskou as die finale deurbraak om die verregses te neutraliseer. Die verregses het nie geslaag in hulle doel om die verkiesing te ontwrig nie (kyk Jeffery 2015:472; De Klerk 1998:337).

Na die val van die tuislandregerings en die verbrokkeling van die Vryheidsalliansie was die IVP die enigste belangrike party wat hom nog nie aan die verkiesingsproses verbind het nie. Die gewelddadige insident op 28 Maart 1994 waar ANC-veiligheidspersoneel begin skiet het op die ongeveer 20 000 IVP-marsjeerders voor Shell House, die ANC-hoofkwartier, sou die spanning tussen die ANC en die IVP verder verhoog. Nege IVP-ondersteuners is voor Shell House doodgeskiet en meer as 50 mense is dood in die geweld wat in die middestad van Johannesburg uitgebreek het (kyk Barnard 2017:250-251).

Na die insident op 28 Maart 1994 sou dit ‘n wonderwerk kos om die IVP te oorreed om aan die verkiesing deel te neem. Die samesprekings tussen De Klerk, koning Goodwill

Zwelithini, Nelson Mandela en Mangosuthu Buthelezi was onsuksesvol. Selfs die internasionale bemiddeling van dokter Henry Kissinger, die voormalige Amerikaanse Minister van Buitelandse Sake en lord Carrington, voormalige Britse Minister van Buitelandse Sake het nie van die grond af gekom nie. Dit was op die ou end die bemiddeling van professor Washington Okumu, 'n Keniaanse akademikus en vriend van Mangosuthu Buthelezi wat die wonderwerk bewerkstellig het waarop almal gewag het. Mangosuthu Buthelezi het verklaar dat dit 'n ingryping van God was wat hom oorreed het om aan die verkiesing deel te neem (kyk De Klerk 1998:339-343).

Ongeveer 19,5 miljoen Suid-Afrikaners het op 27 en 28 April 1994 aan die verkiesing deelgeneem nadat spesiale stemme vir bejaardes en siekes reeds op 26 April uitgebring is. Daar was meer as 9 000 stemlokale landswyd en dienspligtiges was by sommige van hierdie stemlokale ontplooi. Daar was groot logistieke probleme en volgens FW de Klerk (1998) was daar soveel onreëlmatighede dat ongeveer 'n miljoen onwettige stemme uitgebring is. Hierdie stemme is aan ander partye toegeken. Die NP het dit selfs oorweeg om die verkiesingsuitslae in die howe te betwis, maar het daarteen besluit. Die ANC het 62,6%, die NP 20%, die IVP 10,5%, Die Vryheidsfront 2,2%, die DP 1,7%, PAC 1,2% en die ACDP 0,5% van die stemme gekry (kyk De Klerk 1998:353).

Die bedreiging van 'n opstand deur die regses met die steun van elemente in die weermag en aktiewe *burgermag* het nooit gerealiseer nie. Die professionele optrede van die SAP en die SAW onder die bevel van generaals Johan van der Merwe en George Meiring het 'n vreedsame verkiesing moontlik gemaak waarvoor hulle nie die erkenning van die ANC gekry het nie. Volgens (Giliomee 2012b) was dit die opperbevel van die weermag en die polisie wat 'n vreedsame stemdag moontlik gemaak het. Niel Barnard (2012) beskryf die veiligheidsmagte ook as die onbesonge helde van die demokratiese "wonderwerk" in Suid-Afrika (Giliomee 2012b:408).

Die SAW, dienspligtiges en burgermaglede wat in diens was tydens die oorgangstydperk het wel die Unitas-medalje gekry, maar nie die erkenning van die hele bevolking wat ons verdien het nie. Die jare tussen 1995 en 1997 was vir my soos 'n *roller coaster ride.*

### 3.5.10 Onstuimige jare na die verkiesing

Die volgende dag het ek afgeneem om by die munisipale kantore by Waltloo aansoek te doen vir die hernuwing van my voertuigbestuurslisensie. Ek moes in ‘n lang tou inval. Gelukkig is daar genoeg stoele uitgepak sodat ons stadig sitplek vir sitplek vorentoe kon beweeg. Ek moes miskien iets saam gebring het om te lees verwyt ek myself omdat ek weet my gedagtes gaan my nou weer besig hou. Onwillekeurig begin ek terugdink aan die tydperk 1995 tot 1997 op my lewensgrafiek en besluit om die tyd te benut en behoorlik oor die tydperk na te dink en later die middag my gedagtes daaroor neer te skryf.

Ja, dit was uitdagende jare en hoewel ek dit seker moes verwag het, was ek nie werklik voorbereid op die negatiewe gesindheid van die nuwe regering en die bevolking teenoor die SAW nie. Reeds teen die middel van 1994 het een van ons bevelvoerders ons in kennis gestel dat ‘n voormalige kollega van ons hom gewaarsku het dat “sekere” ondersoekers by hom ‘n besoek afgelê het. Hulle wou weet wat die redes was waarom hy uit die SAW bedank het en of hy bewus was van enige ongerymdhede waarby die SAW betrokke was en bereid sou wees om daaroor te getuig. Dit was ontstellende nuus en ‘n bewys daarvan dat die gety gedraai het. Die realiteit sou verder tot ons deurdring toe ons hoor van die ondersoekeenheid van die SA Polisiediens (SAPD) wat in September 1994 aangestel is om die beweringe oor die KwaMakutha-moorde, te ondersoek (Malan 2006:381).

In 1995 was ek opgewonde oor die nuwe *Reënboognasie* waaroor almal gepraat het. Toe Mandela die Wêreldrugbybeker wat die Springbokke na ‘n rillerkompetisie gewen het, omhoog hou, was ek baie opgewonde oor die toekoms van die Nuwe Suid-Afrika. Tog, was ek bekommerd oor die gebrek aan versoening weens die gesindheid wat ek reeds waargeneem het.

Vir die vryheidsvegters wat hulle gewapende magte gesien het as synde “in diens” van die politieke proses van hulle revolusionêre strategie was dit moeilik om te aanvaar dat die voormalige veiligheidsmagte werklik a-polities was. Dit het my bitter gemaak dat ons nie die erkenning daarvoor gekry het nie dat ons reeds in 1990 vrywillig ons wapens neergelê het omdat die politici ons gevra het om dit te doen.

Die bevrydingsbewegings en die bevrydingsteoloë was so verblind deur hulle persepsie dat die voormalige veiligheidsmagte by derdemagaktiwiteite en growwe menseregteskendings betrokke was dat hulle nie die meerderheid van ons se gesindheid raakgesien het nie. Hulle het nie die positiewe bydrae van die veiligheidsmagte en ook nie gesindheid en opofferings van dienspligtiges tydens die oorgangstydperk raakgesien en erken nie.

Ek skuif ‘n paar stoele vorentoe.

My teleurstellings met die oorgangsproses het reeds met die NP-regering se swak hantering van amnestie tydens die onderhandelingsproses begin. Die ironie was dat die NP-regering reeds in 1990 ingevolge die Wet op Vrywaring van 1990 aan duisende ANC-lede wat afgryslike misdade gepleeg het, vrywaring verleen het (kyk De Klerk 1998:306). Sou die ANC na sy bewindsoorname dieselfde gesindheid teenoor die voormalige veiligheidsmagte openbaar? Nee, nadat die ANC in 1994 aan bewind gekom het, het hy die hofsake van die KwaMakutha-moorde, die verhoor van doktor Wouter Basson in verband met chemiese en biologiese oorlog en die WVK gebruik om die apartheid-regering te diskrediteer en onsekerheid by die voormalige veiligheidsmagte te skep.

De Klerk erken in sy biografie dat die manier waarop die amnestiekwessie hanteer is, waarskynlik die NP se grootste mislukking tydens die onderhandelingsproses was (De Klerk 1998:307). Hierdie swak hantering van amnestie deur Kobie Coetsee, voormalige Minister van Justisie, het die deur oopgelaat vir die vervolging van voormalige veiligheidsmagte. Die instelling van die WVK en sou nog ‘n spyker in die NP se doodkis word (vgl Barnard 2017:53,147; Giliomee 2012b:419-420).

Die eerste senior weermagoffisier, kolonel John More, wat goed aan my bekend is, is op 5 Junie 1995 op ‘n vernederende wyse in die nag by sy huis in Pretoria gearresteer. Die KwaMakutha-verhoor het eers op 4 Maart 1996 begin. Tydens hierdie verhoor is 20 beskuldigdes aangekla. Onder hulle was daar sewe Zoeloes, een SAP-lid, brigadier Botha en 11 senior weermagoffisiere, waaronder die twee voormalige weermagshoofde, generaals Jannie Geldenhuys en Kat Liebenberg en generaal Magnus Malan as Minister van Verdediging. Verskeie van my kollegas en vriende sou verhoor word in hierdie hofsaak wat agt maande geduur het. Aanvanklik het dit

voorgekom asof die staat se getuienis oortuigend en verdoemend was, maar later is drie van die weermagbeskuldigdes ontslaan omdat die getuienis oor hulle betrokkenheid onvoldoende was (Malan 2006:396). Onder hulle was een van my direkte kollegas en vriende.

Op 10 en 11 Oktober 1996 het regter Hugo die eenparige bevindings van die regbank dat die beskuldigdes onskuldig was in ‘n gedetailleerde uitspraak uiteengesit (kyk Malan 2006:400-401). Tydens die hofsaak is bevind dat daar genoeg bewyse was dat elemente in die SAW soms buite hulle mandaat opgetree het. Daar was egter geen georkestreerde menseregtevergrype soos wat die ANC geglo het nie. Die bevrydingsbewegings, veral die ANC en die bevrydingsteoloë was nie tevrede met die bevindinge nie want dit het nie by hulle “waarheid” ingepas nie.

Hulle het steeds alles in hulle vermoë gedoen om te bewys dat die NP-regering en die SAW by growwe menseregtevergrype en derdemagbedrywighede betrokke was. Volgens Alan Boesak (2009) het die regstelsel daarin gefaal om die skuldiges skuldig te bevind, die waarheid aan die lig te bring en geregtigheid te laat geskied (kyk Boesak 2009:272). Die sameroeper van die Ondersoekeenheid, Howard Varney en ander regsgeleerdes het die Waarheid-en-Versoeningskommissie (WVK) as ‘n geleentheid gesien tot ‘n herverhoor en om verlore aansien te herwin (Malan 2006:402).

Die konsep van die WVK is aanvanklik deur die voormalige regering en veiligheidsmagte gesteun. In goedertrou was die verwagting van die meeste van die ANC en die ander prominente leiers in Suid-Afrika dat die misdade van die verlede effektief deur die WVK hanteer sou word. Met die waarheid wat ontbloot sou word, sou ons mekaar kon vergewe. Daar was ‘n verwagting dat almal wat by misdade betrokke was, gelyk behandel sou word. In die geval van die voormalige veiligheidsmagte was dit ongelukkig nie die geval nie.

Die fokus van die WVK op die gruweldade van veiligheidsmagte en die maksimum publisiteit daaraan was vir my ‘n skok. As deel van die veiligheidsmagte is ek vir die eerste keer deur die WVK gekonfronteer met aktiwiteite waarvan ek nie bewus was nie. Dit het soms gevoel asof ek ook in die beskuldigdebank was en moes verantwoording doen vir aktiwiteite wat in die konteks van die oorlog nie verkeerd was nie. Vir die gemeenskap, wat die konteks nie verstaan het nie, was dit egter skokkend

en onaanvaarbaar. Die wit gemeenskap was grotendeels afgesonder van ‘n stryd wat hoofsaaklik in die swart en bruin woongebiede gewoed het. Weens die beperking op die pers en die “moet weet” beginsel in die veiligheidsmagte het min witmense geweet van die geweld en martelingsmetodes waarmee inligting dikwels verkry is (Giliomee 2004:615).

Ek stem saam met De Klerk (1998) se biografie dat die WVK-verhore ‘n terapeutiese uitwerking op baie van die betrokkenes, skuldiges sowel as slagoffers gehad het en in sommige gevalle tot ware versoening gelei het. Net soos baie ander witmense en veral Afrikaners was ek geskok, skaam en verward oor wat ons gesien en gehoor het. Die oorweldigende dekking van die verhore het ‘n ongesonde selfbeeld by baie witmense en veral Afrikaners geskep. De Klerk (1998) is reg dat die WVK min bygedra het tot versoening want slegs ‘n klein aantal blankes was betrokke by growwe skendings van menseregte maar die hele blanke gemeenskap was in die beskuldigdebank geplaas (De Klerk 1998:396).

In sekere opsigte was ons dienspligtiges slagoffers van apartheid maar ons is nie so hanteer nie. Die gedagtes en vrae wat destyds deur my kop gemaal het en waarmee niemand my kon help nie maal weer deur my kop. Waar was die kerk en beraders toe ons hulle nodig gehad het? Seker maar so besig met hulle eie vrae en skuldgevoelens oor die ondersteuning van apartheid dat hulle nie geweet het hoe om ons te ondersteun nie. Geen wonder die dienspligtiges het hulle respek vir die kerk verloor nie! Hoewel ons dienspligtiges uitgenooi is om voorleggings by die WVK te doen, het ons die proses nie vertrou nie en ook nie die vrymoedigheid gehad om deel te neem nie. Die oorgrote meerderheid het weer soos in die verlede stilgebly en nie die geleentheid benut om die waarheid van hulle ontnugtering en teleurstellings te vertel nie.

Wat my die meeste teleurgestel het, was dat die WVK nie eers die moeite gedoen het om te luister na die konteks van wat ons verstaan het as *Afrikaner-nasionalisme*, die *totale aanslag* en *revolusionêre oorlog* nie. Hulle het reeds vooraf besluit dat hierdie insette nie nodig was nie en was dus nie ernstig op soek na die volle waarheid nie. Hoe voel ‘n persoon of ‘n volk as daar nie geluister word na dit wat so belangrik is dat jy jou lewe daarvoor sou opoffer nie?

Eers toe die persoon agter die toonbank my met ‘n tweede “next please” daaraan herinner dat ek volgende is het ek besef waar ek regtig is. Die aand het ek besluit om my storie af te handel en aan Hendrik te e-pos. ‘n Week later kry ek ‘n e-pos van hom.

**Inbox**

| | |
|---|---|
| From | Hendrik Kruger <hendrik.krug@gmail.com> |
| To | Me <rpgschoeman@gmail.com> |
| Subject | Traumatiese Ervarings |

Naand Roelf,

Dankie vir jou storie. Ek kan sien jy het moeite gedoen met die skryf daarvan met al die boeke waarin jy weer die feite opgelees en vir jouself in perspektief geplaas het. Vergun my net ‘n paar opmerkings.

- Jy verwys spesifiek daarna dat jou trauma begin het toe jy by die VMS begin werk het, maar jy deel te min van jou gevoelens en baie feite. Ek wou meer van jou gevoelens hoor en nie soseer so baie feite nie, maar dit is jou storie en solank jy net daarby baat gevind het.
- Dit is vir my duidelik dat jy nie respek vir enige politici, die ANC en selfs De Klerk het nie. Jy dink die SAW was sonder foute, die slagoffer van die ANC se negatiewe propaganda en is ook stief deur De Klerk behandel. Dink jy nie jy is blind vir die SAW se foute en bevooroordeeld nie?”
- Nagmerries is gewoonlik ‘n aanduiding van ‘n traumatiese ervaring en gewoonlik ook ‘n reaksie op ‘n gevoel van frustrasie en magteloosheid. Jou ervaring van Nelson Mandela se persoonlike aanval op De Klerk en De Klerk se reaksie op hierdie aanval was moontlik meer traumaties as wat jy besef. Soos jy self weet, is nagmerries gewoonlik ‘n aanduiding van stres.
- Oor die algemeen was 1992 vir jou ‘n baie traumatiese jaar maar in hierdie jaar was daar ook die positiewe ervaring van jou Hemelse Vader se teenwoordigheid en betrokkenheid by jou omstandigheid, wat jou geloof versterk het. Dit is goed dat jy dit raakgesien het en nie net op die negatiewe gefokus het nie.
- Die jaar waar die draaipunt en die deurbrake gekom het was 1993. Jy was baie teleurgesteld in die politici se hantering van geweld en die toename van veral

verregse geweld voor die verkiesing was vir jou baie ontstellend. Jou grootste teleurstelling was duidelik die manier waarop die ANC-regering die dienspligtiges en selfs senior SAW- lede na 1994 en tydens die WVK hanteer het.

- Dit is ook opvallende hoe dikwels jy verwys na insidente wat jou woedend gemaak het en die bitterheid wat in jou opgebou het teenoor veral die politici en verregses. Hoe hanteer jy jou woede en aggressie? Jy kom koel en kalm voor wanneer ons gesels. Ons behoort daaroor te praat, want dit is gevaarlik om jou gevoelens aanhoudend te onderdruk. Iewers kan dit tot uitbarsting kom en jou in 'n verleentheid bring.

Jy hoef nie op my opmerkings te reageer nie. Weereens dink ek die skryf van hierdie storie het jou goed gedoen. Dit het my meer inligting gegee oor jou en wat jy in jou eie konteks ervaar het.  Erika sal jou skakel vir ons volgende afspraak.

Groete

### 3.5.11 Julle is die skuldiges

Dit was drie weke na ons vorige beradingsessie voordat ek weer by Hendrik kon uitkom. Hy was in die Kaap vir 'n konferensie en ek dink dit was vir ons altwee 'n goeie ruskans. Erika het weer 'n afspraak gereël vir 08:00 op 18 April.

Nadat ons mekaar gegroet het en ons weer in sy spreekkamer tuisgemaak het, vertel ek vir Hendrik van my ontnugtering na 1995 weens die KwaMakutha-verhoor en die WVK. Ek noem ook dat ek 'n dokument met datums en feite voorberei het om as riglyn vir ons gesprek te dien. Wat ek vandag met hom gaan bespreek, lê vir my na aan die hart.

"Hendrik, vandag gaan ek baie praat om die gif en bitterheid wat steeds in my hart is te probeer uitkry. Verdra my dus as ek soms emosioneel raak."

"Jy is welkom Roelf. Ek is hier om te luister en gaan jou vrye teuels gee. Ek hoop dit sal help om jou hart skoon te kry."

"Van my grootste teleurstellings was die WVK se hantering van De Klerk as politieke leier, generaal Magnus Malan as verteenwoordiger van die SAW en Neil Barnard as voormalige hoof van Nasionale Intelligensie. Ook die WVK se optrede teenoor leiers

van die bevrydingsbewegings soos Winnie Mandela. Kom ek vertel jou meer van hierdie onregverdigheid.

“Tydens sy verskyning op 14 Mei 1997 voor die WVK was dit vir De Klerk duidelik dat hulle nie in sy voorlegging belang gestel het nie. Die verklarings van aartsbiskop Tutu en dokter Boraine die dag na sy voorlegging het die duidelike boodskap oorgedra dat hulle reeds besluit het dat hy by growwe menseregteskendings betrokke was. Hulle was teleurgesteld dat hy nie bereid was om dit te erken nie (kyk De Klerk 1998:396-397).”

“In reaksie op die WVK se vooroordele het De Klerk en die NP besluit om hulle vrywillige samewerking met die WVK te beëindig en die hof te nader om te eis dat die kommissie hul mandaat ingevolge die WVK wet uitvoer. Hoewel hulle die hofsaak gewen het en Tutu en Boraine ingestem het om verskoning te vra was dit ‘n betekenislose oorwinning, want die WVK het steeds nie van sy vooroordeel afgesien nie (kyk De Klerk 1998:400).”

“Die manier waarop Neil Barnard in Junie 2000 deur die WVK se amnestiekomitee hanteer is en selfs van moord beskuldig is, het veroorsaak dat hy tot die volgende slotsom gekom het. Kom ek lees vir jou van my dokument af wat hy verklaar het: “*I am constraint to conclude that the Commission has become an instrument of vengeance.* Hy het ook later bygevoeg: *This is an unfortunate and dangerous development capable of undermining the pursuit of national unity and reconciliation”* (Barnard 2017:299-300).

“Selfs die ANC was ontevrede oor die bevindinge van die WVK in die finale verslag wat op 29 Oktober 1998 aan president Mandela oorhandig is. Dat die ANC hulle selfs tot die howe gewend het vir ‘n interdik teen die publikasie van die verslag was ‘n bewys van die ontevredenheid van die ANC met die WVK-verslag (Barnard 2017:304).”

“Roelf, ek hoor wat jy sê oor die politici en is verbaas dat jy selfs opkom vir De Klerk. Wat van die manier waarop die voormalige veiligheidsmagte hanteer is?”

“Ons is nog veel onregverdiger behandel. Ons veiligheidsmagte is deurlopend van growwe menseregteskendings beskuldig en bewyse is daarvoor gesoek. Indien die

bewyse nie gevind is nie, is ons daarvan beskuldig dat ons dit toesmeer en nie ons samewerking gee nie.

“Die SAW en die SAP was ongemaklik met die verduidelikings en motiverings van politieke beleidsrigtings en het daarop aangedring om hulle eie voorleggings te maak. Ons was a-polities en wou as sodanig beskou word (De Klerk 1998:391). Die wyse waarop die WVK die inhoud van die verslae oor die SAW hanteer het en foutiewe verslae gepubliseer en internasionaal versprei het, het die SAW en veral generaal Malan genoodsaak om krities op al die WVK-verslae te reageer (Malan 2006: 416-417).

“Volgens generaal Malan (2006) was die benadering van die WVK om hom nie te vermoei met sake soos die swart-teen-swart geweld nie. Dit kon nadelige publisiteit vir die ANC, SAKP en COSATU-alliansie en die destydse revolusionêre magte inhou. In MK en APLA se voorleggings het hulle buitengewone klem gelê op die feit dat apartheid deur die internasionale gemeenskap as misdaad teen die mensdom veroordeel is. In die lig daarvan was die ANC van standpunt dat alles wat hulle as ‘n ‘terroriste-organisasie’ gedoen het, geregverdig was (Malan 2006: 425-426).

“Hoor hierdie onregverdigheid, Hendrik. Ondanks die voorleggings en versoek deur veral De Klerk dat ander dimensies van apartheid soos opheffing en die herverspreiding van inkomste van witmense na swartmense in ag geneem moes word, het die WVK nie belang gestel in ‘n ander perspektief as wat hulle reeds gehad het nie. Soos aartsbiskop Desmund Tutu dit gestel het: ‘*[It] is irrelevant whether racism or apartheid sometimes produces good results. Because the tree was bad the fruit also had to be bad.’”* (kyk Giliomee 2004:613).

Hendrik onderbreek my terwyl hy die boek van Herman Giliomee oor die Afrikaner optel.

“Dankie vir hierdie boek wat jy vir my geleen het. Dis nogal insiggewend en ek wil met jou saamstem. Giliomee (2004) is van mening dat die WVK veral op twee kwessies gefokus het: Was die wit leierskap in Suid-Afrika bereid om verskoning te vra vir en berou te toon oor apartheid? Het die regering moorde en ander uiterste gevalle van

menseregteskendings deur die veiligheidsmagte gemagtig of sy oë daarvoor gesluit?" (Giliomee 2004:313).

"Jy is reg Hendrik. In Afrikanergeledere was daar 'n groeiende ontevredenheid oor die eensydigheid van die WVK. Aartsbiskop Tutu se beroep op 18 Februarie 1998 dat alle wit mense, en veral die Afrikaners, moes erken dat '*dastardly things had happened in the past. You white people - if you reject the TRC you will carry the burden of guilt to your graves'* was vet op die vuur. Dit het sommige Afrikaners finaal van die WVK versoeningsproses vervreem. Na 'n openbare storm het Tutu sy stelling gekwalifiseer en Afrikaners wat apartheid teengestaan het of wat 'n belydenis voor die WVK afgelê het, van skuld onthef (Giliomee 2004:615).

"Ek het reeds voor die WVK-proses nie respek gehad vir aartsbiskop Tutu nie, weens sy betrokkenheid by die bevrydingstryd waar hy soms onder die vaandel van die SAKP en kommunistiese vlae massa-aksie ondersteun het. Sy uitspraak, en die manier waarop hy De Klerk hanteer het in teenstelling met Winnie Mandela was vir my die laaste strooi. Hy het met deernis en respek by haar gepleit om haar menseregtevergrype, waarvoor daar onbetwiste bewyse was, voor die WVK te erken. Ek het my van die WVK gedistansieer en gevoel dat daar niks was waarvoor ek amnestie moes kry of waarvoor ek om verskoning moes vra nie. Die indruk wat ek gekry het was dat die meeste SAW-lede en veral ook dienspligtiges dieselfde standpunt gehuldig het.

"Ek stem saam dat die belangrikste bydrae van die WVK-verslag die terapeutiese waarde van openbare verhore was, maar in die soeke na die waarheid was die WVK in vele opsigte eensydig. Vir sommige lede van die veiligheidsmagte het dit verligting gebring nadat hulle hul misdade kon bely het en hulle familie en die wêreld weer in die oë kon kyk (Barnard 2017:295-296).

Hoor hoe stel Willie Esterhuyse (2012:304) dit sê ek terwyl ek die aanhaling van my dokument af lees:

> *Ons kon hoor en voel hoe vuil baie hande in Suid-Afrika is en hoe sterk die begeerte was na kennis van die waarheid oor ons verlede en die wil tot versoening. Die Waarheids-en-Versoeningskommissie kon egter nie*

> *volhoubare versoening en vrede bring nie. Die proses het voorlopig gebly. Ons skryf nog steeds ‘n groot deel van ons geskiedenis met bloed.*

“Na ons vorige gesprek het ek na ‘n boek van Alan Boesak gaan kyk. Hy is net soos die meeste van die ondersteuners van die vryheidstryd van mening dat die wit Suid-Afrikaners te lig daarvan afgekom het. Ware versoening en veral ook restitusie het nie tydens die WVK plaasgevind nie (kyk Boesak 2009:269-270). Hy is ook teleurgesteld dat Desmund Tutu soveel klem op vergifnis en versoening geplaas het en dat die WVK die slagoffers die geleentheid tot geregverdigde woede ontneem het.

“Boesak maak nog ‘n opmerking wat ek nie gedink het hy sou maak nie. Hy wys daarop dat swartmense die geleentheid gebied is om witmense wat die opdragte uitgevoer het en bevoordeel is te vergewe. Hy vra dan wat van die restourasie in die swart gemeenskappe. Hoewel daar aaklige dinge in die swart gemeenskappe gebeur het, was daar aandoenlike versoening tussen wit en swart maar weinig versoening tussen die swartmense wat die vryheidstryd ondersteun het en die swartmense aan die anderkant van die politieke spektrum (kyk Boesak 2009:278).”

Ek antwoord: “Genoeg oor Desmund Tutu, Frank Chikane en Alan Boesak, want hulle laat net my bloed verder kook. Ek was oor die algemeen baie teleurgesteld in die kerk en die geloofsgemeenskap se reaksie op die WVK en dat hulle dienspligtiges nie in hierdie tydperk ondersteuning het nie. Reeds tydens die WVK-proses was die kerke se inisiatiewe om verskoning te vra vir hulle aandeel aan die ondersteuning van apartheid vir my ‘n groot ontnugtering.

“Tydens sommige van die onthullings voor WVK is ek gekonfronteer met gruweldade waarvoor selfs van my kollegas in die SAW om amnestie aansoek gedoen het. Van party van hierdie onthullings het ek nie voorheen geweet nie. Dit het my skaam en verraai laat voel. Ek het ook in dankbaarheid besef dat dit die genade en beskerming van my Hemelse Vader was wat verhoed het dat ek ook onbewustelik by aktiwiteite betrek was waarvoor ek vir amnestie sou moes vra.

“Ondanks alles wat ek in my hart ervaar het, het ek ‘n selfregverdigende houding ingeneem en verklaar dat my optredes in die konteks van die oorlog geregverdig was en ek niks gehad het waarvoor ek om vergifnis moes vra nie. Ek het selfs my predikant

daaroor gekonfronteer. Isak Burger, die hoof van die wit gedeelte van die AGS, waarvan ek ‘n lidmaat was, het skielik met Frank Chikane, die hoof van die swart AGS kon versoen. Het Isak Burger dan vergeet van Frank Chikane se betrokkenheid by die bevrydingsteologie? Sy antwoord was dat apartheid in wese verkeerd was en dat ons nie daarby verby kon kom nie. Hy het wel begrip gehad vir my standpunt weens die blootstelling wat ek gehad het . Dit was vir my net verdere sout in my wonde. Ek kon nie met hom saamstem nie en sy opmerking het my verder van die kerk vervreem.”

Hendrik glimlag toe ek oor my selfregverdigende houding en my gesprek met my predikant begin praat.

“Waaraan dink jy nou?” vra ek.

“Jou opmerking oor jou kerkleier se standpunt het my laat terugdink aan professor Piet Meiring (2003), een van die kommissarisse van die WVK, se opmerking oor die krisis waarin die wit gemeenskap gedompel is na die onthullings van die WVK. Dit het my nogal perspektief gegee van wat ek toe ervaar het. Kan ek dit maar met jou deel?” verras Hendrik my met sy antwoord.

“Professor Meiring (2003) het verwys na die Amerikaanse terapeut Elizabeth Kübler-Ross (1989) se beskrywing van die fases waaraan individue tydens ‘n bestaanskrisis onderwerp word. Hy het die reaksies van die blanke Afrikaner gemeenskap in verband gebring met die ervaringe in die verskillende fases. Hy is van mening dat talle vanuit ‘n posisie van *ontkenning* regeer het, ander weer vanuit *woede*, of deur te *rasionaliseer*, of deur in ‘n diepe *depressie* te verval. Sommiges het egter deur al die stadia heen die punt van aanvaarding, ‘n nuwe bevryding bereik.”

“Maar dit is die fases wat ek tydens my egskeiding ervaar het en in Jim Smoke (1984) se boek *Living Beyonde Divorce* gelees het. Wil jy vir my sê dit is ook op ons Afrikaners as ‘n volk van toepassing?”

Hendrik knik instemmend.

”Vir seker! Ek het netnou geglimlag omdat ek dink jou predikant het al verder gevorder in die fases van die verwerking van apartheid as jy en van die ander dienspligtiges.

“Die meeste dienspligtiges was tydens die proses nie bewus van wat hulle ervaar nie en het moontlik soos jy aanvanklik vanuit *ontkenning* gereageer deur net stil te bly. Soos jy self vroeër gesê, het jy ‘n sekere vorm van oorlogstrauma tydens die WVK ervaar. Onthou ons dienspligtiges het om verskeie redes nie na 1994 sielkundige ondersteuning gekry om die verliese wat ons ervaar het te verwerk en afsluiting te kry nie. Inteendeel ons is tydens die WVK as deel van die veiligheidsmagte deur die algemene bevolking in die beskuldigde bank geplaas. Die SANW het die sielkundige uitwerking van die WVK op veral die voormalige dienspligtiges onderskat en niks daaraan gedoen nie,” gee Hendrik vir my die perspektief wat ek nodig gehad het. Ek besef nou waarom ek na my predikant se opmerking so woedend vir hom was.

“Was ons Afrikanerkerkleiers nie soos jy besig om hulle skaamte en skuld oor hulle betrokkenheid by apartheid te verwerk en ‘n standpunt oor die WVK in te neem nie? Wat dink jy moes hulle toe aan hulle lidmate sê?” vra Hendrik. Hy trek ‘n verhandeling wat hy op die koffietafel gesit het nader.

“As jy meer wil lees oor dit waaroor ons nou net gesels het, wil ek Willem Boshoff (2011) se doktorale verhandeling aanbeveel. Die titel is: *Gemeentebou en die Begeleiding van Rouprosesse in ‘n konteks van omvattende verandering*.

“Jy het baie oor kerkleiers se gebrek aan ondersteuning aan dienspligtiges gesê, maar wat van die SAW leiers vir wie jy so baie respek het en veral die SANW? Kon hulle nie meer ondersteuning aan die dienspligtiges na 1992 gegee het nie?” vra hy. Sy vrae laat my besef ons moet by die kern uitkom van dit wat ek ervaar het.

“Ja hulle kon. Waar daar na 1987 vir die soldate wat aan oorgrens-operasies deelgeneem het berading beskikbaar was, was daar tydens die binnelandse onrus en na 1994 geen ondersteuning vir dienspligtiges nie. Ek wil jou eers vertel van die uitdagings van die integrasie van die verskillende magte in een nasionale weermag waarby ek betrokke was.

“Sedert 1993 was my werkomstandighede weens die vinnig veranderende oorgangsproses in die aanloop tot die verkiesing baie onvoorspelbaar en selfs opwindend. Ek het ‘n koerantberig gesien: ‘Generaals praat met APLA.’ Wie was hierdie generaals en waarom was ek nie bewus van hierdie verwikkelinge nie?

“Op pad na my kantoor roep ’n kollega: ”Wat dink jy doen jy vandag?” Ons vra gewoonlik hierdie vraag wanneer daar nuwe verwikkelinge is.

“Toe hy byvoeg: ‘Die brigadier soek jou!’ weet ek iets is aan die broei.

“My direkteur sê dadelik: ‘Roelf, trek siviele klere aan. Kolonel Tienie van Schalkwyk het jou nodig. Hy onderhandel met die High Command van APLA’.

“Ek gaap hom aan. ‘Toe, daar is nie tyd vir ginnegaap nie. Hulle is by ‘n gastehuis in Tierpoort hier buite Pretoria.’ Hy gee my die adres.

“Op pad probeer ek my voorberei vir my eerste direkte ontmoeting met die vyand, wat verantwoordelik was vir die gruwelikste moorde op witmense.

“Onderhandelinge is reeds aan die gang. Kolonel Tienie is enigste verteenwoordiger van die SAW. Geen generaal is in sig nie.

“Kolonel Tienie, my direkte hoof is ‘n uitstekende inligtingsoffisier en my rolmodel. Geduldig luister hy na APLA se onrealistiese voorwaardes vir integrasie en verduidelik dan die SAW se voorgestelde proses. Ek sien hoe die onrealistiese eise en arrogante toon hom omkrap.  Die onderhandelinge is aanvanklik emosioneel en gelaai met APLA se bevrydingsretoriek. As kolonel Tienie ook opgewonde raak, gee ek vir hom ‘n glas water.

“Daardie dag is ‘n deurbraak gemaak vir die integrasie van APLA. Met opvolggesprekke is die proses gefinaliseer. APLA het hulle gewapende stryd opgesê en deel van die nuwe weermag geword. Hierdie was my eerste ervaring van hoe vrede bewerkstellig kan word.

### 3.5.12 Totstandkoming van die SA Nasionale Weermag

“Volgens Neil Barnard het die eerste onderhandelinge tussen die MK bevelvoerders en die SAW bevelvoerders op 23 April 1993 onder sy leiding plaasgevind (Barnard 2017:203-204). Onderhandelinge oor die toekomstige weermag sou eers na die veelparty-onderhandeling in 1993 momentum kry. ‘n Uitvoerende Oorgangsraad (UOR) sou vir die proses van transformasie verantwoordelik wees (Griffiths 1996:475; Motumi & Hudson 1995:113).

“Die SAW sou binnekort ingrypend verander. Die nuwe Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag (SANW) het om middernag 26/27 April 1994 tot stand gekom. Al die personeel van die vorige gewapende magte wat voor middernag 26/27 April 1994 op die Gesertifiseerde Personeel Register (Certified Personnel Register) geregistreer was, het outomaties deel van die South African National Defence Force (SANDF) geword. Na aanvanklike logistieke uitdagings is die nuwe weermag eers in Augustus 1995 deur die Kabinet goedgekeur (Motumi & Hudson 1995:113).

‘Die herstrukturering van die SANW was ‘n weldeurdagte proses. Demobilisering van die deeltydse magte en voormalige lede van MK en APLA het egter nie voldoende aandag gekry nie (kyk Dzinesa 2007: 81). Integrasie van lede van die Nie-Statutêremag in die SANW was vrywillig. Versamelpunte vir MK-lede is by Wallmansthal buite Pretoria ingerig en vir APLA-lede by De Brug buite Bloemfontein. Die internasionaal gerespekteerde British Advisory Training Team (BMATT) het saam met die verteenwoordigers van die verskillende gewapende magte verseker dat die integrasie van Nie-statutêre Magte aan die regte standaarde voldoen (Motumi & Hudson 1995:118).

“Hier is feite en statistieke oor die integrasie.

Al die voormalige lede wat op die SAW-personeellys was, is outomaties geïntegreer. Die weermaglede van die voormalige TBVC-lande is op 1 September 1994 onder die operasionele bevel van die SA-leër geplaas (Motumi & Hudson 1995:117). Volgens Griffiths was die SAW-getalle voor die verkiesing ongeveer 85 000. Die aanvanklike beplanning het net vir 55 000 tot 65 000 lede in die SANW voorsiening gemaak. Na integrasie was die SANW-getal ongeveer 130 000. Dit moes na 91 000 verminder word (kyk Griffiths 1996:478).”

“So die integrasie van die staandemaglede was vir julle nie ‘n ontwrigting nie?” vra Hendrik.

“Glad nie. Ons het met ons alledaagse aktiwiteite voortgegaan. Met die Nie-statutêre Magte was dit ‘n ander storie. Die haas van demobilisasie het gelei tot gebrek aan behoorlike beplanning vir aanpassing in die siviele samelewing. Voormalige

vryheidsvegters het verskeie ekonomiese en maatskaplike probleme ervaar (kyk Griffiths 1996:478).

“Daar was nie ’n formele herintegrasieplan nie. MK-lede wat uit die buiteland teruggekeer het, is met uitdagende finansiële omstandighede en selfs openbare vyandigheid van sommige interne leiers gekonfronteer (Griffiths 1996:478). Ongeveer 30% van die MK-lede het uit SDU-lede bestaan. Hulle het eers na 1990 by die ANC aangesluit. Hulle was reeds deel van hulle gemeenskappe en moes dus nie gedemobiliseer gewees het nie (Motumi & Hudson 1995:116).

“Die ontwapening van voormalige MK-lede was ontoereikend en verskeie vuurwapens vanuit MK wapenarsenale is op misdaadtonele gevind (Dzinesa 2007: 81). Sommige vryheidsvegters was ook betrokke by kriminele aktiwiteite soos transitorooftogte, ATM-bomme, rooftogte en plaasaanvalle. Daar was ook ‘n toename in die stigting van assosiasies deur die veterane van die Nie-statutêre Magte om na hulle belange om te sien. In hulle protesoptredes het hulle toenemend meer radikale standpunte ingeneem en aangedring op grond, werk en besigheidsgeleenthede (Dzinesa 2007: 81; Heineken & Bwalya 2013:36).

“Volgens die studie van die *Centre for Conflict Resolution* in 2003 van die lewensomstandighede was 66% van die voormalige vryheidsvegters werkloos en het ‘n derde van die groep sielkundige probleme ervaar (Dzinesa 2007:81). Tsepe Motumi en Penny Nckenzie (1998) bevestig ander navorsers se bevindinge dat Suid-Afrika se demobilisering swak beplan en uitgevoer is. Daarom het dit nie aan die behoeftes van voormalige vryheidsvegters voldoen nie (Dzinesa 2007:81).

“Die indruk is geskep dat slegs ‘n handvol soldate van die bevrydingsbewegings ingesluit is in die ou SAW. Die dienste aan die res van die deeltydse magte wat in die samelewing moes aanpas, het ver te kort geskiet. Die vaardigheidsopleiding was veral onvoldoende (Cook 2006:40). Dis aangebied deur die dienskorps as sielkundige ondersteuning aan slagoffers van PTSV en ander sielkundige gevolge van die konflik.”

“Wil jy vir my sê die ANC het na die demobilisasie nie behoorlik na hulle eie veterane gekyk nie? Dit was nie net die dienspligveterane wat verwaarloos was nie?” vra Hendrik verbaas.

“Almal wat op die Gesertifiseerde Personeelregister geregistreer was en selfs burgermaglede wat opgespoor kon word, het darem die Unitas-medalje gekry. Dit was al erkenning wat die dienspligtiges ook gekry het. SDU-lede wat nie op die register geregistreer was nie, het niks gekry nie. Rasionalisasie en regstellende aksie het gevolg.

“In die volgepakte stadsaal van Voortrekkerhoogte het senior offisiere van die ou Kommandement Noord-Transvaal vir die eerste keer van die beplande rasionalisering en regstellende aksie gehoor. ‘n Amerikaanse kundige op die gebied het ons kom toespreek en probeer gerusstel dat ons nie ‘n bedreiging daarin moes sien nie. Hy het dit selfs konkreet met behulp van twee persone geïllustreer. Die voorbeeld van voorafbenadeelde persone het ‘n paar tree agter die bevoordeelde persoon gestaan. Altwee beweeg vorentoe maar die voorafbenadeelde persoon beweeg vinniger deur regstellende aksie om die ander persoon in te haal totdat hulle albei gelyke status bereik. Die boodskap was duidelik. Blanke offisiere kon nie as vanselfsprekend aanvaar dat hulle soos voorheen op ‘n sekere tyd bevordering sou kry nie. Opofferings van ons kant moes help om die onreg van die verlede reg te stel.

“Reeds in 1995 het lede van die Nie-statutêre Mag by ons afdeling aangemeld. Hulle is na ’n keuringsproses aan die inligtingskomponent toegewys. Die dinamiek van die verskillende kulturele agtergronde was nogal ‘n aanpassing. Ons almal moes gewoond raak aan die toevoeging van die ‘comrades’. My ervaring by 701 Bataljon het hier handig te pas gekom. Hoewel ek geen aanpassingskursusse gedoen het nie, was die aanpassing nie moeilik vir my nie. Van my kollegas het gesukkel het om by die nuwe uitdagings aan te pas. Ander het gevoel die oorlog is finaal verby en het ander opsies oorweeg en bedank.

“‘n Nuwe seisoen met ‘n verskeidenheid nuwe uitdagings en geleenthede het aangebreek. Nuwe loopbaanmoontlikhede in die sekuriteitsindustrie en veral in die privaat sekuriteitsmaatskappye was ‘n opsie weens die hoë vlakke van geweld en misdaad. Skeidingspakkette het moontlikhede gebied om eie besighede te vestig. Professionele soldate kon egter nie altyd die mas opkom in die ongenaakbare besigheidswêreld nie. Die mislukkings waarvan ons gehoor het, het ons gemotiveer om vas te byt.

“Wat het jy toe gedoen?” onderbreek Hendrik my.

“Ek was tevrede om in die SAW aan te bly, maar het gedroom daarvan om voltyds betrokke te wees by die bediening van gebrokenes en getraumatiseerde persone. Die draaipunt het in 1997 gekom. Ek het 40 geword en moes voorraadopname maak en my lewe in oënskou neem.”

“Ja, ek kan op jou lewensgrafiek sien daar is na 1993 ‘n stelselmatige opwaartse kurwe met ‘n duidelike hoogtepunt by 1997,” merk Hendrik op.

“Die woorde van die lied *The Anchor Holds* van *Ray Bolts* het my ervarings goed opgesom. Dit het my laat terugdink aan die afgelope vyf jaar van in my lewe. Ek was dankbaar daarvoor. Ondanks die egskeiding het goeie herinneringe my opgewonde gemaak oor die toekoms.

*I have journeyed through the long dark night, out on the open sea*

*By faith alone, sight unknown and yet his eyes were watching me*

*The anchor holds though the ship is battered*

*The anchor holds though the sails are torn*

*I have fallen on my knees as I faced the raging seas*

*The anchor holds in spite of the storm*

*I’ve had visions I’ve had dreams I’ve even held them in my hands*

*But I never knew they would slip right through*

*like they were only grains of sand*

*I have been young, but I am older now and there has been beauty*

*these eyes have seen*

*but it was in the night through the storms of my life*

*Oh that’s where God proved his love to me.*

*The Anchor holds*

*Lawrence Chewning*

### 3.5.13 My lewe kry weer rigting

Een van die hoogtepunte was my huwelik met Elize Hammond op 11 Desember 1993 en die geboorte van ons dogter Roelize op 17 Julie 1996. Ek was nie meer alleen nie. Ons het gevra vir 'n dogter. Roelize was 'n klein sterretjie wat net vreugde gebring het. Ek is in 1996 bevorder tot luitenant kolonel. Ek het goed by my nuwe verantwoordelikhede aangepas. Elize het haar egskeiding ook as traumaties ervaar. Ons het in 1995 met 'n ondersteuningsgroep vir enkelpersone begin. Dit het tot 'n omvattende bediening gegroei.

Hendrik onderbreek my: "Dit herinner my aan Victor Frankel (2006) se *Logoterapie* in sy werk *Man's search for meaning.* Jy het wel die vraag gevra: *Waarom het dit met my gebeur?* In 1993 het jy jou verantwoordelikheid opgeneem en geantwoord op die vraag: *Wat verwag die lewe van my?* Op 40 kon jy eers die *waarom* vraag beantwoord en sin en betekenis ervaar."

"As ek reg is, word logoterapie verduidelik in die boek van Frankl (1947) wat vertaal en bygewerk is deur Daniel Louw onder die naam *Waarom lewe ek: Hulde aan Hoop.* Ek sal weer daarna gaan kyk. Dankie vir die opmerking," antwoord ek.

"Onder leiding en ondersteuning van my gemeente het ons 'n ondersteuningsproses vir enkelpersone en enkelouers ontwikkel. Dit het 'n landswye bediening geword. Stelselmatig het my fokus wegbeweeg van soldaatwees. Ek kon my werklike droom, voltydse bediening, bewaarheid. Toe ek sien die algemene kultuur in die SANW verander, het ek my begin losmaak en oor 'n nuwe loopbaan besin.

'Ek was steeds gefrustreer oor die Afrikaners wat nou skielik skaam was oor hulle verlede. Hoe kon hulle nou om verskoning vra vir iets waarvoor ons ons lewens op die spel geplaas het?"

"Jy klink nou soos 'n regte Boetman. Wat dink jy van die Boetman-debat?" vra Hendrik.

"Die Boetman-debat in Mei 2000 het die opstand in my tot uitbarsting gebring.

"Die publikasie van Willem (Wimpie) de Klerk (2000) (FW de Klerk se ouer broer) se boek *Kroes, kras en kordaat* was die spreekwoordelike knuppel in die hoenderhok van die Afrikanerdiskoers oor apartheid en die betrokkenheid by die Grensoorlog. In die

boek kritiseer hy die optrede, beleid en houding van die Afrikaners. Hierdie “kritiek” van Willem de Klerk het ‘n hewig reaksie by die voormalige joernalis Chris Louw (2001) ontlok. Sy ope bief onder die titel *Boetman is die bliksem in*, was vet op die vuur.

Nadat *Beeld* die “ope brief” van Chris Louw op 5 Mei 2000 gepubliseer het, was daar ’n oorweldigende reaksie vanuit Afrikanergeledere. Peet Kruger, adjunk-redakteur van *Beeld* het tereg opgemerk dat die brief ‘n ‘Waarheids-en-Versoeningskommissie’ vir die Afrikaner kon begin (Louw 2001:23). Louw se brief het my frustrasies bewoord. Hy het die moed gehad om die bul by die horings te pak en het my gevoelens goed beskryf.

“Het jy Willem de Klerk (2000) se boek gelees?” vra Hendrik. “Hierin verwys hy ook na Elizabeth Kübler-Ross (1989) se fases van die verwerking van ‘n bestaanskrisis om te verduidelik waar die Afrikaner hom na die skok van die einde van apartheid mag bevind. Ek dink Chris Louw het Willem verkeerd verstaan.”

“Ek stem nie met jou saam nie. Die opmerking van Willem de Klerk (2000) dat *ontkenning* en *woede* die Afrikaners se vordering na aanvaarding na 10 jaar steeds vesper, is baie simplisties gestel. Veral sy volgende stelling was ‘n veralgemening en teleurstellend. Hoor hier: ‘Die kort antwoord op die Afrikaners se traagheid in skulderkenning is eerder dat arrogante en ongevoelige selfhandhawing, met rasse-ondertone, die rede vir hierdie botheid is’ (De Klerk 2000:30).

“Willem de Klerk het nie begrip gehad vir sekere van sy volksgenote nie. Pieter van der Westhuizen (2015) sê in sy doktorale verhandeling *Die Diensplig SAW Generasie en die soeke na Heling, Versoening en Sosiale Geregtigheid* dat hy (De Klerk) nie werklik die frustrasie van die Boetman-generasie verstaan nie (kyk Van der Westhuizen 2015:163-164). Party van ons het vasgehaak in die verwerking van die transformasieproses. Die gebrek aan ondersteuning van die geloofsgemeenskap was een van die redes hiervoor. Ek het my vereenselwig met Chris Louw se ope brief aan Willem De Klerk.” Ek trek Chris Louw se boek *Swanesang van die Verligtes* nader. Hendrik het nie verwag dat ek die boek sou saambring nie.

“Chris Louw (2001) se beswaar teen Willem de Klerk se boek is dat mense soos hy (wat hy die ooms) noem, apartheid en die Christelike nasionalisme aanvanklik

ondersteun het. Die Boetmanne (Louw se generasie) het dit slaafs nagevolg. Veral die Boetmanne wat met verpligte diensplig gebrandmerk is, ervaar ‘n bestaanskrisis waarvoor die ‘ooms’ geen begrip het nie (Louw 2001:7). Die ooms was nooit self in ‘n oorlog nie, maar hulle was die eerste geslag Afrikaners wat hulle kinders afgevaardig het om vir hulle te gaan sterf (Louw 2001:10). Intussen trek hierdie ooms pensioen, leef hulle in weelde, ry blink motors en bly in mooi huise (Louw 2001:10).

“Volgens Louw (2001:19) ly die groot gros van die dienspliggenerasie aan geestelike uitputting en tamheid. ‘In baie gevalle neem dit die proporsie van psigiatriese siektes soos depressie, post-traumatiese stresversteuring en ander angsversteurings aan... ’n algemene rou-aksie, ‘n verliessindroom en ‘n eksistensiële krisis.’ Hy sê dat hoewel hy ‘n sterk reaksie op sy ope brief verwag het, die opregte emosionele intensiteit van die reaksies hom onkant betrap het. Hy beskryf de reaksie: ‘In my lewe het ek nog nooit die uitstorting van soveel opgekropte emosies beleef nie -- woes en hartseer en gegriefdheid, maar ook verligting: Uiteindelik het iemand durf waag om te sê wat ons so lank al voel maar nog nie onder woorde kon bring nie’” (Louw 2001:25). Ek kyk na Hendrik en wonder of hy dalk maar net ‘n reaksie by my wou uitlok.

“Terwyl die Boetman-debat aan die gang was, het onderhandelinge met die gemeente oor voltydse bediening my aandag weggetrek van politieke verwikkeling. ‘n Aanbod vir voltydse bediening is in 2001 aan my gemaak. Nuus van die beloofde beter skeidingspakket het toe ook bekend geword. Sonder dat hy van die werksaanbod geweet het, het my bevelvoerder bevestig dat nuwe skeidingspakkette op pad was. Dit het die einde van my loopbaan in die SANW beteken.

”*From the military to the ministry*. Jy het mos al lankal daaroor gedroom, maar dink jy dit was die regte besluit?” Hierdie vraag van Hendrik roep my terug na die werklikheid.

”As ek geweet het hoe my lewe sou uitdraai, sou ek seker nie die gemaksone verlaat het nie. Soms wonder ek of dit die regte besluit was.

## 3.6 Wildernisstorie

Dit was ‘n lang gekoesterde droom om eendag in voltydse bediening in ‘n Christelike gemeente te staan. Ek was nog altyd in ‘n deeltydse hoedanigheid by ‘n gemeente betrokke waar ek my ‘bediening’ uitgeleef het. Ek het net gewag vir moontlikhede van

bediening wat ook standvastigheid bied. Ek dink hierdie aanbod is waarvoor ek gewag het.





*Figure 35 : My wilderniservaring met al die hoogte- en laagtepunte.*

“Op 1 April 2002 is my lang gekoesterde droom verwesenlik. ‘n Nuwe kollega het opgemerk: ‘Roelf ek hoop nie jy is ‘n *April fool* om op 1 April met jou nuwe loopbaan te begin nie.’ My skeidingspakket het ook voorsiening gemaak vir verdere studie op weermagkoste. Ek het ondersoek begin ingestel oor teologiese studies. Dit was my volgende droom. My verwagting van die voltydse bediening in ‘n “geestelike” omgewing was onrealisties. Hierdie geestelikes was nie “heiliges” sonder foute nie.

“Die nuwe werksomgewing was ‘n groot uitdaging. Ek was een van die oudste personeellede in ‘n dinamiese gemeente wat hoofsaaklike uit jong predikante en lidmate bestaan het. Dit was nie ‘n tradisionele gemeente nie. Die presiderende pastor was jonk en die fokus was op vernuwing en prestasie. Die aanpassing in ‘n pastorale omgewing waarvoor ek nog nie opgelei was nie en wat radikaal verskil het van die omgewing waarin ek in die SANW was, was moeilik. Ek kon nie gesag afdwing op grond van my ouderdom van gesagstrukture soos in die SANW nie. Ek moes dit verdien. Ek het egter aangepas, gedroom oor die toekoms en gevoel dat ek uiteindelik is waar ek graag wou wees.

“Die sterk dinamiese gemeente het my alles gebied waarna ek op soek was. Ek en Elize het daarby ingekoop. ‘My meetsnoere het vir my in lieflike plekke geval.’ Inderdaad! Elize het my in al my besluite ondersteun, maar die aanpassing was baie groot vir haar. Sy was veral bekommerd oor die langtermynsekuriteit wat die gemeente ons sou bied.

“Tydens ons finale onderhoud met die leierskap van die kerk het Elize pertinent die vraag oor my langtermynsekuriteit gevra. Die voorsitter is onkant betrap. Hy het geantwoord dat niemand nog ooit deur die kerk afgelê is nie. Slegs persone wat ander weivelde wou gaan soek, het uit die kerk bedank. Op grond van hierdie versekering het Elize besluit om vir ‘n halfdagpos aansoek te doen om my met die toenemende verantwoordelikhede van die enkelbediening by te staan. Maar, op 11 September 2003 is die mat onder ons voete uitgeruk en het die droom in ‘n nagmerrie verander.”

“Die lewe bly maar vol verrassings,” merk Hendrik op.

“Ons het probleme sien kom. Aan die begin van 2003 is daar gewaarsku dat die gemeente finansiële uitdagings ervaar. Ons moes daaroor bid. Op die skok van 11 September 2003 was ons glad nie voorbereid nie. Tydens die weeklikse algemene bestuursvergadering het die presiderende pastor aangekondig dat die gemeente gedwing is om drastiese stappe te doen. Die res van die dag sou hy onderhoude met personeellede in dié verband hê.

“Om 11:00 breek my onderhoud aan. Net die presiderende pastor is teenwoordig. Ons het reeds ‘n baie goeie langtermynverhouding gehad. Ek kon sien dat sy taak vir hom onaangenaam is. Hy het nie uitgesien na ons gesprek nie. Hy val sommer met die deur in die huis: ‘Soos jy reeds weet, Roelf, is ons gemeente onder groot finansiële druk. Ter wille van oorlewing moet ons van ons personeel aflê.’

### 3.6.1 Die droom word ’n nagmerrie

Ek het gedink hy verwys na ander personeellede wat afgelê sou word. Party van ons sou dalk ‘n vermindering van ons salaris hê. Sy volgende woorde was soos ‘n vuishou in die maag! ‘Roelf, ons kerk kan jou nie meer bekostig nie, daar is 28 personeellede wat vandag ingelig word dat hulle oor drie maande afgelê word. Jy is een van die vier in ons gemeente.’”

“Wat? Dit moes vir julle ‘n vreeslike skok gewees het?” roep Hendrik uit.

“Ja die nuus het my platgeslaan. Ek het geen antwoord gehad nie. Ek wou net wegkom om die implikasies van die nagmerrie te verwerk. Sy volgende woorde het die realiteit verder laat insink: ‘Jy kry nog ‘n volle salaris aan die einde van hierdie maand en daarna die helfte van jou salaris vir twee maande. Daarna is jy nie meer ‘n voltydse personeellid van die gemeente nie.’

“Ek het besef hy is maar net die boodskapper. Soos in ‘n dwaal het ek geluister na alles wat hy verder gesê het: ‘Jy word reeds van al jou verantwoordelikhede onthef sodat jy na ander moontlikhede van inkomste kan kyk. Jy moet net Vrydagoggend se personeelvergadering bywoon. Ons sal daar afskeid neem van dié wat deur die besluit geraak is.’ Ek het vir Carel Krige gebel en my lot by hom bekla. Die heel moeilikste was om vir Elize te vertel. Ek het geweet haar grootste vrees is bewaarheid.

“Op die aandnuus word die terreuraanval van 11 September 2001 op Wêreld-handelsentrum in New York herdenk. Ek maak die opmerking teenoor Elize dat ons nou ons eie 9/11-insident het. My kaartehuis het op een dag inmekaar getuimel. Teruggaan weermag toe was onmoontlik. Ek het nie enige teologiese kwalifikasies om vir ‘n pos by ‘n ander kerk aansoek te doen nie. Die onderwys was seker ‘n opsie maar ek het 15 jaar gelede al die onderwysberoep vaarwel toegeroep. Ek het die Curare Enkelbediening ontwikkel en ‘n nuwe rigting ingeslaan. Wat word dan van alles waarmee ek besig is?

In die film *Master and Commander* kon ek Russel Crowe met myself vereenselwig. In een toneel val ‘n seeman saam met ‘n gedeelte van die mas oorboord. Daarmee word die skip met al die bemanning in gevaar stel. Niemand kon hom red nie. Eindelik is die toue wat hom aan die skip verbind het, afgekap en hy is laat gaan. Ek het gevoel asof ek soos die seeman sonder enige hulp myself weer in ‘n storm bevind het waarvoor ek nie ‘n antwoord gehad het nie. Die enigste hoop was dat my Hemelse Vader saam met my in die storm was. Sy reddingsboei sou uitkoms gee.

“Ek was ‘n slagoffer van omstandighede buite my beheer. Ek was werkloos en ‘n wit Afrikaanssprekende man wat maar self moes sien kom klaar. In ‘n *closure*-gesprek het die hoof van die kerk sy spyt uitgespreek teenoor my en Elize. Hy het ons om

vergifnis gevra en sy seënwense uitgespreek. Ek moes die boek van Richard N Bolles *What color is your Parachute? A Practical Manual for Job-Hunter and Career-Changers* koop. Hy het aanbeveel dat ek die Curare Enkelbediening tot 'n bediening ontwikkel wat 'n inkomste kon gee. Hy het vir ons gebid. Soos tydens my egskeiding het ek simpatie en gebede van die kerk ontvang, maar geen emosionele ondersteuning nie. Dit was my grootste behoefte.

Elize het besef dat sy moontlik 'n tyd lank ons enigste broodwinner kon wees. Sy het gevra dat haar aansoek om 'n halfdagpos omgedraai word, maar die pos was reeds gevul. Sekuriteitsonthalwe moes sy tevrede wees met 'n minderwaardige pos en verlies aan inkomste. Ons rolle was omgedraai. Sy was die broodwinner en ek die een wat Roelize skool toe moes vat, haar vir buitemuurse aktiwiteite moes rondry en na die verantwoordelikhede by die huis moes omsien. Intussen het ek werk gesoek. Dat ons huwelik hierdie uitdagende omstandighede deurstaan het, was net genade.

In hierdie omstandighede het ek magteloos en uitgelewer gevoel. Ek het presies gedoen waarvan Willem de Klerk gesê het ons Afrikaners moet wegbeweeg. Ek het 'n selfbejammerende slagofferkompleks ontwikkel en 'n sondebok gesoek. Sommer 'n hele paar sondebokke is geïdentifiseer! Die regering met sy regstellende aksie; die 'ooms' onder die Afrikanervolk en deel van die Broederbond wat ons 'Boetmanne' misbruik en nou vergeet het. Die bevolking is mislei en het nie besef hoeveel ons opgeoffer het nie. Die kerk wat ons skuldig laat voel het met al hulle erkenning van skuld en vergifnisvraery. Hulle het ons geen geestelike en emosionele ondersteuning gebied nie. Ons moes ons eie wroeginge deurwerk.

"Gelukkig het my kennis van Elizabeth Kübler-Ross (1989) se fases van die verwerking van 'n bestaanskrisis my gehelp om hierdie persoonlike krisis te hanteer. Ek het my werkverlies makliker verwerk as die onreg wat teenoor dienspligtiges gepleeg is. Die algemene werkverlies onder Afrikanermans was 'n verdere bewys van die lot van die Afrikaner-dienspligtiges.

"Ons moes maar net leer om dit te hanteer. Stephen Covey (1989) se *The Seven Habits of Highly Effective People* het my gehelp om beheer oor my omstandighede te kry. Ek kon niks doen aan die politieke verwikkeling van transformasie nie. My frustrasies daaroor het ek probeer ignoreer. Ek het geglo dat God regverdig is. Hy sal

iets daaraan doen. Hy sal my aansien herstel en my ‘n deurbraak gee. Ek moes net wag op Hom. Hy sorg mos vir Sy kinders.

### 3.6.2 Ek doen wat my hand vind om te doen

Nadat ek Carel vertel het, vra hy: “Wat gaan jy nou doen?”

“Ek sal maar doen wat my hand vind om te doen. Elize se pensioengeld kan ‘n huis koop. Ons kan dit in huureenhede omskep vir ‘n inkomste.” Verbaas sê hy: “Ek wou juis voorstel dat julle iets in die rigting doen.”

Carel het geweet hoe ek my vorige eiendomme teen minimumkoste omskep het. Carel het bevestig dat ek op die regte pad is. Elize se pensioengeld was ‘n reddingsboei wat ons Hemelse Vader voorsien het.

”Jammer dat ek jou onderbreek, maar ek wil jou net weer herinner aan my opmerking oor *Logoterapie.* Jy het sonder dat jy besef het die vraag oor ‘*wat vra die lewe van my’* beantwoord,” sê Hendrik. Hierdie opmerking van hom het my opgewonde gemaak:

”Jy is reg. Luister na die res van my storie. Dit bevestig jou opmerking.

“Ons het die ideale huis gekoop en veranderinge aangebring voor die buitensporige stygings in huispryse van ongeveer 28% in 2004 en 26% in 2005. Die verhuringsinkomste het ons gehelp en ons kon die huis later teen 100% wins verkoop. Ons kon dus ‘n ander huis, en selfs nog ‘n huis, koop en verkoop. Dit was ‘n uitkoms vir ‘n hele paar jaar. Die les wat ek hieruit geleer het, is presies dit wat jy netnou genoem het. Soms moet ons net die vraag ‘*Wat vra die lewe van my?*’ beantwoord deur in geloof te doen wat ons kan doen in ons omstandighede. Toe ek dit gedoen het, het God my verras met sy voorsiening op ‘n manier wat ons nie verwag nie.”

“Ek het ook in geloof verder gegaan en in 2004 my droom van teologiese studies verwesenlik met die verwerwing van ‘n Meestersgraad in Toegepaste Teologie. Aangesien al my werksaansoeke steeds onsuksesvol was, het ek en Elize besluit om Elèhos Bediening te stig. Ons wou daarmee ‘n konsultasiebediening aan gemeentes tot stand bring wat ‘n inkomste kon genereer. My teleurstelling met die kerk het verder toegeneem. Ek het met ‘n verskeidenheid kerke van verskillende denominasie saamgewerk. Hulle gesindheid teenoor dit waarmee ek besig was, was teleurstellend.

Hoewel ek aanvanklik myself gesien het as net nog een van die statistieke wat deur die kerk seergemaak is, glo ek steeds dat die kerk die instrument is waardeur gebrokenes in die samelewing ondersteun kan word.

“Die uitdagende omstandighede waarin ons ons bevind het, wou maar net nie verander nie. Ek het met sekere vrae oor my geloofsoortuigings begin worstel. Hoekom het my omstandighede nie verander ondanks my geloof in ‘n deurbraak nie? Wat doen ek verkeerd? Waarom ontvang ek nie die oorvloed van seën wat sommige predikers propageer voordat hulle die tiendes en offergawes opneem nie? ‘Gee en vir jou sal gegee word,’ werk nie vir my nie. Ek was al moeg vir skimpe van vriende en familie dat ek iets verkeerd gedoen het. Ek het groter begrip vir Job gekry en vir die eerste keer gedeeltes in die Bybel raakgesien wat ek nooit voorheen verstaan het nie. Ek het verontwaardig uit ‘n kerkdiens gestap nadat die predikant vertel het van hoe goed die Here vir hom is. Hy het ons probeer motiveer om net soos hy op die Here te vertrou.

“Die predikant se finansiële omstandighede was aan my goed bekend. Dit het besonder goed met hom gegaan. Hy het verskeie eiendomme besit. Elke keer wanneer sy pa ‘n nuwe subsidie-voertuig kry, het die vorige een na hom gekom. Hy het vertel hoe swaar dit met hom in sy vorige gemeente gegaan het. Sy omstandighede het verander toe hulle na Pretoria getrek het. Sy vrou het gesê hulle moet maar bid vir ‘n groot huis want hulle sou groot groepe mense moes onthaal as deel van hulle bediening.

“Die predikantsvrou se eerste vraag oor ‘n huis in Waterkloof-rif was: ‘Is hy groot genoeg?’ Die huis het presies in hulle behoefte voorsien. Die wonderlikste verrassing was egter toe ‘n broer in sy gemeente hulle inlig dat die Here dit op sy hart gelê het om die huis te betaal. Op daardie stadium was ek al moedeloos gebid vir net ‘n behoorlike werk met ‘n behoorlike inkomste.”

Hendrik maak weer aantekeninge.

“Vir die eerste keer het ek gevoel dat ek nie een van die Hemelse Vader se witbroodjies is nie. Hierdie soort boodskappe het by my ‘n verwagting geskep dat ek

maar net moet aanhou. Die Here sou wel ‘n deurbraak gee. Toe dit nie gebeur nie, was ek in ‘n geloofskrisis.

Sonder dat ek daarvan bewus was, het my beeld van God verander. Nadat ek ingeskryf het vir ‘n meestersgraad in trauma het my blootstelling aan pastorale sorg gehelp om my eie emosionele seer en ontnugtering meer effektief te verwerk. Ek het ook ‘n meer realistiese perspektief oor lyding as deel van die Christelike lewe gekry.”

Hendrik maak aanhoudend aantekeninge. “Jy sê jou beeld van God het verander? Ek sal later meer daaroor wil gesels. Vertel my meer van jou studies en die invloed wat dit op jou gehad het.”

“Die negatiewe kant van my studies was dat my navorsing oor oorlogstrauma my siening van die onreg teen dienspligtiges van die SAW verder versterk het. Ons dienspligtiges het dieselfde tipe trauma as die VSA se Viëtnam-veterane ervaar. Dit het my slagoffermentaliteit versterk en my bitterheid laat toeneem.”

Ek tel die boek van die psigiater Judith Herman (1997) *Trauma and Recovery* op. Ek is bly dat ek darem ook weer na ‘n boek kan verwys.

“Volgens Herman het Viëtnam-veterane aan die einde van die oorlog ‘n traumatiese ervaring gehad. Na hulle terugkeer het hulle nie erkenning gekry vir hul opofferings nie, maar is vasgevang in ‘n politieke konflik wat voor die einde van die oorlog opgelos moes gewees het. Hulle was vir ‘n tweede keer getraumatiseer deur politieke kritiek oor hulle betrokkenheid by die oorlog wat hule boonop verloor het (Hermann 1997:71).

“Ek het besef ons dienspligtiges het dieselfde tipe trauma na 1994 ervaar en het ‘n beter begrip van my eie ervaringe gekry. Ek wou ‘n boek skryf om dienspligtiges in te lig dat hulle ervarings nie uniek was nie. Ek wou die ervarings wat my gehelp het om te oorwin met hulle te deel. So ‘n boek sou vir dienspligtiges van waarde kon wees. ‘n Toonaangewende uitgewersmaatskappy het my egter afgeraai om die boek te skryf. Die opmerking was dat Afrikaners nie oor die Grensoorlog wil praat nie. So ‘n boek sou nie gewilde leesstof wees nie. Ek dink die boek sou dalk vol van my bitterheid en frustrasie gewees het en sou nie die perspektief en hoop bring wat ek eintlik wou oordra nie.

Intussen het *Die Afrikaners: ‘n Biografie* van Herman Giliomee (2004) my perspektiewe oor die oorgangstyd bevestig. Veral betekenisvol was die gedeelte oor die Nuwe Suid-Afrika en wat dit in Afrikaner-geledere veroorsaak het. Ek kon die foute sien wat ons voorvaders gemaak het. Ek was skaam oor wat die Afrikaners tydens apartheid aan swartmense gedoen het.”

“Was daar ook ander insidente tydens jou studies wat jou perspektiewe verander het?” vra Hendrik.

### 3.6.3 My genesingsproses begin

“Ja. Veral twee insidente het my afsluitingsproses ‘n hupstoot gegee. Blootstelling aan swart mense en kontak met mede-veterane. Professor Maake Masango, ‘n voormalige ANC aktivis, was een van my dosente. Deur hom is ek behoorlik gekonfronteer met my bitterheid teen die bevrydingsteoloë en die versoeningsproses. Ek moes daarvan ontslae raak.

“Aanvanklik het ek met weerstand en vooroordeel na sy lesings geluister. Eendag vertel hy ons hoe ‘n wit vrou in Amerika hom gehelp het om van sy bitterheid teenoor die witmense in Suid-Afrika ontslae te raak. Sy lewensverhaal, ingesteldheid en gesindheid teenoor my het my gedwing om die skanse wat ek opgebou het af te breek. My tweede besoek aan die Alexandra-woongebied sou die skanse verder afbreek en ‘n bydrae tot my genesingsproses lewer.

“Professor Masango was ‘n pastor van ‘n Presbiteriaanse gemeente in Alexandra. Hy het ons genooi om een van sy studiewerksessies by te woon. Ek het dit met weerstand gedoen. Tydens my *Vormingskursus* in 1989 is ons daar ontplooi wat ‘n baie negatiewe ervaring. Net twee wit studente het die werksessie bygewoon. Ek en ‘n damestudent moes spesiale reëlings tref vir hierdie besoek. Dit was ‘n gebied waar ons baie onseker en onveilig gevoel het. Sy het haar luukse Mercedes Benz aangebied. Ek moes die pad beduie. ‘n Gemeentelid het ons by ‘n vulstasie voor die ingang na die woongebied ingewag en na die kerk toe begelei. Dit het ons veiliger laat voel. Dié besoek was heel anders as my vorige waar ons swaarbewapen met ‘n mynbestande *buffel*-weermagvoertuig die woongebied in die nag inbeweeg het.

“Die besoek aan professor Masango se gemeente in Alexandra was ‘n besondere geleentheid van afstuiting en versoening. Hoewel die gemeente in die meer gegoede gedeelte van Alexandra geleë is, was dit steeds omring deur plakkershutte. Die gemeente het nie net fisies uitgestaan as ‘n sentrum van hoop nie, maar was ook betrokke by verskeie opheffingswerke in die onmiddellike omgewing van die kerk. Professor Masango het ons van die geskiedenis van die gemeente vertel en op ‘n toer deur die gemeente geneem.

“By die kleuterskool het hy die kinders gevra om die volkslied te sing. Nkosi Sikelel’ i Afrika het ons verwag, maar toe hulle ook die derde Afrikaanse vers: ‘uit die blou van onse hemel’ sing, het ek ‘n knop in my keel gekry. By rugbywedstryde het ek gehoor hoe baie Afrikaners eers by die derde vers in Afrikaans begin. Alexandra was nie meer die woongebied wat hy in 1989 was nie. ‘n Atmosfeer van vrede in die gebied het ‘n gevoel van afsluiting van die verlede gebring.

Op pad huis toe het ons ‘n humoristies, selfs ironiese, ervaring gehad. Ons is verseker dat ons sonder enige begeleiding uit die woongebied kon ry. Die padaanwysings was duidelik. Ek het langs die dame wat bestuur het, gesit. Agter in die voertuig was twee swartmans, een van ons medestudente en ‘n Amerikaanse besoeker, wat gevra het om saam te ry. Voor ons uit Alexandra in die hoofstraat moes indraai, het twee witmans stadig langs ons gery. Hulle het met handgebare gevra of alles pluis is. Ons het aangedui dat hulle nie bekommerd moet wees nie. Nogtans het hulle ons tot op die hoofpad vergesel. Daar het hulle gewys ons moet aftrek.

Dit was ‘n polisievoertuig. Die twee wit speurders wat Alexandra goed geken het, het glad nie witmense met ‘n luukse voertuig in Alexandra verwag nie. Hulle het ‘n motorkaping vermoed omdat twee swartmans agter gesit het.

Die speurders het ons aangeraai om so vinnig moontlik uit Alexandra te kom. Dit was steeds die woongebied waar gekaapte motorvoertuie gestroop en vir spaardele verkoop word. Die spesifieke Mercedes Benz was ‘n gewilde voertuig vir die sindikate. Dit neem glo net twee ure om hom onherkenbaar te stroop. Skielik het ons weer onveilig gevoel. Ons nuwe vyand was die toenemende misdaad in die land.

Die swart Amerikaner het die petalje doodstil dopgehou. Die ander swart man het begin giggel. Dié manne het hom ‘n idee gegee. Hy moet nou beheer oor die voertuig oorneem ons aflaai en ‘n sindikaat soek waarmee hy ‘n besigheidstransaksie kan beklink! Die Amerikaner sê hoe anders dit in Suid-Afrika as in Amerika is. In Amerika voel swartmense bedreig as hulle in ‘n wit woongebied ry omdat hulle soms afgetrek en gevra word wat hulle daar soek.

Terwyl ons daarna deur die netjiese wit woongebiede ry, besef ek watter positiewe verandering daar wel na 1994 was, maar voel ek hartseer dat ons woongebiede en gemeenskappe steeds so gepolariseerd is.

Die navorsing oor trauma waarby ek betrokke geraak het, het ‘n groot bydrae gelewer tot ‘n beter verstaan van wat ek tydens my betrokkenheid in die SAW en later SANW ervaar het. Ek het besef dat ek nie tydens my diensplig soos lede van 61 Meg Bataljon blootgestel was aan direkte gevegte wat PTSV kon veroorsaak het nie. Hoewel ek in die operasionele gebied was het ek die trauma waaraan ek toe blootgestel was baie makliker verwerk as die trauma wat ek sedert 1990 ervaar het.

Die trauma wat ek tydens die oorgangstydperk ervaar het, was volgens Dalène Rogers (2002:8) geestelike trauma. Dit het ‘n negatiewe effek op my spiritualiteit gehad. Sy lig die uitwerking van geestelike trauma op die algemene welsyn van ’n individu soos volg uit merk ek op terwyl ek die punte van my dokument aflees:

- Verlies aan selfwaarde, gevoelens van ongeliefdheid.
- Skaamte.
- Verwarring.
- Magteloosheid; hulpeloosheid.
- Selftwyfel; selfkritiek en oordeel.
- Depressie.
- ‘n Gewaarwording (besef van balans af wees).
- Negatiwiteit. Niks voel reg nie.
- Probleme met die stel van grense. Die stel daarvan en respektering daarvan.
- Selfgerigte woede.
- Gebrek aan betekenis en doel in die lewe; gevoel van leegheid.

- Verlies van intimiteit; verbreking van verhoudings met ander en op geestelike vlak.
- Lyding sonder betekenis.
- Afname in die vermoë om plesier en liefde te ervaar."

"Dit is ‘n baie insiggewende opmerking Roelf. Ek het nie besef jy het so baie trauma-opleiding en -ervaring nie. Nou leer ek weer by jou. Ek het nie baie traumanavorsing gedoen nie. Vertel my meer," merk Hendrik op.

"My gevolgtrekking is dat my ervarings na die oorgangstydperk verskillende aspekte van trauma insluit. Ek het verskeie traumaberadingsmodelle ondersoek wat op die ondersteuning van veterane en PTSV van toepassing is. Die model waarmee ek die gemaklikste is vir PTSV-hantering is *Trauma Incident Reduction* (TIR) wat deur Frank Gerbode (1986) ontwikkel is en wat ‘n permanente resolusie van trauma, ‘n *anamnesis,* vereis (kyk Volkman 2005:1-6).

"Genoeg oor trauma, laat ek jou liewer vertel van die boeke oor die Grensoorlog. Ek het die toenemende verskeidenheid boeke sedert 2000 dopgehou want ek het geweet om ons stories te vertel en daaroor te skryf is deel van ons genesingsproses" sê ek terwyl ek van die boeke uit my rugsak wat ek saamgebring het haal. Sommige boeke oor die Grensoorlog het groot waarde vir my.

Aanvanklik was dit boeke oor die ervaringe van militêre leiers soos Hilton Hamann (2001) se *Days of the Generals, The untold stories of South Africa's apartheid-era military generals*, kolonel Jan Breytenbach (2002) se *The Buffalo Soldiers,* generaal Magnus Malan (2006) se *My lewe saam met die SA Weermag,* en generaal Jannie Geldenhuys (2008) se *At the Front, A General's Account of South Africa' Border War* wat my aandag getrek het. Kenmerkend van hierdie literatuur was dat dit hoofsaaklik deur militêre leiers of kundiges geskryf is (kyk Edlmann 2015:166-167).

In 2005 het ‘n nuwe genre in die literatuur oor die Grensoorlog verskyn van stories wat deur deelnemers aan die oorlog en selfs gewone troepe geskryf is. Voorbeelde van hierdie boeke is dié van Clive Holt (2005), *At They Call we did not falter,* Louis Bothma (2006) *Die Buffel Struikel, ‘n Storie van 32 Bataljon en sy mense en* Nico van der Walt (2007) se *Bos Toe: 'n Storie oor die laaste fase van die Grensoorlog* soos beleef deur

‘n junior offisier van 32-Bataljon. Tydens my studies het ek toenemend bewus geword van die terapeutiese waarde van die vertel van stories en ek was opgewonde oor die nuwe tendens wat ontwikkel het.

Ek maak die opmerking: ”Eers 10 jaar na die einde van diensplig het die literatuur oor die ervaringe van dienspligtiges behoorlik toegeneem. Die werke van Barry Fowler (1995) *Pro Patria* en Anthony Feinstein (1996), *In Conflict* het nie soveel aandag getrek soos die omstrede novel van Mark Behr (1996) *Die reuk van appels* nie. Die Engelse weergawe van Behr se novelle het in 2001 verskyn. Dit handel oor die lewe van ‘n jong seun in ‘n Afrikanergesin tydens apartheid in die sewentigerjare.

“Clive Holt (2005) se boek *At Thy Call We Did Not Falter* was deel van die nuwe genre en het ‘n waardevolle bydrae gelewer tot my verstaan van die ervaringe van dienspligtiges om verskeie redes. Clive (2005) het sy ‘morele wroeging’ duidelik beskryf oor hoe dienspligtiges deur die destydse regering en die SAW in die oorlog aangewend is, sonder om hulle gewetes in ag te neem (kyk Holt 2005: 11-18; Edlmann 2015:175). Sy beskrywing het die konsep van *morele besering* (moral injury) onder my aandag gebring. Ek het dit self ook ervaar en ek wil meer navorsing daaroor doen.

Toe ek praat van die konsep van *morele besering* maak Hendrik dadelik ‘n aantekening en ‘n opmerking.

“Jy behoort definitief dié navorsing te doen. Ek het jou al ‘n paar keer die opmerking hoor maak dat jy skaam gevoel het oor sekere optredes van die veiligheidsmagte. Dankie vir die verwysing na al die boeke. Dit het my ‘n goeie perspektief gegee. Is daar nog enige ander boek of gebeurtenis wat vir jou uitgestaan het?”

“Ja, die ‘De La Rey-fenomeen’ vroeg in 2007 toe Bok van Blerk ‘n beroering in Afrikanergeledere veroorsaak het met sy liedjie ‘*De la Rey’.* Die verkope van minstens 200 000 kompakskywe van die lied in Mei 2007 was ‘n bewys daarvan dat die lied die hartsnare van die Afrikaners diep geraak het. Sy konserte was stampvol geesdriftige aanhangers en was ‘n jaar vooruit vol bespreek. Sy entoesiastiese skare het die hele spektrum Afrikaners van die jeug tot oumense ingesluit en daar was selfs belangstelling vanuit Amerika, Kanada, Nederland en Nieu-Zeeland.” (kyk Grundlingh 2007:149).

“Waarom is dit vir jou noemenswaardig?” vra Hendrik.

“Hierdie artikel van die historikus Albert Grundlingh (2007) waarin hy poog om die rasionaal van die lied, asook die breër betekenis daarvan te peil, som dit vir my op,” brei ek uit terwyl ek die artikel vir hom gee.

“In sy samevatting maak hy die opmerking dat die diskoers wat die lied in Afrikanergeledere veroorsaak het om ‘n kulturele uitdrukking en herontdekking van identiteit gaan. In ‘n sekere sin weerspieël die lied die tevergeefse besef dat mag vir goed afgestaan is; derhalwe die bykans klaaglike (*plaintive*) beroep op ‘n vergange leier wie se tyd insgelyks lankal verby is (Grundlingh 2007:166). Die hele fenomeen rondom die lied het my op daardie stadium laat besef in watter patetiese toestand die Afrikanernasie is, hoe ons sukkel om vrede te maak met die verlede en smag na ‘n leier. Miskien was dit ook ‘n nostalgiese versuging van my hart.

In 2007 was ons Afrikaners leierloos en meer verdeeld as ooit tevore. Al wat ons kon verenig was ‘n lied soos hierdie dink ek terwyl Hendrik vinnig na die artikel kyk.

### 3.6.4 Op moedverlore se vlakte

“Die tydperk 2007 tot 2009 was jare waar ek ook godverlate en op moedverlore vlakte gevoel het,” merk ek op.

“Ja jou lewensgrafiek wys dit ook. Vertel my daarvan.”

“Nadat ek my studies in 2007 voltooi het, het ek besluit om te fokus daarop om Elèhos Bediening verder uit te brei vir ‘n inkomste. Die eiendomsmark het platgeval en ek kon niks anders doen nie. Ek het dit ook as ‘n geleentheid gesien om alles wat ek oor trauma geleer het in die praktyk toe te pas. My pogings het ongelukkig nie die gewensde uitwerking gehad nie. Onbewustelik het ek by verskeie uitreikaksies in die gemeenskap betrokke geraak wat my tyd in beslag geneem het, maar nie vir my ‘n inkomste gebied het nie. In hierdie aktiwiteite het ek egter die erkenning gekry waarna ek gesmag het en wat my weer waardig laat voel het. Ek het gesukkel om daarvoor nee te sê. Ek was op die ou end besig met talle aktiwiteite wat my nie van ‘n inkomste voorsien het nie.

“Die slagoffermentaliteit, onrealistiese verwagting en selfs bitterheid weens die onreg wat my aangedoen was, was dieper gesetel as wat ek besef het. Ek het ook nie besef watter skewe beeld ek van God se voorsiening gehad het nie. In my agterkop was daar steeds die geloof dat God so regverdig is dat Hy definitief op een of ander tyd ‘n regstelling sou maak. Soos ek in so baie van die prediking gehoor het, het ek geglo dat Hy so goeie God is dat Hy my selfs meer sou teruggee as wat ek verloor het.

“Toe daar na twee jaar nog geen deurbraak nie, het ek ‘n verdere geloofskrisis ervaar. Ek het veral gewroeg met die skrifgedeelte in Jesaja 50:10-11. *Wie van julle dien die Here en luister na sy dienaar? Wie in die donker loop en geen lig sien nie, moet op die Here vertrou, moet op sy God steun. Maar julle wat vure aansteek wat brandpyle gereed maak, julle sal in julle eie vuur brand, deur julle eie brandpyle sal julle doodbrand.* Aanvanklik het ek gedink dat ek nie my eie planne moes maak nie, net op God moes vertrou en vir Hom moes wag. As ek iets uit my eie uit sou doen, is dit ‘n bewys dat ek Hom nie vertrou nie. Toe niks gebeur nie, het ek begin dink dat ek iets verkeerd gedoen het en nie genoeg op God vertrou het nie. Later het ek nie meer geweet wat om te dink of te doen nie en het godverlate begin voel.

“Ek het die naïewe standpunt gehad dat as ek vir die Here werk en my bediening nie genoeg inkomste inbring om ons lewenskostes te dek nie, die Here op ‘n bonatuurlike wyse sou voorsien. Hy kan mos sien wat my behoeftes is en as ek eers Sy koninkryk soek sal die ander dinge bygevoeg word. Die bonatuurlike deurbraak waarop ek vertrou het, het toe nie gebeur het nie.

“Ek het met vrae geworstel soos: Het ek reg na God se stem geluister? Het ek genoeg op Hom vertrou en op Hom gesteun terwyl ek in die duisternis geloop het? Hoe kon Hy my verkwalik as ek my eie planne maak as ek nie Sy stem hoor nie? As Hy nie meer saam met my is nie, waarom nie? Met wie praat ek as God my nie antwoord nie? Hoe kan ek ander mense bedien en moed inpraat terwyl ekself twyfel in God se goedheid? Onbewustelik het ek ‘n depressie ervaar terwyl my beeld van God as my Hemelse Vader vervaag het. Ek het ‘n negatiewe beeld van God ontwikkel. Dit het vir my gevoel asof Hy van ‘n afstand af na my gekyk en sy kop geskud oor my mislukkings.

Hendrik het aandag geluister totdat ek praat van ‘n negatiewe beeld van God.

“Onthou jy ek het gesê dat ek later met jou hieroor wil praat? Het jy nooit blootstelling gehad aan die konsepte of beelde wat ons soms van God ontwikkel nie?”

“Ek het in Daniel Louw (2005) se boek *Ratwerk van die menslike siel* gelees van Godsvoorstellings of wat hy metafore vir God noem,” antwoord ek.

“Ek wil nie nou in die besonderhede van al die godsvoorstellings ingaan nie want ek kan sien jy weet waarvan ek praat. As ek jou reg verstaan uit wat jy vir my in jou verledestorie vertel het, was jou aanvanklike Godsvoorstelling dié van ‘n persoonlike vriend. Jy praat ook gereeld van jou wonderlike Hemelse Vader. Het jy steeds hierdie voorstellings van God gehad na wat met jou gebeur het? Antwoord my asseblief so eerlik moontlik.” Hendrik kyk my stip aan.

Sy vraag tref my soos ‘n skoot tussen die oë. Ek het nie meer daardie Godsvoorstelling waarvan hy praat nie! Ek het dit ontwikkel van Bettie Midler se liedjie *From a distance*. Miskien glo ek onbewustelik *God is watching from a distance* en rig my lewe daarvolgens in. Die besef van die implikasies van hierdie negatiewe Godsvoorstelling op my lewe was skokkend. Onbewustelik het ek ‘n passiewe aggressie teenoor God ontwikkel. Ek het nie teenoor Hom gerebelleer nie maar net nie meer tyd in meditasie en gebed met Hom gedeel nie. Hy stel in elk geval nie in my belang of hoor nie my gebed nie. Waarom sou ek tyd aan Hom bestee? Skynheiligheid en dubbelhartigheid het deel van my lewe geword. Hierdie besef deel ek nie met Hendrik nie.

“Nee Hendrik, ek was nog besig om ander mense te motiveer en te ondersteun, maar in my hart het bitterheid teenoor God gegroei. Ek was steeds by ‘n omgeegroep betrokke en het kerkdienste bygewoon, maar in my hart was die vlammetjie van liefde vir God besig om dood te gaan.”

“Wat ek nie verstaan nie, is die skielike draaipunt op jou lewensgrafiek kort na hierdie laagtepunt. Ek sal graag meer daarvan wil hoor. Gaan dink daaroor en vertel my alles daarvan tydens ons volgende sessie. Vandag was reeds ‘n lang en intense sessie. Voel jy darem beter noudat jy van die gif in jou hart ontslae geraak het?”

“Ja Hendrik vir die eerste keer het ek dit behoorlik verwoord en dankie vir jou oor en geduld.”

“Jy is ook mos ‘n Blou Bul-ondersteuner. Ek hoop hulle draaipunt het ook gekom. Die wedstryd teen die Stormers was beter as wat ek verwag het. Ons hou maar styf duimvas vir die uitdaging Saterdag teen die Crusaders.” Hendrik verander die onderwerp terwyl ek my sambreel vat en hom groet. Die reënbui is welkom.

Wonder bo wonder is die verkeer nie erg deur die reën ontwrig nie. Ek is vinniger by die huis as wat ek verwag het. Elize is nog nie tuis nie. Ek skink ‘n koppie koffie en gaan sit op ons veranda om die reënbui te geniet. Onwillekeurig dink ek aan die draaipunt wat Hendrik uitgelig het. Een van die belangrikste steunpilare in daardie tyd was die manne-omgeegroep waarby ek betrokke was.

Elke Dinsdagoggend om 05:00 uur het ek met moeite opgestaan om die omgeegroep by te woon. Daar het ons gesels oor ons uitdagings, vir mekaar gebid en Bybelstudie gedoen. Die heerlike mini-ontbyt van Koos se vrou het gehelp dat ek die byeenkoms gereeld bygewoon het.

Een oggend met my aankoms sien ek Koos is opgewonde. Tydens die ontbyt vra hy: “Manne is julle lus vir kamp?’

Hy het dadelik my aandag want ek is ‘n kamper in murg en been.

“Waar, wanneer en hoeveel kos dit” vra Piet realisties.

“Op oom Angus Buchan se plaas Shalom Farm naby Greytown. Dis van 18 tot 20 April 2008 en dis gratis.” Koos klink geïrriteerd. “Die tema is *Dying to Live* en daar is ‘n webwerf waarop almal kan registreer.”

Stephan sit voor hom en kyk: ”Klink vir my soos ‘n weermagkamp en ek het genoeg gehad daarvan. Hoe lyk die geriewe?“

“Daar is niks. Staanplekke word uitgemerk en tydelike stort- en toiletfasiliteite word opgerig,” gaan Koos voort.

“Jy is reg, Stephan, dit gaan ‘n weermagstylkamp wees en geen *sissies* word toegelaat nie,” merk ek op.

“Ja, wat van die vrouens en kinders?” vra Piet.

“Nee dit is ‘n *Mighty Men Conference* en daar gaan geen vrouens wees nie. Die gesinne kan op die Sondagoggend aansluit.”

“Jy kan jou seun saamvat,” stel Koos kom gerus. “Ons moet ons eie kos voorsien. Ek vat my kampwaentjie waarin ons kos kan maak. Hoeveel tente het julle en wie slaap waar? As julle nog vrae het, hier is die webwerfadres gaan lees die besonderhede en julle kan sommer daar registreer.“

So gebeur dit toe dat ons groep manne reeds die Vrydagmiddag ons kamp opslaan. Wat ‘n belewenis was dit nie saam met 60 000 ander manne nie? Ons het gekuier, stories vertel, saam gesing, na oom Angus se boodskap geluister, *amen* geskreeu, saam *bunny chow* geëet en vir mekaar gebid. Die naweek was vir my ‘n besonder geleentheid waar ek soms op my knieë daar op die gras in trane my hart voor my Hemelse Vader uitgestort het. Dit het my gehelp om uit my eie slagoffermentaliteit te kom.

Veral die lied van Juanita du Plessis *Lig jou hande* na bo was amper soos ‘n temalied. Ek onthou nog hoe ek met oorgawe die lied gesing het in my onsekerheid oor al die politieke onderstrome en uitdagings wat ek in ons land ervaar. Die lied was ‘n antwoord op die versugting na ‘n leier wat ek tydens die De la Rey-fenomeen ervaar het. Die eerste gedeelte was ‘n uitroep uit my hart: *”Wie regeer? Wie is in beheer? Wie’s die Begin en die Einde, die Een wat is, wat was en wat kom?* Die volgende gedeelte *”My hart wil sing, alle ere wil ek bring. Hy’s die Weg en die Waarheid, daar’s niemand soos Hy.”* Ek het dit aanvanklik met huiwering gesing want ek het dit nie regtig meer geglo nie. Nadat ek die Saterdagaand op my knieë in die stof in gebed vrede met my “Hemelse Vader” en ”Persoonlike Vriend” gemaak het, was my Godsvoorstellings besig om herstel.

Die gedeelte “In ‘n donker wêreld vra almal wie sal die volk kom lei? Dis die Ruiter op die witperd, Hy kom, Hy kom vir jou en my, het ek as ‘n versugting gesing. Die koor vers: ”Lig jou hande na bo (sing halleluja) gee ere aan Hom (halleluja) Ons koning kom, loof Sy heilige naam Lig jou hande na bo (sing halleluja) vertrou op Hom (halleluja) ons Koning kom” het ek in toewyding gesing. Ondanks al die kritiek wat ek oor hierdie geleentheid en oor Angus Buchan gehoor het, moet ek sê dat die naweek vir my persoonlik ‘n draaipunt was. Ek het baie manne ontmoet wat op daardie naweek

en die naweke daarna radikaal tot bekering gekom het. Van hulle lewens getuig vandag nog van ‘n drastiese verandering en toewyding aan hulle gesinne.

Elize se geroep toe sy by die huis ingekom ruk my weer terug na die hede. Opgewonde groet ek haar en vertel van my sessie met Hendrik.

“Wanneer het julle weer ‘n afspraak?” vra sy.

“Ek hoop om hom weer op 24 April te sien. Ek sal by Erika hoor.”

### 3.6.5 Vrede begin by jouself

Op 24 April op pad na Hendrik se spreekkamer onthou ek van die draaipunt by die *Mighty Men Conference.* In die voertuig op pad terug het ek my dienspligstorie en ervarings tydens die oorgangstydperk in die SAW vir die manne vertel.

“Roelf, dankie dat jy jou storie met ons gedeel het. Dit het baie vir my beteken. Moet dit nie vir jouself hou nie, hou aan om jou storie te vertel, miskien is die tyd nou ryp om jou boek daaroor te skryf,” sê Piet.

Dit was ook ‘n draaipunt. Die saadjie is geplant om my eie storieskryfproses aan die gang te kry. Dit sou ‘n groot bydrae maak tot my afsluiting en genesing.

By Hendrik se huis blaf die spanjoel nie meer vir my nie, maar is ook nie oorvriendelik nie. Hendrik kom aangestap. Ek sien vandag is sy tuinwerkdag.

“Môre,” groet hy. “Kom in. Die draaipunt het gekom. Van hier af is dit net afdraande,” val hy met die deur in die huis.

“Ja nee, ons vorige sessie het vir my ‘n nuwe perspektief gebring. Ek is nogal opgewonde daaroor.”

“Sedert ons mekaar gesien het, het ek aan die draaipunt gedink. Die *Mighty Men Conference* op Angus Buchan se plaas het die groot deurbraak gebring het. Verlede week se gesprek het my laat besef watter negatiewe invloed my verdraaide Godsvoorstellings op my lewe gehad het. Sonder dat ek bewustelik daaraan gewerk het, is dit tydens daardie *Mighty Men Conference* weer herstel”

“So, jou Godsvoorstellinge is na die konferensie weer heeltemal herstel? Het dit bygedra tot jou draaipunt?” vra hy.

“Nee, nie heeltemal nie. Na die laagtepunt moet ek steeds hard aan my Godsvoorstellings werk.”

“Roelf, ek is bly dit het gebeur, want ek kan die invloed daarvan op jou lewensgrafiek sien. Is daar enigiets anders wat jy my van *Mighty Men Conference* wil vertel?” vra Hendrik

“Nee, die geestelike verkwikking wat ek tydens die konferensie ervaar het, het nie die groot deurbraak gebring waarop ek gewag het nie. Dit het nie my werksomstandighede verander en tot finansiële verligting gelei nie.

“In desperaatheid het ek twee predikante vir wie ek nog respek gehad het afsonderlik om raad gevra. Hulle was albei van mening dat my verstaan van die skrifgedeelte Jesaja 50:10-11 nie heeltemal korrek was nie. Ek kon nie aanhou om net op my Hemelse Vader vir ‘n deurbraak en wonderwerk te wag nie. Indien my bediening nie sterk genoeg was om my lewenskostes te dek nie, moes ek iewers ‘n tydelike werk kry. Hulle het my gewaarsku dat ek finansieel op die afdraande pad is. Ek moes self iets doen aan my omstandighede.


“Ek wou dit nie hoor nie. Ek het nie kans daarvoor gesien om weer hoed in die hand werk te soek nie. Dit was September 2009. Ek het geweet daar kom drie lang dooie maande aan. Kursusinkomste was in dié tyd gewoonlik skraal. ‘n Vriend in ons omgeegroep het my ‘n tydelike kontrakpos as projekbestuurder vir die bou van staalhekke by die Loftus Versveld-rugbystadion aangebied. Dit was die aanloop tot die 2010 Rugby-wêreldbeker. Dit het vir drie maande uitkoms gebied. Die harde, fisiese konstruksiewerk het my gehelp om uit my depressie te kom. ‘n Ander vriend het reeds vroeër in die jaar met my gesels oor my betrokkenheid by die *Insitute of Theological Training (ITT).* In Januarie 2010 het hy aan my ‘n aanbod gemaak wat vir my ‘n meer permanente uitkoms gebied het.

“Bravo!” roep Hendrik. “Ek kan nie glo wat ek hoor nie en wens dit wil meer in my beradingsessies gebeur. Jy het uit jou eie jou verantwoordelikheid geneem om uit jou isolasie te kom. Wat het tot hierdie insig gelei?” vra hy.

“Ek weet regtig nie. Ons vriend Marnus, wat my na jou toe verwys het, het my laat besef wat met my gebeur het. Hy het op ‘n baie praktiese wyse die posisieskuiwe van Daniel Louw (2005,2011) en die invloed daarvan op ons lewens geïllustreer.

“Dit is interessant dat ‘n mens soms eers die effek van ‘n konsep verstaan wanneer iemand dit prakties illustreer. Ek was reeds bewus van hierdie model van Daniel Louw (2005,2011) wat hy in sy boek *Netwerke van die lewe* beskryf maar tydens Marnus se aanbieding het ek besef waar ek my bevind en watter aanpassings ek reeds gemaak het.” Ek wys die diagram in Daniel Louw se boek *Ratwerk van die menslike siel* vir hom.

“Wag laat ek probeer om dit uit te lê,” stel Hendrik voor. “Jy het van C (slagoffer) na A (akkomodasie) en van daaraf na B (waardering) beweeg. Jou afsluitingsproses het dus begin die oomblik toe jy hierdie posissieskuif maak. Is ek reg?”




*Figuur 36: Patrone van posisieskuiwe, die terapeutiese en helende moment binne die dinamiese netwerk van pole en posisies (Louw 2015:37).*

“Presies! Sedertdien benut ek Daniel Louw (2005,2011) se patrone van die dinamiese netwerk van pole in my berading om die posisieskuiwe wat iemand moet maak te verduidelik.”

“Alles het nie voor die wind gegaan nie. Ek het ek nog nie vrede met die politieke omstandighede gemaak nie en die Boetman-debatte het na die tragiese selfdood van

Chris Louw op 1 Desember 2009 weer opgevlam. Dit het my finaal laat besluit om soos Boetman ook my eie storie te vertel. Ek was teleurgesteld omdat my gesin nie regtig daarna wou luister nie. Die sosiale media was vir my ’n uitkoms in my soeke na ‘n hoorder. Ek my tot die Internet en Facebook gewend. Daar het ’n nuwe wêreld van ondersteuning voor my oopgebreek. My eerste kontakpunt was Johan Schoeman se *War in Angola*-webwerf.

“Ek was opgewonde oor sy netwerk en het by hom baie meer begrip gekry as wat ek verwag het. Ek het ook dadelik sy ‘Ou Man’-plakker gekry wat gratis beskikbaar is. Dit het gevoel of ek ’n nuwe identiteit het. Tydens diensplig is daar na die dienspligtiges in hulle tweede jaar en die *burgermaglede* of beter bekend as *kampers* as die *ou manne* verwys. *Kampers* het ná hulle diensplig kampe gedoen as deel van die reserwemag. Dit was ’n status waarop almal baie trots was. ’n ‘Ou man’ kon van ervaring praat. Die *Pro Patria*-medalje wat toegeken is aan soldate wat drie maande en langer grensdiens gedoen het, pryk ook op die plakker en gee daaraan ’n sekere identiteit en status.” “Ek wys met trots my plakker vir Hendrik.




*Figuur 37: Die Ouman-plakker wat gratis deur Johan Schoeman op die webwerf www.warinangola.com beskikbaar gestel word (Schoeman 2011).*

Toe ek my passie om weermagveterane wat trauma ervaar te help met Johan Schoeman deel, het ek vir die eerste keer konstruktiewe ondersteuning gekry. Hy bevestig dat daar ’n groot behoefte vir hierdie ondersteuning is en stel voor dat ek die veteranevereniging van 61 Meg BG se webwerf besoek. Hulle staan algemeen bekend as 61 Meg Veterane-vereniging (61 Meg VV). Gert Minnaar van genoemde organisasie is die persoon om te skakel. Na kontak met Gert ontvou ‘n wonderlike proses voor my.  Hy stel my aan generaal Johann (Dippies) Dippenaar voor. Hy is die beskermheer van 61 Meg VV. Die generaal gee sy volle ondersteuning vir my betrokkenheid by die ondersteuning van veterane. My lewe het nuwe sin en betekenis gekry.



*Figuur 38: 61 Meg VV se gedenkdiens in 2014.*

Die 61 Meg VV wat op 31 Augustus 2008 gestig is, was toe reeds goed gevestig. Gert het my by die skouerskuurgeleenthede betrek. Dié geleenthede is wat hulle gereeld in die verskillende streke hou. Ek het ’n praatjie oor PTSV gelewer. Ek het ook in Augustus 2011 hulle jaarlikse gedenkdiens by die Ditsong Nasionale Museum vir Militêre Geskiedenis in Saxonwald, Johannesburg, bygewoon. Daar word elke jaar kranse gelê vir makkers wat die hoogste prys betaal het.

Hierdie gesprek is meer positief as toe ek ‘n slagoffer van my bitterheid was. Hendrik geniet dit. “Ken jy die lied *Hardekole* van Adam Tas, Bok van Blerk en Refentse? Wag ek het hom op my selfoon laat ek ‘n gedeelte daarvan vir jou speel.”

*Vergeet van gister, môre is nog 'n dag*

*Saam sal ons huil en saam sal ons lag*

*Bring die bokskitaar, want 'n man moet sing*

*Ja, 'n man moet sing*

*Manne dis 'n voorreg om 'n hardekool te deel*

*Al die bloedbroers bymekaar waar die vlamme vriendskap seël*

*Manne dis 'n voorreg om hier vanaand te wees*

*Onder die bosveldmaan brand die hardekole saam*

“Dit is wat ons gewoonlik tydens die skouerskuuraande doen. Ons deel *hardekole* met mekaar. Wat my tydens hierdie aande opgeval het was dat van die beroepsoldate of oud-staandemaglede nie kon verstaan waarom iemand *closure* wou hê nie. Die dienspligveterane het ‘n behoefte gehad om vrede te maak met die dinge wat hulle op ’n baie jong ouderdom onder intense spanning in oorlogtoestande beleef het. Ná hulle diensplig het hulle skielik die geborgenheid van die bekende peloton, troep of battery verloor. Daardie sterk ondersteuningsbasis was skielik weg terwyl die beroepsoldate ’n sterker ondersteuningsgroep gehad het. Hulle kon binne hul bekende roetine voortgaan met die lewe.

Die blootstelling aan die ervaringe van 61 Meg VV, wat aan die voorpunt van die gevegte in Angola was, was vir my van onskatbare waarde. Ek was ‘n gewone voetsoldaat wat patrollie in Ovamboland gestap het en min met ‘n voertuig gery. Met hulle *ratel*-gevegsvoertuie was hulle op ‘n heeltemal ander vlak by ‘n semi-konvensionele oorlog in Angola betrokke. Tog was ons almal in dieselfde bootjie en kon ons ons stories met mekaar deel. Veral die koorgedeelte van Bok van Blerk se lied Kaplyn het by die skouerskuuraande weerklink. *Roep jy na my, roep jy my terug na die Kaplyn my vriend? Deur die jare het die wêreld gedraai. Toe ons jonk was hoe sou ons dit kon raai?* Dit het die manne ‘n nuwe geborgenheid gegee.

Op een van die skouerskuuraande het ‘n veteraan vertel van die trauma wat hy ervaar het toe hy lyke wat van die operasionele gebied gekom het, verder moes afvoer. Hy was by logistieke ondersteuning betrokke en was glad nie in Angola of Ovamboland ontplooi nie. ‘n Veteraan van die tegniese dienskorps het vertel hoe hy soms in doodsgevaar voertuie moes herwin. Hy moes die voertuig deur die nag herstel om die volgende dag weer vir die geveg gereed te wees. Hierdie eerstehandse ervaring van vertellings wat vir die veterane afsluiting en genesing gebring het, het my finaal oortuig om my boek oor my eie storie te skryf.

“Het jy ooit die boek *Kopwond: Vergete slagoffers van die Bosoorlog* van Feinstein (2011) gelees?” onderbreek Hendrik my.

“Ja dit was juis ‘n onderhoud met Anthony Feinstein wat die finale deurslag vir die skryf my eie storie gegee het. Die boek het toe pas verskyn en Radio Sonder Grense het in 2011 ‘n onderhoud met hom gevoer.”

“Hy was as dienspligtige, ’n psigiater by die Mediese Afdeling van die destydse Suid-Afrikaanse Weermag (SAW) en het dus baie met die sielkundige aspekte van die oorlog te doen gekry,” brei Hendrik uit.

“Sy storie het my onkant betrap, Hendrik, Dit het soveel herinneringe en onverwerkte emosies in my losgemaak dat ek ter wille van myself en my gesin die boek so gou moontlik moes deurlees. Oor ‘n naweek het ek dit klaar gelees. Wat ek die naweek ervaar het, word die beste uitgedruk in die lied *The Story* van Brandi Carlile:

*All of these lines across my face*

*Tell you the story of who I am*

*So many stories of where I've been*

*And how I got to where I am*

*But these stories don't mean anything*

*When you've got no one to tell them to*

*It's true... I was made for you*

*I climbed across the mountain tops*

*Swam all across the ocean blue*

*I crossed all the lines and I broke all the rules*

*But baby I broke them all for you*

*Because even when I was flat broke*

*You made me feel like a million bucks*

*You do and I was made for you*

*You see the smile that's on my mouth*

*It's hiding the words that don't come out*

*And all of my friends who think that I'm blessed*

*They don't know my head is a mess*

*No, they don't know who I really am*

*And they don't know what I've been through like you do*

*And I was made for you...*

Ek en Anthony het in dieselfde tydperk diensplig gedoen. Die vertel van sy storie het vir hom genesing en bevryding gebring. Ek was jaloers op Anthony, want ek het nog nie hierdie bevryding ervaar nie. Sy storie het my net met herinneringe gekonfronteer. Dit het my aangemoedig om aan te hou. Ek wou my storie op die regte manier vertel en wou ander dienspligtiges aanmoedig om nie stil te bly nie. Anthony het sy storie baie effektief binne die konteks van ’n Engelse burger van Suid Afrika vertel. As ‘n jong Afrikanerman het ek my diensplig en die gebeure in ons land na die Grensoorlog egter anders as Anthony ervaar.”

“Ek het *Weermagstories* begin lees en sal graag die storie agter die storie wil hoor,” antwoord Hendrik.

“Nadat ek Feinstein (2011) se boek gelees het, het ek besluit om nie net my storie te vertel nie, maar ook riglyne vir my mede-oudstryders te gee om finaal vrede te maak. Ek wou dienspligveterane aanmoedig om die seer en ontnugtering van hulle unieke stories in ’n veilige omgewing aan iemand wat waarlik na hulle luister, te vertel.

“Anthony se verwysing na die afsluiting wat hy ervaar het toe hy sy ou weermagbasis in Namibië besoek het, het my daaraan laat dink om die Nkongo-basis in Ovamboland te besoek. Ek was jaloers op 61 Meg VV se besoek in 2010 aan die slagvelde in Angola.“

Ek wys vir Hendrik koerantberigte van die reeks artikels van Deon Lamprecht, ’n joernalis by *Rapport,* oor die toer en die DVD en boek van Louis Bothma (2010) *Anderkant Cuito -’n Reisverhaal van die Grensoorlog*. Intussen het generaal Jannie Geldenhuys (2011) se boek *Herinneringe van die wenners van die oorlog om Suider-Afrika* hewige reaksie ontlok.

“Hier is ‘n koerantuitknipsel van ‘n insiggewende resensie van Rian Malan en Jackie Cilliers oor generaal Geldenhuys se boek. Ek stem saam met Malan en Cilliers (2011) se resensie, onder die opskrif *Die hele storie is nog nie vertel nie* en dat boeke oor die voormalige SAW in twee kategorieë verdeel kan word. Die een kategorie bevat geskiedenis, persoonlike herinnerings en ‘n poging tot verduideliking. Volgens Malan en Cilliers (2011) val Geldenhuys se boek in hierdie kategorie. Die ander kategorie, hoofsaaklik in Engels, analiseer die interne en soms misdadige betrokkenheid van elemente van die SAW, SAP en die inligtingsgemeenskap in die stryd teen die ANC. Aan die einde van sy resensie vra Cilliers die vraag: ‘Wanneer gaan Afrikaners begin praat oor die tweede komponent en die verhouding tussen die een tot die ander?’ (Malan & Cilliers 2011:15).

“Die vraag van Cilliers (2011) het my laat wonder of ons dienspligtiges werklik genesing en afsluiting sal ervaar as ons net aanhou om ons optrede te regverdig en onsself as wenners te beskou? Het dit nie tyd geword om dit wat verkeerd was en waaroor ons skaam voel te konfronteer nie? Ek het 2011 ervaar as die jaar waarin die sweer van die dienspligtiges se pyn en ontnugtering behoorlik oopgebars en vir aandag gevra het. Almal het kennis geneem, maar steeds is nie behoorlik hieraan aandag gegee nie.

“Die TV-reeks Hartland het die polemiek oor wie die Grensoorlog gewen het onder Afrikanergeledere vir die eerste keer behoorlik uitgelig. Ek het die reeks baie intens ervaar. Aan die einde gaan die twee dienspligtiges juis terug na Okongo om afsluiting te kry. Dis ‘n ander naam vir die Nkongo-basis, my voormalige basis, Van die insidente waarna in die reeks verwys word het ek self ervaar en tot die gevolgtrekking gekom dat Deon Opperman my tydgenoot was. In ‘n onderhoud met Paul Louw op die program ‘*n Lewe met...* het Ruda Landman die ervaring van dienspligveterane met PTSV vir die eerste keer behoorlik in die kollig geplaas. Dit het wye reaksie op die sosiale media uitgelok.

“Die musiekblyspel Tree Aan het vol sale gelok en boeke oor die oorlog het toegeneem. Die SAW-generaals en die voormalige NP-politici het mekaar die stryd aangesê oor wie wat verkeerd gedoen het en waarom die stryd nie gewen is nie. Professor Albert Venter (2011:7) merk in hierdie koerantberig tereg op: ‘Die era van

stille lojaliteite en versweë verwyte is oornag verby.’ Ek het myself vereenselwig met die les wat Professor Venter uitlig: ‘Pasop vir iemand wat aan jou ‘n politieke, ekonomiese of sosiale droom-wêreld wil verkoop. Die einde daarvan is sonder uitsondering ontnugtering en pyn’ (Kyk Venter 2011:7).’ Dit was hierdie ontnugtering en pyn wat ek sedert 1995 ervaar het.

“Met die skryf van my boek het my eie afsluiting en genesingsproses momentum gekry. Vir die eerste keer kon ek my gevoelens neerpen. Terwyl ek my verhaal geskryf het, het ek nuwe perspektiewe gekry.” Ek merk op dat Hendrik iets op die hart het en bly stil.

“Roelf, soos wat ek vroeër genoem het, ek het na jou boek *Weermagstories* gekyk. Dit het my opgeval het, dat dit hoofsaaklik oor die Grensoorlog gaan. Is ek reg?” vra hy terwyl hy my ernstig aankyk.

”Ja dit is reg. Die konteks van die Grensoorlog en dié van die ANC se *gewapendestryd* verskil radikaal. In 2014 het ek nog geworstel om met die *gewapendestryd* vrede te maak en daarom het my storie daar gestop. My afsluitingsproses het eers in 2016 begin momentum kry.

“Besef jy dat jy ‘n nuwe storie begin skryf het sedert ons beradingsessies begin het?”

“Noudat jy dit sê, maak dit nogal sin,” antwoord ek. “

“Jy is besig om ‘n ander (alternatiewe) storie te skryf as die een waarmee jy in my spreekkamer ingestap het. Jou draaipunt het gekom en die traumatiese ervaringe is agter die rug.


“Ek dink ons het baie goed gevorder met ons sessies. Gaan huis toe, vul jou lewensgrafiek verder in, skryf jou afsluitingstorie en e-pos dit vir my. Sal twee weke jou genoeg tyd daarvoor gee?“

“Ja. Ek sien nogal uit daarna. “Gaan jy weer iewers heen vir ‘n konferensie?” vra ek op pad tuinhekkie toe.

”Nee. Ek en Erika gaan vir ‘n week uitkamp. Ons het ‘n blaaskans nodig.”

“Julle moet dit geniet. Ek hoop julle skakel behoorlik af.”

## 3.7 My afsluitingstorie




*Figuur 39: Die profiel van my afsluitingstorie met hoogte- en laagtepunte.*

Ek sien regtig uit daarna om hierdie storie te skryf want ek het nog nooit voorheen my gedagtes oor die afsluitingsproses behoorlik georden en neergepen nie. Daar is baie hoogtepunte en ‘n paar laagtepunte wat ek op die lewensgrafiek kan invul.

Nadat ek die hoogte- en laagtepunte op my lewensgrafiek ingevul het, begin ek met my afsluitingstorie. Die eerste hoogtepunt was my betrokkenheid sedert 2009 by die *Institute of Theological Training* (ITT). Daar het ek die ander gedeelte van Suid-Afrika ontdek waaraan ek nooit voorheen blootgestel was nie. Hierdie blootstelling het my laat besef dat afsluiting en aanpassing in die “nuwe Suid-Afrika” nie moontlik is sonder om kontak met andersdenkendes en jou voormalige vyande te maak nie. Dit is maklik om jouself te isoleer en laer te trek soos ons Afrikaners gereeld in die verlede gedoen het. Is dit die antwoord vir ons en ons nageslag se toekoms? Gelukkig het my betrokkenheid by ITT my oë in die opsig oopgemaak.

‘n Nuwe interessante maar uitdagende seisoen het aangebreek toe ek in Januarie 2009 by ITT begin het. Nadat ek baie teleurstellings ervaar het, veral in die Afrikaanse

kerkgemeenskappe, het my fokus na gebroke gemeenskappe verskuif. ITT het my die geleentheid gebied om by sulke gemeenskappe betrokke te raak en teologiese opleiding aan die voorafbenadeelde kerkleiers aan te bied. ‘n Nuwe wêreld het oopgegaan toe ek in kontak kom met predikante en gemeenskapsleiers wat sonder enige teologiese opleiding met bediening in hulle woongebiede besig was.

Eers in 2010, nadat ek toerustingskursusse gevolg het, het ek die basiese kursus in pastorale sorg in Soweto aangebied. Toe Barend Potgieter, direkteur van ITT, my vra of ek hiertoe bereid sou wees, het ek gehuiwer.

“Sien jy kans daarvoor om ‘n tweewekekursus in Soweto aan te bied? Alles word gereël. Jy moet net die kursus aanbied en die evaluering hanteer. Dit sal die maklikste wees as jy elke dag deurry soontoe.”

Onmiddellik antwoord ek: ”Ek sal dit verkies om deur te ry, Barend.”

Wat dink hy, ek in Soweto gaan oorslaap? Ek was nog nooit in die plek nie en ek dink steeds nie die area is veilig vir witmense nie.

”Moet ek alleen soontoe ry?” vra ek.

My kollega Ben Coetzee begin lag: “Ja man jy is op jou eie. Moenie bekommer wees nie. Ek was verlede week in dieselfde area en jy sal veilig wees.”

“Nou waar in Soweto gaan ek heen?” Ben, kon aan my liggaamstaal sien dat ek steeds twyfel.

“Die *Holy Cross Anglican Church* in Orlando-Wes. Dis reg langs die *Hector Peterson Memorial*, ‘n baie bekende toerisme-aantreklikheid in Soweto. Jy kan my GPS leen en sal maklik daar uitkom.”

### 3.7.1 Nuwe blootstelling

My ervaring in Soweto het ‘n radikale invloed op my lewe gehad. Skanse wat ek deur die jare opgebou het, is afgebreek en ek het ‘n nuwe perspektief op ‘n ander deel van die bevolking gekry. Ek sal nooit vergeet nie hoe die vriendelike kursusgangers my luid verwelkom het met: “*Welcome in Soweto!”* Dit was so ‘n kontras van wat ek verwag

het. Hulle vriendelikheid, opgewondenheid en dankbaarheid dat ek as ‘n witman bereid was om in hulle eie woongebied die kursus aan te bied, het my oorweldig.

Die volgende dag oor middagete het ‘n paar van die predikante my op ‘n toer geneem na van die besienswaardighede soos Nelson Mandela se huis, Kliptown en *Vilikazi Street*. Die hoogtepunt die dag was hulle reaksie op die storie van my dienspligjare. Ek het hulle my lewensverhaal en my dienspligstorie van die oorgangstyd vertel. Ek was verstom oor hulle reaksie. Veral dié van een swart vrou het my opgeval. Ek kon sien hulle kon nie glo nie dat dit vir ons so traumaties was nie. Toe ek klaar was het een vrou spesiaal vir my dankie gesê want nou het sy ons Afrikaners beter verstaan. Sy het my aangemoedig om my storie vir meer swartmense te vertel.

Die Soweto-kursusgangers se reaksie op my storie het die eerste vorm van genesing gebring waarna ek jare al gesmag het. Mense uit die swart gemeenskap was bereid om na my storie te luister. Hulle het nie soos die politici veroordeel wat ons gedoen het nie. Hulle stories oor die onrus van 1976 en die verdeling en ontwrigting van hulle gesinne het my blootgestel aan hulle hartseer. ‘n Eenheid en samehorighied het tussen ons ontstaan wat vir my kosbaar was.

Ek het die *Hector Peterson Memorial* besoek en die roete wat tydens die 16 Junie-optog gevolg is gestap en verduidelikings gehoor van die gebeure van die dag. Dit het my opgeval dat die stories wat hulle vertel het, verskil het van die stories wat ek in my geskiedenisklas by UP gehoor het. Witmense is almal geprojekteer as kolonialiste wat swartmense wou uitbuit. Dit was onregverdig en het my laat besef dat hulle nooit die waarheid sal weet as ons nie ons stories vir hulle vertel nie. Elkeen het sy eie interpretasie en daarom behoort ons met mekaar te gesels om by die waarheid uit te kom.

‘n Week na my besoek aan Soweto val die *Blue Bulls* en hulle ondersteuners Soweto binne. In die *Orlando Stadium* verslaan die *Bulls* hulle aartsvyande, die *Stormers*. In die media kon gesien word hoe die *Bulls*-ondersteuners die oorwinning in Soweto vier. Ek dink hierdie ondersteuners het die inwoners blootstelling gegee aan wit Afrikaners met wie hulle nog nie in Johannesburg in kontak was nie. Sulke geskiedkundige gebeurtenisse behoort meer te gebeur om skanse af te breek en ons saam te snoer.

Die kursusse wat ek aangebied het vir onderwysers van die Gautengse Onderwysdepartement, ander staatdepartemente en in verskeie swart woongebiede soos Ga-Rankuwa, Soshanguve, Phokeng buite Rustenburg en woongebiede buite Vereniging, Grahamstad, Queenstown en selfs Giyani in Limpopo was hoogtepunte en die manier waarop ek selfs op die hande gedra is, was vir my ‘n riem onder die hart. By geleentheid het ‘n mansonderwyser my bedank omdat ek sy wanpersepsie van wit Afrikanermans verander het. Dit het my laat terugdink aan professor Maake Masango wat my wanpersepsie van swartmense verander het.

My besoek aan Grahamstad in 2012 was ‘n besondere ervaring. Barend Potgieter het ‘n nuwe uitdaging aan my gerig.

“Jy was nou al in Soweto, Roelf. Is jy bereid om in die swart woongebied buite Grahamstad te gaan oorslaap en ‘n kursus daar aan te bied?” het hy versigtig gevra. “Dit sou baie moeilik en duur wees om die kursus vanuit ‘n gastehuis in die dorp aan te bied want die kerk waar die kursus aangebied word, is ‘n hele ent uit die dorp uit en predikante kom vanuit verskeie areas in die omgewing om die kursus by te woon.”

Ek het besef dat hierdie ‘n geleentheid kan wees om ‘n swart woongebied eerstehands te ervaar. Min het ek geweet wat op my gewag het.

Die kerk was in een van die armste gedeeltes van die woongebied en die huis waarin ek tuis was, was die enigste huis in die omgewing met ‘n badkamer en ‘n spoeltoilet. My gasvrou, ‘n verpleegster en enkelouer, het haar slaapkamer aan my afgestaan en saam met haar dogter op ‘n enkelbed geslaap. Die kos wat sy aan my voorgesit was, was uit die boonste rakke. Haar seun was my gids en het my al die besienswaardighede soos die 1820 Setlaarmuseum gewys. Hy moes sy studies staak weens ‘n gebrek aan fondse. Ek het vir die eerste keer in ‘n taxi gery en groot was my verbasing toe die bejaarde taxidrywer my spottenderwys in Afrikaans vra: “Nou waarheen is baas vanmiddag op pad? Kom sit sommer hier voor by my.“ Ek dink dit was vir hom ‘n groot eer om my in sy taxi te hê. Hy het heelpad stories vertel! Ek het die implikasies van ‘n taxi as enigste vervoermiddel eerstehands ervaar. Ons moes knap sit toe ‘n kombuiskas ingelaai is. Ek gaan nie uitpraat oor die toestand van sy taxi en hoe hy bestuur het nie, maar ek was dankbaar toe ons ons bestemming veilig

bereik. Na my blootstelling aan die 'township lewe', het ek besef hoe bevoorreg ek werklik was om in 'n wit woongebied onder apartheid groot te word.

Die kursus in die woongebied aangrensend aan Queenstown was onder baie beter omstandighede. Ek het die gastehuis behoorlik waardeer.

Soos gewoonlik verduidelik ek die konsep van die *Rivier van die Lewe* aan die kursusgangers en vra hulle om vir huiswerk hulle lewensgrafiek in te vul.

Die oggend daarna kom bedank een van die predikante my in trane.

"Vir die eerste keer verstaan ek wie ek werklik is en waarom ek optree soos ek optree." Hy vertel hoe hy die seer van sy verlede wou konfronteer, maar nie geweet het hoe nie.

"Ek was 'n SDU-lid van die ANC en was by gruweldade betrokke. Ek kan myself nie daarvoor vergewe nie."

Ons moes aangaan met die lesing, maar gelukkig het hierdie kursusganger my terug lughawe toe gevat. In die voertuig op pad Port Elizabeth toe het ek 'n storie gehoor wat ek nooit sal kan vergeet nie.

"Weet jy hoe voel dit as lede van jou eenheid jou tannie dwing om seep te drink omdat sy onwetend tydens 'n verbruikersboikot dorp toe is om kruideniersware te koop. Wat doen jy as iemand voor jou oë met die halsnoermetode om die lewe gebring word? Iemand wat jy goed ken en weet dat nie 'n apartheid-medewerker of spioen is nie!"

My grootste verrassing was dat hy nie meer die ANC ondersteun nie. Nes ek is hy ontnugter deur die politici. Ek het besef dat ek en hierdie *kameraad* veel meer in gemeen het as wat ons aanvanklik gedink het.

Op die vliegtuig terug het ek weer besef hoe min die SDU's, en die dienspligtiges van mekaar weet. Veral dié wat na 1986 in konflik met mekaar was.  Albei groepe is deur die politici om ideologiese redes misbruik om vanuit hulle eie konteks vir die vryheid van dieselfde land te veg. Die NP-regering wou so lank moontlik die mag behou en die vryheidsvegters wou so vinnig moontlik mag verkry. Professor Albert Venter (2011:7) se waarskuwing: 'Pasop vir iemand wat aan jou 'n politieke, ekonomiese of

sosiale droomwêreld wil verkoop,' het weer by my opgekom. Die uiteinde van die nasionalistiese droom van die dienspligtiges en die droom van vryheid vir die SDU's was vir baie ontnugtering en pyn. Ek het my voorgeneem om alles in my vermoë te doen om hierdie 'slagoffers' van die politieke stryd in Suid-Afrika wat almal Suid-Afrikaanse burgers is bymekaar te kry om hulle stories vir mekaar te vertel.

### 3.7.2 Nuwe identiteit

Nog 'n hoogtepunt was die ontdekking van my nuwe identiteit. Eve Fairbanks (2012) is van mening dat die Grensoorlog tot onlangs 'n voertuig vir die breër heroorweging van 'n wit Suid-Afrikaanse identiteit was. In haar artikel *Wittes soek identiteit in onthou van die oorlog* merk sy op dat min swartmense na toneelstukke oor die Grensoorlog kyk of boeke daaroor lees (Kyk Fairbanks, E 2012:1) Dit het my laat wonder. Daar was tog baie swart soldate en gedurende die oorlog was ons heeltemal geïntegreerd. Die einde van apartheid moes die einde van rassebewustheid beteken, maar dit was duidelik nie die geval nie. Miskien het wit middeljarige mans hulle identiteit gesoek in die onthou van die oorlog. Vir die swart soldate was dit nie nodig nie. Watter identiteit sal hulle in hierdie nostalgiese onthou van die oorlog vind? Wat het hulle onthou? Suid-Afrika het ingrypend verander en die nostalgie van die verlede kan net tot verdere ontnugtering aanleiding gee. Ek sien dit reeds by sommige van my veteraanvriende.

Behoort ons nie ons nuwe identiteit in die Suid-Afrika na 1994 en die hede te soek nie? Behoort ons nie sin en betekenis in ons hede in plaas van die verlede te soek nie? Was dit nie wat president Paul Kruger (1904) van die voormalige ZAR met sy laaste boodskap bedoel het nie? "*Want wie vir hom 'n toekoms wil skep, mag die verlede nie uit die oog verloor nie. Daarom: Soek in die verlede al die goeie en die skone wat daarin te ontdek is, vorm daarna u ideaal en probeer om daardie ideaal vir die toekoms te verwesenlik."*

Moet ons op die onregverdigheid van die verlede fokus of eerder op die *goeie* en die *skone* en daarop te bou? Sou dit moontlik wees om sin en betekenis te ontdek as ons onsself isoleer en nie die verlede saam met ons mede Suid-Afrikaners verwerk en agterlaat nie? Ek is dankbaar oor my nuwe identiteit. Dit maak my opgewonde oor die toekoms.

Die laaste van die 26 episodes van die treffende dokumentêre TV reeks *Grensoorlog* wat Linda de Jager vir Kyknet saamgestel het sluit af met ‘n treffende opmerking van generaal Jannie Geldenhuys:

> *War is war and things are ugly and things are humorous. And we must have the capacity to accommodate all of them. But when it is over and you have this situation where there is mutual respect for the opposing sides even when they fought.... our people said SWAPO were good fighters and we know they said we were good fighters... It is proven, and that mutual respect solves everything.*

Generaal Geldenhuys het hierdie opmerking gemaak tydens ‘n ontmoeting tussen die voormalige vyandelike leiers van die Grensoorlog van 2 tot 5 April 2007. Generaal Eddie Webb voormalige bevelvoerder van 32 Battaljon, meneer Charles Namoloh, Namibiese Minister van Verdediging en generaal Martin Shali, Hoof van die Namibiese Weermag was betrokke by die gesprek toe generaal Geldenhuys die opmerking gemaak het. Dit was ‘n goeie opsomming van die verhoudinge tussen die voormalige vyande van die Grensoorlog. Hulle het gemoedelik die hand geskud. In Suid-Afrika is die stryd steeds nie verby nie en is daar nog nie volwaardige versoening nie. Ons leef steeds in ‘n gepolariseerde samelewing en ek het nie op hierdie stadium hoop dat dit gou sal verander nie.

Ons het nog nie ‘n nuwe identiteit as een Suid-Afrikaanse nasie opgebou nie. Afrikaners voel nie ingesluit in die nuwe Suid-Afrikaanse identiteit nie. Die *Freedom Park*-debakel en die wyse waarop voormalige SAW-veterane en dienspligveterane na rasionalisasie hanteer is, het bygedra tot hierdie gevoel van uitsluiting by Afrikaners. Dit geld veral vir SAW-veterane (kyk Baines 2008:217).



*Figuur 40: Foto van die onbekende soldaat by Fortklapperkop met die gedenkmuur in die agtergrond.*

Anders as in die VSA is ons veterane steeds na al die jare polities verdeeld (kyk Baines 2008:217). Tot 1994 was Fort Klapperkop die vertoonvenster van die geskiedenis van die SAW. Hierdie SAW Grensoorlogmuseum het gespog met ongeveer 96 000 jaarlikse besoeke. In 1994 is dit gesluit. Op 24 Augustus 2018 het ek vol verwagting die gedenkmuur probeer besoek om saam met Roelize fotos by die naam van die 701 Bataljon lid wat tydens my diensplig gesterf het te neem. ‘n Baie onvriendelike swart hekwag het my hele dag bederf toe hy my toegang weier. Baie beslis het hy my daarop gewys dat die museum gesluit is tot verdere kennisgewing. Ek het al die telefoonnommers beskikbaar gebel maar geen antwoord gekry nie. Roelize moes my kalmeer want ek moes baie hard daaraan werk om nie toe te laat dat ‘n woedbui oorneem nie. Gelukkig het ek dit op die ou end reggekry om nie kop te verloor en dinge vir die hekwag te sê wat kon gebly het nie, want ek was baie teleurgesteld.

Wapentuig van eie magte sowel as vyandelike wapentuig wat in die Grensoorlog gebruik is, is daar uitgestal. Die museum is hoofsaaklik gebruik as propaganda vir die NP-regering om witmense saam te snoer en te spog met wat tydens die oorlog bereik is. Op 31 Mei 1979 het mnr PW Botha, die destydse Minister van Verdediging, ‘n standbeeld van die onbekende soldaat daar ingehuldig. Dis omring deur ‘n gedenkmuur met die name van al die soldate (wit en swart), wat ter verdediging van die Republiek van Suid-Afrika gesterf het.


Die SAW het jaarliks die eerste week van Augustus ‘n gedenkdiens vir alle SAW-soldate wat sedert 1961 gesneuwel daar aangebied. Dit is dus te verstaan dat die nuwe SANW hom van hierdie ‘apartheidsweermag-museum’ gedistansieer het en die museum in 1994 toegemaak is.

Die standbeeld en gedenkmuur het daarna uit die openbare oog verdwyn. Dit het nooit ontwikkel in ‘n muur van herinneringe wat gereeld deur veterane van die Grensoorlog besoek is nie. Anders as die *Viëtnam Veterans’ Memorial Wall in Washington DC.* Die post-apartheid ANC-regering het hulle eie *Freedom Park Memoria*l op Salvokop opgerig. Dis op 16 Desember 2007 ingewy.

Die weglating uit die *Wall of Names* van die name van soldate wat tydens die Grensoorlog gesterf het, het tot groot konflik, omstredenheid en verdere polarisasie gelei. Die reeks van gedenkmure gee ‘sogenaamd’ erkenning aan ‘almal’ wat gesneuwel het. Dat die name van Kubaanse soldate wat tydens die Grensoorlog gesterf het ingesluit is, maar nie die name van die soldate van die SAW nie, was die grootste rede tot ontevredenheid.

‘n Drukgroep onder leiding van Afriforum en die sanger Steve Hofmeyer het om ‘regverdige’ behandeling gevra en aangedring daarop dat die name van SAW-soldate aangebring word. Hierdie soldate het selfs hulle eie gedenkteken by die ingang na Salvokop opgerig. Wally Serote, voorsitter van die *Freedom Park Trust* het hulle versoek verwerp op grond daarvan dat die SAW soldate geveg het om apartheid in stand te hou en die bevrydingstryd te verhinder (kyk Baines 2008: 223-224). Hierdie afjak was vir die soldate van die Grensoorlog net ‘n verdere bewys dat hulle opofferinge nie na waarde geag is nie.

Op 25 Oktober 2009 het ‘n nuwe gedenkmuur by die Voortrekker-monument die gedenkmuur by Fort Klapperkop vervang.



*Figuur 41: SAW herdenkingsmuur by Voortrekkerhoogte tydens die herdenkingsdiens op 27 Mei 2018*

Die gedenkmuur en die standbeeld vir die verlate ‘troepie’ van die Grensoorlog is tans net ‘n gedenkwaardigheid en ‘n bewys van die post-apartheid ANC-regering se gesindheid teenoor die voormalige dienspligtiges. Dit is seker te verstane.

### 3.7.3 Nuwe tuiste

Jan Malan, die SAWV voorsitter met wie ek reeds by 61 Meg VV kontak gemaak het, het my genooi om by die veterane van die SAWV betrokke te raak. Die SAWV is op 14 Februarie 2007 onder leiding van generaal Jannie Geldenhuys gestig. Veterane wat nog nie ‘n tuiste gevind het nie, het dit versoek. Ek het ‘n tuiste by die SAWV gevind. Hulle het my ondersteun in die uitlewing van my droom om doelgerigte ondersteuning te bied aan veterane om afsluiting van die oorlog te kry. Die SAWV propageer kontak met ons voormalige vyande. Ek vereenselwig my met hulle leuse: *Veterans creating a beter future.*

Ek het op my lewensgrafiek die eerste geleentheid van blootstelling aan opponerende stories aangedui. Dit was tydens die *Consultation on Social Cohesion and Reconciliation*. Dit is op 22 en 23 Augustus 2013 deur die *Centre for Contextual Ministry* by die Universiteit van Pretoria aangebied onder die titel *Rainbow: Premise or Promise.* Die stories wat ek daar gehoor het, was vir my baie konfronterend. Ons kon ons eie stories in klein groepe vertel, maar is gekonfronteer met nege verskillende stories en ervarings uit verskillende kontekste. Stories van hoop en worsteling is vertel en dit het almal diep geraak het. Die vertel van stories bewerkstellig genesing en bring perspektief en eenheid.

Die storie van Vader Michael Lapsley het die grootste invloed op my gehad. Die bitterheid teenoor geestelike leiers wat ‘terroriste’ van die ANC en MK ondersteun het, het in my opgestu. Hierdie man was ‘n Anglikaanse priester! Hy het die plant van bomme in die RSA goedgekeur. Ek het vergeet dat ‘n briefbom wat hom permanent vermink het, vir hom gestuur is. Een van veiligheidsmagte-operateurs, moontlik selfs van Afdeling Militêre Inligting waarby ek betrokke was, het dit gedoen.

Hierdie briefbom het hy op 28 April 1990 oopgemaak. Die *gewapendestryd* was reeds opgeskort, maar hy het sy een oog en die gebruik van sy hande verloor. Ek het tydens middagete vir hom gevra: ‘Hoe is dit moontlik om as ‘n geestelike leier die ANC se terreuraanvalle en die *gewapendestryd* van die ANC goed te praat?’

Sy antwoord was ongemaklik: ‘Was jy in Soweto tydens die onluste in 1976? Het jy gehelp om die dooies na hulle families te vat en die gewondes te versorg? Die veiligheidsmagte het hulle geskiet! Het jy die gemarteldes geken, en gehoor wat hulle deurgemaak het? Weet jy wat die aandeel van die SAP was? Was jy daar toe die hele Soweto in chaos gedompel is? Was jy daar?’

Ek het sy boek gelees en gewonder wat ek sou gedoen het. Ek was skaam oor wat hom aangedoen is. Ek was deel van die veiligheidsmagte.  Ek het my spyt teenoor hom uitgespreek oor wat hom aangedoen is.

Die insident met vader Lapsley het my weer laat besef dat die veiligheidsmagte hulself nie kan verontskuldig vir wat aan sogenaamde meelopers van die ANC gedoen was nie. Ons briefbomme was net so onaanvaarbaar soos hulle kleefmyne. Ek en vader Lapsley het nog verskeie gesprekke gehad. Sy passie om mense wêreldwyd te ondersteun om finaal met die spoke van die verlede af te reken, is vir my ‘n groot inspirasie. Hy doen dit ondanks sy gebrek  deur middel van sy *Insitute for Healing of Memories*.

Tydens die bekendstelling van sy boek *Uiteindelik Vry* in 2015 maak vader Lapsley die volgende opmerking: ‘Die moeder van ‘n vryheidsvegter het vir my gesê dat haar seun die land verlaat het om in die buiteland opgelei te word. Hy het nooit teruggekeer nie. ‘n Ander moeder van ‘n dienspligtige het vir my gesê dat haar seun die land verlaat het om in Angola te gaan veg. Hy het vol emosionele wonde as ‘n vreemdeling teruggekom.’

Saam met vader Lapsley wil ek alle moontlikhede ondersoek om ons veterane te ondersteun om finaal vrede te maak met die verlede en met mekaar te versoen.

In 2014 kon ek na die stories van my voormalige vyande luister en my stories vir hulle vertel. Dié  geleentheid het deur die bemiddeling van generaal Dippies Dippenaar plaasgevind. Op nasionale vlak het die samewerking tussen die verskillende veterane-organisasies tot die stigting van die *South African National Military Veteran Asociataion* (SANMVA) aanleiding gegee. Op grondvlak was daar nog geen kontak tussen die veterane van die verskillende organisasies nie. Generaal Dippenaar, voorsitter van die Raad vir Militêre Veterane Organisasie (RMVO) en beskermheer

van 61 Meg VV, was opgewonde om storievertelgeleenthede te ontwikkel en het die proses aan die gang gesit. Ek was saam met hom opgewonde.

Met die finansiering van die Departement van Militêre Veterane (DMV) is storievertelgeleenthede moontlik gemaak. Generaal Dippenaar het ‘n ou ANC-veteraan, mevrou Sibongile Khumalo van die *Pan African Genesis NGO* gekontak. Sy was by die ondersteuning van veterane van die Nie-Statutêre Magte betrokke. Ek is gevra om ‘n storievertelgeleentheid tussen die Statutêre en Nie-Statutêre Magte te organiseer in samewerking met die *Centre for Contextual Ministry (CCM)*.

Die eerste storievertelgeleentheid is oor die naweek van die 28 tot 30 Maart 2014 by die Pumulani Lodge buite Pretoria gehou. Vier fasiliteerders het die dialoog aangehelp tussen ‘n diverse groep van 13 veterane verteenwoordigend van Statuêre en Nie-Statutêre Magte van oor die hele land. Daar was vier lede van die 61 Meg VV wat die RMVO verteenwoordig het, drie lede van AZANLA, twee van die voormalige Bophuthatswana Weermag en vier lede van MK. Watter besondere geleentheid was dit nie!

Hoewel daar die eerste aand redelik wantroue was, het die skanse tydens die storievertelgeleentheid die volgende dag begin val.

Ons het ontdek hoeveel ons in gemeen het en dat ons almal militêre veterane in dieselfde land is wat aan dieselfde konflik deelgeneem het. Ek het ‘n gemeenskaplikheid ervaar tussen voormalige vyande wat mekaar onvoorwaardelik aanvaar en vergewe het. Ons het heelwat humoristiese oomblikke gehad; ons het saam gesing; ons het die versoening ervaar waarna ek al lankal gesmag het. Dit is jammer dat soortgelyke byeenkomste in ons samelewing verhoed word.

My kontak met die plaaslike bevolking en die stories wat hulle my vertel het was ‘n laagtepunt. Die optrede van elemente van die veiligheidsmagte het my skaam laat voel. Dit was verkeerde optredes waarby die SAW wel betrokke was. Ek kon my nie daarmee vereenselwig nie. Stories van my voormalige vyande het my laat besef dat sommige lede van ons veiligheidsmagte nie so onskuldig was nie. Hulle stories het my diep geraak en het my skaamte laat toeneem.

### 3.7.4 Nuwe stories

My boek *Weermagstories: Dienspligtiges verbreek die stilte* is op 20 Augustus 2014 vrygestel. Dit was ‘n hoogtepunt. Die skryf van die boek was vir my een groot genesingsproses. Ek het my hart daarin uitgestort. Ek het ander dienspligtiges genooi om ook die stilte te verbreek.

Die ontvangs van *Weermagstories* was ‘n groot verassing. Die blootstelling op televisie en oor die radio was bewys van die steeds groeiende behoefte na boeke oor die Grensoorlog. Ek het nou finaal afsluiting van die Grensoorlog gekry en kon op die verwerking van die oorgangstydperk fokus.

Sedert 2013 is my doktorale studies ook ‘n definitiewe hoogtepunt. Die navorsing oor die afsluitingsproses van militêre veterane en het onbewustelik aanleiding gegee tot my verdere proses van finale afsluiting.

Theresa Edlmann en professor Christo Thesnaar het ‘n nagraadse simposium vir studente betrokke by navorsing oor dienspligtiges vir vroeg in Januarie 2016 gereël. Edlman is verbonde aan die Departement Geskiedenis van die Rhodes-universiteit en Thesnaar is verbonde aan die Beyers Naude-sentrum van die Teologiese Fakulteit van die Universiteit van Stellenbosch Hulle het my en ander navorsers genooi om voorleggings te doen en gedagtes oor die nalatenskap van diensplig te deel.

Pieter Bezuidenhout het my ook betrek by die beplanning van ‘n versoeningsinisitatief in Junie 2016 in Soweto as deel van die 40-jarige herdenking van die Soweto-onluste van 1976. Daar het ek eerwaarde Frank Chikane vir die eerste keer van aangesig tot aangesig ontmoet. Hy was die volgende van die bevrydingsteoloë met wie ek nog vrede moes maak.

Frank Chikane se gesindheid oor versoening het my laat besef dat die verlede verby is. Ons moet finaal die strydbyl begrawe. Die inisiatiewe vir 16 Junie 2016 het verrassend momentum gekry toe die hoofstroom Afrikaanse kerke soos die AGS, die NG-kerk en die Hervormde Kerk ook daarby betrokke geraak het. Verteenwoordigers van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke (SARK) en *The Evangelical Aliance of SA (TEASA)* het ook betrokke geraak. Professor Piet Meiring, vader Lapsley en oudminister Adriaan Vlok was ook by die reëlings beterokke.

Jan Malan, voorsitter van die SA Weermagvereniging (SAWV), se versoek aan my in 2015 om verantwoordelikheid te aanvaar vir die ontwikkeling van ‘n netwerk van ondersteuning aan veterane wat sukkel met oorlogstrauma en om afsluiting te kry, was ‘n hoogtepunt. Brigadier generaal Marius Cornelissen, voormalige kapelaangeneraal van die SANW en tans kapelaan van die RMVO, het my ook betrek by die samestelling van ‘n voorlegging aan die DMV en die Minister van Verdediging en Militêre Veterane oor die ondersteuning van veterane met betrekking tot PTSV.

Die *Fees Must Fall*-veldtogte aan die einde 2015 het weer die fokus geplaas op die bitterheid en frustrasies oor die oorgangstyd wat ek nog nie verwerk het nie. Dit was ‘n duidelike laagtepunt op my lewensgrafiek. Weens my studies moes ek die UP kampus gereeld besoek. Roelize, my dogter, is ‘n UP-student en woon in die Madelief-dameskoshuis. Sy het my betrek by die verloop van die hele ontevredenheid van studente oor universiteitsklasgelde.

Die jaar 2016 het nuwe moontlikhede vir versoening ingehou.

### 3.7.5 Die jaar van deurbrake

Ek het in 2016 behoorlik rus en vrede in my gemoed ervaar. Dit was van die begin af ‘n besondere jaar vol besondere ervarings. Op die oggend van 1 Januarie het ek die son sien opkom terwyl ek draf. Ek het ‘n oomblik stilgestaan en na die pragtige sonsopkoms oor die rivier gekyk. Cat Stevens se *Morning has broken,* soos gesing deur Stephen Curtis Chapman, kom by my op. Die woorde wat Stephen aan die einde van die lied bygevoeg het, het vir my besondere betekenis gekry:

> *Sing hallelujah the sun is breaking through to take back the dark skies and make everything new. New joy was coming we just have to wait. Now we sing hallelujah because it is a brand-new day. So, let’s sing hallelujah the time now is gone. Creation is singing, so come join in the song. The Father is calling to come out and play. So we will sing hallelujah it’s a brand new day.*

Ek het die opdraande voor my met moed aangedurf. 2016 sou dalk ‘n opdraande jaar wees, maar die son sal helderder skyn soos wat ons vorder. Die lied en die ervaring

die oggend was profeties. Dit was ‘n jaar van afsluiting en versoening maar daar was ook onverwagte ontnugterings.

Gert Minnaar, Pieter Bezuidenhout, Theresa Edlmann en Marius Cornelissen het die nagraadse simposium op 18 en 19 Januarie 2016 op Stellenbosch bygewoon. Die simposium was vir studente wat betrokke was by navorsing oor dienspligtiges. Ons oud-SAW-lede was gekonfronteer met ‘n verskeidenheid ander perspektiewe oor diensplig en die Grensoorlog. Sommige navorsers wat baie negatief gestaan het teenoor diensplig en wat voorstanders van die *End Conscription Campaign* (South African History Online (SAHO) 2011) was, het ook vir die eerste keer kontak gehad met Afrikanermans wat diensplig as positief ervaar het. ‘n Engelse dienspligveteraan het vertel hoe positief die militêre omgewing aanvanklik vir hom was en dat hy dit ondersteun het. Die wedersydse blootstelling aan mekaar se stories was van ontsaglike waarde. Dit het bevestig hoe gepolariseerd ons is en hoe noodsaaklik kontak met mekaar is.

My gesprekke met Wilhelm Verwoerd (1996), kleinseun van dokter Hendrik Verwoerd, was veral insiggewend. Hy het ‘n uitgesproke ANC lid geword. Ek kon verstaan waarom hy van alle mense so ‘n volksverraaier kon word nie. Ons het egter die strydbyl begrawe. Ons het baie in gemeen en kon gesels oor die hartseer en ontnugtering van die Afrikaner. Ons moes die herinneringe van die verlede finaal verwerk.

Wilhelm het die doktorale verhandeling van Willem Boshoff (2011) onder die titel *Gemeentebou en die Begeleiding van Rouprosesse in ‘n konteks van omvattende verandering* onder my aandag gebring. Dit het my ‘n beter perspektief gegee van die rouproses van die Afrikaner volk. Hy het my vertel van sy internasionale ervaring en navorsing in Ierland en ‘n kopie van my boek *Weermagstories* gevra. Ek het sy boek, *Viva Verwoerd? Kronieke van ‘n keuse* (1996) aangeskaf.

Die wye verskeidenheid verteenwoordigers by die organisering van die 16 Junie 2016 inisiatief in Soweto het veroorsaak dat ons eers onder mekaar moes versoen voordat ons op die organisering van die geleentheid kon fokus. Die beplanningsproses was dus reeds een van aanvaarding en versoening. Ek het nuwe vriende in Soweto

gemaak en het weer besef hoe baie ons in gemeen het as ons saam aan versoening begin werk.

Die *"Sing a New (South African) Song*-inisiatief wat op Saterdag 11 Junie 2016 in die *Orlando Stadium* in Soweto aangebied is, was 'n besondere versoeningsgeleentheid. Die doel was om met die 40-jarige herdenking van die 1976-onluste 'n geleentheid van versoening en afsluiting te fasiliteer. Die verrigtinge het reeds vroegoggend by die *Madibane Comprehensive High School* in Soweto begin met die onthulling van 'n gedenkplaat, waar die skolier Abbey Lebelo tydens die onluste gesterf het. Verteenwoordigers van alle rasse, skole, kerke en die veterane van die SA Weermagvereniging (SAWV), saam met internasionale joernaliste, het hierdie geleentheid bygewoon. Daarna het die groep met 'n vredesmars na die Orlando-stadion begin. Dit was 'n feestelike geleentheid in kontras met die tragiese gebeure van die 1976-onluste. Skoolkinders het vrolik en al singend die mars begelei.

Die stalletjies buite die stadion het genoeg te ete en drinke beskikbaar gestel. Dit was 'n duidelike bewys dat die mense van Soweto moeite gedoen het om besoekers tuis te laat voel. In die stadion het daar reeds 'n feestelike atmosfeer geheers toe die optoggangers opdaag. Ongeveer 3 000 mense van verskillende rasse het met busse van verskeie dele van Gauteng opgedaag. Die musiekgroep Onbeskaamd en die Soweto Gospel Choir het die feesgangers in lof en aanbidding gelei. Skoolkinders, verteenwoordigend van alle rassegroepe het 'n vredesvlam in die stadion aangesteek. Dit simboliseer dat die Jeug van 1976 finaal hulle bestemming bereik het.

Die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke (SARK) het die program verder gefasiliteer nadat raadslid Parks Tau, uitvoerende burgemeester van Johannesburg almal verwelkom het. Na 'n boodskap deur biskop Malusi Mpumlwana, sekretaris van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke (SARK), het verskeie vredesboodskappe deur verteenwoordigers van kerke, die jeug, die *June 16 Foundation* en veterane van die dienspliggenerasie gevolg.

'n Video-opname van aartsbiskop Desmund Tutu is gespeel en die sekretaris-generaal van die Wêreldraad van Kerke het 'n boodskap gebring. Jan Malan van die SAWV het die blaas van 'n sofar en die loslaat van wit duiwe vanuit die stadion gefasiliteer. Dit was 'n simboliese handeling wat die nuwe seisoen vir Suid-Afrika aangekondig het. 'n

Swart dogter het saam met Willie Joubert die lied *Daar was 'n houtkruis* in Arikaans en Zoeloe gesing. Anneke Rabe het namens die witmense en Linda Gobodo het namens die swartmense belydenisse gedoen oor die bloedvergieting wat tydens die vryheidstryd plaasgevind het.

Jan Malan het die volgende belydenis voorgelees. Ek identifiseer daarmee. Dit het bygedra tot die afsluiting van my eie '40 jaar van gevangenisskap.' (Malan 2016)

**Veterans Speech – 11 June 2016**

> *Thank you for the opportunity to share and participate in this special event today.*
>
> *We are veteran soldiers. We therefore are professional, well trained, loyal people who were and are still prepared to make the ultimate sacrifice for our country and who have witnessed others making it. We as veteran soldiers are proud of our training, our services rendered, our sacrifices made and our contribution to a democratic country and more peaceful continent. As part of the conscript generation we however do not condone the fact that for some time we were used to defend an unjust system that brought pain and suffering too many and prevented people from living in a free and safe society. Although military soldiers were not involved in the unfortunate events of 16 June 1976 we recognize and regret that we at that time were part of a total system that brought pain to many - also in Soweto.*
>
> *As veteran soldiers we however recognize that all veterans still have a duty and obligation to play a prominent role in South Africa ensuring a prosperous, peaceful, stable and safe society. We realize that at this time and moment in the history of our country, where there is still a lot of pain, mistrust and division between people, that there is an obligation on all South Africans to take hands and work towards nation building and social cohesion. We therefore pledge on behalf of many soldiers of the conscript generation and especially Christian veterans, that we want and are going to participate with all other veterans and veterans' organizations, religious institutions and organizations within society to work towards healing, peace, reconciliation, building of bridges and contributing to a free and safe society for all.*

*We see today as a starting point to take hands with all South Africans and pledge our willingness to cooperate, share and utilize the skills we have obtained as loyal veteran soldiers towards a better future for all. We are willing to play our part in making a difference in cooperation with all other stakeholders. It is a privilege to be able to take each other's hands in singing a new song, of which the veterans want to be part of.*

*We thank you.*

Eerwaarde Moss Ntlha, voorsitter van The Evangelical Alliance of South Africa (TEASA), het spesifiek eers vir die voormalige dienspligtiges gebid en later ook vir die SDU-lede. Dit was vir my ‘n emosionele oomblik. Die herdenkingsgedeelte is afgesluit met die sing van die volkslied. Die reaksie van sommige SAW-veterane was ongelukkig ‘n groot ontnugtering. Jan Malan en die nasionale uitvoerende raadslede van die SAWV, wat betrokke was by die inisiatief, het dit veral gevoel. Selfs binne ons eie vereniging was daar ‘n hewige negatiewe reaksie toe die inisiatief in die nuusmedia bekend word. ‘n Informele groepsfoto van ons in ons SAWV-drag op 11 Junie 2016 is met skerp kritiek op die sosiale media versprei. Ek is prominent op die voorgrond van die foto wat deur ‘n internasionale fotograaf geneem is. Dit het met kommentaar oor die geleentheid in ‘n internasionale dagblad verskyn het.



*Figuur 42: Foto van my wat opslae in die veterane webwerwe gemaak het. Saam met my op die foto is Jan Malan, Hans Henning, Marius van Rooyen en Johan du Preez, almal lede van die nasionale uitvoerende raad van die SAWV.*

Die venynige en afbrekende opmerkings het my onkant betrap en ontnugter. Dis op die sosiale media versprei en op verskeie veteranewebwerwe gepubliseer. Opmerkings oor kruipery voor die vyand en verskonings aan hulle was van alle waarheid ontbloot. Veterane wat so negatief gereageer het, het nie die doel van die hele geleentheid gesnap nie.

Ek was verbaas oor die bitterheid en gebrek aan afsluiting wat onder ons Afrikaners in die sosiale media gereflekteer is. Die reaksie het ook bewys dat ons veterane in verskillende fases van die verwerking van die oorgang was. Ons moet dit in

aanmerking neem in ondersteuning van veterane om afsluiting te kry. Persone wat wel positief was oor wat ons gedoen het, is so oorweldig deur die negatiewe kritiek dat hulle eerder stilgebly het. Daar was dus geen konstruktiewe debat oor die geleentheid nie.

Die betrokkenheid van die SAWV by die Soweto inisiatief was vir ons ‘n goeie leerskool. Op die ou end het die verdeeldheid in ons geledere oorgewaai. Ek is trots op die bydrae wat die SAWV lewer en is opgewonde oor ons verbintenis tot nasiebou en versoening. Die groei in ons ledetal sê ons is steeds op die regte pad met ons leuse: *Veterane wat ‘n beter toekoms skep*.

### 3.7.6 Afsluitingsbesoek aan Namibië

Tydens my navorsing was ek verras toe ek afkom op ‘n artikel oor die Nkongo militêre basis in Ovamboland waar ek ses maande van my grensdiens deurgebring het. Die artikel gee perspektief oor die impak van die SAW in die area volgens die inwoners self. Dit is geskryf deur die historikus Lovisa Tegelela Nampala (2015) onder die titel *Okongo: Case Study of the Impact of the liberation Struggle in the Ohangwena Region*. Dit het ou herinnering teruggeroep. Die tolk Festus, met wie sy ‘n onderhoud gevoer het, was in my tyd daar.

Ek het vir Lovisa ‘n e-pos gestuur en haar bedank vir die artikel. Ek het ook navraag gedoen oor die toestand van die Nkongo-basis en begin droom oor ‘n besoek om finaal afsluiting oor die Grensoorlog te kry. Haar antwoord het my baie opgewonde gemaak. Sy vertel dat die basis nog in ‘n redelike goeie toestand is omdat dit deur padwerkers gebruik is om die *Chandelier t*e teer. Dis die naam wat ons destyds vir die hoofpad tussen oostelike en westelike gedeelte van Ovamboland gegee het. Sy was bereid om my in kontak te bring met mense aan beide kante van die oorlog indien ek die area sou besoek.

‘n Uitnodiging van ‘n dominee in Okahandja om opleiding in die narratiewe proses van storievertel by sy gemeente aan te bied, het my laat wonder of ek dit nie kan kombineer met ‘n besoek aan weermagbasisse nie.

Toe ek my wens om die Nkongo-basis te besoek met my vriende in my omgeegroep deel, het Daan Eksteen aangebied om ‘n toer vir ons te organiseer. So vertrek ek,

Daan en Andrew Bezuidenhout op 30 Junie 2016 op ’n onvergeetlike besoek aan die weermagbasisse in Namibië.

Ons het deur Botswana tot by Windhoek en van daar af na Okahandja, Walvisbaai, Otjiwarongo, Grootfontein, Tsumeb, Ondangwa, Oshakati, Outapi, Eenhana, Nkongo, Rundu, Mpacha, Katima Mulilo en weer terug deur Botswana getoer. Dit was ‘n verkennende besoek om die afsluiting wat so ‘n besoek kan meebring eerstehands te ervaar.

Ek was verbaas oor die politieke beheer van die Namibiese regering en die polarisasie tussen die veterane in Namibië. Almal met wie ek reëlings wou tref het my daarop gewys dat ek eers ‘n skriftelike versoek om toestemming aan die regering moes rig. Dit sou my natuurlik maande neem. Hulle het ons duidelik laat verstaan die regering weet van alles wat in Namibië gebeur. Die regering sal bewus wees van ons besoek en hulle was nie bereid om hulleself in ‘n verleentheid te bring nie.




*Figuur 43: Foto's van die besoek aan die grensbasisse tydens 'n storieverteltoer in Namibië, Julie 2016.*

Ons het verteenwoordigers van die veterane-organisasie van die *Namibia Defence Force (NDF)* besoek. Ek het namens die SAWV met hulle 'n verhouding probeer bou. Hulle het net op die ondersteuning van die SWAPO-veterane gefokus. Veterane van die ou Suidwes-Afrika-gebiedsmag was deel van die ou SAW en is dus nie ondersteun nie. Hulle gebrek aan versoeningsprojekte het my laat besef hoe ver ons wel in Suid-Afrika gevorder het.

Tydens ons besoek aan die *Independence Memorial Museum* van Namibië in Windhoek wat fokus op die anti-koloniale verset en die nasionale bevrydingstryd van

Namibië het ek besef hoe elke groepering sy eie weergawe van ‘n oorlog het. Ek het dieselfde ervaring gehad as *by die Hector Peterson Museum* in Soweto. Die uitbeelding in die museum van ons soldate as wrede onderdrukkers was nie die beeld wat ek van hulle gehad het nie. Dienspligtiges is immers ook in skole, mediese klinieke en verskeie ander SWA-staatsdepartemente ontplooi.

Daan Eksteen was byvoorbeeld in Oshakati as tandarts ontplooi. Hy was nooit by enige wrede gevegte ter onderdrukking betrokke nie. Ek onthou hoe die dienspligtige mediese dokter plaaslike inwoners van die Ogongo-woongebied weekliks in ‘n kliniek buite die basis gratis behandel het.

Aan die anderkant was Koevoet se tereurveldtog. Stories oor die optrede van dienspligtroepe teenoor die plaaslike bevolking het my skaam gemaak. SAW-troepe het hulle beeste sonder vergoeding geslag en het hulle krale met voertuie verinneweer. Watter beeld laat dit na?

Wat het werklik op patrollies gebeur wat nie alles aan die SAW hoofkwartier gerapporteer was nie omdat hulle skaam was daaroor? Dat Nampala (2015) in haar artikel oor die Okongo omgewing erkenning gegee het aan die plaaslike bevolking se verwysing na die bydrae wat die SAW lede van die Nkongo basis tot die opheffing van die omgewing gelewer het, was vir my ‘n troos.

Die storievertelgeleentheid in Okahandja was soortgelyk aan die 61 Meg-skouerskuuraande. Ek kon sien hoe die vertel van stories afsluiting by die veterane bring. Die storie van ‘n voormalige dienspligkapelaan se worsteling met die hantering van lyke was baie treffend.

Namibië het radikaal verander sedert ek 34 jaar gelede daar was. Ovamboland se vooruitgang was verstommend! Daar is moderne inkopie- en besigheidsentrums. Danksy al die ontwikkeling in die gebied kon ons die militêre basis by Oshivello nie identifiseer nie. Niks het my herinner aan die area soos wat ek dit onthou het nie. Die informele *cuca shops* en kroeë met name soos *New Life Bar of Fresh idea Bar* het steeds uitgestaan.

Sonder verwysings sou ons die vorige basisse nie kon vind nie. Buite die Ondangwa-lughawe teen die hoofpad was ‘n verlate wagtorinkie die enigste herinnering aan die

weermagbetrokkenheid in die omgewing. In Oshakati kon ons geen herkenbare bakens van die vorige basisse kry nie. Die verwese bomskuiling van sandsakke kon moontlik deel gewees het van die Sektor 10-hoofkwartier vanwaar die Grensoorlog in Ovamboland gevoer is. By die ou gedeelte van die Oshakati-hospitaal kon ons die moderne tandartsafdeling identifiseer waarby Daan betrokke was. Vir hom was dit ‘n unieke ervaring van afsluiting.


Ek wou graag die 54 Bataljon-hoofkantoor by Eenhana sien. Carel Krige was drie maande lank daar ontplooi en ek het daagliks radio-kommunikasie met hulle gehad. Teleurstelling was groot toe ons uitvind dat dit steeds ‘n weermagbasis is. Geen toegang! Ons ontmoeting met Lovisa Nampala en haar onderwyseresvriendin het egter opgemaak vir die teleurstelling. Sy het bevestig dat die storievertelgeleentheid vir die aand in Okongo gereël in plek was. Sy sou my help om toegang tot die Nkongo-basis te verkry.

Op die *chandelier*, ‘n lieflike teerpad na Okongo, trakteer Lovisa ons met verskeie stories oor die oorlog. Sy ken die area. In ons tyd was die *Chandelier* ‘n grondpad vol landmynkraters waarop ons net kon ry as dit vooraf beveilig was. Lovisa vertel die motorwrakke van die plaaslike bevolking wat deur die landmyne op die pad veroorsaak is, is eers verwyder toe die teerpad gebou is. Sy het ons ook na ‘n gedenkteken by ‘n massagraf geneem. ‘n Groot aantal SWAPO-lede is hier herbegrawe. Hulle onherkenbare lyke is na bewering by die ou SAP- en Koevoet-hoofkwartier in Eenhana opgegrawe.

Die groot hoogtepunt van die dag was my besoek aan die ou Nkongo-weermagbasis in Okongo. Dit was my blyplek vir ses maande. Lovisa kon nie amptelike toestemming kry om die basis te besoek nie. Ons het versigtig om die toegekampte basis gery. Reg rondom die basis was daar duidelike tekens van grootskaalse ontwikkeling. ‘n Graansilo is opgerig op die plek waar die *home guard*-lid en sy vrou die anti-personeelmyn afgetrap het. ‘n Netjiese dubbelverdieping-gastehuis en ‘n groot hoeveelheid informele besighede is langs die teerpad op pad na die ingang van die basis opgerig. Om net in vrede rondom die basis te ry, was al klaar vir my ‘n ongelooflike ervaring. Ons kon dit nie doen in die tyd toe ons daar ontplooi was nie.

Die grondwalle wat die grense van die basis aangedui het, was nog in plek, maar daar was geen teken van die skietbaan en die vullishoop nie.

Ek was veral verbaas oor die vullishoop wat in ons tyd 'n groot seeroog was. Kinders van die plaaslike bevolking het gereeld daarin gekrap nadat ons die vullis daar afgelaai het. Dit was vir my 'n verleentheid, want daar was niks van waarde nie. Die vullishoop is vervang met 'n groot moderne voer- en beeskraal. Dit was vir my simbolies van die vooruitgang. Op 'n plek waar ek 34 jaar gelede gestaan het, is nou 'n teerpad. Hier is 'n landmyn onskadelik gemaak. Daan wil 'n foto neem, maar 'n verskeidenheid informele winkels en stalletjies het die plek van bosse oorgeneem.




*Figuur 44: Collage van foto's van die Nkongo basis 1982 en 2016.*

Die teeroppervlakte van die *tjopperpad* net buite die basis word deur 'n voertuig-bestuurskool gebruik. Hier het die *gunships* (Alouette- helikopter) brandstofaanvulling gedoen, die *rumrun* (Dakota-vliegtuig) ons pos en kos afgelaai en die *flossie* (Hercules-vragvliegtuig) ons kom oplaai het wanneer ons ontplooiingstydperk verby was. Die aanloopbaan was ook nog in 'n goeie toestand.

Ek wonder hoe die Okongo-area sou gelyk het as daar nooit 'n weermagbasis en SAW-ontplooiings in Namibië was nie. Nogtans wil ek graag glo dat ons teenwoordigheid 'n positiewe verskil gemaak het. Lovisa stel voor dat ons dit tog moet waag om die basis binne te gaan. Sy sal toestemming vra by wie ook al in beheer is dat ons die basis mag besigtig.

Die basiese uitleg van die watertoring, stoor, die sandsakbunker waar die hoofkantoor en siekeboeg was, is verwaarloos maar steeds in plek. Ek moes die posisie van die militêre infrastrukture spesiaal vir Daan en Lovisa wys. Die krygsgevangehok, die sementfondasies van die tente en die ammunisiestoor was ook nog daar, maar daar was geen tekens van die militêre infrastruktuur soos die bunkers met die LMG-masjiengewere in die walle en die 80mm-mortierputte nie. Hierdie 'harde' militêre infrastruktuur het heeltemal verdwyn toe die vrede aangebreek het.

Die kombuis en troepemenasie is opgradeer na woonkwartiere vir polisielede wat in die omgewing werksaam is en in die ou siekeboeg woon 'n ma met haar kind. Die volgende dag het ons weer die basis besoek en vir die ma geskenkies geneem. Ek het vir oulaas na dit wat van die basis oorgebly het gekyk en gewonder wat ek regtig verwag het.



*Figuur 45: Die storievertelaand by Okongo. Saam met my op die foto is Festus wat 'n tolk tydens my diensplig was en twee van sy vriende. Agter is Daan Eksteen, Lovisa en Andrew Bezuidenhout.*

Die basis kon nie meer dieselfde gewees het as wat dit was toe ek daar was nie, want die oorlog is verby die wapens is neergelê en die lewe het aangestap. Die verandering aan die basis vir ander doeleindes het 'n vrede anders as nostalgie het in my hart gebring. Die vooruitgang in die omgewing is 'n bewys van vrede.

Die storievertelaand om die kampvuur in Okongo was ‘n besondere geleentheid. Teen die muur van die gastehuis het ek my grenservaring soos tydens skouerskuuraande aangebied. Festus, die tolk, was daar en ons het stories gehoor wat ek nooit sal vergeet nie. In ‘n gemoedelike atmosfeer kon ek finaal afsluiting kry met die besef dat die Grensoorlog die moeite werd was.

Die derde storievertelgeleentheid in die verlate Omega-basis in die natuurreservaat in die Zambezi-streek (die Caprivi-strook), was ‘n hartseerstorie. ‘n Sendeling het die geleentheid gereël. Dit het my hartsnare geroer. Hy het hom ontferm oor die paar Boesmanveterane van 201 Bataljon (spoorsnyers uit Angola) en hulle gesinne wat in Namibië agtergebly het nadat die meerderheid van hierdie eens trotse eenheid in Suid-Afrika hervestig is.

Tydens die geleentheid is ek gekonfronteer daarmee dat hierdie mense nie as veterane erken en behandel word nie. Hulle was in dieselfde bootjie as die veterane van 101 Bataljon (Ovambos), 202 Bataljon en 203 Bataljon (spoorsnyers vanuit Koakoland) en 211 Bataljon (’n multi-etniese eenheid) wat nie deur die Namibiese of Suid- Afrikaanse regering erken is nie.  Lede van my ou 701 Bataljon wat in opstand teen die Namibiese regering gekom het, het selfs in Botswana om asiel aansoek gedoen. My hart het uitgegaan na hulle. Hierdie veterane moes vrede maak met die oorlog wat hulle verloor het. Net soos die dienspliggenerasie het hulle nie erkenning vir hulle opofferings gekry nie.

Ongelukkig kon ek nie toegang tot die voormalige 701 Bataljon basis by Mpacha kry nie maar het darem met nostalgie weer by die bord op die Mpacha-lughawe gaan staan vir ‘n foto. In 1982 is ‘n foto van my daar geneem. Ek het elk geval geen traumatiese herinneringe van die basis gehad nie omdat dit vir ons ‘n veilige ontvlugting van die oorlog in Ovamboland was. Na ons ontplooiing het ons na die basis teruggekeer. Mpacha was ons laaste besoekpunt. Die ontwikkeling daar het my ook verstom. Die ou 701 Bataljon basis was nou ‘n netjiese NDF militêre basis en daarom kon ons nie toegang kry nie. Ek het ook die olifante op pad na Katima Mulilo gemis.

Op Maandagoggend, 11 Julie 2016, was daar ‘n besonder mooi sonsopkoms oor die natuurskone oewer van die Zambezi soos so dikwels tydens my ontplooiing by 701 Bataljon net buite Katima Mulilo. Ek het verlang na my makkers met wie ek so baie

gedeel het. Saam het ons op die rivier geleer ski, ons het visgevang en saam ons jong soldatelewe geniet. Alles wat ons in Namibië ervaar het, was nie net negatief nie. Die lied *Morning has broken* van Cat Stevens en die ervaring wat ek op 1 Januarie 2016 gehad het, het weer by my opgekom en ek was dankbaar oor die ervaringe van afsluiting.

Ek wou graag meer doen om my afsluiting en vrede met my medeveterane te deel. My verkenning vir ‘n moontlike afsluitingstoer was suksesvol. Die waarde daarvan kan nie onderskat word nie. Die jaar was egter nog net halfpad en daar het nog ‘n interessante opdraande stryd in Suid-Afrika gewag.

### 3.7.7 Sal daar ooit vrede wees?

Die amper histeriese selfoonoproep van Roelize vanuit haar koshuiskamer is nie wat ek om halfses die oggend wou hoor nie.

“Pappa daar is chaos hier in die straat voor ons koshuis. Swartmense is besig om padtekens uit te ruk, bakstene deur die venters van die voertuie in die straat te gooi en selfs bome aan die brand te steek. Wat moet ons doen? Hoe gaan ek vandag by my klasse uitkom?”

Dit het my teruggeruk na dinge wat ek gereeld in die 80tiger en vroeg 90tiger jare ervaar het. Die bekende gevoelens van magteloosheid, woede en bitterheid van die oorgangstydperk wat ek gedink ek verwerk het, was skielik weer terug. Nadat hulle die vorige aand ‘n nagwaak voor Erika-koshuis gehou het, het swart oproeriges van die EFF toegang tot die straat met brandende binnebande versper en chaos veroorsaak.

”Waar is die polisie?”

“Hulle is nêrens te sien nie.”

Haar antwoord was vet op die vuur. Nadat ek haar en haar omgekrapte vriendinne gekalmeer het, het ek die Brooklyn polisiestasie gebel. Hulle was reeds bewus van die situasie en op pad, maar magtelose woede het in my ontstaan. Ek het gesukkel om dit onder beheer te kry. Wanneer sal die sinnelose geweld en beskadiging van onskuldige mense se eiendomme en voertuie ophou? Waarom word die EFF

toegelaat om weer met 'n gewelddadige stryd te begin? Wanneer sal daar werklik vrede in ons land wees? Dit alles het deur my kop gemaal.

Roelize en haar vriendinne was gelukkig veilig op die sewende verdieping. Vandaar kon sy my op hoogte hou. Die polisie het met hulle onlusbestande Njala-voertuig die situasie vinnig onder beheer gebring. Tipiese studente het Roelize-hulle gou veilig gevoel. Toe hulle hoor dat hulle klasse tot later kennisgewing afgestel is, het hulle die gebeure vinnig verwerk en die situasie begin geniet.

Nadat ek verseker is van hulle veiligheid en dat die situasie onder beheer is, het ek besluit om steeds na die universiteitsbiblioteek te gaan om boeke terug te handig. Toe die swart sekuriteitswagte by die ingang van die biblioteek my toegang weier en vra dat ek eers 'n brief by my dekaan moet kry, ontplof al die opgeboude woede in my!

My woede-uitbarsting het my laat skrik vir myself. Gelukkig het ek myself betyds onder beheer gekry. Hierdie ervaring was vir my 'n groot ontnugtering. Ek het skaam gevoel. Dit is nie hoe ek wil optree nie. Ek het later besef dat hierdie eerste woede-uitbarsting nog meer verleentheid sou bring. Hierdie was die begin en 'n groot laagtepunt-ervaring vir 2016.

Hier stop ek my afsluitingstorie. Ek sal die dokument en die laaste gedeelte van die lewensgrafiek vir Hendrik e-pos. Hy moet weet dat my onbeheerste woedebuie die werklike rede vir my besoeke was. Ek sal dit in die e-pos noem. Die e-pos moet behoorlik geformuleer word.

**New Message**

To Hendrik Kruger <hendrik.krug@gmail.com> Cc Bcc

Subject Afsluitingstorie

Beste Hendrik

Baie dankie vir al jou insette en die geleentheid om my afsluitingstorie te skryf. Ek dink dis nou die regte tyd daarvoor. Die dokument en die toepaslike gedeelte van my lewensgrafiek is aangeheg. Ek voel ons het baie ver gevorder, maar ek was nie heeltemal eerlik met jou nie. Die hoofrede van my afspraak met jou was onlangse onbeheerste woedebuie wat 'n verleentheid geword het.

Ek sal jou terugvoer op my afsluitingstorie waardeer. Ek wil graag so gou moontlik die redes vir my woedebuie met jou bespreek. Dis tans my grootste uitdaging.

Groete

Roelf

Sy spoedige antwoord het my hoop gegee.

**Inbox**

| | |
|---|---|
| From | Hendrik Kruger <hendrik.krug@gmail.com> |
| To | Me <rpgschoeman@gmail.com> |
| Subject | Afsluitingstorie |

Beste Roelf

Dankie vir die dokumente. Ek dink die skryf daarvan het jou perspektief gegee. Daar het nou reeds afsluiting plaasgevind. Ek het begrip vir jou verleentheid oor jou woedebuie en sal graag tydens ons volgende sessie daaroor met jou wil gesels. Ons is terug in die beskawing en Erika sal met jou 'n afspraak maak.

Groete

Hendrik

Erika het 'n afspraak vir 3 Mei om 09:00 gemaak. Nadat ek die e-pos gestuur het, was ek dankbaar vir die langnaweek sodat ek net weer tot verhaal kon kom. My afsluitingstorie het getoon hoe ver ek al op die pad van versoening gevorder het. Dit was steeds 'n intense en emosionele proses.

Op pad na Hendrik het my gedagtes onwillekeurig teruggegaan na die ontbyt vir militêre veterane op 14 Januarie 2017. My siening van die verantwoordelikheid oor my eie lewe het daar verander en dit het die finale deurslag gegee aan my proses van afsluiting. Hendrik en ons onderlinge vriend, Manus, se praktiese illustrasie van die posisieskuiwe van Daniel Louw (Frankl 1947) het 'n groot invloed op my besluitneming gehad. Ek besluit om finaal weg te beweeg van die slagoffermentaliteit en dinge in my

lewe onder die loep te neem. Die onverwagte woedebuie was ‘n terugslag. Ek vertrou dat Hendrik my daarmee sal kan help.

Die verkeer onderbreek nie my gedagtes nie. Ek onthou die konferensie op 31 Maart 2017 wat deur die *Human and Sciences Research Council (HSRC) by Freedom Park* aangebied is. Weer besef ek hoe waardevol skakeling met ander navorsers is. Die onderwerp van die seminaar was *Intergenerational trauma and memory: Implications for social cohesion in contemporary South Africa.* Die seminaar was ‘n hoogtepuntervaring in vele opsigte. Veral Kim Wale en Sharlene Swartz het waarde toegevoeg tot my proses van genesing en my begrip van die ondersteuning van veterane om afsluiting te kry.

Kim Wale (2016) het navorsing gedoen oor die lewensverhale van die vryheidsvegters (SDU-lede) wat in die 80tiger en 90tiger jare in die vryheidstryd in van die townships in die Wes-Kaap betrokke was. Haar stories van die ontnugtering van SDU-lede na 1994, het weereens bevestig hoeveel ons dienspligveterane en die SDU-veterane in gemeen het. Ek het gewens die dienspligveterane kon hierdie stories hoor.

Die sosioloog en navorsingsdirekteur van navorsingsprogramme by die Human Science Research Council (HSRC), Sharlene Swartz (2016), se aanbieding tydens dieselfde seminaar het my baie opgewonde gemaak oor hoe ons prakties ‘n bydrae tot versoening en sosiale kohesie kon lewer. In haar boek *Another Country: Everyday Social Restitution* stel sy haar model bekend om gesprek te bevorder en gee praktiese riglyne om gesprekke tussen verskillende groepe te bewerkstellig (kyk Swartz 2016; 150-179). Haar model het my gehelp om myself as ‘n slagoffer, toeskouer, skuldige of teenstander van apartheid te identifiseer. Dit was ook ‘n ysbreker vir gesprek met veterane. Ek kon nie wag om hierdie model in ‘n groepsgesprek uit te toets nie.

My geleentheid daarvoor het gouer gekom as wat ek verwag het. Die leier van die manne-omgeegroepe waarby ek betrokke is het voorgestel dat ek dit vir hulle aanbied. Dit was ‘n veilige omgewing en ek het geweet ek sou eerlike terugvoer kry. Ek het die aanbieding in drie sessies ingedeel, Tydens die eerste sessie het ek Daniel Louw se model oor posisieskuiwe gebruik onder die titel *Kies die lewe*. In die tweede sessie; *Jou storie kan jou gesond maak,* het ek die waarde van storievertel uitgelig. Die laaste sessie oor *Versoening*, na aanleiding van Sharlene Swartz (2016) se model, het ek

met groot huiwering aangepak. ‘n Paar manne het nog gesukkel met die hele konsep van versoening.

Die aanbieding van die drie sessies is baie positief deur die manne ervaar. Ek was veral verras oor die laaste sessie oor versoening. My benadering om elkeen die geleentheid te gee om hulle eie posisie as slagoffer, toeskouer, skuldige of teenstander van apartheid te identifiseer het goed gewerk. Die manne het spontaan gereageer omdat hulle nie gevoel het hulle is deur iemand anders gekategoriseer nie.

Die reaksie van die groep het my die vertroue gegee in die model van ondersteuning wat ek vir veterane in gedagte het. Dit behoort net verder verfyn te word tot ‘n bruikbare proses van ondersteuning van veterane om afsluiting te kry. Hierdie gedeelte van my afsluitingstorie het ek nie in die dokument wat ek vir Hendrik gestuur het ingesluit nie. Ek dink daaraan toe ek voor Hendrik se tuinhekkie stilhou.

”Môre, goed om jou weer te sien,” sê Hendrik. “Dankie vir jou afsluitingstorie. Dit was nogal insiggewend.” merk hy op terwyl ons na sy spreekkamer toe stap. “Ek het nie besef jy het al so ver op jou afsluitingspad gevorder nie. Dankie ook vir jou eerlikheid oor jou woedebuie, ek dink ons is nou op ‘n goeie plek om daaroor te gesels,” merk hy op. “Wat dink jy van die verskuiwings in my studeerkamer?

“Ek dink dit maak nogal ‘n verskil. Vroeër het jy oor die tuin uitgekyk en nou kan ek jou pragtige tuin beter sien,” antwoord ek.

“Dit is juis die idee. Kom ons gesels verder oor vandag se sessie.”

“Soos ek in die e-pos genoem het, is my woedebuie die werklike rede vir my besoeke. Dit was aanvanklik nie ‘n probleem nie maar het later handuit geruk.”

“Het jy enige woede-uitbarstings gehad sedert ons met ons sessies begin het” vra hy ‘n vraag wat ek nie verwag het nie.

“Nee, noudat ek daaraan dink nog nie weer nie. Dit lyk my jou sessies hou my uit die kwaad uit.”

“Ja, dit lyk so. Ek dink nie jy moet meer bekommerd wees oor jou woedebuie nie. Woede word gewoonlik deur een of ander *trigger* veroorsaak. As jy dink aan die

omstandighede waarin jou woede-uitbarstings voorgekom het, wat was die *trigger* wat dit gewoonlik veroorsaak het?"

Dit het my 'n ruk geneem om behoorlik terug te dink en 'n *trigger* te identifiseer.

"Enige vorm van onreg. Wanneer iemand my of iemand anders onregverdig behandel, sien ek rooi!" Ek is verbaas oor hierdie nuwe insig.

"Het hierdie onregverdigheid waarvan jy praat iets te doen met die manier waarop julle as dienspligveterane en wit mans behandel is en steeds word en met jou bitterheid daaroor?" vra Hendrik.

"Vir seker. Ek kry eers 'n magtelose gevoel en word dan kwaad omdat die politici of die mense wat iets daaraan moet doen niks doen nie."

"Jy is nie 'n uitsondering nie. 'n Hele paar van my kliënte sukkel om 'n greep op die verwikkelinge in Suid-Afrika te kry. Woedevlakke in Suid-Afrika is tans baie hoog."

"So dit wat ek ervaar is normaal?" vra ek.

"Vir seker. Het jy al hierdie boek *Kookpunt: Nadenke oor woede, "n Gelowige reaksie van 'n ontnugterde nasie,* van die praktiese teoloog professor Cas Wepener (2015) gelees?"

"Nee nog nie. Ek wil graag 'n foto van die buiteblad neem. Jy is nogal op hoogte van boeke wat in praktiese teologie verskyn."

"Ja, ek hou nogal daarvan om nuwe boeke te lees in vakgebiede wat ek dink my beradingsperspektief kan aanvul. Cas Wepener (2015) begin sy boek hier in die inleiding met die vraag *Wie is die kwaadste?* Hy wys daarop dat mense reeds voor die jaar 2000 met die *Boetman-debat* kwaad was en 15 jaar later, met die verskyning van sy boek is daar steeds mense wat kwaad is. Wat die voormalige dienspligtiges betref sê hy: 'Dit is duidelik dat daar 'n hele boel ekstroepe, -korporaals en -luitenante is wat werklik kookpunt bereik het' (Wepener 2015:15). So, jy is nie die enigste een wat 'n uitdaging met woede het nie, Roelf. Daarvan kan ek jou verseker. Die vraag is nie hoekom ons kwaad word nie, maar eerder hoe ons die energie van ons woede beter kan aanwend. Voor ons daaroor praat; Cas Wepener maak ook waardevolle

opmerkings oor waar ons tans ten opsigte van versoening en transformasie staan. Hy bevestig wat ek en jy reeds bespreek het dat mense en groepe nie in een skema of fase-model ingedwing kan word nie. Woede kan nie tot een fase beperk word nie (kyk Wepener 2015:32-33). Hoor hierdie opmerking van hom: *Versoening is 'n reis, 'n bitter moeilike, lang en steeds voortgaande reis waarin die ideaal van 'n gelukkige einde of sogenaamde afsluiting nie werklik haalbaar is nie."* Hendrik sit die boek neer (Wepener 2015:56).

"Sjoe! Dit maak nogal sin. Ek het al begin wonder of versoening in Suid-Afrika werklik moontlik is. Dit maak my soms moedeloos."

"Ek dink jy sal saamstem met Cas Wepener se vraag of dit nie nodig geword het om mense te ondersteun om van hulle woede ontslae te raak nie," gaan Hendrik voort.

"Ja. Ek besef ek behoort ook 'n uitlaatklep vir my woede te identifiseer, want anders sal dit weer tot uitbarsting kom en my in 'n verleentheid bring. Ek moet maar weer begin draf en oefeninge doen. Ek wens net van die veterane besef die sosiale media is nie 'n gesonde uitlaatklep vir die woede en bitterheid nie. Ons behoort gesonde uitlaatkleppe vir veterane te identifiseer en te ontwikkel om hulle te ondersteun om op 'n meer gesonde manier van hulle woede ontslae te raak."

"'n Goeie begin kan wees om 'n veilige omgewing te skep waar hulle met vrymoedigheid al hulle frustrasies kan deel," stel Hendrik voor. "Gaan lees die boek van Cas Wepener oor woede, Roelf. Ek vertrou jy sal meer begrip kry oor jou woede in die konteks van wat in Suid-Afrika gebeur."

Die gesprek oor my woede-uitbarstings was 'n anti-klimaks. Ek het nie gedink ons sou dit so vinnig afhandel nie.

"Vandag is ons laaste sessie," draai Hendrik die gesprek, maar ek onderbreek hom.

"Net 'n oomblik, Hendrik. Ek wil eers iets van my hart af kry voordat ons aangaan. Dankie vir jou insette vandag jy het my 'n nuwe perspektief oor woede gegee wat ek lankal nodig gehad het. Dit is bevrydend vir my."

“Dis ‘n groot plesier. Jy sal sien van hier af gaan dit net beter. Kom ons kyk terug na ons ontdekkingsreis sover. Onthou jy jou opmerking oor die gevleuelde woorde van oudpresident Paul Kruger (1904) van die ZAR tydens sy laaste boodskap aan die Afrikaner-volk? Ek dink ons ontdekkingsreis kom daarop neer. Kom ek lees dit weer. *Want wie vir hom ‘n toekoms wil skep, mag die verlede nie uit die oog verloor nie. Daarom: Soek in die verlede al die goeie en die skone wat daarin te ontdek is, vorm daarna u ideaal en probeer om daardie ideaal vir die toekoms te verwesenlik.* Weet jy wat my getref het toe ek weer hierdie aanhaling lees?” vra Hendrik. “In die narratiewe benadering volg ons beraders eintlik Paul Kruger se raad. Ons ondersteun ‘n persoon om die *goeie* en die *skone* in die verlede te ontdek wat ons *unieke uitkomste* noem en daarmee ‘n nuwe *alternatiewe storie* van hoop te ontwikkel.”

“Die persoon word dan aangemoedig om hierdie *ideaal* (alternatiewe storie) te verwesenlik, nê?” -Ek ken ook die narratiewe proses.

“Presies. En dit is wat ek besef het. Ons het in ons ontdekkingsreis die hoogtepunte (*goeie* en *skone*) van jou storie ontdek en onbewustelik al aan jou nuwe lewenstorie begin werk. In afsluiting van ons ontdekkingsreis wil ek hierdie hoogtepunte uitlig en jou aanmoedig om jou lewenstorie met jou toekomsstorie te voltooi. Kom ons gaan eers weer terug na jou lewensgrafiek en gesels oor die hoogtepunte.”

Hy trek my lewensgrafiek op die koffietafel nader.

“Ons begin die ontdekkingsreis met jou verledestorie. Dis ‘n mooi storie van ‘n hegte stabiele gesin met sterk geestelike waardes. Jy het dit aanvanklik negatief ervaar dat julle gesin gedink het dat julle godsdienstige beskouinge ‘anders’ as die ander gesinne s’n was. In jou skooljare het jy nie enige traumatiese ervaringe of laagtepunte gehad nie.” Hendrik kyk na my lewensgrafiek en sy aantekeninge.

“Nee wag daar was ‘n laagtepunt. Bles, my ryperd, is in 1971 dood. Hy was my grootste vriend in my Laerskooljare. Ek het jou nog nie dáárvan vertel nie. My ouers kon nie verstaan hoekom ek so hartseer was nie.”

“Wag, wag, Roelf. Ek besef dit moes traumaties gewees het, maar ons kan nie nou daarby stilstaan nie. Ons is reeds met ons afsluiting besig.” Hendrik help my fokus. “Julle familie is lief vir stories, jou blootstelling aan hulle stories, jou betrokkenheid by

skoolkadette en jou navorsing oor die geskiedenis het veroorsaak dat jy ‘n groot patriot was na jou universiteitloopbaan. Jy was geestelik, emosioneel en selfs fisies gereed vir jou diensplig te doen en daarom was jou diensplig nie vir jou ‘n traumatiese ervaring nie.”

“Ja, my diensplig was goeie karraktervorming en het my ‘n beter mense gemaak,” vul ek in.

“Hoewel jou aanpassing in die samelewing na jou diensplig ‘n uitdaging was, was jy nie ‘bossies’ nie. Jy het ook nie aan PTSV gely nie en was daar verskeie hoogtepunte in hierdie tydperk. Die laagtepunt in hierdie tyd was die afkondiging van die noodtoestand in 1986.” Hendrik wil nie net oor die hoogtepunte praat nie. “Jy het gevoel jy en jou politieke sienswyse wat reeds tydens jou diensplig verander het, pas nie meer in by die konserwatiewe gemeenskap van Brits nie. Jou studies van die bevrydingsbewegings het jou die geleentheid gegee om weer by die Weermag aan te sluit. Toe julle huweliksprobleme ervaar, het jy en Annie besluit om Pretoria toe te skuif en daar met ‘n nuwe lewe te begin,” brei Hendrik verder uit.

“Dit het toe nie gewerk nie en ek en Annie is later geskei,” bring ek weer ‘n laagtepunt in. Hoekom neem Hendrik my storie oor?

“Roelf, ek wil vra dat jy my nie aanhoudend onderbreek nie. Laat my toe om eers ‘n nuwe storie sonder die laagtepunte te bou. Daarna kan jy kommentaar lewer. Jou traumatiese ervaringe het begin toe jy ‘n staandemag-lid geword het en aan die werklikhede van die onstuimige en gewelddadige politieke oorgangsproses van 1990 tot 1994 blootgestel was. Veral 1992 was ‘n donker jaar met baie traumatiese ervaringe, maar 1993 was weer ‘n jaar van positiewe besluite en deurbrake waar ons die *goeie* en *skone* van jou ervaringe kan raaksien. Ondanks al jou negatiewe ervaringe soos toe Chris Hani se dood die land amper in ‘n burgeroorlog gedompel het, het jy die jaar as ‘n persoonlike hoogtepunt ervaar. Die hoogtepuntervarings soos jou huwelik met Elize, die besoek aan Israel en jou betrokkenheid by jou kerk het jou lewe weer sinvol gemaak het. Dit het jou in staat gestel om die ontnugtering van die politieke oorgangsproses, transformasie en integrasie in die SANW te hanteer. Die nuwe regering en die WVK se hantering van die ou SAW en veral dienspligtiges in die tydperk 1994 tot 1997 was vir jou ‘n ontnugtering en selfs traumaties, maar jy het dit

so goed hanteer dat jy 1997 as ‘n hoogtepunt van sin en betekenis beskou het. Ek wil jou gelukwens met die manier waarop jy alles hanteer het. Jou lewensgrafiek wys die draaipunt het in 1997 gekom en die begin van jou nuwe seisoen van afsluiting begin. Laagtepunte soos jou aflegging en ander uitdagings het jou nooit weer so platgeslaan soos in 1992 nie. Jou werksomstandighede het nie uitgewerk soos jy verwag het nie en dit het ‘n invloed op jou hele lewensbeskouing gehad maar jy het steeds op jou geestelike fondament teruggeval. Jou Godsvoorstelling wat skeef getrek het, het weer in 2009 begin herstel en jy het ‘n paar keuses gemaak wat jou lewe weer rigting gegee het. Wat dink jy van my opsomming sover?”

“Dankie vir hierdie perspektief, Hendrik. Ek besef nou wat my in hierdie stormagtige tyd vastrapplek gegee en staande gehou het.”

“Roelf, ek geniet hierdie ontdekkingsreis saam met jou. Wat vir my uitstaan, is die manier waarop jy na 2009 oop was om nuwe moontlikhede te ontdek en aanpassings te maak. Hierdie gesindheid het jou afsluitingsproses vergemaklik.”

“Ja, as ek nou daaraan terugdink, het ek onbewustelik ‘n nuwe identiteit begin ontwikkel. Dit het my lewe sinvol gemaak.”

“Die skryf van Weermagstories het jou gehelp om vrede met die Grensoorlog te maak. Daarna het jy die bitterheid oor die oorgangsproses en die hantering van dienspligtiges begin verwerk.”

“Dit is interessant hoe spesifieke jare soos 2009 uitstaan né?”

“Ja, jy is reg. 2016 was weer ‘n woelige jaar maar dit was jou jaar van afsluiting en die jaar waarin jou betrokkenheid by versoeningsinisiatiewe momentum begin kry het,” bevestig Hendrik my opmerking. “So ek weet nie werklik hoekom jy ‘n afspraak met my gemaak het nie, want jou lewe is reeds behoorlik uitgesorteer.”

“Klink miskien ironies, maar ek is dankbaar dat my onbeheerde woedebuie veroorsaak het dat ek met jou ‘n afspraak gemaak het. Tydens ons sessies het ek verskeie nuwe perspektiewe gekry oor myself, die aanpassing wat ek gemaak het en nog moet maak. Ek glo ek sal in die toekoms my emosies beter hanteer,” brei ek uit.

“Dat jy sedert ons sessie nog nie weer ‘n woede-uitbarsting gehad het nie, is vir my bemoedigend. Ek vertrou saam met jou dat dit nie weer sal handuit ruk nie. Die huiswerk wat ek jou nou ter afsluiting wil gee, Roelf, is om jou toekomsstorie te gaan voltooi. Gaan leef die ideaal vir jou toekoms uit. Jy het reeds ‘n goeie ondersteuningstruktuur ontwikkel. Ek is ‘n kliniese sielkundige en nie ‘n pastorale berader nie, maar ek is ook ‘n Christen en jy het my aan Steven Curtis Chapman se musiek bekendgestel.” Hendrik verras my deur ‘n CD-kompakskyf uit te haal en die woorde van die lied op die inhegsel te lees:

> *Just listen to what I’m whispering to your heart, ‘Cause I know this is not anything like you thought the story of your life was gonna be. And it feels like the end has started closing in on you. But it’s not true. There’s so much of the story that’s still yet to be unfold. And this is going to be a glorious unfolding. Just you wait and see and you will be amazed. You’ve just got to believe the story is so far from over. So hold on to every promise God has made to us. And watch this glorious unfolding.*

“Dankie, Hendrik, vir hierdie lied. Ek glo ek gaan ‘n nuwe ontdekkingsreis tegemoet waaroor ek baie opgewonde is en dankie vir al jou insette. Ek glo dit sal my uit die kwaad hou. Ek wil net ‘n foto neem van die voorblad van die boek van Cas Wepener. Ek gaan vir seker een aanskaf.”

Hendrik stap soos in die verlede saam tuinhekkie toe en groet.

“Skakel my gerus weer vir ‘n afspraak as dit nodig sou wees. Sterkte met jou toekoms.”

Hierdie sessies met Hendrik was deur en deur die moeite werd.

My eerste doelwit nou is om my toekomsstorie met Elize te bespreek. Ons is mos ‘n span en sy sal haar insette moet lewer. Daarna wil ek al die kennis wat ek tydens my ‘ontdekkingsreis’ met Hendrik opgedoen het, inwerk in die ontwikkeling van ‘n pastorale ondersteuningsproses vir veterane. Daar is steeds politieke woelinge en *triggers* wat my kan ontstel en my bloed sal laat kook, maar ek voel beter toegerus om die uitdagings te hanteer en sien uit om die ondersteuningsproses vir militêre veterane verder te neem.

Onwillekeurig kom die lied van Jo Black *Bring die hoop weer terug* by my op. Roelize het dit onlangs op my geheuestokkie gelaai. Ek speel dit op my motor se CD-speler:

*Hoop, wat is hoop, dis die wens dat die son weer opkom.*

*Hoop wat is hoop dis dat vrede by ons uitkom.*

*Hoop dis die samesyn voor 'n wêreldbeker eindstryd.*

*Hoop dis die taal van 'n hart dis die gees van 'n man wat uitskree*

*Bring die hoop weer terug.*

*Daars 'n oorlog hier binne my*

*Dis vir jou wat teen jouself baklei*

*Ek sê vir jou jy is goed genoeg*

*So bring die hoop weer terug*

*Jy's die lig in die donker gang*

*Jy is die baken wat op die heuwel staan*

*Ek sien die mens wat jy nog kan wees*

*So bring die hoop weer terug*

*Hoop, wat is hoop dis as ons harte na mense terugdraai*

*Hoop, wat is hoop as jy struikel sal jy weer opstaan*

*Hoop wees die hoop steek jul hande uit na mekaar*

*Hoop dis 'n stem wat sê as jy moeg is sal ek jou dra*

*Bring die hoop weer terug*

Toe ek myself kry, is ek besig om die lied saam te sing. Ek besef wat Suid-Afrika en die militêre veterane nodig het, is hoop en samewerking. Ek hoop ek sal 'n bydrae kan lewer om hoop en sin en betekenis in die uitdagende omstandighede waarin ons lewe te bring.

### 3.7.8 Dit was alles die moeite werd

Dit is 13:00 op 24 Mei 2018. Ek sit in die vertreksaal van die Hosea Kutako internasionale lughawe in Namibië en wag op my vlug na Oliver Tambo Internasionale lughawe in Suid-Afrika. Dit was 'n besondere toer saam met die 61 Meg VV na die

slagvelde van Angola. Dit is warm en bedompig in die besige vertreklokaal. ‘n Paar van ons wag vir die 14:55 vlug.

“Dit is maar ‘n klein vertreksaal,” sê ek vir Daan Eksteen. Ons twee het ‘n tent gedeel tydens die toer.

“Ja, maar jy moet onthou Namibië het maar net ‘n bevolking van ongeveer 2,7 miljoen mense en hier land ook nie baie internasionale vliegtuie nie.” Daan ken Namibië. Hy besoek die land gereeld.

Ons het reeds al die inboeksprosesse vir die vlug afgehandel en het nog ongeveer ‘n uur en ‘n half voordat ons aanboord gaan. Ons toer het amptelik die vorige aand met ‘n braaivleis geëindig en ons is almal haastig om by die huis te kom. Ek gaan hierdie besondere groep manne met wie ek 14 dae lank in baie uitdagende omstandighede in Angola getoer het, mis. Ek haal my tablet uit om my gedagtes aan te teken.

Die vertreksaal is nogal bedrywig maar ek sien uit daarna om my warboel van gedagtes oor die toer te orden. Gert Minnaar, wat voor my sit en rustig op sy selfoon besig is, het my van die toer vertel en aangeraai om daaraan deel te neem omdat hy weet sommige van die ouens ondersteuning nodig het om afsluiting te kry. Ons het beplan om ‘n atmosfeer te skep waarin die ouens konstruktief hulle stories kon vertel en afsluiting kon ervaar. Verder was ek ‘n randfiguur wat wou waarneem wat hulle ervaar en hoe hulle sover die nalatenskap van die Grensoorlog hanteer en verwerk het.

Op 10 Mei het ons hier op die Hosea Kutako internasionale lughawe geland. Ons is die aand deur die *Blacksheep Windy ‘ole shellhole van die Memorable Order of the Tin Hats (MOTH)* verwelkom. Hulle is ‘n veterane-organisasie van Windhoek en het ons onthaal voordat ons die volgende dag by die res van 94 toergangers met 24 voertuie by Rundu aangesluit het. Ons was ‘n unieke groep.



*Figuur 46: Die twee vistenks waarin ons baie ure deurgebring het.*

Twee spesiaal toegeruste 4x4 Toyota Land Cruisers het ons vervoer. Elkeen kon 10 man vervoer. Drie logistieke voertuie was deel van ‘n toerpakket binne die groter toergroep. Die res van die toergroep het van oor die land gekom en hulle eie informele groepering met hulle eie privaat voertuie gevorm. Die ander groep het na ons twee Land Cruisers as *vistenks* verwys. Hulle het groot kantvensters gehad. Ons groep was die *vistenkers* genoem.

Daan Eksteen wat in 2016 saam met my deur Namibië getoer het, het saamgekom. Ek was bly want ek was bang dat ek die enigste lid in die groep sou wees wat nie ‘n lid van 61 Meg Battaljon was nie. Op die ou end was daar vier van ons. Ons is almal onvoorwaardelik aanvaar en deur die groep ingetrek. Weereens was dit ‘n bewys van die gesindheid van hierdie besondere veteraanfamilie. Onder ons was Deon Lamprecht, ‘n joernalis wat artikels oor die toer wou skryf, Kobus Rudolph, ‘n gewese omroeper van ‘n radiostasie wat die stories wat ons om die kampvuur vertel wou opneem en ‘n afgetrede weermagreservis wat ook ‘n bewaringskundige is. Ek en Daan en die drie ander manne was van die oudstes in die toergroep. Die res van die groep was hoofsaaklik voormalige dienspligtiges van die laat tagtigerjare wat by operasies in Angola betrokke was.

In die twee weke van die toer is ek oorweldig deur ‘n magdom ervarings en stories. Ek sal net die hoogtepunte kan uitlig. “Miskien moet ons bietjie sing terwyl ons wag,” sê Kobus tong in die kies.

Dit herinner my aan die wonderlike saamsing in die aande om die kampvuur.

Die twee *vistenks* het hulle eie name en selfs vlaggies gekry en ek het in die *Miskruier*-vistenk beland. By ons was ses vriende wat by Operasie *Hooper* van einde 1987 tot die middel van 1988 betrokke was. Vir hulle was die toer ‘n reünie en die 30-jarige herdenking van Operasie *Hooper.* Hulle was toe 18 jaar oud. Die hoofdoel van hulle toer was om weer by ‘n ratel-gevegsvoertuig wat op die slagveld agtergelaat was uit

te kom. Hulle vriend, Mielies, tweede-luitenant Muller Meiring, was een van die laaste slagoffers van die oorlog in Angola. Sy *ratel* is tydens die laaste gevegte in Angola uitgeskiet en daar agtergelaat. Hulle wou by sy *ratel* uitkom en daar vir hom totsiens te sê.

Reeds die vorige aand in Windhoek het hierdie manne hard gekuier en ons tot in die vroeë oggendure wakker gehou. Toe hulle agter in die vistenk langs die yskas vol drank loop sit, was ek bekommerd. Gelukkig het ek die vorige aand met die Steph Rossouw en Len Robberts van Charlie-eskadron van 61 Meg gesels. Hulle was betrokke by die skryf van Leopold Scholtz (2017) se boek *Ratels aan die Lomba.* Dis die storie van Charlie-eskadron tydens operasie *Modulêr* wat operasie *Hooper* voorafgegaan het. Len en Steph het my vertel dat die ouens van operasie *Hooper* veral baie swaar gekry het omdat hulle sonder enige behoorlike voorbereiding aan die diep kant van die oorlog ingegooi was.

Die eerste dag in ons vistenk was een groot spontane ysbreekgeleentheid en ek was verbaas hoe vinnig ons mekaar beter leer ken het. Die grappe en humor het gou skanse afgebreek en ‘n besondere eenheid bewerkstellig. My kennis van soldaatwees as infanteris en die feit dat ek ook ‘n dienspligtige was, het blykbaar by hierdie manne van operasie *Hooper* geloofwaardigheid geskep om oop te maak en hulle stories te vertel.

Hulle het spontaan oor hulle ervarings as dienspligtiges begin praat, en ek het besef dat hulle veilig genoeg voel om hulle stories te deel. Ek kon vrae vra en hulle aanmoedig om hulle gevoelens te deel. Ek was verbaas oor ervarings wat hulle as pelotonbevelvoerders, drywers, seiners en kanonniers met mekaar gedeel het. Rangstrukture het vinnig verdwyn en emosies van troepe en offisiere het begin loskom. Almal in die vistenk is tot ‘n eenheid saamgesnoer.

Op ‘n stadium het dit gevoel asof ek heilige grond betree toe die een ou aangedaan sê dat dit die eerste keer sedert sy diensplig was, waar hy werklik sy gevoelens met iemand deel. Ek kon nie glo watter ervarings sommige van die 19-jarige pelotonbevelvoerders deurgemaak het nie. Die een het vier troepe in een geveg verloor. ‘n Ander se een *ratel* is deur ons eie magte raakgeskiet. Een van sy troepe is gedood en ‘n ander ernstig gewond. ‘n Ander pelotonbevelvoerder se *ratel* is deur ‘n

Mig 21 vegvliegtuig raakgeskiet. Sy drywer en kanonnier is weens stres en hitte-uitputting afgevoer. Nadat hulle vervang is, was hy weer by die geveg betrokke en het 12 gewondes van 32 Bataljon se troepe gaan oplaai en na die mediese pos afgevoer.

Die realiteit van die oorlog waaraan hierdie manne blootgestel was, het vir die eerste keer voor my ontvou en ek het hulle aangemoedig om hulle gevoelens met my te deel. As jong offisiere, net nadat hulle hulle rang gekry het, het hulle in die nag in Angola, op ‘n aanloopbaan geland wat met kerslig verlig is. Hulle moes uit ‘n bewegende vliegtuig spring en in die donker in die vreemde land na hulle troepe en toerusting soek.

Ben kom sit langs my in die lughawevertreksaal en eet ‘n *Lunch Bar*.

“Waar kry jy dit?” Ek is lus om my bene te rek.

”Daar oorkant by die kiosk.”

Die *Lunch Bar* kos 20 Namibiese dollars en ek is bly ek kan van die laaste Namibiese geld ontslae raak. Ek kry my gedagtes weer bymekaar.

Die ouens het so veilig gevoel dat hulle hul diepste vrese en gevoelens spontaan gedeel het. Hulle het versigtig begin om diep gevoelens te deel. Die ander ouens se reaksie daarop, het hulle aangemoedig om dit verder te deel. Ek het besef dat dit die ideale omstandighede is om veterane weer bymekaar te kry om hulle stories te vertel. Ek het gedink die gebeure van die dag was ‘n deurbraak toe ek die aand rustig by die kampvuur sit.

Op een van die stoele by die kampvuur lê ‘n boek: *War and the Soul: Healing our Nation’s Veterans from Post-Traumatic Stress Disorder* van Edward Tick.

“Wie se boek is dit?” vra ek nuuskierig.

“Gert Minnaar,” kom die antwoord in ‘n koor.

”Wat het ek nou weer verkeerd gedoen? O die boek! Roelf, jy moet dit lees.”

Ek blaai vinnig deur die boek en sien dat daar spesifiek ‘n hoofstuk oor storievertel is. Dit het my laat besef dat ek die boek so gou moontlik moet aanskaf.

Ek sit gemaklik terug en dink aan wat ek die dag in die Vistenk ervaar het. ‘n Veilige plek moet geskep word waar veterane hulle stories kan deel. My ervaring sluit aan by Edward Tick se ervaring van groepsdinamiek. Hy beskryf dit in sy boek *War and the Soul.* Storievertel as deel van groepsterapie buite ‘n terapeutiese omgewing het die potensiaal om veterane te ondersteun om genesing en versoening te ervaar.

Die volgende dag was ’n karaktertoets. Ons het 06:00 begin ry omdat ons agter geraak het op ons skedule. Dit het lank gevat om deur die grenspos te kom en die verwelkoming van die plaaslike leiers in die area het ook meer tyd in beslag geneem as wat ons verwag het. Eers om middernag het ons na ‘n geskud en geskommel by ons bestemming uitgekom. Die skof van 150 kilometer was oor ‘n amper onbegaanbare pad. Ons stories en grappe het die lang pad kort gemaak. Ek het tuis gevoel in die groep wat as die *Miskruiers* en het opgewonde uitgesien na die res van die toer in hierdie vistenk.

Gert het my die aand onkant betrap met ‘n versoek. Hy wou hê ek moet na die *Afkophoender*-vistenk oorskuif.

“Die ouens in julle vistenk vertel baie goeie stories. Deon Lamprecht, die joernalis wil met hulle daaroor praat. Ek dink daar is werk vir jou in die ander vistenk. Dit het gister rof gegaan daar.”

Daan onderbreek my gedagtegang. Die passasiers is al besig om na die vliegtuig te beweeg.

“Lieflike sonskyndag nê?” merk Daan op terwyl ons vliegtuig toe stap.

“Ek wonder hoe is die weer in Johannesburg. Blykbaar is die koue front daar verby en dis nie meer so koud nie.” antwoord ek.

Op die vliegtuig beland ons weer naby mekaar met ‘n oop sitplek tussen ons en ek rig my gemaklik in om met my skryfwerk voort te gaan.

Gert het my omgekrap. Ek was net lekker tuis onder die *miskruiers* en het nie uitgesien na die klomp *afkophoenders* nie. Ek is ingelyf deur ‘n paar “teologiese” vrae te beantwoord.

“Wat het Adam van voor en Eva van agter?” Die antwoord is die letter A. Die volgende vraag was ‘n kopkrapvraag waaroor almal gespekuleer het. ‘n Hele ruk lank is ek met vrae gebombardeer totdat hulle tevrede was dat ek gekwalifiseer het om deel van hulle groep te wees.

In hierdie vistenk was ‘n diverse groep. Drie ouens was van die pantserkorps. Hulle het aan verskillende operasies deelgeneem, maar het mekaar nie vooraf geken nie. Nogtans het hulle vinnig ‘n eenheid gevorm. Vir hulle was die pantserkorps die belangrikste eenheid in die oorlog. Daar was ‘n inligtingsoffisier wat aan die laaste gevegte van die Grensoorlog in April 1989 deelgeneem het en ‘n jong seiner wat in 1994 in die *townships* en later by die vredesmag van die Verenigde Nasies ontplooi is. By ‘n Engelsman wat ook as een van die ou manne beskou kan word, het ek gou aanklank gevind. Hy was in 1980 as 18-jarige betrokke by operasie *Sceptic.* Agter in die hoek het ‘n groot ou gesit. Sarel was ‘n tenkkanonnier en het ons voortdurend laat lag met sy kwinkslae en stories. Hy het vinnig diep in my hart gekruip.

Een van die oud-infanteris stel voor dat elkeen van ons sy lewensverhaal moet vertel. Hy begin vertel sommer sy eie storie. Daan volg op met syne. Toe is dit my beurt. My twee voorgangers se stories was mooi stories sonder enige werklike trauma. My ervaring van 11 Junie 2016 in die Orlando-stadion in Soweto het my so emosioneel laat raak dat hulle my moes troos. Ek was aanvanklik skaam vir my emosies, maar toe die damwal by die Engelsman breek, was ek bly dat ek nie die enigste een was nie. Ek moes selfs van my groot papier-mansakdoeke aangee omdat die trane vrylik gevloei het.  Die detail van stories het my verstom asook die trane wat hierdie geharde manne gestort het. Ek kon die aanvaarding en afsluiting by hulle sien.

Die lugwaardin se vraag oor die spyskaart het my gedagtegang versteur. Gelukkig kon ek my tablet op die stoel tussen my en Daan neersit terwyl ons iets eet. Die vlieënier se aankondiging dat ons oor 30 minute sou land, het my weer aan die werk laat spring.



Simboliese boompie te nagedagtenis van afgestorwenes



Tradisionele leiers verwelkom ons



Die ou en nuwe brûe oor die Cuito Cuanavale rivier. Die ou brug was die fokus van die veldslag.




Toerembleem - Eenheid deur vriendskap



Versoeningseremonie van FAPLA en 61 Meg VV



Papawerblomme is in die rivier gegooi ter herdenking van afgestorwenes



Ek en 'n FAPLA-soldaat skud blad by die grenspos

*Figuur 47: Collage van foto's van die 61 Meg VV se versoeningstoer in Angola in Mei 2018.*

Die versoeningsproses by die omstrede Cuito-brug naby die dorpie Cuito Cuanavale en die afsluiting van die manne van *Hooper* by Mielies se ratel was vir my twee hoogtepunte van die toer. Veral die seremonie tussen die FAPLA-leiers en 61 Meg VV by die Cuito-brug was ‘n hoogtepunt. Die gooi van plastiese papawerblomme van die brug af as herdenking van alle gesneuweldes was vir my ‘n besondere persoonlike ervaring. Dit was vir die meeste van die veterane ‘n baie emosionele oomblik waar ook heelwat trane gestort is. Die negatiewe propaganda oor die Angolese aandnuus was baie teleurstellend. Die werklike gebeure is skreiend verdraai. Die groot propagandabord langs die pad was vol leuens oor wat op slagveld gebeur het. Dit het ons ook baie ontstel. Dit was ‘n bevestiging dat die politici in Angola, net soos die in Suid-Afrika, steeds hul eie agenda bevorder. Werklike versoening en erkenning op grondvlak is nie op hulle agenda nie.

Voor die toer was ek bewus van die tragiese storie van die 19-jarige luitenant Muller Meiring, onder sy vriende bekend as Mielies. Hy het tydens die laaste gevegte gesneuwel nadat sy *ratel* deur FAPLA-magte raakgeskiet is. Hy was die enigste seun en sou na die oorlog op die familieplaas gaan boer. Sy ouers het later die plaas verkoop en Australië toe geëmigreer. Dit was die *Miskruier*-vistenk se belangrikste doelwit om Mielies se *ratel* op te spoor en daar van hom afskeid te neem. Die datum 27 Junie 1988 was ‘n hartseerdag vir die witmense in Suid-Afrika. Hulle het die nuus ontvang dat 12 wit seuns op een dag gesterf het. Behalwe Mielies het nog 11 dienspligtiges gesterf toe ‘n bom van ‘n vyandelike Mig-23 vegvliegtuig hulle *buffel*-gevegsvoertuig tref. Ses was 19 jaar oud, vier was 20 jaar oud en die oudste onder hulle was 23 jaar oud. (kyk Brigdeland 1990:363).

Die soektog na die *ratel* het my direkte blootstelling gegee aan die terrein waarin hierdie geveg plaasgevind het. Ons het op die roete gery waarop ons magte teruggeval het toe hulle deur FAPLA teruggedryf is. Uit die stories wat die ouens vertel het, het ek besef in watter penarie ons magte was. Dis iets waaroor die voormalige SAW-generaals nie maklik praat nie. As dit nie was vir die doelgerigte en effektiewe aanwending van ons *G5-kanonne* nie sou daar meer verliese onder veral troepe van 32 Bataljon gewees het. Hulle was op ‘n stadium deur die FAPLA-magte omsingel. Hierdie manne en ander infanterietroepe het teen ‘n oormag te staan gekom wat

probeer het om van hulle te vang en vir hulle gewink het om hulle oor te gee. Gelukkig kon hulle ontsnap terwyl ons G5-kanonne die Kubaanse magte gebombardeer het.

Ek sal die aand voordat ons die *ratel* gekry het nooit vergeet nie. In die ongerepte natuurskoon veld het ek na die sterrehemel gekyk terwyl ons die lied *Hardekole* van Ricus Nel, Adam Tas, Bok van Blerk en Refentse sing. Die woorde: *Vergeet van gister môre is nog 'n dag saam sal ons huil en saam sal ons lag,* het vir my nuwe betekenis gekry.




*Figuur 48: Foto's van die ontdekking van en afsluiting by Mielie se ratel 30 jaar na die ongeluk.*

Met trane in die oë het ons gesing: Manne dis 'n voorreg om 'n hardekool te deel, al die bloedbroers bymekaar waar die vlamme vriendskap deel, manne dis 'n voorreg om hier vanaand te wees onder die Bosveldmaan brand die hardekole saam. Ek gaan nie eers probeer om die emosies van die manne te beskryf toe ons Mielies se *ratel* die volgende dag 'n kilometer van waar ons gekamp het kry nie. Dit was 'n privaat geleentheid. Miskien vertel die foto's die storie. Gert se emosies het my verbaas. Hy was ook maar net 19 jaar oud toe hy in Angola geveg het. Ek sal later met hom hieroor gesels.

Die damwal van die Calueque-dam is so deur die bomme van Mig-23 vegvliegtuie beskadig dat die tenks nie meer daaroor kon terugval nie. Die enigste ontsnappingsroete was oor die laagwaterbrug by die dam en die brug by Swawek ongeveer 40 kilometer van Ruacana af. Die Kubane het nie hiervan geweet nie. Kommandant Mike Muller, bevelvoerder van gevegsgroep Charlie, het dit selfs oorweeg om met die olifant-tenks in die rivier in te ry as hulle nie betyds oor hierdie brûe kon ontsnap nie (Bridgland 1990:362-364).



Figure 49: Sarel Coetzee met sy dogtag by die Ruacana laagwaterbrug.

Die *vistenkers* het besluit om 'n byna onbegaanbare pad te ry om by die laagwaterbruggie oor die Kunene-rivier uit te kom. Dis spesiaal gedoen vir Sarel die tenkkannonier wat tydens die oorlog vyf tenks van die vyand daar uitgeskiet het. Op die brug vra Sarel of iemand 'n mes het. Ons stop en met die mes maak hy 'n gombotteltjie oop. Met die gom plak hy 'n *dog tag* teen die kant van die brug vas.

Hy vertel toe hy met sy tenk oor hierdie brug ry na intensiewe gevegte het hy vir die eerste keer na drie maande veilig gevoel. Hy het besef sy oorlog was verby. Net voor hy in die vistenk inklim, sê hy hardop: "Nou is ek finaal klaar met Angola en die oorlog!" Hy vertel 'n grap wat ons laat skater van die lag. Sy storie is 'n baie besondere storie van oorlewing. Hy is ook wel ter tale en ons almal het hom aangemoedig om sy storie te skryf.

Ons ry op 'n gerieflike teerpad Namibië binne en stop by 'n netjiese vulstasie. Die rakke is volgepak met voorraad. Ek sê vir Daan dat die Grensoorlog tog die moeite werd was. Die verskil in infrastruktuur en omstandighede wat ek in Angola ervaar het in vergelyking met Namibië, was radikaal. Vir die eerste keer in 'n week kon ek weer die luukse van 'n toilet met lopende water in 'n kleedkamer waardeer. Hoe sou Namibië gelyk het as SWAPO in 1960 sy sin gekry het en ook 'n kommunistiese eenpartyregering soos die MPLA in Angola aan bewind geplaas het? Ek wonder by myself of al die opofferings nie tog maar die moeite werd was nie.




Figure 50: Foto geneem op 30 Augustus 1988 met ontrekking van die SAW uit Angola na Operasie Packer (Liebenberg & Hayes 2010:110).

Ek maak my sitplekgordel vas vir die landing. My emosies het weer opgebou en ek moet dit onder beheer kry voordat ek finaal afskeid neem van die ander ouens. 'n Besondere broederskap is gesmee. Ons sal mekaar weer opsoek.

By die huis het ek nie geweet wat om vir my gesin te vertel nie. Ek het gewonder of hulle werklik sou verstaan. Ek het weer gevoel soos toe ek destyds van die Grens af by die huis gekom het. So oorweldig deur emosies dat ek eers nie kon praat nie. Toe Elize my vra of die toer die moeite werd was het ek met 'n besliste ja geantwoord. Om die waarde van die toer verder uit te lig, het ek haar vertel wat die laaste aand van die toer in Windhoek gebeur het.

Reeds tydens die begin van die toer het ek met die toerorganiseerders gesels oor my planne om 'n soortgelyke toer na weermagbasisse in Namibië te reël. Ek en Daan het in 2016 eerstehands die waarde van so 'n toer belewe. Ons het afsluiting ervaar en baie lesse geleer. Hy was bereid om by so 'n toer betrokke te raak.

In Windhoek het ek hulle voorgestel aan my kontak in die *Namibian Defence Force (NDF).* Hulle sou ons kon help om toestemming te kry vir die besoek van basisse van die NDF. Kapelaan Andre Anthonissen van die Moths in Windhoek was opgewonde oor my plan en wou daarby betrokke wees. Hierdie verwikkeling sou reeds vir my die toer die moeite werd gemaak het. Ek het vir Elize vertel dat ek tydens die toer eerstehands ervaar het watter waarde daar in die ondersteuning van jou makkers is om afsluiting te kry.

Ek beplan ook om Carel Krige en my makkers van 701 Bataljon te kontak om weer saam skouer te skuur en *hardekole* te brand. Dit sal ook goed wees om Hendrik se raad te volg en aan my toekomsstorie te begin skryf. Miskien sal die storie van waarde wees vir ander dienspligtiges wat ook perspektief oor hulle ervarings wil kry. 'n Storie het reeds vorm aangeneem het. Ek wil net weer my bronne nagaan en dit met my ervarings aanvul. Ek hoop dat hierdie storie vir my en ander dienspligtiges afsluiting sal gee.

In die volgende hoofstuk vertel my twee navorsingsgenote Carel en Gert hulle verhale.

# HOOFSTUK 4

# DIE NAVORSINGSGENOTE SE NARRATIEWE

## 4.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk bied ek die twee navorsingsgenote, Carel Krige en Gert Minnaar se narratiewe aan. Hulle word betrek om die *deurleefde ervarings* van dienspligveterane in die tydperk 1966 tot 1994 en daarna aan te vul. Nadat ek hulle insette ontvang, bestudeer en gekonsolideer het is dit in besprekingsessies met hulle gefinaliseer. Ek sluit die hoofstuk af met ‘n kort verwysing na die invloed van ander verhale van dienspligveterane waaraan ek tydens die 2018 Angola besoek van 61 Meg VV blootgestel was.

## 4.2 Carel

Dit is 08:30 Vrydagoggend 8 Mei 2018 en ek ry op die N4 Magaliestolpad na Hatebeespoortdam/Rustenburg na Carel se huis in ‘n natuurlandgoed naby die Hartebeespoortdam. Dit is ‘n lieflike sonskynoggend, die pad is stil en ek geniet dit om uit die stad te kom in die natuurskone omgewing wat aan my welbekend is. Ek is gelukkig al verby die plakkerskampe aan die regterkant van die snelweg wat deur misdaad geteister word en wat veral in die nag ‘n gevaarlike pad is om te ry. Toe ek oor Saartjiesnek ry dink ek onwillekeurig terug aan hoeveel keer ek al per motor, per fiets en selfs as drawwer, soos tydens die *Om die dam* ultramarathon, hierdie uitsig oor die Hartebeespoortdam geniet het. Elke keer as ek oor die kruin ry voel ek weer tuis in die omgewing waar ek grootgeword het.

Ek hou vir ‘n oomblik stil en verlang terug na die tyd toe hierdie omgewing die “speelplek” van ons hoërskoolvriende was. Voor my sien ek die uitgestrekte Hartebeespoortdam wat strek tot by die damwal wat in die depressie jare gebou was, om veral werk aan die armblankes te voorsien. Die Ou Plaas en kleinhoewe waar ek groot geword het is net soos die kraai vlieg 10 kilometer weg vanwaar ek nou staan. Ek is verstom oor al die uitbreidings wat in die omgewing plaasgevind het. Harties, soos die area vandag ook bekend staan, is veral as toerisme-aantreklikheid vir die stedeling gewild. Van hier waar ek staan kronkel die pad verby Generaal Hendrik Schoeman, na wie Schoemansville vernoem is se kruismonument, Schoemansville en

verskeie woongebiede voordat dit deur die tonnel en oor die damwal by my grootwordplek; die area Zandfontein, aansluit.

Aan weerskante van die pad en aan die anderkant van die damwal is verskeie vermaaklikheidsplekke - Pretville wat gebou is vir die stel van die fliek Pretville, ‘n akwarium, ‘n dieretuin, ‘n kabelspoorkarretjie teen die Magaliesberg en verskeie gastehuise en hotelle.  Die lewe het nie stilgestaan nie, besef ek toe ek weer in my voertuig klim en verder ry.

Carel se huis het ‘n besondere uitsig oor die dam en die omgewing en ek sien uit daarna om weer op hulle voorstoep saam met hom te kuier. Ek hou voor sy huis stil en lui die klokkie.  Nadat Carel my ingenooi het en ek Karin, sy vrou, gegroet het, en sy ons gevra het wat ons wil drink, maak ons ons op hulle voorstoep tuis. “Sjoe Carel jy is so naby die skool waar jy skoolgehou het; hou jy steeds ‘n wakende ogie oor die skool?” vra ek met ‘n glimlag. “Nee jong, vandat ek as skoolhoof afgetree het, gee ek die nuwe hoof kans om sy eie stempel af te druk en hou my met verskeie ander projekte besig. Veral die multi-kulturele gemeente waar ek tans by betrokke is verg nogal baie van my tyd en aandag, maar gee my baie vervulling” antwoord hy terwyl hy ‘n afskrif van die storie wat hy vir my gestuur het nader trek.

“Kon jy darem al behoorlik deur my storie werk en is jy tevrede met dit wat ek vir jou gestuur het?” verander hy die onderwerp. “Ja, en baie dankie vir jou harde werk,” antwoord ek vinnig. “Ek gaan die dokument vir jou lees en hier en daar opmerkings maak,” gee Carel rigting aan ons gesprek. “Ek dink dit sal goed werk Carel, want dan kan ek aan die einde onduidelikhede opklaar en al my vrae vra,” antwoord ek opgewonde om met die proses te begin. “Soos jy versoek het vertel ek van my biografiese agtergrond, sosiale omgewing en die invloed daarvan, traumatiese gebeure en geleenthede wat ek gehad het en hoe dit my gemaak het wie ek is. Ek fokus veral op my familiestorie, ons studentejare, dienspligjare, my betrokkenheid in die gemeenkskap na diensplig en die persoonlike verantwoordelikheid wat ek opgeneem het. Kom ek begin om my storie te lees.”

### 4.2.1 Biografiese agtergrond

Ek is die oudste van vyf kinders. Dit is miskien belangrik om net die agtergrond te gee van my ouers, die twee mense wat die basis van my identiteit en mens- en wêreldbeskouing gelê het.

My oupa, my pa Frikkie se pa, wat nog as banneling na Bermuda gestuur is na die Anglo-boere oorlog was redelik ouer as my ouma. Hy is oorlede toe my pa ses jaar oud was en hulle moes oorleef deur die plaaslike koshuis en ander mense in die dorp se wasgoed te was. Op 16-jarige ouderdom het my pa begin werk as 'n arbeider op 'n plaas en het later na 'n meer permanente pos as klerk by die Spoorweë oorgeskakel.

Hy was baie avontuurlustig en het baie verhale oor sy fietsry-ondervindings vertel. Een voorbeeld was 'n vakansierit gedurende Julie in 1954, toe hy met sy fiets vanaf Komatipoort na Messina, daarna na Vereeniging en weer terug na Komatipoort vir sy familie gaan kuier het. 'n Rit van ongeveer 1 600 km op 'n grondpad met 'n dikwiel 28 fiets met driespoed ratte!

Hy was nie 'n goeie kommunikeerder nie, maar het sy liefde gewys met sy absolute lojaleit teenoor sy gesin, sy werk en die kerk. As gevolg van my ma se gestremdheid, het hy vandat ek kon onthou, as klerk gewerk gedurende die dag en dan elke tweede nag deurnag as stoker op treine. Sondae was hy baie betrokke om mense aan te ry kerk toe en siekes te besoek, wat nogal beteken het dat hulle gereeld laat was vir kerk tot ons kinders se verleentheid!

Ek dink ons kinders het almal by hom geleer dat 'ek kan nie' nie in ons woordeskat gepas het nie. Of dit bouwerk, plaveiselwerk, motorherstelwerk, sweiswerk of wat ook al was – hy sou dit probeer.

My ma was drie jaar jonger as my pa. As drie-jarige kleuter het sy Polio opgedoen wat haar onderlyf verlam gelaat het. As kind was sy vir lang tye gehospitaliseer vir operasies en het baie ondervindings gehad van in haar rolstoel in die klas sit gedurende pouse omdat hulle vergeet om haar uit te stoot, of weer later toe mense vergeet het om haar terug te bring. Vanaf graad agt tot graad tien was sy in 'n skool vir gestremde leerders in Johannesburg wat vir haar 'n baie positiewe ondervinding was en waar sy lewenslange vriende gemaak het.

Ons kinders het by haar en haar vriende gesien hoe gestremdheid of tekortkominge nie die einde is nie, en hoe ‘n vervulde lewe lyk ten spyte van verswarende omstandighede. Sy moes elke dag haar bene spalk met loopysters en dan met krukke loop. Tog het sy klavier en trekklavier gespeel, die volle huishouding waargeneem en ons vyf kinders se klere gemaak. Die aanpassings wat sy moes maak om sekere take te kon doen het getuig van ‘n oorvloed kreatiwiteit en probleemoplossingsvermoë. Elemente wat ons vandag nog in al ons kinders se lewens sien gedy.



*Figuur 51: Ons as gesin toe ek 'n student was. Voor Frikkie, my ma en Estie en agter ek, Gawie en my pa.*

Met hierdie agtergrond, kan ‘n mens verstaan dat ons as gesin ‘n redelike geslote eenheid gevorm het. Ons was nie finansieel baie sterk nie, my pa het baie hard gewerk en soos wat navorsing later bevestig het, bring ‘n gestremdheid in ‘n huis ‘n spesifieke dinamiek mee. Daarmee gepaard was ons ook verbonde aan ‘n kerk wat nie deelgevorm het van die drie hoofstroomkerke in Suid-Afrika nie.

Ek het ‘n tegniese skool besoek vanaf graad 8 tot 12, hoofsaaklik omdat ek gedink het dit sal my bekendstel aan ‘n ander wêreld as waaraan ek gewoond was. Ek dink nie ek het enige iets van enige beroep af geweet nie en het ook nie buitengewone aanleg in ‘n tegniese rigting gehad nie. Ek dink tog dat die skoollewe in ‘n seunskool met ‘n tegniese studierigting goed was vir my as persoon. Ek het akademies goed presteer en het selfs op die leerlingraad gedien. Ek het baie meer tuis gevoel in die skoolkoor en kadette; ek dink nie ek het selfvertroue gehad vir die ander spansporte nie omdat ek nooit as jong kind regtig daaraan blootgestel was nie. By die kerk was ek en my broers en susters baie aktief by al wat jeugaktiwiteit was; kampe, toere en uitreikaksies.

Ek het aangesluit by die drilpeloton van die skool en daardeur was ons redelik blootgestel aan personeel van die SAW wat ons weekliks kom afrig het. My grootste skok was die taalgebruik van die sersant wat ons gedril het! Ek moet erken ons as

gesin was redelik verwyderd van die dreigende donker politieke wolke op Suid-Afrika se horison. So het 1976, my matriekjaar, en die jaar wat die Soweto-opstande soveel veranderinge in die land geëis het verby gegaan sonder dat ek die implikasie van wat werklik gebeur het besef het.

Karin kom die vertrek in met koffie en heerlike muffins wat sy gebak het wat ek die laaste 30 jaar met ontmoetings in hul huis elke keer baie geniet. Carel hou op met sy voorlesing en stel voor dat ons eers ‘n breuk vat voordat ons aangaan. “Terwyl ek so na jou luister Carel, besef ek hoe besondere gesin jou ouerhuis was. Wat vir my altyd van julle as gesin sal uitstaan is julle positiewe ingesteldheid en humorsin wat my so tuis laat voel het elke keer wanneer ek vir julle kom kuier het en jou ma het ook elke keer net soos Karin nounet ‘n eetding voorgesit,” merk ek op en dink terug aan wat sy ouerhuis vir my beteken het toe die universiteitskoshuis vir my soms te veel geword het. “Ja, jy was later ‘n gereelde kuiergas,” antwoord Carel. “Ons is juis nou by die gedeelte oor ons studentejare, kom ons gaan maar aan.”

### 4.2.2 Studentejare

Na skool, 1977 was daar nie eintlik ‘n ander wyse om verder te gaan studeer met min finansiële ondersteuning nie as om met ‘n onderwysbeurs te gaan studeer nie. Gedurende my eerste jaar het ek geen sosiale lewe op universiteit gehad nie, maar was baie aktief betrokke by die kerk. Ek het begin sondagskool aanbied en besef dat ek ‘n roeping het vir onderwys. Familievriende van ons wie se kinders toe op universiteit was, het ons kerk begin bywoon en hierdie groep vriende het ‘n groot rol gespeel in my ontwikkeling as persoon. Omdat hulle ouers ver gebly het, het ons huis ook vir hierdie studente soort van ‘n basis geword. Iets wat my gehelp het om ook my gesinsituasie te verwerk en te aanvaar. Dit was in hierdie vriendekring waar ek Roelf Schoeman die eerste keer ontmoet het.

Gedurende hierdie tyd het ek my identiteit en dalk ook ontvlugting in my studies gevind. My prestasie het al hoe meer verbeter en ek het gedurende dieselfde jaar wat ek my HOD diploma gevolg het, ook my Honneursgraad in Afrikaans voltooi. Die twee programme tydens een jaar het my gehelp om ook later in my lewe heelwat verantwoordelikhede tegelyk te hanteer.

‘n Belangrike element in my lewe was my betrokkenheid by die stigting van ‘n studentevereniging vanuit ‘n pinkster kerkagtergrond. Dit was die eerste keer dat die universiteit aan ‘n Christelike vereniging van buite die hoofstroom kerke in Suid-Afrika erkenning gegee het. Roelf was instrumenteel in hierdie deurbraak. Ons het saam gesien dat hierdie studente ‘n verdere behoefte gehad het aan ‘n Sondag kerkbelewenis wat meer eietyds was en hulle direkte behoeftes kon aanspreek.

Ons was baie opgewonde om ‘n jong pastoor, wat as verteenwoordiger van die AGS van SA op die kampus aangestel is, te ontmoet wat dieselfde visie as ons gedeel het. Ek en Roelf het selfs ‘n vergadering met die destydse hoof van die AGS van SA, dokter FP Moller gereël om ons behoeftes met hom te deel. ‘n Groot mylpaal was toe die AGS van SA later die gemeente Pretoria Studente-oord, wat aanvanklik net uit ‘n voltydse herder met ‘n kerkraad wat slegs uit studente bestaan het, erken het. Ek was die eerste gemeente sekretaris van die gemeente en Roelf die voorsitter van die kerkraad.

Hierdie fase in my lewe was vir my betekenisvol, want ek het geleer hoe om te lei en hoe om te organiseer. Dit was iets wat ek nooit gedink het ek in staat was om te doen nie. Soos Carel die deel voorgelees het, het ek weereens besef hoe ons in leierskap oor die laaste twee jare van ons studentelewe ontwikkel het.

“Ja-nee Carel en net nadat ons leierskapspotensiaal ontwikkel het en ons as onderwysers gekwalifiseer het om ‘n verskil in die gemeenskap te maak, klop oom PW en seuns, soos van my vriende na die weermag verwys het, aan die deur en moet ons gaan voete stamp vir twee jaar! As ek nou terugdink besef ek watter groot ontwrigting dit eintlik was om uit jou bestaande wêreld geruk te word en jou skielik in ‘n nuwe vreemde wêreld te bevind waar jy as ‘n gekwalifiseer onderwyser skielik na ‘n 19 jarige korporaal se pype moes dans” maak ek ‘n vinnige kantlyn opmerking.

“Ja, toe my oproepinstruksie kom om aan te meld by die Pretoriastasie om my diensplig in Oudtshoorn te gaan doen, was ek baie opgewonde oor die avontuur en om in ‘n nuwe omgewing myself te bevind, alhoewel ek nie ‘n idee gehad het van wat om te verwag nie” merk Carel op en gaan voort met sy voorlesing.

### 4.2.3 Nasionale diensplig

"Op Pretoriastasie het 'n groep baie parate onderoffisiere en offisiere ons verwelkom en in kompartemente geplaas. Vir die volgende 30 ure kon ons almal in die kompartement mekaar leer ken en was die onderoffisiere deurlopend in die omtrek met 'n baie professionele en rustige houding.

Ek dink ons het die Woensdagoggend 02:30 op Oudtshoorn stasie gearriveer. Die skielike metamorfose van die vriendelike en rustige SAW personeel na skreeuende en gillende ongediertes, elkeen met 'n *A25 radio* met 'n *bladantenna* op die rug het 'n heilige vrees en stilte oor die groep jong troepe in wording gebring. Ons is almal agter in 'n konvooi Bedford vragmotors in geskree en het met die skrikwekkendste ry en stop rit denkbaar eindelik Infanterieskool se paradegrond bereik.

Hier is ons weer in pelotons in geskree en geboender sodat ons ontbyt kon kry. Die reuk van kool en vis vir ontbyt is 'n reuk wat tot vandag toe herinneringe by my wek. Op hierdie punt het ek myself oorgegee en net probeer oorleef. Ons is in pelotons ingedeel en ek het geland by 'n luitenant met die blinkste spieëls vir skoene wat ek nog ooit gesien het. Saam met twee sersante is ons in drie seksies opgedeel wat elkeen deur die *inklaarproses* moes gaan.



*Figuur 52: Die kwartiermeesterstoor waar ons uitrusting ontvang het en weer moes inhandig.*

Die haarsny was 'n groot geleentheid. Soos wat elkeen by die haarkapper vertrek uitkom en verby ons stap wat in die tou staan, beleef ons elkeen hoe ons identiteit en karakter agterbly onder die haarkapper se stoel soos Simson se lokke. Die morbiede stilte in die peloton het gespreek van die besef van die realiteit. Terwyl ons tot sover voorberei was vir 'n lewe van besluite neem en ambisies kweek, is ons skielik oorweldig met 'n realiteit dat ons nie mag dink nie en totaal moet oorgee en een word met die huidige realiteit.

Die finale afsluiting van die *inklaarproses* het aangebreek by die *kwartiermeesterstore*. Hier moes ons in ons peloton aantree en al ons klere uittrek. Met net ons onderklere

aan is ons toe in ‘n ry deur die stoor gejaag. By elke stasie is sekere kledingstukke na ons toe gegooi: twee oorpakke, twee stelle *browns,* onderklere, stewels ensovoorts, ensovoorts. Buite met die *kit check* moes elkeen ons nuwe toerusting in ‘n trommel sit en strompel na die slaapkwartiere. Gedurende die naweek moes ons leer hoe om gereed te maak vir inspeksie die Maandagoggend.

Met elke inklaarstasie afgehandel, het ek meer en meer besef dat ek in ‘n totaal vreemde wêreld is en die realiteit daarvan is onomkeerbaar. Persone staan tou by die publieke fone om met bekendes te praat wat in ‘n ander wêreld en era as ek leef. Mede troepe wat ‘n paar maande gelede nog leiersfigure was in hulle studente gemeenskappe, sit skielik plat op die grond in die stof en praat oor oppervlakkige ‘onbenullighede’. Temas soos wat eet my familie by die huis vandag, of hoe gaan ons probeer om nie uitgevang te word nie, was algemeen. Ek kyk na die berge rondom Oudtshoorn en wonder watter rigting Noord is, sodat ek net kan weet in watter rigting is my bekende wêreld.

Ek probeer die eerste Vrydagaand ook na my vriendin en my ouers bel, maar die emosie is so groot dat ek nie weet wat om vir hulle te sê nie. Sondagoggend gaan stap ek teen die lyndraad van die Infanterieskool en kyk deur die draad na die woonbuurt van die dorp Oudtshoorn. Ek hoor stemme en sien gesinne kerk toe gaan. Ek wonder onwillekeurig wat my familie doen. Ek wonder of hulle my ook mis soos ek hulle. Ek beleef skielik ‘n duidelike parallel met Duitse krygsgevangenes wat gestroop is van hulle identiteit en selfs hulle menswaardigheid in ‘n kamp waar hulle agter drade gevange gehou is. Dit het vir my gevoel of ek ‘n karakter is in Jan Rabie se kortverhaal, *Die Nuwe Piramides*. Hierdie kortverhaal het gehandel oor die vernedering en dehumanisering van een groep mense deur ‘n ander.

In hierdie tyd het ek vir die eerste keer beleef dat my ‘andersheid’ nie meer ‘n negatiewe effek op my het nie. Fisies kon ek redelik byhou met die groep en soos wat die vaardighede ingewikkelder geraak het, het ek al hoe meer besef dat ek tot meer in staat was as wat ek ooit gedink het.

In hierdie totale nuwe wêreld was daar soveel nuwe eise om aan te voldoen wat nie deel van my verwysingsraamwerk was nie. Ek weet nie of dit noodwendig ‘n leemte in die kurrikulum was nie, maar in my gemoed was die vraag aanmekaar, waar pas

*seksieleiding,* of *wapenhantering* in wanneer ek by my geliefdes in die 'werklike' lewe sou verkeer. Die deurtrek na die onmiddellike oorlogsituasie was vir my redelik vaag op daardie stadium. Die groot fokus was om die *gevegsvaardighede* baas te raak en die luitenant en sersant gelukkig te hou.

Daar was ses *pasnaweke* waarin ons huis toe kon gaan gedurende die jaar. My gesprekke by die huis was altyd begroet met 'n totale onbegrip alhoewel daar groot opgewondenheid was oor my teenwoordigheid. Hulle sou kommentaar lewer oor my woordeskat en die stories wat ek vertel, maar hulle was meer geïnteresseerd in hulle eie lewens. Dit het elke keer gevoel of ek van 'n ander planeet terugkom na 'n lewe wat teen 'n bepaalde tempo voortsnel en die fokus is om deel van daardie lewe te word. My weermaglewe was so ver verwyder en vreemd dat ek besef het dat ek persoonlik die oorskakeling tussen hierdie twee parallelle wêrelde moet bestuur.

In die weermag was ek gekonfronteer met ander waardesisteme as myne. 'n Skokkende ontdekking was om te hoor en te sien hoe gekwalifiseerde toekomstige onderwysers dink en praat oor promiskuïteit, alkoholgebruik en selfgesentreerde behoeftes. Ek het verwag dat daar 'n groter bewussyn sou wees van 'n verantwoordelike lewenstyl, persoonlike doelgerigtheid en 'n lewensingesteldheid. Miskien 'n duidelike bewys van my geïsoleerde agtergrond. Skielik was die 'sondige wêreld' nie meer ver van my af nie. Tog het ek 'n nuwe broederskap gevind waar ek gevoel het asof ek aanvaar word en nie meer as randfiguur of buitestaander gestaan het nie.

Namate ek meer blootgestel geword het aan hierdie 'anderse' wêreldbeskouings het daar by my 'n groter insig en aanvaarding gekom van die waarde van 'n persoon, ongeag sy of haar agtergrond of waardes. Tydens my infanterieskooldae was ons gestuur vir grensdiens as deel van teen-insurgensie-opleiding. Gedurende die weke vooraf, is ons 'geïndoktrineer' met die vyand wat ons wil vernietig en doodmaak. Vrae wat hierdie tyd by my begin groei het was, 'hoekom wil hulle ons doodmaak?' en hoekom gun ons mekaar niks?' Die politieke verduidelikings het by my meer vrae laat ontstaan as antwoorde.

Die eerste dag op die grens is ons op groot oop vragmotors vervoer vanaf Grootfontein na Oshivelo in Ovamboland. Ek kon nie verstaan hoe so ‘n mooi omgewing in soveel spanning kon beland nie. Ons moes heeltyd paraat wees vir iemand wat ons wou aanval, maar ons ry op ‘n teerpad en orals om ons ry boere verby ons met hulle gesinne besig met ‘n skynbare normale lewe.



*Figuur 53: Dorpie In Angola tydens ons patrollie.*

Deel van ons grensopleiding was ‘n 21 dae lang patrollie oor die kaplyn in die suide van Angola in die Namacunde omgewing. Ons het by verskeie krale verby geloop waar families gebly het wat voortgegaan het met hulle daaglikse bedrywighede. Weer het die vrae by my sterker geword, ‘Waarom kom ons van ‘n ander land en verwoes hulle reg op ‘n vreedsame bestaan?’

Gedurende hierdie patrollie het ons verby verlate geboue geloop wat getuig het van ‘n vroeëre vreedsame bestaan, maar nou verwoes is deur oorlog. Gemeenskappe is ontwrig en moes vlug en slegs gesinne wat ‘n meer primitiewe bestaan gevoer het, het bly voortbestaan. Ek het gewonder hoe hulle gesinne beïnvloed is. Ons het elke volwasse man met agterdog bejeën. Elke aand wanneer ons ons tydelike basisse ingeneem het, kon ons geluide hoor van normale lewe wat voortgaan in die krale.

Een dag het ons op ‘n verlate skool afgekom op ‘n plekkie met die naam van Samosira. In een van die klasse het ek ‘n Engelse briefie gevind waarin die onderwyser gepleit het vir boeke, penne en papier sodat hy die kinders kan onderrig. Ek dink hy het gehoop dat die Suid-Afrikaanse weermag hom sou kon help om sy gemeenskap op te hef. Hierdie insident het ‘n groot indruk op my gemaak. ‘n Onderwyser wat smag daarna om sy roeping te kon uitleef, in ‘n vyandige omgewing waarin ek eintlik deel van die vyand is.

Gedurende hierdie patrollie was ons twee keer in kontak met die vyand. Een aand in ‘n tydelike basis was daar verdagte geluide en ons het begin skiet. Dit was ‘n opwindende ervaring alhoewel ons nie baie kon doen om die vyand te soek nie. Ek

weet nie of daar regtig vyandelike persone was nie. Kort daarna het ons egter tydens ons patrollie op ‘n vyandelike patrollie afgekom wat vir ons ‘n hinderlaag gelê het. Een seksie is voor ons uitgestuur en ek het ‘n verkennersposisie ingeneem by ons seksie: weereens ‘n teken van die groter selfvertroue wat by my ontwikkel het.

Die seksie voor ons het vuur getrek en ons kon van ‘n ander rigting inbeweeg. Twee *gunships (Alou-ette* helikopters toegerus met ‘n masjiengeweer en 20 millimeter kanon) het op daardie stadium ook betrokke geraak en kon vanuit die lug die vyandelike posisies uitwys en ook met hulle 20 millimeter kanon op individue wat hulle raaksien vuur.



*Figuur 54: Die lyke van die vyand na die kontak.*

Na die kontak het ons gerus tussen die ongeveer ses lyke van die vyand en ons middagete geëet asof dit dood normaal was om tussen lyke te eet. Weer moes ek vir myself vra, ‘Waar is hierdie mense se families?’ ‘Is daar mense wat wag op hulle seuns of broers om terug te keer huis toe?’ ‘Hoe gaan ons ‘n normale samelewing bou met soveel ontwrigte gesinne?’ ‘Sê nou van hulle was ook Christene soos ek?’ ‘Sê nou hierdie persone wat nou met hulle lewe betaal het, het ook gewonder oor die sinvolheid van waarmee hulle besig was, soos ek?’

Terug in Oudtshoorn tydens die laaste fases van ons opleiding, het ek begin besef dat ek ‘n redelike aanvoeling het om ‘n saak uit verskillende hoeke te beskou en dan sinvolle strategiese aannames te maak en scenario’s te skep. Om later die twee sterre op my skouer te plaas was vir my persoonlik ‘n baie groot oorwinning.

Nadat die rang van luitenant aan my toegeken is, is ek na 5 SA Infanterie bataljon (5 SAI) in Ladysmith uitgeplaas en as Kompanie Tweede-in-bevel (Komp 2IB) aangestel. My opdrag was om personeel te voorsien wat vir ‘n kompanie by 3 SA Infanterie bataljon (3 SAI) in Potchefstroom, basiese opleiding verskaf. Ek was in die diepkant ingegooi. Miskien het ek as gevolg van my geïsoleerde agtergrond en die skielike identifisering van my sterkpunte, take opgeneem waarvoor at my mede-

dienspligoffisiere gehuiwer het. So begin ‘n hele nuwe veld in my leierskapsontwikkeling. Kursus beplanning, logistieke beplanning en die bestuur van Staandemag onderoffisiere saam met diensplig offisiere en onderoffisiere was ‘n opwindende maar versigtige leerskool. Ek was ook verantwoordelik vir opleiding, die dissipline en algehele welsyn van die hele kompanie. Dit het gehelp dat ek tydens my kinderjare en studentejare baie goeie observasievermoë ontwikkel het en altyd probeer het om eers die ander kant te verstaan voordat ek probeer het om verstaan te word. Die weermag het hier vir my ‘n onskatbare geleentheid gebied om te groei as leier en te ervaar hoe my leierskap aanvaar word.

Die empatie en begrip vir ‘n gebroke wêreld en mense wat anders as ek geglo het en wat ander waardes as ek gehad het, het baie groter geword. Ek het ‘n groter waardering vir my agtergrond en opvoeding gekry, maar ook ‘n vermoë ontwikkel om myself in ‘n ander se posisie te plaas wanneer ek dissiplinêr moes optree of ander tipes leierskap moes verskaf. Na hierdie fase is ek saam met ‘n leierskapsgroepering van 5 SA Infanterie bataljon na die Eenhana weermagbasis in Ovamboland, Namibia. Eenhana, die hoofkwartier van 54 Bataljon was ‘n baie geïsoleerde basis wat twee kompanies van infanterie op ‘n slag kon huisves, saam met al die ander hoofkwartierpersoneel van die bataljon. Vir die eerste keer was ek blootgestel aan ‘n kompanie met swart soldate wat in die basis kom diens doen het. Soldate wat nie net skoonmakers of handlangers was nie, maar soldate op dieselfde vlak met dieselfde verantwoordelikheid as die blanke troepe.



*Figuur 55: Die leë bunker naby die aanloopbaan waar ek stiltetyd gehou het.*

Ek was aangestel as *transportoffisier* van die bataljon en was verantwoordelik vir ‘n groep drywers en tegnici wat hoofsaaklik Engelssprekend was en almal van Durban af gekom het. As jong onervare leier het ek vinnig geleer watter belangrike rol gesonde verhoudings speel. Ek was gekonfronteer met ‘n tipe kultuur wat meer met branderplankryers geassosieer kon word. Hulle het geen waarde geheg aan *vertoondissipline* of aanspreekvorme nie, maar tog kon ek daarin slaag om begrip vir hulle wêreldbeskouing te ontwikkel. Hierdie verhouding het baie bygedra tot ‘n groter

lojaliteit en effektiwiteit in ons *transportafdeling*, en so die klagtes en negatiewe kommentaar van vorige bevelvoerders weerlê.

54 Bataljon het drie basisse ingesluit; Eenhana, Elundu en Nkongo. In die gebied was SWAPO baie aktief en ons kon slegs bereik word per lug of per pad, indien die pad deur *mynveërs* skoon 'gevee' is van landmyne. Een maal elke twee weke sou 'n *konvooi* voorrade bring terwyl pos en ander rantsoene twee maal per week per lug met die r*umrun* gebring word!

Gedurende die week was daar nie baie tyd om oor sake te dink nie, maar op Sondagoggende het ek tyd gemaak om in 'n leë bunker naby die aanloopbaan te gaan stiltetyd hou. Daar kon ek Bybel lees en reflekteer oor die waarde van die lewe en wat die sinvolheid van bestaan kon definieer. Die drang om 'n lewe met betekenis te leef en iets na te laat waarop die volgende geslagte kon bou het begin vorm aanneem. Tog in hierdie vreemde was daar die behoefte om net weer 'n tydjie met iemand van dieselfde lewensingesteldheid te spandeer. Ek het probeer dink hoekom ons as verskillende rassegroepe in 'n oorlogsituasie bereid is om mekaar te respekteer en te vertrou maar by die huis in Suid-Afrika is daar so 'n groot wantroue en disrespek vir mekaar.

Hierdie kontrasterende gedagtes was verder aangevuur deur 'n ondervinding tydens my finale jaar van studie. Ek het een aand met my motor 'n swartman raakgery wat saam met sy vrou gestap het en voor my oor die pad probeer hardloop het. As jong student is ek onderwerp aan 'n uitmergelende geregtelike ondersoek en hofsaak waartydens ek onskuldig bevind is. Die skuldgevoel dat ek 'n lewe geneem het was 'n traumatiese ervaring waarmee ek moes deel. 'n Familie was in smart gedompel. In Suid-Afrika, in die 'gewone' wêreld, is 'n lewe kosbaar en moet jy rekenskap gee van elke lewe. Op die grens egter, geld 'n totaal ander waardesisteem. Hier is dit 'n lewe vir 'n lewe. Geen vrae oor die waarde van die lewe of die bou van 'n groter gesonde samelewing nie.

As transportoffisier was ek verder met hierdie paradoks gekonfronteer. Ons transportafdeling was verantwoordelik om lyke van vyandelike magte te begrawe na skermutselings. Lyke sou na ons basis gebring word en dan aan ons oorhandig word waarna ons dit dan sou uitneem na 'n plek buite die basis en begrawe. By een

geleentheid was dit ‘n sleepwa met seker 10 liggame. Weer die vrae: ‘waar is hulle families?’, ‘hoe sal hulle families weet wat van hulle geword het?’ Die kontras tussen die totale apatie teenoor ‘n lewe in vergelyking met die ‘regte’ wêreld waar ‘n lewe so kosbaar is, het al hoe harder begin skreeu.

Nadat twee mans gevange geneem en na ons basis vir ondervraging gebring is het die kommandant, ons bevelvoerder, ingestem dat ek kon insit in ‘n ondervragingsessie. Die ongenaakbaarheid van die ondervragingstegnieke het my ontnugter. Wat daarvan as hy die waarheid gepraat het? Hier het ek besef dat oorlog nie ‘n antwoord kan bring nie. Ons weet niks van hierdie ander groeperinge, in ‘n ander land, se drome of behoeftes nie. Het ons genoeg probeer om in mekaar se wêrelde te kom en mekaar te verstaan. Kan ons nie êrens ‘n wen-wen oplossing vind nie?

‘n Nuwe vraag het by my ontstaan. Wat sou ek gedoen het as ek ‘aan die ander kant’ gebore was? Sou ek dalk ook in frustrasie oorgekook het en gerebelleer het in terroristiese aktiwiteite om gehoor te word? Miskien was hierdie observasie van ‘n groep wat nie verstaan word nie aangevuur deur my persoonlike kinderervaring van deel wees van ‘n ‘minderheidsgroep’ in die samelewing wat nie verstaan word nie en my gedwing het tot ‘n randfiguur. Selfs vandag in my sielkundepraktyk is dit die temas wat ek ondersoek wanneer ‘n kind asosiaal optree. Bevind hy of sy hulleself dalk ook in ‘n minderheidsposisie in die groep?

Op Eenhana, ver van ander hulpbronne, was ek genoop om kreatief te wees in probleemoplossing en die beste te doen met wat ek beskikbaar gehad het. Ek kon stelsels en bestuursisteme implementeer wat in latere inspeksies deur die sektor erkenning gekry het. Die ontwikkeling van hierdie leierskap en kreatiewe vaardighede en die vermoë om strategies verskilende scenarios te skep en te analiseer voordat daar op ‘n spesifieke aksie besluit word, is iets waarvoor ek die SAW altyd dankbaar sal wees.

Alhoewel vertroue in myself toegeneem het asook my waaghouding in baie komplekse situasies, het ek gereeld uit plek uit gevoel op sosiale en politieke gebied. As offisier het ek ‘n baie goeie verhouding met die manskappe gehad, maar kon nie sosiaal met hulle verkeer nie. Die paar offisiere wat daar was het ‘n lewenstyl gehandhaaf in die offisiere kroeg wat vir my baie vreemd was. Ek kon nie daarmee identifiseer nie, maar

is sodanig aanvaar dat ek gereeld saam met hulle kon kuier totdat ek besef het dit plaas spanning op hulle as ek verder bly en sou dan kamer toe gaan. Vanuit my agtergrond was dit ‘n oorwinning om mense te aanvaar en te waardeer vir wie hulle was. Al was hulle lewenstyl anders as myne het ek gevoel dat hulle my aanvaar en respekteer vir wie ek was sonder die herhaling van my kinderdae ervarings.

Tog in hierdie vreemde was daar die behoefte om net weer ‘n tydjie met iemand van dieselfde lewensingesteldheid te spandeer. Wat was my verbasing toe ek een middag by die radiokamer verbyloop en die bevelvoerder by ons Nkongobasis hoor praat. Ek het onmiddelik my universiteitsvriend, Roelf se stem herken en nadat hy bevestig het dat dit hy was, het daar die berusting gekom dat die Here wel kennis neem van my eie situasie. Hy was deel van 701 Bataljon in die Caprivi en is voor ons herontmoeting gestuur met ‘n kompanie na Nkongo, een van die basisse van 54 Bataljon. Ek het onmiddellik gereël dat ek met die volgende konvooi saamgaan om die transportafdeling by Nkongo te besoek. So is ek die volgende oggend nadat die konvooi die vorige aand by Eenhana aangekom het as die enigste passasier agter op ‘n oop *buffel* voertuig na Elundu en van daar na Nkongo.

Ons het laat die middag op Nkongo aangekom na ‘n lang dag in die warm son en konvooistof agter lopende mynveërs aan. Ek en Roelf het die hele nag deur gesels en harte gedeel totdat ek weer ongeveer vyf uur die volgende oggend die konvooi moes bestyg en weer die warm son en stof terug Eenhana toe moes trotseer. Vir my was die verligting om iemand bekend te sien en weer herinner te word aan wat vir my belangrik was van onskatbare waarde.

Namate die einde van ons tydperk op Eenhana nader gekom het, was daar gereeld gesprekke oor die sinvolheid van opgraderings of nie aan die basis indien Suid-Afrika dalk moes onttrek uit Namibië. Hierdie gesprekke het net weer vir my die vraag laat ontstaan: Waarmee is ons besig? Is daar nie ‘n wen-wen oplossing nie?

Gedurende die laaste drie maande van my militêre diensplig is ek aangewend as inligtingsoffisier by 202 Bataljon naby Rundu, waar ek die operasionele kamer beman het. Op daardie stadium was daar nie baie SWAPO aktiwiteite in die gebied nie en baie meer plaaslike swart soldate gestasioneer in die basis. Weer was ek gekonfronteer met die plaaslike gemeenskappe wat elkeen sy eie lewe probeer bou

en hoe afhanklik almal was van boorgate, mediese ondersteuning en onderwys wat deur die weermag voorsien was.

Ek het meer en meer bewus geword van die spanning tussen die behoeftes en verwagtinge van die meerderheid van die bevolking. ‘n Bevolking wat waarskynlik, net soos ek, ‘n groter behoefte gehad het aan ‘n vreedsame bestaan waarin elkeen, selfs die wat van my verskil, toegelaat word om hulle eie lewe te bepaal en in harmonie uit te leef. Was die oorlog dalk die instrument wat deur ‘n paar invloedrykes gebruik word vir hulle eie doelwitte? Was daar werklik ‘n soeke na vrede?”

“So jy het nie enige trauma tydens die oorlog ervaar nie, maar dat jou leierskapspotensiaal in 1982, die tweede jaar van jou diensplig, verder ontwikkel het, Carel.” “Ja Roelf, die weermag was ook vir my goeie karaktervorming, maar ek het toe reeds vrae gehad oor die sinvolheid en kontraste van die oorlog soos ek in die vorige paragrawe uitgelig het. Die vrae oor die oorlog het egter verdwyn toe ek begin skoolhou het. Kom ek vertel jou meer hiervan.”

### 4.2.4 Onderwyserjare

Na my diensplig het ek ‘n onderwyspos aanvaar in Bronkhorstspruit by die Hoërskool Erasmus. Ek is dadelik verantwoordelik gemaak vir die drilpeloton en is later aangestel as hoof van die kadette by die skool, verantwoordelik vir die jaarlikse *kadetkamp* en ook die drilpeloton en *kadetorkes* se kompetisies. Ek is ook ingedeel by die Bronkhorstspruit Kommando om my diensplig verpligtinge te voltooi vir die volgende 10 jaar.

As jong onderwyser moes ek baie verantwoordelikhede aanvaar in die skoolprogram. Ek moes verskillende sportsoorte afrig terwyl ek nie regtig enige daarvan self kon doen nie. Ek moes probeer navors hoe werk krieket, rugby en hoogspring en het gemengde sukses daarmee gehad. Ek was baie suksesvol om ‘n span te bou en te motiveer, maar moet erken my tegniese kennis was maar gebrekkig. Tog het ek gesien hoe belangrik goeie spangees en passie is om suksesvol te wees.



Figuur 56: Ek en Karin op ons troudag.

Op 31 Januarie 1987 is ek getroud met Karin, iemand wat my lewe kom vol maak het. Gedurende hierdie jaar het ek besef dat ek nie meer die energie en tyd aan my skoolaktiwiteite kon spandeer soos voorheen nie en gevra om verplaas te word na die Opvoedkundige Hulpdiens van die Onderwysdepartement as Opvoedkundige Sielkundige. Ons het op Bronkhorstspruit gebly vir 'n verdere drie jaar en elke dag gery na Pretoria en terug.

By die *kommando* moes ek gedurende my eerste jaar bevel neem oor 'n kommandokamp om vir dienspligtiges 'n verfrissingsopleidingskamp aan te bied en as jong kaptein basiese opleiding aan boere en burgerlike persone aanbied. Dit was vir my baie stimulerend om te ervaar hoe ek betrokke raak by die gemeenskap en hoe my leierskap aanvaar word by die skool en op die dorp.

"So Carel, jy was behoorlik in die *burgermag* en *kommando* strukture van die SAW ingetrek, maar het dit geniet en nie as jou plig beskou nie. Dit was darem 'n integrale deel van ons hele lewe nê?" Merk ek op toe ek sien dat Carel omblaai na die volgende hoofstuk. Dit lyk my nie jy het toe enige vrae oor die betekenis van dit waarin ons betrokke was gevra nie." "Verseker nie, Roelf ek het my betrokkenheid in die kommando geniet en gevoel dit is die minste wat ek kan doen om 'n bydrae te lewer tot gebiedsbeskerming."

### 4.2.5 Rapportryers en Ruiterwag



Figuur 57: Ek as kommando offisier.

Ek het ook reeds in 1983 aangesluit by die plaaslike *Rapportryers* beweging, verantwoordelik vir leierskapopleiding vir hoërskoolleerlinge en was ook betrokke by Afrikaanse sangfeeste wat gereël was by Bronkhorstbaai. Alhoewel ek baie betrokke was by die praktiese uitvoering van die projekte het ek altyd die gevoel gehad dat daar iemand was wat die besluite geneem het wat deur die *Rapportryers* uitgevoer is.

Ek was baie verbaas, in 1988 toe ek besoek is deur een van my vriende, mede-onderwysers en ook ‘n ander professionele persoon op die dorp, wat saam met my op die *Rapportryers* gedien het. Hulle het my vertel van die *Ruiterwagbeweging*, wat ‘n voorloper beweging was vir die *Broederbond* en dat die *Rapportryers* eintlik ‘n front was om die *Ruiterwag* se doelwitte op ‘n praktiese wyse te dien. Volgens hulle, was dit nie moontlik om my vroeër te nader nie, omdat hulle beleid vereis het dat ek aan een van die drie Afrikaanse kerke moes behoort. Nadat die grondwet gewysig was het hulle besluit om my te nader.  Ek het nie geweet wat om te verwag nie en was maar baie senuweeagtig na die eerste vergadering.

“Carel het my nie vroeër vertel dat hy ook diskriminasie opgond van sy kerkverband ervaar het nie, ek het gedog dit het net in Brits gebeur,”  dink ek by myself terwyl Carel verder voorlees.

“Ek was eintlik geskok om te sien wie almal by hierdie byeenkoms was,” gaan Carel voort. Later het ek bewus geword van al die vergaderings wat op verskillende plekke op die dorp gehou is, gewoonlik op dieselfde aand deur die *Ruiterwag* en *Broederbond*. Ek het ook skielik verstaan waarom almal Moosberg Boerderye se druiwe sou hê na sekere naweke. Dit was wanneer gesamentlike *Ruiterwag* of *Broederbond* byeenkomste met hooggeplaaste politieke figure op een van die ministers se plase gehou is.

Wat veral vir my insiggewend was, was dat ons in 1988 reeds begin het om die verhoor van Nelson Mandela en veral sy verdedigingshofuitsprake te bespreek terwyl die hofuitspraak nog verban was. In 1989 is ons opgeroep na belangrike streekvergaderings. Ons het vanaf Bronkhorstspruit na Newcastle gery om ‘n moontlike nuwe regeringsmodel te bespreek waar Suid-Afrika in meer provinsies ingedeel sou word sodat elke provinsie dan ‘n sekere etniese groepering as meerderheid sou kon akkommodeer. Ek was opgewonde en het gevoel ek word deel van ‘n oplossing vir die land wat meer hoop op ‘n vreedsame samelewing kon hê.

Tog was ek ook weer bewus van die gevoel dat ons net pionne is in ‘n groter geheel waar dit wat ek doen nie regtig ‘n effek gehad het op die groter besluitnemingsprosesse nie. My geneigdheid tot kritiek en wantroue in die politieke magte het groter impetus gekry, maar ons het in 1990 getrek na Pretoria. Ek is toe net

verkies as voorsitter van die *Ruiterwag* tak, maar het met my verplasing na Pretoria besluit om myself los te maak van die aktiwiteite van die Kommando en die *Ruiterwag*.

In Januarie 1990 is ek permanent aangestel as Opvoedkundige Sielkundige by die Onderwysdepartement in Pretoria. Kort daarna is ek aangestel as dosent in Opvoedkundige Sielkunde aan UNISA waar die meerderheid studente swart was. Ek en Karin het ook by jeugwerk by ‘n kerk in Pretoria Noord betrokke geraak. Ek wou nie by die *Ruiterwag* in Pretoria inskakel nie en na ‘n besoek aan die plaaslike kommando het ek besef dat die kommandolede onseker was oor hulle rol. Ek sou dus stadig uit die administrasie kon verdwyn as ek nie meer kontak behou nie.”

“Ja, Carel ek onthou nog hoe julle in Pretoria by jeugwerk betrokke geraak het, hoewel jy ‘n dosent by UNISA was. Jy kon jou maar net nie wegbeweeg van jongmense af nie,” merk ek op terwyl ek terugdink aan al die kampe waarby Carel betrokke was en hoe ek soms saam met hom van die kampe aangebied het. ”Het jy nie later die bynaam Carel kamp gekry omdat jy so baie kampe aangebied het nie?” Carel lag lekker terwyl ons ‘n paar herinneringe deel voordat hy met sy voorlesing voortgaan.

“By die kerk het ek en Karin besef ons moet die jongmense voorberei op ‘n nuwe bestel waar daar groter begrip en samewerking tussen verskillende bevolkingsgroepe moes kom. Ons het begin om jaarliks aksies te reël na Soshanguve of Kwandebele waar ons jongmense in die gemeenskap sou kampeer en dan die plaaslike kerke ondersteun in hulle werksaamhede in die gemeenskap. Ons het nie geglo dat ‘n mens van buite af ‘n gemeenskap kon betree en noodverligting doen sonder om in verhouding te tree met die gemeenskap en hulle leiers nie. Ons wou eerder ons hulp aanbied vir wat hulle nodig mag ag. Dit was ‘n nuwe ervaring vir almal van ons, maar baie verrykend vir die jongmense wat almal vandag 40 tot 50 jaar oud is.

In 1998 kon ek en my vrou ‘n droom bewerkstellig waar ons ‘n Privaat Christenskool in Pretoria kon begin onder die beskerming van Doxa Deo gemeente. Hier het ons probeer om ‘n taalmodel te vestig waar Afrikaanse kinders in hulle moedertaal in graad 1 kon begin met skool maar geleidelik oorbeweeg na Engels.

Daar was baie teenkanting van politici en akademici wat meer bekommerd was oor die beskerming van hulle eie identiteit as oor hulle verantwoordelikheid om ‘n nuwe

Suid-Afrika te bou. My kinders en baie van hulle vriende wat vandag reeds professionele loopbane volg, kan getuig van hulle begrip en waardering vir mense uit ander kulture waaraan hulle in die skool blootgestel was.

Tydens die oorgang na ‘n demokrasie was ek opgewonde oor ‘n nuwe bestel vir almal in Suid-Afrika maar tog ook bang vir wat die nuwe toekoms kon inhou vir my en my kinders. Die ontnugtering en teleurstelling dat nie almal in Suid-Afrika die belangrikheid sien om vorentoe te beweeg nie was my grootste teleurstelling.

Ek dra regtig ‘n bekommernis in my hart vir skole, wat die potensiaal het om te help bou aan hierdie nuwe Suid-Afrika, maar steeds besig is om ‘n blanke Afrikaanse seepbel te skep waarin hulle hulleself so probeer beskerm dat hulle irrelevant word.

Die feit dat sommige politici se narratief verval het in ‘n retoriek van skuld plaas op die verlede en guns probeer wen deur die idealisering van ‘n Afrikanistiese nasionalisme laat my weer besef hoe maklik een onregverdige bestel vervang kan word met ‘n soortgelyke bestel. Miskien nog ‘n groter besorgdheid is hoe maklik ‘n mens blind kan word vir die harde, naakte werklikheid en in ‘n waan leef dat jou oplossing alleen die verskil gaan bring. Die val van president Robert Mugabe en president Jacob Zuma is duidelike voorbeelde hiervan.

### 4.2.6 Persoonlike verantwoordelikheid

Ek en my gesin het in 2014 betrokke geraak by ‘n multikulturele bediening in Hartbeespoort. Hier het ons gevind dat om ‘n nuwe Suid-Afrika te bou ons gaan moet wegbeweeg van vashou aan ons eie oortuigings en doelbewus moet begin bou aan ‘n nuwe kultuur. Hierdie kultuur moet ruimte bied om mekaar se verskille en uniekhede te kan vier met begrip en waardering, maar terselfdertyd moet soek na raakpunte waarmee ons in ‘n nuwe kultuur aan mekaar geweef kan word. Twee skrifte uit die Bybel wat my gehelp het in my soeke na die skep van so ‘n nuwe kultuur vir Suid - Afrika is:

- **2 Korintiërs 5:17** Daarom, as iemand in Christus is, is hy ‘n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword.
- **Galasiërs 3:28 - 29** Daar is nie meer Jood of Griek nie, daar is nie meer slaaf of vryman nie, daar is nie meer man en vrou nie; want julle is almal een in Christus

> Jesus. En as julle aan Christus behoort, dan is julle die nageslag van Abraham en volgens die belofte erfgename.

In die gemeenskap probeer ons doelbewus gesprekke voer oor onderwerpe soos die dood, huwelike, gesinne, ouerskap, en hoe sosiale verantwoordelikheid verstaan word vanuit verskillende agtergronde, om ‘n begrip vir mekaar te kry. Ons wil mekaar help om ons eie kulturele gebruike te meet aan die Bybel en ook op praktiese wyse besin oor hoe en wanneer die kerk die gemeenskap kan ondersteun. Ons wil ook onderskei wanneer kultuurgebruik erken en waardeer moet word, maar nie noodwendig iets is waarby die kerk betrokke sal wees nie.

Ons kerk het besluit om by ‘n baie arm informele nedersetting by Hartbeespoort betrokke te raak en ‘n gemeenskapsentrum op te rig waar ons ‘n huiswerksentrum vir skoolleerders bedryf asook ‘n crèche en ‘n sopkombuis. Hier ondervind ons elke dag die realiteit van families wat nie die middele het om vir hulleself te sorg nie en hoe armoede sommige mense se menswaardigheid en selftrots so vernietig het dat daar geen sprake van moraliteit of begrip vir die groter prentjie is nie. Ons het ook met ‘n opleidingsklas begin vir die geestelike leiers in daardie gebied om hulle toe te rus om ‘n visie van sosiale opheffing vir hulle verantwoordelikheidsgebiede te ontwikkel. Opleidingskursusse word beplan om die mense in daardie gebiede, of hulle wettige dokumente het of nie, op te lei om vir hulleself en hulle gesinne te kan sorg.

In ons swak ekonomiese klimaat waarvoor ek dink ons self verantwoordelik is, is ek vandag nog ‘n groter rebel teen die status quo en probeer ek op ‘n praktiese vlak ‘n verskil bring in die gemeenskappe sonder hoop. Ek besef om te wag vir die politieke- of selfs kerkleiers om op grondvlak ‘n verskil te maak is ‘n tydsame proses met geen waarborg tot sukses nie.”

“Sjoe Carel, na jou aftrede is jy lyk dit my selfs besiger om ‘n verskil in die gemeenskap te maak as toe jy nog skoolgehou het. Dink jy nie dit is tyd om af te skaal nie?” vra ek versigtig omdat ek weet van sy persoonlike uitdagings dat hy om mediese redes op vroeë pensioen afgetree het. “Roelf, ja toe ek in 2016 gediagnoseer is met ‘n terminale siekte moes ek weer besin oor my eie sinvolheid van bestaan. Ek is vandag meer oortuig as ooit dat elke mens spore moet agterlaat vir generasies wat na ons kom, wat hulle na sinvolheid van hulle persoonlike en hulle gemeenskap se bestaan sal lei.

Wat sal ek verwoord as my gevolgtrekking? ‘n Gemeenskap wat waardering en respek het vir mekaar se verskille sal nooit gevind word solank die fokus is om myself eerste te plaas nie. My doel vandag is om die beste leier moontlik te wees vir my gesin en vir my gemeenskap op ‘n praktiese vlak. Ek is baie bekommerd oor die leiers in die samelewing wat nog een groep teenoor ander stel, of hulle wit is of swart. Ek het vertroue verloor in raadsale en komitees en fokus my energie op watter invloed ek persoonlik op praktiese vlak kan hê tot die bou van ‘n nuwe kultuur. Ek hoop dat meer mense uit my voorbeeld sal sien dat hy of sy ‘n verskil kan maak waar hulle is!”



*Figuur 58: My gesin, my jongste seun Hennie, ek, Karin my vrou, Frikkie my oudste seun en sy vou Charne.*

Carel het nog nie opgekyk vandat hy met hierdie woorde afgesluit het nie en sy woorde het my so diep getref dat ek hom nie dadelik kon antwoord nie. “Ek wens daar is nog ouens soos jy Carel wat in die omgewing en die konteks waarin jy is steeds ‘n verskil in die gemeenskap maak. Jou ingesteldheid teenoor die lewe is nog altyd vir my ‘n inspirasie. Dankie vir jou eerlike storie en dat jy steeds soos in die verlede bereid is om my te ondersteun. Net soos toe ons studente was werk ons steeds saam aan ‘n beter toekoms. Ek is tevrede met die storie soos ons nou deur hom gewerk het. Om te verhoed dat ek die laat middag verkeer tref en omdat Elize my gevra het om vir haar vars plaasgroente by die Jasmyn Plaasprodukte Mark hier naby julle te koop, gaan ek dadelik in die pad val.”

Ons staan stadig op om ons bene te rek na die lang gesit en stap na my motor se kant toe. “Dankie vir die dag hier in die buitelug met hierdie pragtige uitsig. Julle moet weer een Saterdag vir ons kom kuier sodat ek julle van my toer saam met die 61 Meg Veteranevereniging in Angola kan vertel en foto’s kan wys.” sluit ek ons gesprek af. “Dit sal heerlik wees julle moet net laat weet wanneer. Stuur vir Elize groete, ek sien Karin het gery,” merk hy op terwyl ons kar toe loop. “Sê vir haar dankie vir die eet- en drinkgoed, sjoe ek is jaloers op die uitsig wat julle het,” sê ek vir oulaas terwyl ek oor die Hartebeespoortdam kyk voordat ek in my kar klim en wegry.

Ek is dankbaar dat ek teen 16:30, toe ek begin terugry Pretoria toe, nog nie die besige Vrydagverkeer getref het nie. My gedagtes is egter weer besig met myself terwyl ek rustig op die snelweg terugry. Carel is ‘n besondere mens en ons tye saam is altyd kwaliteittyd. Veral toe ek van my grootste lewenskrisisse ervaar het, was hy altyd daar om my te ondersteun en perspektief te gee. Terwyl ek na sy verhaal geluister het, was ek verbaas hoe baie ons in gemeen het en hoe baie van ons ervaringe ooreenstem.

Carel het ‘n baie spanningsvolle, maar vervullende tyd in die onderwys gehad en behalwe vir die morele besering wat hy tydens die Grensoorlog ervaar het, koester hy goeie herinneringe van die SAW. Sy onderwysloopbaan, betrokkenheid by kerklike aktiwiteite en gebrek aan belangstelling in die SANW na 1994 sowel as veterane-aktiwiteite het veroorsaak dat hy nie soos ek by enige veteraanaktiwiteite betrokke geraak het nie.



*Figuur 59: Ek en Carel drink 'n koffie by Coffee at 18 tydens ons eerste ontmoeting vir die skryf van sy narratief.*

Ek en Carel het ons diensplig gedoen nadat ons, ons universiteitstudies voltooi het terwyl Gert Minnaar eers sy diensplig op 17 jarige ouderdom gedoen het en daarna ook by UP gestudeer. Hy was by Pretoria Studente-oord, dieselfde gemeente en studente organisasie as ek en Carel betrokke. Na 2007 het my betrokkenheid by veterane-organisasies, en Gert se inisiatiewe hier ‘n deurslaggewende rol gespeel in my genesingsproses. Gert het ‘n geleentheid op die 61 Meg Veteranevereniging se webwerf geskep om stories vir ‘n storiekompetisie in te stuur en het reeds ongeveer 200 inskrywings ontvang.

Gert was besig met sy eie verhaal toe hy ingestem het om my ander navorsingsgenooot te word en veral sy weergawe van sy dienspligervaringe te deel. Hy woon in Mosselbaai, maar besoek Gauteng minstens een maal per maand vir besigheid. Ons het ooreengekom om hoofsaaklik per e-pos te kommunikeer, en waar nodig, ‘n afspraak te maak wanneer hy in Gauteng is.

## 4.3 Gert

### 4.3.1 Biografiese skets

Ek is op 14 Mei 1961 in ‘n sendinghospitaaltjie in Nongoma gebore. Ek is my ouers se oudste kind en het twee sussies wat onderskeidelik drie en ses jaar jonger is as ek. My pa het daardie jare by Pongola met suikerriet geboer, maar ons is in 1968 na die stad toe totdat ons na vele omswerwinge in 1973 in Richardsbaai beland het waar ek in 1978 gematrikuleer het. As gesin het ons moeilike jare beleef nadat ons van Pongola af weg is en het my ouers baie rondgetrek. My pa het nie naskoolse opleiding gehad nie en vir iemand wat voorheen net geboer het, was dit nie maklik om weer sy voete te vind nie.

In die Laerskool was ek in agt verskillende skole gewees. In Richardsbaai was my ouers se treklus nog nie uitgewoed nie en het ons van 1973 tot 1978 in ses verskillende huise gebly.



*Figuur 60: Die Minnaars in Richardbaai in 1980 tydens my tweede jaar in die SAW. Ek sit voor, agter sit Tillie my jongste sussie my pa Flip, my ma Annatjie hou haar enigste seun vas skouer vas.*

My familie was ‘n doodgewone middelklasfamilie en ek het hoofsaaklik op die platteland groot geword – Pongola, Drie Riviere, Edenvale, Allanridge, Malelane, Letaba, Middelburg en Richardsbaai. Ek kan sonder huiwering sê dat my ouers ons met liefde en na die beste van hulle vermoëns groot gemaak het.

My pa het net voor ons weg is van Pongola af besluit om God met oorgawe te dien en dit het ‘n groot indruk op my gemaak, in so ‘n mate dat ek in 1970, in standerd twee besluit het om ook ‘n volgeling van Jesus te word, en steeds is.

In 1974 in my standerd ses jaar, was daar nog nie ‘n hoërskool in Richardsbaai nie en het ek bus gery na die buurdorp Empangeni toe. In 1975 het Richardsbaai ‘n hoërskool gekry maar net met standerd ses en standerd sewe klasse. Ons standerd sewes was die seniors gewees totdat ons matriek geskryf het. In standerd sewe was ek ‘n prefek, in standerd agt onderhoofseun en in standerd nege en tien hoofseun. Dit het beteken

dat ek van vroeg af in my skoolloopbaan met verantwoordelikheid toevertrou was en gewoond geraak het daaraan om leiding te neem.

### 4.3.2 Nasionale Diensplig

Die ontvangs van my oproepinstruksie in 1978 tydens my matriekjaar het die realiteit van wat vir my as dienspligtige voorgelê het, laat inskop. By die skool het ons met mekaar daaroor gepraat en uitgevra oor die verskillende eenhede waarna ons opgeroep is. Ek wou na skool verder studeer, maar het nie in matriek geweet wat nie. Dit het vir my sin gemaak om eerder aan te meld vir my militêre diensplig en dan ‘n besluit oor my loopbaan te neem.

Ek het glad nie geweet wat om te verwag van die SA Weermag nie. Die enigste manier waarop ek insae kon kry op wat voorlê was deur my goeie vriend, wie se ouer broer die offisierskursus by die Infanterieskool in Oudtshoorn in 1977 voltooi het en daarna in 1978 by 2 SA Infanterie bataljon in Walvisbaai gestasioneer was.

Hierdie tweede luitenant se vertellinge oor die opleiding by die Infanterieskool, wat my hoofsaaklik via sy broer bereik het en moontlik effens aangedik kon wees, het my met ontsag gevul. Omdat ek opgeroep was om in Januarie 1979 by 1 SA Infanterie bataljon in Tempe by Bloemfontein te rapporteer het ek geweet as ek rang wou kry sou die Infanterieskool beslis prominent figureer tydens my militêre opleiding.

Ek het daardie tyd nooit die wettigheid van die proses om elke jaar nuwe rekrute in die militêre stelsel op te neem, bevraagteken nie. Ons is op skool laat verstaan dat daar ‘n Kommunistiese aanslag teen ons land is en dat die Kommuniste die swartes misbruik vir hulle eie gewetenlose doelstellings.

Die situasie in Rhodesië is ook gereeld as ‘n voorbeeld van so ‘n aanslag voorgehou en ek kan onthou van die TV–nuusuitsendings toe die Rhodesiese magte terroristebasisse in die buurlande gaan aanval het. Dit het ‘n groot indruk op my gemaak.

In ons matriekjaar het ‘n rugbyspan uit Rhodesië deur Natal getoer en ook teen ons skoolspan kom rugby speel. Een van die toerspan se lede het by my vriend se huis oorgeslaap. Ons het hom baie uitgevra oor wat in sy land uitgaan. Vir my het dit net

gelyk asof dit die wit mense was wat daar teen die opstandige swartes geveg het, en ek was heeltemal onbewus van die ideologiese redes waarom die swartes teen die wit mense daar in opstand gekom het. Vir my het dit gelyk soos wrede terroriste wat die witmense in Rhodesië net wou terroriseer bloot omdat hulle wit was.

Op ’n manier was die hele ding van om militêre diens te verrig deel van ons grootwordproses wat alle jong seuns van ons ouderdom na skool moes deurmaak. Op daardie tydstip was ek benoud en bekommerd oor die onbekende militêre wêreld wat sou voorlê, en met die nuusuitsendings wanneer die dood van die manne op die Grens afgekondig is, het ek ook besef dat die hele militêre ervaring ook die moontlikheid van my eie dood kon inhou. Op 17-jarige ouderdom was dit ongemaklike gedagtes om te hanteer.

***Die troepetrein na Bloemfontein***

In Januarie 1979 op die ouderdom van 17 het ek en my vriend in Durban op die *troepetrein* na Tempe, Bloemfontein geklim. Hy na 1 Spesiale Diensbataljon (1 SBD), ‘n pantser regiment en ek na 1 SA Infanterie  Bataljon ‘n gemeganiseerde infanterie bataljon toe. My ouers het besluit om my in Durban te gaan aflaai vanwaar die troepetrein na Bloemfontein toe sou vertrek. Tydens die rit soontoe het ons by Umhloti gestop omdat ons te vroeg was vir die tyd wat ek moes aanmeld in Durban. Ek het op ‘n rots gaan sit en dink aan wat voorlê, maar ook aan dit wat agterbly – my ouers en sussies en die onskuldige, ongekompliseerde lewe in Richardsbaai. My ouers het in die kar bly sit terwyl my sussies buite rondgeloop het. Op ‘n manier was hierdie halte ook ‘n geleentheid vir my om ‘n finale sielkundige voorbereiding te kry vir die nuwe avontuur wat voorgelê het, en wat binne die volgende twee ure sou begin.

Die realiteit van wat voorlê het hier vir my ingeskop en ek het besef dat daar nou geen omdraai meer was nie. Ek moes maar op my tande byt en deurdruk, en probeer om nie te wys hoe onseker en benoud ek was vir dit wat voorlê nie.

My ma was baie tranerig, maar ek het probeer om sterk te wees. Ek was immers die enigste seun in die gesin en sy het seker gevoel haar arme onskuldige ou seuntjie gaan nou vir die wrede wolwe gegooi word. My pa het nie veel emosie getoon nie, maar ek het geweet dit was vir hom ook nie maklik gewees nie. My sussies het my ook aangekyk asof hulle my nooit weer sou sien nie…


Later sou ek hoor dat my ma vir drie maande gehuil het oor haar ou seuntjie wat op hierdie manier die grootmenswêreld moes betree het, met my sussies wat na bewering ook hulle boetie baie gemis het.

By die versamelpunt waar ons moes rapporteer, het ons my vriend en sy ouers saam met ‘n ander matriekmaat, aangetref. Hulle het die prosedures geken want hulle oudste seun  al in 1977 vir sy diensplig aanmeld, maar my gesin was nie voorbereid gewees vir hierdie gebeurtenis nie.

Ons het ons mense gegroet en deurbeweeg na waar al die nuwe rekrute moes aantree. ‘n Sersant-majoor was in beheer en het gevra dat almal wat alkohol of dwelms saamgebrig het, dit moes ingee. Honde het die sakke wat ons saamgebring het deur gesnuffel om onwelkome items uit te wys. Vandaar het ons op die trein geklim waar ons in kompartemente ingedeel is, met die korporaals wat vriendelik en gaaf was…

Net voor ons Bloemfontein bereik het, het die atmosfeer op die trein verander. Die korporaals het ons beveel om die vensters toe te maak en stil te sit in ons kompartemente; min het ons geweet dit was die stilte voor die storm.

Toe die trein tot stilstand kom was daar ‘n verskriklike bedrywigheid aan die gang op die perron. Die korporaals op die perron het ‘n heel ander gesindheid openbaar as die wat saam met ons op die trein was, en ‘n verwoede gebulder het losgebars waarmee ons aangejaag was om met ons sakke op Bedford weermagtrokke te klim.




*Figuur 61: Ons eerste rit op ‘n Bedford.*

Die bestuurder van die Bedford waarop ek beland het was ‘n sogenaamde *ouman* wat die tradisie van al die vorige jare en daarna eer aangedoen het deur 1 SA Infanterie Bataljon se kamp in Tempe binne te ry asof hy nog nooit voorheen ‘n lorrie bestuur het nie. Hy het weggetrek met ‘n stinkspoed sodat almal onwillekeurig geskuif het na die Bedford se agterste bakflap toe waar ons in ‘n opgeknopte bondel vasgedruk is. By ‘n stopstraat of robot het hy die Bedford tot stilstand gebring asof daar ‘n

olifant uit die bloute voor die lorrie ingespring het wat tot gevolg gehad het dat die proses met die wegtrek in omgekeerde orde plaasgevind het. Nodeloos om te sê maar die kitaar wat die een lid op ons Bedford saamgebring het, het in twee dele by 1 SA Infanterie Bataljon se hoofhek ingery en die meeste van ons met vars bloukolle waar ons teen die bakwerk en mekaar gestamp het.

In die kamp is ons deur die tweede-in-bevel van die eenheid welkom geheet en kortliks voorgelig oor wat in die volgende paar weke vir ons sou voorlê. Ons het ook elkeen ‘n boekie ontvang met die basiese inligting wat ons nodig sou kry vir die nuwe avontuur wat voorgelê het.

Op die kort rit van die stasie af tot by die kamp het ek genoeg gesien om te weet dat ek deel wou wees van ‘n proses wat daarop sal uitloop dat ek in ‘n posisie kon beland waar ek nie net instruksies sou ontvang nie, maar ook instruksies kon gee, al sou dit beteken dat ek vir die eerste jaar moes *aftjop*. Toe hulle vra wie vrywillig wil aanmeld om juniorleiersopleiding by die Infanterieskool in Oudtshoorn te ondergaan waar jy ‘n korporaal of tweede luitenant kon word, het ek gesorg dat ek in die groep beland.

Die persone wat junior leiersopleiding wou ondergaan is in een kompanie ingedeel vir die eerste ses weke se basiese opleiding voordat hulle na Oudtshoorn sou vertrek, terwyl die res van die nuwelinge opgeneem is in die eenheid se strukture.

In die tent waarby ek ingedeel is, was daar hoofsaaklik ‘n klomp Engelssprekendes met die een ligpunt, ‘n vriend van Empangeni, saam met wie ek in standerd ses in die klas was.

Die *Army* was 'n skok op my sisteem, want ek het uit 'n baie beskermde huis gekom en ek het baie keer gewonder of die korporaals en tweede luitenante wat ons opgelei het regtig aan ons kant was en of hulle nie dalk eerder geheime agente van die vyand was nie, want hulle was wragtag genadeloos gewees.

***Basiese opleiding***

Die eerste gebeurtenis van basiese opleiding wat ‘n groot impak op my gemaak het was die haarsny by die meedoënlose haarkapper waar ons eensklaps van ons hare en identiteit gestroop is. Net nadat ons hare gesny is was dit ‘n uitdaging om die ander

persone in jou peloton te herken, want almal het nou met kaalgeskeerde koppe buite die haarkapper se martelkamer rondgestaan.

Ons korporaal het tot ons redding gekom deur te skree: ”Peloton ses tree hier aan!”, anders sou ons mekaar nie gou weer gevind het nie. ‘Skielik was ek nie meer “Gert Minnaar” met hare nie, maar nou net “Minnaar” met geen hare in ‘n bruin *overall* wat alles moes doen wat die korporaal sê!

Die ander gebeurtenis wat ‘n blywende indruk op my gemaak het was toe ons uitrustings aan ons uitgereik is. Dit was ‘n eindelose gewag in lang toue tot laat in die nag, voor die store waar jy oorgelewer was aan die oordeel van stoormanne van verskillende range om te besluit watter grootte klere jou sal pas. Ek onthou nog hoe ek laat die nag met ‘n *staaldak* sonder ‘n binneste gedeelte op my kop, saam met die ander pelotonlede en ‘n volgepakte trommel in die stikdonker oor die paradegrond gestrompel het na ons tent toe.

Wat my in die eerste paar weke by 1 SA Infanterie Bataljon die meeste getref het was die ontsettende mag wat in die hande van ‘n bloedjong, skaars nat agter die ore korporaal, toevertrou was en ook watter ontsettende potensiaal daar was vir daardie mag om in die verkeerde hande te verander na beheer oor ‘n gevaarlike voorwerp…

Op daardie stadium het ek nog gedink die tweede luitenante is die “good cops” wat die korporaals se “bad cops”- streke met gebalanseerde en rasionele optrede teen werk. Dit vorm ook alles deel van die mistieke wigte en teenwigte wat in die SA Weermagmasjinerie ingebou was om seker te maak goeie oorwin tog op die ou einde oor die bose. Hierdie paradigma het op Oudtshoorn ‘n erge knou gekry toe ek in peloton een van Golf kompanie beland het met ‘n pelotonbevelvoerder wat meedoënloos nuwe dimensie aan die begrip paraatheid verleen het omdat sy peloton elke kompetisie in die kompanie moes wen.

Die besef van my en my mediedienspligtige troepies se onmag as aspirante *geweerskutters*, vars van die straat af, in hierdie gevestigde militêre hiërargie was aanvanklik vreesaanjaend gewees. Die feit dat hierdie orde grootliks in stand gehou is deur mense wat net soos ek, maar net ‘n jaar tevore, by dieselfde basis se hekke as verskrikte seuns ingery het, het toe vir my baie amusant geraak.

Die korporaals se groteske dreigemente wat hulle seker ook as troepe moes aanhoor soos “Moenie vir my loer nie, ek is nie ‘n hoer nie, kyk voor jou! Ek suig nou jou oog uit!”, “Ek ruk sommer jou arm af en slaan jou met die bloedkant deur die bek!” en “Moenie vir my smile nie, ek het ‘n meisie!” was toe vir my ekstra snaaks gewees. My peloton moes ‘n paar keer onnodig om bome en pale hardloop omdat ek uitgebars het van die lag oor hierdie bisarre uitlatings van die korporaals, wat gelyk het asof hulle glo hulle kon hierdie aksies ongestraf uitvoer.

Na ses weke het ons *naweekpas* gekry waarna ons by 1 SA Infanterie Bataljon moes aanmeld vanwaar ons met ‘n troepetrein na die Infanterieskool in Oudtshoorn vertrek het.

***Offisiersopleiding***

Ek het vir ‘n tweede keer op ‘n troepetrein geklim, maar het met die ses weke se basiese opleiding agter die rug geweet wat om te verwag. Die treinrit van Bloemfontein na Oudtshoorn het my deur dele van die land geneem wat ek tot op daardie stadium nog nie gesien het nie. Die harde onverbiddelikheid van die Karoo en Klein Karoo se landskap het vir my godverlate gelyk maar tog spesiaal, amper soos wat ek gevoel het oor die nuwe uitdaging wat by die Infanterieskool voorgelê het.

Die ontvangs op Oudtshoornstasie was warm. Hierdie korporaals was op steroïdes in vergelyking met dié wat ons op Bloemfonteinstasie ontvang het. ‘n Paar van hulle het sommer op die trein gespring nog voordat dit tot stilstand gekom het en ons met driftige verwelkomingswoorde uit die trein geboender. Tussen die gerumoer deur het ek tog bewus geword van ‘n georganiseerde professionaliteit wat my laat voel het iewers is daar tog iemand in beheer wat weet wat gedoen moet word

By ons aankoms by die Infanterieskool is ons by die verskillende kompanies ingedeel. So het ek by Golf kompanie beland waar ‘n uiters parate luitenant, Andre van der Hogen, my pelotonbevelvoerder geword het. Hy was nie ‘n tweede luitenant nie, maar ‘n volle luitenant – ek dink hy het vooraf studeer vir ‘n onderwyser en was beslis meer as een jaar ouer as ons wat sopas uit matriek gekom het. Hy was ook op ‘n sending om seker te maak sy peloton is die beste in Golf kompanie, welke ambisie natuurlik besonderse eise gestel het aan die troepe in sy peloton…

Die eerste dag se opleiding het ons in noue aanraking met die vygies van Oudtshoorn gebring en die sap wat dit op *overalls* agtergelaat het tydens *luiperdkruip* op die grond en talle ander infanterie gevegsbewegings.

Tydens een inspeksie het die kompaniebevelvoerder, wat sy *brownbroek* baie hoog opgetrek gedra het, ‘n vuil kous in my inspeksie gekry wat ek nie betyds veilig buite bereik van sy soekende oë, kon verberg nie. Dit het my ‘n sessie strafdril laat wen wat ek in die stof op ‘n paradegrond met volle uitrusting teen ‘n blitsige spoed moes aflê. Ek was na die tyd pootuit en vas van voorneme om nie weer dieselfde paadjie te loop nie.

Ek was ook bekommerd oor die impak van hierdie diskrediet op my ambisie om ‘n juniorleier te word. Ons was almal vrywilligers wat by die Infanterieskool kom aanmeld het en dit was maklik om van die kursus afgegooi te word vir die geringste oortreding, want daar was te kies en keur uit al die rekrute om seker te maak die bestes haal die paal.

Die dissipline by die Infanterieskool was streng, maar die professionele manier van dinge doen het my baie beïndruk, al was dit steeds moeilik om nie soos ‘n skaap te voel wat in troppies rondgejaag word nie.

Ek en ‘n ander matriekskoolmaat het saam by Golf kompanie in dieselfde peloton beland terwyl nog ‘n matriekskoolmaat, na Charlie kompanie toe is. Ons drie by die Infanterieskool, ver van Richardsbaai af, het van tyd tot tyd met *naweekpas* bymekaar uitgekom. Hulle was vir my mense met name in ‘n wêreld van vanne want hulle was Christo en Stephan vir my, nie skutter Schmahl of skutter Stofberg nie, net soos ek Gert vir hulle was. Dit was darem twee bekende gesigte in ‘n see van onbekende gesigte gewees.

Na pelotonwapens- en seksieleidingkursusse het ons die gevreesde *Vasbyt roetemarse* in die Swartberge gedoen. Dit het op die eerste dag begin sneeu wat ‘n uitdagende staptog nog meer uitdagend gemaak het, maar wat ons met blywende herinneringe gelaat het aan ‘n buitengewone ervaring; ek dink nog met trots terug hieraan.

Net voordat ons *Vasbyt* gaan stap het, het ‘n kommandant van 1 SA Infanterie Bataljon ‘n keuring vir *gemeganiseerde (Meg) infanteriste* by Infanterieskool kom doen om ongeveer 120 lede te werf. Ons het toe reeds geweet dat die gewone voetsoldate *of geweerskutters* wat *gemotoriseerde (Mot) infanteriste* genoem word ontplooi word om voetpatrollies te doen nadat hulle met *buffel* mynbestande voertuie in die area waar hulle ontplooi word afgelaai is. Hulle doen gewoonlik patrollies per voet in spesifieke areas waar hulle ontplooi word.

*Meg infanteriste* word verder opgelei in gemeganiseerde of mobiele oorlogvoering. Hulle word met die *ratel i*nfanteriegevegsvoertuig (IGV) vervoer tot so naby as moontlik aan die vyandelike doelwit wat hulle moet aanval en daar eers as voetsoldate ontplooi. Die Meg infanteriste is spesifiek opgelei om oorgrens-operasies op vyandelike doelwitte in veral Angola aan te val.



*Figuur 62: 61 Meg BG ratels voor 'n oorgrensoperasie.*

Die lede wat vir Meg opleiding gewerf is moes na *v*asbyt en ons sewe-dae verlof in Bloemfontein, rapporteer vir die Meg juniorsleierskursus. Ek was een van die gelukkiges wat gekeur is en was opgewonde om meer van die *ratel* as infanteriegevegsvoertuig te leer, maar veral ook om te weet dat voortaan meer *ratel* gery sal word as wat gestap gaan word.

In ‘n wêreld waar jy jou bek moes hou en net doen wat vir jou gesê word was dit vir my moeilik gewees, maar ek het geleer vasbyt en deurdruk. Dit was jare wat my gevorm het, al het ek partykeer gerebelleer, meestal innerlik. Ek het teen die prikkels geskop van die streng ‘regimentele’ bedeling wat meedoënloos enige insette van die man op die grond ignoreer en uiteindelik die hoër hoofkwartier se onbevraagtekenbare instruksies en bevele klakkeloos moet uitvoer.

Die militêre wêreld se outokratiese gesagstelsel waar een persoon iewers op ‘n afgeleë plek onbekend aan my ‘n opdrag gee sonder die opregte en simpatieke inagneming van my persoonlike omstandighede of sielkundige samestelling was vir

my moeilik om mee vrede te maak. Dat hierdie opdrag blindelings uitgevoer moes word was nog erger.

Die irrasionele besluitnemingsproses deur sommige Staandemag offisiere wat net in hulle 'Loopbaan' belanggestel het word baie raak beskryf deur Philip Venter, wat 'n kapelaan in die SAW was, in sy boek *Ek was daar* en ek haal gedeeltes daarvan aan (Venter & Harper 1995):

> *Iewers in die diepste binnekamers van die hoogste Olimpus van die weermag kan 'n idee – 'n plan – in die hart van `n generaal verrys. Hierdie mees minuskule, abstrakte ratjie wat begin draai sal die hele leviatanse masjien opstart en uiteindelik is daar duisende troepe besig om wieweetwat met miljoene rande se krygstuig Wieweetwaar aan te vang… Maar die staande mag offisier het nie min dae nie en hy word regeer deur die aansprake van Die Loopbaan. Die dag wat hy as `n loopneus groentjie op die stippellyn teken en by die Staande Mag aansluit, verrys `n nuwe meester in sy lewe, `n slawedrywer wat algehele en stiptelike onderdanigheid wil en sal hê: Die Loopbaan. Dit is kenmerkend van `n militaris dat hy doelgerig is, dat hy `n strategiese mikpunt het. `n Kenmerk van die S.A.W. in die sewentigs en tagtigs was die kordaat, selfversekerde, stywe-ruggraat jong junior offisier – skraal, borselkop, paraat – wat `n obsessie het met sy loopbaan en `n pantserstaal sekerheid dat alles volgens stroomdiagram en reg op skedule sal verloop. Hy is so seker van die uiteindelike sukses van sy loopbaan omdat hy belê het in `n transaksie met die hele militêre masjien: Die S.A.W. gaan van hom `n generaal maak want hy is bereid om die regte offers te bring.*

***Meg pelotonbevelvoerderskursus***

By 1 SA Infanterie Bataljon het ek blootstelling aan uitstekende leiers gekry met wie ek steeds 'n goeie verhouding het. Ons kompanie bevelvoeder was 'n baie goeie soldaat, wat die vorige jaar 'n *vegspanbevelvoerder* was met *Operasie Reindeer* waar die *ratel*s die eerste keer operasioneel aangewend is. Hy is later in Angola met *Operasie Askari*, in die diepkant ingegooi toe hy bevel van 61 Meg Bataljon Groep oorgeneem het. Ek het hom later jare baie goed leer ken by die 61 Meg Veteranevereniging en ons sien mekaar gereeld omdat ons nou in dieselfde dorp bly. Vir baie van ons wat in 1979 by hom kursus geloop het, sal hy altyd ons Meg Pa bly,

want hy het ons geleer van Meg oorlogvoering. Vir hom was ons soos sy seuns wat hy dalk op daardie tydstip van sy lewe meer as sy eie kinders gesien het.

Jan Malan, my pelotonbevelvoerder op kursus wat toe pas van die Militêre Akademie af by 1 SA Infanterie Bataljon aangekom het, het ook ‘n diep indruk op my gemaak – hy was ‘n netjiese, parate en professionele soldaat wat met voorbeeld en motivering gelei het. Hy was die totale antitese van die *slu-gemene-onsimpatieke-magsdronk-–tweestreep-psigopaat.* Wat my veral verstom het was dat ek hom nooit ‘n enkele kragwoord hoor gebruik nie. Ons paaie het ook weer later by die 61 Meg Veteranevereniging gekruis en ek het nog steeds baie respek vir hom.

Tydens die opleiding het ons ook kennis geneem van die realiteite dat oorlog die moontlikheid van dood inhou, ook vir ons en nie net vir die vyand nie. ‘n Skutter is tydens opleiding dood toe ‘n oefen handgranaat se bodemprop deur sy hart geskiet het tydens *loopgraafopruiming* op De Brug. Hy was die man direk voor my toe ons deur die loopgrawe beweeg het en het te gou nadat hy die handgranaat gegooi het om die hoekie gespring om ‘n paar skote op die “vyand” te skiet. Ek het gesien hoe hy voor my val en later op die wal van die loopgrawe beswyk.

Ek het die opleiding geniet, want dit was heeltemal anders as net gewone infanterie opleiding. Al het ek ‘n afsku gehad aan die rigiede bevelstruktuur het ek moed geskep daaruit dat as ek die kursus suksesvol voltooi, ek ‘n rang sou kry wat my bietjie hoër op die voedselketting in terme van militêre status sou plaas. Dit sou my situasie ten minste meer leefbaar maak in vergelyking met die situasie waarin ‘n geweerskutter homself bevind.

Ek het ook gedink dat dit lekker sou wees om as ‘n offisier opleiding te kon gee. Met die aanmoediging van my skoolvriend wat by die Pantserskool in Bloemfontein was, het ek in Januarie 1980 kortdiens staande Mag aangesluit. Die voordeel van die besluit was dat ons elkeen een jaar op die Grens sou wees en *dangerpay* sou kry - ons het dan ook vir ons motors gekoop met die geld wat ons verdien het. Ek het in 1980 vir my 'n roomkleurige Ford Escort 1600 Sport gekoop en Philip het vir hom 'n Datsun gekoop. Ons het ook genoeg geld gespaar gehad aan die einde van ons derde jaar in die SAW dat ons met meer as genoeg geld *varsity* toe kon gaan. In Januarie 1982 was R18 000 baie geld.

Terwyl my vriende Philip in 1980 op die Grens was het sy troep van vier Eland pantser voertuie 'n uiters suksesvolle kontak met die vyand gehad wat in die *Scope* tydskrif deur die bekende militêre skrywer Helmoed Röhmer Heitmann in 'n artikel beskryf is. Weens die sekuriteitsreëlings van daardie dae is hy nie by die naam in die artikel genoem is nie. Sy pa, het homself as die plaaslike dominee nie geroepe gevoel om die *Scope* op Richardsbaai by 'n kafee te koop nie al wou hy net hierdie een artikel oor Philip lees. Ek het toe maar twee Scopes gekoop sodat hy ook oor Philip se prestasie kon lees.

### 4.3.3 Eerste jaar as offisier en deel van Kortdiens Staandemag

Ek sal die waarheid nie eer aandoen as ek nie erken dat ek moontlik heeltemal te paraat en militaristies in my tweede jaar in die SAW was, toe ek betrokke was by die opleiding van troepe nie. Na al die jare, en nogal heelwat introspeksie wat veral weer begin het toe ek in die wêreld van militêre veterane betrokke begin raak het, dink ek hierdie oorentoesiastiese paraatheid aan my kant, was deur verskeie faktore veroorsaak.

Die maklikste verklaring is dalk die ongesonde kombinasie van my rol as pelotonbevelvoerder op die jeugdige ouderdom van 18 jaar (ek het in Meimaand 1979, 18 geword), ‘n oordrewe verantwoordelikheidsbesef en die amper onbeperkte mag wat saamloop met die posisie as juniorleier.

Miskien was ek toe net nog nie emosioneel volwasse genoeg gewees om nie te swig voor die versoeking om met ‘n fluitjie in die hand hierdie nuwe mag se grense te toets nie, want as jy die fluitjie geblaas het moes jou troepe jou bevele in die spanverband van ‘n peloton uitvoer, selfs al was hierdie bevele heeltemal onredelik.

Na die eerste jaar van harde opleiding het iets iewers in ons klere kom sit dat die individu homself vir die groter saak moes opoffer, die troep in die peloton moes die belange van die peloton voor sy eie behoeftes stel en die swak skakel in die peloton, in die vorm van die troep wat sy maatjies in die steek laat, moes aangespreek word.

Hierdie ywer van my het sy volle crescendo bereik toe ek later in 1980 saam met twee vriende as pelotonbevelvoerder ingedeel is by kaptein Koos Liebenberg se Foxtrot kompanie. Ek het geweet die opleiding wat my toegewesepeloton sou kry, beslis die

volgende jaar die toets van ‘n aanval op ‘n vyandelike basis of teiken, suksesvol sou kon deurstaan.

Ek wou net soos my pelotonbevelvoerder by die Infanterieskool in Oudtshoorn, hê dat my peloton die beste moes wees – die fiksste, die gedissiplineerdste, die gehoorsaamste en die beste inspeksies staan. Kortom, hulle moes die beste soldate wees wat hulle kon wees.

Ek onthou een insident op De Brug, waarop ek nie trots is nie, waar my peloton met *staaldak, webbing* en *geweer* op die *looppas* van een punt na ‘n ander punt beweeg het. ‘n *Skutter* het skielik gekla dat hy pyn ervaar van “shin splints”, ‘n toestand waar ‘n mens se skeenbeen erg begin pyn sodat dit baie moeilik is om te hardloop. In my 18-jarige wysheid het ek die peloton tot stilstand laat kom, beveel dat die skutter se *staaldak, webbing* en *geweer* uitgedeel word aan drie ander lede van die peloton en dat die res van die peloton hom verder op hulle skouers moet dra! Skaars 100 meter verder het die skutter gesmeek om neergesit te word sodat hy weer self met sy *staaldak, webbing* en *geweer* in die peloton op die looppas kon saambeweeg.

Dit is erg om nou na hierdie situasie te kyk en te sien hoe soomloos ek die harde militêre kultuur van daardie tyd geïnternaliseer het. Sonder enige simpatie teenoor die *skutter* se persoonlike fisiese situasie het ek sy menswaardigheid heeltemal geïgnoreer. Ek het toe gevoel dat dit wat ek as ‘n swakheid gesien het met betrekking tot ‘n lid se fisiese situasie, deur die *peloton* opgelos moes word op ‘n manier wat onbillik was teenoor sowel die lid as die peloton.

Wat die lewe vir my *peloton* nog moeiliker gemaak het was die feit dat hulle in ons pelotonsersant, en pelotononderoffisier die nare manifestasie gehad het van die oervorm van die *slu-gemene-onsimpatieke-magsdronk-–tweestreep-psigopaat sindroom.* Hulle was nasionale dienspligtiges wat die vorige jaar saam met my op juniorleierskursus was; manne sonder genade wat ons peloton die drilkompetisie laat wen het en skitterende inspeksies laat staan het.

Na al die jare vind ek my troos en verontskuldiging vir my oorywerige internalisering en verwoede toepassing van die rigiede dissiplinêre sisteem van die SAW tydens

1980, in die woorde van Romeine 7:15 “Ek begryp self nie wat ek doen nie, want wat ek wil doen, dit doen ek nie, maar wat ek haat, juis dit doen ek.”

Die SAW het beslis ‘n invloed op my vorming gehad – daar was goeie goed soos byvoorbeeld deursettingsvermoë, dissipline en kameraadskap, maar dan weer die verskriklike frustrasie van die ‘koekiedrukker’ van ‘n stelsel wat eenvormigheid en onkritiese navolging nie geduld het nie...

As ek nou eerlik na my eerste jaar as offisier moet kyk moet ek erken dat baie goed van die militêre stelsel wat my gefrustreer het en wat ek gehaat het, dalk presies so deur my pelotonlede ervaar is in my hantering van hulle as my ondergeskiktes.

***Grensdiens***

Vroeg in Desember 1980 is die pelotonbevelvoerders, drywers en kanonniers van Echo kompanie en Foxcroft kompanie van 1 SA Infanterie Bataljon Grens toe as voorspan vir die res van die *kompanie* wat later sou volg. By 61 Gemeganiseerde Bataljon Groep (61 Meg BG) is ons ingedeel as Bravo kompanie soos ons voortaan bekend sou staan.

61 Meg Bataljon Groep was die gevegseenheid wat feitlik aan al die groot militêre operasies tydens die Grensoorlog deelgeneem het. Hulle het gewoonlik die kern van die samevoeging van verskillende gevegseenhede soos infanterie, pantser, Mot infanterie en Meg infanterie in ‘n gevegspan gevorm. Die gevegspan is saamgestel vir ‘n spesifieke operasie en uit die verskillende eenhede gegroepeer. 61 Meg BG is dus die gevegseenheid waar die meeste jong nasionale dienspligtiges met ouderdomme wat gewissel het van 18 tot 20 jaar aan intense oorlogstoestande blootgestel was. Ons het vriende in die basis by 1 SA Infanterie Bataljon gehad wat al deel van 61 Meg BG was en ons het by hulle hoor wat om te verwag van die lewe op die Grens. Dit het effens gehelp met die voorbereiding vir die nuwe avontuur.

Ek het in Mei 1981 20 jaar oud geword en om as negentienjarige en twintigjarige pelotonbevelvoerder bevel te voer oor 43 man in operasionele omstandighede was ‘n ontsettende verantwoordelikheid gewees. Selfs as ‘n mens ‘n beroepsoldaat was wie se werk dit was wat jy uit vrye beweging gekies het, was dit reeds ‘n tameletjie gewees want daar was so baie dinge wat kon verkeerd loop. Dit was maklik om onder daardie tipe druk ‘n fout te maak of die verkeerde besluit te neem; jy moes as junior leier verantwoordelikheid neem en deel met die gevolge as iemand in jou peloton as gevolg van ‘n verkeerde besluit beswyk of ernstige beserings opdoen.



*Figuur 63: As pelotonbevelvoerder op my ratel.*

Die hitte-walm toe die *flossie* se deur oopgaan is my eerste herinnering aan Grootfontein – ‘n intense hitte wat jou laat besef jy is nou in ‘n ander wêreld as die een waar vandaan jy kom.

Die rit van Grootfontein na Omuthiya was ‘n spannende een en omdat ons op die Grens was, het ons ‘n terroris agter elke bos verwag, en daar was baie bosse op die pad! Ons het gelukkig sonder om in ‘n kontak betrokke te raak by 61 Meg Bataljon Groep se basis aangekom…

Met ons aankoms by Omuthiya het ons van ons vriende soos die pelotonbevelvoerders en pelotonsersante wat in 1979 saam met ons op die Meg Juniorleierskursus by 1 SA Infanterie Bataljon was, gesien. Hulle was deel van *Operasie Sceptic* gewees waar hulle 14 man verloor het en saam harde bene gekou het. Hulle was bly om ons te sien, seker ook maar omdat ons hulle kom aflos het en hulle binne ‘n paar weke kon uitklaar en kon terug wees op *civviestraat*. Hulle kon seker ook sien dat ons maar onseker gelyk het oor wat vir ons voorlê, net soos hulle toe hulle die eerste keer by Omuthiya aangekom het.

My vriend, saam met wie ek in ‘n seksie was tydens die Meg Juniorleierskursus, was pelotonbevelvoerder van Bravo kompanie se peloton een by 61 Meg BG. Tydens *Operasie Sceptic* is drie van sy peloton se *ratel*s uitgeskiet en twaalf van sy

pelotonlede dood. Dit was vir hom ‘n harde slag, wat hom jare geneem het om van te herstel.

My hart het effens in my keel geklop toe ek die silwergeverfde *ratel* sien wat as ‘n monument in die basis gestaan het, want dit was een van sy peloton se *ratels* wat uitgeskiet was en nie herstel kon word nie. Die skade wat die vyand se 14,5 mm en 23 mm lugafweerkanonne aan die *ratel* veroorsaak het was duidelik te sien en die feit dat ek sy *ratels* sou oorneem het my laat wonder wat vir ons in 1981 voorgelê het.

***Eerste ontplooiing met voetpatrollies by Okatope en omgewing***

Toe ons kompanie se TEIN-opleiding afgehandel was, is ons vroeg in 1981 uitgestuur vanaf Omuthiya na Okatope toe om te voet patrollies soos die gewone gemotoriseerde infanterie troepe, te doen. Dit was ons eerste regte aanwending in operasionele omstandighede en ons het nog baie gehad om van die praktiese sy van die oorlog te leer. Ons is met buffel landmynbestande troepedraers, wat die gemotoriseerde infanteriste gebruik, afgelaai by die punt waar ons eerste patrollie moes begin. Ons het skaars 200 meter geloop voordat die eerste skote voor by die twee verkenners geklap het.

Ek kon nie glo die plek was so vrot van terroriste nie, maar toe ek vorentoe gaan om ‘n vinnige waardering te maak, blyk dit dat die een verkenner in die opwinding van die oomblik gedink het hy het ‘n vyand gewaar. As ek nou terugdink aan hierdie insident, besef ek hoe ons lewens in mekaar se hande gerus het. Al was die skutter verleë oor die feit dat daar nie regtig ‘n vyand was nie, het hy opgetree uit die oortuiging van sy gemoed op daardie oomblik.

Okatope was nie ‘n baie waterryke gebied nie en ons moes partykeer wateraanvulling doen uit die *shonas* waar die beeste water gedrink het. Die probleem was dat die beeste nie net in die *shonas* water gedrink het nie. Al uitweg was om maar met jou hande die ergste ongewenste beesmis uit die pad te hou terwyl jy jou waterbottel volmaak!

Voor laaste lig moes die peloton in ‘n administratiewe gebied inbeweeg, klaar eet vir die aand, en dan in ‘n *tydelike basis* (TB) vir die nag inbeweeg. In die TB moes jy dan jou skuilsloot grawe en klaarstaan tydens laaste lig sodat jou oë gewoond kon raak

aan die oorgang van dag na nag. Dit was daardie tyd van die dag dat ek my verwonder het aan die ongelooflike sonsondergange in Ovamboland, wat jy nêrens anders kry nie; ‘n verskeidenheid kleure terwyl die tarentale in die bome met mekaar baklei oor ‘n slaapplekkie vir die nag tesame met ander veldgeluide.

Daardie eerste aand in die peloton se eerste TB het ek besef hoe interafhanklik ons van mekaar was, maar ook dat ons as peloton ‘n eenheid was wat op ons eie ons ding kon en moes doen. Ek onthou hoe sensitief ons was vir geluide in die nag. Ek moes ‘n paar keer kruip tot by, ons mediese ordonnans of ons seiner, om hulle te vra om beheer te kry oor hulle gesnorkery. Al was die peloton hoofkwartier in die middel van die TB geleë, kon sulke geluide die peloton se posisie weggegee.

Dit is altyd lekker as dit reën, behalwe as jy te voet patrollie doen want dan word alles sopnat. Ons het nat gereën met ons patrollies by Okatope en dan moes jy maar stap en stap en hoop vir *siësta tyd.* Wanneer die son dan gewoonlik op sy warmste is en ons ‘n breuk vat, kan jy jou goed oopgooi om droog te word andersins het jy nie ‘n keuse gehad as om net aan te gaan nie, al was alles deurdrenk. In Okatope se basis was daar ‘n infanterie kompanie gewees wat permanent daar gestasioneer was, en in die store het ‘n korporaal gewerk wat van Rhodesië af gekom het. Toe een van die pelotonne op patrollie uitgaan, het die korporaal saam gegaan. Nie lank hierna nie word ‘n buffel uitgestuur toe die peloton ‘n kontak geslaan het word ‘n Swapo doodgeskiet. Hierdie einste korporaal het vir die kill gesorg. Die dooie vyand is op die *buffel* vasgemaak en terug by Okatopi basis, sien ons vir die eerste keer hoe lyk ‘n dooie terroris in sy uniform.

### ***Posparade op die Grens***

*Posparade* was nogal ‘n baie belangrike gebeurtenis op die Grens, maak nie saak wat jou rang was nie. As daardie possak van Grootfontein af op Omuthiya aankom was daar ‘n opgewondenheid in die lug oor die moontlikheid om iets te hoor van die huis af en veral van jou meisie. Die meisies het gewoonlik die brief of koevert so bietjie met parfuum besprinkel en dan het die koevert so ‘n spesiale reukie gehad wat nie verlore gegaan het tydens die lang reis na Omuthiya toe nie.

Party manne het briewe gekry van meisies waarin die verhoudings beëindig is, en hierdie briewe nuus het bekend gestaan as ‘n *Dear Johnny* of *Liewe Johannes*. Hierdie

briewe het baie groter impak gehad as wat die meisies wat dit geskryf het, ooit kon besef, want dit was asof daardie makkers se wêreld in duie gestort het. Dit was nie lekker om te sien hoe groot, fris sterk manne sukkel om die slegte nuus te hanteer nie.

Ek was beslis nie minder opgewonde as enige iemand anders as die possak op Omuthiya aangekom het nie. Op agtien, negentien of twintig tref daardie eerste liefde ‘n man mos soos ‘n skepskop van Morne Steyn wat tussen die pale deur trek! My meisie van daardie tyd, het by die Pretoria Technikon studeer terwyl ek in my derde jaar in die weermag was. Na al die jare moet ek aan haar hulde bring vir die ongelooflike ondersteuning en inspirasie van haar gereelde briewe in 1981 op die Grens. Af en toe het sy my ook bederf met ‘n pakkie wat natuurlik die kroon op alles was.

Ons het in Maart 1981 die eerste keer op pas gegaan nadat ons vroeg in Desember 1980 na amper vier maande op die grens by Omuthiya aangekom het. Vir die een of ander rede wou 1 SA Infanterie Bataljon nie hê ons moes te lank op pas gaan nie, en moes ons binne 7 dae weer terug vlieg Grootfontein toe. Op pad van Grootfontein af terug Omuthiya toe het die Tsumeb damesvereniging ons ingewag by die padkruising na Omuthiya toe, en ons bederf met lekker toebroodjies en drinkgoed om op te maak vir die kort pas. Die manne het hierdie gebaar ontsettend waardeer en dit het hul gemoedere gekalmeer.

Kommandant Roland de Vries, ons bevelvoerder het ook besluit om ons kompanie toe te laat om by Myl 14 net noord van Swakopmund vakansie te gaan hou. Die oseaan by Swakopmund was verskriklik koud, maar ons het die week langs die see verwoed geniet. Teen die einde van die week het ons ‘n dringende boodskap gekry om terug te kom, want Swapo se gebruiklike jaarlikse infiltrasie na die plaasgebiede, het begin. Ons het inderhaas opgepak en moes toe ons terug is by Omuthiya, inval by Operasie Carrot om 22 *insurgente* op te spoor.

Ek en Gert het per e-pos sy dienspligstorie en sy ontplooiing in Namibië, wat soortgelyk aan my en Carel se ervarings was afgehandel.  Toe ek op 2 April 2018 sy inset oor die oorgrensoperasies ontvang het ek besluit om ‘n ander benadering te volg. Dit was kort voor die 61 Meg veterane toer na Angola wat op 10 Mei begin het en ons albei se programme was baie vol in voorbereiding van die toer. Hy het ingestem tot

my voorstel dat ons sy inset op die Angola veterane toer bespreek. Watter wonderlike geleentheid was dit nie om dit so in Namibië en Angola te kon doen nie!

### 4.3.4 Oorgrens-operasies

Dit is 10 Mei 2018 en ek en Gert sit in die restaurant by die Hosea Kutako internasionale lughawe in Namibië en wag op die res van die 61 Meg toergroep aan die slagvelde van Angola. Hulle sluit met die volgende vlug van die Oliver Tambo Internasionale lughawe in Suid-Afrika by ons aan. "Ons het gelukkig tyd tot ons beskikking Roelf, want die *vistenks,* die twee 4x4 voertuie wat spesiaal ingerig is om ons toergeselskap te vervoer, sal eers saam met die laaste vlug van Oliver Tambo af hier wees," merk Gert op. "Dit is warm nê, ek het solank vir my 'n mango *smoothie* bestel, wat gaan jy drink?" vra ek nadat hy hom tuisgemaak het. "Ek dink ek sal volstaan met 'n Windhoek Draft " sê Gert hard genoeg vir die kelner wat by ons kom staan het om sy bestelling te kry.



*Figuur 64: 'n Voorligting voor 'n oorgrensoperasie.*

Ek is dankbaar dat die restaurant maar stil is, want ek wil die tyd wat ek en Gert tot ons beskikking het tot die maksimum benut. "Dankie vir jou dienspligstorie Gert, dit lees lekker en ek het dit sover baie geniet. Elize het ook lekker gelag vir sommige van die gedeeltes wat ek vir haar gelees het. Ek het nie besef dat julle 1 SA Infanterie bataljon *gemeganiseerde infanteriste* darem ook op 'n stadium *patrollie* gestap het" kan ek nie help om op te merk nie. "Ja, ons ervaring binne Suidwes-Afrika was baie dieselfde as van julle ander infanteriste met julle *buffel* toepedraers, maar ek verkies my *ratel,"* sê hy glimlaggend. "En ek beny julle ouens weer wat aan oorgrens operasies deel geneem het…" antwoord ek vinnig. "Jy praat maklik Roelf, want jy weet nie werklik hoe dit was nie. Wanneer ons in Angola kom sal jy self sien hoe die terrein regtig lyk waarin ons met ons *ratels* moes ry. Kom ek vertel jou bietjie van die operasies waarin ek betrokke was," sê hy nadekend. "Die idee daarvan om net 'n gekleurde kopspeld op 'n operasionele kaart te wees wat my en/of my mense verteenwoordig en wat na willekeur rondgeskuif kon word, sonder om te

weet wie ek is en wat ek droom en hoop, het my baie gepla nog voordat ons in Angola ontplooi is, Roelf. Maar, ek het besef die SAW is 'n oorlogmasjien en kon darem verstaan dat daar 'n groter saak moes wees. Dit het egter vir my ‘n gevoel van magteloosheid gegee omdat iemand anders, ver weg van my onmiddellike omgewing en bewus van my omstandighede, groot besluite kon neem wat ‘n direkte invloed op my lewensverwagtinge kon hê. Hierdie realiteit het ek tydens die drie militêre operasies gedurende 1981 ervaar.

***Operasie Carrot***

Hierdie operasie was nie ‘n konvensionele een waar ons met *ratel*s ‘n basis gaan aanval het volgens ‘n voorafuitgewerkte en ingeoefende plan nie. Ons “vakansie” by Swakopmund was wreed onderbreek met die nuus dat 22 ‘vegters’ van die People *Liberation Army of Namibia* (PLAN) die blanke plaasgebiede in die Tsumeb-Otavi-Grootfontein driehoek infiltreer het. Ons moes saam met verskeie ander eenhede hulle soek, opspoor en vernietig. Tydens een agtervolging van ‘n paar van hierdie dapper vegters het ons hulle gejaag met *gunships* wat spekulatief 400 meter voor ons met hulle kanonne geskiet het. Kort op hulle hakke het *spoorsnyers* met *spoorsnyhondehanteerders*, my peloton se *ratels*, en soldate van die Suidwes-Afrika spesiale magte op motorfietse asook valskermsoldate op die spoor gehardloop.

Dit het vir my gevoel asof ek in ‘n oorlogfliek is, wat inderdaad die geval was… Die groepie het ons daardie dag ontwyk en ek moes die aand van Tsintsabis basis af terugkeer na waar ons die spoor gelos het en ‘n *nagopvolg* met honde moes doen. Ek was nie gemaklik met die idee van ’n *nagopvolg* nie omdat ek bekommerd was dat die vyand in die donker vir ons ‘n *hinderlaag* kon lê. Dit was ook nie lank toe word my bekommernisse bevestig.

Die *spoorsnyhondehanteerders* het gestop en gesê hulle is nie meer seker of die honde nog die reuk het nie, en wou vuurhoutjies trek om seker te maak daar is ‘n spoor by die reuk. Na ‘n paar kilometer het ek besluit dit is genoeg, en dat ons nie verder gaan met hierdie waansin wat ons maklike teikens maak nie. Ons het vir die nag ‘n *tydelike basis* ingeneem en vroeg die volgende oggend weer die spoor gekry en begin volg. Die groepie vyande het ons ontvlug, maar is later deur ‘n befaamde

*spoorsnyer* en plaaslike boer en 'n paar troepe van my peloton se Alfa seksie, wat na hom toe afgedeel was, opgespoor en geskiet.



*Figuur 65: Blaaskans tydens Operasie Carrot.*

Tydens hierdie operasie het ek myself begin afvra waarom hierdie PLAN-vegters hulleself blootstel aan die geweldige ontberinge, wat amper sonder uitsondering 'n doodsending was. Sodra hulle die *kaplyne* in die Manyeti gebied gekruis het en hulle spore hulle teenwoordigheid aan die veiligheidsmagte verklap het, het hulle moeilikheid begin. Van daar af is hulle meedoënloos gejag deur *spoorsnyers,* spoorsnyhondehanteerders, soldate te voet, soldate op motorfietse, soldate op buffels, soldate op *ratels* en *gunships* in die lug. Ek het vir myself gesê dat dit onmoontlik is dat iemand so gebreinspoel kon word dat hy blindelings op so 'n selfmoordsending sou gaan. Daar moes iets meer wees wat hulle gemotiveer het om die bykans onmoontlike situasie, te trotseer. Ek wou weet wat dit was wat hulle hierdie missies laat aanpak het, maar kon die antwoord nie uit eie geledere kry nie; hul verduideliking was dat die vegters pionne is van die kommuniste wat ons land wil kom oorneem en ons kerke wil afbrand. Ek sou eers in 1982 tydens my eerste jaar op universiteit besef dat hierdie manne vir hulle menswaardigheid geveg het om as burgers van hulle geboorteland erken te word, met al die regte wat landsburgers toekom.

Kort na hierdie operasie is al drie ons pelotonbevelvoerders bevorder van tweede luitenant na luitenant; dit was ons derde jaar in die SA Weermag en die laaste jaar van *kortdiens-staandemag.*

### *Operasie Protea*

"So *Operasie Carrot* was 'n operasie net in Ovamboland en jy het eers later aan oorgrens-operasies deelgeneem, Gert?" vra ek. "Ja ons het van die begin af geweet dat ons tydens ons dienstydperk by 61 Meg Bataljon Groep 'n goeie kans sou hê om deel te neem aan oorgrens-operasies, en dit het dan ook in Augustus 1981 met *Operasie Protea* gebeur," merk hy op terwyl hy 'n groot sluk van sy Windhoek Draft

neem. “Ek onthou *Operasie Protea,* want ons van Infanteriekool was mos langs julle met TEIN-opleiding besig. Ons blaasorkes het tydens julle kerkdiens voor die operasie julle met gewyde musiek begelei,” sê ek terwyl ek met gemengde gevoelens terugdink aan die goeie oomblikke by Oshivello tydens kerkdienste. “Ja, Roelf ek onthou nog die kerkparade so vaagweg; ons voorbereiding voor operasies was deeglik en het selfs ‘n kerkparade ingesluit,” antwoord Gert en vertel verder.

“Al die *gevegsdrils* word aanhoudend voor ‘n operasie ingeoefen totdat dit vir jou tweede natuur word. Met *Operasie Protea* het ons dit so verwoed en aanhoudend ingeoefen dat ons later meer as genoeg daarvan gehad het. Maar toe die tekkie die teer tref en die oefening ‘n regte aanval word, was ek dankbaar vir al die inoefeninge.

Toe ons *veggroep* ontplooi het in gevegsformasie tydens *Operasie Protea* om Humbe aan te val, was dit ‘n ongelooflike besef dat hierdie nou nie meer ‘n oefening sou wees nie, maar die ware Jakob waar die koeëls en ander groter stukke metaal heen en weer gaan vlieg en nie net deur ons afgevuur sou word nie.

Die opstel in die regte gevegsformasie, die gedreun van die *ratels* se enjins, die geloei van die *ratels* se *turbo’s* en die *check* dat alles en almal reg is vir wat nou voorlê, is iets wat seker slegs deur die ander makkers wat in ‘n *opstelplek* die opdrag gekry het om aan te val, behoorlik verstaan sal word.

Dan kom die bevel vir die aanvalsmasjien om meedoënloos vorentoe te rol na die vyand toe. Nou moes jy gaan doen wat jy soveel keer al voorheen ingeoefen het. Ons eerste teiken was die dorpie Humbe gewees, en niemand het vooraf geweet presies watter tipe teenstand ons hier te wagte kan wees nie. Op die ou einde het ons ‘n verlate dorpie binnegeval.



*Figuur 66: Ontplooiing by Humbe.*

Humbe in 1981 was ‘n baie klein dorpie ongeveer 10 kilometer noord van Xangongo op die pad na Cahama. Dit was eintlik meer ‘n gehuggie. Toe ons die middag van 24 Augustus 1981 sonder slag of stoot deur Humbe beweeg, het van die vlugtende vegters se wasgoed nog in die wind gewapper. Nat wasgoed sou seker ‘n man op volle galop se spoed te veel gebreek het.

Die eerste nag het ons by Humbe stelling ingeneem en verwag dat baie van die vyand ook vanuit Xangongo sou onttrek en moontlik in Humbe in ons sou vasloop. Die nag het egter sonder enige vyandelike besoeke verloop. Ek dink nie baie van ons het daardie eerste nag geslaap nie; jou kop was vol gedagtes oor wat kon gebeur het as die dorpie Humbe sterk weerstand gebied het. Ook het ons geweet dat hierdie maar nog net die begin van *Operasie Protea* was.

Die volgende dag het ons vir die eerste keer met die vyand kontak gemaak. Ek het drie vyandelike soldate ongeveer 150 meter van ons af opgemerk wat totaal onbewus was van ons teenwoordigheid. Een het omgedraai en na ons gekyk, maar verder geloop asof ons nie bestaan nie.  My *kannonier* het op hulle begin skiet met die *ratel* se masjiengeweer terwyl my peloton se ander *ratels* ook op die ander vyandelike *infanterie* begin vuur het.

Toe op hulle geskiet word het die drie vyandelike soldate omgeswaai en teruggeskiet. Van daar af het ek die res van die geveg deur die *sigblokke* vanuit die *ratel* dophou. Ek het nogal tong in die kies gewonder waarom daardie een vyand op my geskiet het sonder dat hy weet wie en wat ek is, hoekom is hy dan so kwaad vir my wat dan niks aan hom gedoen het nie? Die res van die geveg moes ek deur die *sigblokke* vanuit die *ratel* dophou”. “Sjoe Gert, dit moes ‘n baie intense ervaring gewees het,” merk ek op terwyl ek myself probeer indink hoe dit moes gevoel het.

“Ja, dit was nogal erg om so met lewe en dood gekonfronteer te wees, Roelf. Een van die beelde wat my altyd sal bybly is toe een van ons *kanonniers* met ‘n masjiengeweer sy teiken tref. Die vyandelike soldaat het ‘n makabere dans in die lug uitgevoer toe koeëls hom tref en toe op die grond neergeval. Die realiteit van oorlog as ‘n geval van

lewe en dood het my toe vir die eerste keer werklik getref en ek was dankbaar dat ek die skermutseling oorleef het.

Ons het later uitgevind dat ons ‘n groter konsentrasie van vyandelike magte naby Peu-Peu gemis het en ek het gewonder wat sou gebeur het as ons ons in hulle vasgeloop het. Terwyl ons die sakke van die gesneuwelde soldate deursoek het, het ons afgekom op foto’s van hulle geliefdes, briewe van die huis af en dokumente waarop aangedui is wanneer hulle weer op pas sou gaan. Hulle is soldate en mense net soos ons wat ook uitgesien het daarna om weer by hulle geliefde te wees of om briewe van hulle af te kry. Dit was ‘n pynlike proses om te besef ons veg teen menslike wesens met familie en gevoelens net soos ons en dat hulle nie noodwendig polities geïndoktrineerde kommuniste is wat Suid-Afrika wil vernietig nie.

Uit die dokumente aan hulle liggame het ons vasgestel dat die soldate wat ons gedood het lede van die Angolese Weermag was. Waar was die SWAPO’s, soos ons foutiewelik gepraat het van daardie vryheidsbeweging se militêre vleuel, wat se regte naam die ‘Peoples’ Liberation Army of Namibia’ (PLAN) dan?



*Figuur 67: Ammunisie en toerusting wat tydens Operasie Protea gebuit was.*

Net voordat ons onttrek het uit Xangongo terug na Suidwes-Afrika toe, moes my peloton help om kaste en kaste ammunisie op te stapel by die vliegveld. Ek het gewonder waarvoor dit was en vra toe die logistieke offisier vir wie die ammunisie bedoel was. Hy het opgemerk dat ek te veel vrae vra. Ek moes die reaksie seker binne die konteks van daardie tyd te wagte gewees het.” Ek kon nie help om te glimlag nie, want ek kan my goed in die situasie inleef maar Gert hou onverpoosd aan praat.

“Ek het toe maar vir myself uitgewerk dat die ammunisie vir UNITA  bestem was en het gewonder waarom ons lewens op die spel geplaas moes word vir iemand wat nie regtig sinvol inpas by die Suid-Afrikaanse politiek nie. UNITA  baklei teen die Angolese regering en nêrens terwyl ons by Onjiva en Xangongo was, het ons lede van PLAN, Swapo se militêre vleuel, teëgekom nie. Dit het my nogal gepla, want terwyl die storie

in die koerante en buitewêreld was dat die SAW teen PLAN optree, het ons dorpies in Angola aangeval en nie PLAN-basisse nie! En waarom het soveel van die gebuite toerusting in UNITA se hande beland?"

Tjaart, een van die manne wat op die tweede vlug was waarvoor ons gewag het sluit by ons aan met die nuus dat die vlug met die res van die toergroep geland het en dat die bestuurders van die twee *vistenks* opsoek is na Gert. Met 'n "Nou ja, dit is my storie sover Roelf, ons sal later weer verder gesels." sluit Gert sy storie af. Ons staan op en stap na die aankomslokaal toe om by die ander lede van die toergroep aan te sluit. Ons was 'n groep van 24 lede van 'n spesiale toerpakket wat deur 61 Meg VV aangebied is. Ons ry met twee spesiaal ingerigte Toyota 4x4 Landcruisers wat elk 10 man kan vervoer en is van tente, matrasse en eetgery voorsien. 'n Ontbyt en aandete elke dag is ook deel van ons toerpakket.

Die middag in die Urban Camp kampterrein in Windhoek is ons elkeen met 'n yskoue Windhoek Lager Draft bier verwelkom. Nadat ons die aand deur die MOTH-veterane organisasie onthaal is, het ons met ons tweemantente waarin ons vir die res van die toer sou slaap asook die gesnork van ons tentmaats, kennis gemaak. Om betyds vir die amptelike begin van die toer in Rundu te wees het ons die volgende oggend vyfuur al ons tente afgeslaan en in die pad geval. Nadat ons by die res van die 103 lede van die toergeselskap met hulle 22 privaatvoertuie aangesluit het, verwelkom Jaap Steyn en generaal Roland de Vries, die toerleiers, ons amptelik. Die volgende dag het 'n verwelkomingskomitee van Angola ons by die Katwitwi grenspos tussen Namibië en Angola ingewag en oorweldig met hulle gasvryheid.

Ek kon sien dat van die ouens wat as 18 jariges, 30 jaar gelede onder heeltemal ander omstandighede die grens oorgesteek het, diep getref is deur die kontras van die gebeure en om weer die terrein waar die oorlog gewoed het te sien. Vir 'n tyd was dit maar stil in ons *vistenk* omdat almal met hulle eie gedagtes besig was.

Die eerste paar dae in Angola met al die verwelkomings van die plaaslike bevolking en onthale van die Angolese was anders as wat ons verwag het. Op 16 Mei, die vyfde dag van die toer in Cuito Quanavale, kon ek en Gert eers weer behoorlik gesels.

Die dag was een van die hoogtepunte van ons toer en vol versoeningsaktiwiteite. Ons het die drie Suid-Afrikaanse tenks wat in die slagveld vol landmyne agtergelaat was na die onttrekking van die Suid-Afrikaanse magte en die monument in Cuito Quanavale, besoek. Ons het ook plastiese papawerblommetjies, wat ons saamgebring het ter nagedagtenis van almal wat in die gevegte in die omgewing gesneuwel het, saam met verteenwoordigers van die FAPLA-magte in die rivier gestrooi.

Om die kampvuur, met die reuk van ons aandete van pap, sous en braaivleis, na al die onthale van die Angolese en terwyl ‘n paar ouens sit en kitaarspeel en sing, gaan Gert voort met sy storie. “Roelf, toe ek vandag in die *vistenk* hoor hoe die manne praat van die gevegte rondom Cuito Quanavale, waar hulle tydens *Operasie Hooper* in 1988 betrokke was het dit my ook laat dink aan Operasie *Daisy* in November 1981”.

***Operasie Daisy***

Na afloop van *Operasie Protea* het Bravo kompanie pas gekry en lekker by familie en geliefdes gaan kuier. Ek het vir my meisie op haar pa se plaas in die Waterberge anderkant Warmbad gaan kuier het. Sy het gesê dat sy ‘n onaangename voorgevoel gehad het dat ons nog nie klaar met Angola was nie. Ek het haar getroos met die woorde dat ons bevelvoerders nooit so onverantwoordelik sou wees om ons een maand voordat ons uitklaar op nog ‘n operasie sou stuur nie. 1981 het einde se kant toe gestaan en met ons terugkeer Omuthiya toe was daar minder as drie maande oor voordat ons sou uitklaar en permanent huis toe sou gaan.

My inskrywing as student by die Universiteit van Pretoria was reeds afgehandel en ek het stadig begin om my sielkundig voor te berei vir die uitdagings van die koshuislewe in Mopanie of Maroela waar ek vir verblyf in 1982 aansoek gedoen het. Dit was iets waarna ek nie regtig uitgesien het pas na ‘n volle jaar se grensdiens nie.

Terwyl ons op pas was het ‘n ontnugterde SWAPO-lid besluit om te dros uit die streekshoofkwartiere by Bambi en Chetiqueta in Angola en homself aangemeld by Oshakati waar hy sy hart uitgepraat het oor waar SWAPO basisse in Angola geleë is, wie almal daar is, en wat hulle daar doen. Die inligting het genoeg belangstelling by die SAW geprikkel om *Operasie Daisy* van stapel te stuur.

Ek was bekommerd oor my eie motivering en dié van die troepe om hulle lywe so kort voor vryheid weer op die spel te plaas. Die manne het egter nog petrol in hulle tenks gehad vir nog een laaste rondte in die kryt!

My *ratel* se drywer was 'n kort klein mannetjie, en ek was altyd geamuseerd hoe hierdie klein mannetjie die reuse *ratel* staalmonster onder sy beheer gehad het. Tydens *Operasie Protea* was hy, soos ons almal, 'n paar keer lekker benoud gewees Toe hy hoor ons gaan weer op 'n operasie voordat ons uitklaar het hy met my kom praat en verduidelik dat hy sy ma se enigste kind is en al is wat sy het. Hy het verduidelik dat hy nie kans sien om saam te gaan op *Operasie Daisy* nie, want wat sal met haar gebeur as iets met hom sou gebeur, en gevra dat ons dit moet verstaan. Ek het hom verseker dat ons verstaan en dat niemand hom sal verkwalik vir sy besluit om nie saam te gaan nie. Vir my was dit 'n jammerte want ek sou die verstandhouding wat ek met hom tydens die vorige jaar se opleiding en die tyd op die grens opgebou het mis. Ek moes toe skielik 'n plaasvervangerdrywer kry.

Tydens *Operasie Daisy* het ons deur 'n gebied beweeg wat onder UNITA  se beheer was. Ons is aangesê om as ons iemand sien in die bos of op pad en hulle gee 'n teken met die duim na bo, dan is daardie persone UNITA-soldate en dan skiet ons nie op mekaar nie. Ons het inderdaad op verskeie UNITA-soldate afgekom wat flink die duim op teken gegee het, en waarop ons met 'n duim in die lug geantwoord het! Ons moes ook praat van "Silwer en Silwer se magte", nie van UNITA nie.

Die vyand het die doelwit verlaat voordat ons die basis of teikengebied aangeval het en ons is in die dae daarna in pelotonverband ontplooi om *gebiedsoperasies* uit te voer. Dit het beteken dat elke peloton 'n gebied gekry het wat te voet gepatrolleer moes word. Die gebied waarin ons ontplooi was, was net effens noord van die Angolese dorpie, Cuvelai, en ons moes katvoet wees om ons nie in 'n onverwagse oormag vas te loop nie.

Tydens ons laaste patrollie het dit een namiddag verwoed gereën en het ons na die reënbui soos bedremmelde voëls gelyk. Toe ons weer aanbeweeg het ons op baie vars vyandelike spore van 'n groepie van ongeveer 10 man afgekom. Ek het die peloton gevra of hulle kans sien om die spoor te jaag, wetende dat hulle oor 'n paar weke uitklaar en was aangenaam verras met hulle reaksie want hulle het soos een

man gesê hulle wil baie graag! Dit was maklik om die spoor in die nat grond te volg en ons het goeie vordering gemaak. Almal was opgewonde want ons het geweet dat hierdie tien teen een die laaste aksie sou wees wat ons op die Grens sou beleef.

Ek was trots op my manne wat gekies het om die militêre taak uit te voer eerder as om hulle eie belange eerste te stel. Die besluit was heel moontlik nie deur ideologiese oorweginge gemotiveer nie maar eerder omdat hulle jonk en onverskrokke was en vir oulaas nog aksie wou sien.

Toe dit sterk skemer begin word het, het ek besluit om die opvolg af te las. Dis goed en wel dat die manne lus was om die spoor te jag maar ek was nie bereid om in die halfdonker my peloton in ‘n *hinderlaag* te laat instap nie, veral nie in ‘n gebied so diep in Angola nie.

Die volgende dag het ons weer by die *laergebied* aangesluit en die dag daarna het die terugtog begin na Omuthiya toe – ons basis oos van die Etosha Wildtuin in Namibië. Hier sou ons ons laaste paar dae deurbring voordat ons op 16 Desember 1981 van Grootfontein af na Bloemspruit lughawe sou vlieg waar ons op 18 Desember sou uitklaar.

Ek en twee van my pelle wat saam met my by Bravo kompanie was het vakansie gaan hou in Richardsbaai. My ouers het toe nie meer in Richardsbaai gebly nie maar reeds terwyl ek in die weermag was Potchefstroom toe getrek en van daar af Rustenburg toe…

Verskeie van ons kompanie se offisiere was ook *kortdiens* gewees en ons het toe teen 20 Januarie 1982 in Bloemfontein uitgeklaar en *burgermaglede* geword”.

Gert staan op en vra: “Wil jy nog ‘n bier hê?”. “Nee dankie ek is nog reg” antwoord ek terwyl ek terugdink aan ‘n gesprek wat ek vroeër die dag met ‘n kolonel Gerhard Louw by een van die tenks gehad het. “So van *burgermag* gepraat, ek hoor vandag by Clive wat saam met ons in die *vistenk* na die tenks in die mynvelde toe gery het dat die meeste van die ouens wat aan by die laaste Tumpo aanval betrokke was burgermaglede was?”, vra ek.

“Ja hulle was van die Regiment President Steyn van die Vrystaat wat ‘n drie-maande kamp gedoen het en dit was nogal ‘n uitdaging om hulle vir die geveg gereed te kry” antwoord Gert met ‘n glimlag. “Net soos die dienspligtiges het die *burgermaglede* darem ook baie opgeoffer nê?” merk ek op. Gerhard Louw was die bevelvoerder van die Suid-Afrikaanse mag tydens die derde en laaste Tumpo aanval op FAPLA-magte voor die Cuito brug. Hy het as bevelvoerder van die burgermag eenheid 82 Brigade by kolonel Paul Fouche oorgeneem. Laasgenoemde moes dringend onttrek na stormskade op sy plaas.

Gerhard Louw was die persoon wat die besluit moes neem om die drie tenks in die landmynveld agter te laat en sy troepe te onttrek toe dit duidelik was dat hulle nie meer met die aanval kon voortgaan nie. “Weet jy wat sê Gerhard vandag vir my terwyl ons in die koelte onder die boom by die eerste tenk wag vir die verrigtinge om te begin Gert?” vra ek.

“Die *burgermaglede* was ou manne wat meer daarin belanggestel het om rustig hulle tyd om te kuier as om oorlog te maak. Van hulle was boere en die meeste het gesinne en eie belange gehad waaroor hulle bekommerd was. Ek was baie dankbaar dat ek nie hierdie manne tydens hierdie *veldslag* verloor het nie.” antwoord Gerhard terwyl hy stip voor hom kyk.

“Weet jy dat Gerhard ‘n *Honoris Crux* toekenning vir dapperheid vir sy optrede tydens hierdie veldslag gekry het Roelf?” vra Gert na ‘n ruk en gaan opgewonde voort: “Nadat twee van die tenks in die mynveld so deur landmyne beskadig is dat hulle nie verder kon beweeg het nie, het hy die veiligheid van sy manne bo sy eie veiligheid gestel. Tydens intense vyandelike vuur het hy uit sy tenk geklim na sy manskappe toe gegaan, teen die tenks se deur geklop en hulle beveel om hulle tenks te verlaat vir veiligheid. Vir hierdie heldhaftige daad het hy ‘n Honoris Crux toekenning gekry.” Gert kyk op na my toe.

“Ja Gert, soms was die SAW verplig om toerusting agter te laat soos wat ek vandag self kon sien, maar op die slagveld het die veiligheid van die manskappe gewoonlik eerste gekom” antwoord ek terwyl ek opstaan, almal groet en gaan slaap.

Dit was eers twee dae later toe ons by Xangongo uitkamp dat ek en Gert weer kon gesels. “Wat het jy na jou diensplig as *burgermaglid* gedoen, Gert” vra ek nadat ons klaar ons tente opgeslaan het en om die kampvuur vir ons aandete sit en wag.

### 4.3.5 Burgermag

“Ek het vir my LLB graad by die Universiteit van Pretoria ingeskryf en by politiek betrokke geraak,” antwoord hy sonder huiwering. “Tukkies het sy eie militêre eenheid gehad bekend as die Universiteit van Pretoria Militêre Eenheid (UPME). Al was die eerste deel van my verpligte militêrediens verby moes ek nog 720 dae se kampe doen oor ‘n tydperk van 10 jaar. Alhoewel ek reeds bedenkinge begin kry het oor die SAW en die stelsel van verpligte militêre diensplig het ek terwyl ek studeer het nog vier kampe gedoen, soos wat van *burgermaglede* verwag was. Ek was steeds trots op my betrokkenheid in die SAW.

Intussen het ek op universiteit ‘n politieke dier geword en elke politieke party se vergadering probeer bygewoon. Van die Konserwatiewe Party (KP), Vause Raw se Nuwe Republiek Party (NRP), die Nasionale Party (NP), die Progressiewe Federale Party (PFP) met dokter Van Zyl Slabbert as leier tot by die stigting van die Demokratiese Party van dokter Zach de Beer, Denis Worrall en Wynand Malan. Ek het selfs ook ‘n groepering soos die Afrikaner Weerstandsbeweging (AWB) besoek.

In my eerste jaar op universiteit het ek al gesien die beginsels van die Progressiewe Federale Party (PFP) staan die regverdigste bedeling vir al die burgers in ons land voor en in my tweede jaar in 1983, het ek amptelik ‘n tak van die PFP op Tukkies se kampus gestig met myself as voorsitter. Ek was ook in daardie tyd lid van Tukkies se Politieke Komitee wat ‘n Studente Parlement op die been gebring het.

Die Nasionale Party het ‘n magtige propagandamasjien bedryf wat enige persoon wat nie by hulle wou inval nie as ‘n afvallige gebrandmerk het, wat die bestaan van die land bedreig. Intussen was sulke sondebokke net ‘n bedreiging vir die Nasionale Party se toekoms en agendas. Hierdie benadering van die Nasionale Party om andersdenkendes wat hulle doelwitte en agendas bevraagteken as sondebokke te merk het my baie herinner aan die militêre stelsel waar jy moes inpas of gemerk word.

Ek het baie vrae gehad oor die politieke stelsel wat my geforseer het om verpligte militêre diens in die SAW te doen, as nasionale dienspligtige en weer as *burgermaglid*. Dit is eintlik vreemd, maar my volgehoue betrokkenheid in die militêre sisteem kan verklaar word deur die kameraadskap, vriendskappe, die saam swaarkry asook leer om vas te byt en deur te druk.

Vanaf 1982 tot 1985 het ek vier kampe gedoen – twee vir twee maande elk by 61 Meg BG op die Grens asook twee kursusse, ‘n Kompanie-Tweede-in-Bevel asook ‘n Kompaniebevelvoerderskursus. Na 1985 wou ek geen verdere kampe doen nie. Hoewel ek niks van die SAW wou weet nie, het ek tog kennis geneem van die militêre operasies, oorwinnings en verliese waaroor in die koerante berig is.

Met die ontplooiing van die SAW in die *townships* was die konflik op ons voorstoep en was dit vir my duidelik dat die stryd nie teen Kommunisme was nie, maar teen radikale aksies van die uitgeslote meerderheid. Die meerderheid wat nadat hulle vir jare op vreedsame wyse probeer het om as landsburgers van hulle geboorteland erken te word, in opstand gekom het teen die heersende minderheid.

Tydens die kompaniebevelvoerderskursus wat ek in 1985 bygewoon het, het ons opleiding ontvang oor die United Democratic Movement (UDM), skarebeheer en is videos van *halssnoermoorde* in die *townships* vir ons gewys. Dit het my finaal laat besluit dat ek nie sal toelaat dat ek in ‘n *township* ontplooi word nie, en van daar af het ek geen verdere kamp bygewoon waarvoor ek opgeroep was nie.

Teen 1985 was ek vas oortuig dat ons land op ‘n pad van selfvernietiging was. Die NP-regering se weiering om in te sien dat die Driekamer-parlement die swartmense uitgesluit het, het die situasie net vererger.  Die situasie in die townships was vir my tekenend van ‘n burgeroorlog, en dit sommer hier op ons voorstoep! Die bediendes wat in die witmense se huise gewerk het, het in die aand teruggekeer townships toe waar die politiek oorgekook het. Hoe op aarde het hulle gedink gaan die SAW en SAP hierdie drukkoker se deksel verewig op die stoompot hou?

Toe ek in 1985 in die Pretoria Aktekantoor gaan werk het as junior ondersoeker moes ons nog stempels langs die eiendomme in die *transportaktes* aanbring wat aandui in watter groepsgebied daardie eiendom geleë was, naamlik Blanke Groepsgebied,

Kleurling Groepsgebied of Indiër Groepsgebied. Dit het my gepla dat iemand bloot op grond van sy ras deur die Wet op Groepsgebiede verplig was om in ‘n sekere woongebied te bly, ongeag die persoon se persoonlike omstandighede of vermoë om ‘n plek te van sy keuse te koop.

In 1987 het ek my LLB graad buitemuurs voltooi en in 1989 met my leerklerkskap as prokureur begin. Dit het baie goeie redes gebied om nie vir verdere kampe beskikbaar te wees nie en na die kompaniebevelvoerderskursus van Junie/Julie 1985 het ek nooit weer enige kamp gedoen nie.

Tydens my leerklerkskap is die Wet op Groepsgebiede afgeskaf en kon enige persoon ‘n eiendom in enige woongebied koop. Op daardie tydstip was ek werksaam by Van Heerden, Van Staden & Vennote in Sunnyside en het ons een van die eerste instruksies gekry om ‘n eiendom aan ‘n swartpersoon te transporteer.

As ‘n algemene waarneming wil ek noem dat die ontplooiing van die SAW in Suidwes-Afrika miskien die eerste keer was waar ek die integrasie van verskillende rassegroepe sien plaasvind het, terwyl ons uit ‘n samelewing gekom het waar die Groepsgebiede Wet voorgeskryf het waar Blankes, Kleurlinge en Indiërs mag woon.

“So Gert, na 1985 het jy nie weer ‘n weermagkamp gedoen nie en eers na 20 jaar jou ou vriende opgesoek. Wat was jou ervaringe van die politieke verwikkeling in Suid-Afrika in die tydperk tot 2005?” gee ek weer rigting aan die gesprek.

“Teen die tyd dat Nelson Mandela vrygelaat is was my standpunt al vir jare dat daar nooit ‘n permanente oplossing sou kom vir ons land se politieke probleme as hy nie vrygelaat word nie. Alhoewel ek geweet het dat ons politieke bedeling moes verander om swartmense in te sluit was ek steeds benoud oor wat sou gebeur as daardie proses begin. Hoe sou swartmense voel as hulle hulle vryheid uiteindelik kry, en hoe sou hulle optree teen die mense wat hulle menswaardigheid as burgers in die land van hul geboorte vir soveel jare ontken het? Ek het nogal gedink aan hoe vies ek nog was vir die Engelse oor die Anglo-Boere- oorlog, bykans 100 jaar gelede, en het maar gehoop dat gesonde verstand en korrekte beginsels sou seëvier.

Ek was nie deel van die mense wat blikkieskos opgegaar het uit vrees vir ‘n beleg nie want ek het diep binne my geglo aan die beginsel dat die regte goed sal gebeur as die

regte goed gedoen word. Die feit dat ‘n mens met die statuur van Nelson Mandela in daardie tyd op die toneel verskyn het was ‘n gawe van Bo wat baie mense vandag steeds nie besef nie. Ek wonder baie keer hoe van die bitter veterane op die sosialemediagroepe vir militêre veterane sou optree as hulle vir 27 jaar in ‘n tronk moes sit vir ‘n verdienstige saak, en dan vrygelaat word.

Die Waarheids-en Versoeningskommissie (WVK) het by my gemengde gevoelens laat ontstaan. Aan die eenkant het ek gevoel dit krap onnodige wonde oop en plaas die Afrikaner in die beskuldigebank as die enigste vark in die verhaal. Miskien was dit omdat ek ten spyte van my politieke uitkyk, wat nie deel was van die hoofstroom Afrikanerdenke nie, my steeds as ‘n Afrikaner in murg en been gesien het. Ek het gevoel het daar word nou op die Afrikaner gepik.

As mens egter eerlik wil wees sal jy moet erken dat ons as Afrikaners dalk te fyngevoelig was oor die WVK en dat baie mense eintlik lig daarvan afgekom het, met miskien die uitsondering van Eugene de Kock wat die figuurlike sondebok moes wees.

Die ander kant het ek egter goed verstaan – die kant waar mense wat slagoffers was van traumatiese gebeurtenisse die kans kry om te praat oor dit wat hulle beleef het en wat met hulle en hulle geliefdes gebeur het. Hulle kon die gif uit hulle sisteem kry deur hulle storie te vertel in ‘n simpatieke omgewing. Sonder daardie proses waar die slagoffers van dié gebeure hulle gevoelens kon ventileer sou daar nog baie opgekropte woede en ander vernietigende emosies in baie harte vasgevang bly, wat die moontlikheid van die relatiewe vreedsame oorgang na ‘n nuwe bedeling kon befoeter.”

Die reuk van heerlike hoenderpotjie en Daan wat met sy bord kos, waaruit die stoom nog getrek het langs ons kom sit, het my en Gert tot die werklikheid terug gebring. “Nou besef ek eers hoe honger ek is,” merk Gert op terwyl hy opstaan. “Kom ons staan nader,” stel ek voor en terwyl ek vir ons borde kry merk ek op: “Môre kan ‘n lang dag wees wanneer ons Mielies Meiring se ratel gaan soek; ons kan weer later met die gesprek voortgaan.”

Ek en Gert kon nie weer op die Angola toer oor sy ervarings gesels nie, want die besoek aan Mielies se ratel die volgende dag was die laaste besoekpunt in Angola en

ook die emosionele hoogtepunt van die toer vir die meeste van ons. Een van my mikpunte op die toer was om met Gert oor sy ervarings van oorgrensoperasies te gesels. Tydens die toer het ek baie ander verhale van die ander manne wat in sootgelyke omstandighede as Gert was gehoor wat sy ervarings bevestig het. Ek kon sien hoe Gert moeite doen om hierdie ouens te ondersteun om hulle verhale te vertel om soos hy afsluiting te kry. Dit het my laat besluit om tydens ons volgende gesprek meer by hom uit te vind oor wat daartoe gelei het dat hy ook by veterane-organisies en die ondersteuning van vetrane en hulle gesinne betrokke te raak.

## 4.4 Ons het mekaar nodig

Ek en Gert kon eers weer op 17 Julie 2018 bymekaar uitkom toe hy hom weer in Gauteng bevind het. Ons het besluit om die oggend opsy te sit om behoorlik te gesels oor wat ons uit die toer geleer het en die ondersteuning van veterane wat ons albei se passie. Daan Eksteen het gevra of hy vir ‘n kort rukkie saam met ons kon kuier toe hy hoor dat Gert in Pretoria gaan wees. Hy het ‘n kompakskyf aanbieding met agtergrondmusiek van die Angola toer vir almal wat sou belangstel gemaak en wou vir Gert ‘n kopie daarvan gee. Ek het verwag dat daar na die toer vir ‘n tyd ‘n hegte band tussen die manne sou wees maar het nie verwag dat ons steeds oor en weer sou kuier nie. ‘n Hele paar ouens waarvan een selfs van Thabazimbi afkom kuier juis môre in Sandton, Johannesburg.



*Figuur 68: Ek en Gert by Cafe Beyritz op 17 Julie 2018.*

Dit is nou al amper twee maande na die Angola toer en ek is oppad na Cafe Beyritz, ‘n restaurant in die Lynnwood Bridge kompleks. Dit is ‘n yskoue winteroggend en ek het my behoorlik teen die winterkoue gepantser met ‘n lekker dik winterbaadjie. Ons het op laat ontbyt besluit om die ergste oggendverkeer te mis. Die oggendson het net op die stoep van die eetplek begin skyn en ek is verbaas om Gert buite in die sonnetjie te sien. Dit is maar koud en winderig buite en ons besluit om eerder binne te gaan sit. Binne het ‘n gesellige atmosfeer met ‘n heerlike koffiereuk ons laat tuisvoel. ‘n Rukkie

later sluit Daan by ons aan en gee die kopie van sy aanbieding vir Gert. Gert verras ons met twee kompakskuiwe van die 2010 Angola toer wat hy saamgebring het.

“Ek het gisteraand na my kopie gekyk Gert en ek weet sommer jy sal dit geniet,” merk ek op en dink terug aan die gedagtes wat by opgekom het terwyl Daan en Gert verder oor die opname gesels. Ek het nooit kon dink dat ek sulke goeie vriende op die toer sou maak nie. Ek het treffende boodskappe van medelye van hulle af gekry nadat hulle gehoor het van my pa se afsterwe ‘n week van te vore.

Die boodskappe van ondersteuning aan die manne wat siek geword aan malaria na die toer en die een ou wat onverwags ‘n viervoudige hartomlynig operasie moes ondergaan was vir my ‘n bewys daarvan dat ons regtig vir mekaar omgee. Die sosiale media het darem sy voordele want dit help ons om kontak met mekaar te behou dink ek met ‘n glimlag. Met ‘n “en waar kom daai glimlag vandaan,” bring Gert my terug na die werklikheid waarin ons is. “Ek kan nie anders as om tevrede te glimlag as ek dink aan al die goeie vriende wat ons op die toer gemaak het Gert.” merk ek rustig met nog ‘n groter glimlag op. “Verseker en ai, bring al die mooi fotos op die sosiale media nie besonder herinneringe terug nie?” antwoord Daan vinnig. Nadat ons saam koffie gedrink het en weer ‘n paar herinneringe gedeel het verskoon Daan homself met die opdrag dat ek en Gert nou moet aangaan met waarvoor ons die oggend voor opsy gesit het.

“Gert, ons veterane het mekaar nodig en hierdie Angola toer was net weer vir my ‘n bewys van wat so ‘n toer vir ons manne kan beteken,” merk ek op nadat ons ontbyt bestel het. “Ja Roelf, ek dink deel van dit wat my in 2007 in die wêrelde van militêre veterane laat betrokke raak het was omdat ek kon sien dat baie van ons SAW veterane in eensaamheid met diep pyn worstel het. Hulle sal aanhou worstel totdat ons veterane na hulle toe uitreik want ons kan nie meer vir ander rolspelers soos die kerk wag om dit te doen nie.

Alles wat vir ons in die SAW vertel is, is nou verkeerd. Alles wat vir ons as verkeerd voorgehou is, is nou reg. In Namibië regeer SWAPO en in Suid-Afrika regeer die ANC. Dit is te verstane dat mense verward voel.

Baie opportuniste op sosialemediagroepe het die geleentheid aangegryp om hulle onrealistiese persoonlike interpretasie aan te bied oor die veranderde situasie – dit was FW de Klerk en Pik Botha wat ons uitverkoop het, ons kon nou nog baklei het as hulle ons nie uitverkoop het nie, die politici het ingestem tot onderhandelinge omdat hulle baie geld deur die buiteland daarvoor betaal is, ensovoorts.

Die nuwe regering het die Wet op Militêre Veterane, 2011 (Nommer 18 van 2011) gepromulgeer en dit het op 1 April 2012 in werking getree. Hierdie wet maak voorsiening dat bo en behalwe die persone wat militêre diens gelewer het in die bevrydingsbewegings soos MK en APLA, almal wat in die SAW en daarna in die SANW militêre diens gelewer het, mag registreer as 'n militêre veteraan op die nasionale databasis vir militêre veterane wat deur die Departement vir Militêre Veterane geadministreer word.

In verdienstelike gevalle kan so 'n geregistreerde militêre veteraan, as hy of sy voldoen aan die minimum vereistes, aansoek doen vir voordele soos behuising in 'n subsidiehuis met 'n waarde van ongeveer R200 000, gratis mediese voordele by 'n militêre hospitaal of siekeboeg. Hy kwalifiseer ook vir hulp met werkverskaffing, gratis openbare vervoer en 'n paar ander voordele wat in dié wet en gepaardgaande regulasies beskryf word.

Die ironie is dat hierdie voordele tot op hede ook beskikbaar is vir voormalige nasionale dienspligtiges wat verpligte militêre diens gedoen het, iets waarvoor die vorige regering voor 1994 geen voorsorg gemaak het nie. Deel van die ontnugtering van militêre SAW-veterane is dat 'n "vyandige regering" dalk met hierdie wet meer vir nasionale dienspligtiges gedoen het as wat die ou regering gedoen het.

Militêre veterane verenigings van voor 1994 was meestal gemik op permanente soldate waneer hulle aftree, en was daar aanvanklik geen aktiewe poging om voormalige dienspligtiges daarby in te sluit nie. Daar was weliswaar nog altyd gevestige veteraneverenigings soos die SA Legioen, MOTH, ou SA Infanterie Bond, ou Pantser Bond, en Gunners Association vir die SAW militêre veterane, maar ek dink dit was eers na 1994 dat nasionale dienspligtiges by hierdie organisasies begin betrokke raak het.

Dit is juis wat ons dienspligveterane nou nodig het – ‘n veilige plek waar ons kan kuier en gesels met ander wat ook in die oorlogsituasie was en wat verstaan hoe dit was om deel daarvan te wees. Hoewel dit nie oor grensvegterstories gaan nie, bly dit lekker as iemand verstaan as ‘n mens praat van Omuthiya, Cuito Cuanavale, *operasies, seven days, ratels, noddykarre, kanondonkies, G5 kanonne, insypelings, casevacs, wegstaanbestokings, gatkruippatrollies,* Rooikopbasis, Lohathla en *harde opleiding*.

Op ‘n familievakansie seker 10 jaar terug het ek in die rooi sand van Mabuasehube in Botswana Louis Bothma se eerste uitgawe van *Die Buffel Struikel* wat in 2006 verskyn het gelees en dit het met my hart gepraat op ‘n baie spesiale manier. Die boek het direk daartoe bygedra dat ek betrokke geraak het by die wêrelde van militêre veterane. Nie almal wat opgeroep was vir militêre diensplig, was bedoel om soldate te wees nie. Daar is nog baie stukkende mense na gees en liggaam daar buite maar daar is ook baie mense wat berusting kon kry tussen ander militêre veterane wat hulle verstaan. Ons het mekaar nodig, veral nou.

“Sjoe ek sien nou eers hoelaat dit is, ek het gedink ons gaan teen 13:00 klaar wees en dit is reeds 12:30. Ek het nog ‘n paar aspekte wat ek met jou moet bespreek, het jy enige ande afsprake?” vra ek huiwerig. “Nee gelukkig nie en ek dink ons moet maar die res van die dag gebruik, want die res van my tyd in Gauteng is maar bedrywig.” stel Gert my gerus.

“Waar was ons nou weer?” vra Gert nadat ons ‘n kort breuk gevat het, ‘n paar selfoonoproepe gemaak het en ons middagete bestel het. “Jy het net begin vertel wat die redes waarom jy by die ondersteuning van veterane betrokke geraak het. Vertel my meer daarvan.” por ek Gert aan om voort te gaan met die gesprek.

### 4.4.1 Herontmoeting na 25 jaar met 'n medeveteraan

Jaco Kirsten het in 2005 in die *Weg* reistydskrif 'n paar artikels geskryf waarin hy met humor teruggekyk het na sy dae in die SAW. Hierdie stories het groot byval gevind by baie lesers wat ook in SAW militêre diens verrig het. Een van hierdie lesers, Ariel Hugo van Caledon, het in 'n brief aan *Weg* sy waardering uitgespreek teenoor Jaco vir die artikels wat baie herinneringe wakker gemaak het oor sy tyd as pelotonbevelvoerder in 1980 en 1981.



*Figuur 69: Gert en Ariel Hugo na 25 jaar.*

Ek was ook 'n leser van *Weg* en was ook in daardie tyd by dieselfde kompanie saam met Ariel Hugo 'n pelotonbevelvoerder gewees. Ek het die brief in die briewekolom van November 2005 raak gelees en besluit om my ou weermagmater wat so 'n mooi brief geskryf het op te spoor. Op 23 Desember 2006 het ons die eerste keer sedert Desember 1981 ontmoet.

Ons het baie gehad om oor te praat – eers oor al die normale goed soos hoe ons loopbane en familiesake ontplooi het totdat die gesprek beland het by ons tyd saam in 1 SA Infanterie bataljon 1 SA Infanterie bataljon  by Tempe in Bloemfontein en daarna by 61 Meg BG by Omuthiya in die ou Suidwes-Afrika. Ons gesprek het ook gedraai by die benoude oomblikke by Humbe, Xangongo en Ongiva en later ook by Chitequeta en Bambi in Angola.

Aan die einde van die gesprek het ons begin wonder waar al ons *weermagmakkers* en die *beroepsoldate* met wie ons gedurende die drie jaar tydperk as *kortdiens staande mag-lede* saamgewerk het, hulle bevind. Net daar het die gedagte oor die totstandkoming van 'n veteranevereniging vir die voormalige lede van 61 Meg BG ontstaan.

"Is ek reg Gert as ek sê dat die inisiatief vir die stigting van die 61 Meg veterane-vereniging van jou en Ariel as voormalige dienspligtiges was en nie van enige generaal, kapelaan, sielkundige of politieke leier nie?" , kan ek nie anders as om op te merk nie. "Ja Roelf, waar die vorige regering te kort geskiet het, het militêre

veterane-verenigings ontstaan wat leemtes vul om mede militêre veterane te betrek en by te staan. Maar, die oud Staandemag of professionele soldate het met hulle betrokkenheid ook ‘n belangrike rol gespeel om aan die 61 Meg VV die nodige stukrag te gee. Al die eenheid se voormalige bevelvoerders het betrokke geraak en heelwat van die RSM’e ook.”

“Jy is reg, die Suid-Afrikaanse Weermagvereniging (SAWV) het juis in 2007 tot stand gekom nadat dienspligveterane by generaal Jannie Geldenhuys gekla het dat hulle geen tuiste het nie,” merk ek op terwyl ek aan die geskiedenis van die SAWV dink.

“Die 61 Meg Veteranevereniging (61 VV) is amptelik op 31 Augustus 2008 gestig, maar ons het mekaar eers in 2011 ontmoet. Wat was jou ervarings in die tydperk voor 2011?”

Roelf ja, ons familie, gesinne en vrouens sukkel baie keer om te verstaan wat ons tydens ons diensplig beleef het want ons *Army-lewe* is vir hulle ‘n vreemde wêreld. Tog het ons besef dat ongeag of hulle dit verstaan of nie, daardie tyd se ervarings op ‘n indirekte manier ‘n impak op die mense naaste aan ons het. Daarom het die 61 Meg VV reeds van die begin af *skouerskure* gereël waar die 61 Meg veterane (en hulle gesinne), en ander veterane, genooi word om in verskillende streke bymekaar te kom en saam te kuier. In die proses is daar al hegte bande gevorm tussen die manne wat die moeite gedoen het om in te skakel.

Makkers het mekaar weer vir die eerste keer sedert diensplig gesien, en al is hulle nou ronder en onfikser as toe hulle mekaar laas gesien het, bly dit ongelooflik hoe die jare wat verby is uitgewis word asof ‘n mens weer agtien jaar oud is.

Baie *makkers* was aan die begin maar huiwerig om te gaan kyk wat gebeur by ‘n *skouerskuur,* maar as hulle eers hul visums by hul vrouens gekry het word dit ‘n geleentheid wat nie gemis word nie. Die *skouerskure* word so gereël dat *makkers* by ‘n kuierplek van die MOTHS bymekaarkom. Baie kere reël die skouerskuurfasiliteerder dat daar ‘n vuur is en dan gooi die manne vleis en wors op die kole vir ‘n lekker saamkuier en ete. Party fasiliteerders reël selfs potjiekos teen ‘n nominale bedrag en dan eet die manne in styl. Gewoonlik word ‘n program gevolg en gasprekers genooi.

“Dit is hier waar ons twee se paaie gekruis het nê Gert,” onderbreek ek hom met ‘n glimlag terwyl ek terugdink aan ons ontmoeting in 2011.

### 4.4.2 My en Roelf se vriendskap

Ja Roelf, soos jy weet is dit een van 61 Meg VV se doelstellings om hulle lede te help om afsluiting te kry van die traumatiese gebeure wat hulle op so ‘n jong ouderdom moes trotseer. Ek was betrokke by die implementering van hierdie doelstelling deur *skouerskure* dwarsoor die land waar die veterane (en hulle gesinne) bymekaar kom om saam te kuier en te gesels. Johan Schoeman, ‘n lid van die 61 Meg Veterane-vereniging wat die webwerf *War in Angola* bedryf was bewus van my planne.

Toe jy Johan kontak en vertel van jou passie om SAW veterane wat trauma ervaar te ondersteun het hy my kontakbesonderhede vir jou gegee en dit was waar jou betrokkenheid by 61 Meg VV begin het.”

“Ja Gert, en dit was ook deel van my *genesingsproses*, want vir die eerste keer het ek ‘n veilige omgewing gekry om my storie te vertel. Jy weet ek het dit al ‘n paar keer vir jou gesê. Julle besef nie wat dit vir my beteken het dat julle my ingetrek het en deel van julle groep gemaak het nie!”

61 Meg VV is nie ‘n geslote groep nie, Roelf en as die gevegseenheid het ons omtrent aan al die groot militêre operasies deelgeneem. Die meeste van ons jong nasionale dienspligtiges met ouderdomme wat gewissel het van 18 tot 20 jaar oud was aan intense oorlogtoestande blootgestel. Ons moes iets doen om hulle te ondersteun.

Jy het toe aanbiedings gehou in Somerset Wes, Edenvale (Johannesburg Oos), Parkhurst (Johannesburg Sentraal), Roodepoort (Johannesburg Wes) en Pretoria,” merk Gert op.

“Ja en jy het van my stories van 61 Meg veterane en hulle families en van die totstandkoming van die 61 Meg VV voorsien wat ek in my boek *Weermagstories* wat in 2014 gepubliseer is kon opneem. Vertel my meer van jou ervarings in die ondersteuning van militêre veterane want jy was mos nie net by 61 Meg VV betrokke nie.”

“Met my deelname as vrywilliger in die wêrelde van militêre veterane die afgelope 10 jaar is ek weer ‘n paar keer gekonfronteer met die outokratiese bestuurstyl waarin ek so ‘n intense weersin het (ek weier om dit ‘n leierskapstyl te noem want die naaste wat dit daaraan kom is *luierskap* met verwysing na die inhoud van ‘n luier!) Dit het die gal weer ‘n paar keer bitter in my keel laat opstoot.

Ek het gesien hoe generaals nie eers die moeite doen om ‘n basiese waardering te doen oor hoe die wêreld van militêre veterane werk wat deur die Wet op Militêre Veterane, 2011 (Nommer 18 van 2011) gereguleer word nie en dan voortstorm op ‘n persoonlike missie wat bestaande verhoudinge tussen militêre veteraneverenigings en die Departement vir Militêre Veterane (DMV) onnodig vertroebel. Die Wet op Militêre Veterane, 2011 (Nr 18 van 2011) het ‘n statutêre liggaam geskep bekend as *South African National Military Veterans Association* (SANMVA). Militêre veterane van die Statutêre en Nie-Statutêre magte het saam sitting op hierdie liggaam om probleme van gemeenskaplike oorsprong te identifiseer en saam aan te spreek by die DMV. SANMVA en die DMV werk maar met rukke en stote, maar my gevoel is dat ons ook buite daardie forum plek moet vind waar die militêre veterane van die Statutêre en Nie-Statutêre magte na mekaar se stories kan luister.

Die algemene persepsie van ‘n SAW militêre veteraan is blykbaar dat die Nie-Statutêre veterane nêrens op die slagveld teengekom is nie en daarom nie respek verdien nie. Daardie oorlog was egter 80% polities en 20% militêr van aard en daarom het die Nie-Statutêre veteraan opofferings gemaak wat heeltemal verskil het van die van die SAW militêre veteraan. Die feit dat Nie-Statutêre veterane die land in 1976 na die Soweto onluste verlaat het en eers weer vroeg in die 1990’s teruggekeer het moet tog seker as ‘n opoffering tel?

Die eerste keer waar ek betrokke was by ‘n geleentheid om die stories van ons land se Nie-Statutêre veterane te hoor was toe jy saam met die Sentrum vir Kontekstuele Bediening van die Universiteit van Pretoria ‘n storievertelkonferensie vir Statutêre en Nie-Statutêre magte aangebied het. Die interaksie tussen die voormalige vyande binne ‘n klein groepie waar stories vertel kon word was ‘n ongelooflike ervaring. Die konferensie het mense se ore en harte vir mekaar laat oopgaan. Een van die Nie-Statutêre veterane het aan die einde van die konferensie gesê dat sy voor die

konferensie niks van witmense gehou het nie, maar nou baie anders oor hulle voel nadat sy na hulle stories kon luister. ‘n Ander Nie-Statutêre veteraan het ‘n middelgrond tussen ons opgesoek deur te sê ons het vir ons moederland geveg en hulle vir hulle vaderland. Hierdie is ‘n inisiatief wat verder moet vorder as tot dusver, want ons almal in hierdie land se stories is eintlik so nou inmekaar geweef dat ons maklik daarna saam kan begin vertel aan die nuwe storie van ons land en sy mense.”

“Ek moet sê ek het baie by jou en 61 Meg VV oor die ondersteuning van veterane geleer, Gert. Soos jy reeds agtergekom het mis ek nie julle jaarlikse gedenkdiens in Augustus en die aanbieding oor die operasies wat julle daar aanbied nie.” merk ek op – dit is ‘n opmerking waarvoor ek ‘n geleentheid gesoek het. “Julle het ook al voor hierdie laaste toer na Namibië en Angola ‘n paar ander versoeningstoere onderneem, wat is die doel met hierdie toere en wat het julle sover ervaar? Ek vra die vraag juis omdat die onlangse toer nog vars in ons gedagtes is.

“Een van die maniere waarop die 61 Meg VV poog om hulle veterane te help om afsluiting te vind is juis om toere terug na Angola en die operasionele gebied in Namibie te reel. Die eerste toer het in 2009 plaasgevind onder leiding van Koos Moorcroft en daar was weer ‘n toer in 2010 gewees.



*Figuur 70: Gert en Ariel in 2009 tydens die 61 Meg VV se eerste Angola toer.*

My persoonlike ervaring gedurende 2009 wat by my vasgesteek het was die vreemde gewaarwording van dieselfde emosies wat ek gevoel het in 1981 toe ek as twintigjarige by Humbe, Xangongo, Onjiva en ook in die omgewing van Cuvelai op min of meer dieselfde plekke gestaan het. Toe was ek bang dat ek kon dood gaan, hierdie keer voel ek dit weer, maar in veilige omstandighede. Verder het ek dit geniet om na die ander toerlede se stories te luister en te observeer hoe hulle met hulle emosies deel.

Die waarde om op so ‘n toer te gaan was vir ons almal op daardie toer baie duidelik, nie net uit dit wat ons elkeen persoonlik op ons eie innerlike reis ervaar het nie maar ook uit wat ons binne die groep saam ervaar het. Louis Bothma het sy boek *Anderkant Cuito – ‘n Reisverhaal van die Grensoorlog* na die toer van 2010 geskryf waarin hy die

fisiese reis volgens die landmerke beskryf en die groter geskiedenis van die Grensoorlog ingewerk het. Hy maak ook melding van die emosionele reis wat die manne saam op toer ervaar het.

Die eerste geleentheid na 2010 om weer so ‘n toer te laat realiseer was die pas afgelope een waar die Angolese generaal Fernando Mateus die veterane van die 61 Meg VV genooi het om die land te besoek, en spesifiek om ‘n spesiale 30 jarige herdenkingsgeleentheid saam met die Angolese by Cuito Cuanavale aan te bied. Dit opsigself was iets geskiedkundiges gewees, want dit was die uitsteek van ‘n hand van vriendskap na veterane van die SAW deur die burgers van ‘n land wat erg deur die SAW verniel is. ‘n Mens het nie voor die tyd geweet wat om te verwag nie, van die Angolese asook van die toergroep nie. Die toer het immers bestaan uit ‘n groep wat met hulle eie voertuie gereis het en ‘n aparte groep wat saam in twee Overlanders (*vistenks*) wat 10 mense vervoer.

Binne die *vistenks* was die manne binne ‘n geslote ruimte naby aan mekaar ingepak wat amper ‘n gevoel van om weer deel te wees van ‘n span in ‘n *ratel* geskep het. Ons het saam geëet, skottelgoed gewas, saam gekuier en ook saam gelag en gehuil. Deel van die spanwerk was om saam kamp op te slaan, vuurmaakhout te soek en kos te maak amper net soos dit was toe ons as jong kindersoldate in die SAW was. Hierdie keer kon ons boonop na die lekker gesels en kuier in die *vistenks* terwyl ons gery het party aande lekker om die vuur saam kuier. Dit het dit vir die manne maklik gemaak om hulle harte met mekaar te begin deel want hulle was saam in ‘n ruimte wat veilig genoeg gevoel het om eerlik met mekaar te wees sonder om ‘n front voor te hou.

Veral met die soektog en vind van Muller Meiring se ratel suid van Techipa het die omgee vir mekaar duidelik na vore gekom. Die van ons wat nie op 27 Junie 1988 saam met Muller Meiring in die skermutseling met die 50 ste Kubaanse divisie betrokke was nie kon ons inleef in daardie sewe makkers se emosies en kon hulle ondersteun, al was dit net om by hulle te wees terwyl hulle ordentlik afskeid kon neem van hulle maat wat destyds so onverwags doodgeskiet is.

Tydens die beplanning van die toer het ‘n paar toergangers die wens uitgespreek om Muller Meiring se *ratel* te gaan soek. Dit was iets wat toe oorgebly het vir die heel laaste dag van die toer en vir my was dit die hoogtepunt gewees – weg van die

mediasirkus waar manne kon hartseer wees oor ‘n maat wat verloor is, maar waar ander manne saam kon hartseer wees met die manne wat hartseer was oor hulle maat wat daar dood is.

Ook Muller Meiring se ma in Australië kon kennis neem dat haar oorlede seun nie net ‘n nommer was nie, maar dat hy saakgemaak het vir ander mense ook. Elke man tel, elke vrou tel, elke familielid tel...



*Figuur 71: Al die vistenkers by die oorblyfsels van Mielie se ratel tydens die Angolatoer in 2018.*

Dit is belangrik met die beplanning van so ‘n toer terug na die ou slagvelde toe dat daar insig is in die omvang van die emosionele reis waarop sulke toergangers gaan en dat daarvoor voorsiening gemaak word. Daar moet genoeg tyd wees vir refleksie, en vir stilwees. Dit moet nie ‘n dolle gejaag van een punt na ‘n ander punt wees nie. Daar moet tyd op belangrike plekke deurgebring word. Miskien kan die manne by sulke plekke hulle stories met mekaar deel en vertel wat hulle jare gelede daar beleef het.

Dit sal wys wees om fasiliteerders, al is dit dan net ander veterane wat al voorheen so ‘n toer gedoen het, saam te neem in ‘n groep manne wat die eerste keer teruggaan. Die ideaal sal egter wees om iemand wat professioneel daarvoor toegerus is saam te neem sodat so ‘n persoon op ‘n informele wyse ondersteuning of rigting kan gee waar nodig, byvoorbeeld, waar iemand met diep emosies gekonfronteer word.

Waar interaksie met die voormalige vyand op ‘n toer moontlik is moet dit verwelkom word, maar dan moet dit konstruktiewe interaksie wees en nie bloot ‘n simboliese oppervlakkige ontmoeting voor die kameras nie.

Dit is belangrik dat die voormalige vyand na die SAW-veteraan sal kyk en iemand sien wat op 17 of 18 jarige ouderdom in terme van die wette wat die Nasionale Party deur die Parlement laat promulgeer het moes aan meld vir nasionale diensplig. Die SAW-veteraan moet op sy beurt na die PLAN-veteraan kyk as iemand wat in opstand teen

die Nasionale Party se apartheidsbeleid en vir sy menswaardigheid in die land van sy geboorte geveg het. Die SAW-veteraan moet die Angolese-veteraan as iemand sien wat sy land gedien het deur die soewereiniteit daarvan te beskerm teen ‘n terroriste organisasie soos UNITA en laasgenoemde se bondgenoot, die SAW.

“Ja, Gert ek het ons Angola toer nie net baie geniet nie, maar ook baie geleer oor die groepsdinamiek tussen veterane. Die 2018 Angola toer was die grootste toer ooit en ek dit was die einde nie. Soos jy weet beplan ons by die Suid-Afrikaanse Weermagvereniging soortgelyke toere na die ou weermagbasisse in Namibië. So ons gaan nog genoeg geleenthede kry om dit wat ons geleer het verder te verfyn. Dankie vir die geleentheid om weer saam met jou te kuier.

Tydens die Angola toere het ek verskeie ander verhale gehoor wat van my, jou en Carel se verhale verskil. Dit het my op nuut laat besef hoe baie verhale daar is wat vertel kan word. ‘n Ander waarneming wat ek gemaak het was hoe anders jy en die ander ouens wat op ‘n vorige toer was hierdie toer hanteer het.



*Figuur 72: Martin, Steph en Len by Cuito Quanavale.*

Veral ouens soos Martin Bremer, Len Robberts en Steph Rossouw van *Operasie Modulêr* het my baie beïndruk want ek kon sien dat hulle vrede gemaak het met die verlede. Kyk hoe gelukkig lyk hulle op hierdie foto wat by Cuito Quanavale geneem is.” sê ek terwyl ek hom die foto op my slimfoon wys.

“Die eerste aand op die toer in Windhoek toe ons aan dieselfde tafel beland het, het hulle spontaan hul verhale begin vertel en was dit duidelik dat hulle anders is as die ander manne op die toer. Ek sou later uitvind dat hulle ook 25 jaar na die gevegte mekaar begin opsoek, met ‘n geslote sosialemediagroep begin en hul verhale in die boek van Leopold Scholtz *Ratels op die Lomba* opgeneem is. Ook het hulle die Lomba rivier waar hulle in gevegte betrokke was besoek. Wat ek die meeste van hulle waardeer is dat hulle die aangename toer vir ons moontlik gemaak het. Martin was die toerleier en Steph en Len het vir die logistiek en kos gesorg. Wat ‘n wenspan, ons kan baie leer uit hulle voorbeeld!”

“Roelf, nou bevestig jy dat ek op die regte pad is met my beplanning om die manne van *Operasie Packer* verder te ondersteun deur ‘n geslote sosiale mediagroep te stig waar hulle in ‘n veilge omgewing kan begin om hulle stories te vertel. Deon Lamprecht, die joernalis wat saam met ons op die toer was is ook besig om insette vir ‘n boek wat hy wil skryf bymekaar te maak. Ek gaan jou weer kontak want  ons gaan insette ook verder in die proses nodig hê.” antwoord Gert opgewonde.

“Dankie Gert dat ek hierdie toer kon meemaak; dit was ‘n besondere ervaring om te sien hoe ons mekaar ondersteun. Dankie ook vir jou tyd vandag hier by Lynnwood Bridge. Die naam het vir my besondere betekenis want ek dink ons het vandag nie net ‘n brug oorgesteek, maar vertrou ons het met ’n proses  begin waar ons brûe gaan bou. Ek weet jou tyd is beperk as jy in Gauteng is. Kom ons ry voordat die besige laatmiddagverkeer ons tref ” stel ek voor nadat ek die rekening betaal het. Met ‘n “Sien jou weer by ons jaarlikse herdenkingsdiens op 18 Augustus?” groet Gert toe ons in die parkeerterrein kom. “Verseker Gert, jy weet ek mis dit nie.” antwoord ek terwyl ons blad skud.

Terug in my motor oppad huistoe dink ek aan die toer en al die verhale wat ek gehoor het; te veel om op te noem. Vir my was dit van onskatbare waarde want dit was meerendeels verhale van jonger manne wat as 18 jariges by hewige gevegte in Angola betrokke was. Wat my veral in die verhale opgeval het was die elemente van morele besering wat daarin opgesluit is. Dit laat my opnuut besef hoeveel skade apartheid aan ons jong dienspligtiges gedoen het en wat steeds nie deur die regering, gemeenskap en selfs die kerk aangespreek word nie.

Wat my die meeste van die 2018 Angolatoer tref, is hoe veterane genesing en afsluiting ervaar wanneer hulle mekaar begin ondersteun en hoe van hulle, dan hul gewig ingooi by ander ondersteuningsinisiatiewe. Opgewonde besef ek dat dit die manier is om die ondersteuningstrukture as ‘n ware ‘Band of Brothers’ uit te brei. Dit is duidelik dat die sukses van enige veteraneondersteuningsinisiatief afhang van die inkoop van die veterane self.

## 4.5 Samevatting

In hierdie hoofstuk is die twee navorsingsgenote se narratiewe aangebied. Hulle *deurleefde ervarings* van verskillende aspekte van diensplig, die Grensoorlog en die oorgangsproses na 1994 is uitgelig en bespreek. Ander verhale waaraan ek tydens die 2018 Angola besoek van 61 Meg VV blootgestel was is ook ingesluit omdat hulle my en die twee navorsingsgenote se verhale aanvul. Die hoofstuk is afgesluit met ‘n gesprek tussen my en Gert oor die effek wat die toer op elkeen van ons gehad het en hoe ons saam dienspligveterane verder kan ondersteun.


In die volgende hoofstuk word die belangrikste *deurleefde ervarings* in die narratiewe geidentifiseer en aan die hand van toepaslike literatuur bespreek en geïnterpreteer. Insigte verkry word met toepaslike terapeutiese modelle en metodes wat benut kan word in gesprek gebring as deel van die ontwikkeling van ‘n meer effektiewe ondersteuningsproses met veterane.

# HOOFSTUK 5

# PROSESSERING EN INTERPRETERING VAN DATA

## 5.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word die insigte verkry uit die narratiewe in Hoofstuk 3 en 4 aan die hand van toepaslike literatuur bespreek en geïnterpreteer. Vir 'n dieper verstaan word die deurleefde ervarings van dienspligveterane eers in gesprek gebring met relevante literatuur oor die effek van oorlogstrauma. Toepaslike terapeutiese teorieë, modelle en metodes in praktiese teologie en ander vakdissiplines word daarna toegepas met die oog op 'n pastorale ondersteuningsmodel met dienspligveterane. (sien Figuur 73: Pastorale hermeneutiese siklus). Die *pastorale hermeneutiese siklus* met die vier momente van *invoeging*, *sosiale analise*, *teologiese refleksie* en *pastorale beplanning* word benut vir die ontwikkeling van 'n verbeterde praktyk wat betref die ondersteuning van dienspligveterane. Sommige resultate bevestig en ander vra na 'n nuwe perspektief of benadering tot pastoraat met hierdie groep. Uit die insigte verkry, word die rol van holistiese ondersteuning van dienspligtiges beskryf.




*Figuur 73: Pastorale hermeneutiese siklus [Aangepas] (Segundo 1976).*

## 5.2 Die pastorale hermeneutiese siklus


Die pastorale hermeneutiese sirkel begin met die invoeging en interpretasie van data uit hoofstuk 3 en 4. Onder die eerste moment, *invoeging,* word die deurleefde ervarings van dienspligveterane en pastorale ondersteuning met hierdie spesifeke groep ondersoek. In die moment van *sosiale analise* word die resultate van die *invoeging*-moment aan verdere kritiese analise en refleksie onderwerp. *Teologiese*

*refleksie* verskaf die hermeneutiese raamwerk vir die praktiese teologiese taak. Die moment van *pastorale beplanning* is waar 'n verbeterde bedieningspraktyk met dienspligveterane geformuleer word.

### 5.2.1 Invoeging

Spesifieke *deurleefde ervarings* wat keerpunte meegebring het in my self-narratief, word geïdentifiseer en met dié van die navorsingsgenote vergelyk. Daaruit word relevante temas vir verdere ondersoek aangedui. Ek integreer 'n beskrywing van eie ervarings met dié van navorsingsgenote, asook met ervarings wat na vore kom uit die literatuur oor diensplig (kyk Figuur 74 vir 'n uiteensetting van die moment invoeging)

Vir 'n dieper verstaan van die effek van die gewapende stryd word die ervarings in gesprek gebring met relevante literatuur oor die negatiewe effek van soortgelyke oorloë. Daarna word 'n samevatting gebied van die trauma wat ek ervaar het en die insigte wat ek gekry het in die proses van heling en afsluiting. Leemtes en positiewe aspekte van die bestaande ondersteuningsproses met dienspligveterane word belig.




*Figuur 74: Die eerste moment van invoeging as deel van die pastorale siklus*

#### 5.2.1.1 Deurleefde ervarings

My verstaan van die *deurleefde ervarings* en die betekenisse wat ek daaraan heg, word nou met die bespreking van temas wat in die narratiewe geïdentifiseer is aan die orde gestel. Die temas sluit in traumatiese ervaring tydens en na diensplig, leemtes in ondersteuning met veterane om na 1994 weer in die gemeenskap aan te pas en ‘n moontlike begeleidingsproses met dienspligveterane om afsluiting te kry.

##### 5.2.1.1.1 Diensplig

My navorsingsgenote Carel en Gert en ek was geestelik, emosioneel en fisies gereed vir diensplig en opgewonde oor die nuwe seisoen wat vir ons aangebreek het. Ons het geglo dat dit tyd was om ons opofferings vir ons volk en ons land te maak en het nie getwyfel aan die meriete van die saak nie. Carel en ek was ouer as Gert en het uitgesien na die nuwe avontuur na ons ervaring van studentwees. Gert het ook uitgesien, maar was benoud, want dit was sy eerste tree in die grootmenswêreld na skool. Ons het almal die ondersteuning van familie, kerk, vriende en die gemeenskap ontvang.

Die eerste jaar van diensplig was vol van nuwe ervarings en ontnugteringe. Hoewel ons besef het dat dit nie maklik gaan wees nie, was sekere aspekte van diensplig tog onverwags. Reeds op die treinstasie en oppad na die opleidingsbasis was ek ontnugter oor hoe ons deur die onderoffisiere behandel is. Carel en Gert het vertel van soortgelyke ontnugtering. Ek het later besef dat dit standaard praktyk was tydens diensplig. Victor Frankl, Nazi-krygsgevangene tydens die Tweede Wêreldoorlog, se verwysing na hulle ervarings het my laat besef dat wat ek aan die begin van diensplig ervaar het, moontlik trauma by dienspligtiges kon veroorsaak het. Daar is ‘n parallele ervaring tussen wat ek op die Oudtshoornstasie beleef het en wat die Nazi-krygsgevangenes ervaar het by die treinstasie met hulle aankoms by Auschwitz (kyk Frankl 1947:14).

Carel het die eerste Sondagoggend by die grensdraad van die eenheid gaan stap en uitgekyk oor die woongebied van Oudtshoorn. Hy sien ‘n parallel met die Nazi-krygsgevangenes daarin dat hulle gestroop is van hulle identiteit en selfs menswaardigheid. Hy het soos ‘n karakter in Jan Rabie se kortverhaal, *Die Nuwe*

*Piramides*, gevoel. Die verhaal beskryf die vernedering en dehumanisering van een groep mense deur ‘n ander.

Ons verhale verwys na insidente waarin ons individualiteit en menswaardigheid afgebreek is. Voorbeelde is die haarsny insidente en die ontvang van ons uitrusting. In grensliteratuur word die inklaarproses ook dikwels beskryf. Thompson (2006) beskryf Brett, Andy, Nick, en Rick se ervarings van vernedering met opname. Volgens Brett (18 jaar oud) is hulle in slegs hulle onderklere medies ondersoek en daarna met ‘n nommer op die rug ‘n mediese klassifikasie G1K1 tot G4K4 toegeken. Andy (18 jaar oud) is weens ‘n hartsuising aanvanklik G4K4 geklassifiseer. Hy is so sleg behandel en verneder dat hy homself laat hertoets het en ‘n vrywaringsvorm onderteken het om as G1K1 geklassifiseer te word. Vir Nick (20 jaar oud) was dit ‘n vernedering om in sy onderbroek voor ‘n vroulike mediese ordonnans ondersoek en ingespuit te word. Volgens Rick (18 jaar oud), wat as G4K3 geklassifiseer is, is na hulle groep as die LSD (Lam, Siek en Dooies) groep verwys (kyk Thompson 2006:13-15:27-32). Hierdie klassifisering, vernedering en om soos ‘n objek behandel te word, toon ooreenkomste met die “siftingsproses” en “naakte waarheid” in die Nazi-konsentrasiekampe plaasgevind het en waarna Victor Frankl verwys (kyk Frankl 1947:14-19).

Die opleiding was fisiek uitmergelend en emosioneel afbrekend. Dit het soms gegrens aan mishandeling. Ons was egter liggaamlik gesond en sterk en dit het die beste in ons navore gebring. Ons is blootgestel aan gefokusde kondisionering met slagspreuke soos: “Ons saak is reg”. Hierdie kondisionering het dit moontlik gemaak dat ons wanneer ons met die lyke van die vyand gekonfronteer is, hulle as objekte en nie mense gesien het nie. Carel noem hoe sy peloton ‘n keer langs die lyke middagete geniet het. Volgens Edward Tick (2012) behels oorlogvoering om eers mense hulle menswaardigheid te ontneem en dan in die posisie te plaas van “maak dood” of “word doodgemaak”. Tick (2012:81-82) beskryf dit soos volg :

> *In order to create soldiers willing to kill and a citizenry willing to tolerate it, we must first depersonalise and demonise the other. To depersonalize portrays others as anonymous and less than human. To demonize is to take the process a step further by making the other a carrier of evil, an incarnation of the devil ...The process of depersonalisation begins long*

> *before combat, and political leaders of all persuasions have used the same techniques.*

Tick (2012:86) wys op die traumatiese effek van basiese opleiding. Daar is ‘n direkte verband tussen die ontmensliking (*dehumanization*) tydens basiese opleiding en wat in die gevegsone gebeur:

> *The similar work of removing our soldiers' civilizing inhibitions begins at boot camp. Stripping recruits of most vestiges of civilian identity, having them practice techniques of killing until they can repeat them unconsciously, working them to exhaustion, intimidating them with demeaning nick names and tasks, and punishing those who resist indoctrination are just a few of the common strategies.*

In die gevegsone gaan dit oor oorlewing en slegs hierdie een reël: “kill the other before he kills you”. In die Amerikaanse konteks het hierdie ingesteldheid tot menseregte vergrype teenoor die plaaslike bevolking van Viëtnam gelei (kyk Tick 2012:87-88). In die Suid-Afrikaanse konteks het die stryd om die ondersteuning van die gemeenskap vir politieke oogmerke te verkry die situasie gekompliseer. Om die harte van die mense te wen (Winning the Hearts and Minds of the People) was deel van die *totale strategie.* Die “vyand” moes van die bevolking onderskei word, hoewel hulle tussen die bevolking beweeg het. ‘n Verdere motivering om bereid te wees om mense dood te maak, is lojaliteit teenoor vriende, familie en kamerade. Tick (2012:88) stel dit soos volg: “Countless veterans and survivors have declared it is loyalty to friends, families, and foxhole mates that can most impel people, whether the aim is to protect one's comrades or to avenge them.”

Tydens dienspligopleiding is blywende vriendskappe gesmee. Beide Carel en Gert het telkens verwys na die vertroue wat lede van die peloton in mekaar gehad het. Hulle was afhanklik van mekaar vir hulle veiligheid. Die onverwagse kuiergeleentheid van Carel en my een nag in die Nkongobasis is ‘n voorbeeld. Gert het ook verwys na die invloed van om tydens pasnaweke mense by name, en nie net met rang en van nie, aan te spreek. Volgens Abram Kardiner en Herbert Spiegel (1947) is ’n soldaat se beste beskerming teen trauma ’n goeie verhouding met sy gevegseenheid en leier. Ander psigiaters het ook uitgewys dat aanhoudende blootstelling aan gevaar, sterk

emosionele bande smee. Dit is die sterkste teenvoeter teen psigologiese ineenstorting in klein gevegseenhede (kyk Herman 1997:61-70).

Die uitpasseringsparade en die beloning in die vorm van offisiersaanstellings was ‘n groot hoogtepunt. Dit het sin en betekenis gegee aan al die ongemak wat ons deur die jaar moes verduur. Dit was ook die tyd toe ons ervaar het watter kloof daar was tussen die wêreld van geliefdes, familie en vriende in die siviele lewe en die wêreld van oorlog waarin ons ons bevind het. Die tweedejaar van diensplig as offisier het ‘n nuwe wêreld van voorregte oopgemaak. Dit het gepaard gegaan met ‘n posisie van mag en groot verantwoordelikheid. Ek was gelukkig ouer en meer volwasse as die 19-jarige mede-offisiere. Ek kon die skielike mag beter hanteer. Ek het die onreg daarvan ingesien dat die weermagsisteem soveel mag en verantwoordelikheid aan jongmans van net 19 jaar toeken. Die positiewe sy van diensplig was die karaktervorming en leierskapontwikkeling. Die deursettingsvermoë wat ons ontwikkel het, was later in ons lewens van groot waarde. Die beoefening van spirituele praktyke waarvoor daar baie tyd was op die grens, was vir my ‘n blywende bron van krag.

Carel, Gert en ek het gereeld nagedink oor die sin van die tipe oorlog waarin ons betrokke was. Ek was ontnugter oor die werklikheid daarvan. Dit het nie ooreengestem met my verwagting nie. Ook in Carel en Gert se verhale is daar deurgaans sprake van refleksie en ontnugtering. Ons het soos ‘n onbenullige deel van die groot oorlogsmasjien gevoel. Soos Gert dit stel: ”Die idee daarvan om net 'n gekleurde kopspeld op 'n operasionele kaart te wees wat my en/of my mense verteenwoordig en wat na willekeur rondgeskuif kon word, sonder om te weet wie ek is en wat ek droom en hoop, het my baie gepla nog voordat ons in Angola ontplooi is.” Judith Herman (1997:53) verwys na Tim O’Brien (1990:88) se ervaring van onsekerheid om die ervaring van “diskonneksie” te illustreer:

> *For the common soldier... war has the feel - the spiritual texture - of a great ghostly fog, thick and permanent. There is no clarity. Everything swirls. The old rules are no longer binding, the old truths no longer true. Right spills over into wrong. Order blends into chaos, love into hate, ugliness into beauty, law into anarchy, civility into savagery. The vapors suck you in. You can’t tell where you are, or why you’re there, and the only certainty is overwhelming ambiguity. In war you lose your sense of the definite,*

> *hence your sense of truth itself, and therefore it's safe to say that in a true war story nothing is ever absolutely true.*

Ten spyte van die kondisionering om die vyand nie as 'n mens, maar as 'n objek te sien, was dit steeds ontstellend om lyke te sien. By nademaal is ek egter verras dat dit my nie meer ontstel het om die lyke en hoe hulle hanteer is, te sien nie. Carel en Gert het gereeld oor die families van afgestorwenes gedink. Carel het geworstel met vrae soos: "Waar is hulle families en hoe sal hulle families weet wat van hulle geword het?" Gert beskryf dit soos volg:

Terwyl ons die sakke van die gesneuwelde soldate deursoek het, het ons afgekom op foto's van hulle geliefdes, briewe van die huis af en dokumente waarop aangedui is wanneer hulle weer op pas sou gaan. Hulle is soldate en mense net soos ons wat ook uitgesien het daarna om weer by hulle geliefde te wees of om briewe van hulle af te kry. Dit was 'n pynlike proses om te besef ons veg teen menslike wesens met families en gevoelens net soos ons en dat hulle nie noodwendig polities geïndoktrineerde kommuniste is wat Suid-Afrika wil vernietig nie.

Self was ek nooit in direkte skermutselings met die vyand betrokke nie. Gert beskryf sy eerste skermutseling soos volg: "Ek het nogal tong in die kies gewonder waarom daardie een vyand op my geskiet het sonder dat hy weet wie en wat ek is, hoekom is hy dan so kwaad vir my wat dan niks aan hom gedoen het nie?"

Met my aanvanklike ondersoek oor oorlogstrauma, het ek negatiewe traumaverwante ervarings grootliks toegeskryf aan PTSV. Met die kennismaking met die konsep *morele verwonding* (*moral injury*) het ek besef dat met dienspligtiges gaan dit oor meer as PTSV. Nie net psigiese nie, maar ook (dalk veral) morele verwonding is ter sake. Volgens psigiater Jonathan Shay (2002:240; kyk Hodgson & Carey 2017:2; vgl Meagher 2018) wat die term gemunt het, is *morele verwonding* ter sake wanneer: "there has been a betrayal of what's right, by someone who holds legitimate authority, in a high-stakes situation". Die saak van *morele verwonding* en hoe veterane ondersteun kan word om daarmee om te gaan, later meer indringend bespreek.

My en Carel se ervaring van die oorlog in Ovamboland bevestig die ooreenkomste wat tussen die Anglo-Boereoorlog en die Grensoorlog geïdentifiseer is. Beide was 'n

uitmergelende oorlog sonder suksesse en is gekenmerk deur verveling. Karel Schoeman (1998:6; vgl Van der Westhuizen 2009:165) beskryf dit soos volg:

> *In spite of subsequent attempts to dramatise or glamorise the vents of the war, drama and excitement were in actual fact relatively scarce, and for the greater part, and for the majority of those involved, it was a time of boredom, frustration, futility, and physical discomfort, of separation, disruption and destruction, difficulties of transport and supply, dysentery, blisters, dust, mud, flies and lice, against a constant background of actual or potential violence and danger.*

Met hierdie outo-etnografiese ondersoek moes ek my eie ervarings ondersoek en het bewus geword van die menseregteskendings waarby die SAW by geleentheid betrokke was. Ek het egter nie tydens my diensplig besef waarmee ons besig was of dit bevraagteken nie. Ondervragingstegnieke en hoe daar met lyke omgegaan is, het byvoorbeeld in Carel se verhaal na vore gekom.

Een van die teenstrydighede tussen die lewe in die RSA en die SAW was dat daar geen apartheid in die SAW was nie. In die SAW moes die verskillende rasse saamwerk. Hierdie nuwe politieke besef het ons voorberei op die transformasie wat sou kom. Ons het besef dat onderhandelinge en die aftakeling van apartheid ‘n onafwendbare realiteit was.

Na diensplig was Carel en ek aanvanklik by skoolkadette en die *burgermag* op die platteland, waar ons skoolgehou het, betrokke. Ons het nie, soos Gert, kampe gedoen nie. Carel was betrokke by die Ruiterwag en het by die politiek betrokke geraak en opgang gemaak in die kommandostrukture in Bronkhorstspruit. Vir my en Carel was 1989 en 1990 ‘n tipe waterskeidingsjaar. Ons het uit onderwys getree en na Pretoria verhuis. Ek het by die *staandemag* aangesluit en Carel het ‘n opvoedkundige sielkundige geword. Carel het nooit by enige weermagstrukture of die politiek betrokke geraak nie. Hy het die oorgangstydperk en die WVK nie so intens beleef soos ek nie en het ook nie so ‘n sterk behoefte aan ‘n afsluitingsproses gehad nie. Gert het by die politiek en later militêre veterane betrokke geraak en daarom is sy verhaal en die raakvlakke wat ek en hy na 1986 gehad het vir hierdie ondersoek waardevol. Gert en ek was albei teleurgesteld dat ‘n noodtoestand in 1986 afgekondig is. Gert het daarna

nie weer enige kampe gedoen nie. Net soos ek, het hy die situasie in die *townships* as tekenend van ‘n burgeroorlog gesien. Sy mening is die volgende: “Hoe op aarde het hulle gedink gaan die SAW en SAP hierdie drukkoker se deksel verewig op die stoompot hou.”.

Eers 29 jaar na my diensplig het ek my dienspligkamerade begin opsoek. Gert het dit na 25 begin doen. Leopold Scholtz verwys in die werk *Ratels aan die Lomba: Die storie van Charlie-eskadron* na hoe die lede van *Charlie*-eskadron 23 jaar na die gevegte met mekaar kontak gemaak het en versoek het dat daar ‘n boek oor hulle ervarings geskryf moet word (kyk Scholtz 2017: xviii).

Ek, Carel en Gert het net soos ander dienspligtiges nie tydens diensplig ‘n gebrek aan holistiese ondersteuning ervaar nie. Volgens generaal Magnus Malan het die SAW met “groot sorg” na die geestelike, liggaamlike en mentale welsyn van dienspligtiges omgesien. Hy het selfs ‘n klagtekantoor by die SAW hoofkantoor ingerig (kyk Malan 2006:89). Dit is gedoen om die moreel van dienspligtiges hoog te hou. Kapelaansperiodes is gereeld gehou. Dienspligtiges wat nie operasioneel ontplooi is nie, kon Sondae eredienste van hulle keuse bywoon. Kapelane is operasioneel ontplooi om dienspligtiges te ondersteun. Die Infanterie Blaasorkes het byvoorbeeld by ‘n gebedsgeleentheid vir *Operasie Protea* opgetree. Elke eenheid het ‘n welsynsoffisier, gewoonlik ‘n maatskaplike werker, gehad wat na die welsyn van dienspligtiges omgesien en skakeling met hulle ouers behartig het. Toegang tot ‘n psigoloog was via die welsynsoffisier of kapelaan moontlik. Niemand het egter erken dat hulle ‘n afspraak met die welsynoffiser of ‘n psigoloog gehad het nie. Dit is as swakheid beskou.

Dienspligtiges met provinsiale sportkleure kon hulle sport in die SAW beoefen. SAW sportspanne het groot sukses behaal. Woensdaemiddae was daar vir dienspligtiges wat nie operasioneel ontplooi is nie die geleentheid gebied om individuele sport van hulle keuse te beoefen. Gert het die ontspanningsgeleentheid wat sy kompanie by Swakopmund gehad het besonder positief ervaar. Hierdie tipe ontspanning het as *vryetydsbesteding* (VTB) bekend gestaan en het bygedra tot die moreel van dienspligtiges. Kommunikasie met familie en vriende is aangemoedig. Dienspligtiges is in die algemeen deur families en die gemeenskap op die hande gedra. SAW

dienspligtiges is nie aan onnodige risiko's blootgestel nie. Goeie mediese ondersteuning was tydens operasies beskikbaar.

**5.2.1.1.2 Na diensplig**

Na diensplig het ek heldeverering van familie, vriende en in die wit Afrikaanse gemeenskap ontvang. Afsluiting van diensplig en demobilisasie het nie plaasgevind nie, omdat die oorlog nog nie verby was nie. Die konflik in die land het verskerp. My nuwe rol in die *burgermag* was die van burgerlike beskerming. Dit het bepaalde uitdagings gebied, maar die ondersteuning van die bestaande gevestigde burgermagsisteem was effektief. Die rede wat aangegee is vir SAW se betrokkenheid in die land was die eskalering van geweld as deel van die *rewolusionêre strategie* van die bevrydingsbewegings. Hierdie strategie was strydig met die *demokratiese proses* wat die regering voorgestaan het. Dienspligtiges en *burgermag*lede was die helde en beskermers van hierdie nasionalistiese en demokrasie ideaal. Ek het mettertyd 'n beter begrip vir swart nasionalisme ontwikkel en besef dat onderhandelinge onafwendbaar is. Ek was teleurgesteld in PW Botha se onwrikbaarheid en die afkonding van die noodtoestand in 1986. My bekommernis oor swak politieke besluite, die opbou van gewapende magte in Angola en die eskalering van die oorlog in Suidwes-Afrika het toegeneem.

Ten spyte van die verwagting dat vrede gesluit en die gewapende stryd beëindig sou word, was die afkondiging deur FW de Klerk op 2 Februarie 1990 steeds vir Gert en my 'n skok en ons het dit as 'n bedreiging beleef. Gert stel dit soos volg:

> *Alhoewel ek geweet het dat ons politieke bedeling moes verander om swartmense in te sluit was ek steeds benoud oor wat sou gebeur as daardie proses begin. Hoe sou swartmense voel as hulle hulle vryheid uiteindelik kry, en hoe sou hulle optree teen die mense wat hulle menswaardigheid as burgers in die land van hul geboorte ontken het?*

'n Voormalige dienspligtige het tydens 'n 61 Meg VV skouerskuur-aand vertel dat hy na die afkondiging van De Klerk vir sy offisier gevra het wie nou die vyand was. Die gewapende stryd was veronderstel om verby te wees maar die geweld het toegeneem. Aanvalle op SAP-lede het drasties toegeneem. Die SAW se morele oortuiging was dat dit die bevolking en hulleself moes beskerm teen 'n vreemde "vyand". Dienspligtiges

moes sonder enige psigiese-emosionele ondersteuning by die nuwe “politieke oorlog” aanpas. In Suidwes-Afrika en Angola is hulle tot in 1989 toe die Grensoorlog tot ‘n einde gekom het, as ‘n “gevegsmag” aangewend. Van 1989 tot in 1994 is die SAW ter ondersteuning van die SAP as ‘n “vredesmag” aangewend.

### 5.2.1.1.3 Traumatiese ervarings

My trauma-ervaring het eintlik eers in 1989 begin nadat ek by die *staandemag* aangesluit het en by die VMS ontplooi is. Die eerste ontnugtering was die besoek aan Alexandra waar ek die eerste keer die realiteit van die ontevredenheid onder swartmense en die klimaat van revolusie ervaar het. Ek het gesien hoe die SAW en veral dienspligtiges aangewend is in ‘n rol buite hulle mandaat – nie teen ‘n vyand van Suid-Afrika nie, maar teen mede-landgenote en dit terwyl dienspligtiges veronderstel was om a-polities te wees. Diane Sandler (1989) se werk, *The psychological experiences of white conscripts in the black townships* wat in dieselfde jaar verskyn het, is die eerste wat die psigologiese ervaring van dienspligtiges wat sedert 1985 in swartwoonbuurte ontplooi is, beskryf (kyk Sandler 1989:85-89).

‘n Volgende ontnugtering was die gebeure van 1 April 1989 toe PLAN strydig met die ooreenkomste wat bereik is, Suidwes-Afrika binnegeval het. Na hierdie insident het ek alle respek vir SWAPO as bevrydingsbeweging verloor en ‘n wantroue in die ANC ontwikkel. Ek was trots op hoe die SAW en SWA GM die geweldadige aanslag teen die demokratiese proses in Suidwes-Afrika afgeweer het. Die onafhanklikheid van Namibië het gemengde gevoelens veroorsaak, maar dit was ‘n verligting dat die Koue Oorlog verby was en die Kubane uit Angola onttrek het. Kommunisme as ideologie het nie geseëvier nie. Namibië kon ‘n demokratiese bestel met ‘n goeie grondwet tot stand bring. Dit alles het my die Grensoorlog as sinvol laat beoordeel.

Die verwikkelinge sedert 2 Februarie 1990 in Suid-Afrika het by my ‘n verwagting geskep dat die nodige hervormings sou plaasvind en dat die gewapende magte ontbind sou word. Die toenemende betrokkenheid van alle politieke groeperinge by geweld en die ontwikkeling van paramilitêre strukture ten spyte van onderhandeling, was onrusbarend. Myns insiens het leiers soos De Klerk, Mandela, Buthelezi en van die regse leiers soos Eugène Terre’Blanche nie beheer oor hulle eie mense gehad nie. Hulle moes steun op die SAW en die dienspligtiges om stabiliteit te herstel. By die

VMS moes ek aanskou hoe gewone landsburgers die slagoffers van die geweld word. Die politici het niks aan die toename in geweld gedoen nie en die onderhandelinge geen verskil gemaak nie. Die SAW moes nooit in hierdie politieke spel betrokke geraak het nie. De Klerk het nie die bevrydingsbewegings en Mandela met die inligting oor geweld wat ons tot sy beskikking gestel het, gekonfronteer nie. Ek het gesien hoe die mag na die ANC verskuif en die gewapende magte van die bevrydingsbewegings steeds meer aansien verkry ten spyte van dade van intimidasie en terreur. De Klerk het weermaglede wat beskuldig is van wandade sonder genoegsame bewyse afgedank. Daarmee is die veiligheidsmagte verneder en op dieselfde vlak as die gewapende magte van die bevrydingsbewegings geplaas. Die klopjag op DKI en die "Nag van die generaals" op 20 Desember 1992 het my emosioneel geaffekteer. Ten spyte van hierdie "aanslae" is steeds van die SAW verwag om soos 'n vredesmag a-polities op te tree en stabiliteit te herstel.

Die gewapende magte van die bevrydingsbewegings het nie soos PLAN in Angola in 'n openlike geveg teen die SAW te staan gekom nie, maar het deur terreur en intimidasie die bevrydingstryd begin wen. Hierdie "terroriste" het daarop aanspraak begin maak dat hulle ook 'n weermag was. Dit was vir my moeilik om te aanvaar. Intussen het die ANC vertroue gekry in die sukses van hulle revolusionêre strategie en gemeen dat hulle deur rollende massa-aksie die regering op 'n ondemokratiese wyse kon omverwerp. Dit was soortgelyk aan wat PLAN op 1 April 1989 in Suidwes-Afrika probeer doen het. Tydens die Boipatong insident het leuens deel gevorm van die propaganda-aanslag teen die veiligheidsmagte. Die reaksie van die NP-regering daarop was vir my teleurstellend.

Die bevrydingsbewegings hulle vermoë en ondersteuning egter oorskat. Hulle het nie daarin geslaag om die regering op 'n gewelddadige manier omver te werp nie en moes die onderhandelinge hervat. Die proses van politieke oorgang het weer momentum gekry. Die staatsmanskap van Mandela en De Klerk het verhinder dat 'n burgeroorlog na die dood van Chris Hani uitbreek het. Mandela se aansien het by my gegroei. Onderhandelinge is voortgesit, maar die geweld het ook toegenaam. Die SAW is aangewend om stabiliteit te herstel. Sommige dienspligveterane wat by die konflik ingetrek is het hulle aan menseregtevergrype skuldig gemaak. Dit het daartoe bygedra

om ‘n persepsie dat die SAW die vyand van die gemeenskap is, te vestig. Hierdie wanpersepsie was vir my ‘n groot teleurstelling.

Die SAW was op ‘n a-politieke wyse betrokke by die verkiesing in 1994. Daar was geen afsplintering of sprake van kant kies of wegbreek weens ontevredenheid oor die uitslag nie. Mandela se leiding na 1994 het my hoop gegee vir die toekoms. Minder positief was die KwaMakutha hofsaak teen SAW-lede wat van menseregteskending in KwaZulu-Natal aangekla is. Ek het ‘n vrees vir vervolging ontwikkel. Ek het die konsep van die WVK ondersteun, maar was baie teleurgesteld in die eensydigheid daarvan. Aantygings dat die SAW hulle doelbewus aan menseregteskending skuldig gemaak het, was vir my ontstellend. Die onthulling van optrede deur lede van die SAW en veral die Afdeling Militêre Inligting, was vir my ‘n groot ontnugtering. Vir die eerste keer het ek besef waarvoor van die inligting wat ek ingesamel het, gebruik is. Ek het verraai gevoel en, soos baie dienspligveterane, nie die vrymoedig gehad om aan die WVK deel te neem nie. Ek het die WVK as eensydig beleef. Gert het hierdie sentiment gedeel:

> *Die Waarheids- en Versoeningskommissie (WVK) het by my gemengde gevoelens laat ontstaan. Aan die eenkant het ek gevoel dit krap onnodige wonde oop en plaas die Afrikaner in die beskuldigebank as die enigste vark in die verhaal. Miskien was dit omdat ek ten spyte van my politieke uitkyk, wat nie deel was van die hoofstroom Afrikanerdenke nie, my steeds as ‘n Afrikaner in murg en been gesien het. Ek het gevoel het daar word nou op die Afrikaner gepik.*

Die beskuldigings dat lede van die SAW hulle skuldig gemaak het aan die skending van die menseregte van die plaaslike bevolking, het skaamte by my gewek. My eerste reaksie was selfregverdiging. Ek was onder die indruk dat die beeld van die SAW in die land positief was. Ek het nie besef wat soms werklik op grondvlak in die swartwoonbuurte plaasgevind het nie. Die was moeilik om te aanvaar dat die meerderheid van die bevolking gemeen het dat die SAW die belange van die apartheidsregering wou bevorder. Uit my perspektief was dit tog duidelik dat ons hulle net teen anargie wou beskerm. Volgens Hermann Giliomee (2004:615) was die onthullings van die WVK vir baie blanke Suid-Afrikaners ‘n groot skok.

Kerke se skuldbelydenisse na 1994 het ook bygedra tot my wroeging en vrae. Hierdie skuldaanvaarding het ‘n effek op voormalige dienspligtiges gehad. Gary Baines en Peter Vale (2008) verwys na die ontnugtering van ‘n soldaat van die Verkennersregiment met die kerk wat veronderstel is om mense te leer van reg en verkeerd, maar wat self oornag van standpunt verander soos wat politieke stelsels verander. Die soldaat verwoord dit soos volg (Baines en Vale 2008:251):

> *Those are the guys who done me in the most, who’ve stolen the most from me. We lost our jobs. We lost our future. Everything that was stable for us is gone. All of a sudden all that we believed in is gone, and once your belief is gone everything goes.*

Ek het ‘n soortgelyke ervaring van ontnugtering beleef tussen 1995 en 1997, ten spyte van die voortdurende ondersteuning van kapelane en sielkundiges in die *staandemag*. Senior offisiere het motiveringsgesprekke, toerustingskursusse en effektiewe kommunikasieprosesse vir staandemaglede gefasiliteer. Dit het my baie gehelp. Dienspligtiges en voormalige dienspligtiges het egter geen holistiese en, meer spesifiek, psigies-emosionele ondersteuning ontvang tydens die oorgangstydperk nie.

My blootstelling aan, onder andere, Judith Herman (1997) se werk *Trauma and recovery: The aftermath of violence - from domestic abuse to political terror* tydens my teologiese studie, het my tot die besef gebring dat die onthullings van die WVK vir my en ander dienspligveterane ‘n traumatiese ervaring tot gevolg gehad het. In die werk beskryf Herman hoe die Amerikaanse regering en gemeenskap se hantering van die Viëtnam-oorlogsveterane sekondêre trauma by hulle veroorsaak het. Herman (1997:71) stel dit soos volg:

> *A notorious example of rejection in recent history involve the war in Viëtnam, an undeclared war fought without formal ratification by established processes of democratic decision-making ...The United States government nevertheless conscripted millions of young men for military service. As casualties mounted, public opposition to the war grew. Attempts to contain the antiwar sentiment led to policy decisions that isolated soldiers both from civilians and from one another. Soldiers were dispatched to Viëtnam and returned to their homes as individuals, with no opportunity to organize farewells, for bonding with in their units, or for*

> *public ceremonies of return. Caught in a political conflict that should have been resolved before their lives were place at risk, returning soldiers often felt traumatized a second time when they encountered public criticism and rejection of the war they fought and lost.*


Parallelle tussen wat die Viëtnam-veterane en Suid-Afrikaanse dienspligtigveterane na 1994 ervaar het, kan getrek word. Amerikaanse veterane wat in polities- en ekonomiesgemotiveerde oorloë soos die Viëtnam-oorlog betrokke was, se probleem was dat die oorlog nie oor die verdediging van die eie mense gegaan het nie (Tick 2014). Van hulle het ‘n *morele verwonding* ervaar. Die regering en die gemeenskap het hulle nie ondersteun en gehelp om die oorlog te verwerk nie (Meagher 2018:150). Tick (2014:136) stel dit soos volg: “*It is the utmost betrayal for any country to send its sons and daughters into slaughter for unjust reasons and after war abandon, neglect, and mistreat them, and then leave them in a bereft and condemned condition for the rest of their lives”.* Herman en Tick verwoord wat ek en ander dienspligveterane ervaar het. Hulle insigte het my gemotiveer om by die ondersteuning van veterane betrokke te raak.

Ek was dankbaar dat iemand soos Chris Louw namens die dienspliggenerasie in opstand gekom het teen die “ooms” wat ons jonger generasie misbruik het om die oorlog vir hulle te voer. Volgens Louw (2001:19) ly voormalige dienspligtiges aan geestelike uitputting en tamheid. In sommige gevalle is die effek nog ernstiger, byvoorbeeld psigiese probleme soos depressie, post-traumatiese stresversteuring, angsversteurings, verlies- en rou-reaksies en ‘n sinskrisis. Hy beskryf die “verliessindroom” as die “verlies aan respek vir die verbygane patriargie ... Dit het te doen met een ding predik en ‘n ander ding doen, met waar en vals, met opreg en skynheilig, en met kommunikasie veel eerder as taal.” (kyk Louw 2001:19).

Ek het gehoop die gemeenskap en die kerk sou antwoord op hierdie noodkreet vir ondersteuning van ons dienspligveterane, maar was weer eens teleurgesteld. Willem de Klerk se reaksie op Louw se aantygings was vir my ‘n bewys van die gaping tussen die twee generasies. Die waarde van die Boetman-debat vir my was die bewuswording dat mense in verskillende fases van die verwerking van verlies verkeer. Sommige het nog moeite daarmee om die transformasieproses te verwerk, terwyl ander die gebrek aan ondersteuning deur die gemeenskap moeilik vind. Die post-apartheid ANC-

regering het byvoorbeeld die name van soldate wat tydens die Grensoorlog gesterf het, van die *Wall of Names* in die *Freedom Park Memorial* op Salvokop weggelaat. Daarmee het die SAW-lede se menswaardigheid weer ‘n knou gekry. Dit het verdere polarisasie tussen veterane tot gevolg gehad.

In die geledere van die veterane was daar sedert 2006 positiewe verwikkelinge. Veterane het die insiatief geneem en mekaar begin opsoek. Boeke oor hulle ervarings tydens die Grensoorlog het verkyn. Veterane-organisasies is gestig om veral dienspligtiges te ondersteun. Die 61 Meg Veteranevereniging (61 Meg VV) is op 31 Augustus 2008 gestig. Die SA Weermagvereniging (SAWV) is in Februarie 2009 deur generaal Jannie Geldenhuys gestig op versoek van dienspligtiges wat nie ‘n tuiste by ander veteraneverenigings gevind het nie. ‘n Deurbraak in die ondersteuning van Dienspligveterane was die aanvaarding van die Wet op Militêre Veterane in 2011, waar vir die eerste keer voorsiening gemaak is vir die ondersteuning van dienspligveterane. Daarmee is erkenning gegee aan die menswaardigheid van dienspligveterane en is hulle status as militêre veterane vir die eerste keer erken.




*Figuur 75: Opsomming van die hoofpunte van die deurleefde ervarings*

Vir my persoonlik was daardie tydperk nie so positief nie. Die gebrek aan versoening in die gemeenskap, verdeeldheid in die samelewing en in my eie kultuur en moeilike persoonlike omstandighede het tot depressie gelei vanaf 2007 tot 2009. My ervaring van werksverlies, werkloosheid en die uitdagings om werk te kry as wit Afrikaanssprekende man het frustrasie veroorsaak. Die rolle was nou omgeruil. Weer eens het die kerk nie voldoende ondersteuning gebied nie. Voortdurende verandering en aanpassing was nodig (kyk Figuur 75 vir ‘n opsomming van die deurleefde ervaring in die afdeling bespreek).

#### 5.2.1.1.4 ‘n Nuwe identiteit

Die sosiale konteks het ‘n deurslaggewende invloed op die vorming van ‘n nuwe identiteit gehad. Hoewel my identiteit deurlopend ontwikkel het, was die uitdaging veral na 1994 om te verstaan wie ek is in die nuwe Suid-Afrika. Vir ‘n dieper verstaan van die invloed van die gewapendestryd op die identiteit van dienspligveterane volg ‘n kort beskrywing van my en my navorsingsgenote se ervarings daarvan.

As adolessent was ek ‘n onsekere randfiguur grootliks omdat my familie se godsdiensbeskouing anders was as die van ons sosiale omgewing. Eers op universiteit en tydens diensplig het ek my identiteit ontdek en leierseienskappe ontwikkel. As dienspligtige was ek eers ‘n gewone *geweerskutter* sonder rang. Daarna was ek ‘n *offisier* met gesag en verantwoordelikheid. My dienspligloopbaan het op ‘n hoogtepunt afgesluit op die Grens waar ek tweede-in-bevel was van ‘n infanterie kompanie.

Carel en Gert het soorgetyke ervarings gehad. Carel het as adolessent ook onseker gevoel. Hy het sy identiteit in kerklike aktiwiteite en skoolkadette gevind. Hy het ook eers op universiteit leierseienskappe ontwikkel. Tydens sy eerste dienspligjaar het sy identiteit ook radikaal verander:

> *Soos wat elkeen by die haarkapper vertrek uitkom en verby ons stap wat in die tou staan, beleef ons elkeen hoe ons identiteit en karakter agterbly onder die haarkapper se stoel soos Simson se lokke. Die morbiede stilte in die peloton het gespreek van die besef van die realiteit. Terwyl ons tot sover voorberei was vir ‘n lewe van besluite neem en ambisies kweek, is ons skielik oorweldig met ‘n realiteit dat ons nie mag dink nie en totaal*

> *moet oorgee en een word met die huidige realiteit ... Mede-troepe wat 'n paar maande gelede nog leiersfigure was in hulle studente gemeenskappe, sit skielik plat op die grond in die stof en praat oor oppervlakkige 'onbenullighede'. Temas soos wat eet my familie by die huis vandag, of hoe gaan ons probeer om nie uitgevang te word nie, was algemeen.*

Carel en ek het, soos ander dienspligtiges wat offisiere geword het, die dienspligtyd positief ervaar. Carel het in sy tweede dienspligjaar en daarna in die *burgermag* die geleenthede wat daar was, gebruik om verder te ontwikkel. Die SAW het hom die geleentheid gebied om te groei as leier en te ervaar hoe sy leierskap aanvaar word.

Gert is van jongs af met verantwoordelikhede toevertrou. Hy was gewoond aan leiding neem. Met diensplig het hy die afsny van sy hare beleef as gestroop word van sy identiteit. Hy stel dit soos volg: "Skielik was ek nie meer 'Gert Minnaar' met hare nie, maar nou net 'Minnaar' met geen hare in 'n bruin *overall* wat alles moes doen wat die korporaal sê."

Die mag van 'n onderoffisier wat slegs 'n jaar ouer as hy was, het Gert laat besluit om deur offisiersopleiding ook hierdie mag te verkry. Hy het innerlik gerebelleer teen die SAW se outokratiese gesagstelsel versinnebeeld in die SAW se "korporaal" na wie hy verwys as 'n *slu-gemene-onsimpatieke-magsdronk-tweestreep-psigopaat.* Tog erken Gert dat hy, nadat hy offisier geword het, "soomloos die harde militêre kultuur van daardie tyd geïnternaliseer het." 'n Keer het Gert sonder 'n sweem van simpatie 'n skutter se menswaardigheid aangetas. Daaroor is hy vandag spyt. Gert se misbruik van die mag wat hy die vorige jaar nog gehaat het, is insiggewend. Jong leiers, offisiere en onderoffisiere, wat nie die emosionele kapasiteit gehad het om leiers te wees nie, het dikwels so opgetree. Die troepe wat geen mag gehad het nie, was aan hulle uitgelewer. Volgens Gert het die SAW 'n positiewe invloed op hom gehad, veral in die vorm van deursettingsvermoë, dissipline en kameraadskap. Gert het as 18-jarige offisier en pelotonbevelvoerder tydens operasies in Angola goed gepresteer en hy het later by die *kortdiens-staandemag* aangesluit. Die vraag is of hy die SAW so positief sou beleef as hy nie die voorregte van sy rang ervaar het nie, maar uitgelewer was aan die magsmisbruik van jong leiers van sy eie ouderdom.

Na diensplig moes ek by my nuwe identiteit as onderwyser aanpas. As burgermagoffisier wou ek my leierskapsmoontlikhede verder ontwikkel. Sewe jaar na diensplig het ek by die *staandemag* aangesluit en ‘n nuwe identiteit as heeltydse lid van die SAW ontwikkel. Tydens die WVK proses wou ek nie in die slagofferidentiteit van menige oud SAW-lede verval nie. Die verandering van die sosiale omstandighede in die SAW was vir my so moeilik dat ek na 13 jaar aansoek gedoen om ‘n skeidingspakket. Toe moes ek by my nuwe identiteit in voltydse bediening aanpas. Dit het goed gegaan totdat ek afgelê is en die realiteit van die na 1994 tyd my as ‘n wit werklose Afrikaanssprekende man getref het. Ek het gevoel soos die slagoffer van politici wat my verraai het en geen erkenning verleen het aan my bydrae tot die demokratiese bestel nie. Ek het eers weer ‘n nuwe identiteit ontwikkel toe ek die verantwoordelikheid aanvaar het om my omstandighede te verander en my isolasie te deurbreek. Nadat ek ander veterane begin opsoek en met ander volksgenote, selfs die voormalige “vyand”, kontak gemaak het, het ek ‘n nuwe identiteit as Suid-Afrikaner ontdek. Daarna kon my proses van afsluiting momentum kry.

*Tabel 1: Opsomming van persoonlike ervarings*

| | **Positiewe ervarings** | **Effek** |
|---|---|---|
| 1 | Karakter- en leierskapvorming | Ontwikkel veerkragtigheid (resilience) |
| 2 | Uitkoms nadat verantwoordelikheid opgeneem word | Persoonlike groei |
| 3 | Ontdek ‘n nuwe identiteit | Vind nuwe rol en verantwoordelikheid in die gemeenskap |
| 4 | Ontdek die waarde van ‘n ondersteuningsgroep | Ervaar heling en persoonlike groei |
| 5 | Ontdek die Invloed van ondersteuning deur makkers | Ervaar onvoorwaardelike aanvaarding en gebondenheid |


(Tabel 1 Vervolg)

| | **Negatiewe ervarings** | **Effek** |
|---|---|---|
| 1 | Kry nuwe identiteit van soldaat | Menswaardigheid word ontneem. Die vyand word ‘n objek wat doodgemaak kan word |
| 2 | Ervaar verskillende vorme van oorlogverwante trauma | Ontwikkel hanteringsvaardighede |
| 3 | Nie erkenning van bevolking gekry wat verdien het nie | Diskonneksie met familie en die gemeenskap. Verwarring oor identiteit en rol in gemeenskap |
| 4 | Voel verraai deur politieke, weermag en geestelike leiers en die gemeenskap | Ontwikkel slagoffermentaliteit |
| 5 | Ervaar verskeidenheid verliese | Sukkel om verliese te verwerk want die transformasieproses duur voort |
| 6 | Ervaar eksistensiële krisis | Op soek na sin en betekenis |
| 7 | Ontwikkel negatiewe beeld van God | Diskonneksie met God en geloofsgemeenskap |
| 8 | Geen nodigheid of geleentheid vir versoening nie | Raak nie ontslae van skaamte en skuld nie en die menswaardigheid van die vyand word nie herstel nie |

Gert se verhaal het raakvlakke met myne. Hy was ook in 1986 ontnugter deur die politici se optrede en veral die ontplooiing van die SAW in die land. Hy het ook nie verdere kampe gedoen nie. Die beskuldigings by die WVK was ook vir hom ‘n teleurstelling. Hy het ook ‘n nuwe identiteit ontwikkel nadat hy sy ou kamerade en veterane opgesoek het. Gert beskou homself as ‘n Suid-Afrikaner wat betrokke is by versoeningsaktiwiteite en die ondersteuning van ander veterane nodig het om afsluiting te verkry.

## 5.2.2 Sosiale analise

*Sosiale analise* begin reeds met my en die navorsingsgenote se verhale as dienspligveterane in die sosiaal-kulturele en historiese konteks van die gewapende stryd. Veral die beskrywing van die interaksie tussen mede-soldate en die verhoudingsdinamiek in gesinne, geloofsgemeenskappe en die samelewing, dra by tot ‘n dieper verstaan van die konteks waarin dienspligveterane hulle bevind. Dit vorm deel van die kontekstuele benadering in hierdie studie. Die komplekse matriks van die betekenisse wat toegeken is aan die situasie waarin post-apartheid dienspligveterane hulle bevind en die pastorale betrokkenheid by hulle, word vervolgens verder ondersoek (kyk Figuur 76 vir die uiteensetting van die moment sosiale analise).





*Figuur 76: Uiteensetting van sosiale analise.*

Die waarde van ‘n holistiese en multi-dissiplinêre begeleidingsproses met dienspligveterane as deel van ’n gemeenskapsprojek waarin kapelane en spirituele leiers die leiding neem word aan die orde gestel. Met die sosiale analise aspek van die studie word die bruikbaarheid van pastorale, psigologiese en sosiologiese modelle en metodes ondersoek. ‘n Holistiese begeleidingsproses wat berus op drie momente, naamlik pastorale assessering, ondersteuning en opvolg ter wille van integrasie in die gemeenskap, word ontwikkel.

### 5.2.2.1 Pastorale assessering

Die ondersteuning van dienspligveterane is ‘n komplekse aangeleentheid. Hulle is blootgestel aan oorlogsverwante trauma en het geen hulp of begeleiding ontvang om

dit te verwerk nie. Dit het dikwels daartoe gelei dat hulle disfunksionele hanteringsmeganismes ontwikkel het, tot die nadeel van hulleself, hulle gesinne en die gemeenskap. Sommige veterane meld aan vir hulp as hy besef hy nie die uitdagings self kan hanteer nie.




*Figuur 77: Moment 1: Pastorale assessering.*

Na 1994 het dienspligveterane dikwels 'n diskonneksie met hulle families en die gemeenskap ervaar. Dit is vererger deur die eksistensiële krisis wat hulle dikwels ervaar het in die aanpassing by die nuwe post-apartheid samelewing. Sommige het net probeer oorleef, terwyl ander 'n slagoffermentaliteit het. Omdat hulle gemarginaliseer is en nie betrek is by 'n proses van herintegrasie, die opbou van 'n nuwe identiteit en versoening nie, het sommiges laer getrek. Voortdurende politieke en rasgebaseerde uitsprake oor regstellende aksie, witbevoorregting, grondonteïening, plaasaanvalle en die toename in misdaad en geweld het tot verdere polarisasie en isolasie gelei. Hierdie verwikkeling het veroorsaak dat van die dienspligveterane geen hoop meer gehad het nie. Hulle kon geen positiewe verwikkelinge wat hulle sou kon help om afsluiting te kry, raaksien nie.

In hierdie komplekse omstandighede is die uitdaging aan die pastoraat om 'n begeleidingsproses te ontwikkel wat effektief met die volle omvang van

dienspligveterane se ervarings kan omgaan. In pastorale begeleiding van individue sal hulle unieke behoeftes geïdentifiseer moet word. Vir die doeleindes van hierdie ondersoek word egter gefokus op die algemene behoeftes aan spesifiek godsdiens-verwante en spirituele behoeftes. Die Religious and Spiritual Struggles (RSS) Scale identifiseer die volgende godsdienstige of spirituele aspekte wat tydens ‘n pastorale assessering na vore kan kom (kyk Exline *et al* 2014:22):

- ‘n *spirituele* stryd met ‘n God wat veroordeel, afstandelik of kwaad is;
- ‘n *interpersoonlike* stryd en die vrees om veroordeel of vermy te word, woede oor godsdienstige skynheiligheid en morele verraad;
- ‘n *intra-psigiese* en *morele stryd* en *self-veroordeling*, om die self nie te kan vergewe nie en om geen sin te kan vind nie.

Die begeleidingsproses begin met pastorale assessering om die uitdagings en probleme asook die behoefte aan ondersteuning, te identifiseer. Interne of eksterne lokus van beheer asook die vlak van hanteringsvaardighede word ook geevalueer.

#### 5.2.2.2 Behoefte aan ondersteuning

Die narratiewe benadering word in hierdie studie as pastorale strategie aangewend. In die tweede helfte van die 20ste eeu vind in verskeie dissiplines in die sosiale wetenskappe ‘n “wending” na die narratiewe benadering tot navorsing plaas. Hierdie narratiewe wending hou verband met postmoderne skeptisisme oor abstrakte en proporsionele standpunte oor *die* waarheid en het ‘n belangrike invloed op praktiese teologie gehad (kyk Ganzevoort 2012:2015; Walton 2002:2; Louw 1999:22). Volgens Heather Walton (2002:2) word toenemend aanvaar dat storie vertel die hart vorm van ‘n genesingsontmoeting (*healing encounter*) tussen die een wat ly en die een wat geloofshulpbronne benut om die een wat ly te ondersteun (Walton 2002:2). Die narratiewe benadering is van besondere waarde tydens pastorale assessering.

‘n Narratiewe benadering kan in die vakgebied van die teologie benut word om tekste soos Bybeltekste, preke, mense se lewensverhale, asook menselike gedrag, rituele, en gemeentelike aktiwiteite te interpreteer (Ganzevoort 2012:2016). In narratiewe berading word die twee persone as gelykes gesien (Freedsman & Combs 1996; vgl

White 1995; Müller 1999; Morgan 2000; Herbst & De la Porte 2006). In hierdie studie word ‘n narratiewe benadering om die volgende redes ondersoek:

- Die narratiewe benadering gee aan die pastor die geleentheid om menslike optrede beter te verstaan omdat die pastorant se verhaal binne ‘n reële en sosiale konteks vertel word (kyk Louw 1999:25).
- Die vertel van verhale stel persone in staat om hulle lewe in oënskou te neem en ‘n alternatiewe verhaal te ontdek wat hulle lewe nuwe sin en betekenis gee.
- Verhale word vertel om ‘n nuwe identiteit te ontdek, te verwoord en te deel.
- Deur die vertel van verhale kan skanse tussen vyandelike groepe afgebreek en versoening bewerkstellig word.

Pastorale assessering met dienspligveterane volgens ‘n narratiewe benadering sal behels dat hulle self hulle behoefte aan ondersteuning identifiseer en dit met die pastor kommunikeer. In die pastorale ondersteuning word hulle bemagtig om die omstandighede wat hulle kan verander, te verander en die beste van die omstandighede wat hulle nie kan verander nie, te maak.

Narratiewe teorie gaan van die vertrekpunt uit dat elke persoon se verhaal uniek is. In elke verhaal is daar hulpbronne en moontlikhede wat aangewend kan word om die persoon te begelei om weg te beweeg van ’n vasgeloopte verhaal en nuwe moontlikhede te ondersoek. Die narratiewe benadering is reeds in die 1970’s en 1980’s ontwikkel deur Michael White en David Epston. Hulle werk, *Narrative means to therapeutic ends* wat in 1990 gepubliseer is, is steeds ’n standaardwerk op die terrein van narratiewe terapie (kyk De la Porte & Nzeku 2016:184). Vir die doeleindes van hierdie studie word die insigte van Alice Morgan (2000) as riglyn vir ‘n narratiewe benadering benut. Morgan (2000:2) bied die volgende beskrywing van narratiewe terapie:

> *Narrative therapy seeks to be a respectful, non-blaming approach to counselling and community work, which centres people as the experts in their own lives. It views problems as separate from people and assumes people have many skills, competences, beliefs, values, commitments and abilities that will assist them to reduce the influence of problems in their lives.*

Die vertrekpunt van narratiewe terapie is om ‘n veilige ruimte te skep waar persone die vrymoedigheid kan hê om hulle unieke verhaal te vertel. ‘n Narratiewe gespreksleier beskou ‘n verhaal as ‘n reeks gebeurtenisse of insidente wat met mekaar verbind is, in ‘n sekere volgorde plaasgevind het en ’n spesifieke tema of plot vertoon (Morgan 2000:2). Die manier waarop die gebeurtenisse verbind word en die betekenisse wat daaraan gegee word, bepaal die ontwikkeling van die verhaal. Die verhaal bestaan uit verskillende storielyne met spesifieke diskoerse wat ontwikkel as gevolg van persoonlike ervaring, familierolle en -stories, asook die invloed van die gemeenskap en die kultuur waarin ‘n persoon leef (kyk Morgan 2000:12; De la Porte & Nzeku 2016:184). Diskoerse word uitgebou om betekenis te gee aan mense se ervaring binne die konteks van die dominante diskoers (kyk Morgan 2000:50).

Die narratiewe gesprekleier luister met respek en meegevoel, maar ook nuuskierigheid na die persoon om te identifiseer watter nuwe moontlikhede in die persoon se verhaal ontgin kan word. Hierdie moontlikhede word belig sodat die persoon nie meer net teen die probleem vaskyk nie, maar saam na oplossings soek (kyk Morgan 2000:17). Met narratiewe gesprekvoering kan ontdek word wat persone werklik ervaar, waarom hulle dit ervaar en watter ondersteuning hulle nodig het om heling te ervaar. Die narratiewe berader of terapeut identifiseer die standpunte, emosies, gesindhede en oortuigings wat tot die spesifieke plot (tema) bydra. Deur middel van *dekonstruksie* word skadelike idees en standpunte uitgedaag. Die gesprekleier luister met ‘n dekonstruktiewe ingesteldheid en vra dekonstuktiewe vrae om die perspektief van die persoon oor die storie uit te daag. Met ander idees en standpunte (unieke uitkomste) waaraan die persoon nie gedink het nie word ’n ander perspektief van die storie of probleem na vore gebring en ‘n alternatiewe storie gekonstrueer (Freedman & Combs 1996:121). ’n Empatiese luisteraar hoor ook “unieke uitkomste” in die persoon se verhaal. Dit is positiewe moontlikhede wat teenoor die probleemverhaal staan (kyk Morgan 2000:51-52).

’n Belangrike aspek van dekonstruksie is eksternalisering waar die probleem van die persoon onderskei word. Die persoon *is* nie die probleem nie (kyk White *et al* 1990:40). Die persoon wat aan depressie ly, *is* nie ’n depressielyer nie (identiteitsuitspraak), maar eerder ’n persoon wat ’n stryd voer teen die probleem van depressie. ’n Strategie word ontwikkel om dit te oorwin (kyk Müller 2000:95).

Mense is geneig om die dominante diskoers van hulle kultuur te internaliseer en te glo dat dit die waarheid oor hulle lewe en identiteit is. Soms help die dominante diskoers mense om traumatiese ervarings te oorkom. In ander gevalle het dit ‘n negatiewe effek op hulle en kan daartoe lei dat hulle geen persoonlike verantwoordelikheid aanvaar nie. Dit kan lei tot ‘n eksistensiële krisis (kyk De la Porte & Nzeku 2016:188). Die doel van narratiewe ondersteuning is dan om weer hoop en sin te vind. Vanuit ‘n teologiese perspektief, betoog John Navone (1990:xvi) in sy werk, *Seeking God in story*, dat God die een is wat iets uit niks kan skep en dat mense hulle ware lewensstorie van God, die groot Storieverteller, ontvang. Hoe mense ontwikkel is nie net die gevolg van lewensgebeurtenisse nie, maar is deur God se genade ‘n aktiewe proses van word wat ‘n mens behoort te wees. Christus is hiervan die voorbeeld. Navonne sluit aan by Victor Frank se logoterapie wat later bespreek word.

Narratiewe gesprekvoering is ‘n dinamiese begeleidingsproses waar nuwe moontlikhede saam ontdek word. Die persoon word bemagtig om saam met die gespreksleier verantwoordelikheid vir die proses te aanvaar. Volgens pastorale teoloog Larry Graham (2017:150) is dit *pre-verbal angst* wat oorlogsveterane daarvan weerhou om te praat. Gespreksgenote behoort te ervaar dat die gespreksleier saam met hulle in hulle verhale betrokke raak. Hulle het ’n gesamentlik lojaliteit en konteks met die gespreksgenote en is saam met hulle op ’n ontdekkingsreis vir solank as wat dit nodig is. Graham stel dit soos volg: “And when images, memories, words and stories begin to emerge out of the silence we are there to receive and share their burden and to explore their promise.” (Graham 2017:150).

#### 5.2.2.3 Soeke na ‘n nuwe identiteit

Die soeke na ‘n nuwe identiteit is groot deel van die proses om dienspligveterane uit ‘n eksistensiële krisis te begelei. Die insigte van die praktiese teoloog Daniel Louw (2012: 61-68) oor identiteit en die soeke na sin, word vervolgens benut. “Identiteit”, afgelei van die Latyn *idem* dui op eendersheid en kontinuïteit. Kontinuïteit of kongruensie tussen wie die persoon is en hoe die persoon optree, is nodig vir geestestesondheid (Louw 2012:62). Die ontwikkeling van ‘n identiteit is ‘n dinamiese proses. Dit is nie liniêr nie, maar behels die beweging tussen ervaring en omgewing in die verskillende stadiums van ontwikkeling.

Identiteit ontwikkel in die wisselwerking tussen die volgende prosesse (Louw 2012:61-62):

- die interne proses van self ondersoek en evaluasie: “Wie is ek?”
- die interne proses van rol-funksie en terugvoer: “Hoe tree ek op en hoe reageer ander op my?”
- die eksterne proses van die implementering van norme, waardes, oortuigings, wêreldbeskouing en paradigmas: “Wat motiveer my en waartoe verbind ek my?”
- kontekstuele aspekte ingebed in kultuur: “Wat vorm my en beïnvloed die gehalte van my besluitneming en lewenskeuses?”.

Begeleiding het ten doel dat persone weer hulle innerlike kern as mens ontdek en ‘n nuwe unieke identiteit bou sodat hulle hulleself ten volle kan verwesenlik. Volgens sosioloog Christi van der Westhuizen word identiteit grootliks ekstern beïnvloed, maar in ‘n postmoderne konteks het individue meer vryheid as voorheen om hulle eie identiteit te bepaal (kyk Van der Westhuizen 2017:12). Hiervolgens kan persone ‘n identiteit ontwikkel wat vir hulleself sinvol is, eerder as om ‘n toegekende identiteit te moet aanvaar. In my ervaring het die identiteit wat op my afgedwing is voortdurend verander. Ek het daaraan probeer vashou om vir my sekuriteit te verskaf, maar het nie daarin geslaag nie. Toe ek my losmaak van die Afrikaneridentiteit soos dit bepaal en afgedwing is, het ek skuldig gevoel teenoor my voorgeslagte, maar ek kon nie anders as om daarvan afstand te doen nie. Ek moes my losmaak van die verlede en ‘n nuwe identiteit as Christen-gelowige, man, militêre veteraan en Suid-Afrikaner onwikkel. ‘n Veilige omgewing vir hierdie ontwikkelingsproses het ek gevind as lid van die veterane-organisasies 61 Meg VV en SAWV. Daarbinne kan ek my nuwe identiteit uitleef en saamwerk aan versoening en restitusie in die samelewing.

Volgens psigoloog Erik Erikson (1959; 1974) beskik elke persoon ook ‘n eie identiteit met eie unieke persoonlikheidskenmerke. In sy klassieke teorie onderskei hy agt stadia van menslike ontwikkeling deur ‘n groeiproses van krisishantering. ‘n Krisis is die draaipunt in ‘n spesifieke lewensfase. Die verhoogde kwesbaarheid wat met die krisis gepaard gaan, verhoog ook die potensiaal tot verandering (Erikson 1959:55-110; 1974:95-141). Hoe lank die krisis duur, word beïnvloed deur die biologiese

rypwording en sosiale eise van die spesifieke fase. Erikson (1959) se teorie kan soos volg saamgevat word:

- Stadium 1 (Geboorte tot 1 jaar): Vertroue teenoor wantroue
- Stadium 2 (1-3 jaar): Outonomie teenoor skaamte/twyfel
- Stadium 3 (3-6 jaar): Inisiatief teenoor skuld
- Stadium 4 (6-12 jaar): Vaardigheid teenoor minderwaardigheid
- Stadium 5 (12-20 jaar): Identiteit teenoor rolverwarring
- Stadium 6 (20-40 jaar): Intimiteit teenoor isolasie
- Stadium 7 (40-65 jaar): Generatiwiteit teenoor stagnasie
- Stadium 8 (65 jaar en ouer): Ego-integriteit teenoor wanhoop

Erikson se ontwikkelingsmodel dui aan hoe persoonlike groei plaasvind en 'n persoon in staat stel om 'n kapasiteit te ontwikkel om innerlike en uiterlike uitdagings te trotseer (Louw 2012:63). Erikson (1951:52) formuleer sy *epigenetiese* beginsel soos volg: "Somewhat generalized, this principle states that anything that grows has a ground plan, and that out of this ground plan the parts arise each part having its time of special ascendancy, until all parts have arisen to form a functioning whole". Dienspligveterane is in die algemeen ouer as 40, met die grootste groep in hulle middeljare. Hulle bevind hulle dus in die generatiewe stadium waar 'n bydrae gemaak word tot die wêreld en vir die nageslag. Pastorale ondersteuning van hierdie groep het te doel om, nadat hulle tot heling begelei is, verder te ontdek hoe hulle die gemeenskap met hulle ervaring, insigte, gawes en talente kan dien. Om weer deel te voel van en 'n betekenisvolle rol te speel in post-apartheid Suid-Afrika, is versoening, restitusie en die ontwikkel van 'n nuwe identiteit nodig. Vir 'n dieper verstaan van die identiteit van wit mans in die post-apartheid Suid-Afrikaanse konteks, word die resultate van die onlangse ondersoek van die sosioloog Christi van der Westhuizen (2017) vervolgens benut.

Die resultate van Van der Westhuizen (2017:12) dui daarop dat die identiteit van Afrikaanse mans in Suid-Afrika verskillende vorme aanneem. Sy onderskei vier diskoerse oor Afrikaanse manlike identiteit:

- die edel patriarg;

- die verbruiker;
- die slagoffer van demokrasie;
- die messias-figuur.

Drie van die diskoerse, die *edel patriarg*, die *verbruiker* en die *messias-figuur* het ‘n lang geskiedenis, terwyl die *slagoffer van demokrasie* se identiteit eers na apartheid navore getree het (Van der Westhuizen 2017:159-175). Vir die doeleindes van hierdie studie word die diskoers van *slagoffer van apartheid* en *edel patriarg* verder bespreek.

Volgens die *slagoffer van apartheid* diskoers word die Afrikaanse man as ‘n slagoffer van demokrasie gesien: verneder, gebroke en platgeslaan as gevolg van die verlies van politieke mag. Hierdie mans probeer byvoorbeeld beskuldigings oor apartheidsmisdade as “oordrewe” afmaak. Hulle onderskryf steeds die kolonialistiese dualisme van wit as orde en swart as wanorde. Van der Westhuizen (2017:168) bestempel die mentaliteit as *patriarchal masochism*.

In teenstelling met Afrikaanse mans, het die status en selfvertroue van Afrikaanse vroue toegeneem. In die post-apartheidsamelewing moet Afrikaanse mans en vroue nuwe rolle vestig en verantwoordelikhede aanvaar. Die samelewingsdruk dat mans en vrouens gelyke status behoort te geniet, veroorsaak spanning in ‘n patriargale opset. ‘n Paradigmaskuif is nodig onder sowel mans as vroue. Volgens Van der Westhuizen (2017:172) lei botsende boodskappe in die samelewing en geloofsgemeenskappe tot groter spanning.

Die *patriargale* diskoers dra daartoe by om Afrikaanse mans se identiteit as “hoof van die huis” te versterk. Die diskoers word verder deur kerke instandgehou. Aan so ‘n patriargale magsfiguur word die reg toegeken om geweld teenoor mense en diere te gebruik. Afrikaanse vroue se identiteit is die van ondergeskikte en hulle rol een van selfopoffering. Voorheen het die nasionale staat ‘n Afrikaanse man se identiteit gedefinieer en in stand gehou. Vandag is dit die geloofsgemeenskap, familie en die gesin wat die identiteite in stand hou. Geloofsgemeenskappe kan nou verder bydra tot die probleem of hulle kan bydra tot die oplossing. Dit is juis geloofsgemeenskappe wat wit Afrikaanssprekende mans kan begelei om ‘n konstruktiewe nuwe identiteit te ontwikkel. Tans is daar nog te veel tekens van ‘n gebrek aan ‘n gesonde manlike identiteit wat in staat is om die uitdagende omstandighede in die samelewing

konstruktief aan te pak. Die geloofsgemeenskap behoort leiding te neem om Afrikaanse mans te begelei tot ‘n paradigmaskuif ten opsigte van hulle rol en verantwoordelikheid in die gesin en die gemeenskap.

#### 5.2.2.4 Soeke na sin en betekenis

In 2018 was dit 24 jaar sedert die einde van die gewapende stryd wat ’n diep wond in die psige van sommige individue en bevolkingsgroepe in Suid-Afrika tot gevolg gehad het. Logoterapie, die psigoterapeutiese model wat ontwikkel is deur Victor Frankl, proponent van die eksistensiële filosofie, is geskik om veral dienspligveterane wat ‘n eksistensiële krisis ervaar, te begelei om nuwe sin en betekenis te ontdek.

Logoterapie, van die Grieks *logos* (woord, sin, rede), fokus op hoe mense die *sin* van hulle bestaan ervaar en ontdek. Victor Frankl se “wil tot sin en betekenis” staan teenoor die “wil tot plesier” van die psigo-analise van die Freudiaanse skool en die “wil tot mag” van die psigologie van Adler (kyk Frankl 2006:98-99; vgl Frankl 1947:127; Von Devivere 2018:20). Volgens Logoterapie is die *soeke na sin en betekenis* ‘n basiese dryfkrag van die menslike psige en nie net ‘n “sekondêre rasionalisasie” nie. Hierdie soeke na sin is uniek en baie spesifiek tot ‘n spesifieke individu (Frankl 2006:99). Logoterapie begelei mense tot die ontdek van ‘n sinvolle bestaan en tot die aanvaar van verantwoordelikheid (kyk Southwick, Gilmartin, McDonough & Morrissey 2006:162-163). Om die volgende redes word logoterapie vir die doeleindes van hierdie ondersoek geselekteer:

- Logoterapie, wat letterlik beteken *healing through meaning*, is gebaseer op Frankl se eie *lewenservarings* en fokus op die soeke na sin en betekenis. Beide Frankl en dienspligveterane se vertrekpunt is ‘n oorlogservaring. Derhalwe kan Frankl se teorie vir dienspligveterane in hulle soeke na sin, betekenis en afsluiting van waarde wees.
- Logoterapie is toekomsgerig, fokus op persoonlike vermoëns en moontlikhede, en is gerig op verandering in mense.
- Logoterapie beklemtoon die geestelike aspek van menswees. Self-transendensie word gesien as die toppunt van die verwesenliking van die mens se potensiaal.

- Logoterapie fokus op die dialektiek van *lot* en *vryheid*. Hoewel mense nie beheer het oor hulle omstandighede nie (lot), het hulle beheer (vryheid) oor hulle gesindheid en reaksies op omstandighede.
- Logoterapie word gesien as ‘n *ondersteunende terapie* wat ander terapeutiese benaderings eerder aanvul as verdring.

Met verskeie ervarings waarna Victor Frankl (2006) verwys, kan ek as dienspligveteraan my vereenselwig. Een ooreenkoms met Frankl is die effek van galge *humor* in moeilike omstandighede (kyk Frankl 2006:20). Dit het die soms *ondraaglike werklikheid* tot iets meer draagliks probeer verander.

Frankl (1947:48) se idee van *transendensie-bewussyn* wat mense help om die inperking van ‘n doringdraad-ervaring te oorstyg en ‘n nuwe wending te antisipeer, bied ‘n verklaring vir waarom ek soms so intens na ‘n “spirituele ervaring” gesmag het. Frankl (2006:51) verwoord dit as die intense behoefte na ‘n bietjie eensaamheid, om alleen te wees met jouself en jou gedagtes. Spirituele verdieping en die oproep van mooi herinneringe uit die verlede het die krygsgevangenes in staat gestel om die leegheid en eensaamheid van die kamplewe te ontvlug (kyk Frankl 2006:39; vgl Frankl (1947:52, 58). So het Carel en ek met geestelike aktiwiteite, herinneringe en tye van afsondering, die leegheid en eensaamheid van die grensbasis probeer ontsnap.

Van sentrale belang vir hierdie studie is Frankl (2006:65-67) se insigte oor *geestelike vryheid* en *lyding*. Selfs in die moeilikste omstandighede besluit mense self wat op *intellektuele* en *spirituele* vlak van hulle sal word (Von Devivere 2018:22). Met hierdie keuses kon mense selfs in ‘n konsentrasiekamp hulle menswaardigheid behou. Frankl (2006:66) beskryf dit soos volg:

> *We who lived in concentration camps can remember the men who walked through the huts comforting others, giving away their last piece of bread. They may have been few in number, but they offer sufficient proof that everything can be taken from a man but one thing: the last of human freedoms – to choose one’s attitude in any given set of circumstance, to choose one’s own way.*

Met betrekking tot *lyding*, verwys Frankl (2006:87) na Dostojevski: “Ek is vir net een ding bang: ‘om my lyding nie waardig te wees nie’”. Die *innerlike vryheid* van die mens

om te kies hoe ‘n mens wil reageer, maak dit moontlik om tot met die dood sinvol te lewe. Volgens Frankl is daar sin in lyding en is *lyding* net soos die *noodlot* en die *dood*, onafskeidbaar deel van die lewe. Sonder lyding en dood bly die menslike lewe onafgerond (kyk Frankl 2006:67; vgl Frankl (1947:87).

Frankl (2006:72) beklemtoon ook die belang van ‘n *innerlike waardesisteem* en *lewenshouding* wat ‘n mens in staat stel om bo ‘n situasie uit te styg. Die Latynse woord *finis* dra die betekenisse van *einde* en *doel*. Vir wie nie ‘n *einde* aan die voorlopige menslike voortbestaan kan sien nie, is dit nie moontlik om *doelgerig* te lewe nie. Mense wat nie ‘n *doel* het nie, kan so in die verlede leef dat hulle geen toekomsmoontlikhede kan sien nie. Hulle sien nie die *hede* of die *toekoms* nie en slaag nie daarin om ‘n negatiewe situasie te transendeer nie. Die vraag na die *sin van die lewe* gaan nie om wat die mens van die lewe verwag nie, maar om wat die lewe van die mens verwag. Lewe is om die *verantwoordelikheid* te aanvaar om elke dag met dade te antwoord op die lewensvrae. ‘n Sinvolle lewe is om ‘n mens se roeping te vervul, aan die eise van die lewe te voldoen en die uitdagings van ‘n mens se lewenstaak te aanvaar (kyk Frankl 2006:76). Dit is ‘n mens se reaksie op lyding wat die moontlikheid bied om *oorwinnend* en *singewend* te lewe (kyk Frankl 2006:76).

Gesprekke van Frankl met ander gevangenes om hulle te bemoedig, is van toepassing ook op die situasie en ervaring van dienspligveterane. Hy het daarop gewys dat ervaring nie van mense weggeneem kan word nie en dat daar altyd moontlikhede tot singewing teenwoordig is, ook in die situasie van die konsentrasiekamp. Die erns van die omstandighede moet nie ontken word nie, maar hy het hulle aangemoedig om aan te hou veg vir die lewe en nie moed te verloor nie. Volgens Frankl is lewe om bereid te wees om opofferings te maak. Dan eers ervaar ‘n mens hoe sinvol die lewe kan wees (kyk Frankl 2006:82-85). Dienspligveterane behoort aangemoedig te word om deur opofferings en dienswerk in gemeenskappe sin en betekenis te ontdek. Ware moraliteit is volgens Frankl meer as selftevredenheid. Dit is selfontdekking in die lig van ‘n toekomstige doelstellings los van jouself (kyk Frankl (1947:129).

Indien die mens se “wil tot sin en betekenis” geblokkeer word, kan dit tot “eksistensiële frustrasie” lei wat tot neurose kan ontwikkel. Nie alle frustrasie en konflik het ‘n neurotiese oorsprong nie. Dit kan normaal wees en selfs tot groei lei. Logoterapie gee

aandag aan die aspekte wat die ervaring van sin en betekenis blokkeer en tot frustrasie lei. Die doel van logoterapie is om ‘n persoon deur ‘n eksistensiële krisis tot groei en ontwikkeling te begelei (Frankl 2006:102-103). Die ideaal is nie ‘n toestand wat heeltemal sonder spanning is nie. Die ideaal is om te strewe na ‘n doel wat inhoud en sin aan die lewe gee. Met so ‘n ingesteldheid kan die mens die eksistensiële vakuum of leegte in hulle bestaan vul (Frankl 2006:104-103). Logoterapeute moet nie hulle eie waardesisteem op ‘n persoon afdwing nie, maar eerder die visie van die persoon verbreed om van die hele spektrum van waardes bewus te kan wees. Vir Frankl is die klem op *self-transendensie* eerder as self-aktualisering. Die sin van die lewe kan gevind word deur ‘n aktiewe handeling, deur ‘n ervaring van waarde of deur lyding (Frankl 2006:110).

Logoterapie neem die *kortstondigheid van die lewe* in ag, maar is nie pessimisties daaroor nie. Inteendeel, dit is positief en pro-aktief. *Tragiese optimisme* gaan daaroor dat die mens optimisties bly ten spyte van die effek van die tragiese driehoek van *pyn*, *skuld* en *dood (*kyk Smith 2012:2; vgl Von Devivere, 2018:25). Volgens Frankl het tragiese optimisme die potensiaal om lyding te transendeer sodat die persoon selfs kan kom tot lewensvervulling. Skuld kan ook benut word as ‘n geleentheid vir groei. Dood en die kortstondigheid van die lewe kan aanspoor tot verantwoordelike optrede (kyk Frankl 2006:137-138; vgl Smith 2012:2). Hoop, liefde en humor is belangrike komponente van optimisme. Die fokus behoort te wees op sinvolle aktiwiteit selfs al is daar geen materiële voordeel nie. Volgens Frankl is daar voldoende empiriese bewyse dat depressie, aggressie en verslawing uitvloeisels is van ‘n gevoel van leegheid of sinloosheid, wat in logoterapie bekend staan as die “eksistensiële vakuum” (kyk Frankl 2006:138-140).

Met betrekking tot s*kuld* is dit belangrik om na die persoon te luister sodat die rede vir die oortreding verduidelik kan word. Frankl (2006:149) het dit soos volg verduidelik aan gevangenes: “*You are human beings like me, and as such you were free to commit a crime, to become guilty. Now however you are responsible for overcoming guilt by rising above it, by growing beyond yourselves, by changing for the better”.*

Volgens die psigoloë Robin Gilmartin en Steven Southwick (2004) is logoterapie veral geskik vir die begeleiding van oorlogsveterane wat met PTSV gediagnoseer is.

Hulle identifiseer vier sake waarmee veterane worstel:

- ‘n skeefgetrekte eksterne lokus van beheer;
- ‘n beperkte toekomsverwagting;
- skuldgevoel, veral *survivor guilt*;
- ‘n verlies aan sin en betekenis.

Met ‘n gevallestudie van ‘n oorlogsveteraan illustreer hulle die effektiwiteit van logoterapie. Die veteraan was vasgevang in die tragese driehoek van dood, lyding en skuld. Deur gemeenskapdiens asook individuele en groepsgesprekke het hy sy slagoffermentaliteit, alkoholisme en oorlewingskuld oorkom (kyk Gilmartin & Southwick 2004:34-38; vgl Smith 2012:4). In ‘n studie saam met Patrick Mcdonough en Paul Morrisey het Southwick en Gilmartin bevind dat logoterapie aanvullend tot tradisionele terapieë benut kan word omdat dit op aspekte fokus wat nie deur ander terapieë betrek word nie. In drie gevallestudies met oorlogsveterane was die bevindings die volgende (Southwick *et al* 2006:173-174):

- Die *lokus van beheer* het verskuif sodra die veterane hulleself nie meer as slagoffers gesien het nie, maar aktiewe agente van hulle eie verandering.
- Die verlamming wat veroorsaak is deur ‘n oorbewustheid van *dood* en die *kortstondigheid van die lewe* het begin afneem nadat hulle betrokke geraak het by sosiale projekte in die gemeenskap.
- *Skuldgevoelens* het afgeneem toe hulle betrokke geraak het by sinvolle aktiwiteite in die gemeenskap waarmee hulle kon probeer vergoed vir hulle verkeerde dade.
- Die *eksistensiële vakuum* is deur logoterapietegnieke met sinvolle gedrag gevul.
- *Groepswerk* het geblyk effektiewe resultate te behaal.
- Logoterapie het veterane in staat gestel om ‘n beter perspektief op hulle *PTSV simptome* te kry en dit effektiewe te beheer.

Die insigte van Southwick en ander se studies is van waarde ook vir die begeleiding van veterane in die Suid-Afrikaanse konteks. Aaron Smith (2012:8) het persoonlik waarde geput uit logoterapie, maar wys daarop dat abstrakte begrippe soos die *eksistensiële vakuum* en *intra-persoonlike* en *inter-persoonlike eksistensiële isolasie* verstaan moet word in hierdie terapeutiese benadering (kyk Smith 2012:8). Volgens


Beate Von Devivere (2018:3) is Frankl se insigte om die volgende redes steeds in die 21ste eeu van waarde:

- In Frankl se benadering gaan dit oor die “what for” sinsvraag eerder as die vraag na ekonomiese belang wat vandag dikwels oorheers.
- Logoterapie bied antwoord op die uitdagings van die globale gemeenskap en kan bydra tot ‘n beter lewe vir mense.
- Logoterapie fokus op ‘n holistiese verstaan van mense en sluit die fisieke, psigo-sosiale en spirituele dimensies van menswees in. ‘n Beter verstaan van menswees maak ruimte vir diversiteit asook eenheid en het iets te bied in antwoord op die globale gemeenskap se hunkering na sin en betekenis en mense se behoefte om hulle potensiaal te verwesenlik.
- Frankl se benadering bied ‘n dieper verstaan van huidige onbeantwoorde eksistensiële vrae.

Von Devivere (2018:25) bevind dat logoterapie bewuswording en toewyding by mense bevorder. Dit moedig mense aan om hulle eie antwoorde te vind deur effektief om te gaan met die tragedie-driehoek van lyding, skuld en pyn (kyk Von Devivere 2018:30).

#### 5.2.2.5 Doelgerigte ondersteuning

*Doelgerigte ondersteuning* is die manier waarop omgegaan word met die behoeftes wat tydens pastorale assessering geïdentifiseer is. In die geval van oorlogsveterane kan dit die verwerking van verlies, oorlogsverwante trauma, herinneringe en ander aspekte soos frustasie en woede behels (kyk Figuur 78).




*Figuur 78: Moment 2: Doelgerigte ondersteuning.*

### 5.2.2.6 Verwerking van verliese

Die omvattende transformasieproses in Suid-Afrika na 1994 het veroorsaak dat individue en gemeenskappe verskillende vorme van verlies moes verwerk. Die proses is steeds nie voltooi nie. Nuwe vorme van regstellende optrede, soos byvoorbeeld grondonteiening sonder vergoeding, word tans oorweeg.

Treur is die spontane reaksie wat universeel voorkom by mense wat verlies ervaar het (Parkes 1986:23). Dit neem die tyd en energie van die treurende in beslag. Onverwerkte verliese waaroor nie voldoende getreur is nie verhinder 'n persoon om te kan losmaak van die verlede. Hamman (2005:20) stel dit soos volg: "The unresolved losses of our lives keep us from walking freely with God and with others. When we mourn, however, we embark upon a journey that leads to spiritual and emotional maturity". Die identifisering en verwerking van onverwerkte verliese behoort dus deel van die ondersteuningsproses met dienspligveterane te wees.

Rou word onderskei van treur en is die doelbewuste en begeleidende proses om afskeid te neem van verloor is. Dit kan wees: 'n persoon, materiële dinge, die bekende, verhoudings, drome, hoop, identiteit en 'n funksie of rol (Boshoff 2011:33; vgl Hamman 2005:50–58). Hoewel die rouproses uniek is en van persoon tot persoon verskil, is

sekere die uitvoer van sekere routake vir almal noodsaaklik. Braam Klopper (2009) se prosesmatige model identifiseer die volgende vyf take:

- Taak 1: Die realiteit van die verlies moet aanvaar word.
- Taak 2: Die emosionele pyn van die verlies moet ervaar word.
- Taak 3: Die mooi herinneringe moet gevier word.
- Taak 4: Teenstrydige gevoelens moet erken en verwerk word.
- Taak 5 : Die persoon moet afskeid neem en toekomsgerig lewe.

Rou is volgens Hamman (2005:18) 'n hoopvolle proses wat lei tot 'n nuwe identiteit en nuwe lewensruimte oopmaak. Hamman (2005:74) onderskei dit van nostalgie: "Whereas nostalgia takes one into the past, the work of mourning opens a future". Spirituele rituele as deel van die treurtake kan vir gelowiges baie beteken (kyk Lee & Mandolfo 2008).

#### 5.2.2.7 Verwerking van herinneringe

Benewens die verwerk van verlies, is dit ook nodig om pynlike herinneringe wat 'n persoon se lewenskwaliteit aantas, te verwerk. Positiewe herinnering kan bydra tot heling. Daar moet egter gewaak word teen nostalgie oor "die goeie ou dae" (kyk Jordaan *et al* 2008:11-13). Volgens die psigoloog, Wilhem Jordaan (2008), word pynlike herinneringe deur die gewete instandgehou. Dit is 'n destruktiewe proses waar die persoon bly tob oor oortredings wat hulle begaan en onreg wat hulle gepleeg het. Dit veroorsaak emosies van skaamte en "neurotiese skuldgevoelens" wat 'n persoon magteloos laat voel en verhinder om konstruktief te lewe nie (kyk Jordaan *et al* 2008:15). Negatiewe selfspraak en onrealistiese verwagtinge verhinder mense verder om vorentoe te beweeg. Volgens hom is die wanbegrip oor vergifnis een van die hoofredes is waarom herinneringe nie genees word nie. Hy stel dit soos volg (Jordaan *et al* 2008:15): "Vergifnis maak net sin ten aansien van jou erkenning en aanvaarding van skuld; jou belydenis dat jy gefouteer het". Volgens Jordaan *et al* (2008:21) kan herinneringe net genees en vergifnis moontlik word wanneer onreg "uitgepraat" word: "Deur te praat én te luister, word eensame en pynigende selfspraak omskep in genesende samespraak". Heling van pynlike herinneringe beteken nie dat die onreg vergeet word nie. Dit word net *anders* onthou. Daar is twee voorwaardes vir 'n

suksesvolle dialogiese ontmoeting, naamlik *vertroue* en *empatie*. Empatie kan as ‘n praktiese vaardigheid aangeleer word (kyk Jordaan *et al* 2008:28-36).

Die verwerking van herinneringe behoort nie ‘n privaataangeleentheid te wees wat net tot voordeel strek van die persoon self nie. Om byvoorbeeld die destruktiewe houvas van apartheid te verbreek, behoort die herinnering van die apartheidsverlede konstruktief verwerk te word. Volgens praktiese teoloog, Christo Thesnaar (2008), beskou sommige Suid-Afikaners hulleself as oortreders of slagoffers of albei. Beide slagoffers en oortreders moet begelei word om hulle negatiewe herinneringe te verwerk sodat hulle hoop en bevryding kan ervaar. Thesnaar (2008:103-122) stel ‘n helingsproses vir beide slagoffers en oortreders voor. Hy verwys as voorbeeld na die ervarings van vader Michael Lapsley en die ontwikkeling van die *Insititute of Healing of Memories* waarvan Vader Lapsley die hoof is. Michael Lapsley en Stephen Karakashian (2018:232) beskryf hulle *Healing of Memories Workshop* waar veterane in ‘n veilige omgewing hulle verhale deel, soos volg:


> *We allow veterans to be themselves. For some, the most pressing pain has to do with antecedent pain from childhood; for others, it is their current situation—homelessness, a desperate family problem, unemployment, drug addiction—some of which may indeed be a reflection of their war service. In either case, we let it emerge gradually as the story unfolds. Others may need to begin with stories of war, stories that cover anger, shame, and grief, and these stories implicitly give encouragement to others who are more reticent.*

Die werk van die Instituut begelei persone om deur verhale hulle herinnering aan dade van die verlede of die versuim om op te tree, te genees en weer deel te voel van die mensheid (kyk Lapsley & Karakashian 2018:235). Volgens Thesnaar (2008:123-126) is individuele heling nie voldoende nie. Slagoffers en oortreders moet versoen word en mekaar vergewe voordat ware heling plaasvind. Daarvoor kan verhale, metafore, simbole, verskillende kreatiewe mediums en rituele benut word.

Volgens die sosioloog, Sharlene Swartz (2016), is nie net versoening nie, maar ook sosiale restitusie in Suid-Afrika nodig. Dit behels dat die gesindheid van mense teenoor mekaar sal verander. In haar studie met 60 Suid-Afrikaners tussen die

ouderdomme van 21 en 70 jaar (43 vroue en 26 mans, wat wit-, swart- en bruinmense ingesluit het) (Swartz 2016:260) het die wit Suid-Afrikaners hulle ervaring van skuld en skaamte oor die verlede erken. Die vraag is hoe persone wat nie bewus is van die skaamte en skuld nie, daarvan bewus gemaak kan word en hoe mense daarvan bevry kan word. Swartz (2016) het ‘n gespreksmodel ontwikkel en nie net slagoffers en oortreders nie, maar ook omstanders (*bystanders*), die wat verset getoon het (*resisters*) en bevoordeeldes (*beneficiaries*) in ‘n gesprek gebring oor die onreg van apartheid.

Swartz (2016) se vyfhoekmodel is gebaseer op die driehoekmodel van Raul Hilberg (1992) wie se studie gefokus het op die onreg teenoor Jode tydens die Tweede Wêreldoorlog. Hilberg identifiseer die partye as *slagoffer, omstander* en *oortreder*. Ander het later kategorieë soos *aktivis*, *helper* en *hulp* bygevoeg. Volgens Swartz is kategorieë soos die wat bevoordeel is deur die onreg wat teenoor ander gepleeg is, of die wat slagoffers was in die sin dat hulle geen ander keuse gehad het as om opdragte uit te voer nie, nie voldoende aan die orde gestel nie. Swartz (2016) het derhalwe twee nuwe kategorieë, naamlik die wat *verset* getoon het en die wat *bevoordeel* is, toegevoeg in haar vyfhoekige model (kyk Figuur 79).




*Figuur 79: Swartz se vyfhoekmodel [Aangepas] (Swartz 2016).*

Met behulp van Swartz se model kan opponerende groepe oor moeilike onderwerpe soos bevoorregting in gesprek tree. Gespreksgenote word nie geëtiketteer deur ander nie. Hulle kies self die kategorie waarmee hulle identifiseer en gee die rede vir die keuse. Gespreksgenote tree in ‘n nuwe relasie tot die verlede. Dit open nuwe perspektiewe en ontsluit nuwe moontlikhede. Die doel van Swartz se ondersoek was om tot ‘n beter verstaan te kom van die effek van die verlede op individue in die hede en om hulle te begelei tot bewuswording. ‘n Verdere doel was dat persone hulle kon posisioneer ten opsigte van die verlede en kon reflekteer oor huidige onreg en restitusie (Swartz 2016:263). Sy wys op ongelykheid wat steeds bestaan en dat veral wit Suid-Afrikaners wat bewus is van die oneweredige verdeling van hulpbronne, maar steeds nie veel daaraan doen nie. Ten spyte van die ongelykheid is twee derdes van die Suid-Afrikaanse bevolking bereid om die verlede te vergeet en aan te beweeg (Swartz 2016:xx; vgl Statistics South Africa 2016). Die vraag is egter watter soort samelewing geskep word as die onreg van die verlede nie reggestel word nie.

#### 5.2.2.8 Verwerking van oorlogsverwante trauma

Hoewel dit reeds 24 jaar na die einde van die gewapendestryd is, kan Suid-Afrika steeds nie werklik as ‘n “post-konflik” land beskou word nie (De la Porte & Davids 2016:58). Die swaarkry, konflik, geweld en trauma waaraan die post-apartheid veterane in die 1980’s en 1990’s blootgestel was en die PTSV, depressie, en substans-afhanklikheid waaraan baie ly, toon die negatiewe effek van hulle ervaring op hulle geestesgesondheid. ‘n Toename in apatie, ontmagtiging (*disempowerment*), selfdood en gesinsgeweld kan onder post-apartheid veterane verwag word (Department of Social Development 2007:11).

Daar is ‘n gebrek aan kundigheid om post-apartheid veterane en hulle families te ondersteun, hoewel genesing, rehabilitasie en herstel noodsaaklik is (De la Porte & Davids 2016:58). Volgens Southwick *et al* (2006:168-170) en Herman (1997:207) het veterane ‘n sosiale verantwoordelikheid teenoor mekaar om mekaar te help om te kom tot heling en om weer ‘n sinvolle lewe te kan lei. Dienspligveterane het hulle betrokkenheid by die gewapendestryd verskillend ervaar. Almal het oorlogstres ervaar, maar dit was nie vir almal traumaties nie. Om te kom tot ‘n dieper verstaan van oorlogstrauma, word die effek van oorlogstres en -trauma vervolgens ondersoek. Die

fokus van die ondersoek is op die ervarings van veterane van oorlogstrauma in ander wêrelddele en die holistiese ondersteuning wat hulle na die oorloë ontvang het.

Om te kan oorleef, moet mense kan aanpas en op ‘n positiewe manier met die stressors van die lewe kan omgaan (kyk Lazarus, 1966; Appley & Trumbull, 1967; Weitz 1970; Selye, 1974 en Cox, 1978). Stres is nie noodwendig nadelig nie. Selye (1984:xvi) stel dit soos volg: “Stress is essentially reflected by the rate of all the wear and tear by life*”.* Musikanth (1996) wys selfs daarop dat verveling stres kan veroorsaak en dat ’n sekere vlak van stres nodig is om effektief te kan funksioneer. Die *Conservation of Resources* (COR) stresmodel fokus op die verlies van bronne en individue of die gemeenskappe se pogings om bronne te verkry, behou en beskerm. Die verlies van hulpbronne veroorsaak negatiewe stres en benadeel die psigologiese welsyn van mense. Die COR model bied ’n raamwerk vir die verstaan van die effek van traumatiese stres na byvoorbeeld die verlies aan inkomste, werk, die werksplek, kollegas en ‘n loopbaan (Monnier & Hobfoll 2000:325). Die model kan nuttig aangewend word om te bepaal wat die invloed van die oorgangstydperk op die stresvlakke van dienspligveterane was.

Trauma word algemeen beskou as ’n spesifieke gebeurtenis wat ’n invloed op die totale mens het: die persoonlike wêreld, verstand, liggaam, gees en siel. Die woord “trauma”, van die Griekse woord “wond”, dui op skade wat ’n persoon ervaar. Die psigoloog Nigel Hunt (2010) fokus veral op oorlogsverwante trauma en die effek wat gemeenskappe en kulturele faktore op individue se ervaring van trauma het. Hunt (2010:7) onderskei tussen *normale* en *traumatiese stres*. *Traumatiese stres* het te doen met ‘n persoon se psigologiese funksionering (herinneringe, gedrag en emosies) as gevolg van ‘n ondraaglike, intense en lewensbedreigende gebeurtenis. Dit is gewoonlik van beperkte duur, maar kan so intens wees dat dit die persoon se hanteringsvaardighede oorvra en permanente psigiese en kognitiewe verandering by die persoon tot gevolg het. Simptome soos indringerherinneringe (*intrusive recollections*), vermyding (*avoidance*), emosionele verlamming (*numbing*) en opwekking (*hyperarousal*) kom voor (kyk Hunt 2010:7).

*Traumatiese stres* veroorsaak *traumatiese herinnering*, wat nie in “normale” stres teenwoordig is nie en ‘n invloed op die *kognitiewe, emosionele* en *gedragsdimensie*

van die persoon het. Traumatiese herinnering bly ingeëts in die gemoed van persone. Die funksie daarvan is om hulle te beskerm teen ‘n soortgelyke bedreiging in die toekoms. ‘n Traumatiese herinnering moet verwerk word om PTSV te voorkom. ‘n Positiewe uitkoms kan wees dat dit bydra tot oorlewing en selfbeskerming in die toekoms. ‘n Negatiewe uitkoms is wanneer die psige van die persoon blywende skade opgedoen het (kyk Hunt 2010:7; Van Rooyen 2016:3).

Mense reageer verskillend op traumatiese stres. Sommiges vind dit emosioneel onhanteerbaar en moeilik om met hulle alledaagse lewe voort te gaan. Hulle isoleer hulleself en onttrek hulle aan vriende en familie wat hulle sosiale ondersteuningsnetwerk behoort te wees. Hulle kan kliniese probleme ontwikkel. Ander persone slaag daarin om die herinneringe bewustelik of selfs onbewustelik te onderdruk. Hulle vermy alles wat hulle daaraan herinner en kan voortgaan met hulle lewens, hoewel dit nie verwerk en opgelos is nie. ‘n Ander groep dink aktief aan wat gebeur het en fokus op hulle herinneringe, emosies en liggaamlike reaksies. Hulle prosesseer dit kognitief, verander hulle narratiewe, leer deur die proses en groei as persoon. Hulle raak ook emosioneel as hulle die insident onthou, maar dit het geen langdurige negatiewe effek op hulle nie (kyk Hunt 2010:8).

In hierdie studie word veral gefokus op die begeleiding van persone wat *traumatiese herinneringe* aan die gewapende stryd, wat ‘n invloed op hulle lewenskwaliteit gehad en skade aan hulle menswees gedoen het, moet verwerk. Simptome wat aandui dat ‘n persoon trauma ervaar het, word vervolgens kortliks bespreek (DSM-5 2013):

- Indringerervarings

  Die traumatiese gebeurtenis word herhaaldelik ervaar op van die volgende maniere:

  - ontstellende herinneringe aan die voorval in die vorm van beelde, gedagtes of persepsies;
  - drome van die gebeurtenis;
  - herleef van die traumatiese gebeurtenis in die vorm van ervaring, illusies, hallusinasies en dissosiatiewe terugflitse;

- intense psigiese spanning tydens blootstelling aan dinge wat herinner aan die traumatiese gebeurtenis of dit simboliseer.

- Vermyding

  Die vermyding van stimuli wat geassosieer word met die trauma asook ‘n algemene gevoel van verlamming word aangetref wanneer drie of meer van die volgende teenwoordig is:

  - pogings om gedagtes, gevoelens of gesprekke oor die trauma te vermy;
  - pogings om aktiwiteite, plekke of mense wat herinner aan die trauma, te vermy;
  - min belangstelling in of deelname aan sinvolle aktiwiteite;
  - gevoelens van vervreemding;
  - beperkte vooruitsigte (verwag bv nie om ’n loopbaan, huwelik, kinders of ‘n normale lewensduur te hê nie).

- Simptome van hiper-waaksaamheid

  Die volgende simptome is aanduiding van hiper-waaksaamheid:

  - raak moeilik aan die slaap;
  - irritasie of woede-uitbarstings;
  - konsentreer moeilik;
  - verhoogde sensoriese sensitiwiteit;
  - oordrewe skrikreaksie.

- Negatiewe verandering in kognisie en gemoed

  Die volgende simptome dui daarop dat die trauma ‘n effek gehad het op ‘n persoon se kognitiewe funksionering:

  - die onvermoë om besonderhede van die gebeurtenis te onthou;
  - negatiewe gedagtes en aannames oor die self en die wêreld;
  - oordrewe skuldgevoelens oor die oorsaak van die trauma;
  - konstante negatiewe gevoelens;

- ‘n gebrek aan belangstelling in aktiwiteite;
- gevoel van isolasie;
- die onvermoë om positiewe gevoelens te ontwikkel.

Na aanvanklike trauma word ‘n persoon getraumatiseer en ontwikkel traumatiese herinneringe. Indien die persoon nie effektief hiermee omgaan en dit verwerk nie, kan dit ontwikkel tot PTSV. In die eerste maand na die ervaring word reaksiesimptome as normaal beskou, nog twee maande verder as akuut en na drie maande as ’n aanduiding van PTSV. Indien dit eers na ses maande ‘n aanvang neem, word dit as Laat-PTSV (*Late-onset PTSD*) beskou.

TRAUMA → TRAUMATISERING → PTSV → Laat PTSV

Indien die pastorale versorger vermoed dat ‘n dienspligveteraan aan PTSV ly, moet die persoon na ‘n kliniese psigoloog verwys word. Die pastor bly betrokke in ‘n ondersteunende hoedanigheid.

Aanvanklik is in ’n oorlogskonteks net op fisieke trauma; behandeling van liggaamlike wonde, gefokus. Psigiese trauma, die verwonding van die innerlike mens, is nie verstaan nie. Dat mense wel bewus was van groter skade aan die persoon van die soldaat, blyk uit terme in die volksmond soos *soldier’s heart* (Amerikaanse burgeroorlog), *shell shock* (Eerste Wêreldoorlog), *combat fatigue* (Tweede Wêreldoorlog en die oorlog in Korea) en *bossies* (Suid-Afrikaanse Grensoorlog).

Die psigiese trauma ná die Eerste Wêreldoorlog waarin ongeveer agt miljoen soldate oor ’n tydperk van vier jaar gesterf het, is aanvanklik geheim gehou. Ongeveer 40% van die ongevalle in Brittanje was egter psigologies van aard (Herman 1997:20). Die Britse psigoloog, Charles Myers (1940), het die simptome van psigologiese trauma aan die blootstelling aan bomontploffings toegeskryf en dit *shell shock* genoem. Daar is neergesien op soldate wat tekens hiervan getoon het. Hulle is as swak of lafhartig beskou, met skokterapie behandel of selfs gestraf.

Aan die einde van die Tweede Wêreldoorlog het twee Amerikaanse psigiaters, JW Appel en GW. Beebe (1946:1468-1471), bevind dat blootstelling aan oorlog wat

tussen 200 tot 240 dae duur, selfs die sterkste mens kan breek en dat psigologiese verwonding, net soos wonde deur gewere of skrapnel, onafwendbaar is.

In 1970 het die organisasie, Veterans Against War, twee psigiaters, Robert Jay Lifton en Chaim Shatan, betrek om op grond van die gevolge van die Viëtnam-oorlog, ’n aksie teen die oorlog te organiseer. Die veterane het hulleself in kleiner groepe wat as “rap groups” bekend gestaan het, georganiseer en psigiaters wat hulle saak goedgesind was, uitgenooi om na hulle ervarings te luister en die simptome waaraan hulle ly, te ondersoek (kyk Lifton 1973:31). Hulle doel was vertroosting en ondersteuning te bied aan soldate wat oorlogstrauma ervaar het en mense bewus te maak van die gevolge van oorlog. Hulle politieke druk het openbare belangstelling gewek en die aandag gevestig op die langtermyn gevolge van psigologiese trauma as gevolg van oorlog (Norman 1989:139,141). In die middel van die 1970’s is druk op die Veterane-Administrasie geplaas om ’n formele program te ontwikkel en sistematiese navorsing te doen. In die 1980s is PTSV gediagnoseer en in die Amerikaanse Psigiatriese Vereniging se *Diagnostic and Statistical Manual* (DSM-III) opgeneem (kyk Herman 1997:28).

‘n Studie met soldate van 61 Meg VV het bevestig dat psigiese trauma onder soldate voorkom. Uit die 64 veterane wat aan die studie deelgeneem het, het 8 fisieke behandeling ontvang en 12 het vir psigologiese hulp aangemeld. Van die groep van 64 het 15 aangedui dat hulle geen angs of stres ervaar het nie, 11 het aanvanklik stres ervaar en 38 (meer as die helfte van die groep) ervaar dit steeds (Lotter 2013).

Volgens Ron Langer (2011) ’n psigoterapeut wat in die behandeling van militêre veterane spesialiseer, is die simptome van PTSV nie die enigste psigiese versteurings wat onder veterane voorkom nie. Alle simptome wat verband hou met psigiese trauma moet in aanmerking geneem te word. Langer (2011:54-55) se bevindings ten opsigte van trauma by veterane van die Tweede Wêreldoorlog, is vir hierdie studie van waarde. Simptome van PTSV is direk na die Tweede Wêreldoorlog by veterane waargeneem en was na twee dekades weer teenwoordig. Lewenskrisisse soos egskeiding, die dood van ‘n geliefde en aftrede het by sommige veterane aanleiding gee tot laat-PTSV (*delayed-onset PTSD*). Langer (2011:34) verduidelik dit soos volg: “*A satisfying life have meaning, and unfortunately for many of us that meaning is tied*

*up in our work. A life without meaning leaves plenty of room for PTSD - as well as other psychiatric disorders, such as depression, anxiety, and substance abuse - to fill*". Tweede Wêreldoorlog-veterane het die effek van hulle persoonlike trauma onderskat. Toe die PTSV-diagnosie ná die Viëtnam-oorlog gemaak is, het baie vir die eerste keer oor hulle ervarings begin praat. Aanvanklik was daar stigma verbonde aan geestesongesteldheid en om 'n psigoloog te raadpleeg. Die gebruik van alkohol om emosionele seer te hanteer, was algemeen.

Gevegsverwante trauma (GVT) (*combat-related trauma*) verskil van PTSV in die sin dat dit nie net gaan oor wat die soldaat ervaar het nie, maar ook wat hy of sy gedoen het. Indien 'n siviele persoon per ongeluk doodgemaak is, lei dit tot 'n ander soort trauma. GVT kan dus benewens die psigiese, ook 'n morele en spirituele dimensie insluit. Oorlog verwond nie net die liggaam nie, maar ook die siel. Tydens 'n oorlog word morele waardes omgekeer. Wat sin maak of selfs noodsaaklik is tydens oorlog, maak nie sin wanneer die soldaat na die burgerlike lewe terugkeer nie (Langer 2011:55; vgl Tick 2005). GVT kan tot volle PTSV of gedeeltelike PTSV lei. Die kenmerkende simptome is *depressie*, *skuldgevoelens* en *skaamte*, 'n obsessie met onderwerpe en voorwerpe van oorlog, afhanklikheidsprobleme en woede.

Psigiese trauma het baie veterane se gesinslewe negatief beïnvloed**.** Sestig persent van veterane van die Tweede Wêreldoorlog het verbale geweld en twaalf persent fisieke geweld gepleeg teenor hulle families. PSTV-simptome soos onbeheersde woede-uitbarstings het intieme verhoudings benadeel.

Oor laat-PTSV (*delayed onset PTSD*) wat voorgelê is vir insluiting in die DSM-3, was daar verskil onder psigoloë (kyk Andrews, Brewin, Philpott & Stewart 2007). In die DSM-4 is word dit beskryf as PTSV wat eers 6 maande na die traumatiese insident manifesteer. Andrews *et al* (2007) bevind dat vorige PTSV-simptome weer later manifesteer onder 38,2% van militêre veterane en 15,3 % van burgerlikes. Danny Horesh *et al* (2011) het in hulle navorsing onder Israeli-veterane ook aanduidings van laat-PTSV gekry, wat vererger is deur stresvolle lewensgebeurtenisse. Hulle beveel aan dat veterane deuropend begelei moet word om stresvolle lewenservarings te hanteer.

‘n Groot groep Suid-Afrikaanse dienspligveterane wat by die gewapendestryd van 1986 tot 1994 betrokke was, bereik nou pensioenouderdom. Die tendens onder veterane van die Eerste en Tweede Wêreldoorlog, die Viëtnam-oorlog en die 1982 Libanon-oorlog was dat hulle met die beëindiging van hulle werklewe trauma ervaar en dan soek na die sin van die oorloë waarin hulle betrokke was (kyk Port *et al* 2001; Davison *et al* 2006:109-110; King *et al* 2007:175; Horesh *et al* 2011; Langer 2011:53;). Davison *et al* (2006) identifiseer die verskynsel as *Late-onset Stress Symptomatlogy* (LOSS). Hulle studie met veterane wat intensiewe stresvolle gevegsblootstelling in hulle adolessente jare gehad het en na hulle uittrede uit die oorlogsituasie sonder enige kroniese stresverwante afwykings gefunksioneer het, het getoon dat met die uitdagings van veroudering, hierdie veterane toenemend begin worstel het met gedagtes, gevoelens, herinneringe wat dui op die simptome van oorlogsverwante trauma (kyk Davison *et al* 2006:85). Davison *et al* (2006) identifiseer LOSS as ’n unieke fenomeen wat deel vorm van normale veroudering en nie noodwendig met PTSV verband hou nie (kyk Davison *et al* 2006:109). ‘n Kenmerk van LOSS is die sentrale rol wat herinneringe speel in veroudering (vgl Erikson 1968; Davison et al 2006:109; Potter *et al* 2013; Barman & Deteweiler 2014). King *et al* (2007) het ’n instrument ontwikkel om LOSS te toets by veterane wat ’n hoë oudersom bereik het. Hierdie instrument kan aanvullend tot die tradisonele assessering van PTSV benut word (kyk King *et al* 2007:186).

Terri Kovach (2013) se studie oor PTSV by Viëtnam-veterane het bevind dat familieverhoudings en die familie as ondersteuningstruktuur vir verterane besonder belangrik is. Hy het bevind dat veterane se PTSV-simptome deel geword het van die dinamiek en funksionering van die gesin. Baie kon ten spyte van PTSV-simptome suksesvol aanpas in hulle gesinne. In ander gevalle het die emosionele afstand, oormatige beheer oor kinders, woede-uitbarstings, fisieke mishandeling en substansafhanklikheid by van die veterane ’n negatiewe uitwerking op gesinne gehad. In sommige gevalle het die toename in PTSV-simptome by ouerwordende veterane hospitalisasie en ‘n vervreemding van die gesin meegebring. Sulke persone het meer afhanklik geraak van veterane-organisasies vir ondersteuning (kyk Kovach 2013:56-59).

Onlangse studies oor oologsverwante trauma en die onreg wat soldate gely en gepleeg het, het tot gelei tot die identifisering van die fenomeen *morele verwonding* (*moral injury*). Die morele kode van individue word ingrypend aangetas wanneer hulle as soldate betrokke raak by dade wat ingaan teen hulle sin van moraliteit. Dit lei tot selfveroordeling. Hulle kan hulleself nie meer sien as ‘n morele persoon, ‘n goeie mens, nie. Vir baie verloor die lewe dan sin (kyk Brock & Lettini 2012:xv; Neilson 2015:138). Die term *morele verwonding* wat gemunt is deur Jonathan Shay (kyk Shay & Munroe 1998; Shay 2012a, 2012b) behels drie aspekte:

- dat ingegaan word teen van wat beskou word as “reg” in ’n spesifieke kultuur;
- dat dit gedoen word deur ‘n persoon in ’n wettige gesagsposisie binne die sosiale sisteem;
- dat dit plaasvind in ’n hoë risiko situasie.

*Morele stres* en *morele verwonding* word tans beskou as ’n fenomeen en nie as ‘n gediagnoseerde sindroom nie. Dit is ‘n komplekse fenomeen wat nie beperk kan word tot een vakdissipline nie. Derhalwe is ‘n holistiese benadering nodig (kyk Hodgson & Carey 2017). Morele stres en morele verwonding word beïnvloed deur die kompleksiteit van die situasie waarin ‘n persoon of gewapende mag betrokke was. Soldate wat opgelei word om dood te maak, ervaar *morele stres*. *Morele verwonding* tree in wanneer die persoon die mandaat van die oorlog, of om iemand anders dood te maak, begin bevraagteken (kyk Fritts 2013; vgl Maguen & Litz 2016; Meager 2018:95).

In die Suid-Afrikaanse konteks het ek, soos ander dienspligveterane, eers met die Kwa Makuta hofsaak en die WVK *morele stres* en *morele verwonding* ervaar. Die beskuldiging van menseregtevergrype teenoor die leiers van die SAW asook die instandhouding van apartheid het by my ‘n *morele verwonding* eerder as psigiese trauma veroorsaak. Larry Graham (2017: 82) verduidelik die dinamiek van morele verwonding soos volg:

> *Trauma becomes moral injury when the actors and recipients find their moral centers to be disrupted by what others did to them or by what they did to others in the traumatic events in which they were victims, witnesses, or perpetrators. The most common forms of moral injury are the personal*

> *diminishment and moral challenges that result when individuals and communities recognize that they failed to live in accordance with their moral values. In these cases, moral injury refers to the impairment that results because we acted against our moral center and feel regret for what happened.*

Sommige navorsers sien *morele verwonding* as ‘n eie saak wat nie verwant is aan PTSV nie, terwyl ander meen dat dit nie van PTSV geskei kan word nie. Dit kan gesien word as ’n onderafdeling van PTSV (kyk Drescher *et al* 2011; Brock & Lettini 2012; Dombo, Gray & Early 2013; Shay 2014; Frame 2015; Puniewska 2015). Carey *et al* (2016:1220) wat bou op die werk van Shay & Munroe (1998), beskryf die ontstaan van morele verwonding op individuele en organisatoriese valk soos volg:

> *Moral injury originates (1) at an individual level when a person perpetuates, fails to prevent or bears witness to a serious act that transgresses deeply held moral beliefs and expectations which leads to inner conflict because the experience is at odds with their personal core ethical and moral beliefs, and/or (2) at an organisational level, when serious acts of transgression have been caused by or resulted in a betrayal of what is culturally held to be morally right in a ‘high-stakes’ situation by those who hold legitimate authority.*

Jinkerson (2016:126) bied ’n bruikbare holistiese beskrywing van ’n *morele verwonding*:

> *Phenomenologically, moral injury represents a particular trauma syndrome including psychological, existential, behavioral, and interpersonal issues that emerge following perceived violations of deep moral beliefs by oneself or trusted individuals (i.e., morally injurious experiences). These experiences cause significant moral dissonance, which if unresolved, leads to the development of its core symptoms: (a) guilt, (b) shame, (c) spiritual/existential conflict including subjective loss of meaning in life (or questioning of meaning in life), and (d) a loss of trust in self, others, and/or transcendental/ultimate beings. Its secondary symptomatic features include (a) depression, (b) anxiety, (c) anger, (d) re-experiencing of the moral conflict, (e) self-harm (i.e., suicidal ideation/behavior, substance abuse, self-sabotage), and (f) social*

> *problems (e.g., social alienation, other interpersonal difficulty). It is likely that core symptomatic features influence the development of secondary symptomatic features.*

Volgens Forbes, Kartal, Lau, Phelps & O'Donnell (2015:14) is 'n *morele verwonding* 'n psigiese toestand wat 'n multi-dissiplinêre benadering verg wat sosiale en spirituele intervensies insluit. Hoewel die verband tussen *spiritualiteit* en *morele verwonding* nie deur almal erken word nie, is daar tog heelwat kenners op die terrein wat dit insien (kyk Carey *et al* 2016; Maguen and Litz 2012:2). Teologies opgeleide pastorale versorgers en spirituele leiers is reeds toegerus om met die spirituele uitdagings wat veterane ervaar, om te gaan (kyk Brock and Lettini 2012; Kinghorn 2012; Stallinga 2013; Moon 2015, 2016a, 2016b; Carey *et al* 2016; Graham 2017; Hodgson and Carey 2017). Pastors se insigte in hierdie verband kan deur gesondheidpersoneel benut word in die begeleiding van persone wat morele verwonding ervaar. Kopacz (2014:722) beklemtoon die belangrike rol van kapelane. Pastors en kapelane kan ondersteuning bied op die terrein van: spirituele en pastorale assessering, begeleiding, berading, toerusting en rituele. Koenig *et al* (2017:150) stel dit soos volg:

> *Spiritual concepts such as mercy, repentance, forgiveness, spiritual surrender, prayer/contemplation, divine justice, hope, and divine affirmations are discussed as means to engage shame, guilt, anger, humiliation, spiritual struggles, and loss of faith. These techniques are supplemented by powerful rituals involving confession, penance, and faith community involvement, depending on what is most appropriate given the participant's spiritual beliefs and tradition.*

Die begeleiding van persone wat *morele verwonding* ervaar, moet deel vorm van 'n proses wat deur 'n multi-dissiplinêre span ontwikkel is. Dit is 'n regering en die gemeenskap se verantwoordelikheid om na 'n oorlog, prosesse in werking te stel om veterane te ondersteun om van die emosionele verwonding te genees (kyk Newhouse 2018:150). Newhouse (2018:147-148) wys daarop persoonlike identiteit, moraliteit en die verhouding met die gemeenskap deur oorlog aangetas word. Tick (2014:136), uit 'n Noord-Amerikaanse konteks, beskryf dit soos volg:

> *Countless Americans who served in our politically and economically motivated wars feel broken because they betrayed the warrior's purpose*

> *and code, because the war was not unquestionably and purely defensive, because society and the government refused their tending tasks and judged and blamed veterans for their psychological problems afterward, and because both government and citizenry refuted collective responsibility.*

Newhouse (2018:150) wys daarop dat veterane na ‘n oorlog geïsoleer voel en selde praat oor wat hulle gedoen of nagelaat het, dikwels juis omdat hulle voel dat hulle ‘n morele kode oortree het. Dit is jammer dat daar in die Suid-Afrikaanse konteks nie deur die post-apartheidregering prosesse in werking gestel is om alle veterane te ondersteun nie. Tick (2014:136) stel dit sterk as ‘n land se verantwoordelikheid om ondersteuning te bied: “It is the utmost betrayal for any country to send its sons and daughters into slaughter for unjust reasons and after war abandon, neglect, and mistreat them, and then leave them in a bereft and condemned condition for the rest of their lives.”

Oorlog skep vir mense ’n identiteit wat maak dat hulle nooit weer net gewone burgers kan wees nie (Newhouse 2018:150). Die heling van *morele verwonding* behels dus dat hulle sal vrede vind ten spyte van wat hulle gedoen het en dat hulle ’n nuwe identiteit sal opbou vir hulleself. Deel van die proses is om wat hulle ervaar het, met die gemeenskap te deel, deur die gemeenskap vergewe en aanvaar te word en weer hulle verantwoordelikheid in die gemeenskap op te neem. In hierdie proses van kom tot aanvaarding en geestelike vrede, kan die pastoraat ‘n belangrike bydrae lewer. Indien dit nagelaat word, kan PTSV-simptome persone bly kwel en verhinder dat hulle heling en vrede vind.

In Suid-Afrika kan gemeenskapsgebaseerde ondersteuningstrukture die kern vorm van holistiese ondersteuning aan post-apartheidveterane. Die moontlikhede hiertoe word vervolgens bespreek aan die hand van die insigte van Robert Meagher en Douglas Pryer (2018) in die werk, *Moral injury: A reader*, wat morele verwonding in verskilende dele van die wêreld ondersoek. Die fokus is die ekistensiële ervarings van veterane eerder as teoretiese besinning.

Volgens Sean Levine (2018) vorm soldate ’n *brotherhood of pain* en *a community of sufferers*. Hierdie gemeenskap word agterlaat wanneer hulle na die burgerlike

samelewing terugkeer. Sy visie vir die bystaan van veterane is die volgende (Levine 2018:230):

> *We need citizens, pastors, priests, therapists, and others who will not argue with a warrior's sense of moral guilt, spiritual taint, soul-death, emotional numbness, and emotional rage by waving flags, spouting patriotic nonsense, and appealing to just causes and justified killing in order to deflect the moral evil of America's wars. We need an American society that looks down at its collective hands and sees blood; not only on the warriors, but on the hands of every citizen and non-citizen living within the protection of America's military. We need social circles small enough to be truly social but large enough to end isolation wherein warriors can meaningfully belong; not just to "vet groups" that meet isolated from the social network, but entire social networks of warriors and civilians including one another. We need to stop telling our warriors they have nothing to be ashamed of and start listening to their shame, their guilt, their loss, their inner emptiness. We do not listen to such tales because they threaten our illusions and assault our easy-won comfort, but we should listen, and in listening, we should help carry, own, share, and grieve rather than deny the burdens of war. Rather than medicating and then ignoring our warriors, we must find ways to bring them to the center of the "village" and give them full voice, and, together, we must appeal for, give, and receive forgiveness. Unfortunately, our culture is unlikely to experience the kind of shift that will make this possible without some sort of national crisis, but that does not mean that movements within our culture cannot begin to actively pursue changes in the ways we incorporate our warriors back into our lives in meaningful and healing ways.*

Volgens Shay (1994) is die eerste stappe in die helingsproses van 'n veterane om te aanvaar dat hulle as mens in 'n oorlog teen ander mense deelgeneem het. Nie hulleself of die vyand kan ontmenslik word indien hulle tot heelheid wil kom nie. Shay (1994:117) stel dit soos volg:

> *"Restoring honor to the enemy is an essential step in recovery from combat PTSD. While other things are obviously needed as well, the veteran's self-respect never fully recovers so long as he is unable to see*

> *the enemy as worthy. In the words of one of our patients, a war against subhuman vermin 'has no honor".*

Volgens Stefan Malecek (2018:297) begin die ondersteuning aan veterane met die skep van 'n veilige omgewing waarin hulle met vrymoedigheid verhale wat kan bydra tot hulle genesing, kan vertel. Sterk verhale is die wat nie die realiteit probeer weg redeneer of ander blameer nie. Luisteraars moet van hulle kant bereid wees om die terreur, hartseer en woede van die slagoffers saam te ervaar en respekvol en nie-veroordelend teenoor die verteller te reageer. Malecek (2018:298) beskryf die waarde wat die skryf van sy ervaring vir sy helingsproses gehad: "It has literally saved my life. It has been my sacred haven, the destination for my deepest fears and shame, where I allow these feelings to unfold freely within myself and be released like a flock of wild, caged birds." Vergifnis is 'n belangrike deel van die terapeutiese proses. Daarmee raak die persoon ontslae van emosionele laste van die verlede wat bygedra het tot die die *morele verwonding*. Die persoon aanvaar daarmee ook die verantwoordelikheid om nuwe moontlikhede vir hulleself te ontsluit.

Malecek (2018:314) identifiseer die volgende aspekte wat in die proses van die genesing van spirituele verwonding aandag moet kry:

- geloof wat afgebreek is (*broken faith*);
- vertroue wat geskend is (*shattered trust*);
- ondersteuningstukture wat in duie gestort het (*fall from grace*);
- gekrenkte eer (*denied honor*);
- onnodige opoffering (*unjust sacrifice*);
- verlies aan hoop (*lost hope*);
- verlore onskuld (*lost innocence*);
- ontnugtering ten opsige van die persoon se geloofsisteem (*shattered belief system*);
- vervreemding van die self, familie, ander, bugerlikes en die samelewing (*broken unity with self, family, others, civilians, nation, life*);
- nostalgie - die pynlike verlies aan 'n tuiste vir die siel (*the painful loss of the soul's true home*);

- *anesthesia* – die onvermoë om skoonheid te waardeer (*inability to appreciate beauty*);
- amythos - die verlies aan ’n groot narratief waar die persoonlike narratief inpas (the loss of a cosmological, universalistic, mythological, and historical vision and context into which to fit one’s personal story).

Die werk van Lewis Lee (2018) *Moral injury reconciliation: A practitioners guide for treating Moral Injury, PTSD, Grief, and Military Sexual Trauma through spiritual formation strategies* van Lewis Lee is waardevol vir die begeleiding van veterane wat morele verwondings ervaar het. Daarmee saam word die werk van pastorale teoloë Larry Graham (2017) en Carrie Doehring (2018) vir die doeleindes van hierdie pastoraatstudie ontgin. Graham (2017:4) identifiseer die volgende bronne vir die genesing van die gewonde psige:

- samewerking;
- om die waarheid te vertel;
- vergifnis en versoening.

Graham se idee van *collaborative conversations* en *mutual dialogue* is veral van waarde in hierdie studie. Kennis word gegenereer in die interaksie wat plaasvind in ’n intensionele gesprek. Gesprek het die voordeel dat dit verrassende nuwe insigte na vore bring, ’n nuwe gevoel van “om te behoort tot“ (*belonging*) skep en weer die ervaring van verbondenheid met die lewe (*connection in living*) vir die veteraan tot stand bring. In gesprek word die leemtes in die verhaal ontdek en geïntegreer. Lewenslange gevolge van trauma en selfs gevolge oor generasies heen, moet met die ondersteuning van veterane in ag geneem word. Gesprekvoering fokus op die verhaal self en die sterkpunte van die verteller. Dit is nie diagnosties van aard nie. Dit is nie terapeuties in die sin dat heling die hoofdoel is nie, maar eerder die deel en dra van mekaar se laste (*sharing and bearing*). Om verhale in die groep te deel, help om die persoonlike verhaal te verwerk en die verlede te evalueer. ’n Pastorale gespreksgenoot kan aan komplekse onderwerpe aandag gee en ‘n kultuur van versorging in gemeenskappe skep waarby veterane baat kan vind.

Die persoon self is die kundiges op die gebied van die eie ervaring. Die persoon self besluit hoe om die eie ervaring te interpreteer en hoeveel daarvan om te deel.

Selfkennis en identiteit word ontdek in gesprek met vriende, familie, spirituele leiers medeveterane en die breër gemeenskap. Gesprekke is vloeibaar. Met 'n verskeidenheid gespreksgenote kan gesprekke 'n nuwe wending neem en nuwe dimensies van identiteit en nuwe sosiale verhoudings kan ontdek word. Graham (2013:156-157) identifiseer die volgende vier vrae wat deur die pastorale versorger gevra kan word:

- Wat is my eie innerlike dialoog wanneer ek die verhaal van die ander hoor en hulle menswees ervaar?
- Waaroor is ek nuuskierig om meer te leer en hoe stel ek openlike en direke vrae wat op ‘n delikate terrein beweeg?
- Watter insigte uit my eie ervaring kan ek deel op so 'n manier dat die aandag gevestig bly op die gespreksgenoot en die se positiewe eienskappe en sterkpunte?
- Op watter nuwe maniere van dink, voel, glo en optree het die gesprek uitgeloop?

Carrie Doehring (2018), bou op Graham se werk met haar kontekstuele benadering tot pastorale sorg en berading. Sy noem haar aanslag 'n *uitkomsgebaseerde* en *interkulturele* benadering wat spirituele versorging insluit. Godsdienstige en spirituele praktyke, oortuigings en waardes wat eie is aan die veterane en wat hulle kan ondersteun, word geïdentifiseer. Weeklag (*lament*) kan byvoorbeeld daartoe bydra om angs en lyding te verwerk. Haar interkulturele benadering beklemtoon die konteks en die uniekheid van persone en fokus op hoe hulle persoonlike oortuigings, waardes en spirituele praktyke uitleef. Hierdie hulpbronne word benut wanneer veterane begelei word om die emosionele verwonding wat hulle in hulle liggame omdra, te erken en te aanvaar en te deel. Interkulturele berading begin by die verhaal van *deurleefde ervaring*. Dit is belangrik dat die persoon vryelik daaraan moet kan uitdrukking gee. Indien die persoon ‘n spirituele worsteling het, is die geloof nie 'n goeie plek om te begin nie. Die persoon moet van meet af aan die geleentheid hê om vryelik aan *lament,* woede, weerstand of ontnugtering uitdrukking te gee. Media soos literatuur, artefakse, religieuse beelde en metafore, gedigte en musiek kan ook hiervoor benut word.

‘n Veilige nie-veroordelende ruimte is van groot belang. Graham (2017:139) se drie fases van verwerking: deel die klaaglied, ondersoek die rede daarvoor en bevestig

hoop, word deur Doehring in verband gebring met Herman (1997) se drie fases van verwerking: skep veiligheid, treur oor die herinneringe en vestig weer ’n band met die goeie. Hierdie studie kombineer die insigte van Graham en Herman om die kern van die ondersteuningsproses met veterane te vorm. Dit kom later aan die orde. Eers word die fases in die Suid-Afrikaanse konteks toegepas.

#### 5.2.2.9 Verwerking van frustrasie en woede

Hoewel daar tans geen oorlog in die Suid-Afrikaanse konteks is nie, is daar ook nie werklik van “vrede” sprake nie. Daarvan getuig vyandige uitsprake teen mekaar, asook die vele voorvalle van geweld in die land. Graca Machel, weduwee van oudpresident Nelson Mandela beskryf die toestande soos volg (Laing 2013:1-3):

> *South Africa is an angry nation ... The level of anger and agression is rising. This is an expression of deeper trouble from the past that has not yet been addressed. We have to be more cautious about how we deal with a society that is bleeding and breathing pain.*

Graca Machel het hierdie opmerking gemaak tydens die begrafnis van die 27 jarige Mido Macia, ’n Mosambiekse Taxibestuurder wat dood is nadat polisielede hom 500 meter deur die strate gesleep het omdat hy met hulle oor ’n verkeersboete gestry het (Wepener 2015:14). In sy werk, *Kookpunt! Nadenke oor woede: ‘n Gelowige reaksie van ’n ontnugterde nasie*, identifiseer praktiese teoloog, Cas Wepener (2015:15), verskeie groepe wat kwaad is, insluitend oud-weermaglede, en waarom dit so is (kyk Wepener 2015:15). Die verwerk van verliese en herinneringe kan daartoe bydra dat dienspligveterane en ander Suid-Afrikaners hulle kan bevry uit die greep van hierdie soort emosies en die afbrekende gevolge wat dit vir almal het.


Wepener (2015:23-24) daag Suid-Afrikaanse Christene uit om woede as gawe van God te aanvaar en aan te gryp. Hy wys na die verskeidenheid vorme van woede: woede by landsburgers en kerkgangers, woede in die Bybel en woede in die simboliese landskap van Suid-Afrika. Hy erken die kombinasie van wreedheid in die Bybel eerder as om dit te ontken. Hy wil Christene “help om kwaad te word – sinvol kwaad te word – en selfs om hierdie woede te vier en daaroor te praat, te preek, sing en debatteer” (Wepener 2015:160). Sinvol kwaad word is om woede te rig op onreg en nie op mense nie. Indien geloofsgemeenskappe oor hulle woede-fobie kom, kan

veilige woede-ruimtes geskep word waar woede tot uiting gebring kan word en die breër gemeenskap daardeur gedien kan word.

### 5.2.2.10 Herintegrasie

Dienspligveterane kan as deel van ’n gemeenskapsprojek onder leiding van kapelane en spirituele leiers begelei word om mekaar te ondersteun. Veral die wat reeds die emosionele pyn van die verlede verwerk het, kan ander ondersteun. Met die proses van herintegasie is begeleiding tot persoonsontwikkeling die fokus. Terapeutiese modelle van ander vakdissiplines kan steeds benut word maar die klem is nou veral op spirituele bewuswording.


Die aanleer van buigsaamheid (*resilience*) sal vir Suid-Afrikaners van groot waarde wees. Buigsame persone, families en organisasies kan juis groei in tye van stres, veral as hulle gevoed word deur lewegewende relasies (Doehring 2015:636). Buigsaamheid is nie staties nie en verhoudings vorm ‘n interaktiewe proses. In die pastoraat kan veterane en pastors saam nuwe teologiese standpunte gebaseer op goedheid, medelye en liefde skep (*co-create*). Sulke “morele emosies” verbind mense met die netwerk van die lewe. Binne effektiewe ondersteuningsnetwerke kan persone hulleself as mens verwesenlik. Die pastoraat, as deel van ’n multi-dissiplinêre span, kan mense begelei om nuwe moontlikhede te ontdek.




*Figuur 80: Moment 3: Integrasie.*


### 5.2.3 Teologiese refleksie

In die moment van teologiese refleksie is die vraag: “Wat behoort te gebeur”. Die teologiese betekenis van die insigte waartoe gekom is, word bespreek en verbande word gelê met die oog op ‘n verbeterde praktyk. In hierdie afdeling word gesteun op die pastorale modelle van praktiese teoloë, Charles Gerkin (1997), Neil Anderson (2000; 2010), Andre de la Porte (2006) en Daniel Louw (1999; 2005; 2011; 2012; 2015). Hulle bied bruikbare modelle vir ‘n kontekstuele en holistiese benadering tot pastorale begeleiding.




*Figuur 81: Teologiese refleksie.*

Die *kontekstuele benadering* tot pastorale sorg van Charles Gerkin (1997) fokus op ’n narratiewe-hermeneutiese verstaan van pastorale werk in ’n spesifieke konteks. Dit beweeg weg van die teologie as God se Woord vertrekpunt na teologie as produk van refleksie en sosiale konstruksie. Volgens hierdie benadering word eers na verhale van persone geluister sodat hulle behoeftes binne hulle spesifieke sosiale omstandighede, geïdentifiseer kan word. Na afloop van die pastorale berading word persone aangemoedig om konstruktief betrokke te raak by sosiale en kulturele transformasie van die gemeenskap.




*Figuur 82: Die interpretasiestruktuur van Gerkin (1997:35) [Vertaal uit Engels].*


Die interpretasiestruktuur van Gerkin het ‘n dieper verstaan van die konteks waarin ‘n holistiese pastorale begeleiding plaasvind, ten doel (kyk Figuur 82). Volgens Gerkin is die interpretasie van die omstandighede en die mate waarin individue in die situasie betrokke is, van primêre belang (Gerkin 1986:22).

Heelwat dienspligveterane ervaar die eksistensiële realiteite van hulle daaglikse lewe as ‘n uitdaging. Met sy term *cura vitae* bedoel Daniël Louw (2015:48) die genesing van lewe in alle eksistensiële dimensies. Volgens Louw kan ‘n persoon se Christelike spiritualiteit ‘n direkte invloed hê op en betekenis gee aan die eksistensiële realiteite van die alledaagse lewe. Sy kosmiese benadering is gebaseer op die eskatologiese daad van God in Christus ter wille van die hele skepping. Volgens Kolossense 1:15-17 is Christus die beeld van die onsienlike God, die eersgeborene van die skepping en daarom behoort daar ‘n inklusiewe en holistiese benadering tot genesing, genade en redding te wees: “Alles is deur Hom en vir Hom geskep. Voor alles was Hy al daar en deur Hom bly alles in stand”. Vanuit ‘n holistiese benadering is heelheid van die lewe en die siel die ideaal. Daniel Louw (2015:214) identifiseer ses antropologiese konstrukte met betrekking tot “siel”:

- die affektiewe, die dimensie van gevoel en emosies;
- die kognitiewe, die dimensie van die menslike verstand en die vermoë tot rede, analitiese denke, rasionele insig en begrip;
- die konatiewe, die dimensie van die menslike wil, motivering en inspirasie;
- die liggaam, die stoflikheid, die fisiese, fisiologiese, biologiese, neurologiese en hormonale aspekte van die menslike liggaam;

- die omgewing, die eksistensiële ruimte van verhoudingsnetwerke in kulturele, sosiale kontekste, van gemeenskappe en ekosisteme;
- die spirituele dimensie van wysheid, kennis, gewete, gesonde verstand en insig, morele bewustheid, integriteit, konsistente en verantwoordelike denkpatrone en menslike toerekenbaarheid.

Die spirituele dimensie sluit 'n persoon se wêreldbeskouing in. Dit is weer gebaseer op spesifieke konstrukte en verskillende skemas van interpretasie. Onderliggend hieraan is 'n persoon se geloofsoortuigings.




*Figuur 83: Die antropologiese samestelling van die mens volgens Louw (2015:214).*


*[Vertaal in Afrikaans]*

Menslikegedrag word deur die kognitiewe, konatiewe, affektiewe en spirituele dimensies beïnvloed. Pastoraat funsioneer nie in isolasie van die ander menswetenskappe nie. Die psigologie lewer 'n bydrae tot die kognitiewe, konatiewe en affektiewe aspekte van menswees. Die sosiologie lewer 'n bydrae tot 'n beter verstaan van die konteks en die verhoudings. Praktiese teologie fokus op die spirituele dimensie van begeleiding en heling (Louw 2015:119). Pastorale sorg werk

dus met verskillende geloofsisteme, maar dan in ‘n spirituele realm waarin al die ander dimensies geïntigreer word.

Die mens se denke is van belang vir die proses van vernuwing. In hierdie studie is veral die invloed van kognitiewe konstrukte soos wêreldbeskouing van belang vir die proses van heling en afsluiting. Mense se agtergrond en opvoeding beïnvloed hulle wêreldbeskouing (Anderson *et al* 2000). Traumatiese gebeurtenisse soos dood, egskeiding of mishandeling dra by tot die vorming van ’n spesifieke beskouing. Anderson *et al* (2000:97) beskryf dit soos volg: “*Traumatic experiences are deeply etched in people’s minds and they shape their beliefs about God, themselves and the world in which they live. These deeply rooted beliefs are what keep people in bondage to the past, not the traumatic experience itself* “(Anderson *et al* 2000:97). Die mate van stres in reaksie op eksterne druk word grootliks bepaal hoe die eksterne wêreld innerlike geïnterpreteer word. Mense het nie beheer oor liggaamlike reaksies en emosies nie, maar wel in ‘n mate oor gedagtes wat weer ’n invloed het op die liggaam en emosies (Anderson *et al* 2000:102). God se teenwoordigheid in ’n persoon se lewe kan ’n invloed hê op die liggaam van die mens (Rom 8:1) en kan bydra tot outentieke heelwording (Anderson *et al* 2000:104).

As deel van die holistiese benadering moet ook aan die liggaam aandag gegee word. Eksterne druk het ’n invloed op die brein en senuweestelsel. Sommige liggaamlike siektetoestande soos neurologiese siektes of breindisfunksie kan die gevolg daarvan wees.  Christen-beraders werk saam met die mediese professie waar byvoorbeeld medikasie nodig word. Ook psigoloë en pastors kan saamwerk om ‘n meer holistiese en dus meer effektiewe benadering te ontwikkel. ‘n Lewensbeskouing wat op geloof berus en op ’n gesonde manier toegepas word in die praktyk en wat ’n balans bring tussen die natuurlike en geestelike aspekte van menswees, kan ’n gelowige persoon grootliks baat. (kyk Figuur 84).





*Figuur 84: Balans in 'n Bybelse wêreldbeskouing (Anderson 2000; 2010).*

Samewerking met menswetenskappe ter wille van 'n effektiewe holistiese benadering, beteken nie dat die pastoraat die eie identiteit verloor nie. Gerkin (1997:121) beskryf dit soos volg: "Pastoral care of a congregation of God's people involves the construction of a particular, context-relevant theological awareness on the part of both pastor and people". Integrasie tussen teologie en die menswetenskappe vind binne die konteks plaas.

Vir die doel van hierdie studie word die insigte van Anderson *et al* (2000) oor die spirituele beskouing van die identiteit van die mens benut. Die gelowige verkry 'n nuwe identiteit in Christus. Anderson *et al* (2000:90) onderskei tussen die identiteit van die persoon en die persoon se gedrag: "*Who we are is not determined by what we do. What we do is determined by who we are and by the beliefs we have of ourselves and others … As Christians we are not trying to become children of God (saints); we are children of God who are becoming like Jesus Christ*". Anderson onderskei tussen *positional sanctification* (wat Christus reeds moontlik gemaak het) en *progressive sanctification* (om te word wat ons reeds is). Hoe identiteit figureer, byvoorbeeld of persone hulleself beskou as "'n alkoholis" (identiteitsuitspraak) of as "'n kind van God is wat sukkel met alkoholisme" het 'n bepalende uitwerking op heelwording. Dit is nie

die mens se sukses wat reddende krag het nie, maar Christus in die persoon wat glo. Om net gedrag te probeer verander, kan tot wettisisme en gedrewenheid. Volgens Anderson *et al* (2000:92) lei reëls sonder verhouding met God, tot rebelsheid.

Andre de la Porte (2006:13-15) bou op Anderson se werk. Sy spirituele model vir die verstaan van menslike gedrag en verandering fokus op ‘n interne en eksterne lokus van beheer (kyk Figuur 85). De la Porte onderskei die interne (private) wêreld van ‘n persoon van die eksterne (publieke) wêreld waarin ‘n persoon funksioneer. Die interne wêreld bestaan uit twee komponente, die hart en die bron waaruit die persoon krag put. Die eksterne wêreld bestaan ook uit twee komponente, die omstandighede waarin persone hulleself bevind en hulle gedrag in die omstandighede. Die *hart*, die wortelsisteem, is die setel van waardes, motiewe, vrese, oortuigings, begeertes, geloof, hoop en liefde. Outentieke verandering is net moontlik wanneer ‘n hartsverandering plaasvind (De la Porte 2006:13-15). God kan hierdie hartsverandering bewerkstellig (Jer 31:31-33; Es 36:22). Die *bron van krag* is waar persone hulle sekuriteit, identiteit en waarde as persoon vandaan kry. In moeilike omstandighede is die Heilige Gees vir gelowiges die bron van krag en die inspirasie om sin te vind. Hierdie inspirasie is die setel van ‘n persoon se beginsels, waardes en etiek (De la Porte 2006:15). Eksterne fisiese en ekonomiese omstandighede sowel as die familie agtergrond en struktuur, bied uitdagings vir die persoon. Gedrag is die reaksie op die uitdaging. Dit kan byvoorbeeld aggressief (gewelddadig) of passief (onttrekking) wees.




*Figuur 85: Spirituele model vir die verstaan van menslike gedrag en verandering (De la Porte 2006).*

De la Porte se spirituele model vir die verandering van gedrag, die fokus op interne en eksterne lokus van beheer en sy holistiese benadering tot pastorale versorging bied ‘n goeie grondslag vir die ontwikkeling van ‘n pastorale begeleidingsproses met dienspligveterane.

Die *filosofiese berading* (*philosophical counselling*) van Daniel Louw (2011) is nie ‘n vaardigheid of tegniek nie, maar ‘n proses van verstaan. Dit is om ‘n persoon se beperkte insig te plaas in ‘n groter prentjie. Dit kan bydra tot nuwe insigte en ‘n benadering tot die lewe (kyk Louw 2011:3). Mense se “teorieë” word op spesifieke idees gebou. Hierdie idees beïnvloed hulle gedrag. Louw (2011:1) stel dit soos volg: “Ideas shape and determine human self-understanding within existential realities” (Louw 2011:1). Die versorging van mense en gemeenskappe behoort ook aandag te gee aan die genesing van paradigmas, perspektiewe, persepsies en idees (kyk Louw 2011:2).

Die vraag van *filosofiese berading* is nie: "Hoe voel jy?" nie. Dit gaan eerder oor vrae oor 'n persoon se betekenisraamwerk, motivering, waardestelsel en verwagtings (Louw 2011:4). Persone word begelei om verantwoordelike keuses uit te oefen en 'n om die gaping tussen die werklikheid en die ideaal te oorbrug. In die Afrikaanse kultuur leef daar konstrukte van manwees wat destruktief kan wees vir gesinne en die gemeenskap. Vanuit 'n filosofiese benadering kan hierdie konstrukte ondersoek en verander word.

In verhale moet metafore en simbole geïdentifiseer word as deel van die interpretasieproses. Die relasie tussen hulle is ook van belang. Hoe daar met metafore en Godsbeelde omgegaan word, kan nuwe hoop en betekenis gee. Indien spesifieke interpretasieskemas raakgesien kan word, skep dit 'n noëtiese bewuswording. Dan kan gevestigde dinkpatrone en die idees wat 'n persoon se optrede bepaal, bewustelik ondersoek word (kyk Louw 2011:5). In die pastorale ontmoeting gaan dit om die vertolking en verstaan van wie God vir mense in nood is. Die vraag is hoe hulle 'n bepaalde Godsvoorstelling, -konsep of -beeld vertolk binne hulle konkrete omstandighede (Louw 1999:111-112). Louw (1999:115) beskryf die waarde hiervan soos volg: "'n Metaforiese verstaan van God [bring] die aspekte van sensitiwiteit, medelye (patos), identifikasie (verwonding); insig en verstaan van paradokse (wyse dwaas); asook bystand en bemagtiging (paraklese) navore." Louw (1999:115) onderskei die volgende vier metafore as 'n moontlike raamwerk vir die pastoraat:

- die herdermetafoor;
- die diensknegmetafoor;
- die wysheidsmetafoor;
- die paraklesemetafoor.

Die interpretasieskemas van gelowiges toon hoe hulle God verstaan en hulle geloof toepas en uitleef in hulle alledaagse lewe. Dit is die spirituele dimensie van menswees. Pastorale assessering van Godsbeelde en metafore sal die toepaslikheid van die oortuigings in die persoon se alledaagse omstandighede evalueer. Volgens die *interkulturele benadering* sal 'n pastor in staat moet wees om ruimte te maak vir interpretasies en Godsbeelde wat radikaal van die eie verskil.

Wilhelm Verwoerd, kleinseun van Hendrik Verwoerd wat algemeen as die argitek van apartheid beskou word, se Godsbeeld het byvoorbeeld radikaal verander nadat hy die pyn en lyding van die uitgewekene ANC-lede in Europa gesien het. In sy werk, *Bloedbande: ‘n Donker tuiskoms*, beskryf hy hoe hy begrip en waardering vir die Swart Christus skildery van Ronald Harris gekry het. In die skildery word sy oupa Hendrik uitgebeeld as ‘n soldaat wat ‘n spies in Albert Luthuli se sy steek. Hy verwys soos volg na die skilder, Ronald Harris, se gesindheid (Verwoerd 2017:25): “Vir hom het dit nie om die vegoddelikende gelykstelling van Luthuli met Jesus gegaan nie. Sy skildery wou die onmisbare verband tussen die lyding van swart mense en dié van Christus voorstel. Die jong anti-apartheidskilder was in opstand teen die Afrikaanse Kinderbybel se prentjie van die ‘liewe Jesus’ met sy ligte vel waarmee ek groot geword het”. Vanuit die Christelik-nasionale Afrikanerkringe was daar heftige kritiek teen die skildery wat deur die apartheidregering verban is. Die *Kerkbode*, spreekbuis van die (wit) NG Kerk het die Swart Christus as godslasterlik gebrandmerk. Dit was eers na heelwat blootstelling aan versoeningsgeleenthede dat Verwoerd begrip vir die skildery kon ontwikkel (kyk Verwoerd 2017:23-31).

Die soeke na sin en betekenis is dus ‘n hermeneutiese proses om die lewe en die betekenis van gebeurtenisse soos lyding beter te verstaan. Volgens Louw is die soeke na sin en betekenis ‘n *posteriori* ervaring. Dit gebeur wanneer basiese eksistensiële realiteite en behoeftes op so ‘n wyse met spirituele verwagtinge en oortuigings in verband gebring word dat hoop, geluk en dankbaarheid ervaar kan word. Sodra hierdie verband gelê word, kan wat hy noem “heling van die lewe” plaasvind  (Kyk Tabel 2).

*Tabel 2: Raamwerk vir sin en betekenis en die spirituele genesing van die lewe (Louw 2011:6; 2012:84).*


| RAAMWERK VIR SIN EN BETEKENIS EN DIE SPIRITUELE GENESING VAN DIE LEWE | | | |
|---|---|---|---|
| BEDREIGING<br>Eksistensiële probleme<br>LYDING | KOMPULSIES<br>Oormatige soeke na sin en betekenis | LEWENSBEHOEFTES<br>Wees behoeftes:<br>Moed om te wees | GOD SE PRAKTYK<br>Christelik spirituele optrede |
| ANGS<br>Ervaring van verlies of verwerping | EER EN HOOGMOED<br>Erkening en agting | INTIMITEIT<br>Bevestiging van waarde en identiteit | GENADE<br>Onvoorwaardeleike liefde<br>Beelde van God |
| SKULD<br>SKAAMTE | PERFEKSIONISME<br>Vermy mislukking | VRYHEID<br>Verlossing | VERGIFNIS<br>VERSOENING |
| WANHOOP<br>TWYFEL | OORBESKERMING<br>Soeke na absolute veligheid | VERWAGTING<br>Betekenis<br>Vertroue/geloof | Eskatologiese verwagting van HOOP |
| HULPELOOSHEID<br>KWESBAARHEID | MAGSMISBRUIK<br>Manipulering van ander persone | ONDERSTEUNING-STUKTUUR | SAAMWEES<br>*Koinonia*<br>*Diakonia* |
| FRUSTRASIE, WOEDE<br>Teleurstellling en frustrasie: strukturele aspekte soos armoede, werkloosheid, geweld en misdaad | GIERIGHEID<br>Om te besit en te meer te kry | LEWENSVERVULLING<br>RIGTING<br>TRANSFORMASIE<br>ROEPING | DANKBAARHEID<br>VREUGDE<br>NAGMAAL<br>SAKRAMENTE<br>FEESVIERINGE |

Mense se eksistensiële behoeftes sluit in die behoefte aan intimiteit, vryheid, iets nuuts, ‘n ondersteuningstruktuur, lewensvervulling, tevredenheid en geluk. Pastoraat vanuit ‘n filosofiese beradingsperspektief help mense met teologiese konstrukte soos genade, vergifnis en versoening, hoop, gemeenskap (*koinonia*), diensbaarheid (*diakonia*) en dankbaarheid. Pastorale assessering evalueer die effektiwiteit van ‘n persoon se lewensbeskouing (Louw 2011:6). Louw (2012:81) identifiseer die volgende twee eksistensiële aspekte van die “om te wees”-funksie in die soeke na sin en betekenis:

- Die kwaliteit van die keuses wat gemaak word en die vlak waarop die keuses gemaak word.
- Die interpretasie van lewe in terme van etos, oftewel die houding teenoor die lewe wat betref ‘n spesifieke paradigma, geloofsisteem of lewensfilosofie.

In die proses van heling, verandering en groei behoort minder gefokus te word op persoonlikheid en meer op verhoudingsnetwerke en prosesse (Louw 2011:26). Effektiewe begeleiding vra dat ‘n veilige ruimte geskep word waarin persone hulle

diepste seer en ontnugtering kan vertel. Deur middel van die vertel, kan nuwe moontlikhede ontdek word. Ruimte word geskep vir ontmoeting, erkenning en aanvaarding. Menswaardigheid kan ervaar word. Daarin kan sin en identiteit ontdek kan word (kyk Louw 2005: 28). In die ruimte van verhoudings is die dinamika van interaksie soms spanningsvol. Louw (2005; 2012) beklemtoon "posisionering" as "kwalitatiewe inpassing binne 'n lewensgebeurlikheid, 'n spesifieke konteks/omgewing en in 'n dinamiese netwerk van verhoudinge" (Louw 2005:21-23). Positionering te midde van moeilike lewensomstandighede kan konstruktiewe of destruktiewe gevolge vir mense inhou. Die wat aanspreeklikheid aanvaar en bereid is om hulle gesindheid of houding te verander, kan hulle op die pad na genesing en herstel in verhoudings bevind. Vir heling is "posisieskuiwe" in die samelewing soms onafwendbaar (kyk Louw 2005:28,124-132). In verhoudingsnetwerke identifiseer Louw (2005:35) vier posisies (houding of gesindheid). A en B dra dikwels by tot 'n toepaslike houding, terwyl C en D die geneigdheid het om tot ontoepaslike houdings aanleiding te gee (kyk Figuur 86).




*Figuur 86: Patrone van posisieskuiwe. Die terapeutiese en helende moment binne die dinamiese netwerk van pole en posisies (Louw 2005).*

**Posisie A: Akkommodasie**

In Posisie A word verantwoordelikheid aanvaar. Die persoon onderskei tussen wat verander kan word en wat nie. Wat nie verander kan word nie, word aanvaar en geïntegreer. Dit word gesien as ‘n werklikheid. Daarmee moet die persoon saamgeleef. Lewensdoelwitte word geformuleer om verandering aan te bring wat betref die self, die eie liggaam, ander mense, die werk, vermaak en ontspanning, of die spirituele dimensie. Twee geloofsperspektiewe wat by Akkomodasie ter sake is, is versoening en vergifnis. Vergifnis bring bevryding van skaamte en skuld mee. Dit bewerkstellig versoening en vrede. Vyandskap kan verruil word vir vriendskap.

**Posisie B: Waardering**

Met waardering word ‘n warm atmosfeer (veilige ruimte) van egtheid en vreugde wat gepaard gaan met sensitiwiteit en empatie, geskep. Empatie is die ingesteldheid om in die skoene van die ander probeer te staan, na hulle te luister en hulle te bemagtig om self nuwe moontlikhede te ondersoek. Sorgsaamheid en dankbaarheid vir ‘n verandering in houding en gesindheid moet getoon word.

**Posisie C: Frustrasie**

Die posisie van frustrasie lei tot slagofferskap. Negatiewe emosies van selfbejammering oorheers. Verhoudingsnetwerke kan as ‘n gevangenis ervaar word. Persone voel hulpeloos en magteloos en kan na binne met passiewe aggressie of na buite met woede reageer. Langdurige neerslagtig kan tot depressie lei.

**Posisie D: Ontrekking**

Onttrekking is om apaties te reageer op die appèl van ‘n mens se verhoudingsnetwerk. Ontrekking, gesien as onafhanklikheid, beteken dat die selfsugtige belange van die persoon sentraal is. Dit kan op ‘n subtiele manier ‘n meerderwaardigheidsgevoel by die persoon verberg.

**Posisie E: Neutraliteit**


Neutraliteit kan beskryf word as die tussen-in posisie, Dit het ‘n konstruktiewe en deskonstruktiewe kant. Dit kan dui op ‘n toestand van tevredenheid. Die swye van die

neutrale persoon en hoe hulle ander ignoreer, kan egter verwarring en onsekerheid by die ander skep. Soms verteenwoordig dit ‘n houding van “wag en kyk” wat ‘n positiewe uitkoms kan hê.  Soms is dit egter niks meer as gemaklike passiwiteit waarmee die persoon verantwoordelikheid en besluitneming ontduik nie.

Die volgende twee posisieskuiwe kan tot heling, verandering en groei lei:

- Vanaf slagoffer (C) na akkomodasie (A) en af na waardering (B). Die persoon neem verantwoordelikheid op om weg te beweeg van C en doelwitte in (A) te stel om met die nodige aanmoediging en ondersteuning na (B) te beweeg. In die veilige omgewing van (B) word die persoon aangemoedig om nuwe moontlikhede te laat realiseer.
- Vanaf ontrekking (D) na waardering (B) en daarna na akkommodasie (A)  Die persoon word begelei om uit isolasie te beweeg na ‘n veilige omgewing (B) waar hy of sy erkenning en waardering ervaar. Daarna word beweeg na akkommodasie (A) waar doelwitformulering plaasvind.

Die posisies is nie eties-neutraal nie, maar eksistensiële houdingsgebeure met ‘n morele implikasie (kyk Louw 2005:28). Daar kan ‘n spirituele dimensie aan hierdie posisieskuiwe wees, naamlik die motivering om so ‘n skuif mee te bring. Louw (2005:37-39) stel dit soos volg: “Dit is die heil in Christus wat ons roep om via ‘n gesindheidsverandering te skuif en sodoende heling en heelheid (*wholeness*) te bewerkstellig”.




*Figuur 87: Moontlikhede tot groei en hoop van die menslike siel in situasies van lyding (Louw 2012)*

Die skematiese voorstelling *Moontlikhede tot groei en hoop van die menslike siel in situasies van lyding* (Figuur 87) is 'n verdere uitbreiding van die moontlikhede van posisieskuiwe vir 'n persoon se heling (Louw 2012:86).

**Posisie A: Ontkenning**

Ontkenning kan die ingesteldheid om die bedreiging wat lyding vir die persoon inhou, te vermy, verdoesel. Dit kan meebring die persoon oppervlakkig lewe en voorturend verander van posisie.

**Posisie B: Identiteit / integrasie**

Die persoon wat tot identiteit en integrasie kom, het gekom tot die aanvaarding van spirituele verantwoordelikheid en is bereid om die situasie eerlik te benader. Die persoon verander wat verander kan word, aanvaar wat nie verander kan word nie en stel nuwe doelwitte. Met so 'n ingesteldheid kan die persoon uitbreek uit lyding en 'n nuwe identiteit en moontlikhede ontdek.

**Posisie C: Bevestiging**

Bevestiging is om te aanvaar wie die persoon veronderstel is om te wees. Die persone ken hulle identiteit. Gelowiges het hulle identiteit in Christus ontdek en kan die vrugte van die Gees dra. Te midde van krisis of moelike omstandighede kan hulle steeds vasstaan omdat hulle identiteit nie afhang van omstandighede nie, maar gevestig is in Christus.


**Posisie D: Weiering**

Die posisie van weiering gaan gepaard met ‘n slagofferidentiteit. Die persoon weier om die uitdagings van die lewe te aanvaar en die regte keuses te maak. Die persone is voortdurend op die verdediging en rasionaliseer waarom hulle die posisie kies.

Pastorale begeleiding is om persone te help ontdek waar hulle hulleself bevind in ‘n proses van heling, waarom hulle hulle daar bevind en wat die uiteinde daarvan gaan wees as hulle in die bepaalde posisie bly. Die doel van begeleiding is dat hulle hul eie identiteit sal ontdek en die waarde van ‘n skuif na ‘n ander posisie sal insien. Hulle word begelei tot die insig dat hulle vasgeval het in ‘n posisie wat heling en groei verhinder of benadeel. Die unieke konteks van persone en hoe hulle hulle persoonlike oortuigings, waardes en spirituele praktyke uitleef, moet in ag geneem word. Die unieke hulpbronne van veterane, soos hulle godsdienstige en spirituele tradisies, gemeenskap en konstruktiewe praktyke, kan benut word om hulle te begelei om die emosies wat hulle in hulle liggame dra weens die emosionele verwonding, te erken en te word wie hulle kan en behoort te wees.

### 5.2.4 Pastorale beplanning

Na die Viëtnam-oorlog het Amerikaanse veterane die inisiatief geneem om mekaar te ondersteun. Hulle het veterane-organisasies gestig wat druk op die regering uitgeoefen het om na hulle behoeftes om te sien. ‘n Soortgelyke tendens is besig om in Suid-Afrika te ontwikkel. Post-apartheid veterane soek mekaar op en stig veterane-organisasies om mekaar te ondersteun en die DMV bewus maak van hulle behoefte aan ondersteuning. Die begeleidingsproses wat in hierdie studie ontwikkel word, wil hierop voortbou (kyk Figuur 88).





Figuur 88: Pastorale beplanning

Dit is ‘n uitdaging om veterane wat reeds vasgeval het in ‘n oorlewingstryd en nie die meer formele ondersteuningsmoontlikhede vertrou nie, by ‘n begeleidingsproses te betrek. Baie vertrou net hulle familie, vriende en medeveterane. Die proses van begeleiding behoort dus te begin met die identifiseer van informele ondersteuningstrukture (familie, vriende en voormalige kamerade) en rolspelers wat reeds betrokke is by die ondersteuning van veterane in plaaslike gemeenskappe. Hierdie ondersteuningstrukture behoort versterk en uitgebou te word. Hiervoor kan opleiding gebied word vir hoe om veterane in hulle gemeenskappe te ondersteun.

#### 5.2.4.1 Ontwikkeling van ‘n ondersteuningstruktuur

Spirituele leiers en kapelane kan informele ondersteuningsnetwerke wat reeds bestaan, identifiseer en die inisiatief neem om nuwe ondersteuningstrukture te vestig. Saam met veterane-organisasies en ander rolspelers in hulle gemeenskappe kan multi-dissiplinêre ondersteuningstrukture ontwikkel word om die informele strukture te bemagtig en te ondersteun. Multi-dissiplinêre ondersteuningstrukture in ‘n gemeenskap kan die ondersteuning wat reeds deur die Wet op Militêre Veterane (2011) en die DMV vir veterane beskikbaar gestel word, koördineer. Unieke behoeftes waaraan in die konteks van die spesifieke kulturele samestelling van ‘n gemeenskap nog nie aandag gegee is nie, behoort geïdentifiseer te word en verdere ondersteuning behoort gebied te word. Daar is byvoorbeeld nog min kennis oor die effek van die *morele verwonding* in die Suid-Afrikaanse konteks beskikbaar. Veterane-organisasies en opleidingsinstansies kan institusionele ondersteuning bied deur ondersoek daaroor

te doen asook deur ander behoeftes aan ondersteuning te identifiseer en inisiatiewe van stapel te stuur.




*Figuur 89: Voorgestelde ondersteuningstruktuur*

Die fokus van die begeleidingsproses is nie net op heling vir veterane nie maar om, as deel van die individuele afsluitingsproses, versoening te bewerkstellig tussen hulle en die gemeenskap, asook tussen hulle en hulle voormalige vyande. Hulle kan ook vrugbaar by uitreikprojekte in die gemeenskap betrek word. Die narratiewe benadering van die vertel van verhale word as pastorale strategie benut om nie net individuele heling nie, maar ook heling in die gemeenskappe te bewerkstellig.

Sommige veterane het nie heling nodig nie, maar net begeleiding om sin en 'n nuwe identiteit in die Suid-Afrikaanse gemeenskap te vind. Veterane wat wel ondersteun moet word om die verlede te verwerk, kan deur doelgerigte multi-dissiplinêre ondersteuning begelei word. Die holistiese individuele begeleidingsproses word vervolgens in verdere besonderhede bespreek.

#### 5.2.4.2 Individuele begeleidingsproses

Die doelgerigte ondersteunigsproses bestaan uit drie momente van pastorale assessering, ondersteuning om die uitdagings of probleme wat geïdentifiseer is te

verwerk en ‘n integrasieproses waardeur die persoon weer in die gemeenskap opgeneem word.

### 5.2.4.3 Pastorale assessering

Vir effektiewe holistiese pastorale assessering moet ‘n veilige omgewing geskep word waar die veteraan die vrymoedigheid kan hê om sy verhaal te vertel en saam met die pastor die “waarheid” wat hom kan vrymaak, te ontdek. Die pastor assesseer die werklike ondersteuningsbehoefte of probleem en hoe die persoon verder begelei kan word. Vrae aan die begin van die proses gaan onder andere oor die agtergrond en konteks van die veteraan, die spesifieke probleem en die omvang van die probleem. Daar word vasgestel word pastorale begeleiding voldoende sal wees en of ander kundiges nodig mag wees. Die veteraan word begelei om die probleem te identifiseer, eksternaliseer, ‘n naam gee, verder te ondersoek en oplossings daarvoor te vind. Toepaslike terapeutiese modelle en metodes vir ondersteuning moet geïdentifiseer en benut word. Die veteraan word bemagtig om self verantwoordelikheid te aanvaar. Daartoe moet die pastor vasstel hoe effektief die persoon se hanteringsvaardighede is en of die persoon se ondersteuningstruktuur voldoende is. Dan word ‘n strategie beplan hoe om die veteraan prakties te begelei om weer beheer oor sy omstandighede te neem.

### 5.2.4.4 Doelgerigte ondersteuning om die verlede te verwerk

Die doel is om veterane te begelei om self te ontdek watter posisie, houding of gesindheid hy teenoor die probleem ingeneem het. Louw se model van patrone vir posisieskuiwe kan benut word om die persoon byvoorbeeld van ‘n posisie van slagoffer of ontrekking tot ‘n posisie van akkomodasie of waardering te begelei. Die oorsake van die probleem kry aandag. Hoe “waarheid” herken en erken kan word sonder om daarvan weg te skram hoe dit heling kan meebring, word saam ondersoek. Die veteraan moet op sy eie unieke manier die pyn van die herinnering verwerk deur dit weer te onthou en oor die verliese wat dit meegebring het, te treur. Die pastor identifiseer die unieke spirituele of ander bronne soos musiek of rituele waaroor die veteraan beskik en wat benut kan word in die verwerkingsproses.

### 5.2.4.5 Integrasieproses: Ontdek weer die goeie en belê in hoop

Nadat die pyn van die verlede verwerk is of die veteraan ‘n nuwe houding en ingesteldheid gekies het, kan ‘n nuwe identiteit ontdek word. Die veteraan aanvaar sy verantwoordelikheid en speel ‘n konstruktiewe rol in die gemeenskap. Verder word nuwe moontlikhede tot selfverwesenliking ondersoek. Die veteraan formuleer eie doelwitte wat toepaslik is vir sy eie unieke omstandigheide.


### 5.2.4.6 Komponente van die begeleidingsproses

Die momente wat vervolgens aangedui word volg nie liniêr op mekaar nie. Dit word bepaal deur die veteraan se spesifieke behoeftes. Die begeleidingsproses kan individueel of in groepsverband verloop.

In die geval van onverwerkte en spesifieke gevegsverwante herinneringe word in die Suid-Afrkaanse konteks voorkeur gegee aan ‘n groepsondersteuningsproses soos voorgestel deur Edward Tick (2005) en Larry Graham (2017). Gesamentlike gesprekke kan gevoer word waar eenhede wat saam in gevegte betrokke was bymekaar kom om mekaar ondersteun. Gewoonlik tree iemand soos Gert in die geval van by die 61 Meg VV na vore en neem die leiding. So ‘n natuurlike leier kan toegerus word om sy vaardighede om die proses konstruktief te fasiliteer, te help ontwikkel. Geleentheid word gebied om verhale te vertel en oor werklike gedagtes en gevoelens te praat, veral dié wat nog nie deurgewerk is nie. Duidelikheid moet gekry word oor aspekte waaroor die persoon nog nie afsluiting gevind het nie. Elke persoon in die groep kry ‘n beurt om sy hart te deel.

‘n Fasiliteerder van buite identifiseer eers die groepsdinamiek. Dit sal ‘n voordeel wees as hy ‘n militêre veteraan met soortgelyke ervarings is. Die groep moet verstaan dat hulle in beheer is van die vertel van hulle verhale. Die fasiliteerder luister na individuele verhale omdat hy in elkeen as persoon belangstel, maar luister ook na die verhaal van die groep en wat hulle in hulle eenheid ervaar het. Hy begelei hulle om die verhaal dieper te ontgin sodat kan ervaar hoe hulle vry kom van onverwerkte verliese, emosies en herinneringe en hoe hulle betekenis daaraan toeken. Die fasiliteerder verwys veterane wat individuele ondersteuning nodig het vir verdere begeleiding. Veteraanverwante aktiwiteite soos kuiergeleenthede, herdenkingsdienste, reunies,

veteranefamilie geleenthede en besoeke aan slagvelde word aangemoedig as deel van die begeleidingsproses.




*Figuur 90: Voorgestelde begleidingsproses.*

## 5.3 Samevatting

Die *pastorale hermeneutiese siklus* met die vier momente, *invoeging*, *sosiale analise*, *teologiese refleksie* en *pastorale beplanning* is in hierdie hoofstuk benut vir die prosessering van data om te kom tot 'n verbeterde praktyk. Onder die moment *invoeging* is die deurleefde ervarings van dienspligveterane en pastorale ondersteuning ondersoek. Die resultate van die invoegingsmoment is in die moment van sosiale analise aan verdere kritiese analise en refleksie onderwerp. Met die moment van teologiese refleksie is die *analitiese outo-etnografiese* benadering van Anderson (2006) gevolg om 'n bydrae tot die pastorale ondersteuning van post-apartheid veterane te lewer. Die verbeterde bedieningspraktyk met dienspligveterane is in die moment van pastorale beplanning geformuleer.

# HOOFSTUK 6

# BEVINDINGS

## 6.1 Uitkomste

In hierdie hoofstuk word die bevindings van die ondersoek aan die orde gestel. ‘n Refleksie op bepaalde gebeure, keuses, uitdagings en leemtes word gebied en aanbevelings gemaak.

Tydens die ondersoek het ek besef hoe traumaties sekere aspekte en praktyke van diensplig was. Twee ervarings wat soortgelyk aan die van Joodse gevangenes in die Nazi-konsentrasiekampe tydens die Tweede-Wêreldoorlog was, is dat ons individuele identiteit en menswaardigheid ons ontneem is en dat ons volgens fisieke gesondheid gekategoriseer is. Die wat nie fisiek sterk genoeg was nie, is verkleineer en as “minderwaardige” gesien en behandel. In die algemeen is dienspligtiges gekondisioneer om so gou doenlik die nuwe identiteit van “soldaat” te ontwikkel. Dit het beteken dat ons bereid sou moes word om mense dood te maak om ons kamerade, familie, vriende en land te beskerm. Spesifieke uitkomste van die ondersoek sal nou benoem en kortliks beskryf word, waarna ‘n refleksie oor die hele navorsingsreis onderneem sal word.

### 6.1.1 Ontneming van menswaardigheid

Met behulp van die werke van Edward Tick (2005) en Jonathan Shay (2012a, 2012b) het dit duidelik geword dat die kondisionering waaraan ‘n soldaat blootgestel word, nie net hulle eie menswaardigheid in die gedrang bring nie, maar ook die persone wat as “die vyand” geklassifiseer word hulle menswaardigheid ontneem. Met hierdie soort kondisionering word “die vyand” gedepersonaliseer tot ‘n objek wat doodgemaak moet word omdat hierdie vyand alles bedreig wat vir die soldate kosbaar is. Dienspligtiges was dus op die Grens om “die vyand” te soek en te vernietig. Dit verklaar waarom die oneerbiedige hantering van die lyke van “die vyand” andersins “ordentlike, gelowige Christene” nie gesteur het nie. My betrokkenheid by versoeningsinisiatiewe het die menswaardigheid van “die vyand” in my oë herstel, maar vir baie dienspligveterane het hierdie herstelproses nog nie plaasgevind nie. Die neerhalende en verkleinerende

opmerkings oor die voormalige vyand in die sosiale media is ‘n aanduiding van die isolasie, polarisasie en skanse wat steeds tussen post-apartheid veterane bestaan.

Opleiding tydens diensplig was fisiek uitmergelend, emosioneel afbrekend en het soms gegrens aan mishandeling. Dienspligtiges wat fisiek sterk was en veral die wat offisiere geword het, kon ‘n heelwat meer positiewe ervaring gehad het as ander. My navorsingsgenote en ek het byvoorbeeld positiewe karakter- en leierskapsvorming en persoonlike groei ervaar. Magsmisbruik deur jong offisiere en onder-offisiere teenoor troepe net ‘n jaar jonger as hulle, het voorgekom. Verhale van dienspligtiges wat gepubliseer is, illustreer hulle teleurstelling en ontnugtering oor diensplig. Van hulle kon nie hulle ideale tydens diensplig verwesenlik nie en het diensplig as tydverkwisting beskou. Ander het *morele verwonding* opgedoen.

Dienspligtiges in Suid-Afrika was betrokke by twee oorloë wat morele stres tot gevolg kon hê. As deel van die semi-konvensionele oorlog in Namibië (toe Suidwes-Afrika) en Angola is dienspligtiges van gevegseenhede aangewend om ‘n duidelike gedefinieerde vyand in uniform, wat nie ‘n landsburger is nie, dood te maak. In die RSA binneland is dienspligtiges ook – teenstrydig met waarvoor hulle opgelei is – aangewend om die “terroris” wat ‘n mede-landsburger was en nie maklik geïdentifiseer kan word nie, se “gewelddadige optrede as deel van sy gewapende stryd” te neutraliseer. Die SAW is as deel van die Veiligheidsmagte ontplooi om die Suid-Afrikaanse Polisie te ondersteun om weer “wet en orde” in ‘n area te herstel. As ‘n “neutrale vredesmag” moes veral die dienspligtiges gewelddadige konflik ontlont, konflikareas stabiliseer en die harte van die bevolking wen vir die “demokrasie” soos deur die Nasionale Party-regering gedefinieer.

Na 1994 het ontnugtering by baie dienspligtiges ingetree. In teenstelling met ‘n helde-ontvangs wat gewoonlik na ‘n oorlog gebeur, is hulle nie erken en bedank vir hulle opofferings om vrede in Suid-Afrika te bewerkstellig nie. Inteendeel, die Veiligheidsmagte is aangekla van menseregteskendings en veral die SAW is in die beskuldigde bank geplaas. My ervaring van hierdie aantygings teenoor die SAW van 1995 tot 1997 tydens die KwaMakutha verhoor en die onthullings tydens die Waarheids- en Versoeningskommissie se verhore, kom ooreen met wat in die teorie beskryf word as morele verwonding. Die onthullings en aansoeke om amnestie van

my kollegas het my ontnuger en verraai laat voel. Hoewel heelwat dienspligveterane soortgelyke ervarings gehad het, het die meeste nie daaroor gepraat nie.

### 6.1.2 Vervreemding en marginalisering

Dit was vir dienspligtiges ‘n traumatiese ervaring om in swart woongebiede teen medelandgenote ontplooi te word. Diensplig het hulle van die samelewing vervreem. Dit is ‘n gevolg van oorlog. Dit was die verantwoordelikheid van die regering om na 1994 alle post-apartheid veterane tot versoening en integrasie in die samelewing te begelei. Dit het egter nie gebeur nie. Hoe dienspligveterane na 1994 deur die SANW en die post-apartheid regering behandel is, het hulle gemarginaliseerd laat voel en verder van die samelewing vervreem. Benewens die aantygings van menseregteskendings, het hulle verder ook nie die status van militêre veteraan ontvang nie. Die name van SAW-lede wat tydens die gewapende konflik gesterf het, is nie op die muur van herinnering van die Freedom Park-museum aangebring nie. Van hulle het ‘n slagoffermentaliteit ontwikkel. Hulle het voormalige politieke en weermagleiers, geloofsgemeenskappe en self die vorige generasie daarvan beskuldig dat die hulle in die steek gelaat het. Die reaksie op die Boetman-debat onder leiding van Chris Louw, die De La Rey fenomeen, die TV-reeks Hartland, musiekblyspel *Tree Aan* en die boeke oor die Grensoorlog is tekenend van baie veterane se eksistensiële krisis en soeke na ‘n nuwe identiteit en afsluiting.

Net soos in Amerika tydens en na die VSA/Viëtnam oorlog, het van die veterane inisiatief geneem, ou makkers en mede-veterane opgesoek en veterane-organisasies gestig. Hulle skryf boeke, stig ondersteuningstrukture, vertel hulle verhale, hou herdenkingsdae, besoek slagvelde, inisieer versoeningsinisiatiewe en baie is ook by uitreikprojekte in die gemeenskap betrokke. Van hulle het die nuwe identiteit van post-apartheid militêre veteraan vir hulleself aangeneem. Sulke inisiatiewe vind egter dikwels geïsoleerd plaas. Die verskillende veteranegroepe van die Statutêre en Nie-Statutêre magte werk nie saam nie en het nie juis kontak met mekaar nie. Hoewel die versoeningsinisiatiewe wat reeds geloods is die waarde van samewerking getoon het, is daar nog heelwat struikelblokke in die pad van samewerking en versoening oor die spektrum van post-apartheid veterane. Die grootste struikelblok is die gebrek aan ondersteuning van die post-apartheid regering, die South African National Military Veteran Association (SANMVA) en die gemeenskap.

### 6.1.3 Versoeningsinisiatiewe

Versoeningsinisiatiewe wat onder leiding van Wilhelm Verwoerd & Alistair Little (2013) in Noord-Ierland, Ierland, Suid-Afrika en Israel en Palistina en Michael Lapsley & Stephen Karakashian (2018) in Suid-Afrika en Amerika plaasgevind het, het reeds positiewe resultate gelewer. Hulle fasiliteer groepsgesprekke en eerlike dialoog tussen voormalige vyande in 'n veilige omgewing waar veterane die vrymoedigheid kan hê om hulle verhale te deel. In hierdie groepsgesprekke ontdek hulle weer mekaar se menswaardigheid. Allister Little verwys daarna as 'n "reis om jou vyand weer as volledige mens te leer ken – om te weet waarop hulle hoop, waaroor hulle droom, wat hulle aspirasies is." (Verwoerd 2018:28-29).

Edward Tick (2005) se insigte oor die bydrae van gesprekke tussen veterane en burgerlikes met die oog op integrasie van veterane in die gemeenskap, het my eie ervaring bevestig. My eerste ervaring van die erkenning van my menswaardigheid was toe die kursusgangers in Soweto bereid was om na my verhaal van diensplig te luister. Hulle reaksie op my verhaal en die pyn en lyding wat ons ervaar het, was bevrydend. Tydens die versoeningsinisiatiewe van die Sentrum vir Kontekstuele Bediening waarin ek op 22 en 23 Augustus 2013 en die naweek van die 28 tot 30 Maart 2014 betrokke was, is my menswaardigheid en die menswaardigheid van my vyand finaal in my oë herstel.

Die versoeningsinisiatief tussen die June 16 Foundation in Soweto en die dienspligveterane onder leiding van die SAWV in 2016, veertig jaar na die Soweto-onluste, was in die Suid-Afrikaanse konteks 'n groot deurbraak. Die jeug in Soweto, geestelike leiers en gemeentelede van verskeie hoofstroom Christelike kerke, die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke en verskeie ander kerkorganisasies was daarby betrokke. Die vredesrituele in die Orlando stadium op 11 Junie 2016 het gedui op die gewilligheid van die verskillende groepe om na mekaar uit te reik en te versoen.

'n Pastorale versorgingsproses met veterane kan dus 'n gemeenskapsproses wees waarin veterane, die geloofsgemeenskap en burgerlikes oor rassegrense heen kan saamwerk. My ervaring van die versoeningsinisiatiewe in veral 2016 het my gemotiveer om my meer vir versoeningswerk te beywer.

### 6.1.4 Oorlogsverwante trauma

Die behoefte aan ondersteuning van dienspligveterane het geblyk meer kompleks te wees as wat ek aan die begin van hierdie ondersoek gedink het. Benewens PTSV, kan veterane ook ander gevolge van oorlogsverwante trauma vertoon. Dit sluit in: Laat-PTSV, laat-aanvang stressimptome en morele verwonding. As gevolg van die onafgehandelde transformasieproses ervaar dienspligveterane steeds verskillende vorme van verlies. Baie bevind hulle ook in verskillende fases van die verwerking van oorlogsverwante verlies, trauma en negatiewe herinneringe. Baie is steeds opsoek na sin en ‘n nuwe identiteit. Die kompleksiteit van hulle behoeftes noodsaak ‘n holistiese en persoongesentreerde benadering tot versorging.

Spiritualiteit en die rol van spirituele leiers word toenemend in Suid-Afrika, die VSA en elders in die wêreld deur gesondheidsdienste erken as deel van ‘n holistiese benadering tot heling en genesing. Insigte uit die nuwe akademiese veld van “morele verwonding” (*moral injury*) kan vrugbaar in die Suid-Afrikaanse konteks aangewend word.

Voor 1994 was daar ‘n holistiese versorgingsproses vir dienspligtiges in blanke en vrywilligers uit kleurling en swart bevolkingsgroepe beskikbaar. Kapelane en geestelike leiers het deel daarvan uitgemaak. Na 1994 het hierdie versorgingstruktuur om verskeie redes gedisintegreer. Eers in 2011 met die Wet op Militêre Veterane is ‘n holistiese versorgingsproses vir veterane in die vooruitsig gestel. Daar word tans wel voorsien aan van die behoeftes van veterane, maar die versorgingsmodel word nog nie oral effektief geïmplementeer nie en het nog nie in die plaaslike gemeenskappe neerslag gevind nie. Verskeie inisiatiewe van veteraneverenigings van veral die Statutêre Magte soos die SAWV en 61 Meg VV het ten doel om dienspligveterane te ondersteun en hulle te help om effektief van die voordele wat die Departement van Militêre Veterane beskikbaar stel, gebruik te maak. Eenhede word in plaaslike gemeenskappe gevestig waar veterane mekaar ondersteun en saam met hulle families holistiese ondersteuning ontvang.

Individue moet egter dikwels eers verskeie struikelblokke oorkom voordat hulle by hierdie eenhede betrokke raak en ondersteuning ontvang. Die meeste van hulle bly steeds geïsoleerd, leef voort met ‘n slagoffermentaliteit en het hulle eie

hanteringsmeganismes ontwikkel. Hoewel die meganismes soms lyk of dit die veteraan self dien, doen dit skade aan verhoudings. Soms dien die meganismes nie die individu of sy sosiale omgewing nie, maar verhinder die persoon se kans op herstel en genesing. Veterane behoort ondersteun te word om vaardighede te ontwikkel om die verlede te verwerk en buigsaam genoeg te kan wees om by die uitdagings in die post-apartheid samelewing aan te pas. Hulle wantroue in die regering, kerke en hulle gemeenskappe moet eers oorkom word voordat hierdie hulpbronne effektief aangewend kan word om by te dra tot hulle herstel, genesing en afsluiting. Ondersoeke het getoon dat ou kamerade en mede-veterane, asook familie en vriende die sterkste ondersteuningstruktuur bied. Hierdie informele ondersteuning kan deur multi-dissiplinêre en die nasionale strukture van veteraneverenigings en die DMV ondersteun en geïnkorporeer word as deel van ‘n integrale ondersteuningstruktuur op alle vlakke van die plaaslike gemeenskap.

Ondersteuning aan veterane behoort geanker te wees in plaaslike gemeenskappe en die ondersteuningsbronne en -strukture wat in die gemeenskappe beskikbaar is, behoort ontgin en benut te word. Daarom stel hierdie studie ‘n kontekstuele en holistiese benadering tot pastorale versorging voor waar veterane in die konteks van hulle eie gemeenskappe ondersteun kan word. Ondersteuningstrukture wat reeds in plaaslike gemeenskappe bestaan, behoort deur provinsiale en nasionale institusionele veteranestrukture versterk en ondersteun te word. Veteraneverenigings behoort opleidingsinstansies bewus te maak van hulle navorsings-, ondersteunings- en opleidingsbehoeftes.

## 6.2 Refleksie

Hierdie navorsingsreis het begin toe ek ‘n skeidingspakket van die SANW aanvaar en ‘n pastor in heeltydse bediening ‘n gemeente geword het. Die pakket het voorsiening gemaak vir studie om ‘n nuwe loopbaan te ontwikkel. Ek het in 2002 met teologiese studie begin. Die Meesterstudie het gefokus op trauma. Dit was op ‘n persoonlike vlak vir my van waarde na my egskeiding en aflegging in 2003. Ek moes ‘n weg vind met my identiteit as werklose wit Afrikaanssprekende man. Veral die insigte van Judith Herman (1997) oor die oorlogstrauma van die veterane na die VSA/Viëtnam oorlog en die werk van Anthony Feinstein (2011), *Kopwond: Vergete slagoffers van die bosoorlog*, het my tot die besef gebring van my eie onverwerkte trauma as

dienspligveteraan en dat ek nodig het om tot genesing te kom en afsluiting te vind. Die droom om my ervaring te verwoord in die vorm van ‘n boek, het begin vorm kry toe ek by die skouerskuur-aande vir 61 Meg VV betrek is, my eie verhaal kon vertel en ander veterane se verhale kon hoor. Die verhale wat die organisasie op hulle databasis gehad het, is tot my beskikking gestel en my boek, *Weermagstories: Dienspligtiges verbreek die stilte*, is in 2014 gepubliseer.

Versoeningsgeleenthede onder Suid-Afrikaanse veterane het in 2015 en 2016 momentum gekry. In Januarie 2016 is ‘n nagraadse simposium op Stellenbosch gebou vir studente wat ondersoek doen oor dienspligtigveterane. In dieselfde jaar vind die 40-jarige herdenking van die 1976 Soweto-onluste plaas. Daarby was ek betrokke as lid van die uitvoerende raad van die SAWV. Hierdie veterane-aktiwiteite het heelwat bygedra tot my afsluitingsproses.

*Outo-etnografie* as ondersoeketode vir hierdie doktorale studie in praktiese teologie is gekies juis omdat die fokus op die ondersoeker self is, maar binne die breër sosiale kulturele en politieke omgewing. My wye betrokkenheid binne die SAW het dit moontlik gemaak vir my om as binnestaander die ervarings van dienspligveterane te ondersoek. Hierdie metodologie bied ook die geleentheid om die eie (*outo*) ervarings en emosies te ondersoek, beskryf en interpreteer. Dit sluit die gevoel van frustrasie, wat ek as wit Afrikaanssprekende man tydens die proses van transformasie in die land ervaar het, in. Hierdie metodologie bied ook die geleentheid om die kuns en musiek wat vir my belangrik is en artefakte van die Grensoorlog wat ek vergader het, te benut.

*Evokatiewe* sowel as *analitiese* outo-etnografie is gekies vir die studie, maar met ‘n groter klem op laasgenoemde. Wat die analitiese aspek betref, is die historiese, politieke, sosiale en kulturele konteks wat tot die ontplooiing van dienspligtiges in die binneland en die swart woongebiede gelei het, ondersoek. Evokatiewe outo-etnografie ontbloot persoonlike en kwesbare aspekte van die self. In die proses van die vertel en skryf van die verhale het ek en my navorsingsgenote gevind dat dit vir ons moeilik was om uiting te gee aan ons gevoelens. My eie narratief het inderdaad ou wonde oopgekrap. Dit het egter bygedra tot ‘n nuwe perspektief op die oorgangstydperk en het my in staat gestel om my bitterheid oor die verlede en hede te transendeer. Met behulp van hierdie metodologie kon ek my eie herstel- en afsluitingsproses binne die

konteks ondersoek en voltooi. Die bydrae van hierdie studie tot die ondersteuning van dienspligveterane, is dus nie die resultaat van ‘n ondersoek van ‘n afstand af nie, maar kom voort uit persoonlike betrokkenheid. Die studie demonstreer die bruikbaarheid van outo-etnografie vir die praktiese teologie.

Outo-etnografie as strategie het dit moontlik gemaak om, aan die hand van my eie en die navorsingsgenote se ervarings en persepsies, die fokus van die studie naamlik die praktyk van pastorale sorg met dienspligveterane, te ondersoek. Met die prosesseer en interpreteer van die data het die uitdagings met betrekking tot versoening en afsluiting in Suid-Afrika duidelik geword, veral in die konteks van wit Afrikaanssprekende gemeenskappe. Aanvanklik, met my betrokkenheid by versoeningsinisiatiewe, het ek skuldig gevoel dat ek my Afrikaanse identiteit versaak om ‘n nuwe identiteit as Suid-Afrikaanse militêre veteraan aan te neem. Ek het gevoel dat ek my voorouers wat soveel gely en opgeoffer het tydens die Groot Trek en twee vryheidsoorloë, verraai. Ek het selfs gevoel dat ek die dienspligtiges wat hulle lewens verloor het in die Grensoorlog, verraai. Hierdie gevoel van verraad is versterk deur die negatiewe reaksie van medeveterane op die sosiale media oor die vredesinisiatiewe waarby die SAWV in 2016 in Soweto betrokke was. Een van die opmerkings het direk na my as verraaier verwys. Die bitterheid wat steeds heers in die gemeenskap, het duidelik geblyk.

‘n Gesprek met Wilhelm Verwoerd na aanleiding van sy werk, *Bloedbande: ‘n Donker tuiskoms*, was ‘n keerpunt en het my opnuut gemotiveer om ‘n positiewe alternatiewe toekoms te bly droom. Veral sy insigte oor die “heilige bloedbande” was vir my bevrydend. Deelnemers aan ‘n stryd word gekondisioneer om die groep of die saak te ondersteun. Om te verraai wat hulle geleer en geglo het reg is, voel asof “heilige bande” verbreek word en hulle “die vyand” ondersteun. Dit is hierdie heilige bloedbande wat mense verhinder om hulle ware self te wees sonder om verhoudings te skend en herinneringe te vernietig. Verwoerd (2018:259) beskryf die “heilige bande” soos volg:

> *In die Afrikanergemeenskap en -familie waarin ek grootgeword het was daar ‘n sterk vlak van geloof, van godsdiens. Om met die werklikheid van apartheid gekonfronteer te word, het my geloof tot in sy fondamente geskud. Ek kon my pad vorentoe slegs vind deur ‘n soort herverbintenis*

> *met 'n dieper geloof wat die grense van hierdie geheiligde bande getransendeer het. My ervaring was dat dié familie en gemeenskapsbande op daardie transendente vlak – anderkant emosies, dieper as groepsidentiteit – gebreek en genees moes word, voordat ek met versoeningswerk kon begin.*

Die studie het uitgewys dat wit Afrikaanssprekende individue en gemeenskappe hulle op verskillende vlakke van verwerktheid ten opsigte van die apartheidgeskiedenis bevind.

My self-narratief as fiktiewe dialoog tussen 'n pastorale berader en 'n dienspligveteraan het bygedra tot 'n nuwe perspektief op die moontlike benutting van terapeutiese modelle. *Deurleefde ervaring* soos beskryf in my eie, die navorsingsgenote en ander dienspligveterane se narratiewe, is daarna met toepaslike terapeutiese modelle en metodes in verband gebring. Met behulp van die pastorale hermeneutiese siklus is hierdie data verwerk en word as 'n pastorale versorgingsmodel voorgestel ter verbetering van die praktyk.

## 6.3 Verdere ondersoek

Met die outo-etnografiese benadering het ek navorsingsgenote wat my tydgenote was met soortgelyke ervaring as ek, by die ondersoek betrek. Ons het soortgelyke stabiele sosiale omstandighede gehad en het almal offisiere geword. Ons het diensplig positief ervaar en geen traumatiese ervaring daarvan oorgehou nie. Ons is dus nie verteenwoordigend van daardie groep dienspligtiges wat uit 'n moeilike en selfs destruktiewe sosiale agtergrond gekom het, nooit offisiere geword het, en traumatiese ervarings gehad het nie.

My navorsingsgenote en ek is verder ook nie in swart woongebiede ontplooi nie. Ons ervaring was beperk tot die dienspligopleiding en ontplooiing in die destydse Suidwes-Afrika en Angola. Verdere ondersoek oor die ervaring van persone wat in swart woongebiede ontplooi is, behoort nog gedoen te word. Dit is veral in hierdie konteks waar menseregteskendings kon plaasvind wat tot *morele verwonding* kon aanleiding gee. Van hierdie voormalige dienspligtiges voel steeds skuldig en skaam en is nie bereid om daaroor te praat nie. Hulle sal moontlik eers daartoe bereid wees indien hulle ervaar dat 'n veilige omgewing vir hulle geskep is. Verdere ondersoek behoort

gedoen te word oor hoe ‘n veilige omgewing vir hulle in hulle plaaslike gemeenskappe geskep kan word. Indringende kennis oor *morele verwonding* is ook nodig om te kan identifiseer hoe die fenomeen in die Suid-Afrikaanse konteks manifesteer, sodat effektiewe ondersteuning gebied kan word.

Hierdie studie het gefokus op spesifieke dienspligveterane in hulle spesifieke konteks, naamlik Afrikaanssprekende dienspligveterane. Raakvlakke wat geïdentifiseer is, was net die raakvlakke tussen die ervaring van SDU-lede en dienspligveterane. Dieper ondersoek na wat die twee groepe gemeen het en hoe hulle met mekaar in kontak gebring kan word, is nodig.

Die konteks van Engelssprekende dienspligveterane verskil in sekere opsigte van die van Afrikaanssprekendes. Verdere ondersoek oor hulle konteks kan die resultate van hierdie studie aanvul. Diskriminasie deur sommige Afrikaanse offisiere en onderoffisiere teenoor Engelssprekendes kon ook tot morele verwonding bydra. Hierdie saak behoort verder ondersoek te word. Die konteks van die SDU’s en veterane van die Nie-Statutêre Magte verskil radikaal van die konteks van die dienspligveterane. Hoe die SDU’s en veterane van die Nie-Statutêre Magte in ‘n gekoördineerde versorgingstruktuur ingesluit kan word, kan verder ondersoek word.

## 6.4 Bydrae

Die bydrae van hierdie studie is veral die insigte in ‘n pastorale benadering tot post-apartheid veterane en hulle soeke na afsluiting. ‘n Holistiese en multi-dissiplinêre benadering waarin die pastoraat die leiding neem, word voorgestel. Die begeleidingsproses bestaan uit drie momente: pastorale assessering, ondersteuning en ‘n opvolgproses wat ten doel het om veterane weer in die gemeenskap te integreer.

In die moment van *pastorale assessering* word die unieke behoefte aan begeleiding van ‘n spesifieke veteraan geïdentifiseer. Sommige veterane worstel met die soeke na ‘n nuwe identiteit in die veranderde konteks waarin hulle hulle bevind. Ander se hooffokus is die behoefte aan sin en betekenis. Sommige veterane het meer intensionele pastorale begeleiding of selfs psigoterapie nodig om trauma, verlies en negatiewe emosies soos frustrasie of woede te oorkom. Ander het ‘n behoefte aan

ondersteuning, aanvaarding en om weer deel te voel van en tuis te voel in hulle onderskeie gemeenskappe.

Die tweede moment, *ondersteuning*, behels 'n dieper dialoog om aan skuld, skaamte, pyn of die frustrasie wat hulle ervaar, uiting te gee. Bronne soos verhale, musiek, artefakte of kuns, wat die veteraan se voorkeur ook mag wees, kan benut word om hulle te help om uitdrukking te gee aan hulle gevoelens en ervaring. Indien die veteraan 'n gelowige is, kan van religieuse godsdienstige temas en rituele gebruik gemaak word. Die dialoog tussen 'n dienspligveteraan en 'n pastorale berader in Hoofstuk 3 kan as voorbeeld van 'n doelgerigte ondersteuningsproses dien.

Die derde moment *integrasie* het ten doel om veterane te ondersteun om hulle nuwe identiteit, rol en plek in die samelewing te vind. Gesprekke met voormalige "vyande" en burgerlikes, asook die slagoffers van die geweld waarby die dienspligveteraan betrokke was, kan byvoorbeeld nodig wees vir die helingsproses. In Hoofstuk 3 beskryf ek hoe so 'n proses in my eie afsluitingsproses van waarde was. Betrokkenheid by die gemeenskap is 'n belangrike deel van die afsluitingsproses. Dienspligveterane kan met hulle talente en ervaring ook na aftrede 'n sinvolle bydrae lewer in gemeenskappe. Veterane-organisasies soos die SAWV skep geleentheid hiertoe vir veterane.

My narratief van deurleefde ervaring moet verstaan word binne die historiese en politieke konteks wat tot die ontplooiing van die SAW en dienspligtiges aanleiding gegee het. Ek het toegang gehad tot inligting wat nie algemeen bekend was nie. Dit het vir my duidelik geword en dit is ook nodig dat dienspligveterane tot die insig kom as deel van hulle afsluitingsproses, dat nie alles wat die SAW tydens die ontplooiing in die binneland gedoen het, net goed of net sleg was nie. Sommige dinge was moreel aanvaarbaar, terwyl ander nie was nie. Om vrede te vind met die realiteit van wat hulle ervaar en waaraan hulle deel gehad het, is dit nodig dat voormalige dienspligtiges erken wat verkeerd was en verantwoordelikheid aanvaar vir hulle aandeel daarin, eerder as om dit te wil wegrasionaliseer. Om verskeie redes was 1992 vir my persoonlik en in die Suid-Afrikaanse geskiedenis, 'n laagtepunt. Dit was egter ook 'n keerpunt. Toe ek eerlik kon beskryf wat ek ervaar het, kon ek afsluiting vind. Ek meen

dat ander dienspligveterane wat bereid is om hulle eie unieke verhale van skuld, skaamte en pyn te vertel, eweneens afsluiting kan kry.

Met behulp van die *pastorale hermeneutiese siklus* uit die bevrydingsteologie is gedemonstreer hoe die *pastorale hermeneutiese siklus* en *analitiese outo-etnografie* benut kan word in die ontwikkeling van 'n pastorale versorgingsmodel met dienspligveterane. Hierdie ondersoekbenadering kan ook benut word vir 'n dieper verstaan van die *deurleefde ervaring* en ondersteuningsbehoeftes van veterane van die Nie-Statutêre Magte en 'n doelgerigte pastorale versorgingsmodel in hulle eie konteks.

In die narratiewe benadering tot hierdie kwalitatiewe ondersoek, het die outo-etnografiese metode 'n "kleurvolle" en dieper verstaan van *deurleefde ervarings* gebied. Die deurlopende bespreking van die historiese gesitueerdheid van die gewapende konflik van 1966 tot 1994 werp lig op die konteks van die *deurleefde ervaring* van dienspligveterane. Met behulp van die outo-etnografiese benadering kon persoonlike ervaring en die afsluitingsproses van dienspligveterane in Suid-Afrika binne die wyer kulturele en religieuse konteks geplaas, die sin van lewensverhale ontgin en nuwe insig verkry word. Die studie het geïllustreer hoe hierdie proses sosiale en persoonlike transformasie en psigiese afsluiting kan fasiliteer. Die outo-etnografiese metode kan dus in die praktiese teologie en in die besonder binne die vakgebied van die pastoraat van waarde wees. Die proses van outo-etnografiese ondersoek kan bydra tot positiewe verandering.

Bill Russel Edmonds 'n luitenant kolonel het meer as 20 jaar ervaring in verskeie posisies in die VSA Weermag en ander regeringsinstansies en is ook skrywer van die boek *God Is Not Here: Torture, Trauma, and the Moral Injuries of War.* Hy maak die volgende opmerking oor *morele verwonding* (Edmonds 2018:37):

> *Writing gave me the means to "live with" every painful experience: rethinking every thought, every word, and every choice until I was able to create the meaning of my experiences that I required, so I could put my memories where they belonged: in my past.*
>
> *... Healing from Moral Injury is thus possible, but it can be a long and lonely journey, especially if the injured remain quiet. The very first step then, before any healing can happen, is to break the silence.*

# BIBLIOGRAFIE


Adams, T E, Jones, S H & Ellis, C 2015. *Autoethnography*. New York: Oxford University Press.

Adams, T E & Manning, J 2015. Autoethnography and family research. *Journal of Family Theory & Review* 7(4), 350–366.

African National Congress (ANC), 1969. Strategy and Tactics of the ANC. [Online] Retrieved from: https://www.marxists.org/subject/africa/anc/1969/strategy-tactics.htm

American Psychiatric Association, 2013. *Diagnostic and statistical manual of mental disorders (DSM-5)*. USA: American Psychiatric Pub.

Anderson, L 2006. Analytic autoethnography. *Journal of Contemporary Ethnography* 35(4), 373–395.

Anderson, N T 2010. *The Core of Christianity.* Eugene Oregon: Harvest House Publishers

Anderson, N T, Zuehlke, T E, & Zuehlke, J S 2000. *Christ-centered therapy: The practical integration of theology and psychology*. Michigan: Zondervan Publishing House.

Andrews, B, Brewin, C R, Philpott, R & Stewart, L 2007. Delayed-onset posttraumatic stress disorder: a systematic review of the evidence. *American Journal of Psychiatry 164*(9), 1319-1326.

Appel, J W & Beebe, G W 1946. Preventive psychiatry: An epidemiologic approach. *Journal of the American Medical Association 131*(18), 1469-1475.

Appley, M L T & Turnbull, R 1967. *Psychological Stress*. New York: Appleton Century Crofts.

Baines, G. 2008. Coming to terms with the ‘Border War’ in Post Apartheid South Africa. *National Arts Festival, Winter school lecture*. 1 July. Retrieved from: https://www.researchgate.net/publication/29807044_Coming_to_terms_with_the_Border_War_in_post-apartheid_South_Africa

Baines, G & Vale, P (eds) 2008. Beyond the Border War: new perspectives on Southern Africa's late-Cold War conflicts. *Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies (37) 2.* DOI: 10.5787/37-2-72

Barman, R & Detweiler, M B 2014. Late Onset Stress Symptomatology, Subclinical PTSD or Mixed Etiologies in Previously Symptom Free Aging Combat Veterans. *J Trauma Stress Disor Treat 3* & *4*, 2.

Barnard, N 2017. *Peaceful revolution: Inside the war room at the negotiations.* Cape Town: Tafelberg Publishers Ltd.

Behr, M 1996. *Die reuk van appels.* Kaapstad: Queillerie.

Bezuidenhout, P H S 2015. *Die diensplig-SAW generasie en die soeke na heling, versoening en sosiale geregtigheid.* PhD dissertation. South Africa: University of the Free State.

Blake, C 2009. *Troepie: van blougat tot bosoupa*. Cape Town: Zebra Press.

Boesak, A 2009. *Running with horses: reflections of an accidental politician*. Cape Town: Joho.

Boshoff, W S 2011. *Gemeentebou en die begeleiding van rouprosesse in 'n konteks van omvattende verandering (stemme uit drie gemeentes van die NG Kerk se noordelike sinode)(Afrikaans)',* PhD dissertation. Dept. of Theology and Religion. South Africa: University of Pretoria.

Bothma, L [2006] 2013. *Die Buffel Struikel, 'n Storie van 32 Bataljon en sy mense.* Bloemfontein: L J Bothma

Bothma, L 2010. *Anderkant Cuito -'n Reisverhaal van die Grensoorlog*. Bloemfontein: L J Bothma.

Bredenkamp, I & Wessels, A 2012. A historical perspective on military chaplaincy services in the South African National Defence Force, 1998-2012. *Journal for Contemporary History 37*, 242-267.

Breytenbach, J 2002. *The Buffalo Soldiers.* Alberton: Galago Books.

Bridgeland, F 1990. *The war for Africa: Twelve months that transformed a continent.* Gibraltar: Ashanti Publishing.

Brochner, A P 1984. The functions of human communication in interpersonal bonding. In Arnold, C C & Bowers, J W (eds). *Handbook of rhetorical and communication theory*. Boston: Allyn and Bacon.

Brock, R N & Lettini, G 2012. *Soul repair: Recovering from moral injury after war.* Boston, MA: Beacon Press.

Brunsdon, A R 2009. Troos as unieke uitkoms in 'n pastoraal-narratiewe benadering tot rousmart. *HTS Teologiese Studies/Theological Studies 65*(1).

Brunsdon, A R & Lotter, G A 2011. Auto-ethnography as self-help for ministers with ministry-fatigue: Exploratory remarks. *Verbum et Ecclesia 32*(1), 1-7.

Bryman, A & Bell, E 2003. Breaking down the quantitative/qualitative divide. *Business Research Methods*, 465-478.

Cameron, T & Spies, S B 1986. *An illustrated history of South Africa*. Johannesburg: Jonathan Ball Publishers.

Carey, L B, Hodgson, T J, Krikheli, L, Soh, R Y, Armour, A R, Singh, T K & Impiombato, C G 2016. Moral injury, spiritual care and the role of chaplains: An exploratory scoping review of literature and resources. *Journal of Religion and Health* 55(4), 1218–1245. Retrieved from: https://doi.org/10.1007/s10943-016-0231-x.

Chang, H 2008. *Autoethnography as method. Developing autoethnographic inquiry*. Walnut Creek, CA: Left Coast Press.

Chang, H 2016. Autoethnography in health research: Growing pains? *Qualitative Health Research 26*(4), 443–451.

Cock, J & Nathan, L (eds) 1989. *War and Society The militarisation of South Africa.* Cape Town & Johannesburg: David Philip

Cook, S E 2006. Veterans of Peace in Post-Conflict South Africa. *Conflict Trends* 2006 (1), 40–44.

Covey, S R 2004. *The 7 habits of highly effective people*. London: Simon & Schuster.

Cox, T 1978. *Stress*. Baltimore: University Press.

Creswell, J W 2013. *Research design: Qualitative, quantitative, and mixed methods approaches* (4th edn). Thousand Oaks, CA: Sage Publications

David, R E 2017. *Healing for the Hurting: A Holistic Pastoral Model for Addressing Posttraumatic Stress Disorder in the Military.* PhD dissertation. USA: Regent University.

Davison, E H, Pless, A P, Gugliucci, M R, King, L A, King, D W, Salgado, D M, Spiro III, A & Bachrach, P 2006. Late-life emergence of early-life trauma: The phenomenon of late-onset stress symptomatology among aging combat veterans. *Research on Aging 28*(1), 84-114.

De Beer, B K 1975. *Agter die Magalies.* Fontainebleau: Postma

De Gruchy, J W 1986. The church and the struggle for South Africa. *Theology Today 43*(2), 229-243.

De Klerk, F W 1998. *Die laaste trek:'n nuwe begin, die outobiografie*. Kaapstad: Human & Rousseau.

De Klerk, W 2000. *Afrikaners: Kroes, kras, kordaat*. Kaapstad: Human & Rousseau.

De la Porte, A (ed) 2006. *"Choose Life" A value-based response to HIV and AIDS*. Muckleneuk, Pretoria: CB Powell Bible Centre UNISA.

De la Porte, A & Davids, C 2016. The context of community trauma in South Africa. In Herbst, A & Reitsma, G (eds). *Trauma counselling: principles and practice in south africa today.* Cape Town, South Africa: Juta.

De la Porte, A & Nzeku, M 2016. Narrative practices in trauma care, support and counselling. In Herbst, A & Reitsma, G (eds). *Trauma counselling: principles and practice in south africa today.* Cape Town, South Africa: Juta.

Deionno, P & Hartley, R 1994. Sheer bloody murder. *Sunday Times,* 13 March, 1.

Denzin, N K 1989. *Interpretive interactionism. Applied social research methods series*. Newbury Park: SAGE Publications.

Denzin, N K & Lincoln, Y S 2000. *Handbook of Qualitative Research* (2nd edn). London: SAGE Publications.

Denzin, N K 2013. *Interpretive autoethnography* (Vol. 17). London: SAGE Publications.

Department of Social Development, 2007. *Integrated Victim Empowerment*. Retrieved from: http//www.justicegov.za:VC

Doehring, C 2015. Resilience as the relational ability to spiritually integrate moral stress. *Pastoral Psychology* 64(5), 635–649.

Doehring, C 2018. Military moral injury: An evidence-based and intercultural approach to spiritual care. *Pastoral Psychology*, 1-16.

Dombo, E A, Gray, C & Early, B P 2013. The trauma of moral injury: Beyond the battlefield. *Journal of Religion & Spirituality in Social Work: Social Thought* 32(3), 197–210.

Drescher, K D, Foy, D W, Kelly, C, Leshner, A, Schutz, K & Litz, B 2011. An exploration of the viability and usefulness of the construct of moral injury in war veterans. *Traumatology* 17(1), 8–13.

Dubow, S 2014. *Apartheid, 1948-1994*. Oxford: Oxford University Press (Oxford histories).

Dzinesa, G A 2007. Postconflict Disarmament, Demobilization, and Reintegration of Former Combatants in Southern Africa, *International Studies Perspectives* 8(1), 73–89.

Dzinesa, G A 2008. The role of ex-combatants and veterans in violence in transitional societies. *Concept paper violence and transition project roundtable.* Johannesburg: Centre for Study of Violence and Reconciliation.

Edlmann, T 2015. *Negotiating Historical Continuities in Contested Terrain: A Narrative based reflection on the post-apartheid psychological legacies of conscription into the South African Defence Force*. PhD dissertation.RU Department of History: Rhodes University.

Edmonds, L C B R 2015. *God is Not Here: A Soldier's Struggle with Torture, Trauma, and the Moral Injuries of War*. Bangladesh: Pegasus Books.

Ellis, C 2004. *The ethnographic I: A methodological novel about autoethnography.* Walnut Creek, CA: AltaMira Press.

Ellis, C & Bochner, A P 2006. Analyzing analytic autoethnography. *Journal of Contemporary Ethnography* 35(4), 429–449.

Ellis, C 2007. Telling secrets, revealing lives: Relational ethics in research with intimate others. *Qualitative Inquiry 13*(1), 3–29.

Ellis, C, Adams, T E & Bochner, A P 2011. Autoethnography: An overview. *Historical Social Research/Historische Sozialforschung 36*(4), 273–290.

Erikson, E H 1951. *A healthy personality for every child. Readings in child development: causes of behaviour*, 241-251. Selected papers

Erikson, E H 1959. *Identity and the life cycle*. Selected papers.

Erikson, E H 1968. *Identity: Youth and crisis*. Queens Square London: Faber & Faber.

Erikson, E H 1974. *Play and actuality.* Selected papers.

Eriksson & Kovalainen 2008. *Qualitative methods in business research*. London: SAGE Publications Ltd.

Eriksson, P & Kovalainen, A 2015. *Qualitative methods in business research: A practical guide to social research*. London: SAGE Publications Ltd.

Esterhuyse, W 2012. *Eindstryd: geheime gesprekke en die einde van apartheid*. Cape Town: Tafelberg Publishers Ltd.

Exline, J J, Pargament, K, Grubbs, J B, & Yali, A M 2014. The Religious and Spiritual Struggles Scale: Development and initial validation. *Psychology of Religion and Spirituality* 6(3), 208-222. DOI: 10.1037/a0036465.supp

Fairbanks, E 2012. Wittes soek identiteit in onthou van die oorlog. *Rapport Weekliks,* 5 Februarie, 1.

Family Protection Scoreboard, 1989. USA: Biblical News Service Publications.

Feinstein, A 1996. *In Conflict.* Windhoek: New Namibian Books.

Feinstein, A 2011. *Kopwond: Vergete slagoffers van die Bosoorlog*. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers.

Forbes, D, Kartal, D, Lau, W, Phelps, A J, & O'Donnell, M 2015. What are effective interventions for veterans who have experienced moral injury? A rapid evidence assessment. Report Prepared for the Australian Government Department of Veterans' Affairs. Carlton, Melbourne: Phoenix Australia - Centre for Posttraumatic Mental Health.

Fouché, C B & Schurink, W 2011. Qualitative research. In De Vos, A S, Strydom, H, Fouché, C B & Delport, C S L. *Research at grass roots for the the social sciences and human service professions* (4th edn). Pretoria: Van Schaik, 307-327.

Fowler, B (ed) 1995. *Pro Patria*. Halifax: Sentinel Projects. http://sadf.sentinelprojects.com

Frame, T 2015. *Moral injury: Unseen wounds in an age of barbarism*. Sydney: UNSW Press.

Frankl, V 1947. *Ein Psycholog erlebt das Konzentrationslager.* Translated and modified in Afrikaans by Louw, D J 2007. *Waarom lewe ek*. Kaap: CTP Boekdrukkers.

Frankl, V 2006. *Man's search for meaning.* Boston: Beacon Press.

Freedman, J & Combs, G 1996. *Narrative therapy: the social construction of preferred realities* (1st edn). New York: Norton.

Freeman, M 2004. Data are everywhere: Narrative criticism in the literature of experience. In Daiute, C & Lightfoot, C (eds). *Narrative analysis: Studying the development of individuals in society*. Thousand Oaks CA: Sage

Fritts, P D 2013. *Adaptive disclosure: Critique of a descriptive intervention modified for the normative problem of moral injury in combat veterans*. Research Paper presented at the seminar on Ethics and Human Nature. Yale Divinity School. New Haven. 29 April.

Fuson, J E 2013. *A pastoral counseling model for leading post-combat Christian soldiers experiencing spiritual injury to spiritual health through examining the biblical concepts of evil, pain, abandonment, and forgiveness*. Doctor of Ministry. Faculty of the Talbot School of Theology. USA: Biola University.

Ganzevoort, R R 2012. Narrative approaches. In Miller-McLemore, B J (ed). *The Wiley-Blackwell companion to practical theology*, 214–223. Chichester:Wiley-Blackwell.

Geldenhuys, J 1993. *DIE WAT WEN. 'n Generaal se storie uit 'n era van oorlog en vrede*. Pretoria: JL van Schaik Publishers

Geldenhuys, J 2008. *At the Front, A General's Account of South Africa' Border War.* Cape Town: Jonathan Ball Publishers

Geldenhuys, J 2011. *Ons was daar: wenners van die oorlog om suider-afrika*. (2nd edn). Pretoria: Kraal Uitgewers.

Gerbode, F A 1986. Indicators and endpoints*. The Journal of Metapsychology* 1, 51-56.

Gerkin, C V 1986. *Widening the horizons: Pastoral responses to a fragmented society*. Phildelphia: Westminster Press.

Gerkin, C V  1997. *An introduction to pastoral care*. Nashville: Abingdon Press.

Giliomee, H [2004] 2013. *Die Afrikaners: 'n biografie*. Kaapstad: Tafelberg Publishers Ltd.

Giliomee, H B 2012a. Opstand, oorlog en oorgang, 1984-1994. In Pretoruis, F (ed). *Geskiedenis van Suid-Afrika van voortye tot vandag*. Kaapstad: Tafelberg Publishers Ltd.

Giliomee, H B 2012b. *Die Laaste Afrikanerleiers: 'n Opperste toets van mag*. Kaapstad: Tafelberg Publishers Ltd.

Giliomee, H B & Mbenga, B K 2007. *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika*. Kaapstad: Tafelberg Publishers Ltd.

Gilmartin, R M & Southwick, S 2004. Combat-related PTSD and Logotherapy. *The International Forum for Logotherapy* 27, 34 – 38.

Graham, E, Walton, H & Ward, F 2005. *Theological Reflection: Methods*. London: SCM Press.

Graham, L K 2013. Exploring forgiveness of veteran guilt through collaborative pastoral conversation. *Sacred Spaces: The E-Journal of the American Association of Pastoral Counselors* 5, 146–171.

Graham, L K 2017. *Moral injury: Restoring wounded souls*. Nashville, TN: Abingdon Press.

Grbich, C 2007. *Qualitative Data Analysis: An Introduction*. London: SAGE Publications Ltd.

Griffiths, R J 1996. Democratisation and civil-military relations in Namibia, South Africa and Mozambique. *Third World Quarterly* 17(3), 473-486. DOI: 10.1080/01436599615461

Grobler, J 2012. Swart verset teen apartheid, 1950's-1980's. In Pretorius, F(ed). *Geskiedenis van Suid-Afrika van voortyd tot vandag.* Kaapstad: Tafelberg Publishers Ltd.

Grundlingh, A 2007. Die Historiese in Die Hede: Dinamika Van Die De La Rey-Fenomeen in Afrikanerkringe, 2006-2007. *New contree* 53, 135-154.

Haluza-DeLay, R 2008. A theory of practice for social movements: Environmentalism and ecological habitus. *Mobilization: An International Quarterly 13*(2), 205-218.

Hamann, H 2001. *Days of the Generals, The untold stories of South Africa's apartheid-era military generals*. Cape town: Zebra Press.

Hamman, J J 2005. *When steeples cry: Leading congregations through loss and change*. North America: The Pilgrim Press.

Heinecken, L & Bwalya, H 2013. Compensating military veterans in South Africa: what if we cannot pay the bill? *African Security Review 22*, 30-46.

Helmoed-Römer, H 1990. *War in Angola: The final South African phase.* Gibraltar: Ashanti Publishing.

Herbst, A & De la Porte, A 2006. *Memory Work: Telling Your Story Through Life Maps*. Pretoria: CB Powell Bible Centre, UNISA.

Herman, J L 1997. *Trauma and recovery*. *The aftermath of violence - from domestic abuse to political terror.* New York: BasicBooks

Heunis, J 2007. *Die binnekring: terugblikke op die laaste dae van blanke regering*. Johannesburg: Jonathan Ball Publishers.

Hilberg, R 1992. *Perpetrators victims bystanders: The Jewish catastrophe, 1933-1945.* NY: Aaron Asher Books.

Hodgson, T J, & Carey, L B 2017. Moral injury and definitional clarity: Betrayal, spirituality and the role of chaplains. *Journal of Religion and Health* 56(4), 1212–1228. Retrieved from: https://doi.org/10.1007/s10943-017-0407-z.

Holland, J & Henroit, P1984. *Social analysis: Linking faith and justice.* NY, Maryknoll: Orbis Books.

Holt, C 2005. *At thy call we did not falter*. (New edn). Cape Town: Zebra Press.

Horesh, D, Solomon, Z, Zerach, G & Ein-Dor, T 2011. Delayed-onset PTSD among war veterans: the role of life events throughout the life cycle. *Social psychiatry and psychiatric epidemiology 46*(9), 863-870.

Hunt, N C 2010. *Memory, war and trauma.* Cambridge, UK: Cambridge University Press.

Husted, K N 2008. *Rural living combat veterans—an exploration on issues with post traumatic stress disorder and reintegration post combat-returning to a small town*. Doctor of Philosophy. USA: Capella University.

Jeffery, A 2015. *People's war. New light on the struggle for South Africa.* Johannesburg & Cape Town: Jonathan Ball Publishers

Jinkerson, J D 2016. Defining and assessing moral injury: A syndrome perspective. *Traumatology* 22(2), 122–130.

Jones, S H, Adams T E, Ellis 2013. *Handbook of Autoetnography.* California USA: Left Coast Press

Jordaan W, van Vuuren R, Veldsman D, Vos C, Thesnaar C 2008. *Die genesing van herinneringe.* Pretoria: Protea Boekhuis

Kardiner, A & Spiegel, H 1947. *War, stres and Neurotic Illness: The Traumatic Neuroses of War (*Revised edn). New York: Hoeber

King, L A, King, D W, Vickers, K, Davison, E H & Spiro, A III 2007. Assessing late-onset stress symptomatology among aging male combat veterans. *Aging & Mental Health* (11)2, 175-191. DOI: 10.1080/13607860600844424

Kinghorn, W 2012. Combat trauma and moral fragmentation: A theological account of moral injury. *Journal of the Society of Christian Ethics 32*(2), 57-74.

Klopper, B 2009. *Wanneer woorde ontbreek.* Kaapstad: Lux Verbi

Koenig, H G, Boucher, N A, Oliver, R J P, Currier, J M & Pearce, M 2017. Rationale for spiritually oriented cognitive processing therapy for moral injury in active duty military and veterans with posttraumatic stress disorder. *Journal of Nervous and Mental Disease* 205(2), 147–153.

Kopacz, M S 2014. Moral injury—A war trauma affecting current and former military personnel (Letter to Editor). *International Journal of Social Psychiatry* 60(7), 722–723.

Kovach, T 2013. Viëtnam in the Later Family: Self-reported Symptoms and Interpretations of Posttraumatic Stress. *Michigan Family Review 17*(1).

Kruger, P 1904. Voormalige president van die Zuid Afrikaansche Republiek. *Paul Kruger se laaste boodskap aan die Afrikaners* geskryf op 29 Junie. Switzerland. Retrieved from: (http://www.afrikander.com/paul-kruger-se-laaste-boodskap/)

Kübler-Ross, E 1989. *On death and dying*. London: Routledge.

Laing, A 2013. South Africa is an angry nation on the brink, warns Nelson Mandela’s wife, http://www.telegraph.co.uk/news/worldnews/africaandindianocean/southafrica/9916310/South-Africa-is-an-angry-nation-on-the-brink-warns-Nelson-Mandelas-wife.html (toegang verkry op 1 Oktober 2014.

Langer, R 2011. Combat trauma, memory, and the World War II veteran. *War, Literature & the Arts: An International Journal of the Humanities 23*(1), 50-58.

Lapsley, M 2015. *Uiteindelik vry: My reis van vryheidsvegter tot geneser.* Wellington: CLF.

Lapsley, M & Karakashian, S 2018. Owning the Past, Healing the Future. In *War and moral injury: a reader* by Meagher, R E & Pryer, D A. Cascade Books. Retrieved from: http://search.ebscohost.com/login.aspx?direct=true&scope=site&db=nlebk&db=nlabk&AN=1793670 (Accessed: April 2018).

Lazarus, R 1966. *Psychological stress and the coping process.* New York: McGraw-Hill Inc.

Lee, L J 2018. *Moral injury reconciliation: a practitioner's guide for treating moral injury, PTSD, grief and military sexual trauma through spiritual formation strategies*. London: Jessica Kingsley.

Lee, N C & Mandolfo, C (eds) 2008. *Lamentations in ancient and contemporary cultural contexts* (No. 43). Atlanta: Society of Biblical Literature.

Levine, S 2018. *Legal War, Sin, and "Moral Injury" in the Age of Modern Warfare.* In Meagher, R E & Pryer, D A. *War and moral injury: a reader*. Cascade Books. Available at: http://search.ebscohost.com/login.aspx?direct=true&scope=site&db=nlebk&db=nlabk&AN=1793670 (Accessed: April 2018).

Liebenberg, J & Hayes, P 2010, *Bush of Ghosts: Life and War in Namibia, 1986-90*. Cape Town: Umuzi.

Lifton, R J 1973. *Home from war: Viëtnam war: Neither victims nor Executioner*. New York: Simon & Schuster.

Lincoln, Y S & Guba, E G 2000. Paradigmatic controversies, contradictions, and emerging confluences. In Denzin, N & Lincoln, Y S (eds). *Handbook of qualitative research* (2nd edn). London: Sage Publications Inc.

Little, A & Verwoerd, W 2013. *Journey through Conflict Trail Guide*. Indiana: Trafford Publishing.

Litz, B T, Stein, N, Delaney, E, Lebowitz, L, Nash, W P, Silva, C & Maguen, S 2009. Moral injury and moral repair in war veterans: A preliminary model and intervention strategy. *Clinical psychology review 29*(8), 695-706.

Lotter, D 2013. *War veteran Survey Final Report*. Aanlyn meningsopname vir 61 Meg veterane-organisasie.

Louw, C 2001. *Boetman en die swanesang van die verligtes.* Kaapstad: Human & Rousseau.

Louw, D J 1999. *Pastoraat as vertolking en ontmoeting. Teologiese ontwerp vir 'n basisteorie, antropologie, metode en terapie.* Kaapstad:LUX VERBI.

Louw, D J 2005. *Ratwerke van die Menslike Siel – Oor volwassenheid en lewensvaardighede*. Stellenbosch: SUN PRESS

Louw, D J 2011. Philosophical Counselling: Towards a 'new Approach' in Pastoral Care and Counselling? *HTS Teologiese Studies / Theological Studies* 67(2), 1–7. DOI: 10.4102/hts.v67i2.900.

Louw, D J 2012. *Network of the Human Soul – On Identity, Dignity, Maturity and Life skills.* Stellenbosch: SUN PRESS

Louw, D J 2015. *Wholeness in Hope Care. On Nurturing the Beauty of the Human Soul in Spiritual Healing* (Vol. 3). Zürich:LIT VERLAG GmbH & Co.

Maguen, S & Litz, B 2016. *Moral Injury in the Context of War*. USA: The National Center for PTSD. 23 February. Retrieved from: https://www.ptsd.va.gov/professional/co-occurring/moral_injury_at_war.asp.

Maguen, S & Litz, B 2012. Moral injury in veterans of war. *PTSD Research Quarterly* 23(1), 1–6. Retrieved from: http://www.ptsd.va.gov/.

Malan, J 2016. Voorsitter van die Suid-Afrikaanse Weermag Vereniging. 1 Junie. *Veteran Speech*. Orlando Stadion, Soweto.

Malan, M 2006. *My lewe saam met die SA Weermag*. Pretoria: Protea Boekhuis.

Malan, R & Cilliers, J 2011. Die hele storie is nog nie vertel nie*. Die Beeld Koerant,* 14 November, 15.

Malecek, S J 2018. The Moral Inversion of War. In Meagher, R E & Pryer, D A. *War and moral injury: a reader*. Cascade Books. Available at: http://search.ebscohost.com/login.aspx?direct=true&scope=site&db=nlebk&db=nlabk&AN=1793670 (Accessed: April 2018).

Mandela, N 1995. *Long walk to Freedom. The Autobiography of Nelson Mandela*. London: Abacus.

McLeod, J 2001. *Qualitative Research in Counselling and Psychotherapy*. London: Sage Publications Inc.

Meagher, R E & Pryer, D A (eds) 2018. *War and Moral Injury: A Reader 2018.* Cascade Books. Available at: http://search.ebscohost.com/login.aspx?direct=true&scope=site&db=nlebk&db=nlabk&AN=1793670 (Accessed: April 2018).

Meiring, P 2003. Versoening in Suid-Afrika ná Die Waarheids-En-Versoeningskommissie: die rol van die Ng Kerk. *Dutch Reformed Theological Journal = Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif* 44(1_2), 112–121.

Mejía, R 2015. The Impact of the Pastoral Circle in Teaching Pastoral Theology, 148-159. In Wijsen, F, Henriot, P & Mejía, R. *The Pastoral Circle Revisited*. Nairobi: Paulines Publications Africa.

Meyers, E M 1986. Drie Eeue Van Militere Diensplig in Suid-Afrika. *Militaria* 16(2), 1–19.

Monnier J & Hobfoll S E 2000. Conservation of Resources in Individual and Community Reaction to Traumatic Stress. In Shalev A Y, Yehuda R & McFarlane A (eds). *International Handbook of Human Response to trauma* by New York: Kluwer Academic/Plenum Publishers.

Moon, Z 2015. *Coming home: Ministry that matters with veterans and military families.* St. Louis, MO: Chalice Press.

Moon, Z 2016a. (Re)Turning Warriors: A Practical Theology of Military Moral Stress. *Electronic Theses and Dissertations*, 1149. Retrieved from: https://digitalcommons.du.edu/etd/1149

Moon, Z 2016b. Pastoral care and counseling with military families. *Journal of Pastoral Care & Counseling* 70(2), 128–135. Retrieved from: https://doi.org/10.1177/1542305016633663.

Morgan, A 2000. *What is narrative therapy?* Adelaide: Dulwich Centre Publications.

Mortimer, B 1997. *Submission iro the former SADF to the Truth and Reconciliation Commission*. Compiled by the SANDF nodal point.

Motumi, T & Hudson, A 1995. Rightsizing: The Challenges of Demobilisation and Social Reintegration in South Africa. In Cilliers, J. (ed). *Dismissed: Demobilisation and Reintegration of Former Combatants in Africa* by South Africa, Langeberg: IDP.

Musikanth, S 1996. *Stress Matters*. South Africa, Rivonia: William Waterman Publications.

Müller, J 1999. *Companions on the Journey: The Art of Narrative Conversation*. Roodepoort: Logos Books.

Müller, J 2000 *Reisgeselskap*: *Die kuns van verhalende pastorale gesprekvoering*. Wellington: Lux Verbi.

Myers, C 1940. *Shell Shock in France.* Cambridge: Cambridge University Press.

Nampala, L T 2015. 13 Okongo: Case Study of the Impact of the Liberation Struggle in the Ohangwena Region. *Re-Viewing Resistance in Namibian History*, 207.

Navone, J J 1990. *Seeking God in Story*. Minnesota: The Liturgical Press.

Neilson, R 2015. *Dents in the soul?* In Frame, T (ed). *Moral injury: Unseen wounds in an age of barbarism* by 135–149. Sydney: UNSW Press.

Newhouse, E 2018. *Recovering from Moral Injury*. In In Meagher, R E & Pryer, D A. *War and moral injury: a reader*. Cascade Books. Available at: http://search.ebscohost.com/login.aspx?direct=true&scope=site&db=nlebk&db=nlabk&AN=1793670 (Accessed: April 2018).

Norman, M 1989. *These Good Men: Friendship Forged From war*. New York: Crown Publishing Group.

O'Brien, T 1990. *"How to Tell a True Qar Story" in The Things They Say*. Carried Boston: Houghton Mifflin.

Osmer, R R 2008. *Practical theology: An introduction*. Michigan: Wm. B. Eerdmans Publishing.

Parkes, C M 1986. *Bereavement: Studies of grief in adult life.* London: Pelican.

Pattison, S & Woodward, J 2000. An introduction to pastoral and practical theology. In Woodward, J, Pattison, S (eds). *The Blackwell reader in pastoral and practical theology*, 1-19. London: Blackwell Publishing.

Port, C L, Engdahl, B & Frazier, P 2001. A longitudinal and retrospective study of PTSD among older prisoners of war. *American Journal of Psychiatry 158*(9), 1474-1479.

Potter, C M, Kaiser, A P, King, L A, King, D W, Davison, E H, Seligowski, A V, Brady, C B & Spiro III, A 2013. Distinguishing late-onset stress symptomatology from posttraumatic stress disorder in older combat veterans. *Aging & mental health 17*(2), 173-179.

Puniewska, M 2015. *Healing a wounded sense of morality*. Washington DC: The Atlantic Media Group. Retrieved from: http://www.theatlantic.com/health/archive/2015/07/healing-awounded-sense-of-morality/396770/.

Republic of South Africa, 2011. *The Military Veterans Act, no 18/2011*. South Africa: Government Gazette.

Richardson, L 2000. Evaluating ethnography. *Qualitative inquiry* 6(2), 253–255.

Rogers, D C F 2002. *Pastoral Care for Post-Traumatic Stress Disorder*. New York: The Haworth Pastoral Press.

Sandler, D 1989. The psychological experiences of white conscripts in the black townships. In Cock, J & Nathan, L (eds)*. War and Society: The militarisation of South Africa.* Cape Town & Johannesburg: David Philip.

Scher, D M 2012. Die vestiging van die apartheidstaat, 1948-1966. In Pretorius, F (ed). *Geskiedenis van Suid-Afrika van voortyd tot vandag*. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers.

Schoeman, J 2011. *SAW/SADF Ou man sticker.* Available www.warinangola.com

Schoeman, K (ed) 1998. *Witnesses to war: Personal documents of the Anglo-Boer War from the collections of the South African Library.* Kaapstad: Human & Rosseau.

Schoeman, R P G 2007. 'n Pastoraatsperspektief op dreigende werksverlies. Master dissertation. Dept. of Theology and Religion. South Africa: University of Pretoria.

Scholtz, L 2013. *Die SAW in die Grensoorlog 1966 - 1989*. Kaapstad: Tafelberg Publishers Ltd.

Scholtz, L 2017. *Ratels aan die Lomba: die storie van Charlie-eskadron.* Johannesburg & Kaapstad: Jonathan Ball Publishers.

Schurink, W 2011. *On writing qualitatively, email notes to master and doctoral students*. Silver Lakes, Pretoria.

Segundo, J L 1976. *The Liberation of Theology*. Translated by Drury, J. NY, Maryknoll: Orbis Books.

Selye, H 1974. *Stress without Distress.* New York: J.B Lippincott Company

Shay, J 2012a. Combat trauma and moral injury. [Audio Podcast, February 12]. Retrieved from: http://www.ihc.ucsb.edu/downloads/AUDIO/fallout/Jonathan_Shay.mp3.

Shay, J 2012b. Moral injury. *Intertexts* 16(1), 57–66.

Shay, J 2014. Moral injury. *Psychoanalytic Psychology* 31(2), 182–191.

Shay, J 2002. *Odysseus in America: Combat trauma and the trials of homecoming*. New York: Scribner.

Shay, J & Munroe, J 1998. Group and milieu therapy for veterans with complex posttraumatic stress disorder. In Saigh, P A & Bremner, J D (Eds). *Posttraumatic stress disorder: A comprehensive text*, 391–413. Boston: Allyn & Bacon.

Shay, J 1994. *Achilles in Viëtnam: Combat trauma and the undoing of character*. New York: Scribner.

Smith, A 2012. Innovative Applications of Logotherapy for Military-Related PTSD. In *VISTAS American Counseling Association.* Paper Based on a Program Presented at the ACA Conference 1(5), 1-10.

Smoke, J 1984. *Living Beyonde Divorce.* Eugene, Oregon: *Harvest House*

Snape, M & Henshaw, V 2017. Flanders and Helmand: chaplaincy, faith and religious change in the British Army, 1914–2014. *Journal of Beliefs & Values 38*(2), 199-214.

South African History Online (SAHO), 2011. End Conscription Campaign (ECC). 30 March.
[Online] Retrieved from: https://www.sahistory.org.za/organisations/end-conscription-campaign-ecc

South African Police Defence (SAPD), 2017. Moord op polisiebeamptes sedert 1983. *Rapport Weekliks*. 2 Julie, 2.

Southwick, S M, Gilmartin, R, McDonough, P & Morrissey P 2006. Logotherapy as an Adjunctive Treatment for Chronic Combat-Related Ptsd: A Meaning-Based Intervention. *American journal of psychotherapy* 60(2), 161–74.

Spry, T 2011. Performative autoethnography: An embodied methodological praxis. *Qualitative inquiry* 7(6), 706-732.

Stallinga, B A 2013. What spills blood wounds spirit: Chaplains, spiritual care, and operational stress injury. *Reflective Practice: Formation And Supervision in Ministry* 33(1), 13–31.

Statistics South Africa, 2016. *Quarterly labour force survey*. Quarter 4, 2015. Pretoria South Africa: Stats SA.

Steenkamp, W 1989. *South Africa's Border War 1966 – 1989.* Cape Town*:* Ashanti Publishing (Pty) Ltd.

Steenkamp, W 2016 *Suid-Afrika se Grensoorlog 1966-1989.* Kaapstad: Tafelberg Publishers Ltd.

Swartz, S 2016. *Another country: Everyday social restitution*. Cape Town: Best Red

Swinton, J & Mowat, H 2016. *Practical theology and qualitative research*. London: SCM press.

Thesnaar, C 2008. Heling van die verlede bou 'n beter samelewing In Jordaan W, van Vuuren R, Veldsman D, Vos C & Thesnaar C. *Die genesing van herinneringe.* Pretoria: Protea Boekhuis.

Thompson, J H 2006. *An unpopular war: from afkak to bosbefok: voices of South African national servicemen.* Cape Town: Zebra Press.

Tick, E [2005] 2012. *War and the soul: healing our nation's veterans and their families from post-traumatic stress disorder*. Wheaton, IL: Quest Books

Tick, E 2014. *Warrior's return: Restoring the soul after war*. Colorado: Sounds True.

Van der Walt, N 2007. *Bos Toe: 'n Storie oor die laaste fase van die Grensoorlog soos beleef deur 'n junior offisier van 32-bataljon*. Suid-Afrika, Swartkops: N van der Walt.

Van der Westhuizen, C 2017. *Sitting pretty. White Afrikaans Women in Postapartheid South Africa*. Pietermaritzburg: University of KwaZulu-Natal Press.

Van der Westhuizen, G 2009. 'n Oorlog wat te voet geveg is: diensplig-infanteriesoldate in die Grensoorlog, 1973-1989. *Journal for Contemporary History 34*(1), 164-180.

Van der Westhuizen, P 2015. *Die Diensplig SAW Generasie en die soeke na Heling, Versoening en Sosiale Geregtigheid.* PhD Verhandeling, Universiteit van die Vrystaat.

Van Deventer, W 2015. Vhuthu in the muta: A practical theologian's autoethnographic journey. *Verbum et Ecclesia* 36(2).

Van Rooyen, K 2016. What is traumatic stress? In Herbst, A & Reitsma, G (eds). *Trauma counselling: principles and practice in South Africa today*. South Africa, Cape Town: Juta.

Venter, A 2011. Brothers in arms? Daai dae is verby, Boet. *Die Beeld Koerant*. *Bylaag By.* 29 Okt, 7.

Venter, F A 1960. *Geknelde Land.* Kaapstad:Tafelberg Uitgewers.

Venter, F A 1964. *Offerland.* Kaapstad:Tafelberg Uitgewers.

Venter, F A 1966. *Gelofteland.* Kaapstad:Tafelberg Uitgewers.

Venter, F A 1968. *Bedoelde Land.* Kaapstad:Tafelberg Uitgewers.

Venter, F A 1969. *Swart Pelgrim.* Kaapstad:Tafelberg Uitgewers.

Venter, P & Harper, S 1995. *Ek was daar.* Vishoek: Hamba Straight Uitgewers.

Verwoerd, W 1996. *Viva Verwoerd? Kronieke van 'n keuse*. Kaapstad: Human & Rosseau.

Verwoerd, W 2018. *Bloedbande: ‘n Donker tuiskoms.* Kaapstad: Tafelberg Uitgewers.

Volkman, V R (ed) 2005. *Beyond trauma: Conversations on trauma incident reduction.* Ann Arbor, NY: Loving Healing Press.

Von Devivere, B (ed) 2018. *Meaningful work: Viktor Frankl's legacy for the 21st century.* Cham: Springer.

Waldner, M 1994. Is my pappie dood? *Rapport Koerant,* 13 Maart,1.

Wale, K  2016. *South Africa's Struggle to Remember: Contested Memories of Squatter Resistance in the Western Cape*. South Africa: Routledge

Wall, S 2006. An autoethnography on learning about autoethnography. *International journal of qualitative methods 5*(2), 146-160.

Walton, H 2002. Speaking in signs: Narrative and trauma in pastoral theology. *Scottish Journal of Health Care Chaplaincy 5*(2), 2-5.

Walton, H 2014. *Writing methods in theological reflection*. London: SCM Press.

Weitz, J 1970. Psychological research needs on the problems of human stress. *Social and psychological factors in stress*, 124-133.

Welsh, D 2009. *The Rise and Fall of Apartheid*. Johannesburg and Cape Town: Jonathan Ball Publishers.

Wepener, C 2015. *Kookpunt! Nadenke oor woede. ‘n Ongelowige reaksie van ‘n ontnugterde nasie.*  Wellington: Bybelkor

White, M K 1995. *Re-authoring lives: Interviews & essays*, 199-213. Adelaide: Dulwich Centre Publications.

White, M, White, M K, Wijaya, M & Epston, D 1990. *Narrative means to therapeutic ends*. USA: WW Norton & Company.

Wilkins, I & Strydom, H 1978. *The Super-Afrikaners: Inside the Afrikaner Broederbond*. Cape Town: Jonathan Ball Publishers.

Willows, D & Swinton, J 2000. *The Spiritual Dimension of Pastoral Care: Practical Theology in a Multidisciplinary Context.* London: Jessica Kingsley

Yan, G W 2016. The invisible wound: moral injury and its impact on the health of Operation Enduring Freedom/Operation Iraqi Freedom veterans. *Military medicine 181*(5), 451-458.